

SKIKKINGS IN DIE SUID - AFRIKAANSE MAATSKAPPYEREG

deur
ELISABETH MARIE DE LA REY

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

DOCTOR LEGUM

in die Fakulteit Regsgeleerdheid
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA

Junie 1983

VOORWOORD

Ek wens my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone te betuig vir hul hulp met die voltooiing van hierdie proefskrif –

- Prof dr D. H. Botha, my promotor, vir sy geduldige en onselfsugtige leiding;**
- Prof dr P. van Warmelo, vir sy hulp en bemoediging,**
- My eggenoot, vir sy bemoediging en algemene leiding;**
- Mev D. Hattingh en H. Opperman, vir die vriendelike en bekwame wyse waarop hulle die tik van die manuskrip behartig het;**
- Mev M. Viviers en die personeel van die Regsafdeling, Merensky - biblioteek.**

**E. M. de la Rey
Junie 1983
PRETORIA**

INHOUDSOPGAW

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
1	ALGEMENE INLEIDING
	A. INLEIDING EN DOEL 1
	B. OMVANG 4
2	DIE GESKIEDENIS EN ONTWIKKELING VAN SKIKKINGS IN DIE MAATSKAPPYEREG
	A. INLEIDING 5
	B. ENGELSE WETGEWING 5
	C. SUID-AFRIKAANSE WETGEWING TOT VOOR DIE INWERKINGTREDING VAN DIE WET 17
	1. Kaapkolonie 17
	2. Natal, Oranje-Vrystaat en Rhodesië ... 17
	3. Transvaal 18
	4. Die Maatskappyyewet, 1926 18
	D. DIE MAATSKAPPYWET, 1973 20
	E. GEVOLGTREKKINGS 23
3	ONTLEDING VAN DIE BEGRIPPE SKIKKING EN REËLING IN ART 311 VAN DIE WET
	A. INLEIDING 26
	B. DIE BEGRIP "SKIKKING" 26
	C. DIE BEGRIP "REËLING" 30
	D. ONDERSKEID TUSSEN "SKIKKING" EN "REËLING". 33
	E. BEPERKINGS OP SKIKKINGS EN REËLINGS..... 34
	F. GEVOLGTREKKINGS 40
4	DIE GEBRUIK VAN SKIKKING- EN REËLINGSKEMAS
	A. INLEIDING 44
	B. GEBRUIK VAN DIE SKIKKINGSPROSEDURE 45

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 4 verv	
C. GEBRUIK VAN SKIKKING- EN REËLINGSKEMAS ...	47
1. Oorname van h maatskappy wat in likwidasië is, as h lopende saak	47
2. Vermyding van betaling van hereregte..	49
3. Alternatiewe wyse van likwidasië	50
4. Wysiging van die regte van aandeel- houers	53
5. Oordrag van effektebeursnotering	54
6. Oordrag van h aangeslane belasting- verlies	55
a) Australië	55
b) Suid-Afrika	57
D. GEBRUIK VAN REËLINGSKEMAS	58
1. Interne Reorganisasie	59
2. Oorname	61
a) Engeland	61
b) Suid-Afrika	62
3. Amalgamasies	69
E. AANVULLENDE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAS ...	69
F. GEVOLGTREKKINGS	70
5 KONTRAKREGTELIKE AARD VAN DIE MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGSOOREENKOMS	
A. INLEIDING	73
B. KONTRAKREGTELIKE ELEMENTE VAN DIE MAATSKAPPY- REGTELIKE SKIKKINGSOOREENKOMS (KOMPROMIE)..	74
C. PARTYE TOT DIE MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGSOOREENKOMS	76
D. ENGELSREGTELIKE INVLOED	79
E. OOREENKOMSTE WAT BETREKKING MAG HÊ OP DIE MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGSOOREENKOMS ..	80
1. Skikking, <i>transactio</i> , dading	80

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 5 verv	
2. Skuldvernuwing, <i>novatio</i>	84
a) Besondere novasie	85
b) Delegasie, skuldoordrag	89
3. <i>Expromissio</i>	90
4. Sessie	93
5. Koopkontrak	93
6. Die lasgewingsooreenkoms of <i>mandatum</i> ..	96
7. Assignasie, aanwysing	97
F. GEVOLGTREKKING	98
6 BEPALINGS VAN DIE SKIKKINGSAANBOD	
A. INLEIDING	103
B. BEPALINGS VAN DIE SKIKKINGSAANBOD	104
1. Aanbieder	104
2. Geadresseerde	105
3. Definisie	105
4. Vergoeding aan skuldeisers en aandeelhouders	107
a) Wie skuldeisers is	107
b) Aanbod in paaiemente	107
c) Kontantaanbod en realisering van bates	108
d) Voorkeur- en versekerde skuldeisers	109
e) Sekuriteit vir betaling	110
5. Voorsitter en ontvanger namens skuldeisers	111
a) Nominasie	111
b) Sekuriteit.....	112
c) Rekenskap	112
d) Vrywaring	113
e) Verwydering	114
f) Vervanging	114
g) Vergoeding	116
6. Bewys van eise deur skuldeisers	116
a) Algemene vereiste	116

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 6 verv	
b) Voorsitter se magte	117
c) Appèl teen verwerping van eise	118
d) Afstanddoening van eise	118
e) Sessie van eise en vermindering van eise	120
7. Kennisgewings aan skuldeisers	121
8. Opheffing van likwidasie of geregtelike bestuur	121
9. Koste van skikkingskema	121
a) Koste van skema	121
b) Likwidasiekoste en koste van gereg- telike bestuur	122
c) Taksasie van koste	122
10. Hervestiging van bates	122
11. Spesiale opdragte aan die ontvanger	123
12. Algemene magte van die ontvanger	123
13. Bank- en spaarrekeninge	124
14. Waarborge gegee deur likwidateur of geregtelike bestuurder.....	125
15. Vrywarings gegee deur ontvanger	125
16. Terugtrekking en wysiging van skikkingsaanbod	126
a) Terugtrekking of verval van die skikkingsaanbod	126
b) Wysiging van die skikkingsaanbod deur die aanbieder	127
17. Ontbinding van die skikkingsooreenkoms ..	127
18. Deelbaarheid en ondeelbaarheid van die aanbod	127
19. Voortsetting van hofgedinge	128
20. <i>Domicilium citandi et executandi</i> van die aanbieder en die geadresseerde	128
21. Ondertekening	128
22. Seëlregte	129
C. GEVOLGTREKKINGS	130

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
7	PROSEDURE INGEVOLGE ARTIKEL 311
A.	INLEIDING 136
B.	AANSOEK TOT DIE HOF OM TOESTEMMING OM VERGADERINGS VAN SKULDEISERS EN LEDE BYEEN TE ROEP 137
1.	Partye wat die aansoek mag bring..... 137
a)	Die maatskappy self 137
b)	Aansoek deur 'n skuldeiser 138
c)	Aansoek deur 'n lid van die maatskappy 139
d)	Aansoek deur die likwidateur 140
e)	Aansoek deur die geregtelike bestuurder 141
f)	Probleme 143
2.	Jurisdiksie van die hof 145
3.	Inhoud van die aansoek 145
4.	Die hof se magte op hierdie stadium 148
5.	Kriteria waarvolgens die hof besluit of die aansoek toegestaan behoort te word 149
a)	Australiese beslissings 149
b)	Suid-Afrika 152
6.	Teenkanting teen die eerste aansoek 154
7.	Die vereiste dat vergaderings gehou moet word 157
a)	Australië 157
b)	Suid-Afrika 158
8.	Inhoud van die hofbevel 161
9.	Aanstelling van die voorsitter van vergaderings 162
C.	DIE BYEENROEP VAN VERGADERINGS VAN SKULDEISERS EN LEDE 163
1.	Kennisgewing aan skuldeisers en lede.... 164
a)	Kennisgewing per pos 164
b)	Kennisgewing by wyse van advertensie 165
c)	Gebrekkige kennisgewing 170
2.	Dokumente wat aan skuldeisers en/of lede gestuur moet word 172

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 7 verv	
a) Kennisgewing van vergadering	172
b) 'n Afskrif van die skikking- en reëlingsaanbod	172
c) Verduidelikende verklaring ooreenkomstig art 312(1) (a).....	173
(1) Uitwerking van die skikking of reëling	174
(2) Waarde van aandele en skuldbriewe betrokke by 'n reëling	177
(3) Wesenlike belange van direkteure en andere	177
Algemene opmerkings	180
d) Afskrif van die hofbevel	182
e) Volmag	182
f) Eisdokumente	184
3. Misdrywe in verband met die verskaf van inligting	184
a) Versuim deur 'n maatskappy	184
b) Versuim deur 'n direkteur of trustee vir skuldbriefhouers	187
Gevolgtrekking	187
D. <u>VERGADERINGS</u>	189
1. Vergaderings byeengeroep en gehou ooreenkomstig die hofbevel	189
2. Klasse skuldeisers en lede	191
Gevolgtrekking	199
3. Afsonderlike vergaderings van klasse skuldeisers en lede	203
4. Wie nie hoef te vergader nie	204
a) Lede en skuldeisers wie se regte nie geraak word nie	204
b) Vergaderings van 'n enkele persoon ..	206
5. Geografiese ligging van vergaderings, en meerstaatreëlinskemas	206

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 7 verv	
a) Die hou van vergaderings buite die jurisdiksie van die hof	207
b) Die hou van meer as een vergadering van dieselfde klas skuldeisers of lede, maar op verskillende plekke	210
c) Magte van die hof om 'n skuldeiser wat buite die jurisdiksie van die hof ge- domisilieer is, te bind deur 'n skik- king of reëling	210
Probleme in verband met meerstaatreëling- skemas	211
6. Die voorsitter se bevoegdhede.....	213
a) Toegang van die publiek en die pers tot vergaderings	213
b) Bewys van eise as voorwaarde om te mag stem	214
c) Indiening van voltooide volmagvorme voor aanvang van die vergadering en verwerping van volmagte	215
d) Verdaging en uitstel van vergaderings	217
e) Plaasvervangende voorsitters en delegasie van magte	217
7. Pligte van die voorsitter	218
a) Plig om inligting aan die vergadering te verskaf	218
b) Plig om te stem	219
8. Stemming by vergaderings	220
a) Stemming deur voorwaardelike skuldeisers	220
Gevolgtrekkings	224
b) Meerderhede	225
c) Skuldeisers wat ten volle betaal word	229
d) Stemming moet by die vergadering plaasvind	229
9. Regsgevolge indien niemand op 'n bepaalde vergadering stem nie	230

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 7 verv	
E. VERSLAG VAN DIE MEESTER VAN DIE HOOG- GEREGSHOF	231
1. Artikel 400 van die Wet	232
2. Artikel 311(4)	233
Gevolgtrekking	234
F. AANSOEK TOT DIE HOF VIR BEKRAGTING VAN DIE SKEMA	236
1. Inleiding	236
2. Datum van aansoek om bekragtiging.....	237
3. Inhoud van die aansoek	238
4. Aangeleenthede waaraan die hof op die keerdatum aandag gee	241
a) Formele vereistes	241
b) Die hof se diskresie	246
(1) <i>Bona fides</i> van skuldeisers en lede	247
(2) Redelikheid van die skikking of reëling	250
(3) Beoordeling van die redelikheid van 'n skema.....	255
(4) Gevolgtrekking	256
c) Bewyslas	256
d) Die rol van die hof in die bekragtiging van 'n skikking of reëling.....	257
5. Magte van die hof	259
a) Verdere vergaderings en uitstel van aansoek	260
b) Wysiging deur die hof	262
c) Magte ivm rekonstruksie of amalgamasie	263
d) Die mag van die hof om 'n voorwaarde- like skikking te bekragtig	270
e) Die houding van die hof in geval van 'n mededingende aanbod	271
6. Koste	271
7. Appèl	273
8. Gevolgtrekking	274

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 7 verv	
G. REGISTRASIE VAN DIE HOFBEVEL EN INWERKINGTREDING VAN DIE SKEMA	275
H. SAMEVATTING	277
8 GEVOLGE VAN DIE BEKRAGTIGDE SKIKKING OF REËLING	
A. INLEIDING	285
B. AARD VAN DIE BEKRAGTIGDE SKEMA	286
C. WIE GEBIND WORD DEUR DIE SKIKKING OF REËLING	288
1. Schuldeisers buite die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse howe	289
2. Eise wat ontstaan nadat die skikking of reëling goedgekeur is	289
3. Ander schuldeisers wat nie deur die skikking of reëling gebind word nie	291
D. WYSIGING VAN DIE BEKRAGTIGDE SKIKKING OF REËLING	291
E. OPHEFFING VAN LIKWIDASIE OF GEREGTELIKE BESTUUR	293
F. DIE NAAM VAN DIE MAATSKAPPY EN VAN DIE FONDS	294
G. DIE ONTVANGER NAMENS SKULDEISERS	295
1. Aanstelling en funksie	296
a) Inleiding	296
b) Kwalifikasies	297
c) Botsing van belange en onpartydigheid	298
2. Regte en verpligtinge van die ontvanger namens schuldeisers	298
a) Kennisgewing van bekragtiging van die skikking of reëling	298
b) Bewys van eise deur schuldeisers	299
c) Oorweging van eise deur die ontvanger en appèl teen verwerping	302
d) Algemene bevoegdhede van die ontvanger	305

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 8 verv	
e) Sekuriteit vir die behoorlike uitvoering van die ontvanger se pligte	306
f) Ontvanger se trustrekening	307
g) Verantwoording aan die Meester van die Hooggeregshof	308
h) Beskerming van die ontvanger	308
i) Opstel van 'n rekening	309
j) Betaling aan skuldeisers ooreenkomstig die skikking of reëling	310
H. SESSIE VAN EISE TEEN DIE MAATSKAPPY	311
I. BERGE	313
J. HERVESTIGING VAN BEHEER IN DIE DIREKTEURE VAN DIE MAATSKAPPY	313
K. PLIGTE VAN DIE LIKWIDATEUR OF GEREGETELIKE BESTUURDER	314
1. Oorhandiging van bates	314
2. Naamsverandering	315
3. Betaling van Meestersfooi	315
4. Rekening aan ontvanger	315
5. "Ontslag" van die likwidateur	316
L. VERVANGING VAN DIE ONTVANGER NAMENS SKULDEISERS	316
M. BEHEER OOR DIE ONTVANGER NAMENS SKULDEISERS..	318
1. Kontraktuele beheer	319
2. Beheer deur die hof	320
3. Statutêre beheer	321
N. GEVOLGTREKKING	321
9 INEENSTORTING VAN 'N SKIKKING-OF REËLINGSKEMA	
A. INLEIDING	328
B. TERUGTREDE VOOR BEKRAGTING VAN DIE SKIKKING- OF REËLINGSKEMA	329

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 9 verv	
C. BEEÏNDIGING VAN 'N GOEDGEKEURDE SKIKKING- OF REËLINGSKEMA	331
D. GEVOLGTREKKING	333
10 MISBRUIK VAN SKIKKING- EN REËLINGSKEMAPROSEDURE	
A. INLEIDING	337
B. VERSLAG VAN DIE VAN WYK DE VRIES-KOMMISSIE	338
C. MISBRUIK	339
1. Vermyding van ondersoek na die maatskappy se sake	339
2. Verberging van bedrog, diefstal en ander oortredings waar 'n maatskappy in likwi- dasie is.....	342
3. Verberging van wanadministrasie deur die likwidateur of geregtelike bestuurder van 'n maatskappy	344
4. Vermyding van die likwidateur se ver- pligting om 'n rekening by die Meester in te dien	345
5. Aanvegbare transaksies kan nie meer ter syde gestel word nie	346
6. Verkryging van 'n aanstelling as likwida- teur	349
D. PUBLIEKE BELANG EN KOMMERSIËLE MORALITEIT ...	350
E. GEVOLGTREKKING	352
11 BESKERMING VAN SKULDEISERS EN LEDE	
A. INLEIDING	355
B. BESKERMING VAN SKULDEISERS EN LEDE	355
1. Algemeen	355
2. Statutêre en ander beskerming	356
3. Behoefte aan beter beskerming van skuldeisers	358
4. Skikking en akkoord	359

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 11 verv	
C. BESKERMING VAN MINDERHEDE	364
D. GEVOLGTREKKING	368
12 KRITIESE ONTLEDING VAN ARTIKELS 311 EN 312	
A. INLEIDING	372
B. ARTIKEL 311	373
1. Inleiding	373
2. Artikel 311(1)	373
3. Artikel 311(2)	375
4. Artikel 311(3)	377
5. Artikel 311(4)	377
6. Artikel 311(5)	379
7. Artikel 311(6)	380
8. Artikel 311(7)	381
9. Artikel 311(8)	382
10. Gevolgtrekking	383
C. ARTIKEL 312	386
1. Inleiding	386
2. Artikel 312(1)	387
3. Artikel 312(2)	388
4. Artikel 312(3)	388
5. Artikel 312(4)	390
6. Artikel 312(5)	392
7. Gevolgtrekking	392
D. GEVOLGTREKKING	394
13 SKIKKINGS EN REËLINGS IN DIE WES-DUITSE EN AUSTRALIESE REG	
A. INLEIDING	396
B. WES-DUITSLAND	398
1. Inleiding	398
2. Doel en aanvang van die Vergleich- prosedure	399
3. Die Vergleich-prosedure	400
4. Die Vergleichsverwalter	402

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
Hfst 13 verv	
5. Gevolge van die Vergleich	403
6. Gevolgtrekking	403
C. AUSTRALIË.....	404
1. Inleiding	404
2. ACA 1981	405
3. Oornames	406
4. Die skemabestuurder	406
5. Prosedure	409
6. Inligting aan skuldeisers en lede	412
7. Rekonstruksies en amalgamasies	414
8. Misdrywe	414
9. Publisiteit vir skema	415
10. Gevolgtrekking	415
D. GEVOLGTREKKING	417
14 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	
A. INLEIDING	419
B. STATUTÊRE ONTWIKKELING VAN DIE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAPROSEDURE	420
C. DIE GEBRUIK VAN SKIKKINGS EN REËLINGS	421
D. DIE KONTRAKTUELE AARD VAN MAATSKAPPYREG- TELIKE SKIKKINGS	423
E. INHOUD VAN DIE SKIKKINGSANBOD	424
F. DIE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAPROSEDURE	426
G. DIE BEKRAGTIGDE SKIKKING OF REËLING	430
H. MISBRUIK VAN DIE SKIKKING- EN REËLING- SKEMAPROSEDURE	430
I. BESKERMING VAN SKULDEISERS EN LEDE	431
J. STATUTÊRE BEPALINGS MET BETREKKING TOT SKIKKINGS EN REËLINGS	431
K. DIE POSISIE IN WES-DUITSLAND EN AUSTRALIË ..	432
L. AANBEVELINGS	433

BYLAE

A. SAMEVATTING	436
B. SUMMARY	438
C. VONNISREGISTER	440
D. AFKORTINGS	459
E. BIBLIOGRAFIE	460
F. REGISTER	467
G. ARTIKELS WAARNA DIKWELS VERWYS WORD.....	479

---o0o---

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

A. INLEIDING EN DOEL

B. OMVANG

A. INLEIDING EN DOEL

Die doel van hierdie ondersoek is eerstens om bestaande probleme in verband met maatskappyregtelike skikkings¹ te ondersoek in die lig daarvan dat "*Compromise is a notorious device for sweeping under the carpet a host of nefarious activities which led to the collapse of the company*".² Tweedens het hierdie ondersoek ten doel om moontlike oplossings vir hierdie probleme voor te stel.

Die rede waarom daar probleme in verband met maatskappyregtelike skikkings bestaan is omdat die wetgewing in hierdie verband oor 'n tydperk van meer as 'n honderd jaar ontwikkel het vanuit 'n behoefte om aan 'n likwidateur die mag te gee om eise van en teen 'n maatskappy te skik, tot 'n gesofistikeerde prosedure om benewens skikkings ook onder andere rekonstruksies, amalgamasies en die oorname van ander maatskappye te bewerkstellig. Die prosedure is na gelang van die behoeftes van die praktyk uitgebrei en verfyn, maar sonder dat daar weer grondig nagedink is oor die funksie of doel van die prosedure, of die basiese beginsels wat daarby ter sprake is.

-
- 1) Ingevolge arts 311 en 312 van die Maatskappywet 61 van 1973 (hierna na verwys as die "Wet").
 - 2) Sien Hyman "Compromises" (1981) 5 SA Co LJ I - 13, I - 23 op 28.

Om hierdie rede is dit nodig om die geskiedkundige ontwikkeling van die bepalings in die Wet wat op skikkings en reëlings betrekking het, na te gaan. 'n Ander rede is om beslissings oor skikkings en reëlings in hul korrekte perspektief te plaas. Die geskiedenis van artikels 311 tot 313 sal nagevors word tot by hul ontstaan in die Engelse wetgewing; ook die uitbouing daarvan deur die jare sal nagegaan word.

Die betekenis van die begrippe "skikking" en "reëling" in artikel 311 van die Wet, sal ontleed word ten einde vas te stel watter beperkings daar op die omvang van skikking- en reëling-skemas bestaan. Daarna sal die praktiese gebruik van skikkings en reëlings nagegaan word.

Die verskillende kontraktuele aspekte van die skikking moet nagegaan word. Hoewel 'n maatskappyregtelike skikking verskeie eienskappe bevat wat meebring dat dit nie as 'n kontrak beskou kan word nie, beskou ons howe dit as 'n kontrak en word daar by die interpretasie van 'n skikking die reëls met betrekking tot die uitleg van kontrakte nagevolg. Die skikking is ook gegrond op 'n groot aantal onderlinge kontraktuele verhoudinge. Om hierdie rede moet daar kennis geneem word van die kontrakregtelike beginsels wat wel by 'n skikking ter sprake mag wees.

Die oorsprong van die hele skikkingsprosedure is die aanvanklike skikkingsaanbod. Hierdie dokument moet nie net 'n statiese situasie reël nie, maar moet vir 'n hele prosedure voorsiening maak en elke moontlike gebeurlikheid wat mag plaasvind. Die skikking reël ook 'n groot aantal regsverhoudinge tussen 'n groep persone en kan slegs met moeite gewysig word. In die lig hiervan sal die inhoud van 'n aantal skikkings ontleed word en sal daar aan die hand van regspraak gelet word op wat die inhoud van so 'n aanbod behoort te wees.

Daar bestaan feitlik geen statutêre bepalings oor die inhoud van 'n skikking nie. Derhalwe word gepoog om na die belange van skuldeisers en lede om te sien deur te let op die prosedure wat gevolg moet word en te sorg dat die nodige formaliteite streng

nagekom word. Die houding van die wetgewer is om eerder die inhoud van die ooreenkoms aan die partye self oor te laat, maar om die prosedure in besonderhede te reël en te vereis dat hierdie prosedure streng nagekom word. Dit is dus nodig om sorgvuldig op die opeenvolgende stappe in die prosedure te let.

Die statutêre regulering van skikkings eindig egter nadat die skikking deur die howe goedgekeur en 'n afskrif daarvan by die Registrateur ingedien en deur hom geregistreer is. Hierna is die hele prosedure, sowel as die regte van skuldeisers en lede, en die regte van die onderskeie partye indien die bepalings van die ooreenkoms nie nagekom word nie, afhanklik van die inhoud van die skikking. Op hierdie stadium word die uitvoering van die skikking waargeneem deur 'n sogenaamde ontvanger namens skuldeisers.

Omdat die Wet oor die amp van ontvanger namens skuldeisers swyg, moet aandag aan sy aanstelling, funksie, regte en verpligtinge gegee word, soos wat dit in regspraak uitgekristaliseer het.

Probleme ontstaan ook wanneer een van die partye tot 'n skikking versuim om sy pligte na te kom, of probeer om uit die skikking terug te tree. Daar sal gepoog word om leidrade en algemene beginsels in hierdie verband neer te lê.

Hoewel daar reeds vir 'n aantal jare kennis geneem word van die feit dat die skikking- en reëlinskemaprocedure hom tot misbruik leen, is daar nog niks effektiewelik gedoen om die misbruik te stuit nie. Alvorens daar voorstelle gemaak kan word oor die bekamping van misbruik, moet daar eers vasgestel word op welke wyse die prosedure hom tot misbruik leen.

Dit is belangrik dat die regte van skuldeisers en lede by die skikking- en reëlinskemaprocedure behoorlik beskerm word omdat die prosedure 'n taamlik drastiese ingrype in 'n persoon se regte kan meebring deurdat hy teen sy sin aan 'n skema gebind word waardeur hy minder mag ontvang as wat die gesigwaarde van sy vorderingsreg is. Dit gaan dus nie hier in die eerste instansie

om die beskerming van die regte van minderhede nie, maar wel om die beskerming van die regte van alle skuldeisers en lede.

Aangesien die regte van skuldeisers skynbaar by 'n akkoord in insolvensie beter beskerm word as by 'n skikking in likwidasië, is dit nodig om die verskille tussen die twee prosedures na te gaan en aan die hand daarvan vas te stel watter aspekte van akkoord moontlik ook op skikkings van toepassing gemaak kan word.

Weens die talle leemtes wat daar in die bepalings wat op skikking- en reëlinskemas van toepassing is, bestaan, moet die onderskeie bepalings krities beskou word en vasgestel word wat die leemtes in elke bepaling is.

B. OMVANG

Hoewel skikkings en reëlinsk deur dieselfde bepalings van die Wet gereguleer word, val die klem in hierdie ondersoek op skikkings en sal daar net aandag aan reëlinsk gegee word waar dit nodig is om 'n aangeleentheid wat met skikkings verband hou, in beter perspektief te plaas.

Weens die historiese oorsprong van die statutêre bepalings met betrekking tot skikkings en reëlinsk, die oortuigingskrag van Engelse³ beslissings en die ooreenkoms van die betrokke bepalings, sal waar toepaslik na Engelse maatskappyereg verwys word, en in 'n mindere mate na die Skotse regspraak.

'n Vergelykende studie sal gemaak word met aspekte van die reg insake akkoord ter afwending van likwidasië in Wes-Duitsland en die reg insake skikkings en reëlinsk soos dit in die Australiese maatskappyereg gevind word.

Ten einde onnodige herhaling te voorkom, word die statutêre bepalings waarna dikwels in die teks verwys word, in Bylae G uiteengesit.

3) Sien Cilliers en Benade *Maatskappyereg* 20.

HOOFSTUK 2

DIE GESKIEDENIS EN ONTWIKKELING VAN SKIKKINGS IN DIE MAATSKAPPYEREG

- A. INLEIDING
- B. ENGELSE WETGEWING
- C. SUID-AFRIKAANSE WETGEWING TOT VOOR DIE INWERKING-
TREDING VAN DIE WET
 - 1. *Kaapkolonie*
 - 2. *Natal, Oranje-Vrystaat en Rhodesië*
 - 3. *Transvaal*
 - 4. *Die Maatskappywet, 1926*
- D. DIE MAATSKAPPYWET, 1973
- E. GEVOLGTREKKINGS

A. INLEIDING

Dit is nodig om die oorsprong en ontwikkeling van a 311 en 312 van die Wet in die Engelse en Suid-Afrikaanse wetgewing na te gaan ten einde regspraak oor hierdie artikels in die korrekte perspektief te plaas.

B. ENGELSE WETGEWING

Waar daar 'n geskil of onsekerheid oor 'n aangeleentheid bestaan, kan die partye tot die geskil 'n nuwe ooreenkoms, genoem 'n *skikking*, aangaan ten einde die geskil te besleg of die onsekerheid uit die weg te ruim.¹

1) Vir 'n bespreking van die kontraktuele aard van skikking, sien hoofstuk 5.

Indien een van die partye tot die geskil 'n maatskappy is, in teenstelling met 'n natuurlike persoon, kan die skikking desondanks aangegaan word omdat 'n maatskappy as 'n noodwendige gevolg van sy bestaan, dieselfde mag besit om eise wat teen hom gemaak word,² te skik as wat 'n natuurlike persoon het.³ Waar 'n maatskappy egter in likwidasië verkeer, het daar in die Engelse reg twyfel bestaan oor die vraag of 'n *likwidateur* na likwidasië, dieselfde magte gehad het om eise teen 'n maatskappy te skik as wat die maatskappy self voor likwidasië, gehad het.

As gevolg van hierdie onsekerheid wat daar bestaan het, is a 159 en 160 ingevoer deur die Companies Act 1862⁴ en het likwidateurs uitdruklik die bevoegdheid verkry om 'n skikking of ander reëling met skuldeisers enersyds⁵ en andersyds

-
- 2) Of eise wat hyself instel; hoewel dit nie uitdruklik so beslis is in die gesag hierna aangehaal nie, bestaan daar geen beginselverskil nie.
 - 3) *In re Norwich Provident Insurance Society, Bath's Case* 8 ChD 334.
 - 4) 25 & 26 Vict c 89 (hierna na verwys as "die wet van 1862"). Vir die bewoording van die wet van 1862, sien Buckley *The Law and Practice under the Companies Acts, 1862 to 1890 and The Life Assurance Companies Acts, 1870 to 1872* 1891 (hierna genoem "Buckley 1891"); Palmer *Company Law* 1902 357 en (hierna genoem "Palmer 1902"); Lindley *A Treatise on the Law of Companies considered as a branch of The Law of Partnership* 1889 933ev (hierna genoem "Lindley 1889").
 - 5) A 159. Vir die bewoording van a 159, sien Buckley 1891 384-385; Chadwyck Healey *Treatise on The Law and Practice relating to Joint Stock Companies under the Acts of 1862-1890* 447, 688 (hierna genoem "Chadwyck Healey"); Palmer 1902, 381; Lindley 1889 971.

met kontribuante⁶ en skuldenaars⁷ aan te gaan, onderhewig aan bekragtiging deur die hof⁸ of lede,⁹ na gelang van die geval. Daar was egter geen bepalings in die wet van 1862 wat een skuldeiser in staat gestel het om 'n ander skuldeiser te verbind om 'n *skikking* te aanvaar nie,¹⁰ alhoewel a 136 daarvoor voorsiening gemaak het dat 'n *reëling*¹¹ tussen 'n maatskappy, wat op die punt staan om vrywilliglik gelikwieder te word of wat reeds vrywilliglik gelikwieder word, en sy skuldeisers, bindend gemaak kan word op al die skuldeisers indien die reëling deur drie-kwart in waarde en getal van die skuldeisers aanvaar is.¹²

Voor die invoering van die Joint Stock Companies Arrangement Act 1870¹³ kon 'n enkele skuldeiser sonder rede,

-
- 6) "Kontribuant" beteken hier elkeen wat verplig is om by te dra tot die bate van die maatskappy waar die maatskappy gelikwieder word. Sien a 108 van die Maatskappywet, 46 van 1926. ("die 1926-wet"). Dit het nie die wyer, misleidende betekenis vervat in die definisie van kontribuant in a 337 van die Wet nie.
 - 7) A 160. Vir die bewoording van a 160 sien Buckley 1891 385-386; Chadwyck Healey 689; Palmer 1902 381; Lindley 1889 971.
 - 8) Indien die maatskappy gelikwieder word deur die hof of onderhewig is aan toesig deur die hof.
 - 9) By wyse van buitengewone besluit, waar die maatskappy vrywilliglik gelikwieder word.
 - 10) Vgl *In re Albert Life Assurance Company, and Other Companies* (1871) 6 Ch App 381, 386. In *In re East of England Banking Company, Pearson's Case* (1872) 7 Ch App 309 is beslis dat die hof nie jurisdiksie gehad het om die likwidateur te verplig om toe te stem tot 'n skikking met 'n kontribuant nie.
 - 11) Sien H 3 C vir die betekenis van *reëling*.
 - 12) Vir die bewoording van a 136, sien Buckley 1891 325-326; Chadwyck Healey 447; Palmer 1902 379; Lindley 1889 966-967; Hamilton *A Manual of Company Law* 596 (hierna genoem "Hamilton"). Ingevolge a 137 kon skuldeisers en kontribuante binne drie weke na voltooiing van die reëling appèlleer na die hof en die hof kon die skema wysig of bekragtig.
 - 13) 33 & 34 Vict c104 ("die wet van 1870").

of vir sy eie voordeel, voorkom dat 'n verdienstelike skema¹⁴ aanvaar word.¹⁵

Artikel 2 van die Joint Stock Companies Arrangement Act 1870¹⁶ het vir die eerste keer 'n elementêre voorloper tot die latere a 206 van die Companies Act 1948 (Engeland)¹⁷ en a 311 van die Maatskappywet 1973 (Suid-Afrika)¹⁸ bevat.¹⁹ Artikel 2 was beperk tot skikkings of reëlings voorgestel tussen 'n maatskappy wat gelikwedeer word, hetsy vrywilliglik of deur of onder toesig van die hof, en sy skuldeisers of enige klas²⁰ van hulle. Die skikking of reëling moes goedgekeur word deur 'n meerderheid skuldeisers wat drie-kwart in waarde verteenwoordig van die skuldeisers wat òf persoonlik

-
- 14) *Skema* word gebruik as 'n versamelnaam vir 'n plan van skikking en/of reëling.
- 15) Halsbury *The Laws of England* 1910 vol v 604n(O); sien ook *Follit v Eddystone Granite Quarries* (1892) 3 Ch 75 op 85.
- 16) 33 & 34 Vict c 104. Vir die volledige teks van die Wet van 1870, sien Lindley 1889 1027-1028; Buckley 1891 581ev; Palmer 1902 419. Vir die bewoording van a 2, sien Chadwyck Healey 447-448; Hamilton 596; Simonson *The Law relating to the Reconstruction and Amalgamation of Joint Stock Companies* 63 (hierna genoem "Simonson"); *In re Wedgwood Coal and Iron Company* (1877) 6 ChD 627, 633; *In re Empire Mining Company* (1890) 44 ChD 402, 406; *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Co* (1891) 1 Ch 213, 227; *Sovereign Life Assurance Company v Dodd* (1892) 2 QB 573, 575; *In re English, Scottish and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385, 407; *In re Tea Corporation Limited. Sorbie v Same Company* (1904) 1 Ch 12, 19.
- 17) 11 & 12 George 6 c 38 (hierna na verwys as "ECA 1948").
- 18) Wet 61 van 1973.
- 19) Vgl *In re Savoy Hotel Ltd* (1981) 1 Ch 351, 358E.
- 20) Vir die betekenis van *klas*, sien H 7 D 2 *Klasse skuldeisers en lede*.

of deur volmag aanwesig was by 'n vergadering. Die stemme van afwesige skuldeisers is gevolglik buite rekening gelaat. Toestemming om die vergadering byeen te roep, moes van die hof verkry word en wanneer die hof die skikking of reëling goedkeur, sou dit bindend wees op alle sodanige skuldeisers of klas skuldeisers, sowel as op die likwidateur en die kontribuante van die maatskappy.²¹

Artikel 3²² van die Joint Stock Companies Arrangement Act 1870 het bepaal dat die woord "maatskappy" in hierdie wet sou beteken enige maatskappy wat gelikwieder kan word ingevolge die Companies Act 1862. Artikel 4²³ het bepaal dat die Joint Stock Companies Arrangement Act 1870 gelees en uitgelê moes word as deel van die Companies Act 1862.

Die Companies Act 1900²⁴ het in a 24²⁵ die bepalings van a 2 van die Joint Stock Companies Arrangement Act 1870, ook van toepassing gemaak tussen die maatskappy en sy *lede* of enige

-
- 21) Vir die uiteensetting van die verskil tussen die bevoegdhede verleen deur a 136 en 137 van die Companies Act 1862, en die wet van 1870, sien Hamilton 597.
- 22) Vir die bewoording van a 3, sien Buckley 1891 584; Lindley 1889 1028; Palmer 1902 419.
- 23) Vir die bewoording van a 4, sien Lindley 1889 1028; Buckley 1891 584; Palmer 1902 419.
- 24) 63 & 64 Vict C48.
- 25) Vir die bewoording van a 24, sien Palmer 1902 476; *In re Tea Corporation Limited. Sorsbie v Same Company* (1904) 1 Ch 12, 19.

*klas*²⁶ lede. Voorheen kon skikkings of reëlings slegs aangegaan word tussen die maatskappy en sy skuldeisers of 'n klas skuldeisers.

In 1906 het die Loreburn-kommissie²⁷ aandag geskenk aan reëlings en rekonstruksies.²⁸ Die kommissie spreek kritiek daarteen uit dat 'n maatskappy eers in likwidasië moes wees alvorens 'n reëling deurgevoer kan word en beveel aan dat die bepalings van die Joint Stock Companies Arrangement Act 1870 uitgebrei word sodat 'n maatskappy in staat sou wees om, sonder om eers in likwidasië te gaan, 'n skikking of reëling met skuldeisers aan te gaan, onderhewig aan goedkeuring deur die hof en onderhewig aan die veiligheidsmaatreëls wat neergelê is deur die Wet.²⁹

26) Vir 'n bespreking van *klas*, sien F 7 D 2.

27) *Report of the Company Law Amendment Committee (1906)* Cd 3052. Die voorsitter, sir Robert Reid, word voor voltooiing van die kommissie se werksaamhede, as Lord Chancellor aangestel en word hy Lord Loreburn. C M Warmington word in sy plek as voorsitter aangewys.

28) Hoewel die opskrif tot die afdeling op p 19 verwys na *reëlings en rekonstruksies*, word in die bespreking na reëlings en die interne reorganisasie van 'n maatskappy se kapitaalstruktuur verwys. Vgl aanbevelings 54-56 (p 19-20). Vir die betekenis van *rekonstruksie* sien H7 F 5 c).

29) *Report of the Company Law Amendment Committee (1906)* Cd 3052 aanbeveling 54 p 19-20.

Die Loreburn-kommissie beveel ook aan dat 'n maatskappy toegelaat behoort te word om sy kapitaal sonder likwidasië, te reorganiseer³⁰ soos bv dmv die konsolidasië van verskeie klasse aandele. Sodanige reorganisasië moes slegs toegepas kon word dmv 'n spesiale besluit van lede van die maatskappy, bekragtig deur die hof.³¹

Hierdie twee aanbevelings van die Loreburn-kommissie word dan ook deur die wetgewer in die Companies Act 1907³² geïmplimenteer. Ingevolge a 38 is die wet van 1870 ook van toepassing op 'n maatskappy wat nie in likwidasië verkeer het nie.³³ Artikel 39 van die wet van 1907 het aan 'n maatskappy die mag verleen om dmv 'n spesiale besluit geneem deur lede en bekragtig deur die hof, sy akte van oprigting te wysig ten einde sy kapitaal te reorganiseer, hetsy deur die konsolidasië van aandele van verskillende klasse of deur die verdeling van sy aandele in aandele van verskillende klasse.³⁴

-
- 30) *Reorganisasië* het nie 'n vaste betekenis nie, maar behels gewoonlik die wysiging van die interne belangestruktuur van die maatskappy. Die regte van die maatskappy se beleggers (aandeelehouers en/of skuldbriefhouers) word hierdeur geraak. Daar is gewoonlik slegs een maatskappy betrokke by 'n reorganisasië. Sien Cilliers en Benade *Maatskappyereg* 413 (hierna na verwys as "Cilliers en Benade"); Gower *The Principles of Modern Company Law* 682 (hierna na verwys as "Gower"); Pennington *Company Law* 474 (hierna na verwys as "Pennington").
- 31) Cd 3052, aanbeveling 55 p 20. Geen redes word in die verslag gegee vir hierdie aanbeveling nie.
- 32) 7 Edw 7 c 50, a 38 en 39 (hierna genoem "die wet van 1907"). Die wet is ongelukkig nie vir my beskikbaar nie.
- 33) Sien *In re Savoy Hotel Ltd* (1981) 1 Ch 351, 358-359.
- 34) Sien *In re Savoy Hotel Ltd* (1981) 1 Ch 351, 359.

Die voorafgaande bepalings³⁵ is in die daaropvolgende jaar gekonsolideer in die Companies (Consolidation) Act 1908.³⁶

In a 120 was daar vir die eerste keer 'n geredelik herkenbare voorganger van a 206(1) en (2) ECA 1948, met die enigste verskil dat die woorde "and voting" nie op daardie stadium in sub-artikel (2) na die woord "present" verskyn het nie. Op daardie stadium was die stem van 'n persoon wat buite stemming gebly het, maar wat teenwoordig was by die vergadering, dus effektief 'n stem teen die skema.³⁷

Die Wrenbury-kommissie, 1918 het geen aandag geskenk aan enige aspekte van skikkings of reëlings nie.³⁸

In 1926 het die Greene-kommissie³⁹ aandag geskenk aan verskeie aspekte van rekonstruksie en amalgamasie.⁴⁰

-
- 35) A 2 en 3 van die Joint Stock Companies Arrangement Act 1870; a 24 van die Companies Act 1900; a 38 van die Companies Act 1907; gekonsolideer in a 120 van die Companies (Consolidation) Act 1908. A 39 van die Companies Act 1907 is herverorden as a 45 van die 1908 wet, 'n stap wat vir baie jare probleme veroorsaak het. Hierdie probleme word in H 3 bespreek. Eers later is hierdie a 45 opgeneem in wat tans a 206 ECA is, en wel in a 206(6) ECA.
- 36) 8 Edw 7 c 69.
- 37) Vgl *In re Savoy Hotel Ltd* (1981) 1 Ch 351, 359. Vir die bewoording (onvolledig) van a 120(1), (2) en (3) van die Companies (Consolidation) Act 1908, sien *Booth v Walkden Spinning and Manufacturing Company Limited* (1909) 2 KB 368, 369; *Bowkett v Fullers United Electric Works Limited* (1923) 1 KB 160, 161.
- 38) *Report of The Company Law Amendment Committee (1918)* Cd 9138 onder voorsitterskap van Lord Wrenbury (voorheen Lord Justice Buckley).
- 39) Sien *Company Law Amendment Committee 1925-1926 Report* Cmd 2657, onder voorsitterskap van mnr Wilfrid Greene, KC.
- 40) Rekonstruksie en amalgamasie kan tans ook bewerkstellig word deur gebruik te maak van 'n skikking of reëlingskema. Vir 'n bespreking hiervan, asook vir die betekenis van rekonstruksie en amalgamasie, sien H 4 D *Gebruik van reëlingskemas*, asook H 7 F 5 c).

Klem is veral gelê op die vergemakliking van rekonstruksie en amalgamasie, waar dit bewerkstellig word dmv die skikking- of reëlinskemaprocedure.⁴¹ Die verslag van die Greene-kommissie het aanleiding gegee tot die invoering van die Companies Act 1928⁴². A 53 van hierdie wet het geringe wysigings aan die skikking- of reëlingprosedure aangebring, onder andere dat die stemme wat op die vergadering in berekening gebring word, dié moet wees van persone wat teenwoordig is *en stem*⁴³. Vir die eerste keer is daar ook bepaal dat 'n hofbevel wat 'n skikking of reëling goedkeur, geen effek sal hê alvorens 'n afskrif daarvan nie by die Registrateur van Maatskappye ingedien is nie.⁴⁴ Ook moes daar voortaan 'n afskrif van die hofbevel aangeheg word aan elke afskrif van die akte van oprigting of grondwet van die maatskappy wat na datum van die hofbevel uitgereik word.⁴⁵ Daar is ook 'n misdryf geskep ten opsigte van die maatskappy en elke beampete van die maatskappy wat in gebreke bly omdat hofbevel vir registrasie in te dien, of versuim om 'n afskrif daarvan aan te heg aan afskrifte van die akte van oprigting uitgereik na datum van die hofbevel.⁴⁶

41) *Company Law Amendment Committee 1925-1926 Report* Cmd 2657 42-45. Hierdie voorstelle was die voorloper van a 313 van die Maatskappywet, 1973, wat egter buite die omvang van hierdie ondersoek val.

42) 18 & 19 Geo 5 c 45.

43) Sien *In re Savoy Hotel Ltd* (1981) 1 Ch 351, 359.

44) A 53(3), Companies Act 1928.

45) A 53(3), Companies Act 1928.

46) A 53(4), Companies Act 1928.

A 53 van die Companies Act 1928 is in 1929 herverorden as a 153 van die Companies Act 1929.⁴⁷

In 1945 het die Cohen-kommissie⁴⁸ aandag geskenk aan twee leemtes in die prosedure van toepassing by skikkings en reëlings, nl dat ingevolge die prosedure soos dit toe bestaan het, die hof se goedkeuring van 'n skema verkry kon word sonder dat die hof ingelig is oor:⁴⁹

- a) die feit of die vereiste meerderheid by 'n klasvergadering verkry is slegs deur die stemme van lede van die klas wie se belange as houers van 'n ander klas aandele of as skuldeisers, meer gewig by hul besluitneming dra as hul belang as lede van die besondere klas.

Die kommissie bevind dat weens die gebruik om aandele in die naam van genomineerdes te registreer, volledige inligting hieroor moontlik nie beskikbaar mag wees nie, maar dat die beste beskikbare inligting aan die hof voorgelê behoort te word. Die kommissie bevind dat dit 'n prosedure-aangeleentheid is wat nie statutêre optrede vereis nie.⁵⁰

- b) die persoonlike belange van die direkteure of trustees vir skuldbriefhouers wat die skema aanbeveel.

47) 19 & 20 Geo 5 c 23 (hierna genoem "die 1929-Wet"). Vir die bewoording van a 153, sien *Topham Palmer's Company Precedents* (1938) deel I 1328-1329; vir a 153(1) en (2), sien *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) ALL ER Rep 460, 466.

48) Sien *Report of the Committee on Company Law Amendment* (1945) Cmd 6659, onder voorsitterskap van sir Leonard Cohen.

49) Paragraaf 140 van die verslag.

50) Paragraaf 140.

Om hierdie laaste leemte reg te stel, beveel die Cohen-kommissie aan dat 'n omsendbrief deur die maatskappy uitgestuur word saam met die kennisgewing om vergaderings byeen te roep. Die omsendbrief moet enige wesenlike belange van die direkteure en, waar toepaslik, van die trustee vir skuldbriefhouers, in die skikking of reëling vermeld.⁵¹ Verder word aanbeveel dat 'n misdryf geskep word waar 'n direkteur of trustee vir skuldbriefhouers, bewustelik 'n party tot die versuim is.⁵²

Die aanbevelings van die Cohen-kommissie gee aanleiding tot die invoering van die Companies Act 1947.⁵³ Artikel 40⁵⁴ maak vir die eerste keer voorsiening vir die verpligte uitstuur van inligting deur die maatskappy aan skuldeisers en lede, ivm 'n voorgestelde skema. Die oorsprong van a 40 en van die Cohen-kommissie se aanbeveling wat gelei het tot die verordening van a 40, is waarskynlik regter Maugham se uitspraak in *Re Dorman, Long & Co Ltd*.⁵⁵ Die regter meen dat op die tydstip toe die Joint Stock Companies Arrangement Act 1870 aangeneem is, die meeste persone wat by 'n reëling betrokke was, die vergadering kon bywoon, kon luister na wat gesê is en dan vir of teen die reëling kan stem, afhangende van die siening waartoe hulle oorreed is. Teen 1933, toe hy sy uitspraak gee, bevind regter Maugham dat slegs 'n klein gedeelte van die persone wat betrokke is by 'n reëling, in die vertrek kan kom waar die vergadering gehou gaan word en dat in meeste gevalle die volmagte wat voor die tyd aan direkteure gegee word, reeds die uitslag van die stemming bepaal.

51) Bladsy 90 aanbeveling I (4A).

52) Bladsy 90 aanbeveling I (4B).

53) 10 & 11 Geo 6 c 47 (hierna genoem "die wet van 1947").

54) Die teks van a 40 is ongelukkig nie vir my beskikbaar nie.

55) (1933) ALL ER Rep 460; Vgl *Coltress Iron Co Ltd* (1951) SC 476, 479-480.

As gevolg hiervan neem die hof die houding in dat dit noodsaaklik is dat die verduidelikende verklaring wat deur die direksie uitgestuur word, heeltemal regverdig moet wees en so ver moontlik alle inligting moet bevat wat redelikerwys nodig is om die ontvangers daarvan in staat te stel om te stem.⁵⁶ Regter Maugham wys egter daarop dat daar niks in die Wet⁵⁷ is wat die uitstuur van verduidelikende verklaring vereis nie.⁵⁸

In 1948 volg 'n konsoliderende wet, die Companies Act 1948.⁵⁹ Artikel 153 van die 1929 wet, tesame met a 40(5) van die wet van 1947 en a 4 en 5 van die Companies Act 1886,⁶⁰ vorm die grondslag van a 206, ECA 1948.

Sedert die inwerkingtreding van ECA 1948, is a 206 en 207 nog nie gewysig nie.

56) 467I-468B

57) Companies Act 1929, 19 & 20 Geo 5 c 23.

58) 468A.

59) 11 & 12 Geo 6 c 38 ("ECA 1948").

60) 49 Vict c 23. Vgl Wrenbury *Buckley on the Companies Acts* ccxxii (hierna genoem "Buckley"). A 4 en 5 het betrekking op prosedure in Skotland en is vervat in a 206(5). Vir die bewoording van a 4 en 5, sien Lindley 1889 1039.

61) Die kommissie van ondersoek onder voorsitterskap van Lord Jenkins (sien *Report of the Company Law Committee* (1962) Cmd 1749 het geen aandag aan enige aspekte van skikkings of reëlins geskenk nie.

C. SUID-AFRIKAANSE WETGEWING TOT VOOR DIE INWERKINGTREDING
VAN DIE WET.⁶²

1. Kaapkolonie

A 184 van The Companies Act 1892⁶³ het, net soos a 136 van die Companies Act 1862 (Engeland)⁶⁴ daarvoor voorsiening gemaak dat 'n reëling aangegaan kon word met skuldeisers, waar die maatskappy in vrywillige likwidasië was, sonder tussenkoms van die hof. Artikel 204 van die 1892-wet, wat ooreenstem met a 2 van die Joint Stock Companies Arrangement Act 1870 (Engeland)⁶⁵, het egter in 'n belangrike opsig afgewyk, nl dat die skikking- of reëlingprosedure net beskikbaar was indien die maatskappy in vrywillige likwidasië was.⁶⁶

2. Natal, Oranje-Vrystaat en Rhodesië

So ver vasgestel kan word, was daar geen voorsiening vir skikkings of reëlings in die maatskappyywette van Natal⁶⁷ en die Oranje-Vrystaat⁶⁸ nie. In die Rhodesiese ordonnansië was daar wel bepalings wat ooreengestem het

62) Die wet het in werking getree op 1974-01-01.

63) Wet 25 van 1892 (hierna genoem "die 1892-wet").

64) 25 & 26 Vict c 89. Sien voetnoot 4.

65) 33 & 34 Vict c 104. Sien voetnoot 16.

66) Sien Pyemont *Company Law of the Cape and other South African Colonies* (1906) 347n2, 364 (hierna genoem "Pyemont 1906"). Sien ook *In re North-Eastern Bultfontein (In Liquidation)* (1894) 11 SC 368; 376 en 385.

67) Wet 10 van 1864, Wet 18 van 1865, Wet 19 van 1866, Wet 19 van 1893, Wet 33 van 1899. Vgl Pyemont 1906 418 en 420; Nathan *The Company Law of South Africa* (1926) 242. (hierna na verwys as "Nathan 1926").

68) Hoofstuk C van die Wetboek, Wet 2 van 1892, Ordonnansië 24 van 1904. Vgl Pyemont 1906 418 en 420; Nathan 1926 242.

met a 184 en 204 van The Companies Act 1892 (Kaapkolonie).⁶⁹

3. Transvaal

Die vroegste bepalings oor skikkings of reëlings in die Transvaal, word gevind in die Companies Act 1909,⁷⁰ wat gegrond was op die Companies (Consolidation) Act 1908 (Engeland).⁷¹ Ingevolge a 104 kan skikkings of reëlings, met die toestemming van die hof, aangegaan word tussen h maatskappy en sy skuldeisers en/of lede, of enige klas daarvan. Dit was nie nodig dat die maatskappy in likwidasië moes wees nie.

4. Die Maatskappywet 1926⁷²

In die wet van 1926 is skikkings en reëlings gereël deur a 103, wat gegrond was op a 104 van die Transvaalse Companies Act 1909.⁷³

Na aanleiding van die aanbevelings van die Lansdown-kommissie⁷⁴ is a 103 in 1939⁷⁵ uitgebrei om daarvoor voorsiening te maak dat h skikking of reëling nie die

69) A 134 en 157 onderskeidelik, British South Africa Company's Ordinance No 2 of 1895. Sien Pyemont 1906 529 en 532-533 vir die bewoording van a 134 en 157.

70) Wet 31 van 1909 (Transvaal).

71) 8 Edw 7 c 69. Sien Naudé *Die Regsposisie van die Maatskappydirekteur* 9n3 (hierna na verwys as "Naudé") Cilliers en Benade 32.

72) Wet No 46 van 1926 ("die wet van 1926")

73) Sien Naudé 9; Cilliers en Benade 32.

74) *Verslag van die Maatskappywetkommissie 1935-1936* UG 45 van 1936 par 250 en 251 (hierna na verwys as die "Lansdown-verslag").

75) Deur die Maatskappywysigingswet, No 23 van 1939.

aanspreeklikheid van h borg vir die maatskappy sou be-
invloed nie,⁷⁶ en dat h afskrif van die hofbevel wat
die skema bekragtig, by die Registrateur van Maatskappye
ingedien moes word en voortaan by die akte van oprigting
van die maatskappy aangeheg moes word.⁷⁷ h Misdryf is
geskep vir gevalle waar versuim word om die hofbevel te
registreer of om dit by die akte aan te heg.⁷⁸ Ook is h
wyer betekenis aan die begrip *maatskappy* in a 103 ver-
leen en is daar uitdruklik bepaal dat h *reëling* h re-
organisasie van h maatskappy se aandelekapitaal deur
konsolidasie en/of verdeling van aandele, sou insluit.⁷⁹

Die Millin-kommissie⁸⁰ het aanbeveel dat h nuwe artikel
in die 1926-wet ingevoeg word ten einde voorsiening
daarvoor te maak dat waar h skikking of reëling voorge-
stel word, inligting aan aandeelhouders en/of skuldeisers
verskaf word oor die persoonlike belange van direkteure

-
- 76) A 64(a), Wet No 23 van 1939.
- 77) A 64(b), Wet No 23 van 1939.
- 78) A 103(4), bygevoeg deur a 64(b), Wet No 23 van
1939.
- 79) A 103(5), bygevoeg deur a 64(b), Wet No 23 van 1939.
Hoewel hierdie nie bespreek is in die Lansdown-verslag
nie, het dit daaruit voortgevloei. A 103*bis* wat
bepalings bevat om rekonstruksie en amalgamasie te ver-
gemaklik (die voorloper van a 313 van die huidige Wet),
wat buite die bestek van hierdie ondersoek val, maar
waarna soms noodwendig verwys moet word, is ingevoeg
deur a 65 van Wet No 23 van 1939.
- 80) *Verlag van die Kommissie van Ondersoek insake die
wysiging van die Maatskappywet 1947-8 UG 69-1948.*
(hierna na verwys as die "*Millin -verslag*" of die
"*Millin-kommissie*").

wat die skema aanbeveel, in die skema, asook van die belange van 'n trustee vir skuldbriefhouers.⁸¹ Daar is ook aanbevelings gemaak vir die skep van 'n misdryf indien die nuwe bepalinge nie nagekom sou word nie.⁸²

As gevolg van die aanbevelings van die Millin-kommissie, is a 103^{quat} in die 1926-wet ingevoeg.⁸³ Vir die eerste keer bestaan daar 'n statutêre plig om sekere inligting aan lede en/of skuldeisers te verskaf.⁸⁴

D. DIE MAATSKAPPYWET, 1973⁸⁵

Die Van Wyk de Vries-kommissie⁸⁶ het aandag aan die volgende aspekte van skikking- en reëlinskemas gegee:⁸⁷

- (a) die feit dat reëlinskemas misbruik sou word om oornames te bewerkstellig;⁸⁸
- (b) die feit dat, waar maatskappye in likwidasie is, skuldige direkteure die gevolge van hul misdrywe en onwettige handelingte kon ontduik deur gebruik te maak van die skikking- en reëlinskema-prosedure;⁸⁹

81) Par 144.

82) Par 144.

83) Deur a 87 van die Maatskappy-wysigingswet, No 46 van 1952.

84) A 103^{quat} stem grootliks ooreen met a 207 ECA 1948.

85) Wet 61 van 1973.

86) *Kommissie van Ondersoek na die Maatskappywet: Aanvullende Verslag en Konsepwetsontwerp* RP 31/1972 (hierna genoem "Aanvullende verslag").

87) *Aanvullende verslag* par 77.01-77.05.

88) *Aanvullende verslag* par 77.01.

89) *Aanvullende verslag* par 77.02. Sien ook *Kommissie van Ondersoek na die Maatskappywet: Hoofverslag* RP 45/1970 par 44.26 (hierna genoem "Hoofverslag").

-
- (c) die feit dat die hof te min waarde sou heg aan die vraag hoe verteenwoordigend *ledevergaderings* sou wees waar 'n skikking of reëling oorweeg word;⁹⁰
- (d) die uitbreiding van die inligting wat aan skuldeisers en lede verskaf moet word, sodat sodanige verklaring ooreen sou stem met die oornameverklaring deur die direkteur van die doelwitmaatskappy in die geval van 'n oorname;⁹¹
- e) Verbeterings in die bewoording van die relevante artikels, en in die besonder die invoeging van die bepaling dat die stemme wat in berekening geneem moet word by die onderskeie vergaderings, dié moet wees van die persone wat aanwesig is *en wat stem*.⁹²

In sy aanbevelings het die Van Wyk de Vries-kommissie nie enige verbod bepleit op die gebruik van die reëling-skemaprocedure om 'n oorname te bewerkstellig nie, ten spyte van vertoë wat in hierdie verband tot die kommissie gerig is.⁹³

90) *Aanvullende verslag* par 77.03.

91) *Aanvullende verslag* par 77.04.

92) *Aanvullende verslag* par 77.05.

93) *Aanvullende verslag* par 77.01. Sien ook *Ex parte Federale Nywerhede Bpk 1975 (1) SA 826 (W)*.

1188341
1188336

Die belangrikste aanbevelings van die kommissie, wat dan ook aanvaar is,⁹⁴ was dat die hof, by die oorweging van 'n skikking of reëling, ag moes slaan op hoe verteenwoordigend die ledevergadering was wat die skema oorweeg het,⁹⁵ en dat die Meester verslag moet doen oor moontlike misdrywe deur direkteure en beamptes of hul aanspreeklikheid vir skadevergoeding, welke verslag dan ook deur die hof oorweeg moet word voordat die skema bekragtig word.⁹⁶

As gevolg van die aanbevelings van die Van Wyk de Vries-kommissie⁹⁷ is a 103 en 103^{quat} onderskeidelik vervang deur a 311 en 312 van die Wet. A 311(2)(b) is, op aanbeveling van die kommissie, so bewoerd dat dit voorsiening maak vir stemming deur die houers van aandele sonder pari-waarde.⁹⁸ Ongelukkig was die wysiging sodanig dat daar nou in die geval van lede nie meer 'n meerderheid *in getal* van die lede of klas lede soos voorheen vereis word nie. In die geval van lede word slegs 'n drie-kwart van die aantal *stemme* vereis, wat egter almal deur dieselfde lid uitgebring kan word.⁹⁹ Nêrens in die verslag van die Van Wyk de Vries-kommissie blyk dit dat die kommissie enige bedoeling gehad het om die vereiste

-
- 94) Vgl *Aanvullende verslag* aanbevelings 187 en 188 en a 311 en 312 van die Wet.
- 95) Vgl *Aanvullende verslag* aanbeveling 187(b) en a 311(5) van die Wet.
- 96) Vgl *Aanvullende verslag* aanbeveling 187(a) en a 311(4) en 311(5) van die Wet.
- 97) *Aanvullende verslag* aanbeveling 187 en 188; *Hoofverslag* aanbeveling 92.
- 98) *Aanvullende verslag* 243.
- 99) A 311(2)(b). Cilliers en Benade 425 lewer geen kommentaar hieroor nie.

dat die skema ook goedgekeur moes word deur 'n meerderheid *in getal* van die *aantal* lede wat teenwoordig is en wat stem, af te skaf nie.¹⁰⁰

E. GEVOLGTREKKING

Voor 1862 het daar onsekerheid bestaan oor die vraag of die likwidateur van 'n maatskappy wat in likwidasie verkeer, dieselfde mag as 'n natuurlike persoon of 'n bestaande maatskappy het om eise wat deur of teen hom ingestel word, te skik. In 1862 verkry die likwidateur deur wetgewing die mag om 'n skikking of *ander reëling* met skuldeisers en kontribuante aan te gaan, onderhewig aan bekragtiging deur die hof of, in sommige gevalle, deur lede. Hierdie wetgewing het egter nog nie een skuldeiser in staat gestel om 'n ander skuldeiser te verplig om 'n skikking te aanvaar nie.

Deur aanvaarding van die Joint Stock Companies Arrangement Act, 1870, was dit vir die eerste keer moontlik om 'n plan van skikking of reëling wat deur die voorgeskrewe meerderheid skuldeisers of klas skuldeisers aanvaar is, deur tussenkoms van die hof bindend op die minderheid te maak. Vir die eerste keer was dit dus moontlik om in stryd met die algemene beginsels van die kontrakreg, 'n skuldeiser se kontraktuele regte te wysig, òf sonder dat hy daartoe toegestem het òf ten spyte daarvan dat hy heeltemal gekant was teen hierdie wysiging van sy regte. Hierdie prosedure was egter nog beperk tot gevalle waar:

- (i) die maatskappy in likwidasie was;
- (ii) die skikking of reëling met skuldeisers en kontribuante (dws die houers van onopbetaalde aandele) aangegaan is; en
- (iii) 'n "reëling" iets soortgelyk aan 'n skikking was.¹⁰¹

100) Vgl *Aanvullende verslag* par 77.03, 77.05; aanbevelings 187(b) en (c); p 242-244.

101) Oor die uitbreiding van die begrip "reëling", sien H 3.

Ingevolge die Companies Act 1900 kon 'n skikking of reëling ook met lede of 'n klas lede aangegaan word en ingevolge die Companies Act 1907 was dit nie meer 'n vereiste dat die maatskappy in likwidasie moes wees nie. Verdere wysigings van die prosedure was deur die jare heen meer van 'n administratiewe aard.

Dit volg uit hierdie hoofstuk dat die hele ingewikkelde skikking- en reëlingskemasprosedure in die Engelse reg ontwikkel het vanuit 'n eenvoudige behoefte om aan die likwidateur van 'n maatskappy dieselfde mag te gee as wat 'n natuurlike persoon of 'n bestaande maatskappy gehad het, om eise van of teen die maatskappy te skik, tot 'n ingewikkelde stelsel waarvolgens 'n groep-ooreenkoms deur die wil van 'n meerderheid skuldeisers of lede of enige gedeelte (klas) van hulle, deur bemiddeling van die hof bindend op die hele groep of klas, en selfs op derdes gemaak word.

Wat aanvanklik 'n prosedure was om skikkings met skuldeisers van 'n gelikwideerde maatskappy te reël, word nou gebruik as prosedure om ook oornames, amalgamasies en rekonstruksies van selfs meer as een maatskappy te reël.¹⁰²

Deur die gebruik van die prosedure vir doeleindes waarvoor dit aanvanklik nooit ontwerp is nie, was daar telkens leemtes in die prosedure wat soms deur howe geopper is, wat deur kommissies van ondersoek nagegaan is en wat mettertyd deur wetgewing reggestel is. Hierdie wysigings was egter administratief van aard; oor die basiese filosofie onderliggend aan die stelsel.¹⁰³ Oor die behoefte om weer oor die onderliggende beginsels te besin, sal verdere aandag gegee word in H 14.

102) Oor die gebruik van skikking- en reëlingskemas, sien H 4.

103) Oor die ingrypende wysigings wat daar in die prosedure in Australië aangebring is deur die Companies Act 1981 (Cth), sien H 13.

Suid-Afrikaanse wetgewing het aanvanklik die Engelse wetgewing nagevolg, maar vanaf 1939 het daar geleidelik 'n kentering gekom. Veral sedert die inwerkingtrede van die huidige Wet, is die Suid-Afrikaanse wetgewing in 'n groter mate by plaaslike behoeftes aangepas. Die verskille is egter eerder administratief as prinsipiële van aard.

Dit wil voorkom asof die rol van Engelse wetgewing en beslissings oor skikkings en reëlings in die toekoms al hoe minder belangrik in Suid-Afrika sal wees.¹⁰⁴

104) Oor die algemene verwydering tussen Engelse en Suid-Afrikaanse maatskappyereg, sien Cilliers en Benade 20.

HOOFSTUK 3

ONTLEDING VAN DIE BEGRIPPE *SKIKKING* EN *REËLING* IN a 311 VAN DIE WET

- A. INLEIDING
 - B. DIE BEGRIP "SKIKKING"
 - C. DIE BEGRIP "REËLING"
 - D. ONDERSKEID TUSSEN "SKIKKING" EN "REËLING"
 - E. BEPERKINGS OP SKIKKINGS EN REËLINGS
 - F. GEVOLGTREKKINGS
-

A. INLEIDING

Dit is noodsaaklik om die betekenis van *skikking* en *reëling* soos vervat in a 311(1) van die Wet, na te gaan sodat vasgestel kan word wat die grense van en beperkings op skikkings en reëlings is.

Om die betekenis van die begrippe *skikking* en *reëling* te bepaal, moet veral die interpretasie van hierdie begrippe deur die hof nagegaan word. Om vas te stel wat die beperkings op skikkings en reëlings is, moet besondere aandag gegee word aan skikkings en reëlings wat *nie* deur die hof bekragtig is *nie*.

B. DIE BEGRIP "SKIKKING"

Aanvanklik is skikkings tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers beskou as iets analoog aan 'n akkoord deur 'n insolvent met

sy skuldeisers.¹ In hierdie trant is 'n skikking dan beskryf as

"An arrangement between two parties by which they both make concessions and give up something."²

Die grondslag van wat vandag as 'n skikking in maatskappyverband beskou word, is egter deur Lord Justice Fry in *Mercantile Investment and General Trust Company v International Company of Mexico*³ neergelê. Hy beslis dat die idee dat 'n skikking die beloftes van "persone in konflik" is om die sake wat tussen hulle in dispuut is aan 'n derde persoon vir beslissing voor te lê, verouderd is. Lord Justice Fry beslis dan dat 'n skikking 'n ooreenkoms omvat tussen twee of meer persone vir die vasstelling van hul regte waar daar die een of ander dispuut⁴ tussen hulle is

-
- 1) Vgl by Lord Justice James se dictum in *In re Albert Life Assurance Company, and Other Companies* (1871) 6 Ch App 381, 386 dat die Joint Stock Companies Arrangement Act 1870 op dieselfde beginsels by 'n likwidasie deur die hof toegepas moet word as wat in insolvensie tussen 'n insolvent en sy skuldeisers toegepas word. Lindley 1889 712 verwys na 'n *composition* (akkoord) tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers waar hy na die *Albert Life Assurance*-saak *supra* verwys. Dit is duidelik dat die verskil tussen *compromise* (skikking) wat vandag aanvaar word as 'n term wat gebruik word om 'n skikking deur 'n maatskappy aan te dui, en *composition* (akkoord) wat gebruik word om 'n "skikking" deur 'n insolvent met sy skuldeisers aan te dui, op daardie stadium nog nie duidelik uitgekristalliseer het nie.
 - 2) Per Regter North, *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Co* (1891) 1 Ch 213, 228. Die regter se beslissing is op appèl bevestig.
 - 3) (1893) 1 Ch 484n, 491n.
 - 4) Die regter verwys na "some question in controversy" (491n).

of die een of ander probleem in die afdwinging van die regte van die eiser is.⁵ Hier vind dus 'n uitbreiding van die begrip skikking in maatskappyregtelike verband plaas.

In *Sneath v Valley Gold, Limited*⁶ verwys Lord Justice Lindley met goedkeuring na die *Mercantile Investment*-saak⁷ en beslis verder dat dreigende litigasie nie nodig is nie; al wat vereis word is 'n probleem wat nie oorbrug kan word sonder die een of ander reëling⁸ nie.

'n Baie nuttige formulering van skikking in maatskappyregtelike verband is dié van regter Younger:

"A compromise presupposes some dispute about the rights compromised, or some difficulty in enforcing them if dispute there is none."⁹

-
- 5) Die regter verwys na "enforcement to the uttermost farthing". (491n) *In Mercantile Investment and General Trust Company v River Plate Trust, Loan, and Agency Company* (1894) 1 Ch 578, 596 lê regter Romer met verwysing na hierdie definisie van Lord Justice Fry, veral klem op die erns van die probleme wat daar moet wees met die afdwinging van die regte van skuld-eisers as 'n vereiste vir 'n skikking. Dat die probleme ernstig moet wees, moet egter nie oordryf word nie; sien *Northern Assurance Company, Limited v Farnham United Breweries, Limited* (1912) 2 Ch 125, 133. Die *River Plate*-saak *supra* is op hierdie punt deur hoofregter Griffith nagevolg in die Australiese beslissing *Isles v Daily Mail Newspaper Limited and Others* (1912) 14 CLR 193 op 197, hoewel nie onvoorwaardelik nie.
 - 6) (1893) 1 Ch 477 op 494.
 - 7) *Mercantile Investment and General Trust Company v International Company of Mexico* (1893) 1 Ch 484n, 491n.
 - 8) Hoewel Lord Justice Lindley die woord "arrangement" (reëling) gebruik was hy besig om te besin oor die betekenis van "compromise" (skikking). Die *Mercantile Investment*-saak is ook met goedkeuring aangehaal in die Australiese saak *Isles v Daily Mail Newspaper Ltd and Others* (1912) 14 CLR 193 op 197. Sien ook Buckley 1957 403; Pennington 470.
 - 9) *In re Guardian Assurance Company* (1917) 1 Ch 431 op 322. Hierdie deel van die beslissing is nie geraak deur die appèl teen regter Younger se beslissing nie.

Hierdie omskrywing van 'n skikking in maatskappyregtelike verband, is in Suid-Afrika aanvaar in *Ex parte Cyrildene Heights (Pty) Ltd*¹⁰.

Met verwysing na regter Trollip se omskrywing van "skikking" in die *Cyrildene Heights*-saak, verklaar De Wet en Van Wyk¹¹ dat dié omskrywing van *skikking* nie juis van veel belang is nie omdat *reëling* so 'n wye betekenis het en selfs 'n ooreenkoms tussen 'n maatskappy en iemand anders as 'n lid of skuldeiser, insluit.

'n Perk wat gestel word aan die grense van 'n skikking, is dat dit 'n element van tegemoetkoming aan elke kant moet bevat: totale oorgawe is dit nie. 'n Eiser wat afstand doen van sy eis, is nie besig om dit te skik nie.¹²

Die begrip *skikking* in a 311 het ook onder invloed van die Engelse reg, nie dieselfde inhoud as wat die begrip *skikking* in ons kontraktereg het nie; in die kontraktereg moet daar 'n geskil of onsekerheid oor die partye se regte bestaan, terwyl by 'n *skikking* ingevolge a 311 blote onsekerheid oor of 'n probleem met

-
- 10) 1966(1) SA 307(W) 308. Sien verder *Ex parte Bruyns : In re Coverite (Pty) Ltd* 1968(1) SA 51(W) 52; Cilliers en Benade 416; Milne *Henochsberg on the Companies Act* 530 (hierna na verwys as "Henochsberg").
 - 11) *Kontraktereg en Handelsreg* 729 n501 (hierna na verwys as "De Wet en van Wyk"). Maar sien *Re Contal Radio Ltd* (1932) All ER Rep 687 (ChD), waar beslis is dat 'n *reëling* in a 251(1) van die Companies Act 1929 (a 389 van die Wet) 'n *skikking* of akkoord insluit nie.
 - 12) Per Regter Brightman *Re NFU Development Trust Ltd* (1973) 1 All ER 135 (ChD) 140f-g. Sien ook *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Co* (1891) 1 Ch 213 op 243. In *Mercantile Investment and General Trust Company v International Company of Mexico* (1893) 1 Ch 484n op 489n stel Lord Justice Lindley dit soos volg: "A power to compromise does not include a power to make presents".

die afdwingbaarheid van een van die partye se regte voldoende is.¹³

GEVOLGTREKING

Die begrip *skikking* in a 311 van die Wet veronderstel 'n dispuut oor die regte wat geskik word, of indien daar geen dispuut bestaan nie, die een of ander probleem met die afdwinging van daardie regte. Verder moet daar 'n element van tegemoetkoming aan elke kant wees: 'n blote konfiskering van regte is nie 'n skikking nie.

C. DIE BEGRIP REËLING.

Aanvanklik is *reëling* geïnterpreteer as iets soortgelyk aan 'n *skikking*¹⁴, hoewel daar reëlins goedgekeur is waarvan uitdruklik gesê is dat dit nie 'n skikking was nie.¹⁵

In *In re Guardian Assurance Company*¹⁶ beslis die Court of Appeal egter dat dit nie nodig is om die woord *reëling* te beperk tot iets soortgelyk aan 'n skikking nie.¹⁷

Artikel 311(8) van die Wet bepaal dat *reëling* 'n reorganisasie van die aandeelkapitaal van 'n maatskappy deur die konsolidasie van aandele van verskillende klasse of deur die verdeling van aandele in aandele van verskillende klasse of deur albei hierdie metodes, omvat.

-
- 13) Vir 'n besperking van *skikking* in die kontraktereg, sien H5.
- 14) Sien *In re General Motor Cab Company, Limited* (1913) 1 Ch 377 op 384. Vgl ook die kommentaar deur regter Younger in *In re Guardian Assurance Company* (1917) 1 Ch 431 op 443, gelewer op die uitsprake van regter North en Lord Justice Fry in *re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Co* (1891) 1 Ch 213 op 228 en 246.
- 15) Sien bv *Shaw v Royce Limited* (1911) 1 Ch 138, 148. Sien verder *Re Contal Radio Ltd* (1932) All ER Rep 687 (ChD).
- 16) (1917) 1 Ch 431.
- 17) Sien ook *In re AW Allen, Limited* (1930) VLR 251; *Re International Harvester Co of Australia Pty Ltd* (1953) VLR 669 op 672; *Re The Bank of Adelaide* (1979) 4 ACLR 393 SC (SA) op 412; *In re Savoy Hotel Ltd* (1981) 1 Ch 351 op 359; Buckley 403; Cilliers en Benade 416; Henochsberg 529-530.

Artikel 313 bevat sekere bepalings om 'n rekonstruksie¹⁸ of amalgamasie¹⁹ te vergemaklik, indien 'n skikking of reëling kragtens a 311 voorgestel is vir doeleindes van of in verband met 'n skema vir die rekonstruksie van 'n maatskappy of maatskappye of die amalgamasie van twee of meer maatskappye, en daar kragtens dié skema 'n oordrag van bates plaasvind aan een van die maatskappye wat by die skema betrokke is.²⁰ 'n Rekonstruksie en 'n amalgamasie kan dus by wyse van 'n skikking- en reëlingskema deurgevoer word.

Die konsep van skikking en reëling impliseer "some element of give and take."²¹ 'n Blote konfiskering van regte is dus nie 'n skikking

-
- 18) Rekonstruksie behels die oordrag van die geheel of gedeelte van die onderneming van 'n maatskappy na 'n ander maatskappy wat beheer word deur die aandeelhouers van die oordraende maatskappy. Vir 'n verdere bespreking vandie betekenis van rekonstruksie, sien H 7 F 5 c.
 - 19) Amalgamasie of samesmelting vind plaas waar die bates van twee of meer maatskappy oorgaan op of onder beheer kom van een maatskappy wie se aandeelhouers in hoofsaak bestaan uit die aandeelhouers van die maatskappy wat saamgesmelt het. Vir 'n verdere bespreking van die betekenis van amalgamasie sien H 7 F 5 c.
 - 20) Die oorsprong van a 313 (a103bis van die 1926-Wet) kan teruggevoer word na aanbeveling 85 II van die Greene-kommissie in Engeland (vgl *Company Law Amendment Committee 1925-26 Report* Cmd 2657). Uit die bewoording van aanbeveling 85 II, lyk dit asof dit wat die Greene-kommissie in gedagte gehad het, 'n prosedure gelyksoortig aan die skikking- en reëlingskema-prosedure van a 120, Companies (Consolidation) Act 1908 was, ten einde amalgamasie te vergemaklik. Dit lyk nie asof die kommissie amalgamasie as moontlike onderdeel van 'n reëling-skema beskou het nie.
 - 21) *Re NFU Development Trust Ltd* (1973) 1 All ER 135 (ChD) 140F.

of reëling nie.²² Die konfiskering van regte moet onderskei word van die reg wat die hof by die bekragtiging van 'n skikking of reëling het om die feit dat 'n bepaalde klas nie toegestem het tot die skema²³ nie, te ignoreer, indien daar bewys word dat indien die bates onmiddellik verdeel sou word (sonder 'n skema) daar niks beskikbaar sou wees vir daardie klas nie.²⁴

Dit word nou aanvaar dat *reëling* geen presiese betekenis het nie, maar dat die howe, binne sekere grense, maatskappye die grootste moontlike vryheid toelaat om skemas²⁵ te ontwerp om by hul besondere omstandighede aan te pas.²⁶ Hierdie skemas kan wissel van 'n eenvoudige akkoord of moratorium tot 'n samesmelting van verskeie

-
- 22) Vgl *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Co* (1891) 1 Ch 213, 243; *Re NFU Development Trust Ltd* (1973) 1 All ER 135 (ChD) 140F; *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) 831; *In re Savoy Hotel Ltd* (1981) 1 Ch 351, 359; Cilliers en Benade 416.
- 23) Skema word hier gebruik as 'n kollektiewe woord vir 'n plan van skikking en reëling.
- 24) *In re Tea Corporation, Limited. Sorsbie v Same Company* (1904) 1 Ch 12(CA); *Re Oceanic Steam Navigation Co Ltd* (1938) 3 All ER 740 (ChD); Boyle and Sykes *Gore-Browne on Companies* par 30-17 (hierna na verwys as "Gore-Browne").
- 25) Al hoe minder klem word gelê op die onderskeid tussen die begrippe skikking en reëling; die neiging bestaan om die begrippe eenvoudig saam te vat in die woord *skema*, ten spyte daarvan dat aanvaar word dat 'n reëling nie iets soortgelyk aan 'n skikking hoef te wees nie. Sien by *Ex parte Bruyns: In re Coverite (Pty) Ltd* 1968(1) SA 51(W) 52 en vgl die verwysing na "skema" in a 313(1).
- 26) Sien Cilliers en Benade 416; Henochsberg 529, De Wet en Van Wyk 729n 501; Gower 687.

maatskappy, met 'n volledige reorganisasie van hul aandeel-
en leningskapitaal.²⁷

D. ONDERSKEID TUSSEN "SKIKKING" EN "REËLING"

Uit die historiese ontwikkeling van die begrippe "skikking" en "reëling" is dit duidelik dat 'n reëling aanvanklik gesien is as iets soortgelyk aan 'n skikking, maar dat die betekenis van *reëling* mettertyd uitgebrei is totdat dit vandag 'n begrip met 'n baie wye betekenis is, hoewel hierdie begrip geen presiese inhoud het nie.

Dit is nie nodig om te onderskei tussen die begrippe skikking en reëling vir doeleindes van a 311 of 312 nie. As algemene riglyn

-
- 27) Gower 687. Vgl *Du Preez and Another v Garber: In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 813; *Ex parte Cyrildene Heights (Pty) Ltd* 1966(1) SA 307(W) 309; die Kanadese beslissing *Re West Humber Apartments Ltd* 2 DLR (3d) 110,113; De Wet en Van Wyk 729n 501. Sien ook Buckley 1957 403-404; Schmitthoff *Palmer's Company Law* 1976 829, 832 (hierna genoem "Palmer 1976"): Hailsham *Halsbury's Laws of England* 7 par 1533 (hierna na verwys as "Halsbury") Cilliers en Benade 416; Henochsberg 529; Farrands *Company Law in New Zealand* 485; Paterson and Ednie *Australian Company Law* 2375 (hierna na verwys as "Paterson and Ednie"); *Re National Bank Ltd* (1966) 1 All ER 1006 (ChD) 1012I; *Singer Manufacturing Co v Robinow* 1971 SC 11, 13-14, met goedkeuring aangehaal in *In re Savoy Hotel Ltd* (1981) 1 Ch 351, 360; *In re Milne and Choyce, Ltd* (1953) NZLR 724 (CA) 746; *Re International Harvester Co of Australia Pty Ltd* (1953) VLR 669 672; *Re The Bank of Adelaide* 4 ACLR 393 SC (SA) 412. Vir die betekenis van reëling soos vervat in 'n inkomstewet, sien *Jaques v Federal Commissioner of Taxation* (1924) 34 CLR 328, 359. Sien ook *In re Sandwell Park Colliery Company, Limited* (1914) 1 Ch 589 op 594; *Ex parte Atlas Petroleum Products Ltd* 1929(2) PH E14(N).

kan egter neergelê word dat skikking 'n element van akkoord bevat, dws aan die persoon met wie 'n skikking aangegaan word, word gewoonlik minder aangebied as wat die gesigwaarde van sy vorderingsreg teen die maatskappy is. By 'n reëling ontvang die persoon met wie 'n reëling aangegaan word, die volle waarde van sy vorderingsreg maar nie op dieselfde wyse of op dieselfde voorwaardes of tydstip as voorheen nie. Dit blyk dus dat 'n skikking gewoonlik met skuldeisers aangegaan word, terwyl 'n reëling gewoonlik met aandeelhouders aangegaan word.²⁸

E. BEPERKINGS OP SKIKKINGS EN REËLINGS.

Ten spyte van die vryheid wat aan maatskappye verleen word om skemas ooreenkomstig hul eie behoeftes te ontwerp, is daar tog sekere perke waaraan skemas onderhewig is.

1. *'n Skikking of reëling kan nie iets tot stand bring wat die partye nie self deur onderlinge ooreenkoms sou kon uitvoer nie.*²⁹

28) Dit is die rede waarom a 389, wat voorsiening maak vir 'n reëling tussen die maatskappy en sy skuldeisers, selde benut word. Sien Cilliers en Benade 431.

29) Vgl Cilliers en Benade 416; Pennington 472; Paterson and Ednie 2374; *In re Guardian Assurance Company* (1917) 1 Ch 431, 441; *Re Anglo-Continental Supply Company Ltd* (1922) 2 Ch 723, 731.

Die bevoegdheid wat deur a 311 aan die hof verleen word, is om 'n skema bindend te maak op skuldeisers of lede wat nie dié skikking- en reëlinskema wil aanvaar nie.³⁰

Hierdie beperking sluit die volgende in:

- a) 'n Skikking- of reëlinskema kan nie iets magtig wat strydig is met algemene reg of met ander bepalings van die Maatskappywet nie.³¹
-
- 30) Die feit dat die skuldeisers of lede nie die skema wil aanvaar nie, kan óf voortspruit uit daadwerklike teenkanting óf uit apatie. Die bevoegdheid van die hof en die beperkings daarop, is duidelik ingesien in *Ex parte Cyril-dene Heights (Pty) Ltd* 1966(1) SA 307(W), waar 'n aansoek tot die hof gerig is vir toestemming om vergaderings byeen te roep en dit geblyk het dat die enigste skuldeisers wat nie ingevolge die aanbod ten volle betaal sou word nie, reeds ingestem het om die aanbod te aanvaar. Die maatskappy was nie in likwidasie nie en daar was geen probleem ivm die afdwinging van die voorgestelde betalings nie. Regter Trollip beslis dat hierdie nie 'n geval is waar die hof sy diskresie behoort uit te oefen om te gelas dat vergaderings byeengeroep word nie, omdat die voorgestelde "reëling" gerieflik en effektief uitgevoer kan word deur die maatskappy en sy skuldeisers sonder om die bepalings van a 103 (tans a 311) by te haal. In *Ex parte The British Mining Supply Co, Ltd and Another* 1942 WLD 96 is die B maatskappy, 'n private maatskappy, dmv 'n spesiale besluit omskep in 'n publieke maatskappy. 'n Bepaalde aandeelhouer wat 8% voorkeuraandele in die private maatskappy gehou het, het ingestem om ter vervanging daarvan 6% voorkeuraandele in die publieke maatskappy te hou. Regter Malan beslis dat hierdie buite die omvang van a 103 van die 1926-wet val. Hierdie was duidelik 'n kontrak tussen een aandeelhouer en die maatskappy, en nie 'n skikking of reëling nie. Sien ook dié gesag aangehaal in n29 *supra*
- 31) Gower 687; Buckley 1957 404. Gower gee op 687 n41 die voorbeeld van die beslissing in *Re St James' Court Estate Ltd* (1944) Ch 6, waar beslis is dat 'n skema nie gebruik kan word om oa uitgereikte aandele te omskep in aflosbare voorkeuraandele nie; iets wat nie uitdruklik deur die Companies Act 1929 gemagtig is nie. In Suid-Afrika kan gewone aandele wel ingevolge a 75(1)(i) omskep word in aflosbare voorkeuraandele.

-
- b) 'n Skikking- of reëlinskema kan nie optrede magtig wat geheel en al *ultra vires* die maatskappy is nie.³²

-
32. Gower 687; Buckley 1957 404; Pennington 472; Gore-Browne par 30.25; Palmer 1976 833. Sien ook *Du Preez v Garber* : *In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806 (W) 813; *Re Oceanic Steam Navigation Co Ltd* (1938) 3 All ER 740, 743A; *In re Guardian Assurance Company* (1917) 1 Ch 431, 441; *Re West Humber Apartments Ltd* 2 DLR (3d) 110, 113-114; *In re Palace Hotel Limited* (1912) 2 Ch 438, 442. Vanweë die kontraktuele aard van 'n skikking- of reëling-skema, sal die uitwerking van a 36 van die Wet waarskynlik wees dat indien die hof 'n skema goedkeur wat buite die vermoë van die maatskappy is (dws nie ingesluit is in die hoof- of aanvullende doelstellings nie - sien a 33(1) en (2)), die skema *wel* bindend sal wees, in die geval van 'n skema tussen die maatskappy en sy *skuldeisers*. Alvorens so 'n skikking of reëling buite die maatskappy se vermoë, met skuldeisers bekragtig word, sou 'n lid kon aansoek doen dat die skema gestaak word, of sou die lid op die keurdatum bevoeg wees om tot die verrigtinge toe te tree en aan te voer dat die skema nie bekragtig word nie, op grond daarvan dat dit buite die vermoë van die maatskappy val. In die geval van 'n skikking of reëling tussen 'n maatskappy en sy *lede* is die situasie egter nog nie duidelik nie: Volgens een uitleg van a 36 kan geredeneer word dat die gemeenregtelike *ultra vires*- leerstuk onaangeraak is sover dit kontrakte tussen 'n maatskappy en 'n lid betref; volgens 'n ander redenasie, verklaar die inleidende gedeelte van a 36 dat *geen handeling van 'n maatskappy nietig (is) nie* slegs vanweë die maatskappy se gebrek aan vermoë of bevoegdheid. Aanvullend hiertoe, en nie as voorbehoudsbepaling nie, so word geredeneer, is die tweede gedeelte van a 36 wat verbied dat gebrek aan vermoë beweer word of in 'n regsgeeding daarop staatgemaak word. Die verdere bepaling wat die maatskappy, sy lede en direkteure toelaat om gebrek aan vermoë aan te voer, is dan slegs 'n uitsondering tot die aanvullende verbod. Gevolglik is die uitwerking van a 36 dat geen kontrak buite die vermoë van die maatskappy nietig is nie, afgesien daarvan of die ander kontrakterende party 'n buitestaander of direkteur of 'n lid is. Die vraag of die hof optrede kan magtig wat geheel en al buite die vermoë van die maatskappy is, in die geval van 'n skikking of reëling voorgestel, tussen 'n maatskappy en sy *lede*, sal afhang van welke uitleg die hof aan a 36 gee. Vgl Cilliers en Benade 103-110, veral 109; Henochsberg 69-73; Naudé *Company Contracts: The effect of S 36 of the New Act* 1974 SALJ 315; McLennan *The Ultra Vires Doctrine and the Turquand Rule in Company Law-A suggested solution* 1979 SALJ 319; Oosthuizen *Aanpassing van die Verteenwoordigingsreg in Maatskappyverband* 1979 TSAR 1; Oosthuizen *Die Turquand-reël in die SA Maatskappyyereg* 137-8.

-
- c) Die hof kan nie gelas dat regte wat nie oordraagbaar is nie, ingevolge die skikking of reëling oorgedra sal word nie.³³

Die belangrikste nie-oordraagbare kontrak is die dienskontrak.³⁴
In die Engelse reg word by nie-oordraagbare eiendom ingesluit eiendom waarvan eiendomsreg in 'n maatskappy setel as die "personal representative of a deceased person".³⁵

2. Waar die wet 'n bepaalde prosedure neerlê vir die uitvoer van 'n handeling,³⁶ kan a 311 nie gebruik word om die statutêre voorskrifte te omseil nie en moet daar benewens die vereistes van a 311 ook aan die ander statutêre prosedure voldoen word.³⁷

-
- 33) Pennington 472.
- 34) Vir 'n verdere bespreking van die dienskontrak en ander nie-oordraagbare ooreenkomste, sien H 7 F 5 c).
- 35) *Re Skinner (deceased)* (1958) 3 All ER 273, 276.
- 36) Soos bv in die geval van kapitaalvermindering, waar daar steeds aan die vereistes van a 83 ev voldoen moet word, ten spyte daarvan dat die kapitaalvermindering deel van 'n a 311 skema uitmaak en sodoende deur die hof bekrachtig word.
- 37) Sien bv *Ex parte Provisional Liquidator Hugo Franco (Pty) Ltd* 1958(4) SA 397(W) 399; *Ex parte Republic Real Estate Corporation Ltd* 1972(1) SA 98(W); *Wilson Brothers and DG Howat & Company Limited, Petitioners* 1939 SLT 68; *RL Hector & Sons Limited Petitioners* 1947 SC 641 oor kapitaalvermindering as deel van 'n skikking- en reëlinskema. Daar kan wel van die reëlinskemaprocedure gebruik gemaak word om 'n oorname te bewerkstellig, ten spyte van die bepalings van a 209 ECA 1948 en a 314 van die Wet.- *Re National Bank Ltd* (1966) 1 All ER 1006 ChD 1013; *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W); sien ook *Re The Bank of Adelaide* 4 ACLR 393 SC (SA)). Sien verder *In re Palace Hotel Limited* (1912) 2 Ch 438, 442; *Re Land & Concrete Pty Ltd & Ors* (1979) 4 ACLR 639 op 641.

-
3. *h Skikking of reëling ingevolge a 311 kan nie gebruik word om iets te bewerkstellig wat ingevolge h ander bepaling van die Maatskappywet ten uitvoer gebring kan word nie.*³⁸

Die Engelse howe is nie geneë om h skema goed te keur wat uitvoer kan word ingevolge h ander bepaling van die ECA 1948 nie,³⁹ en so ook nie die Australiese howe nie.⁴⁰ Hierdie beperking het vroeër baie probleme opgelewer.⁴¹

- 38) Sien by Pennington 472; daar is geen gerapporteerde beslissing in Suid-Afrika waar die hof geweier het om h skema goed te keur bloot omdat die skema iets wou bewerkstellig wat ingevolge h ander bepaling van die Maatskappywet ten uitvoer gebring kan word nie. Vir die posisie in Engeland, sien egter die sake aangehaal in n41 *infra*.
- 39) Pennington 472. In *Re Cooper, Cooper and Johnson Ltd* (1902) WN 199, aangehaal deur Pennington 472, het die hof geweier om h skema goed te keur wat bloot voorsiening gemaak het vir die vermindering van die maatskappy se kapitaal. In *Re St James' Court Estate Ltd* (1944) Ch 6, soos aangehaal deur Pennington 472, was h tweede rede waarom die hof geweier het om h skema vir die omskepping van voorkeuraandele in aflosbare voorkeuraandele goed te keur, die feit dat die maatskappy die skema kan deurvoer deur die uitreiking van nuwe aflosbare voorkeuraandele vir kontant en die opbrengs kan gebruik om bestaande voorkeuraandele af te los deur h behoorlik gemagtigde vermindering van aandeelkapitaal.
- 40) Vgl *Re International Harvester Co of Australia Pty Ltd* (1953) VLR 669; *Re Tillers Pty Ltd and Companies Act 1961* (1970) 3 NSW 202; *Re The Bank of Adelaide* 4 ACLR 393 SC (SA) 429; sien egter *Re Wallace Dairy Co Ltd* (1980) VR 588.
- 41) Sien by Pennington 798-799; *In re Palace Hotel, Limited* (1912) 2 Ch 438; *In re Schweppes, Limited* (1914) 1 Ch 322; *In re JA Nordberg Limited* (1915) 2 Ch 439. Sien daarenteen *In re Doechem Gloves Limited* (1913) 1 Ch 226; *In re General Motor Cab Company Limited* (1913) 1 Ch 377.

In *Re National Bank Ltd*⁴² het die Engelse hof egter 'n skema vir die oordrag van beheer van 'n maatskappy goedgekeur, nieteenstaande die feit dat sodanige oordrag van beheer bewerkstellig kon word deur 'n aanbod om die aandele te verkry, tesame met die mag om aandeelhouders wat nie die aanbod aanvaar nie, te verplig om hul aandele oor te dra ooreenkomstig a 209 van ECA 1948.⁴³

In Suid-Afrika is die howe skynbaar meer geneë om 'n skema goed te keur ten spyte van die feit dat dieselfde resultaat bereik kan word deur gebruik te maak van 'n ander prosedure in die Wet. So is in *Ex parte Federale Nywerhede Bpk*⁴⁴ beslis dat die reëlingskemaprosedure nog steeds⁴⁵ beskikbaar is vir die inkleding van 'n oorname-aanbod, mits dit werklik 'n reëling tussen die maatskappy en sy aandeelhouders is.

Indrie ongerapporteerde skemas⁴⁶ vir die verkryging van beheer oor 'n ander maatskappy, het die hof dit goedgekeur dat gebruik gemaak

42) (1966) 1 All ER 1006 ChD.

43) In *Re Robert Stephen Holdings Ltd* (1968) 1 All ER 195 ChD het die hof verder gegaan en gewaarsku dat waar 'n oornameskema wat bewerkstellig word deur die kapitaalverminderingsprosedure, nie eenparig aanvaar word nie, daar juis van die a 206 (skikking en reëling) prosedure gebruik gemaak behoort te word, omdat die prosedure beter beskerming aan minderhede verskaf. In *Re Trix Ltd. Re Ewart Holdings Ltd* (1970) 3 All ER 397 ChD het regter Plowman aangedring op 'n skema ingevolge a 206 ipv ingevolge a 245, in die geval waar die bates van 'n maatskappy verdeel word anders as streng in ooreenstemming met skuldeisers se regte.

44) 1975(1) SA 806(W).

45) Ten spyte van die bepalings van a 314

46) Die Dodo-gesin se verkryging van die oorblywende aandele van Edworks (1936) Bpk wat nog nie in hul besit was nie; Rembrandt Groep Bpk se oorname van Interkontinentale Brouery Beperk en van Oudemeester Groep Bpk. (Sien H Kagan : *The Mechanics of Take-Overs and Mergers - Changes over the Past Two Years 1979 SA Chartered Accountant 27.*)

word van 'n a 311 skema gekombineer met a 98. Hoewel dieselfde resultaat bereik kan word deur net van a 98 gebruik te maak, is daar skynbaar van a 311 ook gebruik gemaak ten einde groter beskerming aan minderheidsaandeelhouers te verleen.⁴⁷

Hoewel Pennington verklaar⁴⁸ dat a 206⁴⁹ deur die howe beskou word as 'n "residual provision" waartoe 'n maatskappy hom kan wend slegs as die betrokke skema nie ingevolge 'n ander bepaling van die Wet deurgevoer kan word nie, wil dit lyk of die skikking- en reëlinskemaprocedure nou tot sy eie reg kom en nie bloot meer 'n residuele prosedure is nie.

F. GEVOLGTREKKINGS.

Uit die voorgaande blyk dit dat die begrip *skikking* in a 311 van die Wet 'n dispuut veronderstel oor die regte wat geskik word, of indien daar geen dispuut is nie, 'n probleem ivm die afdwinging van daardie regte. Hierdie definisie is wyer as die Romeins-Hollandse definisie van *skikking* of *dading* of *transactio*

Reëling moet nie beperk word tot iets soortgelyk aan *skikking* nie. Dit is 'n baie wye begrip maar het nie 'n vaste inhoud nie.

Hoewel 'n reëling aanvanklik as iets soortgelyk aan 'n *skikking* beskou is, het dit vandag 'n baie meer uitgebreide betekenis. *Skikking* bevat gewoonlik 'n element van akkoord, dws daar word aangebied om 'n vorderingsreg teen die maatskappy af te los teen 'n vergoeding wat minder as die gesigwaarde van die vorderingsreg

47) 'n A 98-oornamen het op daardie stadium 'n besparing van seëlregte meegebring, wat egter nou afgeskaf is. Sien aa 5 en 6 Wysigingswet op Inkomstewette 1982.

48) 798.

49) ECA 1948.

beloop. In die geval van 'n reëling, word die inhoud van 'n vorderingsreg teen die maatskappy omvorm; die *waarde* van die vorderingsreg bly egter konstant, of 'n premie word betaal vir die omvorming van daardie regte. 'n Skikking word dus normaalweg deur die maatskappy met skuldeisers aangegaan, terwyl 'n reëling eerder met aandeelhouers aangegaan word.

Die konsep van *skikking en reëling* impliseer 'n element van tegemoetkoming of van "gee en neem" aan beide kante; 'n blote konfiskering van regte is dus nie 'n skikking of reëling nie.

Die beperking op skikking- en reëlinskemas is dat dit nie iets tot stand kan bring wat die partye nie deur onderlinge ooreenkoms sou kon bereik nie. Dit sluit in dat die skema nie iets kan magtig wat strydig is met algemene reg of met ander bepalings van die Wet nie; dat die skema moontlik nie optrede kan magtig wat geheel en al buite die vermoë van die maatskappy is nie; dat dit nie voorsiening kan maak vir die oordrag van regte wat nie oordraagbaar is nie. Die bevoegdheid wat dan in werklikheid deur a 311 aan die hof verleen word, is om 'n skikking of reëling bindend te maak op dié skuldeisers en lede, of 'n gedeelte van 'n klas van hulle, wat nie die skema wil aanvaar nie.

'n Verdere beperking is dat waar die Wet 'n besondere prosedure neerlê vir die uitvoer van 'n bepaalde handeling, daar ook, benewens die vereistes van 311, aan die ander statutêre prosedure voldoen moet word.

Nog 'n beperking, maar een wat veral in Suid-Afrika nie meer streng toegepas word nie, is dat daar nie van die prosedure ingevolge a 311 gebruik gemaak kan word om 'n gevolg teweeg te bring wat inderdaad uitgevoer kan word ingevolge 'n ander bepaling van die Wet. Hierdie beperking is nuttig deurdit verhoed dat ander statutêre bepalings omseil word deur van 'n skikking- en reëlinskema gebruik te maak. Soos in die volgende hoofstuk sal blyk, ontstaan baie van die probleme wat met skemas ondervind word ongelukkig juis vanweë die feit dat die Suid-Afrikaanse howe nie hierdie beperking streng genoeg toepas nie.

Weens die feit dat die Suid-Afrikaanse howe minder streng is mbt die gebruik van skemas om ander statutêre prosedures te omseil, sal dit ongelukkig mettertyd onvermydelik wees dat die wetgewer moet ingryp ten einde misbruik te bekamp.

Dit is altyd jammer as bepleit moet word dat die wetgewer die ~~howe~~ se diskresie aan bande lê, maar omdat die howe nie in hierdie geval n sterk standpunt ingeneem het teen die misbruik van die skikking- en reëlinskemaprocedure ingevolge a 311 nie, sal die hulp van die wetgewer mettertyd ingeroep moet word. Misbruike van die prosedure word in hoofstuk 10 verder bespreek en voorstelle vir statutêre wysigings word in die slothoofstuk gemaak.

HOOFSTUK 4

DIE GEBRUIK VAN SKIKKING- EN REËLINGSKEMAS

- A. INLEIDING
- B. GEBRUIK VAN DIE SKIKKINGSPROSEDURE
- C. GEBRUIK VAN SKIKKING- EN REËLINGSKEMAS
1. *Oorname van 'n maatskappy wat in likwidasië is, as 'n lopende saak.*
 2. *Vermyding van die betaling van hereregte.*
 3. *Alternatiewe wyse van likwidasië.*
 4. *Wysiging van die regte van aandeelhouers.*
 5. *Oordrag van 'n effektebeursnotering*
 6. *Oordrag van 'n aangeslane belastingverlies.*
 - a) Australië
 - b) Suid-Afrika
- D. GEBRUIK VAN REËLINGSKEMAS
1. *Interne reorganisasies*
 2. *Oornames*
 - a) Engeland
 - b) Suid-Afrika
 3. *Amalgamasies*
- E. AANVULLENDE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAS
- F. GEVOLGTREKKING
-

A. INLEIDING

Aangesien daar in die vorige hoofstuk gepoog is om die omvang van skikking- en reëlinskemas af te baken en om vas te stel watter beperkings daar op skemas is, is dit nou sinvol om te kyk na die gebruik van skikking- en reëlinskemas, soos dit in die praktyk uitgekristalliseer het.

Om doelmatigheidsredes sal onderskei word tussen 'n skikking, 'n reëling en 'n kombinasie van beide 'n skikking en 'n reëling in dieselfde skema. Dit dien egter geen doel om te probeer vasstel of 'n bepaalde skema 'n skikking of anders 'n reëling, of albei is nie.

Normaalweg word 'n skikking met skuldeisers¹ aangegaan en 'n reëling met aandeelhouers.²

-
- 1) Insluitende skuldbriefhouers.
 - 2) Wat weer eens skuldbriefhouers kan insluit.

B. GEBRUIK VAN DIE SKIKKINGSPROSEDURE.

h Skikking ingevolge a 311, sonder h meegaande reëling, word gebruik om die kapitaal- of skuldstruktuur van h maatskappy wat òf insolvent is òf oor onvoldoende kapitaal beskik, te reorganiseer.³

Alvorens h maatskappy h skikkingskema voorstel, is dit nodig om h moratorium te verkry,⁴ aangesien die hof nie by magte is om geregtelike stappe teen die maatskappy, of beslaglegging op die bates van die maatskappy op te skort totdat die skikking goedgekeur is nie.⁵

Die eenvoudigste en mees algemene voorkoms van h skikking is h skema ingevolge waarvan die maatskappy òf h eenmalige betaling òf periodieke toekomstige betalings, aan skuldeisers maak, in ruil vir sessie van skuldeisers se eise.

Moratorium-skema

Waar die skikkingsaanbod voorsiening maak vir die betaling van bestaande skuldeisers dmv periodieke betalings uit toekomstige winste, het dit dieselfde ekonomiese gevolge vir skuldeisers as wat geregtelike bestuur sou hê en kan daar gerieflikheidshalwe

-
- 3) Sien bv *In re Empire Mining Company* (1890) 44 ChD 402, waar daar van skuldeisers verwag is om hul sekuriteit prys te gee in ruil vir volopbetaalde aandele in die maatskappy. In *In re Milne and Choyce Limited* (1953) NZLR 724 is daar ook van skuldbriefhouers verwag om aflossing van hul skuld-briewe by wyse van aandele in die maatskappy te aanvaar. Sien ook Palmer 1976 832.
 - 4) By wyse van h bevel van voorlopige likwidasië of voorlopige geregtelike bestuur. Opheffing van die bevel wat die moratorium tot stand bring, is gewoonlik h voorwaarde van die skikkingsaanbod.
 - 5) Sien bv *Ex parte Coney* 1952(3) SA 745 (SR); *Ex parte Nell & Co (Pty) Ltd* 1958(2) SA 671 (OK). Sien ook *Booth v Walkden Spinning and Manufacturing Company, Limited* (1909) 2 KB 368.

na so 'n skema verwys word as 'n moratorium-skema.⁶

Die belangrikste verskil tussen 'n moratorium-skema en geregtelike bestuur is dat beheer oor die maatskappy, in die geval van 'n moratorium-skema, steeds in die bestaande direksie setel.⁷

In die geval van geregtelike bestuur, gaan beheer oor die maatskappy oor op die geregtelike bestuurder, wat onder beheer van die Meester van die Hooggeregshof funksioneer en wat sekerheid aan die Meester moet stel vir die behoorlike nakoming van sy pligte.⁸

By geregtelike bestuur kan die hof gelas dat terwyl die maatskappy onder geregtelike bestuur is, alle gedinge, geregtelike stappe en die ten uitvoerlegging van alle lasbriewe, dagvaardings en ander regsprosesse teen die maatskappy opgeskort word en nie sonder verloop van die hof voortgesit word nie.⁹

Dit is dus duidelik dat die belange van skuldeisers beter beskerming geniet by geregtelike bestuur as by 'n moratorium-skema.

Dit is ook duidelik dat 'n statutêre prosedure deur middel van 'n skikkingskema, vervang kan word deur 'n kontraktuele skema. Hierdie kontraktuele skema kan selfs op protesterende minderhede afgedwing word. Die vervanging van 'n statutêre prosedure deur 'n kontraktuele prosedure, waarby daar minder beheer is, moet noodwendig tot misbruik kan lei.

-
- 6) Vir voorbeelde van 'n moratorium-skema, sien *F.T. Eastment & Sons Pty Ltd v Metal Roof Decking Supplies Pty Ltd* (1977) 3 ACLR 69; *Ex parte Meer: In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780(D); *Ex parte Cronjé NO* saak no 12119/82 TPA (ongerapporteer); *Harris v S* 2 ACLR 51.
 - 7) Vgl bv die geval van *La Provence Restaurant (Pty) Limited* (in Provisional Liquidation): *Ex parte Cronjé NO* saak no 12119/82 TPA (ongerapporteer).
 - 8) Oor geregtelike bestuur in die algemeen sien Cilliers en Benade 681 ev Henochsberg 745 ev.
 - 9) Artikel 428(2).

C. GEBRUIK VAN SKIKKING- EN REËLINGSKEMAS

Die skemas wat nou bespreek word, behels gewoonlik 'n skikking sowel as 'n reëling.¹⁰

1. Oorname van 'n Maatskappy wat in likwidasië is, as 'n lopende saak.

Die skikking- en reëlingskemaprocedure ingevolge a 311 kan gebruik word om die oorname van 'n maatskappy wat in likwidasië¹¹ is, as 'n lopende saak te bewerkstellig.¹²

Die belangrikste kenmerk van so 'n skema is dat, hoewel dit ingeklee word as 'n skikking en reëling tussen die maatskappy en sy skuldeisers en lede, die aanbod inderdaad deur 'n buitestaander gemaak word. Die buitestaander bied gewoonlik aan om 'n som geld vir verdeling beskikbaar te stel in ruil vir al die aandele in die maatskappy, sowel as sessie van alle eise teen die maatskappy.

Die voordele van so 'n skema is:

-
- 10) Veral in kleiner maatskappye, word die reëlingsaspekte dikwels deurgevoer deur direkte onderhandeling met die lede en vorm dit nie formeel deel van die skema nie.
 - 11) Of onder geregtelike bestuur, in welke geval die toestemming van die hof nodig is (a 434(1)). Gerieflikheidsalwe word egter net na likwidasië verwys.
 - 12) Sien bv *Ex parte Bruyns: In re Coverite (Pty) Ltd* 1968(1) SA 51(W); *Lansdown NO v Baldwins Ltd* 1973(3) SA 908(W); *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N); *Ex parte Hessels NO: In re Etoria Houhandelaars (1969) (Edms) Bpk* saak no M750/76 TPA (ongerapporteur); *Ex parte Hessels NO: In re Nylstroom Uitrusters (Edms) Beperk* saak no M380/78 TPA (ongerapporteur); *Ex parte Hessels NO: In re Kleecal (Edms) Bpk (In Likwidasië)* saak no M3201/79 TPA (ongerapporteur).

Voordele vir skuldeisers

Indien die aanbod 'n kontantaanbod is, ontvang skuldeisers waarskynlik hul dividend vroeër as wat die geval sou wees indien hulle moes wag vir afhandeling van die likwidasiëproses. Om die skema aantreklik te maak, word dikwels 'n effens hoër vergoeding aan konkurrente skuldeisers aangebied as wat die geskatte konkurrente dividend in 'n likwidasië sou wees.

Voordele vir die aanbieder

Die aanbieder kan 'n lopende saak teen 'n diskonto bekom, omdat die maatstaf vir die bepaling van die koopprys mag wees wat die bates op 'n gedwonge openbare veiling sou realiseer. Dit is dus moontlik om 'n lopende saak te bekom teen die prys wat die komponente as tweedehandse goed sou oplewer.¹³

Voordele vir die likwidateur¹⁴

Die nodige bedinge kan in die skikking- en reëlinskema-aanbod ingevoeg word as gevolg waarvan die maatskappy van likwidasië¹⁵ onthef word en die likwidateur van sekere administratiewe pligte, soos bv die plig om 'n rekening op te stel, onthef word. Verder word die likwidateur onthef van sy verpligting om rekenskap aan die Meester van die Hooggeregshof te doen van sy administrasie van die boedel. Waar die likwidateur ook as voorsitter en ontvanger namens skuldeisers aangestel word, is hy nie onderhewig aan die skale van vergoeding soos deur die Meester neergelê nie en kan hy bv 'n hoër vergoeding beding as wat die geval sou gewees het indien die likwidasië sy normale gang gegaan het.¹⁶

-
- 13) Verdere voordele is dat bestaande verbande oor die vaste eiendom in stand gehou kan word, dat dienskontrakte outomaties deur likwidasië beëindig is, (mits die maatskappy nie in staat is om sy skulde te betaal nie), sodat swak personeel nie weer in diens geneem hoef te word nie (a 38 Insolvensiewet, 24 van 1936, gelees met a 339 van die Wet).
- 14) Of geregtelike bestuurder.
- 15) Of geregtelike bestuur.
- 16) Vgl bv *Ex parte Hessels NO: In re Meyerbank Investments (Pty) Ltd (In Liquidation)* saak no M837/76 TPA (ongerapporteer) waar 'n vergoeding op die realisering van vaste eiendom beding is teen die koers normaalweg van toepassing op die realisering van roerende bates.

Saam met die skema vir die skikking van skuldeisers se eise, kan 'n spesiale besluit vir bekragtiging van die vermindering van die maatskappy se kapitaal aan die Hof voorgelê word.¹⁷ Slegs die uitgereikte kapitaal van die maatskappy hoef verminder te word, nie die nominale kapitaal nie.¹⁸

Nadele

Daar is geen statutêre bepalings ter beskerming van skuldeisers nadat die skema deur die hof bekragtig is nie. Veral onversekerde skuldeisers is uitgelewer aan die integriteit van die voorsitter en ontvanger namens skuldeisers,¹⁹ en aan die vermoë van die aanbieder om sy aanbod uit te voer.²⁰

2. Vermyding van die betaling van hereregte.

Waar 'n maatskappy wat in likwidasie is, onroerende eiendom besit, kan die skikking - en reëlinskemaprocedure gebruik word om effektief oordrag van die onroerende eiendom te gee aan 'n nuwe "koper" van die eiendom. Die skema word

-
- 17) *Ex parte Provisional Liquidator Hugo Franco (Pty) Ltd* 1958(4) SA 397(W).
- 18) *Ex parte Rattham & Son (Pvt) Ltd* 1959(2) SA 74(SR); *In re African Film Productions Ltd (in vol. liq.)* 1959(4) SA 76(W); *Ex parte Associated Lead Manufacturers (Pty) Ltd* 1960(2) SA 36(D); *Ex parte Republic Real Estate Corporation Ltd* 1972(1) SA 98(W); *Rosslare (Pty) Ltd v Registrar of Companies* 1972(2) SA 524(D) op 530.
- 19) Dit word nie noodwendig van die ontvanger namens skuldeisers verwag om 'n afsonderlike bankrekening in naam van die maatskappy te open of om sekerheid te stel vir die behoorlike uitoefening van sy pligte nie. Sien H 8.
- 20) Die vermoë van die aanbieder om sy aanbod uit te voer, is 'n ekonomiese oordeel en die hof is nie toegerus om so 'n oordeel uit te spreek nie, sodat hy hom dikwels op die mening van skuldeisers verlaat - as die hof enigsins aandag aan die probleem gee.

so ingeklee dat die maatskappy eienaar van die onroerende eiendom bly, maar ontslae is van sy ander laste en/of bates.²¹ Op hierdie wyse word die koste verbonde aan registrasie van oordrag van die onroerende eiendom aan 'n nuwer koper, bespaar.²²

3. Alternatiewe wyse van likwidasie.

'n Skikking of reëling ingevolge a 311 kan gebruik word as 'n spesiale of alternatiewe wyse van likwidasie.²³ Die likwidasieprosedure vereis 'n spoedige realisering van die bates van 'n maatskappy,²⁴ wat nie altyd die mees doeltreffende

-
- 21) Vir voorbeelde van sodanige skemas, sien *Ex parte Van der Walt NO: In re Chris D Botha Beleggings (Edms) Bpk* saak no M1186/75 TPA ongerapporteur; *Ex parte Hessels NO: In re Meyerbank Investment (Pty) Ltd (In Liquidation)* saak no M837/76 TPA (ongerapporteur) (in hierdie geval het die totale eise van konkurrente skuldeisers R4,56 beloop); *Ex parte Hessels NO: In re Bevken Investments (Pty) Ltd (In Liquidation)* saak no M175/78 TPA (ongerapporteur); *Ex parte Carstens NO: In re Lowveld Fence & Wire Industries (Pty) Ltd (In Liquidation)* M231/78 TPA (ongerapporteur) *Ex parte De Wet: In re Sidmoll Properties (Pty) Ltd (In Provisional Judicial Management)* 4923/80 WPA (ongerapporteur). *Ex parte Millman and Cohen: In re Glen Anil Investments (Pty) Ltd (In Liquidation)* saak no 2589/80 WPA (ongerapporteur); *Ex parte De Wet NO: In re Montague Street Investments (Pty) Ltd* saak no M820/80 TPA (ongerapporteur).
- 22) Teen hierdie kostebesparing moet die koste verbonde aan die skema opgewee word. Waar die maatskappy oor roerende bates beskik waarin die aanbieder nie belangstel nie, kan hierdie bates as deel van die skema aan die ontvanger oorgedra word vir realisering ten behoeve van skuldeisers. Sien bv die skema van Southern Cross Holdings Ltd *The Citizen* 1978-12-22.
- 23) Vgl *Du Preez v Garber: In Re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 814; *In re English, Scottish and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385 op 394; *In re City of Melbourne Bank Ltd (In Liquidation)* (1897) 19 ALT 80.
- 24) Die likwidateur moet 'n rekening binne ses maande vanaf datum van sy aanstelling by die Meester indien, hoewel beperkte verdere uitstel aan hom verleen kan word. Vgl aa 403-405 van die Wet en sien *Cilliers en Benade* 666-667; *Henochsberg* 701-705.

wyse van realisering is nie.²⁵

h Skikking- en reëlinskema as alternatiewe wyse van likwidasië kan een van drie vorms aanneem:

- a) h Moratorium kan aan die maatskappy deur huidige skuldeisers verleen word. Die skikkingsprosedure word gebruik om die moratorium effektief te maak.²⁶ So h skema behels die geleidelike realisering van die maatskappy se bates deur die ontvanger namens skuldeisers, wat dan telkens h verdeling onder skuldeisers maak wanneer hy fondse voorhande het.²⁷
- b) h Skema kan voorgestel word ingevolge waarvan die direksie in die toekoms uitsluitlik deur skuldeisers of groepe skuldeisers aangewys word,²⁸ in ruil vir opheffing van die likwidasiëbevel.²⁹
- c) h Skema kan behels dat h nuwe "realisasiemaatskappy" gestig word, met die huidige skuldeisers as enigste of belangrikste aandeelhouers in die nuwe maatskappy.³⁰

-
- 25) *In Du Preez v Garber: In Re Die Boerebank Bpk 1963(1) SA 806(W)* het die bank verbande gehad oor o.a. h sitrusboord en aangeplante bosse, welke grond verder ontwikkel en geleidelik gereëliseer moes word. h Dorpsgebied waarin die bank h belang gehad het, moes eers ontwikkel word en in h behoorlike realiseerbare toestand gebring word alvorens dit verkoop word. (sien 822A van die verslag). Sien ook *Ex parte Klopper and Another NNO: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254(T) op 258.
 - 26) Vir h bespreking van sg moratorium-skema, sien B. GEBRUIK VAN DIE SKIKKINGSPROSEDURE hierbo.
 - 27) Vgl *Ex parte Klopper and Another NNO : In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254(T) waar die bates egter in die hande van die ontvanger namens skuldeisers gelaat sou word vir realisering, terwyl die maatskappy as "leë dop" sou bly bestaan.
 - 28) Sien *Re Oceanic Steam Navigation Co Ltd (1938)* 3 All ER 740 (ChD).
 - 29) Beheer oor die maatskappy setel dus in die skuldeisers, hoewel aandeelhouers hul aandele behou.
 - 30) Vgl *Du Preez v Garber : In re Die Boerebank Bpk 1963(1) SA 806(W)*. Sien ook *In re City of Melbourne Bank Ltd (1897)* 19 ALT 80.

Besware teen die gebruik van 'n skikking- en reëlinskema as alternatiewe wyse van likwidasië .

In die *Boerebank*-saak³¹ is daar namens sommige konkurrente skuldeisers aangevoer dat die besondere skema slegs 'n spesiale manier voorsien het om die bank te likwideer en dat dit dus nie binne die bestek van 'n reëling, soos die uitdrukking in a 311 gebruik word, val nie. Daar is o.a. aangevoer dat dit die wetgewer se bedoeling, soos uitgedruk in die Maatskappywet, was dat likwidasiës slegs uitgevoer moes word ooreenkomstig en onderhewig aan die beskerming in die Wet voorsien, en dat die besondere reëling wat ontwerp is om hierdie voorskrifte te omseil, dus nie goedgekeur kan word nie.³²

Regter Trollip bevind dat daar geen meriete is in die voorgestelde beperkings dat 'n reëling ingevolge a 311³³ nie voorsiening kan maak vir 'n spesiale of alternatiewe wyse om 'n maatskappy te likwideer nie. Hoewel a 340(3)³⁴ bepaal dat 'n sessie of afstand deur 'n maatskappy van al sy goed aan trustees ten bate van al sy skuldeisers, nietig is, is hierdie bepaling slegs van toepassing op 'n *vrywillige* sessie of afstanddoening deur die maatskappy *voordat* likwidasië 'n aanvang neem. Hierdie bepaling is dan nie van toepassing op 'n verpligte sessie of afstanddoening tot stand gebring deur regswerking, of deur 'n statutêre reëling deur die hof ooreenkomstig a 311³⁵ goedgekeur nie.

31) *Du Preez v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806 (W)

32) 812-813.

33) Die regter verwys natuurlik na die voorganger van a 311, nl a 103 van die 1926-Wet.

34) A 181(3) van die 1926-Wet.

35) A 103 van die 1926-Wet.

Daar kan dus geldiglik in die Suid-Afrikaanse reg van die skikking- en reëlinskemaprocedure gebruik gemaak word as 'n spesiale of alternatiewe wyse van likwidasië.

Die belangrikste beswaar hierteen is dat beheer oor hierdie alternatiewe wyse van likwidasië nie meer in die Meester van die Hooggeregshof setel nie, maar dat die beheermeganismes van kontraktuele oorsprong is, soos vervat in die aanbod van skikking en reëling. Hierdie vermyding van die beskerming aan skuldeisers verleen deur die Wet en deur die beheer van die Meester van die Hooggeregshof, kan hom dus tot misbruik leen.

4. Wysiging van die regte van aandeelhouders.

Wanneer die lede van 'n klas skuldeisers of lede nie op gelyke voet behandel word nie, is dit wenslik om van die skikking- en reëlinskemaprocedure gebruik te maak.³⁶ Waar 'n maatskappy bv gelikwider word en daar 'n oorskot van bates bo laste is, moet die oorskot streng ooreenkomstig die onderskeie regte van aandeelhouders tussen hulle verdeel word. Indien dit nie kan gebeur nie, moet 'n skema gebruik word om die onderlinge regte van aandeelhouders te reël³⁷.

Indien dit om die een of ander rede wenslik sou wees om die bates van 'n maatskappy direk tussen sy skuldeisers te verdeel, moet 'n a 311-skema gebruik word, met of sonder voorafgaande likwidasië van die maatskappy.³⁸

36) *Re Trix Ltd. Re Ewart Holdings Ltd* (1970) 2 All ER 397 ChD; *In re Robert Stephen Holdings Ltd* (1968) 1 All ER 197 ChD.

37) 'n Praktiese voorbeeld ter illustrasië: Waar A en B die enigste twee aandeelhouders in 'n maatskappy is wat twee woonstelle besit, hoef die likwidateur nie in 'n vrywillige likwidasië deur lede van die maatskappy, die eiendomme te realiseer nie, mits alle uitstaande verpligtinge van die maatskappy nagekom is. Die likwidateur is egter verplig om in die verdelingsrekening 'n onverdeelde halwe aandeel van beide eiendomme in die verdelingsrekening aan elk van A en B toe te ken. Indien hy een eiendom aan A en die ander aan B, met of sonder 'n kontantaanpassing, wil toeken, sal 'n skema ingevolge a 311 waarskynlik deurgevoer moet word.

38) *In Re Oceanic Steam Navigation Co Ltd* (1938) 3 All ER 740, is gepoog om so 'n skema deur te voer. Hoewel die regter van mening was dat die skema billik was, is beslis dat die skema nie goedgekeur kan word nie omdat die maatskappy nie die bevoegdheid gehad het, terwyl dit nie in likwidasië was nie, om al sy bates te vervreem nie.

5. Oordrag van 'n effektebeursnotering.

Waar 'n maatskappy voor likwidasië op 'n effektebeurs genoteer was, is dit moontlik om 'n a 311-skema te gebruik ten einde 'n effektebeursnotering vir 'n ander maatskappy te bekom.³⁹

'n Voorbeeld van die verkryging van 'n effektebeursnotering op hierdie wyse, is dié van Power Technologies Bpk.⁴⁰ Die prosedure wat in die besondere geval gevolg is, was kortliks soos volg:

- a) Maatskappy A maak 'n aanbod aan die voorlopige likwidateur⁴¹ van S, ingevolge waarvan feitlik alle bates van S en sy filiale, behalwe S se aandele in sy filiale,⁴² aan die ontvanger namens skuldeisers oorgedra word vir realisering ten behoeve van skuldeisers. Hierbenewens betaal A 'n kontantbedrag aan die ontvanger, ook vir verdeling.
- b) In ruil vir aandele in S, verkoop A sy aandele in 'n winsgewende filiaal, aan S.
- c) Terselfdertyd word S se naam verander na Power Technologies Bpk.
- d) Die aandele deur A in Power Technologies verkry, word op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer.

39) 'n Sogenaamde "back-door listing".

40) Sien *The Citizen* 1978-12-22 20-21 vir die verklaring op versoek van die Johannesburgse Effektebeurs uitgereik deur Power Technologies Beperk, voorheen Southern Cross Holdings Beperk, voorheen Free State (Selected) Gold Reefs Beperk. Dit is waarskynlik ook raadsaam om terselfdertyd die maatskappy se naam te verander.

41) Gerieflikheidshalwe word die enkelvoud gebruik. Die aanbod is inderdaad aan die twee medelikwidateurs gemaak, wat ook ingevolge die aanbod mede-ontvangers namens skuldeisers geword het.

42) En die eise vir terugbetaling van leningsheffings deur S en sy filiale betaal.

Op hierdie wyse is 'n bestaande effektebeursnotering effek-
tief aan 'n nuwe maatskappy oorgedra deur gebruik te maak
van die skikking- en reëlinskemaprocedure ingevolge
a 311.

6. Oordrag van 'n aangeslane belastingverlies.

Waar 'n maatskappy in likwidasie is en 'n aangeslane belas-
tingverlies het, is hierdie aangeslane belastingverlies 'n
potensiële bate wat tot niet gaan tensy dit dmv 'n a 311-
skema benut kan word.

a) Australië

In Australië is daar meermale gepoog om 'n skikking- en
reëlinskema te gebruik om 'n aangeslane belastingverlies
effektief aan 'n ander maatskappy oor te dra.

Die kenmerkende eienskappe van 'n belastingverliesskema is
soos volg in *Re Mascot Home Furnishers Pty Ltd*⁴³ uiteen-
gesit: 'n Gedeeltelike vergoeding word deur 'n derde aan
'n "trustee" vir die betrokke maatskappy, sy lede en skuld-
eisers, betaal. Na betaling, sedeer skuldeisers hul eise
aan die derde en dra aandeelhouers hul aandele aan die
derde oor. Hoewel die maatskappy se skulde nie uitgewis
word nie, kan die "trustee" nou 'n dividend, of 'n hoër dividend,
aan skuldeisers uitbetaal. Daarna kan die derde 'n gedeelte
of die geheel van 'n florerende soortgelyke besigheidsaktiwi-
teit aan die sg "verlies-maatskappy" wat deur hom oorgeneem
is, oordra. Die belastingverlies word dan in berekening
gebring by die daaropvolgende belastingpligtigheid van die
florerende besigheid deur die derde gedryf in naam van die
maatskappy. Regter Gillard verklaar dat

43) (1970) VR 593.

"such an objective would appear to be neither illegal or (*sic*) contrary to business morality".⁴⁴

Desnieteenstaande misluk die skema omdat die regter weier om die likwidasierigtinge op te skort of op te hef.⁴⁵

Ten spyte van kritiek⁴⁶ word die beslissing deur 'n ander hof nagevolg⁴⁷ en word laasgenoemde saak deur die Court of Appeal bekragtig.⁴⁸

Die Australiese hof ontken nie dat 'n belastingverlies in 'n gepaste geval benut kan word nie,⁴⁹ maar weier dikwels om as deel

-
- 44) Op 594. As gesag word gesteun op *Re Weston's Settlements* (1968) 3 All ER 338 op 342, waar Lord Denning verklaar dat "Nearly every variation that has come before the court has tax avoidance for its principal object; and no one has ever suggested that it is undesirable or contrary to public policy".
- 45) Indien daar bewys is dat nuwe fondse in die maatskappy ingebring sou word, sou die regter moontlik die skema goedgekeur het.
- 46) Sien "R.B.", *Commercial Law Notes* 45(1971) ALJ 102.
- 47) *Re Data Homes Pty Ltd and the Companies Act* (1971) 1 NSWLR 338.
- 48) *Re Data Homes Pty Ltd (In Liq.) and the Companies Act* (1972) 2 NSWLR 22 (CA).
- 49) Sien *Smith v In Shoppe Pty Ltd* (1975) 1 ACLR 109, waar vermeld word dat twee sodanige skemas goedgekeur is. In hierdie saak het die Kommissaris van Belasting geweier om aan die "koper" van die belastingverlies die voordeel van die belastingverlies toe te laat. Die "verkoper" eis desnieteenstaande die uitstaande koopprijs, omdat dit nie 'n voorwaarde van die ooreenkoms was dat die Kommissaris die voordeel van die belastingverlies moes toelaat nie. Die "verkoper" slaag in sy aansoek.

van so 'n skema die likwidasië van die maatskappy op te hef, op grond daarvan dat opheffing van die bevel nie in die openbare belang is nie, waar die maatskappy na opheffing van die bevel nog steeds insolvent sal wees.⁵⁰

b) Suid-Afrika

In Suid-Afrika het die verkryging van 'n aangeslane belastingverlies deur middel van 'n oornamaanbod⁵¹ ter sprake gekom in *Sammel and Others v President Brand Gold Mining Co Ltd*,⁵² waar die aangeslane belastingverlies sowat R33 miljoen beloop het.

'n Aangeslane belastingverlies as moontlike motivering vir 'n skikkingsaanbod, het ook ter sprake gekom in *Ex parte Klopper: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd*,⁵³ maar die Suid-Afrikaanse hof het hulle nog nie uitgelaat oor die toelaatbaarheid en/of moraliteit van belastingverlieskemas nie.

In geen gerapporteerde beslissing het die Suid-Afrikaanse hof nog die kwessie van opskorting van die likwidasiëproses ingevolge die magte verleen deur a 354(1), afsonderlik oorweeg

50) Klem word veral gelê op die sg "toets van kommersiële moraliteit", wat aan die begin van die eeu neergelê is in sake soos *Re Telescriptor Syndicate Ltd* (1903) 2 Ch 174. Vgl verder *Bridges v Hershon* (1968) 3 NSW 47 wat nie vir my beskikbaar is nie, maar wat bespreek is in 44 (1970) ALJ 176 deur R Baxt. Sien ook Paterson and Ednie par 181/41; "R.B.", Commercial Law Notes 47 (1973) ALJ 270

51) Dws nie 'n skikking- of reëlinskema ingevolge a 311 nie.

52) 1969(3) SA 629(A).

53) *Ex parte Klopper and Another NNO: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254(T).

van die vereistes waaraan die skema ingevolge a 311 en 312 moet voldoen nie.

Indien ons howe strenger sou let op a 354(1), en opheffing van die likwidasiëbevel afsonderlik van goedkeuring van die skema oorweeg, sal dit moontlik misbruik van a 311 meer aan bande lê.

D. GEBRUIK VAN REËLINGSKEMAS

Reëlingskemas alleen, sonder 'n meegaande skikking, word gebruik om interne reorganisasies teweeg te bring, sowel as om oornames en amalgamasies te bewerkstellig.

'n Aantal terme wat in hierdie verband gebruik word, soos *reorganisasie*, *rekonstruksie*, *amalgamasie*, *samesmelting* en *oorname* is besigheidsterme en het geen duidelik definieerbare en onderskeibare juridiese betekenis nie.⁵⁴ Gerieflikheidshalwe kan onderskei word tussen reëlings waarby slegs een maatskappy betrokke is⁵⁵ en die regte van sy beleggers en, in sommige gevalle,

54) Volgens Gower 682 word in die algemeen gesproke die uitdrukking *rekonstruksie*, *reorganisasie* of *reëlingskema* gebruik wanneer slegs een maatskappy betrokke is en die regte van sy beleggers en, in sommige gevalle, van sy skuldeisers, gewysig word. Onder 'n *amalgamasie*, *oorname* of *samesmelting* word twee of meer maatskappye saamgevoeg, of *de iure* deur 'n konsolidasie van hul ondernemings, of *de facto* deur die verkryging van 'n beherende belang in die aandeelkapitaal van een deur die ander, of in die kapitaal van beide deur 'n nuwe maatskappy. Hierdie omskrywing van Gower is vatbaar vir kritiek, maar aangesien dit hier om handelsterme sonder 'n vasstaande juridiese inhoud gaan, sal verdere ontleding geen doel dien nie. Sien ook Pennington 790; 7 Halsbury par 1539; Palmer 1976 829; Weinberg and Blank *Takeovers and Mergers* 3 (hierna na verwys as "Weinberg and Blank"). Cilliers en Benade 413, 435-436. Vir 'n verdere ontleding van die begrippe *rekonstruksie* en *amalgamasie*, sien H 7 F 5 c) *Magte in rekonstruksie of amalgamasie*.

55) By rekonstruksie en reorganisasies. Volgens Gower 615 val reëlingskemas ook in hierdie kategorie.

van sy skuldeisers, gewysig word,⁵⁶ en reëlings waardeur twee of meer maatskappye saamgevoeg word.⁵⁷

Reëlings waarby slegs een maatskappy betrokke is, sal na verwys word as interne reorganisasies. Reëlings waarby meer as een maatskappy betrokke is, sal na verwys word as oornames of amalgamasies, afhangende van die aard van die bepaalde reëling.

1. Interne reorganisasies

Hierdie skemas word deurgevoer waar die bates van die maatskappy meer werd is as die totaal van sy skulde en sy aandelekapitaal, dit wil sê waar sy bates sy laste oorskry. Die reëling word ontwerp om die regte van aandeelhouders of skuldbriefhouders te wysig, slegs ten einde voorsiening te maak vir 'n gebeurlikheid wat onverwags plaasgevind het, of om die maatskappy in staat te stel om nuwe kapitaal te bekom of om die bestaande kapitaalstruktuur te reorganiseer.⁵⁸

Voorbeelde van sulke reëlingskemas wat goedgekeur is, is:

- (i) 'n Reëlingskema wat die borg vir 'n maatskappy se skuldbriefverplichtinge ontslaan het omdat die borg insolvent geraak het.⁵⁹

56) Dit is inderdaad moontlik dat 'n skuldeiser se regte "gereël" word sonder dat dit *geskik* word.

57) Deur by 'n amalgamasie, oorname of samesmelting hetsy *de iure* of *de facto*.

58) Pennington 474. Sien ook Cilliers & Benade 413.

59) *Shaw v Royce Ltd* (1911) 1 Ch 138.

-
- (ii) 'n Skema wat die uitgereikte gewone en uitgestelde aandele in een klas aandele saamgevoeg het, ten einde die kapitaalstruktuur van die maatskappy te vereenvoudig en te verstewig.⁶⁰
- (iii) 'n Skema wat die rentekoers op voorkeuraandele, wat neergelê is in die akte van oprigting, te verhoog.⁶¹
- (iv) 'n Skema vir die wysiging van spesiale regte verbonde aan 'n bepaalde klas aandele, hoewel geen voorsiening in die akte van oprigting gemaak is vir wysiging van hierdie regte nie.⁶²
- (v) 'n Skema ingevolge waarvan vier van die agt aandele in die maatskappy gekanselleer is en aan die houers van die gekanselleerde aandele hul pro rata aandeel in die netto bates van die maatskappy uitbetaal is.⁶³

Die volgende reëlinskemas was egter nie suksesvol nie:

- (i) 'n Skema wat gepoog het om een van die doelstellings van die maatskappy te wysig.⁶⁴
- (ii) 'n Skema waardeur gepoog is om 'n agterstallige dividend op voorkeuraandele te kanselleer.⁶⁵

-
- 60) *Carruth v Imperial Chemical Industries, Ltd* (1937) 2 All ER 422(HL).
- 61) *In re Fisher & Simmons Ltd* 1958(3) SA 306(W), waar die rentekoers van 5% na 6½% verhoog is.
- 62) *City Property Investment Trust Corporation, Petitioners* (1961) SC 570. Sien ook Palmer 1976 831.
- 63) *Re West Humber Apartments Ltd* (1969) 2 DLR (3d) 110. Dit is te betwyfel of hierdie belissing deur die Suid-Afrikaanse houe nagevolg sal word.
- 64) *Re International Harvester Co of Australia Pty Ltd* (1953) VLR 669.
- 65) *In re AW Allen Limited* (1930) VLR 251. Sien verder 7 Halsbury par. 1534.

2. Oornames

Hoewel die Wet uitdruklik voorsiening maak vir 'n prosedure waarvolgens oornamaanbiedinge gemaak moet word,⁶⁶ word die reëlinskemaproedure ingevolge a 311 gebruik om dieselfde ekonomiese gevolge teweeg te bring as wat 'n oornameskema ingevolge aa 314-321 teweeg sou bring.⁶⁷

Aangesien daar aanvanklik onsekerheid bestaan het oor die gebruik van die reëlinskemaproedure om 'n oornama te bewerkstellig, is dit nodig om die posisie na te gaan in die Engelse sowel as die Suid-Afrikaanse regspraak.

a) Engeland.

Die vraag of die reëlinskemaproedure,⁶⁸ waar daar kleiner meerderhede vereis word as by 'n oornama,⁶⁹ gebruik kan word om 'n oornama te bewerkstellig, is pertinent oorweeg in *Re National Bank Ltd.*⁷⁰ Regter Plowman beslis dat 'n oornama wel deur middel van a 206 reëlinskema bewerkstellig kan word om die volgende redes:

- (i) Indien oornames uitgesluit is onder a 206, sou dit 'n beperking of kwalifikasie plaas, òf op die algemeenheid van die woord "reëling" in a 206, òf op die diskresie van die hof ingevolge daardie artikel. Aangesien die wetgewer dit nie dienlik geag het om enige sodanige beperking uitdruklik neer te lê nie, is Regter Plowman nie bereid om so 'n beperking daarin te vind nie.

66) Vgl a 314(2).

67) Vgl Van Wyk de Vries *Kommissie Aanvullende Verslag* 119.

68) Ingevolge a 206 ECA.

69) 'n Oornamaaanbod ingevolge a 209 ECA moet aanvaar word deur 'n onafhanklike negentig persent van die aandeelhouders; ingevolge a 206 word 'n vyf-en-sewentig persent meerderheid van aandeelhouders wat teenwoordig is en wat stem, vereis.

70) (1966) 1 All ER 1006.

(ii) Aa 206 en 209 behels heeltemal verskillende oorwegings en verskillende benaderings. Onder a 206 kan 'n reëling slegs goedgekeur word indien die kwessie van die regverdigheid van die reëling reeds by die aanvang aan die hof voorgelê word. Onder a 209 mag die aangeleentheid daarenteen moontlik nooit voor die hof kom nie; al kom dit voor die hof, rus die bewyslas op die afwykende minderheid om die onredelikheid van die skema te bewys.

Daar is dus goeie redes waarom 'n kleiner meerderheid ten gunste van 'n skema onder a 206 vereis word as die meerderheid wat onder a 209 vereis word indien die minderheid oteien gaan word.⁷¹

Sedertdien word aanvaar dat die reëlinskemaprocedure in Engeland aangewend kan word om 'n oornome te bewerkstellig.⁷²

b) Suid-Afrika

Die beslissing in *Re National Bank Ltd*⁷³ kon nie, na die inwerkingtreding van die Wet in 1974, sonder meer in Suid-Afrika nagevolg word nie, weens die bepalinge van a 314(2), wat die maak van 'n oornome-aanbod verbied tensy daar aan bepaalde vereistes voldoen word. Dit het die vraag laat ontstaan of dit nog moontlik was om 'n oornome te bewerkstellig deur gebruik te maak van 'n reëlinskema ingevolge a 311.

71) 1012-1013.

72) Vg Weinberg and Blank 84, 112; Gower 786; Gore-Browne par 30-26. In Australië kon daar vroeër van die reëlinskemaprocedure gebruik gemaak word om oornomes te bewerkstellig. Vgl in hierdie verband *Re The Bank of Adelaide* 4 ACLR 393; *Re Wallace Dairy Co Ltd* (1980) VR 588. Artikel 315(20) van die Companies Act 1981 (Cth) bepaal nou uitdruklik dat die hof nie 'n skikking of reëling ooreenkomstig a 315 mag goedkeur tensy die hof tevrede is dat die skikking of reëling nie voorgestel is met die doel om enige bepalinge van die Companies (Acquisition of Shares) Act 1980 te vermy nie. Sien ook Paterson, Ednie & Ford *A Guide to the National Scheme and Revised Companies Bill* 1980 64.

73) (1966) 1 All ER 1006.

In *Ex parte Federale Nywerhede Bpk*⁷⁴ beslis regter Coetzee dat die reëlinskemaprocedure wel gebruik kan word om 'n oorname deur te voer, mits dit werklik 'n reëling *tussen die maatskappy en sy aandeelhouders* is, soos vereis deur a 311(1).⁷⁵ 'n Belangrike rede hiervoor is dat 'n oorname-aanbod, soos gedefinieer in a 314(1), 'n aanbod vir die *verkryging* van aandele is en dat hierdie skema slegs die *uitwissing* van aandele behels.⁷⁶

Sedertdien is die reëlinskemaprocedure dikwels in Suid-Afrika gebruik om 'n oorname te bewerkstellig.⁷⁷

Prosedure ingevolge a 311 om 'n oorname te bewerkstellig.

Veral in Suid-Afrika, moet 'n oorname-aanbod ingevolge a 311, versigtig ingeklee word sodat die skema nie deur die verbod in a 314(2) getref word nie.

74) 1975(1) SA 826(W).

75) 830, 832.

76) 833. Sien ook Cilliers en Benade 448.

77) Sien bv *Ex parte Massey-Ferguson (Suid-Afrika) Beperk* saak no 79/16080 WPA (ongerapporteer); *Ex parte James Brown & Hamer Ltd D & KPA* saak no M732/80 (ongerapporteer); *Ex parte Monis and Fattis Industries Limited* WPA saak no 15263/1982 (ongerapporteer). Sien verder Kagan "The Mechanics of Take-Over and Mergers - Changes over the Past Two Years" (1979) 15 *SA Chartered Accountant* 17 (hierna na verwys as "Kagan") en die voorbeelde daar deur hom genoem: die oorname van Hippo Holding Co Bpk deur Anglo Alpha Cement Bpk (1977); oorname van C J Fuchs Bpk deur Barlow Rand Bpk (1977); verkryging deur Hendler-gesin van aandele nie reeds gehou in Hendler Metal Industries Bpk (1977) nie; die verkryging van Howden Group SA Ltd deur Howden Group Ltd UK (1978). Die a 311-prosedure word ook soms gekombineer met 'n a 98(2) prosedure. Sien ook Cilliers en Benade 448.

Die reëlinskema wat deurgevoer word om die oornome te bewerkstellig, behels die volgende:⁷⁸

- Alle aandele in die doelwitmaatskappy deur huidige aandeelhouders (met uitsondering van die aanbiedermaatskappy) gehou, word gekanselleer.
- Aandele in die aanbiedermaatskappy⁷⁹ word aan hierdie aandeelhouders uitgereik as vergoeding vir die gekanselleerde aandele.
- Die reserwe in die doelwitmaatskappy geskep deur die kansellering van al die buiteaandeelhouders se aandele, word gekapitaliseer en gebruik om te betaal vir verdere aandele in die doelwitmaatskappy, welke aandele aan die aanbiedermaatskappy uitgereik word in die plek van dié wat gekanselleer is.⁸⁰

Ter beskerming van die doelwitmaatskappy se aandeelhouders, is in *Ex parte Federale Nywerhede Bpk*⁸¹ vereis dat 'n aanvaarbare kontrak tussen die doelwitmaatskappy en die aanbiedermaatskappy by die Hof geliasseer word waarin die aanbiedermaatskappy homself teenoor die aandeelhouders verbind om, na goedkeuring van die skema, die aandele aan hulle uit te reik.

78) Weinberg & Blank 84.

79) Of ander vergoeding.

80) Sien ook Cilliers en Benade 448; Kagan 30.

81) 1975 (1) SA 826 (W) op 835pr.

Voordele van die reëlinskemaprocedure bo die oorname-aanbod-prosedure.

Omdat die reëlinskemaprocedure besliste voordele bo die oorname-aanbodprosedure bied waar dit gaan om verkryging van beheer oor 'n maatskappy, sal hierdie prosedure waarskynlik in toenemende mate in die toekoms gebruik word vir beheerverkryging. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om te kyk na die voordele van die reëlinskemaprocedure bo die oorname-aanbodprosedure.

Die belangrikste voordele verbonde aan die gebruik van die reëlinskemaprocedure om 'n oorname te bewerkstellig, is soos volg:⁸²

- (i) 'n Kleiner meerderheid word benodig vir die aanvaarding van 'n reëlinskema, nl 75% van elke klas aandeelhouers,⁸³ teenoor 90% van die klas aandeelhouers in die geval van die oorname-aanbodprosedure.⁸⁴
- (ii) Die kleiner meerderheid wat vir 'n skema ingevolge a 311 benodig word, is dié van lede van die klas wat by 'n vergadering teenwoordig is⁸⁵ en stem; die meerderheid van 90% in die geval van 'n oorname-aanbod behels 90% van al die lede van die bepaalde klas. In die geval van 'n a 311-aanbod werk onverskilligheid aan die kant van aandeelhouers dus ten gunste van die aanbieder.

82) Sien in die algemeen Weinberg & Blank 85-86; Katz "Legal aspects of the regulation of take-overs" 1979 MB 53, 54.

(Hierna na verwys as "Katz").

83) A 311(2) (b).

84) A 321(1).

85) Persoonlik of deur volmag.

-
- (iii) 'n Skema ingevolge a 311 behoort vinniger deurgevoer te kan word as 'n aanbod ingevolge aa 314-321.⁸⁶ Hoewel dit die teoretiese posisie is, het 'n gevallestudie deur Macgregor⁸⁷ aangetoon dat dit dikwels nie die geval is nie.⁸⁸
- (iv) Ingevolge die a 311-prosedure sal die aanbiedermaatskappy op 'n vroeër stadium 'n aanduiding kan kry of sy aanbod gaan slaag, al dan nie. Die aanbieder loop ook nie die risiko dat hy gebonde gehou gaan word aan 'n gedeeltelik-uitgevoerde skema, soos dit die geval met 'n a 314-321 skema mag wees, nie.⁸⁹
- (v) Ingevolge die a 311-prosedure is direkteure aan minder vervolging blootgestel, strafregtelik sowel as siviël. Die strafbepalings van a 320, wat van toepassing is op 'n oornamaanbod, is meer omvattend as dié van a 312(4), wat op reëlinskemas betrekking het.⁹⁰ Artikel 320 bevat ook bepalinge wat die direkteur van beide die aanbiedermaatskappy en die doelwitmaatskappy aan siviëlregtelike stappe vir skadeloosstelling blootstel.⁹¹

-
- 86) Weinberg & Blank 86; De Villiers, "Take-Overs Under Sections 314 to 321 of the Companies Act 1973" 90(1973) *SALJ* 350, op 352 (hierna na verwys as "De Villiers").
- 87) Macgregor "Take-Overs Revisited" 95(1978) *SALJ* 329 (hierna verwys as "Macgregor").
- 88) In Macgregor se studie is tweehonderd-en-twintig oornames (99 ingevolge die reëlinskemaprocedure en 121 ingevolge die oornamaanbodprocedure) nagegaan en is bevind dat die reëlinskemaprocedure, vanaf die datum van aankondiging van die skema tot op datum van afsending van nuwe aandeel-sertifikate en/of kontant, gemiddeld langer geneem het as die gewone oornamaanbodprocedure. (Macgregor 331).
- 89) Sien Weinberg & Blank 86.
- 90) A 312(4) is slegs van toepassing op direkteure van die doelwitmaatskappy, terwyl a 320 ook op direkteure van die aanbiedermaatskappy van toepassing is.
- 91) Ooreenkomstig die gemenebeginsel sal in 'n gepaste geval nog steeds 'n siviele eis vir skadevergoeding teen die partye betrokke by 'n a 311-skema ingestel kan word, maar sal die bewyslas waarskynlik moeiliker wees as in 'n aksie ingestel ooreenkomstig a 320(3).

In die Engelse reg⁹² en vroeër ook in die Suid-Afrikaanse reg,⁹³ kan seëlregte op die oordrag van aandele bespaar word deur gebruik te maak van die reëlinskemaprocedure.

Nadele van die reëlinskemaprocedure.

Daar is sekere ernstige nadele aan 'n a 311-skema verbonde:

- (i) Beheer oor die doelwitmaatskappy sal eers effektief in die aanbieder setel nadat 'n gesertifiseerde afskrif van die hofbevel wat die reëling goedkeur by die Registrateur ingedien en deur hom geregistreer is.⁹⁴ By 'n a 314-321 skema sal beheer effektief vroeër in die aanbieder setel.
- (ii) In geval van 'n teenaanbod deur 'n mededinger, is dit meer omslagtig om 'n aanbod teen te staan waarby hofprosedures en vergaderings van aandeelhouers betrokke is, as wanneer slegs 'n konvensionele oorname-aanbod gemaak is.⁹⁶
- (iii) Regskoste sal waarskynlik by 'n a 311-oorname hoër wees as by 'n konvensionele oorname-aanbod.⁹⁷

92) Weinberg & Blank 85.

93) Weens 'n oorsig in die Wet op Seëlregte, 77 van 1968, is seëlregte, hoewel betaalbaar op die gekanselleerde aandele sowel as op die nuwe aandele ingevolge 'n reëlinskema uitgereik, nie betaalbaar op die kansellering van *effekte* nie. Die Wet is in 1973 gewysig deur die invoeging van a 23(12A) waarvolgens *aandele* in subartikel (10) ook *effekte* insluit. Sien De Villiers 351.

94) A 311(6)(a).

95) Weinberg & Blank 87.

96) Weinberg & Blank 87.

97) Weinberg & Blank 88. Katz 54 beweer dat by die gebruik van enigeen van die vier oornameprosedures wat tans gebruik word, die koste min of meer dieselfde is.

Dit is ook moontlik dat meer tyd van uitvoerende personeel in beslag geneem sal word deur die voorbereiding van 'n a 311-skema.⁹⁸

- (iv) In die geval van teenkanting teen die oorname, rus die bewys - las by 'n a 311-skema op die maatskappy om te bewys dat die skema billik is. In die geval van 'n konvensionele oorname-aanbod is dit moontlik dat die saak nooit voor die hof sal kom nie; gebeur dit wel, rus die bewyslas op die beswaarmakers om die onregverdigheid van die skema te bewys.⁹⁹

Uit voorgenoemde blyk dit dat die reëlinskemaprocedure waarskynlik meer aantreklik vir die aanbieder is as die oorname-aanbodprosedure, ten spyte van die nadele wat aan die prosedure verbonde is.

In *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* ¹⁰⁰ het regter Coetzee daarop gewys dat dit vreemd is dat die weldeurdragte bepalings van a 314-321, aan sommige waarvan selfs strafregtelike sanksies kleef, in baie gevalle omseilbaar deur 'n a 311-reëlinskema mag blyk te wees. Maar hy wys dan tereg daarop dat indien so 'n resultaat strydig met die werklike bedoeling van die wetgewer is, die remedie in laasgenoemde se hande lê.

98) Hierdie bewering word gemaak deur Weinberg & Blank 88 en deur Wunsh in 1978 *De Rebus Procuratoriis* 159 (hierna genoem *Wunsh*) wat die posisie in Engeland betref, is hierdie bewering moontlik korrek, maar in Suid-Afrika verg die opstel van die oornameverklarings deur beide die aanbieder (a 315) en die direkteure van die doelwitmaatskappy (a 317) ook baie tyd.

99) Vgl *Re National Bank Ltd* (1966) 1 All ER 1006, 1013; *Ex parte Pierre Henderson (Pty) Ltd* 1980(1) PH E1(W). In *Sammel and Others v President Brand Gold Mining Co Ltd* 1969(3) SA 629(AD) is die uitgangspunt van die hof dat die skema *prima facie* as regverdig beskou behoort te word omdat nege-tiendes in waarde van die aandeelhouers die aanbod aanvaar het (op 670). Sien ook *Re Hoare & Co Ltd* (1933) All ER Rep 105; *In re Press Caps Ltd* (1949) 1 All ER 1013; *In re Bugle Press Ltd* (1960) 3 All ER 791.

100) 1975(1) SA 826(W) 832.

Waar daar bepalings vir 'n prosedure sorgvuldig neergelê is, maar hierdie bepalings omseil word deur van 'n ander prosedure gebruik te maak wat nie uitdruklik geformuleer is om hierdie resultaat te bereik nie, moet dit noodwendig die deur ooplaat vir misbruik.

3. Amalgamasies

Artikel 313 van die Wet bevat 'n aantal bepalings om amalgamasie¹⁰¹ te vergemaklik, indien kragtens a 311 by die hof aansoek gedoen word om die goedkeuring van 'n skikking of reëling, wat die oordrag van die geheel of 'n gedeelte van die onderneming of goed van 'n maatskappy van een maatskappy aan 'n ander ingevolge die skema behels.¹⁰²

E. AANVULLENDE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAS.

'n Skikking of reëling wat reeds in werking getree het, kan nie deur blote ooreenkoms tussen die maatskappy en ander belanghebbende partye gewysig word nie; 'n wysiging kan op hierdie stadium slegs gemaak word deur middel van 'n aanvullende skema, goedgekeur deur die hof.¹⁰³

101) Asook rekonstruksie; rekonstruksies is hierbo bespreek onder D 1.

102) Sien *By In re General Motor Cab Company Limited* (1913) 1 Ch 377. Vir 'n reëlinskema wat die samesmelting van nege maatskappye in een van die maatskappye behels het, sien *Bonds & Securities Trading Pty Ltd v Australian Foundation Investment Co Ltd (No 2)* (1974) 131 CLR 34. Sien verder H 7 F 5 c) *Magte ivm rekonstruksie of amalgamasie.*

103) Pennington 478. Sien ook *Srimati Premila Devi v Peoples Bank of Northern India Ltd (In Liq)* (1938) 4 All ER 337; *Re Morris's Will Trusts. Public Trustee v Morris* (1960) 3 All ER 548, 550; *Re Elliott's MF Services Pty Ltd* (1965) VR 756. Wysiging van skemas word meer volledig in H 8 behandel.

F. GEVOLGTREKKING

Die belangrikste probleem in verband met die praktiese gebruik van die skikking- en/of reëlinskemaprocedure, is die feit dat die procedure op 'n geoorloofde wyse gebruik kan word om ander bepalings van die Maatskappywet te omseil. Op hierdie wyse kan die procedure gebruik word om 'n alternatiewe wyse van geregtelike bestuur, alternatiewe wyse van likwidasië of 'n alternatiewe wyse van oornome van die beheer oor 'n ander maatskappy te bewerkstellig. Daarbenewens kan die procedure gebruik word om die likwidasiëproses te beëindig voordat direkteure, beamptes of die likwidateur tot verantwoording geroep is.

In al hierdie gevalle word 'n procedure wat statutêr neergelê is, vervang deur 'n kontraktuele procedure. Die enigste beskerming vir skuldeisers en lede is die feit dat die hof die kontrak ondersoek en die feit dat twee geleenthede aan beswaarmakers gegee word om hul saak te stel, eenkeer by die besondere klasvergadering en daarna op die keerdatum van die hofbevel. Wanneer die skema eenmaal goedgekeur is, het die hof sy funksie vervul en is daar ook geen administratiewe beheer¹⁰⁴ oor die verdere verloop van die skema nie; die enigste beheer is dit waarvoor kontraktueel voorsiening gemaak is.¹⁰⁵

104) Met 'n gebrek aan administratiewe beheer, word verwys na die feit dat die Meester geen verdere seggenskap in die procedure het nie en ook die feit dat, nadat 'n afskrif van die betrokke hofbevel ingevolge a 311(6)(a) by die Registrateur ingedien is, daar geen verdere statutêre vereistes tov die skema is wat nagekom moet word nie.

105) In 'n uiterste geval kan die hof wel om hulp genader word. Sien H 9.

Daar kan geredeneer word dat in 'n kapitalistiese stelsel, daar die grootste mate van vryheid aan die partye gegun moet word om self hul sake onderling te reël. Daar moet egter in gedagte gehou word dat veral wat skuldeisers betref, daar waarskynlik nooit die bedoeling by die individuele skuldeisers, op die stadium toe die oorspronklike verbintenis ontstaan het, was om deel te word van 'n groep of klas skuldeisers, die meerderheid van wie hul wil mbt sy eie verbintenis met die maatskappy, op hom kan afdwing deur tussenkoms van die hof nie. Hierdie feit beklemtoon die belangrikheid daarvan dat die beskerming wat wel in die Wet aan skuldeisers en lede in die geval van geregtelike bestuur, likwidasië of beheerverkryging verleen word, nie ligtelik prysgegeë word ten gunste van 'n kontraktuele prosedure nie. Die probleme in hierdie verband word later in die slothoofstuk verder ontleed.

Die likwidasië van 'n maatskappy kan te enige tyd voortydig beëindig word deur gebruik te maak van 'n a311-skema. Hierdie feit ondermyn die effektiwiteit van maatreëls wat statutêr getref is vir die nasporing en opvordering van eiendom van 'n maatskappy wat in likwidasië is; so ook die maatreëls wat ingevoer is om bedrog en diefstal deur direkteure en beamptes te bekamp en ook die voorsorg wat deur die wetgewer getref is om toe te sien dat die likwidateur sy pligte nougeset nakom. Direkteure, beamptes, skuldeisers wat op ongeoorloofde wyse deur die maatskappy bevoordeel is, geregtelike bestuurders en likwidateure kan dus, wanneer hulle tot verantwoording geroep word tydens die likwidasiëproses, kwytskelding van vervolging of kwytskelding van siviele aanspreeklikheid "koop" deur 'n aantreklike skikkingsaanbod aan skuldeisers van die maatskappy voor te lê.

Die menigte van misbruike waartoe die skikking- en reëlinskema-prosedure hom kan verleen, word in diepte in hoofstuk 10 bespreek.

HOOFSTUK 5

KONTRAKREGTELIKE AARD VAN DIE MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGSOOREENKOMS

- A. INLEIDING
 - B. KONTRAKREGTELIKE ELEMENTE VAN DIE MAATSKAPPY-
REGTELIKE SKIKKINGSOOREENKOMS
 - C. PARTYE TOT DIE MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGS-
OOREENKOMS
 - D. ENGELSREGTELIKE INVLOED
 - E. OOREENKOMSTE WAT BETREKKING MAG HÊ OP DIE
MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGSOOREENKOMS
 - 1. *Skikking, transactio, dading*
 - 2. *Skuldvernuwing, novatio*
 - a) *Besonder novasie*
 - b) *Delegasie, skuldoordrag*
 - 3. *Expromissio*
 - 4. *Sessie*
 - 5. *Koopkontrak*
 - 6. *Die Lasgewingsooreenkoms of mandatum*
 - 7. *Assignasie, aanwysing*
 - F. GEVOLGTREKKING
-

A. INLEIDING

Die Wet reël die totstandkoming van 'n skikkingsooreenkoms ingevolge artikel 311, maar swyg oor die gevolge van of remedies in die geval waar so 'n skikkingsooreenkoms verbreek word. As gevolg van hierdie stilswye van die wetgewer, bestaan daar onsekerheid oor die remedies van die verskillende partye indien die skikkingsooreenkoms verbreek word; daar bestaan ook onsekerheid oor die belangrike vraag of die ou verbintnisse herleef indien die skikkingsooreenkoms verbreek word. Om hierdie rede is dit belangrik om die kontrakregtelike aard van die maatskappyregtelike skikking ingevolge artikel 311 van die Wet na te gaan.

'n Skikkingsooreenkoms mag verskeie koopkontrakte bevat¹ en kan ook voorsiening maak vir die oordrag van vorderingsregte; dus moet daar gekyk word na die beginsels van koopkontrakte en van sessie, in soverre dit by skikkingsooreenkomste ter sake is.

Indien die skikkingsooreenkoms voorsiening maak vir die aanstelling van 'n sogenaamde ontvanger namens skuldeisers, is daar ook sprake van 'n lasgewingsooreenkoms en moontlik ook van assignasie, en moet daar ook gekyk word na die beginsels van toepassing op lasgewing en op assignasie.

Ten einde 'n moontlike verwarring tussen die maatskappyregtelike skikking en die kontrakregtelike skikking² te voorkom, sal daar in hierdie hoofstuk na 'n maatskappyregtelike skikking verwys word as 'n *kompromie*,³ terwyl die ongekwalfiseerde benaming

-
- 1) Soos by kontrakte vir die koop van lede se aandele of die koop van skuldeisers se vorderingsregte teen die maatskappy.
 - 2) Wat veral bespreek word in E hieronder.
 - 3) Die benaming *kompromie* het in die praktyk inslag gevind. Vgl by *Ex Parte Hessels NO: in re Kleecal (Edms) Bpk (In Likwidasie)* TPA saak no M3201/79 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Kleecal*"). Kompromie moet egter nie verwar word met *compromissen* (arbitrasie) nie - vgl Lybreghts *Redenerend Vertoog Over 't Notaris Ampt 2.12* (hierna na verwys as "*Lybreghts*"); sien ook Wessels *The Law of Contract in South Africa* § 2456 (hierna na verwys as "*Wessels*").

skikking na 'n kontrakregtelike skikking sal verwys.

B. KONTRAKREGTELIKE ELEMENTE VAN DIE
MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGSOOREENKOMS (KOMPROMIE)

Kompromie-ooreenkomste⁴ het nie 'n vaste vorm of inhoud nie en dit word aan die partye self oorgelaat om hul sake in die ooreenkoms onderling te reël.⁵ Desondanks kan daar, vanuit 'n kontrakregtelike oogpunt, die volgende onderskei word:

- a) Dit is 'n vereiste dat die kompromie-aanbod op skrif gestel moet word, aangesien die aanbod in sy volledige vorm aan die hof voorgelê moet word.⁶
- b) 'n Kompromie-aanbod kan gemaak word deur die maatskappy self of deur 'n derde,⁷ selfs sonder die aanvanklike goedkeuring en/of medewerking van die maatskappy.⁸

-
- 4) Di Maatskappyregtelike skikkingsooreenkomste. Sien A en n 3 hierbo.
 - 5) Sien hfst 6 oor die bepalings van die maatskappyregtelike skikkingsooreenkoms.
 - 6) Vgl *Ex parte Union Whaling Co* 1973(3) SA 550 (W).
 - 7) Art 311(2) maak nie daarvoor voorsiening dat die derde aan die kompromie gebonde sal wees nie (vgl in hierdie verband C hieronder). Die derde moet dus op kontraktuele wyse gebonde gemaak word aan die kompromie. Vgl *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826 (W), waar vereis is dat 'n aanvaarbare kontrak tussen die aanbieder en die maatskappy by die hof geliasseer moes word waardeur die aanbieder aan die betrokke reëlinskema gebonde sou wees.
 - 8) Hoewel 'n skikking of reëling ingevolge art 311, 'n skikking of reëling tussen die *maatskappy* en sy skuldeisers en/of lede moet wees (art 311(1)), kan die aansoek om toestemming vir die hou van vergaderings tot die hof gerig word deur 'n lid, skuldeiser, likwidateur of geregtelike bestuurder van die maatskappy - moontlik selfs sonder kennisgewing aan die maatskappy self (art 311(1)).

-
- c) 'n Kompromie maak dikwels voorsiening vir die sessie van vorderingsregte teen die maatskappy aan die aanbieder of sy genomineerde, in ruil vir die vergoeding wat aan skuldeisers betaal word.⁹
- d) Wanneer 'n kompromie bepaal dat geag sal word dat alle eise teen die maatskappy aan 'n derde gesedeer word, word die bepaling soms bygevoeg dat alle eise na sessie geag sal word verminder te wees met byvoorbeeld een sent in die rand.¹⁰
- e) Die vorderingsregte van skuldeisers wat by die kompromie betrek word, het nie noodwendig uit kontrak ontstaan nie;¹¹ alle eise wat betrek word, is nie noodwendig reeds afdwingbaar nie.
- f) Die aanbieder wys gewoonlik 'n persoon aan wat as voorsitter van vergaderings en as ontvanger namens skuldeisers¹² sal optree.¹³
-
- 9) Vgl by *Friedman v Bond Clothing Manufacturers (Pty) Ltd* 1965(1) SA 673 (T) 676; *Ex parte De Villiers and Another* 1970(2) SA 536 (K) 538; *Ex parte Klopper and Another NNO: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254 (T) 256; *Dick and Another v Olver and Another* 1979(4) SA 880 (K) 881; *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799 (W); *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982(2) SA 458 (W) 460.
- 10) Vgl by *Ex parte De Villiers and Another* 1970(2) SA 536 (K); *Metal Box Co of SA Ltd v AS Dunstan (Pty) Ltd* 1974(2) SA 208 (T) 212; *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799 (W) 802D; *Ex parte Cronjé NO*, TPA saak no 12119/82 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Cronjé, La Provence*") par 6.2; *Ex parte Cronjé* TPA saak no 14250/82 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Cronjé, Watertest*") par 6.2; *Ex parte Cronjé NO and B X 4 Konstruksie (Edms) Bpk* TPA saak no 1067/82 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*B X 4 Konstruksie*") par 6.2; *Ex parte Cronjé NO* WPA saak no 10473/80 (ongerapporteerde) par 6.2. Hierdie bepaling word skynbaar ingevoeg om aan te dui dat die partye die bedoeling het om die ou skuld te noveer. Sien Sher "*Section 311 Compromises and Arrangements*" (1982) 6 SA CO LJ 49 op 55. Sien ook hfst 6 B6 (e).
- 11) Eise ontstaan dikwels uit 'n vordering vir skadevergoeding ogv delik.
- 12) Vir 'n bespreking van die ontvanger namens skuldeisers sien hfst 8.
- 13) Hoewel die aanbieder die voorsitter aanwys, word hy deur die hof aangestel.

-
- g) Die vergoeding wat aan skuldeisers aangebied word, kan wees
- onmiddellike, volle vereffening van eise; of
 - volle vereffening, maar betaalbaar in paaiemente; of
 - gedeeltelike, eenmalige vereffening; of
 - gedeeltelike vereffening, betaalbaar in paaiemente.

Die vergoeding kan direk deur die maatskappy betaal word, of kan onder skuldeisers verdeel word deur 'n sogenaamde ontvanger namens skuldeisers, wat deur die aanbieder in die kompromie-aanbod aangewys word.

Hierdie is slegs enkele van die kontrakregtelike elemente van maatskappyregtelike skikkings.

C. PARTYE TOT DIE MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGS-OOREENKOMS

Ingevolge artikel 311(2) bind 'n goedgekeurde skikking¹⁴ of reëling die volgende partye:

- a) al die skuldeisers of klas van skuldeisers;¹⁵ of
- b) al die lede of klas van lede; en
- c) die maatskappy; of
- d) die likwidateur, as die maatskappy gelikwideer word; of
- e) die geregtelike bestuurder, as die maatskappy aan 'n geregtelike bestuursbevel onderworpe is.

Die aanspreeklikheid van 'n persoon wat 'n borg vir die maatskappy is, word egter nie deur 'n skikking of reëling geraak¹⁶ nie.¹⁷

-
- 14) Di 'n maatskappyregtelike skikking.
 - 15) Vir presies welke skuldeisers deur die skikking gebind word, sien hfst 8.
 - 16) Wat presies met "geraak" bedoel word in art 311(3), is nie heeltemal duidelik nie. Vgl hfst 8 I.
 - 17) Art 311(3) en sien hfst 8 I.

Uit 'n ontleding van skikkings, blyk dit dat die volgende persone of groepe persone partye tot 'n skikkingsooreenkoms kan wees:

- a) Die *aanbieder*, wat òf die maatskappy self òf 'n derde¹⁸ kan wees.
- b) Die *skuldeisers*, wat in klasse verdeel word, gewoonlik op dieselfde wyse as waarin hulle in geval van likwidasië verdeel sou gewees het.¹⁹
- c) Die *lede*, wat ook in klasse verdeel kan word, maar wat by 'n skikkingaanbod dikwels 'n minder belangrike rol vervul.²⁰
- d) Die *maatskappy*.
- e) Die *likwidateur* van die maatskappy, indien die maatskappy in likwidasië is.
- f) Die *geregtelike bestuurder* van die maatskappy, indien die maatskappy onder geregtelike bestuur geplaas is.
- g) Die *voorsitter* van vergaderings.
- h) Die *ontvanger namens skuldeisers*.²¹

-
- 18) Of meer as een derde, gesamentlik. Vgl *Ex parte De Wet NO and Montague Street Investments (Pty) Ltd*, TPA saak no M820/80 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Montague Street*"). Die derde kan ook die aanbod namens homself of sy (ongeopenbaarde) genomineerde maak. Vgl bv *Ex parte De Wet NO: In re Sidmoll Properties (Pty) Ltd (In Provisional Judicial Management)* WPA saak no 4923/80 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Sidmoll*").
 - 19) Oor klasse skuldeisers en die betekenis daarvan, sien hfst 7 D 2.
 - 20) Omdat die aandele gewoonlik slegs 'n nominale waarde het. Vgl bv *Sidmoll* 7.1.3.1.
 - 21) Die ontvanger namens skuldeisers en die voorsitter van vergaderings is gewoonlik, dog nie noodwendig, dieselfde persoon.

-
- i) *Direkteure* of voormalige direkteure van die maatskappy.²²
- j) Die *ouditeure* van die maatskappy.²³
- k) Die *openbare beampte* en die *sekretaris* van die maatskappy.²⁴
- l) *Borge vir die nakom* van die aanbieder se verpligtinge teenoor die ontvanger namens skuldeisers.²⁵
- m) *Borge vir die maatskappy* se verpligtinge: hoewel die verpligtinge van borge vir die maatskappy nie deur die skikking of reëling geraak word nie,²⁶ kan dit 'n voorwaarde van die kompromie wees dat die borgskuldeiser sal instem tot die vervanging van bestaande borge deur nuwe borge soos byvoorbeeld die aanbieder.²⁷
- n) *Derdes* kan regte en verpligtinge uit die kompromie verkry deurdat die kompromie bepaal dat sekere werk wat uit die kompromie voortspruit, deur bepaalde persone verrig moet word.²⁸
-
- 22) Daar kan bv 'n besluit van direkteure vereis word wat die oordrag van aandele aan die aanbieder goedkeur. Vgl *Ex parte Cronjé NO* WPA saak no 10473/80 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Cronjé, Splendid Properties*") 15.4.3. Die bedanking van direkteure kan vereis word; vgl *Cronjé, Splendid Properties* 15.4.4; *Sidmoll* 7.1.3.3; *Ex parte Hessels NO: In re Meyerbank Investments (Pty) Ltd (In Liquidation)* TPA saak no M837/76 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Meyerbank*") 5.7 en 10.5; *Ex parte Millman and Cohen NNO: In re Glen Anil Investments (Pty) Ltd (In Liquidation)* WPA saak no 2589/80 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Glen Anil*") 6.5.
- 23) Vgl *Sidmoll* 7.1.3.3; *Meyerbank* 5.7 en 10.5.
- 24) Vgl *Sidmoll* 7.1.3.3; *Cronjé, Splendid Properties* 15.4.5.
- 25) Vgl *Meyerbank* 3.5.2.
- 26) Art 311(3).
- 27) Vgl *Meyerbank* 3.10.
- 28) Vgl bv *Cronjé, Splendid Properties* 13.1 - alle regswork moet deur 'n bepaalde prokureursfirma verrig word, 15.4.8 - sekere dokumente moet deur hierdie prokureurs in trust gehou word. 'n Bepaalde afslaaersfirma kan aangewys word om 'n openbare veiling te reël - vgl *Ex parte Hessels NO* TPA saak no M1514/76 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Hessels, Minnaar Trust*") 4.2.1; *Ex parte Van der Walt NO* TPA saak no M1186/75 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Van der Walt, Chris D Botha*") 3(6).

-
- o) Die kompromie mag bepaal dat sekere kontrakte tussen die maatskappy en derdes beëindig moet word voordat die kompromie in werking tree. Die derde behou in so 'n geval sy eis om skadevergoeding teen die maatskappy, maar moet tevrede wees met die vergoeding wat aan skuldeisers van die klas waartoe hy hoort, betaal word.²⁹

Ander instansies wat by die kompromie betrek mag word, maar wat nie partye tot die kompromie is nie, is die Meester van die Hooggeregshof³⁰ en die Hooggeregshof.³¹

Waar dit die bedoeling is dat enigeen van voorgenoemde persone gebonde moet wees aan die skikkingsooreenkoms, en hy nie 'n party is wat in artikel 311(2) vermeld word nie, moet sorg gedra word om hom te bind deur 'n afsonderlike kontrak met hom aan te gaan.³²

D. ENGELSREGTELIKE INVLOED

Die kompromie of maatskappyregtelike skikking het ontwikkel uit die onsekerheid wat daar in die Engelse reg bestaan het oor die vraag of 'n likwidaatour van 'n maatskappy die *bevoegdheid* gehad het om 'n skikking (in kontrakregtelike sin) namens die maatskappy aan te gaan.³³ Vandag het die maatskappyregtelike skikking

-
- 29) Hierdeur word 'n kontraksparty wat nie 'n skuldeiser was nie en nie noodwendig 'n party tot die kompromie sou wees nie, gedwing om 'n skuldeiser en derhalwe 'n party tot die kompromie te word. Vgl bv *Kleecal* par 8, waar van die likwidaatour vereis is om te waarborg dat daar geen bestaande dienskontrakte is wat nie met 'n maksimum van een maand kennisgewing beëindig kan word nie. Vgl ook *Cronjé, Splenaia Properties* 14 waar bepaal is dat die bestuursooreenkoms tov die maatskappy se vaste eiendom, geag gekanselleer sal wees op 'n bepaalde datum.
- 30) Vgl bv *Ex parte Hessels NO: In re Etoria Houthandelaars (1969) (Edms) Bpk* TPA saak no M750/76 (ongerapporteerde) (hierna na verwys as "*Etoria*") 5(a) (i).
- 31) Die kompromie kan bv bepaal dat appèl teen die verwerping van 'n eis toegelaat word tot die Hooggeregshof, maar dat appèl binne 'n bepaalde tydperk moet geskied. Die hof sal nie by magte wees om beswaar teen die verwerping van 'n eis wat na daardie tydperk aangeteken word, aan te hoor nie. Vgl *Olbrich KG v Cohen NO* 1975(4) SA 621 (W).
- 32) Vgl *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826 (W).
- 33) Vgl hfst 2.

ontwikkel tot 'n groep-ooreenkoms wat aangegaan kan word as daar 'n dispuut tussen die partye is³⁴ of as daar onsekerheid bestaan oor die afdwingbaarheid van skuldeisers of lede se regte teenoor die maatskappy.³⁵

E. OOREENKOMSTE WAT BETREKKING MAG HÊ OP
DIE MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGSOOREENKOMS

Die maatskappyregtelike skikkingsooreenkoms bevat, afhangende van die inhoud van die besondere ooreenkoms, elemente van verskeie soorte ooreenkomste, soos byvoorbeeld skikking, skuldvernuwing, *expromissio*, sessie, koopkontrak, lasgewing en assignasie.³⁶ 'n Ontleding van die algemene beginsels wat op elkeen van hierdie soorte ooreenkomste van toepassing is, kan van nut wees by die uitleg van die maatskappyregtelike skikkingsooreenkoms, asook by die bepaling van die gevolge van en remedies in die geval van verbreking van so 'n ooreenkoms.

1. Skikking, *transactio*, dading³⁷

Die kontrakregtelike skikking toon baie ooreenkoms met novasie

-
- 34) Hoewel daar geen gerapporteerde maatskappyregtelike skikkingsooreenkoms is wat voorgestel is ten einde 'n dispuut tussen die maatskappy en 'n klas lede of skuldeisers te beëindig nie.
- 35) Maw indien daar onsekerheid bestaan oor die maatskappy se vermoë om te betaal. Vgl hfst 3.
- 36) Stassen *Causa in die Kontraktereg* (1979) 42 THRHR 357 374 beskou skikking en skuldvernuwing (novasie) as hulpooreenkoms. Vgl egter Pothier *Verhandeling van Contracten en Andere Verbintenissen*, vertaal deur Van der Linden (hierna na verwys as "*Pothier*") 2.1.6 (par 186). (Die paragraafnummers stem nie ooreen met dié van sommige ander uitgawes van Pothier se werk nie, soos bv dié gebruik deur Caney, *A Treatise on the Law relating to Novation* (hierna na verwys as "*Caney*")) Pothier 2.8.1 beskou wel lasgewing as 'n hulpooreenkoms.
- 37) In die Romeinse reg het skikking as *transactio* bekend gestaan. *Dading* is 'n oud-Nederlandse woord vir *skikking* en is afgelei van *ding* (hofsak of vonnis) en meer bepaald van *dagading* of *daghe-dinc*. Vgl De Groot *Inleidinghe tot de Hollandsche Rechtengeleertheydt* 3.4.1 (hierna na verwys as "*De Groot*"); Van Warmelo, Coertze en Gonin *DG van der Keessel Voorlesinge oor die Hedendaagse Reg na aanleiding van De Groot se "Inleiding tot de Hollandse Rechtengeleertheyd"* IV p 143 (hierna na verwys as "*Van der Keessel*"); Lee *Commentary on The Jurisprudence of Holland* 261 (hierna na verwys as "*Lee:Commentary*"); Kotze *Simon van Leeuwen's Commentaries on Roman Dutch Law* 501 (hierna na verwys as "*Van Leeuwen*").

en in die algemeen gesproke is die beginsels van novasie by skikking van toepassing.³⁸

Die *transactio* van die Romeinse reg was 'n ooreenkoms waardeur partye 'n regsgeleding geskik of tussen hulself die een of ander regsverhouding van twyfelagtige aard gereguleer het.³⁹ In die wydste sin was *transactio* 'n ooreenkoms waardeur enige twyfelagtige eis tussen die belanghebbende partye geskik is. Waar 'n eis uit kontrak voortgespruit het, het die *transactio* die eis uitgewis en aanleiding gegee tot 'n nuwe kontraktuele verbintenis.⁴⁰ Alvorens 'n ooreenkoms die spesiale naam van *transactio* of skikking kon kry, moes dit gegrond wees op iets waaroor daar twyfel bestaan of wat onseker is en wat daadwerklik betwis word of wat in 'n geregshof betwis kan word; andersins is dit 'n gewone kontrak en nie 'n *transactio* nie.⁴¹

Oor die vraag of daar 'n daadwerklike regsgeleding moes bestaan het of nie, is daar nie eenstemmigheid nie.

De Groot⁴² skep die indruk dat daar wel 'n regsgeleding moes bestaan, maar Van der Keessel in sy kommentaar op hierdie gedeelte verklaar dat hoewel skikkings gewoonlik plaasvind tussen persone wat reeds 'n geskil voor die gereg het of dit vrees, dit vanselfsprekend ook aangegaan kan word oor 'n twyfelagtige of

38) Wessels § 2458. Caney 44 verklaar eenvoudig dat 'n skikking 'n novasie is, met dié verskil dat 'n novasie van 'n ongeldige kontrak self ongeldig is, maar indien 'n skikking gemaak word oor 'n kontrak, die geldigheid waarvan betwyfel word, kan dit nie ongedaan gemaak word op grond daarvan dat die kontrak wat geskik is, ongeldig was nie; die doel is om onsekerheid met sekerheid te vervang. Sien Gane *The Selective Voet being the Commentary on the Pandects* 46.2.3 (hierina na verwys as "Voet"), wat verklaar dat 'n skikking 'n novasie tot stand bring. De Wet en Van Wyk 241 verklaar net dat uit die skikking self nuwe verbintenisse kan ontstaan *net soos* in die geval van novasie. Oor novasie, sien 2 hieronder.

39) Wessels § 2455.

40) Wessels § 2456.

41) Wessels § 2457, met verwysing na C 2.4.2; D 2.15.1.

42) 3.4.2.

onsekere saak, hoewel daar tot dusver nog geen geskil daaroor ontstaan het nie.⁴³

Voet⁴⁴ vereis nie 'n regsgeeding nie en verklaar ook nie uitdruklik dat daar 'n geskil hcef te wees nie⁴⁵ - wat hy wel vereis, is dat daar 'n mate van twyfel moet bestaan.⁴⁶

Vandag word aanvaar dat skikking 'n ooreenkoms is waardeur partye 'n geskil wat tussen hulle bestaan, besleg.⁴⁷

Skikking is nie afhanklik van die bestaan van 'n geldige voorafgaande verbintenis nie⁴⁸ omdat die doel van skikking juis is om sekerheid te bring waar daar voorheen onsekerheid was.⁴⁹

43) Van der Keessel IV p 143. Vgl ook Van Leeuwen 5.23.1.

44) Voet 2.15.10.

45) De Wet en Van Wyk 242 n 103 maak wel uit Voet se woorde die afleiding dat daar 'n geskil moet wees.

46) Voet 2.15.10. Lybreghts 2.11.1 vereis nie 'n regsgeeding nie. Sien ook Lybreghts 2.11.2A; Huber *Heedendaegse Rechtsgeleertheit* Gane se vertaling 3.15.1,2 (hierna na verwys as "Huber"); Van der Linden *Institutes of the Laws of Holland* vertaal deur Henry 1.18.9 (hierna na verwys as "Van der Linden").

47) Vgl De Wet en Van Wyk 241; Caney 44 45; *Estate Erasmus v Church* 1927 TPD 20 24; *Gollach & Gomperts (1967)(Pty) Ltd v Universal Mills & Produce Co (Pty) Ltd and Others* 1978(1) SA 914 (A) 921; *Jonathan v Haggie Rand Wire Ltd and Another* 1978(2) SA 34 (N) 38.

48) De Wet en Van Wyk 242; Caney 44; Wessels § 2458, wat almal verwys na Voet 10.2.34 *in fin*; 'n beter verwysing is Voet 2.15.23 en 24. Vgl ook *Westmacott v Johannesburg Motor Mart, Ltd* 1921 NPD 202 214.

49) De Wet en Van Wyk 242; *Natal Bank v R Kuranda, and A Kuranda v Natal Bank* 1907 TH 155 167; *Estate Erasmus v Church* 1927 TPD 20 26.

Die gevolg van 'n skikking is dat die ou vorderingsreg, as dit ooit bestaan het, uitgewis word.⁵⁰ 'n Skikkingsooreenkoms kan egter uitdruklik of stilswyend bepaal dat onder bepaalde omstandighede die vorige regte en verpligtinge sal leef, of ter keuse van een of ander party kan herleef.⁵¹

Kontrakregtelike skikking en Maatskappyregtelike skikking

Wanneer die kontrakregtelike elemente van 'n kompromie⁵² vergelyk word met die kenmerke van 'n kontrakregtelike skikking, word gevind dat die maatskappyregtelike skikking glad nie 'n skikking in kontrakregtelike sin is nie, en wel om die volgende redes:

- (a) 'n Kontrakregtelike skikking is 'n ooreenkoms waardeur 'n geskil tussen partye besleg word. By 'n kompromie is daar geen geskil nie, slegs twyfel oor die vermoë van die skuldenaar om sy verpligtinge na te kom.
- (b) 'n Kontrakregtelike skikking is nie afhanklik van die bestaan van 'n geldige voorafgaande verbintenis nie; 'n kenmerk van die kompromie daarenteen is dat daar gewoonlik van skuldeisers verwag word om die bestaan en die omvang van hul eise teen die maatskappy te bewys.

50) De Wet en Van Wyk 242; Voet 2.15.21, 24; Voet 46.2.3; De Groot 3.4.8 3.30.10; Van der Linden 1.18.9; Van der Keessel IV 155; V 309; *Cachalia v Harberer & Co* 1905 TS 457 465; *Natal Bank v R Kuranda*, supra 167; *Westmacott v Johannesburg Motor Mart, Ltd* 1921 NPD 202 214; *Brachvogel v Boschrand Citrus Co Ltd* 1923 WLD 222 224; *Estate Erasmus v Church* 1927 TPD 20 25; *Mothle v Mathole* 1951(1) SA 785 (T) 789; *Van Zyl v Niemann* 1964(4) SA 661 (A) 669; *Massey-Ferguson (South Africa) Ltd v Ermelo Motors (Pty) Ltd and Others* 1973(4) SA 206 (T) 215; *Jonathan v Haggie Rand Wire Ltd and Another* 1978(2) SA 34 (N) 38; *Crause en Andere v Ocean Bentonite Co (Edms) Bpk* 1979(1) SA 1076 (0) 1088.

51) De Wet en Van Wyk 243; *Strydom's Executor v Cilliers* 1908 TS 485; *Brachvogel v Boschrand Citrus Co Ltd* 1923 WLD 222 225; *Mothle v Mathole* 1951(1) SA 785 (T) 790; *Van Zyl v Niemann* 1964(4) SA 661 (A) 669-670; en veral *Crause en Andere v Ocean Bentonite Co (Edms) Bpk* 1979(1) SA 1076 (0) 1083 1087 1088.

52) Dws 'n skikking ingevolge art 311 van die Wet.

-
- c) Weens die uitwissing van die ou vorderingsreg by 'n skikking, word aksessore verbintnisse ook uitgewis. So sal 'n borg ten opsigte van die ou skuld, bevry word deur die skikkingsooreenkoms. In die geval van 'n kompromie word statutêr bepaal dat borge nie bevry word deur 'n skikking of reëling nie.⁵³

Dit is dus duidelik dat 'n maatskappyregtelike skikking slegs 'n skikking is soos die woord in die gewone spraakgebruik voorkom: gee en neem. Die maatskappyregtelike skikking is egter glad nie 'n skikking in kontrakregtelike verband nie.⁵⁴

2. Skuldvernuwing, novatio

By skuldvernuwing of novasie moet eerstens onderskei word tussen vrywillige novasie en verpligte novasie (*novatio necessaria*).⁵⁵ Vrywillige novasie ontstaan deur ooreenkoms tussen die partye⁵⁶ terwyl verpligte novasie uit 'n regsgeding tussen partye ontstaan.⁵⁷

By vrywillige novasie kan onderskei word tussen spesifieke novasie en delegasie.⁵⁸ By spesifieke novasie⁵⁹ word 'n bestaande

-
- 53) Vgl art 311(3), waar bepaal word dat die verpligtinge van borge nie "geraak" word deur 'n skikking of reëling nie. Sien verder hfst 8 I.
- 54) Hierdie onderskeid word nie altyd duidelik ingesien nie; vgl bv die verwysing in Cilliers en Benade 431 n 29 na *Jonathan v Haggie Rand Wire Ltd* 1978(2) SA 34 (N) 34-40, 'n saak wat oor kontrakregtelike skikking handel.
- 55) Caney 1. Vgl ook Voet 46.2.1; Huber 3.40.1; Wessels § 2370; *Swadif v Dyke* 1978(1) SA 928 (A) 940.
- 56) Caney 2.
- 57) Caney 3; Buckland *A Text Book of Roman Law from Augustus to Justinian* 571 (hierna na verwys as "Buckland"); Thomas *A Text Book of Roman Law* 346 (hierna na verwys as "Thomas").
- 58) Voet 46.2.2; Huber 3.40.2; Van der Linden 1.18.2; Van der Keessel 1638 (V 451).
- 59) Ook genoem besondere skuldvernuwing (Van der Keessel 1638 vert Van Warmelo *et al*) of novasie in engere sin (Caney 1).

verbintenis uitgewis en kom daar 'n nuwe verbintenis tussen dieselfde partye tot stand. In die geval van delegasie word 'n nuwe party deur delegasie ingevoeg as skuldenaar of as skuldeiser, in die plek van die vorige skuldeiser of skuldenaar (na gelang van die geval) ten opsigte van die bestaande verbintenis.⁶⁰

a) Besondere Novasie⁶¹

Novasie of skuldvernuwing is die delging van 'n ou skuld deur die skepping van 'n nuwe skuld in die plek van die oue.⁶²

Novatio was in die ouer Romeinse reg 'n metode waardeur enige soort skuld gerieflik in 'n nuwe en formele verbintenis omskep kon word, waarop vonnis dan makliker verkry kon word.⁶³ Die belangrikste doel om 'n bestaande skuld te noveer, was nie om dit uit te wis nie, maar om 'n *stricti juris* kontrak te skep wat geen bewys van die oorspronklike *causa debiti* vereis het nie. Aangesien die Romeinse reg nie 'n skuldenaar toegelaat het om dieselfde ding tweekeer aan dieselfde skuldeiser te beloof nie,⁶⁴ is dit vereis dat die stipulasie waardeur die bestaande verbintenis genoveer is, 'n nuwe element (*aliquid novi*) moes bevat, hoewel die prestasie dieselfde moes bly.⁶⁵ Die noveerde verbintenis moes nie 'n blote herhaling van die verbintenis wees nie, hoewel daar 'n verband moes bestaan met die inhoud van die ou verbintenis. Derhalwe moes daar òf 'n nuwe skuldeiser òf die een of ander verandering van die ou skuld wees soos byvoorbeeld 'n verandering van voorwaarde of tyd.⁶⁶ Dit was altyd 'n essensiële

60) Caney I.

61) Novasie in engere sin (spesifieke of besondere novasie) word hier bespreek.

62) De Wet en Van Wyk 239; Wessels § 2369; De Groot 3.43.I; Van Leeuwen 4.40.9; Voet 46.2.2 (nie 46.2.1, soos aangehaal deur De Wet en Van Wyk n 90); Lybreghts 2.37.I; Van der Linden 1.18.2; Pothier 2.2.I (par 581); Van der Keessel 1638.

63) Wessels § 2365; Caney 11.

64) *Contra*, Buckland 568.

65) Buckland CXCIV, 568; Thomas 345. Sien egter Berger *Encyclopedic Dictionary of Roman Law* 600 sv *Novatio* (hierna na verwys as "Berger"); Wessels § 2368.

66) Buckland 568 569; Thomas 345. Sien egter Berger 600 sv *Novatio*; Wessels § 2368.

element van *novatio* dat die nuwe verbintenis nie gelyklopend met, maar in die plek van die ou verbintenis moes staan, dit wil sê die tweede verbintenis moet gemaak word *animo novandi*.⁶⁷ Die effek van novasie was om die eerste verbintenis deur die tweede te vervang⁶⁸ en dus is novasie mettertyd beskou as 'n metode om 'n verbintenis te beëindig⁶⁹ en derhalwe gelyk aan betaling.⁷⁰

Die verskil tussen novasie in ons moderne reg en dié van die ouer Romeinse reg is ondermeer dat novasie vandag nie beskou word as die blote verandering van 'n informele kontrak in 'n formele kontrak nie. Vandag is elke ooreenkoms, hoe informeel ookal, waardeur partye bedoel om een skuld met 'n ander te vervang, 'n novasie.⁷¹

Daar moet 'n bedoeling wees om 'n ou skuld te vervang deur die skeping van 'n nuwe. Die bedoeling moet dus wees om die ou skuld uit te wis.⁷² Verder is die bestaan van 'n geldige ou skuld 'n vereiste, omdat die bestaan van die ou skuld 'n stilswyende of selfs uitdruklike beding, en wel 'n veronderstelling van die vernuwingsooreenkoms is.⁷³

Uit die feit dat die ou verbintenis uitgewis word deur novasie, volg dit dat die verbintenis uitgewis word met al sy aksessore

67) Buckland 569; Thomas 345; Wessels § 2368.

68) Wessels § 2368 (verkeerdelik aangedui as § 2363), met 'n beroep op Gaius 3.176; Caney 3-4, met 'n beroep op D 46.2.1 pr; Berger 600 sv *Novatio*.

69) Wessels § 2368, met 'n beroep op Gaius 3.176.

70) Wessels § 2368, met 'n beroep op D 46.2.31.1; § 2365-2368.

71) Caney 13; Pothier 2.2.4 (par 593 - vert Van der Linden); De Groot 3.43.I, 3; Voet 46.2.2.9.

72) Vgl De Wet en Van Wyk 239; Wessels § 2379; 2426; Voet 46.2.2, 10; Lybreghts 2.37.2; Huber 3.40.6; Van der Linden 1.18.2; Pothier par 581 585 599 (vert Van der Linden); Van der Keessel 1639.

73) De Wet en Van Wyk 240; Wessels § 2378-2380 2458; Caney 13; Pothier par 585 (vert Van der Linden); *Acacia Mines Ltd v Boshoff* 1958(4) SA 330 (A) 337.

regte en verpligtinge.⁷⁴ Borge word dus bevry;⁷⁵ versekerde skuldeisers verbeur hul sekuriteit, tensy anders ooreengekom;⁷⁶ 'n novasie gemaak met een van 'n aantal mede-skuldenaars *in solidum*, skeld almal vry omdat die skuld self deur novasie uitgewis word.⁷⁷

Volgens Pothier⁷⁸ is die aanvaarding deur 'n skuldeiser van 'n mindere of meerdere bedrag as waarop hy geregtig is, nie 'n novasie nie, maar 'n wysiging van die vroeëre verbintenis, tensy die teendeel uitdruklik vermeld word;⁷⁹ net so ook in die geval van uitstel vir die betaling van 'n skuld.⁸⁰

Besondere Novasie en die maatskappyregtelike skikking of kompromie

Uit 'n ontleding van die beginsels wat op besondere novasie betrekking het, blyk dit dat die maatskappyregtelike skikking wel soms 'n novasie-ooreenkoms kan wees, en wel indien aan die volgende vereistes voldoen word:

- a) Die skikkingsaanbod moet deur die maatskappy (dit wil sê deur die skuldenaar self) gemaak word en nie deur 'n derde ten behoeve van die maatskappy nie.

-
- 74) Wessels § 2426; Caney 33; Voet 46.2.10; Huber 3.40.16; Pothier par 599 (vert Van der Linden); Lybreghts 2.37.5; Van der Linden 1.18.2; Buckland 571.
 - 75) Wessels § 2427; Caney 33; De Groot 3.43.4; Voet 46.2.10; Huber 3.40.16; Pothier par 599 (vert Van der Linden); Lybreghts 2.37.5; Van der Linden 1.18.2; Van der Keessel 1640.
 - 76) Wessels § 2427; Caney 33-34; De Groot 3.43.3; Voet 20.6.2; 46.2.10; Van der Linden 1.18.2; Huber 3.40.16; Pothier par 599 (vert Van der Linden).
 - 77) Wessels § 2427, 2429, Caney 33; Pothier par 599 (vert Van Linden).
 - 78) Par 594 (vert Van der Linden); Caney 24; Wessels § 2400.
 - 79) Vgl *Bergl v Colonial Government* (1906) 23 SC 112; sien ook Voet 46.2.5 waar hy verklaar dat geen novasie plaasvind indien ooreengekom word dat rente voortaan verskuldig sal wees, of die rentekoers verhoog word nie. Dit word nie as novasie beskou nie omdat geen nuwe verbintenis tot stand kom nie.
 - 80) Pothier par 594 (vert Van der Linden); Caney 24; Voet 46.2.6; De Groot 3.43.4. Van der Keessel 1639-1640 wys egter daarop dat daar nie absolute sekerheid hieroor bestaan nie.

-
- b) Die aanbod moet nie slegs 'n aanbod wees om 'n mindere of meerdere bedrag as waarop die skuldeiser geregtig is, te betaal nie.⁸¹ Hierdie vereiste is waarskynlik die rede waarom daar soms in 'n kompromie verklaar word dat eise teen die maatskappy na sessie aan die aanbieder of sy genomineerde geag sal word verminder te wees met byvoorbeeld een sent in die Rand.⁸²
- c) 'n Aanbod deur die maatskappy vir volle vereffening van skuldeisers se eise, maar op afbetaling, sal nie sonder meer novasie van die oorspronklike skuld meebring nie.⁸³
- d) Die bestaan van 'n geldige ou skuld is 'n vereiste alvorens novasie van die ou skuld kan plaasvind; by 'n kompromie word ook 'n geldige ou skuld vereis en is betaling van elke skuldeiser se eis gewoonlik onderhewig aan die voorwaarde dat die bestaan van die eis, sowel as die omvang van die eis, bevredigend bewys word.
- e) Deur novasie van 'n ou skuld word borge vir die ou skuld bevry, tensy ander reëlings getref word. By 'n kompromie word die verpligtinge van 'n borg vir die maatskappy (die skuldenaar) deur statutêre werking *nie* bevry nie.⁸⁴

Waar die maatskappy self 'n skikking met skuldeisers voorstel en dit duidelik blyk dat daar 'n bedoeling was om die ou skuld te

-
- 81) 'n Skikking bied gewoonlik minder as die verskuldigde bedrag aan maar dikwels meer as wat by wyse van dividend uitbetaal sal word indien voortgegaan word met likwidasie of geregtelike bestuur.
- 82) Vgl *Ex parte De Villiers and Another* 1970(2) SA 536 (K); *Metal Box Co of S A Ltd v A S Dunstan (Pty) Ltd* 1974(2) SA 208 (T) 212; *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799 (W) 802 D. Cronjé, *La Provence* par 6.2; *Cronjé, Watertest* par 6.2; *B X 4 Konstruksie* par 6.2; Sien ook Sher "Section 311 Compromises and Arrangements" (1982) 6 SA Co LJ 49 op 55.
- 83) Dit sou neerkom op uitstel vir betaling.
- 84) Vgl bv *Lalia v Bodasing* 1955(1) PH F 49 (D).

noveer,⁸⁵ kan daar sprake van novasie wees, met die voorbehoud dat die posisie van borge afsonderlik statutêr gereël word. 'n Suiwerder beskouing is egter dat daar nie by 'n kompromie novasie is nie, maar dat 'n kompromie 'n wetlike reëling is om die bestaande skuld uit te wis, analoog aan die posisie by insolvensie.⁸⁶ Deur bekragtiging van die kompromie, verdwyn die skuld en kan die skuldenaar (die maatskappy) nie weer op grond van die ou skuld aangespreek word nie.

Albei uitgangspunte⁸⁷ lewer dieselfde resultaat: word so 'n kompromie deur die hof goedgekeur, en die maatskappy kom daarna nie sy verpligtinge ingevolge die kontrak na nie, sal die ou verbintnisse nie na terugtrede uit die kontrak deur skuldeisers op grond van die maatskappy se kontrakbreuk, herleef nie. Word die maatskappy dus gelikwideer, sal skuldeisers slegs eise kan bewys vir die mindere bedrag wat hulle bereid was om ingevolge die kompromie te aanvaar, en sal hul dividend op hierdie mindere bedrag bereken word.

b) Delegasie,⁸⁸ skuldoordrag

Delegasie vind plaas waar novasie tot stand kom met 'n wisseling van partye tot die verbintenis.⁸⁹

Aangesien delegasie 'n vorm van novasie is, is meeste van die reëls wat op novasie van toepassing is, ook by delegasie van krag.⁹⁰ Die uitwerking van delegasie is dus dat die ou skuld

85) So 'n bedoeling sal nie sonder meer afgelei word indien die ooreenkoms slegs voorsiening maak vir 'n mindere vergoeding as waarop die skuldeiser geregtig is, of vir uitstel vir betaling nie. Sien n 76 en 77.

86) Vir 'n vergelyking tussen kompromie en akkoord by insolvensie, sien hfst 11.

87) Dws dat daar in die gegewe geval novasie plaasvind, of anders dat 'n kompromie 'n wetlike reëling vir die uitwissing van 'n bestaande skuld is.

88) Ook genoem *oversetting*. Vgl De Groot 3.44.

89) De Wet en Van Wyk 241; Caney 36; Wessels § 2433; Voet 46.2.11 (nie 43.3.11 - sien De Wet en Van Wyk 241 n 98); De Groot 3.44.2; Van der Linden 1.18.2; Pothier par 600 (vert Van der Linden); Thomas 345.

90) Caney 41; Wessels § 2435.

uitgewis word en dat die ou skuldenaar (debiteur) onthef is van aanspreeklikheid en nie meer vir betaling aangespreek kan word nie.⁹¹

Die blote verwisseling van partye by delegasie is voldoende om novasie van die ooreenkoms tot gevolg te hê.⁹²

Delegasie en die maatskappyregtelike skikking of kompromie

Waar die maatskappyregtelike skikkingsaanbod deur 'n derde gemaak word en die maatskappy self 'n party tot die noverende ooreenkoms is, word voldoen aan die vereistes wat vir delegasie gestel word.

Aangesien delegasie 'n vorm van novasie is, word die bestaan van 'n geldige ou skuld vereis. Die bestaan van 'n geldige ou skuld is dan ook gewoonlik 'n uitdruklike voorwaarde van die maatskappyregtelike skikking. In die geval van delegasie word die ou verbintenis uitgewis en kom 'n nuwe in sy plek tot stand. Borge word bevry as gevolg van delegasie, tensy ander reëlins getref is; by 'n maatskappyregtelike skikking word die verpligtinge van borge egter, weens statutêre werking, nie opgehef nie.

3. Expromissio

Van delegasie moet onderskei word 'n *expromissio*. Deur *expromissio* tree 'n derde,⁹³ wat nie iets aan die skuldenaar verskuldig is nie,⁹⁴ tussenby om die plek van die huidige skuldenaar te verkry en sy plek in te neem. Hy doen dit onafhanklik van die bestaande skuldenaar, nie in opdrag van hom nie en moontlik sonder

91) Wessels § 2444.

92) Pothier par 597 (vert Van der Linden).

93) Hierdie derde, die nuwe skuldenaar, staan bekend as 'n *expromissor*. Vgl Caney 5; Wessels § 2434; Berger 465 sv *Expromittente*; Buckland 570; Thomas 346.

94) *Contra* Buckland 570-571; Thomas 345-346.

sy medewete. Die verbintenis bly dieselfde en hoewel daar 'n verandering van skuldenaar is, het die verandering nie by wyse van delegasie plaasgevind nie.⁹⁵

Daar bestaan onsekerheid oor die vraag of *expromissio novasie* is, aldan nie. Caney verklaar dat *expromissio* nie novasie is nie,⁹⁶ maar indien na sommige ou skrywers se standpunt oor *expromissio* gekyk word, blyk dit dat daar nie sonder meer verklaar kan word dat *expromissio* nie of nooit novasie kan wees nie. So verklaar Pothier⁹⁷ dat novasie tot stand kan kom deur die tussenkoms van 'n nuwe skuldenaar sonder dat die eerste, wie se skuld deur die novasie vernietig staan te word, enige aandeel daaraan het en sonder dat hy daartoe toestem. Die rede hiervoor is dat die novasie, sover dit die eerste skuldenaar betref, niks anders as 'n kwytskelding van sy skuld is deur die totstandkoming van 'n nuwe verbintenis wat die derde aangaan.⁹⁸ Hoewel Pothier nie aan hierdie vorm van novasie 'n eie naam gee nie, verwys hy klaarblyklik hier na *expromissio*. Waar Pothier klem lê op die verband tussen *expromissio* en kwytskelding,⁹⁹ verwys Van der Keessel weer na *expromissio* as 'n soort borgtog.¹⁰⁰ Van der Keessel beskou ook *expromissio* in hierdie verband as 'n vorm van delegasie of skuldoordrag.¹⁰¹

Wessels verklaar dat indien die *expromissor* (die plaasvervanger) die ou skuldenaar se belofte nakom, hy die ooreenkoms noveer en die ou skuld uitwis.¹⁰² Indien die ooreenkoms tussen skuldeiser

95) Caney 5, 37; Wessels § 2434.

96) Caney 5.

97) Par 598 (vert Van der Linden).

98) Kwytskelding van 'n ander kan sonder sy toestemming geskied - vgl Pothier par 598 (vert Van der Linden).

99) Sien par 598 (vert Van der Linden).

100) Van der Keessel 1640.

101) Van der Keessel 1640. Delegasie is weer 'n vorm van novasie, wat ook 'n vorm van kwytskelding is.

102) § 2434, met 'n beroep op D 46.2.8.5.

en *expromissor* gekanselleer word voor prestasie, sal die ou skuldenaar steeds verplig wees om te presteer. Indien die ou skuldenaar tot die transaksie toestem, word die *expromissio* 'n egte delegasie.¹⁰³

Beide *expromissio* en novasie is wyses van kwytskelding omdat die skuldenaar in beide gevalle kwytgeskeld word van die verpligting om ingevolge die ou verbintenis te presteer.

Die oplossing van die probleem of *expromissio* novasie is al dan nie, lê waarskynlik daarin geleë dat *expromissio* aanvanklik nie novasie meebring nie, maar dat sodra die *expromissor* ingevolge die kontrak presteer, daar wel novasie met 'n verwisseling van partye plaasvind. Hierdie redenasie is ook nie heeltemal suiwer nie, aangesien novasie met 'n verwisseling van partye, delegasie is - en delegasie vind hier slegs plaas indien die ou skuldenaar toestem tot die oorneem van sy verpligtinge deur die *expromissor*. *Expromissio* voldoen dus nie heeltemal aan die vereistes wat vir novasie gestel word nie.

Expromissio en die maatskappyregtelike skikking of kompromie

Waar 'n derde (as *expromissor*) 'n aanbod aan skuldeisers maak om die skuldeisers se eise of 'n deel daarvan te vereffen, sonder om 'n ooreenkoms met die maatskappy aan te gaan en selfs sonder dat die maatskappy bewus is van die aanbod, vind ons 'n *expromissio*.¹⁰⁴

Weens die besondere bewoording van artikel 311(1), naamlik dat 'n skikking of reëling voorgestel word tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers en/of lede, kan 'n kompromie net 'n *expromissio* wees tot voor bekragtiging van die skema deur die hof. Sodra die kontrak

103) Wessels § 2434.

104) 'n Aansoek tot die hof om toestemming om vergaderings van lede en/of skuldeisers en/of klasse daarvan byeen te roep, kan ingevolge art 311(1) oa deur 'n lid of skuldeiser aan die hof gerig word, sonder dat kennis vooraf aan die maatskappy gegee hoef te word.

tot stand kom, is die maatskappy 'n party tot die kontrak en het daar dus nooit 'n suiwer *expromissio* tot stand gekom nie.

4. Sessie

Sessie kom ter sprake in die kompromie-aanbod by die oordrag van eise teen die maatskappy, deur skuldeisers aan die aanbieder.

Sessie is 'n tweesydigde regshandeling waardeur een persoon (die sedent) sy vorderingsreg aan 'n ander (die sessionaris) oordra, sodat laasgenoemde skuldeiser word in eersgenoemde se plek.¹⁰⁵

Die medewerking van die skuldenaar is nie nodig vir die sessie nie.¹⁰⁶

Die verskil tussen sessie en novasie lê daarin dat sessie 'n oordragshandeling is waardeur die verbintenis self oorgedra word en wat geen novasie of enige verandering van die regte wat oorgedra word, meebring nie. Die regte wat deur sessie oorgedra word, gaan op die sessionaris oor met al die gebreke wat daaraan mag kleef.¹⁰⁷

Daar bestaan nie duidelikheid oor die vraag of 'n gedeelte van 'n vorderingsreg gesedeer kan word nie.¹⁰⁸

5. Koopkontrak

'n Skikking- en reëlinskema ingevolge artikel 311 word dikwels gebruik om op indirekte wyse beheer oor die maatskappy se bates of 'n gedeelte daarvan, aan 'n derde, die aanbieder, te laat toekom. Die derde maak 'n aanbod vir die koop van al die maatskappy se uitgereikte aandele, sowel as 'n aanbod vir die koop van skuldeisers

105) De Wet en Van Wyk 225; Scott *Sessie in die Suid-Afrikaanse Reg* (LL D-proefskrif) 143 (hierna na verwys as "Scott"); Caney 6; Pothier 605 (vert Van der Linden).

106) De Wet en Van Wyk 226; Scott 143; Voet 18.4.15, 46.2.12; Pothier 605 (vert Van der Linden); Huber 3.40.14.

107) De Wet en Van Wyk 229; Voet 18.4.13; Pothier 605 (vert Van der Linden); Scott 108-110.

108) Sien Scott 269 ev; De Wet en Van Wyk 231, veral n 37.

se vorderingsregte teen die maatskappy. Om hierdie rede is dit nodig om te kyk na die algemene beginsels van die koopkontrak.

h Koopkontrak is h wederkerige ooreenkoms waardeur een persoon (die verkoper) onderneem om aan h ander h saak te lewer, in ruil daarvoor dat die ander (die koper) onderneem om aan die verkoper h som geld te betaal.¹⁰⁹ Enige saak kan die voorwerp van h koopkontrak wees, onder andere onliggaamlike sake en toekomstige sake.¹¹⁰ Die koopprys moet in geld betaalbaar wees¹¹¹ en moet bepaald of bepaalbaar wees.¹¹²

Koopkontrak, Sessie en die Maatskappyregtelike skikking of kompromie

Indien h derde h bedrag geld beskikbaar stel vir verdeling onder skuldeisers in ruil vir sessie van hul eise, en die aanbod deur skuldeisers aanvaar en deur die hof bekragtig word, kom h koopkontrak tot stand vir die koop van skuldeisers se eise. Sessie is die oordragshandeling waardeur die eise teen die maatskappy wat deur die derde gekoop word, aan hom oorgedra word.

Probleme ontstaan weens die feit dat dit nie duidelik is of h gedeelte van h vorderingsreg gesedeer kan word al dan nie, en wel spesifiek met betrekking tot borgkontrakte. Die borgkontrak is h aksessore verbintenis wat nie kan bestaan sonder die hoofverbintenis nie.¹¹³ Dit is dus waarskynlik nie vir h skuldeiser moontlik om die hoofverbintenis aan h ander te sedeer terwyl hy vir homself die reg voorbehou om self teen die borge vir betaling op

109) De Wet en Van Wyk 278; De Groot 3.14.1; Lybreghts 2.14.1; Van Leeuwen 1.15.8; Huber 3.2.2; Van der Keessel 1251.

110) De Wet en Van Wyk 278; De Groot 3.14.9; Voet 18.1.13; Lybreghts 2.14.4; Huber 3.3.I; Van der Linden 1.15.8. De Groot 3.14.12 verklaar uitdruklik dat skulde verkoop kan word.

111) De Wet en Van Wyk 278; De Groot 3.14.24; Voet 18.1.22; Huber 3.4.1; Van der Linden 1.15.8.

112) De Wet en Van Wyk 279; 83-84; De Groot 3.14.23; Voet 18.1.23; Huber 3.4.5; Van der Linden 1.15.8.

113) De Wet en Van Wyk 345; Pothier 366 (vrt Van der Linden).

te tree nie, want hy is na sessie van die hoofverbintenis immers nie meer skuldeiser nie.

Aan die ander kant bestaan daar onsekerheid of die regte teen die borge outomaties met die sessie op die sessionaris oorgaan,¹¹⁴ hoewel dit wil voorkom asof meeste gesag ten gunste van outomatiese oorgang is.¹¹⁵

By die maatskappyregtelike skikking word egter statutêr bepaal¹¹⁶ dat die verpligtinge van borge vir die maatskappy nie "geraak" word deur 'n skikking of reëling nie. Onder hierdie besondere omstandighede het die hofe beslis dat, ten spyte daarvan dat sessie van die hoofskuld aan 'n derde plaasgevind het, die sedent steeds die reg behou om teen die borge op te tree.¹¹⁷

Hierdie resultaat is logies korrek: borge verbind hulself juis vir die geval waar die skuldenaar nie presteer nie, en die bedoeling van die partye¹¹⁸ by die maatskappyregtelike skikking of kompromie is dat borge, ten spyte van die kompromie, ten volle aanspreeklik sal bly vir nakoming van die maatskappy se verpligtinge.

114) Vgl Scott 220; De Wet en Van Wyk 230; Voet 18.4.12; Huber 3.13.31; *McNeil v Insolvent Estate of Robertson* (1882) 3 NLR 190 op 193; *Inter-Union Finance Ltd v Dunsterville* 1956 (4) SA 280 (D) 286A, gekritiseer in (1957) 74 SALJ 16 en 130; *Nell v Barry NO en 'n Ander* 1958(2) SA 687 (O) 692E-G; *Friedman v Bond Clothing Manufacturers (Pty) Ltd* 1965(1) SA 673 (T) 677A-C; *Moss & Page Trading Co (Pty) Ltd v Spancraft Furniture Manufacturers & Shopfitters (Pty) Ltd and Others* 1972(1) SA 211 (D) 218E-F

115) Scott 220 n 360.

116) Art 311(3).

117) Vgl *Friedman v Bond Clothing Manufacturers (Pty) Ltd* 1965(1) SA 673 (T); *Dick and Another v Olver and Another* 1979(4) SA 880 (K).

118) Soos statutêr neergelê in art 311(3).

6. Die Lasgewingsooreenkoms of Mandatum

Die lasgewingsooreenkoms kom ter sprake by die amp van ontvanger namens skuldeisers.

'n Lasgewingsooreenkoms is 'n ooreenkoms kragtens welke die lashebber onderneem om 'n opdrag uit te voer vir die lasgewer.¹¹⁹ Die lashebber is nie 'n verteenwoordiger van die lasgewer nie.¹²⁰

Die lashebber se pligte sluit in dat hy die opdrag wat hy onderneem, stiptelik, met sorg, getrou en eerlik moet uitvoer.¹²¹ Die lasgewingsooreenkoms skep 'n vertrouensverhouding tussen die lasgewer en die lashebber, sodat hy die lasgewer se belang voorop moet stel en nie vir eie belang, of vir die belang van 'n ander, die lasgewer se sake moet behartig nie.¹²² 'n Verdere plig van die lashebber is om te geleger tyd rekenskap van sy bewindvoering aan die lasgewer te gee.¹²³ Die lashebber moet ook binne die perke van sy lasgewing optree.¹²⁴

Die lasgewingsooreenkoms as element van die maatskappyregtelike skikking of kompromie

Die uitvoering van die maatskappyregtelike skikkingsooreenkoms word gewoonlik aan 'n derde opgedra, die sogenaamde ontvanger namens skuldeisers. Die ontvanger word deur die aanbieder in die kompromie-aanbod genomineer en sy taak, bevoeghede en verpligtinge word deur die bepalings van die kompromie beheers.

-
- 119) De Wet en Van Wyk 340; De Groot 3.12.2; Van Leeuwen 4.26.1; Voet 17.1.2; Huber 3.12.1; Van der Linden 1.15.14.
- 120) De Wet en Van Wyk 340 n 15. Die ou skrywers onderskei nie altyd tussen lasgewing en verteenwoordiging nie. Vgl bv Van der Linden 1.15.14; Huber 3.12.1.
- 121) De Wet en Van Wyk 341; De Groot 3.12.8; Van Leeuwen 3.26.8; Voet 17.1.9; Van der Linden 1.15.14; Huber 3.12.26; Van der Keessel 1199.
- 122) De Wet en Van Wyk 341.
- 123) De Wet en Van Wyk 341; Van der Linden 1.15.14.
- 124) Huber 3.12.24; Van Leeuwen 4.26.8.

Wanneer die kompromie deur die hof op al die skuldeisers bindend gemaak word, word die ontvanger, weens die bepalings van die skikking, outomaties in sy amp aangestel.¹²⁵

Hoewel dit *prima facie* voorkom asof die ontvanger namens skuldeisers die lashebber van die aanbieder is, is dit waarskynlik nie so nie, omdat 'n hoë mate van onpartydigheid van hom ver wag word en dit ook van hom ver wag word om na die belange van skuldeisers om te sien.¹²⁶ Meer bevredigend sou die standpunt wees dat hy die lashebber van al die partye wat by die kompromie betrokke is, is.

7. Assignasie, aanwysing

By die kompromie mag daar sprake van assignasie wees waar die maatskappy die skuldeisers meedeel dat hulle hul na die ontvanger namens skuldeisers kan wend vir betaling.

Assignasie vind plaas waar die skuldenaar die skuldeiser meedeel dat laasgenoemde hom na 'n aangewese derde kan wend vir betaling.¹²⁷ Die derde na wie die skuldeiser verwys, is nie self teenoor die skuldeiser gebonde nie.¹²⁸ Die skuldeisers hoef nie na die derde te gaan nie.

Assignasie en die maatskappyregtelike skikking of kompromie

In die geval van die maatskappyregtelike skikking is die skuldeisers verplig om, indien so ooreengekom, hul tot die ontvanger

125) Die hof stel soms die ontvanger namens skuldeisers in sy amp aan wanneer die skikking bekragtig word, maar uitdruklike aanstelling deur die hof is nie 'n vereiste nie. Vgl bv die bevel gemaak op 12 Oktober 1982 in *Ex parte Cronjé NO* TPA saak no 14250/82 (ongerapporteerde).

126) Sien hfst 8 en vgl *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978(2) SA 134 (D).

127) De Wet en Van Wyk 241, veral n 101; Caney 6-7; Scott 235; De Groot 3.45.I; 3.44.5; Van Leeuwen 4.40.10; Voet 44.2.13; Huber 3.40.15; Pothier 605 (vert Van der Linden); Van der Keessel 1643-1644; Lee *Commentary* 3.45.1.

128) De Wet en Van Wyk 241 n 101; Caney 6-7; Voet 44.2.13; Pothier 605 (vert Van der Linden).

namens skuldeisers te wend vir betaling en het hul nie 'n vrye keuse nie. Daar vind dus nie assignasie plaas by die maatskappy-regtelike skikking of kompromie nie.

F. GEVOLGTREKKING

Die maatskappyregtelike skikking of kompromie is 'n kontrak tussen 'n maatskappy en sy lede en/of skuldeisers, of 'n klas¹²⁹ van hulle. Hierdie kontrak word deur tussenkoms van die hof bindend op die hele klas of groep wat daarby betrokke mag wees, gemaak, selfs teen die sin en wil van die minderheid.

Ingevolge die bepalings van die kompromie word persone wat nie reageer op die aanbod tot skikking van hulle eise teen die maatskappy deur betyds, nadat hulle kennis van die kompromie gekry het, die aard en omvang van hul eise op die voorgeskrewe wyse te bewys nie, gewoonlik geag afstand te gedoen het van hul eise teen die maatskappy. In die geval van skuldeisers, is die enigste *nexus* of verband wat tussen die skuldeisers onderling bestaan het voordat die kompromie goedgekeur is, die feit dat hulle toevallig almal skuldeisers van dieselfde maatskappy was. Deur tussenkoms van die hof word elke individuele skuldeiser meteens deel van 'n klas skuldeisers wat 'n aanbod moet oorweeg; besluit die voorgeskrewe meerderheid van dié wat hul stemme by die vergadering uitbring, ten gunste van aanvaarding van die aanbod, en bekragtig die hof op grond hiervan die kompromie, is al die lede van die klas of groep gebonde aan die kompromie, afgesien daarvan of hulle op die vergadering teenwoordig was, hul stem uitgebring en ten gunste van of teen aanvaarding van die aanbod gestem het.

Groot groepe persone word by so 'n kompromie betrek¹³⁰ en die kompromie-aanbod is gewoonlik 'n lywige dokument wat dan ook 'n groot

129) Oor die betekenis van "klas", sien Hfst 7 D2.

130) Vgl bv *Carruth v Imperial Chemical Industries Ltd* (1937) 2 All ER 422 (HL) 439 453 waar sowat 1 600 aandeelhouers persoonlik teenwoordig was by 'n vergadering om 'n skikking- en reëlinskema te oorweeg.

aantal regsverhoudinge reël. Weens die tussenkoms van die hof by die totstandkoming van die ooreenkoms, is dit moeilik om die ooreenkoms na bekragtiging te wysig, en kan wysiging slegs plaasvind deur tussenkoms van die hof.

Ten spyte van die groot aantal regsverhoudinge wat deur die kompromie gereël word, word daar statutêr min leiding gegee oor die vorm en inhoud van die kompromie self. Die enigste bepaling is dié vervat in artikel 311(3), wat bepaal dat die aanspreeklikheid van borge vir die verpligtinge van die maatskappy, nie ophef of gewysig word weens aanvaarding van die kompromie nie.

In die geval van onduidelikheid of onsekerheid, moet daar, weens die gebrek aan statutêre leiding, teruggegaan word na die algemene beginsels van die kontraktereg. Dit is egter nie altyd duidelik watter beginsels van die kontraktereg in 'n gegewe geval van toepassing is nie.

Probleme oor die vertolking van die skikkingsooreenkoms ontstaan gewoonlik in die geval van versuim deur die aanbieder om te presenteer.

Wanneer gekyk word na die aard van die maatskappyregtelike skikkingsooreenkoms, is dit logies om eerste leiding te wil soek by die algemene beginsels van die kontrakregtelike skikking. Die maatskappyregtelike skikking of kompromie is egter glad nie 'n skikking in kontrakregtelike verband nie. Die doel van 'n kontrakregtelike skikking is om 'n geskil wat tussen partye bestaan, uit die weg te ruim en finaliteit te bereik. Om hierdie rede is die geldigheid al dan nie van die voorafgaande verbintenis nie van belang nie. Die doel van 'n kompromie daarenteen is om 'n sukkelende maatskappy die geleentheid te gee om weer finansieel op die been te kom. Van skuldeisers word gewoonlik vereis om die aard en omvang van hul eise bevredigend te bewys; die geldigheid van elke voorafgaande verbintenis is dus van kardinale belang.

Daar kan by 'n kompromie van novasie sprake wees indien die skikking met skuldeisers deur die maatskappy self voorgestel word en

daar 'n duidelike bedoeling is om die ou skuld te noveer. Indien die kompromie-aanbod deur 'n derde gemaak word, in ruil vir sessie van skuldeisers se eise teen die maatskappy, vind daar delegasie plaas. By novasie sowel as by delegasie, is die bestaan van 'n geldige ou verbintenis 'n vereiste. As gevolg van novasie of delegasie, word die ou verbintenis uitgewis en kan die maatskappy nie weer op die ou verbintenis aangespreek word nie, soos byvoorbeeld in die geval van kontrakbreuk deur die aanbieder.

Hoewel daar al in regspraak na 'n kompromie as 'n *expromissio* verwys is,¹³¹ kan daar nooit 'n *expromissio* in sy suiwer vorm wees nie, omdat die hof deur artikel 311(1) en (2) gemagtig word om 'n skikking of reëling tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers of lede goed te keur. Hoewel die aanvanklike aanbod sonder die medewete of medewerking van die maatskappy aan skuldeisers of lede gerig kan word, sodat dit na 'n *expromissio* lyk, word die maatskappy 'n party tot die ooreenkoms wanneer die hof die kompromie bekragtig, dit wil sê die maatskappy word by totstandkoming van die ooreenkoms, 'n party tot die ooreenkoms.

By die kontrakregtelike skikking sowel as by novasie en delegasie, kom daar telkens 'n nuwe verbintenis tot stand, sodat borge ten opsigte van die ou verbintenis outomaties bevry sou word. Weens die bepalings van artikel 311(3), bly borge vir 'n maatskappy se verpligtinge steeds gebonde, ten spyte van die bekragtiging van die kompromie.

'n Kompromie is nooit onvoorwaardelik 'n novasie of delegasie nie. Die aard van 'n kompromie kan ook gesien word as dié van 'n wetlike reëling om die bestaande skuld van 'n maatskappy uit te wis.

Die beginsels van die koopkontrak en van sessie kom ook ter sprake by 'n kompromie, aangesien 'n kompromie dikwels een of meer koopkontrakte bevat, soos byvoorbeeld 'n kontrak vir die koop van skuldeisers se eise teen die maatskappy. Die oordrag van hierdie regte vind deur middel van sessie plaas. Met die oordrag van hierdie

131) Vgl *Metal Box Co of SA Ltd v A S Dunstan (Pty) Ltd* 1974(2) SA 208 (T) 211.

regte ontstaan daar probleme omdat dit nie vasstaan dat 'n skuldeiser vir homself die reg kan voorbehou om teen borge op te tree vir die balans, nadat hy die hoofskuld aan 'n ander oorgedra het nie. Hierdie probleme ontstaan weens die onsekerheid wat daar in ons reg bestaan oor die vraag of 'n gedeelte van 'n eis gesedeer kan word en of die regte teen borge outomaties met die sessie op die sessionaris oorgaan. Ten spyte van hierdie onsekerheid in ons reg, laat ons howe, in die lig van die besondere bepalings van artikel 311, wel 'n sedent toe om teen die borge op te tree, nadat die hoofskuld ingevolge 'n bekragtigde kompromie aan 'n ander gesedeer is.¹³²

Wanneer daar 'n ontvanger namens skuldeisers ingevolge 'n kompromie aangestel word,¹³³ is hy die lashebbber van al die betrokke partye en geld die algemene beginsels wat op lasgewing van toepassing is. Hoewel skuldeisers hul tot die ontvanger vir betaling wend, vind daar nie assignasie plaas nie omdat hulle verplig is om hulle tot hom te wend vir betaling, en dit nie uit vrye keuse doen nie.

132) Oor die aanspreeklikheid van borge, sien hfst 8 I.

133) Oor die ontvanger namens skuldeisers, sien hfst 8 G.

HOOFSTUK 6

BEPALINGS VAN DIE SKIKKINGSAANBOD

- A. INLEIDING
- B. BEPALINGS VAN DIE SKIKKINGSAANBOD
 - 1. *Aanbieder*
 - 2. *Geadresseerde*
 - 3. *Definisies*
 - 4. *Vergoeding aan skuldeisers en aandeelhouders*
 - a) *Wie skuldeisers is*
 - b) *Aanbod in paaiemente*
 - c) *Kontantaanbod en realisering van bates*
 - d) *Voorkeur- en versekerde skuldeisers*
 - e) *Sekuriteit vir betaling*
 - 5. *Voorsitter en ontvanger namens skuldeisers*
 - a) *Nominasie*
 - b) *Sekuriteit*
 - c) *Rekenskap*
 - d) *Vrywaring*
 - e) *Verwydering*
 - f) *Vervanging*
 - g) *Vergoeding*
 - 6. *Bewys van eise deur skuldeisers*
 - a) *Algemene vereiste*
 - b) *Voorsitter se magte*
 - c) *Appel teen verwerping van eise*
 - d) *Afstanddoening van eise*
 - e) *Sessie van eise en vermindering van eise*
 - 7. *Kennisgewings aan skuldeisers*
 - 8. *Opheffing van likwidasië of geregtelike bestuur*
 - 9. *Koste van skikkingskema*
 - a) *Koste van skema*
 - b) *Likwidasië-koste en koste van geregtelike bestuur*
 - c) *Taksasie van koste*

-
10. *Hervestiging van bates*
 11. *Spesiale opdragte aan die ontvanger*
 12. *Algemene magte van die ontvanger*
 13. *Bank- en spaarrekeninge*
 14. *Waarborge gegee deur likwidateur of geregtelike bestuurder*
 15. *Vrywarings gegee deur ontvanger*
 16. *Terugtrekking en wysiging van skikkingsaanbod*
 - a) *Terugtrekking of verval van die skikkingsaanbod*
 - b) *Wysiging van die skikkingsaanbod deur die aanbieder*
 17. *Ontbinding van die skikkingsooreenkoms.*
 18. *Deelbaarheid en ondeelbaarheid van die aanbod.*
 19. *Voortsetting van hofgedinge.*
 20. *Domicilium citandi et executandi van die aanbieder en die geadresseerde.*
 21. *Ondertekening*
 22. *Seëlregte*

C. GEVOLGTREKKING

A. INLEIDING

Die enigste statutêre aanwysing mbt die vorm, inhoud of aard van die skikkingsooreenkoms is die bepaling van a 311(3) dat die aanspreeklikheid van borge vir die maatskappy se verpligtinge, nie gewysig word deur bekragtiging van 'n skikking- of reëlingskema nie. Verder swyg die wet oor wat in die kontrak vervat moet word en watter aangeleenthede daarin deur die partye daartoe gereël moet word.

'n Groot aantal partye is by so 'n ooreenkoms betrokke¹ en die ooreenkoms kan, nadat dit in werking getree het, nie deur

1) Vgl H 5.

onderlinge ooreenkoms gewysig word nie, maar slegs deur tussenkoms van die hof.²

Vanaf die stadium wanneer die skikkingsooreenkoms in werking tree, word die verdere verloop van die prosedure deur die ooreenkoms gereël. Hierdie ooreenkoms reël dan ook 'n groot aantal onderlinge verhoudinge, regte en verpligtinge.

Die kontrak wat deur die hof goedgekeur word, bestaan hoofsaaklik uit die aanbod wat die aanbieder aanvanklik voor die hof gelê het toe aansoek gedoen is om verlof om vergaderings byeen te roep. Dit is dus duidelik dat hierdie aanbod met die grootste mate van sorg en vaardigheid opgestel moet word. Om hierdie rede word 'n ontleding gemaak van die belangrikste klousules wat in so 'n aanbod vervat kan word.

B. BEPALINGS VAN DIE SKIKKINGSAANBOD

1. Die Aanbieder

Die aanbieder kan 'n natuurlike of 'n regspersoon wees, of die aanbod kan deur 'n aantal persone gesamentlik gemaak word.³ Indien die aanbieder nie een van die partye genoem in a 311(1)⁴ is nie, sal hy nie *locus standi* hê om self die hof te nader om toestemming vir die byeenroep van vergaderings nie.⁵

Die aanbieder kan die aanbod namens homself maak, of kan verklaar dat hy die reg voorbehou om sy regte ingevolge die

-
- 2) Oor wysiging van 'n bekragtigde ooreenkoms, sien H 4 E en H 8 D.
 - 3) Vgl bv *Cronjé, Watertest* (aanbod deur die natuurlike persone gesamentlik); *Montague Street* (aanbod deur die drie maatskappye gesamentlik).
 - 4) Dws die maatskappy self, 'n skuldeiser, lid, geregtelike bestuurder of likwidateur. Sien ook H 7 B 1.
 - 5) Vgl *Ex parte Lipschitz : In re GOR Garage (Pty) Ltd (In liquidation)* 1963(1) SA 375(GW).

ooreenkoms aan 'n genomineerde oor te dra. Indien die aanbieder voorgee om namens 'n maatskappy op te tree, behoort skriftelike bewys van sy magtiging om namens die maatskappy op te tree, gelewer te word en/of hy moet in die aanbod waarborg dat hy die nodige magtiging het.

2. Die geadresseerde

Die aanbod kan direk aan skuldeisers gerig word⁷ of aan die geregtelike bestuurder⁸, likwidateur⁹ of 'n derde wat in die aanbod as voorsitter en ontvanger namens skuldeisers benoem word.¹⁰

3. Definisies

Weens die omvang van die skikkingsaanbod word daar dikwels 'n paragraaf met definisies ingevoeg. Die doel van so 'n paragraaf is om onduidelikheid oor interpretasie van bepaalde woorde uit die weg te ruim.

Die mees algemene definisies is die volgende:

-
- 6) Vgl *Glen Anil 1; Ex parte Hessels NO: in re Beuken Investments (Pty) Ltd (In Liquidation)* TPA saak No 0175/78 (ongerapporteer) par 15 (hierna na verwys as "Beuken"); *Sidmoll 1*. Dit is nie wenslik dat die aanbieder toegelaat word om die reg voor te behou om sy *verpligtinge* aan 'n ongeopenbaarde derde oor te dra nie.
- 7) Vgl *Ex parte Hessels NO* TPA 1074/77 ongerapporteer (hierna na verwys as "Hessels, PJC Ondernemings"); *Montague Street; Cronje, Splendid Properties; BX4 Konstruksie; Cronjé, La Provence; Cronjé, Watertest*.
- 8) Vgl *Etoria*
- 9) Vgl *Van der Walt, Chris D Botha; Meyerbank; Hessels, Minnaar Trust; Beuken; Kleecal*. In *Sidmoll* is die aanbod eenvoudig gerig aan "Dear Sir", en oorhandig aan die voorlopige geregtelike bestuurder.
- 10) Vgl *Ex parte Carstens NO: In re Lowveld Fence & Wire Industries (Pty) Ltd (In Liquidation)* TPA M231/78 (ongerapporteer) (hierna na verwys as "Lowveld Fence & Wire"); *Ex parte Hessels NO: In re Nylstroom Uitrusters (Eiendoms) Beperk (In final liquidation)* TPA M 380/78 (hierna na verwys as "Nylstroom Uitrusters") waar die aanbod aan die likwidateur gerig is maar 'n derde as voorsitter en ontvanger benoem is. Sien ook *Glen Anil*, waar die aanbod aan die mede-likwidateur gerig is maar 'n derde as 'n alternatiewe voorsitter deur die hof aangestel is.

Die Wet,	synde die Maatskappywet, wet 61 van 1973.
Skema,	synde die skikking en reëling hierin voorgestel tussen die maatskappy en sy skuldeisers en/of lede soos op die voorgeskrewe datum.
Vorgeskrewe datum,	synde die datum van voorlopige likwidasie of voorlopige geregtelike bestuur. ¹¹
Hof,	synde die bepaalde afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika wat oor die skema sal beslis.
Voorwaardes,	synde die voorwaardes waaraan die skema onderhewig is, soos uiteengesit in paragraaf X. ¹²
Effektiewe datum,	synde die datum waarop die bevel gegee word om die skema te bekragtig, sowel as die datum waarop die likwidasiebevel teen die maatskappy opgehef word, welke datum ookal die laatste is. ¹³

Ander woorde wat ook soms gedefinieer word, is versekerde eis, versekerde skuldeiser, voorkeureis, voorkeur-skuldeiser, konkurrente eis, konkurrente skuldeiser¹⁴ aandele, ontvanger namens skuldeisers,¹⁵ gewaarborgde skuldeiser,¹⁶ die aanbieder.

-
- 11) Gewoonlik word die eise van skuldeisers soos wat hul op die voorgeskrewe datum bestaan, in ag geneem vir doeleindes van die skema.
 - 12) In Engels ook na verwys as "conditions precedent."
 - 13) Die effektiewe datum is die datum waarop die skema in werking tree, hoewel dit eers bindend word op die datum van registrasie by die Registrateur. Vgl a 311(6) (a).
 - 14) Hierdie definisies stem gewoonlik ooreen met dié van die Insolvensiewet, wet 24 van 1936, soos gewysig. Vgl a 342 van die Wet.
 - 15) Die ontvanger se naam word vermeld.
 - 16) Dit is 'n skuldeiser wat 'n waarborg hou van enige ander persoon vir die verpligtinge van die maatskappy.

4. Vergoeding aan skuldeisers en aandeelhouders.

a) Wie skuldeisers is

Dit is wenslik om 'n datum te bepaal, soms genoem die voorgeskrewe datum, waarop skuldeisers van die maatskappy moes gewees het ten einde te deel in die skema. Die voorgeskrewe datum stem gewoonlik ooreen met die datum van voorlopige likwidasië of voorlopige geregtelike bestuur.

Indien die maatskappy onder geregtelike bestuur is, kan 'n onderskeid gemaak word tussen skuldeisers wie se eise voor en na datum van geregtelike bestuur ontstaan het.

Na-likwidasië skuldeisers word nie deur die aanbod gebind nie, tensy die skema uitdruklik so bepaal.¹⁷ Die skema kan ook voorsiening maak vir die betaling van voorwaardelike skuldeisers.¹⁸

In die algemeen gesproke behoort dieselfde voorkeure te geld as in die geval van likwidasië,¹⁹ hoewel bepaalde skuldeisers vooraf kan instem om mindere vergoeding te ontvang, of om afstand te doen van hul eise, tot voordeel van konkurrente skuldeisers,²⁰ of bepaalde skuldeisers uitdruklik uitgelaat kan word.²¹

b) Aanbod in paaiemente.

Die aanbod kan behels dat daar periodiek in die toekoms

17) *Gangapersad v Pompeni Stores (Pty) Ltd* 1956(4) SA 56(D).

18) *Ex parte Currie* NO 1966(4) SA 546(D).

19) Pennington 473-474.

20) Vgl bv *Hessels, PJC Ondernemings* par 4.1; *Lowveld Fence & Wire* par 2.1.5; *Nylstroom Uitrusters* par 2.1.4; *Cronjé, La Provence* par 14.9; *Cronjé, Watertest* par 14.9.

21) Vgl *Glen Anil* par 1.13 waar 'n afsonderlike ooreenkoms met bepaalde versekerde skuldeisers aangegaan is; *Sidmoll* par 1.2.2.11; *Cronjé, Splendid Properties* par 2.5, waar spesiale reëlings getref is mbt vooruitbetaalde huur en terugbetaalbare deposito's deur huurders betaal.

uit winste van die maatskappy of andersins, h vasgestelde bedrag geld aan die ontvanger namens skuldeisers beskikbaar gestel word vir verdeling onder konkurrente skuldeisers.²² Dit is wenslik dat die een of ander vorm van sekuriteit vir sodanige betaling gestel word²³ en dat die kontrak h sg vervroegingsbeding bevat.²⁴

- c) Kontantaanbod en realisering van bates.
Die aanbod kan wees om h vaste bedrag²⁵ aan die ontvanger te betaal vir delging van kostes en vir verdeling van die balans onder skuldeisers,²⁶ of dit kan wees om h bepaalde persentaise van konkurrente skuldeisers se eise te betaal,²⁷ of dit kan h alternatiewe aanbod wees.²⁸

-
- 22) Sien bv *In re Unity Motors (Pty) Ltd* 1956(4) SA 14(W); *Bagus Allie v Meer-Onia (Pty) Ltd* 1948(4) SA 550(K); *In re Gipsy King GM Coy (In Liquidation)* 1923 WLD 155; *Liquidator Dainty Foods Ltd v Glenton & Mitchell* 1942 EDL 26; *Ex parte Utility Shoe Manufacturing Company and Others: In re ABC Store (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1948(4) SA 1(W); *Ex parte Singh and Another (Pty) Ltd: In re Orkin Brothers (Pretoria) Ltd (Under Judicial Management)* 1950(1) SA 471(T); *Ex parte Luck NO: In re Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd* 1963(2) SA 271 (W); *Etoria* par 3b iii *Kleecal* par 2.2.6; *Cronjé, La Provence* par 4.5; *Cronjé, Watertest* par 4.5.2.3.
- 23) Oor die verskaffing van sekuriteit, sien e) hieronder.
- 24) Dws h bepaling dat indien een paaiement agterstallig is, al die uitstaande paaiemente onmiddellik betaalbaar word. Vgl *Ex parte AG Frohlich & Sons (Pty) Ltd* 1969(2) PH E11 (BHC)
- 25) Bv R100 000.
- 26) Sien bv *Jeral Distributors v Rosen* 1975(2) SA 149(K) 152F; *Gunn and Another NNO v Victory Upholsterers (Pty) Ltd* 1976(1) SA 127(D) 133B.
- 27) Vgl *Hessels, Minnaar Trust* par 4.2.7; *Bevken* par 4.1.6; *Montague Street* par 3.5 (volle betaling). *Cronjé, La Provence* par 5.5 (volle betaling). *Dundas & Miller (Pty) Ltd v Borton NO* 1971(1) SA 106(OK).
- 28) Vgl bv *Ex parte Wells NO* 1968(4) SA 391(W) - totale bedrag van R48 100 vir verdeling tussen konkurrente skuldeisers, of 29 sent in die Rand, welke bedrag ookal die kleinste mag wees; *Sidmoll* par 6.8 - volle betaling mits totaal nie meer as R17 000 behoop.

Versigtigheidshalwe kan bygevoeg word dat enige kontant in Suid-Afrikaanse geld betaalbaar is en dat alle bank-koste ivm die betaling, deur die aanbieder betaal sal word.²⁹

Die aanbod hoef nie geheel en al uit kontant te bestaan nie, maar kan voorsiening maak vir die realisering van sekere bates van die maatskappy deur die ontvanger namens skuldeisers, tot voordeel van skuldeisers,³⁰ of kan voorsiening maak vir die sessie van uitstaande debiteure vir invordering deur die ontvanger.³¹

Die vergoeding kan ook bestaan uit aandele in 'n nuwe maatskappy.³²

d) Voorkeur- en versekerde skuldeisers.

Die skema mag voorsiening daarvoor maak dat versekerde skuldeisers 'n deel of die geheel van hul sekuriteit verbeur.³³

Hoewel 'n skema normaalweg net betrekking het op eise van skuldeisers soos op 'n voorafbepaalde datum,³⁴ mag die

-
- 29) Sien bv *Glen Anil* par. 4.3.2.
- 30) Sien bv *Ex parte Klopper and Another NNO: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254(T); *BX4 Konstruksie* par.8.
- 31) Waar uitstaande debiteure deur die ontvanger ingevorder moet word, moet die skema uitdruklik voorsiening maak vir die sessie van sodanige debiteure aan die ontvanger. In *Gunn and Another NNO: v Victory Upholsterers (Pty) Ltd* 1976(1) SA 127(D) het die skema vermeld dat 'die opbrengs van die uitstaande debiteure beskikbaar sou wees vir verdeling onder skuldeisers, maar in 'n geding deur die ontvangers om hierdie geld in te vorder, is bevind dat die ontvanger nie *locus standi* gehad het om self te dagvaar vir hierdie bedrae nie.
- 32) Vgl bv *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W).
- 33) *Re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Company* (1891) 1 Ch 213. Vgl ook *Du Preez and Another v Garber: In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 823B.
- 34) Sien 3 hierbo, sv. "Voorgeskrewe datum".

aanbod daarvoor voorsiening maak dat rente op versekerde eise wat na die voorgeskrewe datum, tot datum van betaling toe, oploop, ook betaal sal word.³⁵ Die aanbod kan ook bepaal dat die eise van voor-geregtelike bestuur skuldeisers rente sal dra tot op datum van bekragting van die skema.³⁶

e) Sekuriteit vir betaling.

Dit is wenslik dat die aanbieder bevredigende sekuriteit verskaf vir die nakoming van sy verpligtinge ingevolge die skema, asook 'n waarborg vir betaling van verspilde koste indien die skema nie bekragtig word nie.³⁷

Die feit dat die aanbieder geen sekuriteit verskaf vir die nakoming van sy verpligtinge nie, is nie 'n geldige beswaar teen die bekragting van die skema nie.³⁸

Die algemene reël is dat skuldeisers self moet besluit of die sekuriteit wat voorsien is, voldoende is, hoewel die voorsitter van vergaderings hulle in hierdie verband van raad kan bedien. Indien die ooreenkoms egter bepaal dat sekuriteit tot bevrediging van die voorsitter verskaf moet word,³⁹

35) *Miller's Trust Foreshore Properties (Pty) Ltd v Kasimov* 1960(4) SA 953(K) 957-958.

36) *Ex parte Currie NO* 1966(4) SA 546(D).

37) Waar die maatskappy in likwidasie is en die likwidateur nie in staat is om verspilde regs-koste van 'n aanbieder te verhaal nadat hy op sterkte van die aanbod die hof genader het vir toestemming om vergaderings byeen te roep nie, sal die likwidateur persoonlik aanspreeklik wees vir betaling van die koste. Dieselfde geld vir 'n geregtelike bestuurder.

38) *Ex parte AG Frohlich & Sons (Pty) Ltd* 1969(2) PH E11 (Botswana HC).

39) Sien bv *Hessels, PJC Ondernemings* par 3.2.1 *Lowveld Fence & Wire* par 2.3; *Glen Anil* par 4.2; *Sidmoll* par 5.2; *Cronjé, Splendid Properties* par 4.1.2.

verskuif die verantwoordelikheid vir hierdie besluit vanaf die vergadering van skuldeisers na die voorsitter.⁴⁰

5. Die Voorsitter en Ontvanger Namens Skuldeisers.

a) Nominasie.

Die aanbod behoort 'n persoon aan te wys om as voorsitter van vergaderings en, waar nodig, as ontvanger namens skuldeisers op te tree. Daar bestaan geen formele kwalifikasies of vereistes waaraan hierdie persoon moet voldoen nie,⁴¹ hoewel dit wenslik is dat hy 'n onpartydige persoon moet wees.⁴²

Dit is wenslik om tegelykertyd voorsiening te maak vir 'n plaasvervanger, indien die aangewese voorsitter nie sy pligte sou kon nakom nie.⁴³

In 'n ou Australiese saak⁴⁴ het die hof geweier om 'n voorsitter aan te stel omdat die maatskappy 'n lopende besigheid was en die hof van mening was dat dit nie behoort in te meng

40) Daar bestaan nie direkte gesag vir hierdie punt nie, maar in die lig van die algemene rol en pligte van die voorsitter (sien H 7 D 9) en die hof se houding oor die belangrikheid van die mening van skuldeisers (sien H 7 F 3), is hierdie standpunt waarskynlik korrek.

41) Sien H 7 D oor die voorsitter van vergaderings en H 8 G oor die ontvanger namens skuldeisers.

42) Vgl *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978 (2) SA 134 (D).

43) Vgl bv *Bevken* par 5.1. Die plaasvervanger hoef nie by name genoem te word nie; hy kan eenvoudig aangedui word as 'n senior werknemer van maatskappy X.

44) *Re Commercial Bank of Australia Ltd Ex parte Whitehead* (1893) 15 ALT 239.

met vergaderings van skuldeisers nie. Hierdie beslissing berus op die verkeerde opvatting dat skemavergaderings maatskappyvergaderings is en sal nie deur ons howe nagevolg word nie.⁴⁵

Die aanbod kan die voorsitter nomineer, maar nie aanstel nie, omdat dit die hof se taak is. Die aanbod kan egter die ontvanger namens skuldeisers aanstel en die aanbod onderhewig aan die voorwaarde maak dat die bepaalde persoon of 'n persoon deur hom aangewys, as ontvanger sal optree.⁴⁶

b) Sekuriteit

Die voorsitter van vergaderings en die ontvanger hoef geen sekuriteit te verskaf vir die behoorlike uitoefening van hul pligte nie, tensy die aanbod uitdruklik anders bepaal.⁴⁷

Dit is dus wenslik dat die aanbod voorsiening maak vir bevredigende sekerheidstelling deur die ontvanger aan die aanbieder, vir die behoorlike nakoming van sy verpligtinge.⁴⁸

c) Rekenskap

Hoewel dit ingevolge die gemenereg moontlik is om die ontvanger tot verantwoording te roep,⁴⁹ is dit baie eenvoudiger indien die ontvanger se verpligting om rekenskap te gee, in die ooreenkoms uiteengesit word. Daar moet dus bepaal

45) Vgl *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975 (1) SA 826 (W).

46) Vgl *Van der Walt: Chris D Botha 1; Hessels, Minnaar Trust* par 2.1; *Hessels, PJC Ondernemings* par 5.1; *Sidmoll* par 7.1; *Glen Anil* par 6.1 en 12.

47) Sekuriteit deur die likwidateur of geregtelike bestuurder aan die Meester verleen, verleen hier geen beskerming aan skuldeisers nie. Hierdie sekuriteit moet aan die aanbieder gestel word.

48) Dit is wenslik dat die aanbod sal bepaal dat die koste verbonde aan die sekerheidstelling, as 'n koste van administrasie gereken word wat deur die aanbieder betaalbaar is of wat deur die ontvanger verhaal kan word uit die fonds wat die aanbieder daarstel vir die betaling van skuldeisers. Swyg die aanbod oor die koste van sekerheidstelling, sal die ontvanger waarskynlik die koste daarvan self moet dra.

49) Op grond daarvan dat hy 'n lashebber is - sien H 5 E 5 oor lasgewing en H 8 G oor die ontvanger.

word wie hom tot verantwoording kan roep⁵⁰ en op watter wyse, soos bv dat bewysstukke van hom geëis kan word vir uitbetalings deur hom gemaak, dat insae verleen moet word in die bankstate tov 'n spesiale bankrekening waarin die fondse wat deur die aanbieder beskikbaar gestel is, gestort is, en dat 'n volledige rekeningstaat⁵¹ opgestel moet word⁵² of dat die aanbieder die reg sal hê om 'n volledige rekeningstaat, gestaaf deur die nodige bewysstukke, aan te vra.

d) Vrywaring.

Artikel 8 van die Wet verleen aan onder andere 'n likwidateur en 'n geregtelike bestuurder, vrystelling van aanspreeklikheid op grond van handeling verrig in die uitvoering van hul pligte, tensy hulle kwaadwillig of nalatig gehandel het. Geen soortgelyke vrywaring word statutêr aan die voorsitter of ontvanger verleen nie en daar moet dus kontraktueel daarvoor voorsiening gemaak word.

In *Ex parte Trakman, NO: In re Dumbé Motel (Pty) Ltd*⁵³ is daar egter gepoog om aan die ontvanger "as generous an exemption as language can devise"⁵⁴ van persoonlike aanspreeklikheid teenoor 'n skuldeiser of teenoor die maatskappy te gee. Regter Didcott beslis dat daar geen rede bestaan

-
- 50) Die aanbieder en/of een of meer skuldeisers. Die Meester van die Hooggeregshof het geen *locus standi* om rekenskap van die ontvanger te eis nie omdat die maatskappy nie meer in likwidasie of onder geregtelike bestuur is nie.
- 51) Hier moet onderskei word tussen 'n verrekeningstaat ("adjustment account") tussen die aanbieder en ontvanger (vgl bv *Meyerbank* par 6; *Cronjé, Splendid Properties* par 3) en 'n likwidasie- en verdelingsrekening, wat die verdeling onder skuldeisers aandui.
- 52) Dws 'n likwidasie- en verdelingsrekening. Daar kan ook vereis word dat so 'n rekeningstaat ter insae van skuldeisers sal lê en dat skuldeisers die geleentheid sal hê om beswaar aan te teken alvorens 'n verdeling onder skuldeisers gemaak sal word. Vgl *Hessels, Minnaar Trust* par 9; *Glen Anil* par 14.1; *Sidmoll* par 19; *Cronjé, Splendid Properties* par 10.2; *BX4 Konstruksie* par 10.2; *Cronjé, La Provence* par 10.2; *Cronjé, Watertest* par 10.2.
- 53) 1978 (1) SA 1082 (N).
- 54) 1084H.

waarom hy 'n vrywaring behoort te geniet wat 'n likwidateur, geregtelike bestuurder, kurator of eksekuteur nie geniet nie.⁵⁵

Daar is egter geen beswaar daarteen dat die vrywaring wat deur a 8 van die Wet aan likwidateurs, ens verleen word, ook as deel van die skikking aan die voorsitter en aan die ontvanger gegee word. Sodanige vrywaring kan selfs meebring dat hulle meer bereid is om 'n eerlike en onomwonde mening oor aspekte van die skema uit te spreek, wat slegs kan meehelp tot die beskerming van skuldeisers.

e) Verwydering.

Die voorsitter van vergaderings word deur die hof aangestel en kan dus slegs deur die hof van sy pligte onthef word. Die ontvanger word kontraktueel aangestel, maar soms word sy aanstelling uitdruklik deur 'n hofbevel bekragtig.⁵⁶ Indien sy aanstelling nie uitdruklik deur 'n hofbevel bekragtig is nie, behoort daar nie beswaar te wees teen 'n reëling in die kontrak waarvolgens hy weens pligsversuim of wangedrag van sy pligte onthef en deur 'n ander vervang kan word nie.⁵⁷

f) Vervanging en delegasie van magte.

Dit mag gebeur dat die voorsitter of ontvanger tydelik verhinder word om sy pligte uit te voer, of verkies om onthef te word van sy verpligtinge. Dit is dus wenslik dat die aanbod voorsiening daarvoor maak dat opdragte uitgevoer word deur die benoemde of sy vennoot, werknemer, ens⁵⁸ of dat die benoemde sy pligte mag delegeer.

55) 1085A.

56) Vgl bv die bevel gemaak op 12 Oktober 1982 in *Ex parte Cronjé NO and Watertest (Pty) Limited (In Provisional Liquidation)* TPA saak no 14250/82, ongerapporteer.

57) Oor die probleme ivm die aanstelling van 'n plaasvervanger, sien H 8 L.

58) Daar behoort ten minste 'n aanduiding te wees van die kategorie persone waartoe die plaasvervanger sal behoort (bv. 'n vennoot van firma X).

In Natal⁵⁹ het die hof beslis dat die ontvanger belangrike funksies het om te verrig en dus nie toegelaat behoort te word om na willekeur sy magte en pligte te deleger aan 'n ondergeskikte nie.⁶⁰ Hierdie houding word nie deur die Transvaalse hof ingeneem nie, en word skemas steeds goedgekeur waarin die ontvanger die mag sal hê om enige van sy magte te deleger.⁶¹

Die voorsitter word egter uitdruklik deur die hof aangestel en kan nie, tensy die hofbevel uitdruklik anders bepaal, sy funksies aan 'n ander deleger nie.⁶²

Indien die aanbod en daaropvolgende hofbevel swyg, sal 'n aansoek tot die hof gerig moet word vir toestemming dat die pligte van die voorsitter of ontvanger deur 'n ander persoon nagekom word.⁶³

-
- 59) *In Ex parte Trakman, NO: In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N).
- 60) Op 1084H.
- 61) Vgl *Montague Street* par 8.7; *Cronjé, Splendid Properties* par 11.8; *BX4 Konstruksie* par 11.8; *Cronjé, La Provence* par 11.8; *Cronjé, Watertest* par 11.8
- 62) *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another; in re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459(T) op 461D.
- 63) Oor die probleme in hierdie verband, sien H 8 L en vgl *GD Kotze NO v Emata Motors (Edms) Bpk TPA* saak no M 246/78 (ongerapporteer); *GD Kotze NO v Atomium Ondernemings (Edms) Bpk TPA* saak no M 248/78 (ongerapporteer).

g) Vergoeding.

Die vergoeding van die voorsitter en ontvanger behoort in die aanbod uiteengesit word, asook die tydstip waarop die voorsitter en ontvanger op die vergoeding, of 'n pro rata gedeelte daarvan, geregtig sal word.⁶⁴

Indien die aanbod swyg, is die voorsitter en ontvanger waarskynlik nie geregtig op enige vergoeding uit die fondse wat beskikbaar gestel word vir verdeling onder skuldeisers nie, en moet hy hom tot die aanbieder wend om vergoeding vir sy dienste.⁶⁵

6. Bewys van eise deur skuldeisers.

a) Algemene vereistes.

Die bewys van eise teen die maatskappy kom op twee stadia ter sprake, nl voor stemming deur skuldeisers op 'n vergadering oor die aanvaarding van die aanbod, en voor 'n verdeling aan skuldeisers ingevolge die bekragtigde skema.

'n Skikkingsaanbod hoef nie van skuldeisers te verwag om hul eise teen die maatskappy te bewys nie, in welke geval die voorsitter en later die ontvanger aangewese is op die rekeningkundige rekords van die maatskappy om die aard en omvang van elke skuldeiser se eis te bepaal.

Indien dit van skuldeisers verwag word om hul eise teen die maatskappy te bewys, word gewoonlik bepaal dat sodanige bewys ooreenkomstig die betrokke bepalings van die Insolvensiewet⁶⁶ moet geskied. Die enigste verskil is dat eise nie by formele vergaderings bewys word nie, maar eenvoudig

-
- 64) Die tydstip van betaling is veral van belang by 'n aanbod aan skuldeisers om hul eise oor 'n termyn af te betaal.
65) Afhangende natuurlik van die bewoording van die aanbod.
66) Wet 24 van 1936, soos gewysig.

deur die voorsitter of ontvanger oorweeg word, en dan toegelaat of verwerp word.

Indien dit van skuldeisers verwag word om hul eise te bewys ten einde te kwalifiseer om op vergaderings te kan stem, mag die aanbod bepaal dat eise voor aanvang van die vergadering⁶⁷ by die kantoor van die voorsitter ingedien moet word sodat hy hulle voor die vergadering kan ondersoek.⁶⁸

Die aanbod behoort aan die voorsitter voor te skryf dat hy skriftelik ontvangs van eise moet erken en dat hy skriftelike kennisgewing van aanvaarding, vermindering of verwerping, binne 'n voorgeskrewe tyd, moet gee.

b) Voorsitter se magte.

Die aanbod behoort te bepaal dat die voorsitter die reg sal hê om 'n eis, nadat dit toegelaat is, op 'n later stadium te verwerp of te verminder indien nuwe feite aan die lig sou kom wat sy beslissing sou beïnvloed.

Daar behoort ook bepaal te word dat die voorsitter of ontvanger dieselfde bewyse kan vereis as wat 'n voorsittende beampte ingevolge a 44 van die Insolvensiewet ter staving van 'n bepaalde eis sou kon vereis. Hoewel dit nie moontlik is om dmv 'n kontrak aan die voorsitter die mag te gee om getuienis onder eed af te neem nie, kan dit as voorwaarde gestel word dat enige skuldeisers, indien deur die voorsitter of ontvanger daartoe versoek, hom aan ondervraging sal onderwerp aangaande enige saak rakende sy eis.⁶⁹ Die aanbod behoort ook aan die ontvanger die mag te gee om 'n ongelikwiderde eis teen die maatskappy te skik, sonder dat dit nodig is om hof toe te gaan.

67) Bv 24 of 48 uur voor aanvang van die vergadering.

68) Vir misbruik wat kan voortspruit uit die vereiste dat eise voor die aanvang van die vergadering bewys moet word, sien H 1 C 6. Sien ook *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 271 G.

69) *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799(W). Hierdie ondervraging geskied nie onder eed nie en is dus van beperkte nut.

c) Appèl teen verwerping van eise.

Die skema behoort voor te skryf dat appèl teen die verwerping van 'n eis deur die voorsitter of ontvanger, aangeteken kan word by die Hoggeregshof.⁷⁰ Indien die skema 'n tydperk neerlê waarbinne geappelleer moet word,⁷¹ behoort 'n diskresie aan die voorsitter of ontvanger toegestaan te word om hierdie tydperk skriftelik te verleng.⁷²

d) Afstanddoening van eise.

Omdat daar dikwels 'n globale bedrag aangebied word vir verdeling onder skuldeisers, in plaas daarvan dat betaling van 'n vaste persentasie van elke eis aangebied word, is dit nodig dat daar so gou moontlik finaliteit bereik word oor die totale omvang van eise teen die maatskappy, sodat uitbetaling kan geskied. Om hierdie rede word gewoonlik vereis dat skuldeisers hul eise binne 'n vasgestelde tydperk⁷³ moet bewys en dat skuldeisers wat versuim om dit te doen, geag sal word afstand van hul eise te gedoen het. Die probleem is egter dat maatskappye se rekeningkundige rekords nie altyd volledig is nie,⁷⁴ dat alle skuldeisers nie noodwendig kennis kry van die skema nie en dat 'n skuldeiser alle regte op betaling kan verbeur sonder dat hy ooit bewus was van die skikkingsaanbod.

70) Indien die skema swyg, behoort 'n skuldeiser steeds 'n reg van appèl te hê, mits die skema nie bepaal dat die voorsitter se beslissing finaal is nie.

71) Bv 14 dae na kennisgewing van verwerping van die eis.

72) Vir 'n geval waar so 'n diskresie nie verleen is nie, sien *Olbrich KG v Cohen NO 1975(4) SA 621(W)*.

73) Bv 30 of 60 dae na bekragtiging van die skema deur die hof.

74) Veral in die geval van maatskappye wat in likwidasië is.

In *Ex parte Wells NO*⁷⁵ het regter Galgut verklaar dat nêrens in die Wet die reg aan die hof verleen word om 'n skuldeiser sy reg om aan 'n verdeling deel te neem, te ontnem nie⁷⁶. Op aandrang van die regter moes die aanbod gewysig word om te lui dat alle skuldeisers wat behoorlik kennisgewing ontvang het van die voorlegging van die skema en van die vergaderings van skuldeisers, geag sal word afstand van hul eise te gedoen het indien die eise nie binne 30 dae na bekragtiging van die skema aan die ontvanger voorgelê is nie.⁷⁷

Hierdie beskerming wat op aandrang van die hof aan skuldeisers verleen is, was egter nie voldoende nie en is derhalwe verskerp toe daar in *Ex parte De Wet NO : In re Atlas Motion Picture Co (Pty) Ltd*⁷⁸ verder vereis is dat kennisgewing van die bekragtiging van die skema aan skuldeisers gestuur moes word. Hierdie beslissing is daarna in Natal nagevolg⁷⁹.

In Transvaal en Natal is dit dus 'n vereiste dat die skikkingsaanbod sal verklaar dat skuldeisers wat kennis gekry het van die skikkingsaanbod, die vergaderings van skuldeisers en die bekragtiging van die skema deur die hof, geag sal word afstand van hul eise te gedoen het indien die eise nie binne 'n vasgestelde tydperk na bekragtiging van die skema tot

75) 1968(4) SA 391(W).

76) 393D.

77) 394D-F.

78) 1978(1) SA 375(W).

79) *Ex parte Ensor NO : In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd*
1978(3) SA 908(D.)

bevrediging van die ontvanger bewys is nie. Verder vereis die Hof dat die skikkingsaanbod sal bepaal dat die ontvanger kennis van die bekragtiging van die skema aan alle skuldeisers sal stuur. Die aanbieder moet ook onderneem om aan alle skuldeisers wat nie kennis van die skema gekry het nie, 'n bedrag gelykstaande aan wat hulle onder die skema sou gekry het, te betaal, indien sodanige skuldeisers hul eise bewys binne 'n tydperk in die aanbod vasgestel, nadat hulle bewys geword het van die bestaan van die skema.

Hierdie sterk standpunt wat die houe ingeneem het⁸⁰ het dus aanleiding gegee tot die standaardisasie van een aspek van die skikkingsooreenkoms en hierdie neiging moet verwelkom word.

e) Sessie van eise en vermindering van eise.

Die aanbod bepaal gewoonlik dat as teenprestasie vir wat die aanbieder aan skuldeisers aanbied, alle eise teen die maatskappy by inwerkingtreding van die skema geag gesedeer te wees aan die aanbieder of sy genomineerde.⁸¹

Daar is dikwels 'n verdere bepaling dat die gesedeerde eise na sessie geag sal word verminder te wees met bv een sent in die rand.⁸² Hierdie bepaling word skynbaar ingevoeg om

80) Vgl *Ex parte Barnes and Others NNO; In re Seawright (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1973(2) SA 201(W).

81) Sien bv *Dick and Another v Olver and Another* 1979(4) SA 880 (K) 881C; *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982(2) SA 458(W) 460E-F; Sien ook die verwysings in n 82 hieronder. Vir 'n verdere bespreking van die sessie van eise, sien H 8 H.

82) Vgl bv *Ex parte De Villiers and Another* 1970(2) SA 536(K); *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799(W) 802D; *Metal Box Co of SA Ltd v AS Dunstan (Pty) Ltd* 1974(2) SA 208(T) 212A; *Van der Walt Chris D Botha* par 3(e); *Hessels, PJC Ondernemings* par 10; *Beuken* par 13; *Glen Anil* par 1.6.1; *Sidmoll* par 22.1; *Cronjé, Splendid Properties* par 6.2; *BX4 Konstruksie* par 6.2; *Cronjé, La Provence* par 6.2; *Cronjé, Watertest* par 6.2. Sien ook Sher "Section 311 Compromises and Arrangements" (1982) 6 SA Company LJ 49 op 55 (hierna na verwys as "Sher").

aan te dul dat die partye die bedoeling het om die ou skuld te noveer.⁸³

7. Kennisgewings aan skuldeisers.

h Klousule word soms ingevoeg dat die voorsitter of ontvanger geag sal word behoorlik kennis aan h skuldeiser te gegee het indien die kennisgewings wat hy uitstuur, aan die laaste bekende adres van die skuldeiser gestuur is.⁸⁴ Hoewel so h klousule waarskynlik onnodig is, mag dit moontlik addisionele beskerming aan die voorsitter of ontvanger verleen.

8. Opheffing van likwidasie of geregtelike bestuur.

Waar die maatskappy in likwidasie of onder geregtelike bestuur is, behoort dit h voorwaarde van die skikking te wees dat die bevel van likwidasie of geregtelike bestuur opgehef word, anders kan die aanbieder gebonde wees aan h skema wat vir hom van geen of van beperkte nut is.⁸⁵ Opheffing van die bevel sal egter nie outomaties geskied nie, al is dit h voorwaarde van die aanbod, en h afsonderlike aansoek vir die opheffing van die bevel sal gebring moet word.⁸⁶

9. Koste van skikkingskema

a) Koste van skema.

Die aanbod behoort voorsiening daarvoor te maak dat die aanbieder alle koste met betrekking tot die skema, insluitende hofkoste en administratiewe uitgawes, sal betaal, afgesien van die feit of die skema bekragtig word, al dan nie. Indien hierdie onderneming nie in die aanbod vervat is nie, behoort h afsonderlike onderneming van die aanbieder verkry te word vir betaling hiervan. Waar die maatskappy in likwidasie of onder geregtelike bestuur is en die aanbod nie bekragtig

83) Sien Sher 55. oor novasie sien H 5 E 2.

84) Dit word nie van die ontvanger vereis om as opsporingsagent op te tree nie. Vgl *Du Preez and Another v Garber: In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W); *Katz v Katzenellenbogen and Others* 1955(3) SA 188(T).

85) Sien in die algemeen *Ex parte Botha and Others: In re Public Utility Transport Corporation Ltd* 1952(4) SA 244(W).

86) Vgl *Ex parte De Wet NO : In re Mackville Motors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1971(1) SA 256(W).

word nie, sal die koste nie van die maatskappy verhaal kan word nie tensy die hof uitdruklik andersins beslis.⁸⁷

- b) Koste van likwidasië en geregtelike bestuur.
Indien die maatskappy in likwidasië of onder geregtelike bestuur is, behoort die aanbod voorsiening te maak vir die betaling van alle koste van likwidasië of geregtelike bestuur.⁸⁸
- c) Taksasie van koste.
Die ontvanger is nie verplig om enige koste te laat takseer nie, tensy die skema dit vereis.

Kostes wat getakseer kan word, is regs-koste deur die voorsitter of ontvanger aangegaan,⁸⁹ asook alle koste deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder geëis.⁹⁰ Ander administratiewe kostes deur die ontvanger aangegaan, kan nóg deur die griffier nóg deur die Meester van die Hooggeregshof getakseer word.

10. Hervestiging van bates.
'n Algemene klousule word soms in 'n skikkingsaanbod ingesluit wat voorsiening maak vir die hervestiging van die

-
- 87) Mits die maatskappy natuurlik nie self die aanbieder is nie - iets wat ondenkbaar is. Waar 'n derde die aanbod maak, sal die koste nie van die maatskappy verhaal kan word nie, ten spyte daarvan dat dit 'n voorgestelde skikking of reëling tussen die maatskappy en sy skuldeisers is.
- 88) Insluitende koste van hofaansoek, Meestersfooie, administratiewe uitgawes en vergoeding van die likwidateur of geregtelike bestuurder.
- 89) Mits dagvaarding uitgereik is, kan hierdie koste deur die griffier getakseer word.
- 90) Soos getakseer deur die Meester van die Hooggeregshof.

bates in die maatskappy.⁹¹ So 'n algemene klousule is onnodig omdat alle bates van die maatskappy tydens likwidasie of geregtelike bestuur steeds in die maatskappy vestig - slegs *beheer* oor die bates gaan tydelik op die Meester en daarna op die likwidateur of geregtelike bestuurder oor.⁹²

11. Spesiale opdragte aan die ontvanger.

Indien spesiale take deur die skema aan die ontvanger opgedra word, moet sorg gedra word dat die nodige magte ook aan hom gegee word ten einde hierdie take uit te voer.

So moet daar by indien verklaar word dat die opbrengs van sekere bates of boekskulde beskikbaar sal wees vir verdeling onder skuldeisers, voorsiening gemaak word vir die oordrag van die bates of sessie van die boekskulde aan die ontvanger.⁹³

12. Algemene magte van die ontvanger.

Daar word soms in 'n skema gepoog om al die algemene bevoegdhede wat 'n likwidateur ingevolge a 386 van die Wet het, aan 'n ontvanger namens skuldeisers te laat toekom.⁹⁴

91) Vgl *Ex parte De Wet NO : In re Mackville Motors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1971(1) SA 256(W) 257B; *Van der Walt: Chris D Botha* par 3c; *Etoria* par 2(ii); *Hessels, Minnaar Trust* par 3; *Nylstroom Uitrusters* par 3.3; *Montague Street* par 11.5; *Cronjé, Splendid Properties* par 8.1.

92) Sien a 361(1); *R v Heyne* (3) 1958(1) SA 614(W); a 429(a). Met 'n klousule wat die bates weer in die maatskappy sal vestig, word moontlik bedoel dat *beheer* oor die bates weer in die maatskappy gevestig moet word.

93) Vgl *Gunn and Another NNO v Victory Upholsterers (Pty) Ltd* 1976(1) SA 127(D), waar die skikking bepaal het dat die opbrengs van sekere uitstaande skulde beskikbaar sou wees vir verdeling onder skuldeisers, maar nie die ontvangers uitdruklik met die nodige magte beklee het om hierdie skulde in te vorder nie en nie die skulde aan die ontvangers oorgedra het nie.

94) Vgl *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592(A); *Lansdown NO v Baldwin Ltd* 1973(3) SA 908(W) 911; *Kleecal* par 14(e); *Glen Anil* par 13.1 *Sidmoll* par 18.1 (dieselfde magte as 'n geregtelike bestuurder).

In *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd*⁹⁵ het regter Didcott kritiek uitgespreek oor die "less selective borrowing *mutatis mutandis* of 'n liquidator's general armoury",⁹⁶ en het vereis dat net dië magte aan die ontvanger gegee word wat hy werklik nodig mag hê.

Artikel 386 van die Wet dien as nuttige leidraad oor welke magte die ontvanger nodig mag hê. Magte wat wel, indien toepaslik, aan hom gegee behoort te word, is die mag om 'n dispuut te skik, sowel as die mag om te skik oor die voorkeur of sekuriteit wat enige eis mag geniet. Indien nodig, behoort magtiging ook aan hom gegee te word om gebruik te maak van die dienste van prokureurs, advokate, ouditeure en ander professionele raadgevers, sowel as die mag om aksie in te stel. Om egter elke denkbare mag voor die voet aan die ontvanger toe te ken, is nie wenslik nie.⁹⁷

13. Bank- en Spaarrekeninge.

Die aanbod kan bepaal dat die fondse wat aan die ontvanger voorsien word ten behoeve van skuldeisers, in 'n afsonderlike trustrekening gehou moet word. Opdrag kan ook gegee word dat geld wat nie onmiddellik vir verdeling benodig word nie, in 'n rentedraende spaarrekening gehou sal word.

Die aanbieder kan ook vir homself en/of vir skuldeisers 'n reg van insae in die bank- en spaarrekeninge beding.

95) 1978(1) SA 1082(N).

96) 1084C.

97) Die beslissing in *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N) is egter nie op hierdie punt in die Transvaal nagevolg nie. Vgl *Kleecal* par 14(e) *Glen Anil* par 13.1; *Sidmoll* par 18.1.

14. Waarborge gegee deur likwidateur of geregtelike bestuurder.

In die aanbod word gewoonlik uiteengesit welke waarborge die likwidateur of geregtelike bestuurder verskaf het of moet verskaf ivm die toestand van die maatskappy self, die bates of sake van die maatskappy.⁹⁸ Alternatiewelik word daar op rekord geplaas dat die likwidateur of geregtelike bestuurder geen waarborge of voorstellings van enige aard aan die aanbieder gemaak het,⁹⁹ of geen ander waarborge of voorstellings gemaak het as dié wat in die aanbod uiteengesit is nie.¹⁰⁰

Indien enige waarborg wat deur die likwidateur of geregtelike bestuurder gegee is of gegee moet word, in die aanbod uiteengesit word, sal die likwidateur of geregtelike bestuurder, by bekragtiging van die skema, gebonde wees aan die waarborge.¹⁰¹

15. Vrywarings gegee deur ontvanger.

Daar moet onderskei word tussen waarborge wat deur die likwidateur of geregtelike bestuurder gegee is oor die huidige toestand van sake rakende die maatskappy,¹⁰² en vrywarings wat die aanbieder van die ontvanger kan vereis,

98) Vgl *Etoria* par 21 (waarborg dat aandeelkapitaal bestaan uit 2 000 aandele waarvan slegs 9 uitgereik is) *Kleecal* par 7 (8 verskillende waarborge, bv dat maatskappy behoorlik geïnkorporeer is).

99) *Hessels, Minnaar Trust* par 14.1; *Lowveld Fence & Wire* par 9; *Nylstroom Uitrusters* par 9; *Sidmoll* par 2; *Montague Street* par 10.6. Waar die aanbod gemaak word deur persone wat voorheen in beheer van die maatskappy was, word net verklaar dat die aanbieders nie "beïnvloed" is deur die likwidateur, ens om die aanbod te maak nie. Vgl *Cronjé Splendid Properties* pst 15.5; *BX4 Konstruksie* par 14.4; *Cronjé, La Provence* par 14.4; *Cronjé, Watertest* par 14.4.

100) Vgl *Etoria* par 20(i); *Glen Anil* par 2.1.

101) Weens die bepalings van a 311(2).

102) Sien 14 hierbo.

indien h skuldeisers nie kennis van die skema sou kry nie en later h eis teen die maatskappy sou bewys, nadat die laaste verdeling onder skuldeisers deur die ontvanger gemaak is.¹⁰³

Die aanbieder kan dus van die ontvanger vereis dat laasgenoemde hom sal vrywaar teen moontlike eise van persone wat nie kennis van die skema gekry het nie.¹⁰⁴

16. Terugtrekking en wysiging van skikkingsaanbod.

a) Terugtrekking of verval van die skikkingsaanbod.

Die skikkingsaanbod bepaal gewoonlik dat die aanbod nie binne h sekere tydperk of voor h bepaalde datum teruggetrek mag word nie.

Indien die aanbod net vir h bepaalde tyd gemaak is en daarna outomaties sal verval, behoort die aanbieder die reg voor te behou¹⁰⁵ om voor verstryking van die genoemde termyn, die aanbod skriftelik¹⁰⁶ te verleng.

Die aanbod kan ook onderhewig gemaak word aan spesiale voorwaardes sodat die aanbod sal verval indien die voorwaardes nie nagekom of bewaarheid word nie.¹⁰⁷

103) Vgl *Meyerbank* par 13; *Kleecal* par 8.

104) Vgl 6 d) *Afstanddoening van eise* hierbo. Vir voorbeelde van die ingewikkelde stelsels wat ontwerp is om in so h geval die tekort te verhaal van skuldeisers aan wie reeds uitbetalings gemaak is, sien *Glen Anil* par 11.5.3.; *Sidmoll* par 15.

105) In die aanbod self.

106) Dws deur skriftelike kennisgewing aan die voorsitter.

107) Die aanbod kan bv gemaak word onderhewig aan die voorwaarde dat die aanbieder in staat sal wees om deur private onderhandeling h aanvaarbare huurkontrak met die verhuurder van die maatskappy se sakeperseel te sluit.

b) Wysiging van die skikkingsaanbod deur die aanbieder.

Die aanbieder kan vir homself die reg voorbehou om wysigings aan die aanbod aan te bring tot op die tydstip van bekragtiging van die skema deur die hof.¹⁰⁸

17. Ontbinding van die Skikkingsooreenkoms.

Skikkingsooreenkomste is al goedgekeur wat voorsiening gemaak het vir die ontbinding van die ooreenkoms indien sekere voorwaardes nie nagekom is. Hierdie ontbinding kan plaasvind selfs nadat die skikking deur die hof bekragtig en bindend op al die partye gemaak is.¹⁰⁹

So 'n bepaling behoort nie ligtelik in 'n skikkingsooreenkoms toegelaat te word nie, omdat die hele doel van 'n maatskappyregtelike skikking is om finaliteit te verkry tussen die maatskappy en sy skuldeisers.

18. Deelbaarheid en ondeelbaarheid van die aanbod.

'n Bepaling kan in die aanbod ingevoeg word dat die aanbod ondeelbaar is en slegs in sy geheel aanvaar of verwerp kan word.¹¹⁰

108) Indien hierdie wysigings van ingrypende aard is, sal die hof van vooraf genader moet word.

109) *Sien Bagus Allie v Meer-Onia (Pty) Ltd 1948(4) SA 550 (K); MS Mall (Cape) (Pty) Ltd & Others : In re Achtes Stores (Pty) Ltd 1952(1) PH E4(K).*

110) So 'n bepaling kan ook belangrike implikasies hê waar een klas skuldeisers nie oor 'n skema gestem het nie dus nie deur die skema gebind is nie, maar die skema wel deur die hof bekragtig is, soos wat gebeur het in *Barclays National Bank Ltd v HJ de Vos Boerdery Ondernemings (Edms) Bpk 1980(4) SA 475(A).*

19. Voortsetting van hofgedinge.

h Bepaling kan in die aanbod ingevoeg word om die maatskappy¹¹¹ te magtig om voort te gaan met gedinge wat deur die likwidateur ingestel is. Indien die likwidateur uit hoofde van h statutêre bevoegdheid opgetree het, is dit moontlik dat die maatskappy nie met die geding sal kan voortgaan nie.¹¹²

20. Domicilium citandi et executandi van die aanbieder en die geadresseerde.

Die aanbod bevat gewoonlik h adres van die aanbieder, sowel as die geadresseerde,¹¹³ waar prosesstukke bestel of waarheen prosesstukke gepos kan word. Hierdie adres staan bekend as die *sg domicilium citandi et executandi*.

21. Ondertekening.

Die plek en datum van ondertekening moet in die aanbod vermeld word en die handtekeninge van die ondertekenaars behoort geattesteer te word deur twee getuies.

Indien die aanbieder h maatskappy is, behoort elke persoon wat namens die maatskappy teken, by sy handtekening te voeg dat hy namens die maatskappy teken en dat hy sy magtiging om namens die maatskappy te teken, waarborg.

111) Of die ontvanger.

112) Vgl *South African Board of Executors and Trust Co Ltd (In Liquidation) v Gluckman* 1967(1) SA 534(A) 541.

113) Dws die likwidateur, geregtelike bestuurder of ander persoon in die aanbod benoem as voorsitter en ontvanger.

Indien die aanbod gerig word aan h voorsitter en ontvanger wat nie h likwidateur of geregtelike bestuurder van die maatskappy is nie, behoort daar ruimte te wees vir sy skriftelike aanvaarding van die aanbod.¹¹⁴

Formele aanvaarding van die aanbod deur die likwidateur of geregtelike bestuurder is nie nodig nie omdat die kontrak by bekragtiging ook vir hulle sal bind.¹¹⁵

22. Seëlregte.

Geen seëlregte is betaalbaar op die aanbod nie.¹¹⁶

-
- 114) Die plek en datum van ondertekening moet ook vermeld word en sy handtekening behoort pevestig te word deur die handtekeninge van twee getuies.
- 115) Ingevolge a 311(2) sal die likwidateur of geregtelike bestuurder gebonde wees aan die bekragtigde skema. Indien enige pligte voor hierdie tyd deur die aanbod aan hulle opgelê word, sal dit wenslik wees om op h vroeër stadium hul skriftelike aanvaarding van die aanbod vir sover dit op hulle betrekking het, te kry.
- 116) Dit is slegs h aanbod, nie h kontrak nie. Selfs waar daar reeds h voorwaardelike kontrak tot stand kom tussen die aanbieder en die aangewese voorsitter of ontvanger, sal die ooreenkoms waarskynlik ressorteer onder vrystelling (a) van item 2 van bylae 1 van die Wet op Seëlregte 77 van 1968, wat vrystelling verleen in die geval van kontrakte mbt die verkoop, verskaffing of lewering van goedere, koopware of handelsware.

C. GEVOLGTREKING

Die skikkingsaanbod is 'n lywige dokument wat 'n groot aantal regs-verhoudinge sal reël en wat voorsiening moet maak vir 'n groot aantal gebeurlikhede.

Deur die tussenkoms van die howe is die inhoud van sommige klousules van die aanbod in 'n mate gestandaardiseer, bv onder watter omstandighede 'n skuldeiser geag sal word afstand te gedoen het van sy eis teen die maatskappy, en wat die regte van 'n skuldeiser is wat nie kennis gekry het van die byeenroep van vergaderings en van bekragtiging van die skema nie.¹¹⁷

Op ander gebiede is daar egter nog groot leemtes, veral waar dit gaan om toesig en beheer oor die ontvanger namens skuldeisers.¹¹⁸

By die opstel van 'n skikkingsaanbod word leiding gesoek by die Insolvensiewet¹¹⁹ en by die likwidasiëbepalings van die Maatskappywet,¹²⁰ onder meer omdat meeste van die persone wat as voorsitter en ontvanger optree, professionele likwidateurs is. 'n Ander rede mag wees omdat die skikking dikwels voortspruit uit 'n likwidasie of geregtelike bestuur. So bv word eise teen die maatskappy gewoonlik op dieselfde gedrukte vorms bewys as wat gebruik word by likwidasie of geregtelike bestuur.

Die howe het ook al beperkings probeer plaas op bv te rojale magte of te rojale vrystelling van aanspreeklikheid wat aan 'n ontvanger toegeken word in 'n aanbod,¹²¹ maar hierdie beperkings is nie konsekwent deur al die howe toegepas nie.¹²²

117) Sien B 6 d hierbo.

118) Sien H 8 M.

119) Wet 24 van 1936; wat veral nagevolg word, is die prosedure by die bewys van eise.

120) Ver al i v m die omskrywing van die magte en pligte van die ontvanger namens skuldeisers.

121) Vgl *Ex parte Trakman NO: In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978 (1) SA 1082 (N).

122) Sien B 12 hierbo.

Bo en behalwe die gebrek aan leiding by die opstel van 'n skikkingsaanbod, deur statuut of deur die howe, bestaan daar die verdere probleem dat die skikkingsaanbod wat die basis van die skikkingsooreenkoms vorm, deur die aanbieder opgestel word. Die basiese vertrekpunt van die ooreenkoms is dus die beskerming van die aanbieder en die vergemakliking, sover moontlik, van die taak van die voorsitter en ontvanger, 'n persoon wat deur die aanbieder genomineer word. Skuldeisers is nie aktief betrokke by die opstel van die aanbod nie en hul belange geniet dus minder aandag en minder beskerming.

Hoewel die howe 'n mate van leiding gee ivm die beskerming van die regte van skuldeisers en oor die magte van die ontvanger namens skuldeisers, is hierdie leiding tot dusver onvoldoende.

Die grootste probleme bestaan nog by die beskerming van die regte van skuldeisers, waaraan verdere aandag in H 11 verleen sal word, en by die beheer oor die ontvanger namens skuldeisers, wat in H 8 verder bespreek word. Veral op hierdie twee gebiede bestaan daar 'n behoefte aan die standaardisering van die inhoud van sekere van die klousules van die skikkingsooreenkoms, desnoods deur middel van wetgewing.

HOOFSTUK 7

PROSEDURE INGEVOLGE ARTIKEL 311

- A. INLEIDING**
- B. AANSOEK TOT DIE HOF OM TOESTEMMING OM VERGADERINGS VAN SKULDEISERS EN LEDE BYEEN TE ROEP.**
1. *Partye wat die aansoek mag bring*
 - a) Die maatskappy self
 - b) Aansoek deur 'n skuldeiser
 - c) Aansoek deur 'n lid van die maatskappy
 - d) Aansoek deur die likwidateur
 - e) Aansoek deur die geregtelike bestuurder
 - f) Probleme
 2. *Jurisdiksie van die hof*
 3. *Inhoud van die aansoek*
 4. *Die hof se magte op hierdie stadium*
 5. *Kriteria waarvolgens die hof besluit of die aansoek toegestaan behoort te word.*
 - a) Australiese beslissings
 - b) Suid-Afrika
 6. *Teenkanting teen die eerste aansoek.*
 7. *Die vereiste dat vergaderings gehou moet word*
 - a) Australië
 - b) Suid-Afrika
 8. *Inhoud van die hofbevel*
 9. *Aanstelling van die voorsitter van vergaderings*
- C. DIE BYEENROEP VAN VERGADERINGS VAN SKULDEISERS EN LEDE**
1. *Kennisgewing aan skuldeisers en lede*
 - a) Kennisgewing per pos
 - b) Kennisgewing by wyse van advertensie
 - c) Gebrekkige kennisgewing
 2. *Dokumente wat aan skuldeisers en/of lede gestuur moet word.*
 - a) Kennisgewing van vergadering
 - b) 'n Afskrif van die skikking- en reëlingaanbod
 - c) Verduidelikende verklaring ooreenkomstig a 312(1) (a)
-

- (1) Uitwerking van die skikking of reëling
 - (2) Waarde van aandele en skuldbriewe betrokke by 'n reëling
 - (3) Wesenlike belange van direkteure en andere
- Algemene opmerkings
- d) Afskrif van die hofbevel
 - e) Volmag
 - f) Eisdokumente
3. *Misdrywe in verband met die verskaf van inligting*
- a) Versuim deur 'n maatskappy
 - b) Versuim deur 'n direkteur of trustee vir skuldbriefhouers

Gevolgtrekking

D. VERGADERINGS

1. *Vergaderings byeengeroep en gehou ooreenkomstig die hofbevel.*
 2. *Klasse skuldeisers en lede. Gevolgtrekking.*
 3. *Afsonderlike vergaderings van klasse skuldeisers en lede.*
 4. *Wie nie hoef te vergader nie.*
 - a) Lede en skuldeisers wie se regte nie geraak word nie.
 - b) Vergaderings van 'n enkele persoon
 5. *Geografiese ligging van vergaderings, en meerstaatreëlingskemas.*
 - a) Die hou van vergaderings buite die jurisdiksie van die hof.
 - b) Die hou van meer as een vergadering van dieselfde klas skuldeisers of lede, maar op verskillende plekke.
 - c) Magte van die hof om 'n skuldeiser wat buite die jurisdiksie van die hof gedomisileer is, te bind deur 'n skikking of reëling.
- Probleme ivm meerstaatreëlingskemas
-

6. *Die voorsitter se bevoegdhede*
 - a) Toegang van die publiek en die pers tot vergaderings.
 - b) Bewys van eise as voorwaarde om te mag stem.
 - c) Indiening van voltooide volmagvorme voor aanvang van die vergadering en verwerping van volmagte.
 - d) Verdaging en uitstel van vergaderings
 - e) Plaasvervangende voorsitters en delegasie van magte.
 7. *Pligte van die voorsitter*
 - a) Plig om inligting aan die vergadering te verskaf
 - b) Plig om te stem
 8. *Stemming by Vergaderings*
 - a) Stemming deur voorwaardelike skuldeisers
Gevolgtrekkings
 - b) Meerderhede
 - c) Skuldeisers wat ten volle betaal word
 - d) Stemming moet by die vergadering plaasvind
 9. *Regsgevolge indien niemand op 'n bepaalde vergadering stem nie.*
- E. **VERSLAG VAN DIE MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF.**
- a) Artikel 400 van die Wet
 - b) Artikel 311(4)
- Gevolgtrekking
- F. **AANSOEK TOT DIE HOF VIR BEKRAGTING VAN DIE SKEMA.**
1. *Inleiding*
 2. *Datum van aansoek om bekragtiging*
 3. *Inhoud van die aansoek*
 4. *Aangeleenthede waaraan die hof op die keerdatum aandag gee*
-

- a) Formele vereistes
 - b) Die hof se diskresie
 - 1) *Bona fides* van skuldeisers en lede
 - 2) Die redelikheid van die skikking of reëling
 - 3) Beoordeling van die redelikheid van 'n skema
 - 4) Gevolgtrekking
 - c) Bewyslas
 - d) Die rol van die hof in die bekragtiging van 'n skikking of reëling
 - 5. *Magte van die hof*
 - a) Verdere vergaderings en uitstel van aansoek
 - b) Wysiging deur die hof
 - c) Magte ivm rekonstruksie of amalgamasie
 - d) Die mag van die hof om 'n voorwaardelike skikking te bekragtig
 - e) Die houding van die hof in geval van 'n mededingende aanbod
 - 6. *Koste*
 - 7. *Appèl*
 - 8. *Gevolgtrekking*
 - G. REGISTRASIE VAN DIE HOFBEVEL EN INWERKINGTREDING VAN DIE SKEMA
 - H. SAMEVATTING
-

A. INLEIDING

In vorige hoofstukke is aandag gegee aan die aard en die inhoud van die skikkingsooreenkoms. Dit is nou nodig om die prosedure te bespreek wat gevolg moet word sodat die skikking bekragtig word en dit bindend op al die betrokke partye gemaak word.

Terwyl die howe, met enkele uitsonderings, min riglyne neergelê het oor wat hulle verwag van die inhoud van 'n skikkingsaanbod,¹ is hulle baie meer bereid om op prosesregtelike wyse te poog om skuldeisers en lede te beskerm. Ook wat wetgewing betref, het die meeste ontwikkeling wat plaasgevind het, geskied ten opsigte van prosedureaangeleenthede.²

Die houding van die wetgewer en die howe is om aan die betrokke partye die grootste moontlike vryheid toe te laat om skikkingsskemas te ontwerp om by hul besondere behoeftes aan te pas, om dan streng op prosedureaangeleentheid te let, maar uiteindelik in 'n groot mate die mening van die meerderheid skuldeisers of lede na te volg.

Teen hierdie agtergrond moet die prosedure wat gevolg moet word ten einde 'n a 311-skema bekragtig te kry sorgvuldig nagegaan word, want dit is veral langs die weg van prosedure dat daar gepoog word om skuldeisers en lede te beskerm.

-
- 1) Vgl H6 oor die inhoud van die skikkingsaanbod.
 - 2) Vgl H2 oor die historiese ontwikkeling van a 311 en 312 en sien H 13 C oor nuwe ontwikkelings in Australië, weer eens meestal op die gebied van prosedureaangeleenthede.

B. AANSOEK TOT DIE HOF OM TOESTEMMING OM VERGADERINGS VAN SKULDEISERS EN LEDE BYEEN TE ROEP.

Die eerste stap is om by wyse van kennisgewing van mosie, te-
samen met stawende eedsverklarings,³ 'n aansoek tot die hooggere-
gshof te rig om toestemming om vergaderings van skuldeisers
en/of lede van die maatskappy, na gelang van die geval, byeen
te roep. Indien die hof die aansoek toestaan, skryf die hof
die wyse voor waarop die vergaderings byeengeroep sal word.⁴

1. Partye wat die aansoek mag bring.

Ingevolge a 311(1) mag so 'n aansoek gebring word deur
die maatskappy self, 'n skuldeiser, 'n lid, die likwidateur
van 'n maatskappy wat in likwidasie is, of die geregtelike
bestuurder, waar die maatskappy onder geregtelike bestuur
verkeer.

a) Die maatskappy self.

"Maatskappy " beteken 'n maatskappy ingelyf kragtens
hoofstuk IV van die Wet, asook 'n liggaam wat on-
middellik voor die inwerkingtreding van die Wet 'n
maatskappy was ingevolge 'n wet wat deur die Wet⁵
herroep is.⁶ Die toepassingsveld van a 311 is verder
uitgebrei om ook buitelandse maatskappye en ander
regspersone in te sluit.⁷

-
- 3) A 1, Wet op die Vervanging van Petisieverrigtinge, 35 van
1976.
- 4) A 311(1)
- 5) Die Maatskappywet 61 van 1973.
- 6) A 1(1) sv "maatskappy"
- 7) Deur a 311(8) geles met a 337 sv "maatskappy".

A 311 is ook van toepassing op maatskappye, buitelandse maatskappye en verenigings wat onderworpe is aan die bepalings van h wet aangaande banke, versekeringsmaatskappye of -verenigings, vir sover die bepalings van lg wette nie in stryd is met die bepalings van die Maatskappywet nie.⁸

Die volgende maatskappye is uitgesluit van die werking van die Maatskappywet en dus ook van a 311: maatskappye waarvan die oprigting, registrasie en bestuur gereël word deur die bepalings van h wet aangaande bouverenigings, onderlinge hulpverenigings (insluitende Pensioenfondse⁹), vakverenigings en werkgewersorganisasies, of koöperatiewe verenigings of maatskappye, behalwe vir sover so h wet anders bepaal.¹⁰

Uitgesluit van die werking van a 311, is genootskappe of verenigings geregistreer kragtens die Transvaalse ordonnansie tot Inkorporasie van Genootskappe en Verenigings, 1903.¹¹

Die maatskappy self kan dus aansoek by die hof doen om toestemming om vergaderings byeen te roep, mits dit h maatskappy is waarop a 311 van toepassing is.¹²

b) Aansoek deur h skuldeiser

Daar is geen omskrywing in die Wet van wat h skuldeiser in hierdie verband is nie.

-
- 8) A(3)(1)(b) en sien *Du Preez and Another v Garber: In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 811.
- 9) Binne die betekenis van die Wet op Pensioenfondse, Wet 24 van 1956 - a 3(1)(a).
- 10) A 3(1)(a)
- 11) Ordonnansie 56 van 1903 - sien a 3(1)(a).
- 12) h Afskrif van h direksiebesluit waardeur h bepaalde persoon gemagtig word om die stukke te onderteken, word vereis.

Hoewel die likwidasiebepalings nie van toepassing is op aansoeke ingevolge a 311 nie, kan hulle moontlik 'n aanduiding gee van wat 'n skuldeiser is. 'n Likwidasie-aansoek kan gebring word deur een of meer skuldeisers, insluitende voorwaardelike of verwagte skuldeisers.¹³ Skuldeiser sluit ook in 'n skuldeiser wat sy eis dmv sessie verkry het.¹⁴

Daar bestaan geen beginselbeswaar daarteen dat hierdie beginsels as leidraad sal dien om te bepaal wie 'n skuldeiser ingevolge a 311(1) van die Wet is nie.

'n Skuldeiser kan dus 'n aansoek tot die hof rig om toestemming om vergaderings byeen te roep mits hy inderdaad 'n skuldeiser *van die maatskappy* is. Hy kan 'n voorwaardelike of verwagte skuldeiser wees, hy kon sy eis dmv sessie verkry het en sy eis hoef geen minimumbedrag te beloop alvorens hy so 'n aansoek kan bring nie.

c) Aansoek deur 'n lid van die maatskappy.

Die vereiste vir lidmaatskap is dat 'n persoon moet onderneem¹⁵ om lid van die maatskappy te word en dat sy naam in die lederegister ingeskryf moet wees.¹⁶ Ook eksekuteurs, administrateurs, kurators, voogde en likwidateurs wat ampshalwe lid van 'n maatskappy word, se name moet in die register ingeskryf wees, alvorens hulle vir doeleindes van die Wet geag kan word lid van die maatskappy te wees.¹⁷ Die toonder van 'n

13) A 346(1)(b)

14) Dit kan afgelei word uit a 345(1)(a).

15) Die ondertekenaars van die akte van 'n maatskappy word geag te onderneem het om lede van die maatskappy te word by sy inlywing en moet onverwyld as lede in sy lederegister ingeskryf word. Vgl a 103(1); Cilliers en Benade 185.

16) A 103(2); Gower 426; Pennington 289; Cilliers en Benade 185 ev, Henochsberg 199 ev; De Wet en Van Wyk 613.

17) A 103(3); Henochsberg 202.

aandelebewys word geag 'n lid van die maatskappy binne die betekenis van die Wet te wees slegs indien die statute van die maatskappy aldus bepaal.¹⁸

Anders as by likwidasie,¹⁹ word geen minimumtydperk van lidmaatskap vereis alvorens 'n lid by magte is om 'n aansoek te bring om toestemming om vergaderings byeen te roep, nie.

'n Voormalige lid van 'n maatskappy het nie *locus standi* om so 'n aansoek te bring nie.²⁰

d) Aansoek deur die likwidateur

In die geval van 'n maatskappy wat gelikwideer word, kan 'n aansoek deur die likwidateur gebring word.

Die persoon moet reeds as likwidateur aangestel wees;²¹ nominasie deur 'n vergadering van lede of skuldeisers is nie voldoende nie.

"Likwidateur" sluit in 'n mede-likwidateur en 'n voorlopige likwidateur.²²

-
- 18) A 103(4). Sien Tabel A par 27 + 28; Cilliers en Benade 201; De Wet en Van Wyk 633.
- 19) Waar met sekere uitsonderings, 'n lid reeds vir ses maande as lid in die lederegister geregistreer moet wees alvorens hy 'n aansoek om likwidasie kan bring. Sien a 346(2)
- 20) *Ex parte Lipschitz : in re GOR Garage (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1963(1) SA 375 (GW).
- 21) Vgl a 1(1) sv "likwidateur": die persoon kragtens hoofstuk XIV *aangestel* as likwidateur.
- 22) A 1(1) sv "likwidateur" en sien *Liquidator Dainty Foods Ltd v Glenton & Mitchell* 1942 EDL 26; *Ex parte Emanuel* 1952(4) SA 22 (SR); *Ex parte Ruskin, NO: in re Golden Reef Wineries (Pty) Ltd (In Voluntary Liquidation)* 1957(4) SA 573(W); *Ex parte Provisional Liquidator Hugo Franco (Pty) Ltd* 1958(4) SA 397(W); *Ex parte Schwartz NO* 1961(4) SA 851(W), veral op 853 B-E; *Goode, Durrant and Murray (SA) Ltd v Stephenson, NO (1)* 1961(1) SA 655(SR). Sien ook *Ex parte Simmons NO: In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T).

Waar daar meer as een likwidateur is, kan 'n aansoek deur een van hulle gebring word en is dit nie nodig dat al die mede-likwidateurs die aansoek gesamentlik maak nie.²³

Indien die likwidateur die aansoek bring en enige regskoste in die proses namens die maatskappy in likwidasie aangaan, moet hy die nodige magtiging van skuldeisers en/of lede daartoe hê.²⁴

e) Aansoek deur die geregtelike bestuurder

Waar die maatskappy onder geregtelike bestuur verkeer, kan 'n aansoek om toestemming om vergaderings van skuldeisers en/of lede ingevolge a 311(1) byeen te roep, aan die hof gerig word deur die geregtelike bestuurder.²⁵

Die 1926-Wet het nie voorsiening gemaak vir 'n aansoek deur 'n geregtelike bestuurder nie, maar desondanks was

-
- 23) Vgl *Ex parte Power NO and Others: In re Amato Consolidated Industries Ltd and Others* 1959(2) SA 547(W), waar 'n aansoek deur vier van die vyf mede-geregtelike bestuurders gebring is.
- 24) Ontbreek hierdie magtiging, kan hy moontlik persoonlik aangespreek word vir betaling van sodanige kostes. Gewoonlik is die likwidateur net bereid om 'n aansoek te bring indien hy bevredigende waarborge ontvang vir die betaling van kostes, ongeag die uitslag van die skema.
- 25) A 311(1).

ons howe bereid om te aanvaar dat sowel 'n geregtelike bestuurder²⁶ as 'n voorlopige geregtelike bestuurder²⁷ die nodige *locus standi* het om die hof te nader om toestemming vir die byeenroep van vergaderings.

In die huidige Wet²⁸ word 'n geregtelike bestuurder omskryf as die finale geregtelike bestuurder in a 432 van die Wet bedoel,²⁹ tensy dit uit die samehang anders blyk.³⁰ "Geregtelike bestuurder" in a 311(1) sluit dus nie outomaties 'n voorlopige geregtelike bestuurder in nie.

In *Williams v Sandy's Confectionary (Pty) Ltd*³¹ beslis regter Didcott dat binne die verband van a 311, die woorde "geregtelike bestuurder" 'n wyer betekenis het as die wat in die definisie vervat is, en dat 'n voorlopige geregtelike bestuurder dus wel ingevolge a 311 'n aansoek kan bring.³²

-
- 26) Vgl *Ex parte Cousins* 1948(1) SA 1130(N); *Chitty and Another v Apex Building and Construction Co Ltd* 1949(2) SA 435(K); *Ex parte Goldfields Building Society (Under Judicial Management) and Another* 1933 WLD 214, 216 (obiter); *Ex parte Judicial Managers of CTC Bazaars (SA) Ltd* 1940 CPD 550; *Ex parte Turkstra and Others* 1941 TPD 169; *Ex parte Baker and Another : In re Union Leather Works (Pty) Limited* 1948(2) SA 205(K); *Ex parte Reid & Knuckey (Pty) Ltd* KPA Desember 1947, ongerapporteer (sien *Ex parte Baker, supra*); *Ex parte Israel NO and Hudson NO* 1953(1) PH E5(O); *Ex parte Power and Others, NNO: In re Natal Oil Products Ltd* 1959(1) SA 7(D).
- 27) Vgl *Ex parte Millman NO : In re Alwarvo (SWA) (Pty) Ltd* 1972(1) PH E6 (SWA).
- 28) Die 1926-Wet bevat geen soortgelyke omskrywing nie. Vgl a 229, Maatskappywet 46 van 1926.
- 29) sien a 1(1) sv "geregtelike bestuurder"
- 30) A 1(1) aanhef.
- 31) *Williams v Sandy's Confectionary (Pty) Ltd. Ex parte Muller NO*. 1976(2) SA 355(D).
- 32) Die hof beslis ook dat dit nie nodig is om aansoek te doen vir die uitbreiding van die voorlopige geregtelike bestuurder se magte ingevolge a 428(2)(c) nie, alvorens hy die aansoek kan bring nie.

Die siening dat 'n voorlopige geregtelike bestuurder ook 'n aansoek ingevolge a 311 kan bring, is egter vatbaar vir kritiek. Die hele prosedure van geregtelike bestuur is in die 1973-wet sodanig gewysig dat daar so spoedig moontlik³³ 'n beslissing deur skuldeisers, lede en skuld-briefhouers geneem moet word oor die toekoms van die maatskappy³⁴. 'n Aansoek ingevolge a 311 sal noodwendig 'n vertraging van hierdie proses meebring en kan aanleiding gee tot die verlenging van die keerdatum van die voorlopige geregtelike bestuursbevel.

Hoewel 'n voorlopige geregtelike bestuurder *locus standi* het om 'n aansoek ingevolge a 311 te bring, behoort die hof by die oorweging van so 'n aansoek in gedagte te hou dat dit uitsluitel oor finale geregtelike bestuur mag ver- traag, wat ook skadelik vir die belange van die maatskappy self en vir die belange van die skuldeisers mag wees.

'n Aansoek kan ook gebring word deur 'n gesamentlike geregtelike bestuurder.³⁵

f) Probleme

'n Argument wat soms aangevoer word, is dat waar 'n maatskappy in likwidasie of onder geregtelike bestuur

33) Binne nie meer as 60 dae - a 432(1).

34) Vgl a 432(2); 431(3); Cilliers en Benade 690; Henochs- berg 759.

35) Vgl *Ex parte Power NO and Others : In re Amato Consolidated Industries Ltd and Others* 1959(2) SA 547(W); *Borton v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970(3) SA 107(OK).

is, slegs die likwidateur of geregtelike bestuurder onderskeidelik by magte sou wees om 'n aansoek ingevolge a 311 te bring.³⁶ Hierdie argument word nie deur ons howe aanvaar nie.³⁷

'n Direkteur het nie *locus standi* om 'n aansoek in sy hoedanigheid as direkteur te bring nie;³⁸ so ook nie 'n voormalige direkteur en voormalige aandeelhouer nie.³⁹

-
- 36) Sien *Ex parte Dayananden : in re Windsor Supply Stores (Pty) Ltd* 1953(1) SA 28(N); *Goode, Durrant and Murray (SA) Ltd v Stephenson NO (1)* 1961(1) SA 655(SR); *Ex parte Cassim: in re Bradford Clothing Manufacturers (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1966(3) SA 362(D); *Re K Rees Emporiums Ltd* (1969) VR 981, 982. Sien ook *In re Irish* 1958(1) PH E1(K).
- 37) Vgl *Ex parte Barnett : In re Dents Ltd.*, 1926 WLD 157 (aansoek deur 'n skuldeiser); *Ex parte Coleman : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)*, 1933 WLD 177; (aansoek deur 'n aandeelhouer en direkteur) *Bagus Allie v Meer-Onia (Pty) Ltd*, 1948(4) SA 550(K) (skikking tussen maatskappy in likwidasie en sy skuldeisers), *Ex parte Meer : In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780(D); *Ex parte Dayananden : In re Windsor Supply Stores (Pty) Ltd (In Liquidation)*, 1953(1) SA 28(N); (aansoek deur 'n direkteur van 'n maatskappy in likwidasie, namens die maatskappy), *Ex parte Cassim : In re Bradford Clothing Manufacturers (Pty) Ltd (In Liquidation)*, 1966(3) SA 362(D) (aansoek deur 'n direkteur, aandeelhouer en skuldeisers namens die maatskappy); *Goode, Durrant and Murray (SA) Ltd v Stephenson NO(1)* 1961(1) SA 655(SR).
- 38) *Ex parte Dayananden : In re Windsor Supply Stores (Pty) Ltd* 1953(1) SA 28(N) 29H; *Ex parte Cassim : In re Bradford Clothing Manufacturers (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1966(3) SA 362(D).
- 39) *Ex parte Lipschitz : In re GOR Garage (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1963(1) SA 375(GW).

Dit is dus redelik duidelik in die wet en uit hofuitsprake wie by magte is om 'n aansoek tot die hof te rig om toestemming om vergaderings van skuldeisers en lede byeen te roep om 'n skikking- en reëlinskema ooreenkomstig a 311 van die Wet te oorweeg.

2. Jurisdiksie van die hof.

Die hof wat ingevolge a 311(1) jurisdiksie het om 'n aansoek om toestemming om vergaderings byeen te roep, aan te hoor, is enige provinsiale of plaaslike afdeling van die Hoog-geregshof van Suid-Afrika binne wie se regsgebied die geregistreerde kantoor of belangrikste⁴⁰ besigheidsplek van die maatskappy geleë is.⁴¹ Die hof is nie by magte, selfs in uitsonderlike omstandighede, om te gelas dat oor die uitslag van die vergaderings aan 'n ander afdeling van die hof, wat nie jurisdiksie ingevolge a 12(1) oor die besondere maatskappy het nie, verslag gedoen word nie.⁴²

3. Inhoud van die aansoek.

Die aansoek tot die hof moet vergesel word van 'n afskrif van die skikkingsaanbod of die reëlinskema, na gelang van die geval.⁴³ Die volledige skikking of reëling moet voor die hof wees, nie net die raamwerk daarvan nie.⁴⁴

40) A 215(1) van die 1926-wet het jurisdiksie verleen aan die hof binne wie se regsgebied die geregistreerde kantoor of enige (ipv belangrikste) besigheidsplek geleë is.

41) A 12(1).

42) *Ex parte Power and Others NNO : In re Natal Oil Products Ltd* 1959(1) SA 7(D).

43) *In re Gipsy King GM Coy (In Liquidation)* 1923 WLD 155.

44) *Ex parte Union Whaling Co* 1973(3) SA 550(W).

Enige inligting oor die bates en laste van die maatskappy wat in die aansoek vermeld word, moet duidelik en op datum wees.⁴⁵ Die aanbod self moet nie so vaag wees dat dit reeds op hierdie stadium duidelik is dat die aanbod vatbaar is vir verkeerde interpretasie nie.⁴⁶

Saam met die aanbod, word soms ook vereis dat die likwidateur se siening oor die besigheidsmeriete van die skikking voor die hof moet wees, asook die verduidelikende verklaring wat ingevolge a 312(1) aan skuldeisers gestuur gaan word.

In *In re Unity Motors (Pty) Ltd*⁴⁷ het die hof die mening uitgespreek dat daar van die likwidateur vereis behoort te word om sy siening oor die besigheidsmeriete van die skikkingsaanbod te gee alvorens koste aangegaan word om vergaderings byeen te roep.⁴⁸ Hierdie vereiste word nie in praktyk nagevolg nie en wat waarskynlik bedoel word, is dat indien die likwidateur h mening wil uitspreek of gekant is teen die skema, hy sy mening voor die hof moet plaas alvorens vergaderings belê word.⁴⁹

-
- 45) *Ex parte Seafare Investments Ltd* 1970(2) SA 417(K).
- 46) *Ex parte De Villiers and Another* 1970(2) SA 536(K)
- 47) 1956(4) SA 14(W) 17.
- 48) Vgl ook *Goode, Durrant and Murray (SA) Ltd v Stephenson NO (2)* 1961(1) SA 657(SR); Cilliers en Benade 428, wat verklaar dat hierdie inligting voor die hof moet wees wanneer bekragtiging van die skema oorweeg word, se standpunt is nie korrek nie.
- 49) Vir verdere voorbeelde van gevalle waar h mening wel uitgespreek is, sien *Ex parte Singh and Another (Pty) Ltd : In re Orkin Brothers (Pretoria) Ltd (Under Judicial Management)* 1950(1) SA 471(T) 473; *Ex parte Turkstra and Others* 1941 TPD 169; *Ex parte De Wet NO : In re Atlas Motion Picture Co (Pty) Ltd* 1978(1) SA 375(W) 376E.

In Australië bepaal die Companies Act ⁵⁰ dat die hof hierdie verduidelikende verklaring mag goedkeur. Die diskresie word dus aan die hof oorgelaat om te besluit of hulle sal vereis dat die verduidelikende verklaring aan hulle voorgelê word vir goedkeuring al dan nie.

Cilliers en Benade ⁵¹ is van mening dat die verduidelikende verklaring wel by die aansoek aangeheg moet word, ⁵² maar dit word aan die hand gedoen dat, mits daar voldoende inligting ⁵³ voor die hof is sodat die hof kan besluit of vergaderings byeengeroep behoort te word, die verduidelikende verklaring deur a 312(1) vereis, nie op hierdie stadium aan die hof voorgelê hoef te word nie. Selfs al sou dit nou aan die hof voorgelê word, sou toestemming om vergaderings byeen te roep nie impliseer dat die hof tevrede is met die verklaring en nie op die keurdatum kan besluit dat die verklaring onvoldoende of misleidend was nie.

Waar in 'n besondere geval die verduidelikende verklaring wel saam met die eerste aansoek voor die hof was en die hof bevind het dat daar leemtes in die verklaring was, is die saak uitgestel ten einde die maatskappy die geleentheid te bied om leemtes aan te vul. ⁵⁴

-
- 50) Vgl a 315(1), Companies Act, 1981 (Cth).
- 51) Op 421.
- 52) Henochsberg 541 verklaar dat dit duidelik is dat hierdie verklaring voor die hof moet wees "at the stage when application is made for an order under S311" Henochsberg onderskei nie hier tussen die bevel ingevolge a 311(1) (aansoek om vergaderings te hou) en a 311(2) (bekragtiging van skema) nie en dit is nie duidelik na watter bevel hy hier verwys nie.
- 53) Wat wel belangrik is, is dat 'n vergelyking vir die hof getref word tussen die verwagte dividend by likwidasie en die uitbetaling ingevolge die skema. Vgl by *Ex parte Bruyns NO: In re Mammoth Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (Under Provisional Liquidation)* 1973(3) SA 721(T) op 723. Sien verdere C 2 c *Verduidelikende verklaring ooreenkomstig a 312 (1)(a)* hieronder.
- 54) *Ex parte Seafare Investments Ltd* 1970(2) SA 417(K).

In die aansoek moet ook 'n voorsitter vir die vergadering(s) genomineer word en besonderhede gegee word van die klasse skuldeisers en/of lede wat saam sal vergader.⁵⁵

4. Die hof se magte op hierdie stadium.

Die hof het 'n diskresie om te besluit of vergaderings byeengeroep sal word om die skema te oorweeg, al dan nie.⁵⁶

Die hof kan besluit om die aansoek van die hand te wys indien die hof van mening is dat die skikking of reëling onverdedigbare voorwaardes bevat⁵⁷ of waar dit duidelik is dat die skema nie die minste kans het om aanvaar te word nie.⁵⁸ Indien daar net aspekte van die skema is wat nie vir die hof aanvaarbaar is nie,⁵⁹ of indien daar onvolledige of gebrekkige inligting voor die hof is,⁶⁰ kan die hof die aansoek uitstel.

-
- 55) Oor klasse skuldeisers en lede, sien D 2 hieronder.
- 56) A 311(1).
- 57) *Ex parte Singh and Another (Pty) Ltd : In re Orkin Brothers (Pretoria) Ltd (Under Judicial Management) 1950(1) SA 471(T).*
- 58) Vgl *Wells v New Wolhuter Gold Mines, Ltd 1939(1) PH E6(W); Ex parte Singh and Another (Pty) Ltd : In re Orkin Brothers (Pretoria) Ltd (Under Judicial Management) 1950(1) SA 471(T); MS Mall (Cape) (Pty) Limited & Others : In re Achies Stores (Pty) Limited 1952(1) PH E4(K).*
- 59) *Ex parte Wells NO 1968(4) SA 391(W); Ex parte Barnes and Others NNO : In re Seawright (Pty) Ltd (In Liquidation) 1973(2) SA 201(W); Ex parte De Wet NO : In re Atlas Motion Picture Co (Pty) Ltd 1978(1) SA 375(W).*
- 60) *In re Gipsy King GM Coy (In Liquidation) 1923 WLD 155; Ex parte Seafare Investments Ltd 1970(2) SA 417(K); Ex parte De Villiers and Another 1970(2) SA 536(K); Ex parte Union Whaling Co 1973(3) SA 550(W).*

Die hof is nie by magte om te beveel dat geregtelike stappe teen die maatskappy opgeskort word, of dat h beslaglegging of eksekusie teen die bates van die maatskappy gestaak word, terwyl h skema oorweeg word nie.⁶¹

Ten spyte daarvan dat h skema dus skipbreuk kan ly indien geregtelike stappe, beslaglegging of eksekusie teen die maatskappy nie opgeskort word nie, is die hof nie by magte om sodanige opskorting te gelas nie.⁶²

5. Kriteria waarvolgens die hof besluit of die aansoek toegestaan behoort te word.

h Aansoek om toestemming vir die byeenroep van vergaderings is nie h blote formaliteit nie.⁶³ Dit is dus nodig om te kyk na die kriteria wat die hof toepas by die oorweging van so h aansoek. Leiding kan ook gevind word by h aantal Australiese beslissings.

a) Australiese beslissings.

In *Re K Rees Emporiums Ltd*⁶⁴ is drie dinge uitgelig wat h applikant moet aantoon ten einde te kan slaag,⁶⁵ naamlik:

-
- 61) Vgl *Ex parte Nell & Co (Pty) Ltd* 1958(2) SA 671(OK); *Booth v Walkden Spinning and Manufacturing Company, Limited* (1909) 2 KB 368; *Ex parte Coney* 1952(3) SA 745(SR).
- 62) Sodanige opskorting kan verkry word deur die maatskappy in likwidasie (vrywilliglik of deur die hof) of onder geregtelike bestuur te laat plaas. Vgl a 359(1)(a) en (b) en 428(2).
- 63) Soos blyk uit die aantal beslissings waarin toestemming nie verleen is nie. Vgl bv *Wells v New Wolhuter Gold Mines, Ltd* 1939(1) PH E6(W); *Ex parte Singh and Another (Pty) Ltd: In re Orkin Brothers (Pretoria) Ltd (Under Judicial Management)* 1950(1) SA 471(T); *MS Mall (Cape) (Pty) Limited & Others : In re Achies Stores (Pty) Limited* 1952(1) PH E4(K).
- 64) (1969) VR 981.
- 65) 984-986.

- (i) dat die applikant die nodige *locus standi* ingevolge a 181⁶⁶ het om die aansoek te bring⁶⁷
- (ii) dat daar 'n *bona fide* skikking of reëling is, naamlik 'n voorstel wat gesien kan word as 'n *bona fide* poging om 'n skikking tussen die maatskappy en sy skuldeisers te bewerkstellig, vir die gemeenskaplike belang van die skuldeisers of klas skuldeisers tot wie die aanbod gerig sou word;
- (iii) dat vergaderings op gepaste wyse byeengeroep sou word, dit wil sê dat vasgestel kan word wie skuldeisers is en hulle in kennis gestel kan word.⁶⁸

Al is daar aan aldie hierdie vereistes voldoen, het die hof nogtans 'n diskresie om te gelas dat vergaderings gehou word, al dan nie.⁶⁹

-
- 66) Companies Act 1961 (No 6839) Victoria; nou a 315, Companies Act 1981 (Cth). Sien a 311(1) van die Wet.
 - 67) Oor *locus standi* van die applikant, sien B 1 hierbo.
 - 68) Hoewel dit nog nie in Suid-Afrika ter sprake gekom het nie, behoort dit 'n geldige beswaar teen 'n voorgestelde skema te wees dat daar nie vasgestel sou kon word wie skuldeisers van die maatskappy is nie en dat bevredigende kennisgewing dus nie aan skuldeisers gegee sou kon word nie.
 - 69) Op 984.

h Meer duidelike kriterium wat in h latere saak⁷⁰ geformuleer is, is of die skema van so h aard is en op sulke voorwaardes uiteengesit is dat, indien dit deur die statutêre meerderheid van skuldeisers aanvaar word, die hof waarskynlik, indien die saak nie geopponeer word nie, die skema sal goedkeur.⁷¹ Hierdie lyk na h realistiese kriterium.

In *Re Casablanca Wine Bars Pty Ltd*⁷² het die hof, ten spyte van voorbehoude oor die voorgestelde skema, besluit dat die skema nie sodanig is dat dit nie goedgekeur kan word deur h skuldeiser wat eerlik in sy eie belang⁷³ optree nie.⁷⁴ Toestemming is dus verleen vir die byeenroep van vergaderings.

In hierdie sake is met twee kriteria gewerk, maar hierdie twee kriteria skakel aaneen. Die hof kan dus, in sy besluit of toestemming vir die byeenroep van vergaderings verleen moet word, besluit of die skema nie sodanig is dat dit nie goedgekeur kan word deur h skuldeiser wat eerlik in sy eie belang optree nie,⁷⁵ of die hof kan kyk of die skema sodanig is dat, indien skuldeisers dit aanvaar en bekragtiging nie teengestaan word nie, die hof dit wel sal bekragtig.⁷⁶

-
- 70) *FT Eastment & Sons Pty Ltd v Metal Roof Decking Supplies Pty Ltd* (1977) 3 ACLR 69.
- 71) Op 72.
- 72) (1978) 3 ACLR 318.
- 73) By oorweging van die skuldeiser se eie belang is veral gelet op die vergelyking tussen die verwagte dividend by likwidasie in vergelyking met die verwagte uitbetaling ingevolge die skema.
- 74) Die hof steun in sy uitspraak op *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460, h beslissing wat gehandel het oor die bekragtiging van h skema, en op *FT Eastment & Sons Pty Ltd v Metal Roof Decking Supplies (Pty) Ltd* (1977) 3 ACLR 69.
- 75) *Re Casablanca Wine Bars Pty Ltd* (1978) 3 ACLR 318.
- 76) *FT Eastment & Sons Pty Ltd v Metal Roof Decking Supplies Pty Ltd* (1977) 3 ACLR 69.

b) Suid-Afrika

Die toetse wat deur die Suid-Afrikaanse howe toegepas word om te bepaal of toestemming verleen behoort te word vir die byeenroep van vergaderings, stem in 'n groot mate ooreen met dié wat deur die Australiese howe gebruik is.

In *Ex parte Turkstra and Others*⁷⁷ kyk regter Barry of dit redelik waarskynlik is of die vereiste meerderheid by die vergadering verkry mag word, en verleen dienooreenkomstig toestemming vir die byeenroep van vergaderings. As motivering verklaar hy dat hy dieselfde toets gebruik as wanneer die hof moet besluit of 'n maatskappy onder geregtelike bestuur geplaas moet word, of gelikwider moet word.⁷⁸ Hy word verder beïnvloed deur die feit dat die doel van die vergaderingsou wees om die maatskappy in staat te stel om sy skulde te betaal⁷⁹ en weer die bestuur oor te neem.⁸⁰

Die motivering vir hierdie beslissing is ietwat vreemd,⁸¹ maar die toets, nl of daar 'n redelike waarskynlikheid bestaan dat die vereiste meerderheid van die maatskappy se skuldeisers die aanbod mag aanvaar, word algemeen aavaar en toegepas.⁸²

77) 1941 TPD 169.

78) Op 172. Ingevolge a 195(1) van die Maatskappywet, 46 van 1926, is die toets vir geregtelike bestuur of daar 'n redelike waarskynlikheid bestaan dat die maatskappy in staat gestel sal word om aan sy verpligtinge te voldoen en likwidasië te vermy.

79) Skuldeisers sou 'n totale dividend van 47,5 sent in die rand ontvang.

80) Op 173.

81) By oorweging van die meriete van 'n skema word gewoonlik net gekyk na die belange van skuldeisers en lede, en nie na die voortbestaan van die maatskappy nie.

82) Vgl *Bagus Allie v Meer-Onia (Pty) Ltd* 1948(4) SA 550(K) 552-553; *Goode, Durrant and Murray (SA) Ltd v Stephenson NO* (1) 1961(1) SA 655 (SR) 656E; *Ex parte Bruyns NO*; *In re Mammoth Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (Under Provisional Liquidation)* 1973(3) SA 721(T); Sien ook *Ex parte De Wet NO*; *In re Atlas Motion Picture Co (Pty) Ltd* 1978(1) SA 375(W).

'n Ander toets is geformuleer in *Liquidator Dainty Foods Ltd v Glenton & Mitchell*,⁸³ waar die hof beslis, in 'n aansoek vir die uitstel van die keerdatum van 'n likwidasiebevel op grond daarvan dat 'n skikking voorgestel word, dat die aansoek slegs van die hand gewys behoort te word indien die hof oortuig daarvan is dat die voorgestelde skikking of reëling onmoontlik nie sou lei tot 'n skema wat die hof op 'n latere datum kan aanvaar nie.⁸⁴ Hierdie toets is eintlik net 'n verlenging van die vorige toets.

Daar moet in gedagte gehou word dat enige toetse wat geformuleer mag word, hoogstens as leidrade kan dien, aangesien die hof steeds 'n diskresie het om toestemming vir die byeenroep van vergaderings te verleen, al dan nie.⁸⁵ So is 'n aansoek van die hand gewys omdat die hof bevind het dat dit nie 'n egte aanbod is nie, maar slegs gemaak is om tyd te wen;⁸⁶ of omdat die hof bevind het daar nie die geringste moontlikheid was dat die skema aanvaar sou word nie.⁸⁷

Daar kan dus gesê word dat howel die hof 'n diskresie het om toestemming te verleen vir die byeenroep van vergaderings, die aansoek waarskynlik sal slaag indien daar 'n redelike waarskynlikheid is dat die vereiste meerderheid by 'n vergadering verkry mag word. Stilswyend hierby inbegrepe, is die voorwaarde dat die voorwaardes en bedinge van die skema sodanig moet wees dat, indien daar nie teenkanting teen die skema is nie en mits die vereiste meerderhede die skema aanvaar, dit

83) 1942 EDL 26.

84) Op 29.

85) Vgl *MS Mall (Cape) (Pty) Limited & Others : In re Achies Stores (Pty) Limited* 1952(1) PH E4(K).

86) *Ex parte Singh and Another (Pty) Ltd : In re Orkin Brothers (Pretoria) Ltd (Under Judicial Management)* 1950(1) SA 471(T).

87) *Wells v New Wolhuter Gold Mines Ltd* 1939(1) PH E6(W).

vir die hof moontlik sal wees om die skema te bekragtig.⁸⁸

In sy oorweging of daar 'n redelike waarskynlikheid is dat die vereiste meerderheid by 'n vergadering verkry mag word word die hof onder andere gelei deur 'n vergelyking te tref tussen die waarskynlike dividend in 'n likwidasie, in vergelyking met die vergoeding wat ingevolge die skema aangebied word.⁸⁹ Dit is dus noodsaaklik dat die nodige inligting voor die hof moet wees.

6. Teenkanting teen die eerste aansoek.

Indien 'n skuldeiser of ander belanghebbende party gekant is teen 'n voorgestelde skema, moet sy besware by die betrokke vergaderings van skuldeisers geopper word en, indien nodig, aan die hof wanneer bekragtiging van die skema oorweeg word. Teenkanting teen 'n skema op die meriete van die skema, is onvanpas op hierdie stadium, wanneer toestemming gevra word vir die byeenroep van vergaderings.⁹⁰

Daar rus dus 'n moeilike taak op die skouers van 'n beswaarmaker wat gekant is teen die verlening van toestemming om vergaderings van skuldeisers en lede byeen te roep. Hoewel 'n beswaarmaker nie op hierdie stadium die skema op die meriete daarvan kan aanval nie, sou hy die toestemming om vergaderings byeen te roep, op die volgende gronde kon teenstaan:

-
- 88) Toestemming om vergaderings byeen te roep impliseer egter nie dat daar nie onaanvaarbare voorwaardes in die aanbod is nie. Vgl bv die hof se besware, tydens 'n aansoek om bekragtiging van 'n skema, teen die inhoud van die aanbod in *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N). Sien ook *Ex parte De Wet NO : In re Atlas Motion Picture Co (Pty) Ltd* 1978 (1) SA 375(W) 376F-H.
- 89) Vgl *Ex parte Bruyns NO : In re Mammoth Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (Under Provisional Liquidation)* 1973(3) SA 721 (T).
- 90) *Ex parte Ralph Millman NO : In re Alwarvo (SWA) (Pty) Ltd* 1972(1) PH E6(SWA).

-
- (a) Gebrek aan *locus standi* van die applikant.⁹¹
 - (b) Gebrek aan jurisdiksie van die hof.⁹²
 - (c) Die aanbod mag sodanig wees dat skuldeisers dit nie ernstig kan oorweeg en onmoontlik nie sal kan aanvaar nie,⁹³ of dat die hof die skema nie op die keerdatum sal kan goedkeur nie.⁹⁴
 - (d) Dit mag onmoontlik wees om die skema in werking te stel of goedgekeur te kry bv omdat 'n skuldeiser wie se steun nodig sou wees om die skema goedgekeur te kry, reeds sy teenkanting te kenne gegee het,⁹⁵ of omdat dit bv onmoontlik sou wees om vas te stel wie skuldeisers

-
- 91) Oor *locus standi* van die applikant, sien B1 hierbo.
 - 92) Oor jurisdiksie van die hof, sien B 2 hierbo.
 - 93) Vgl *Wells v New Wolhuter Gold Mines Ltd* 1939(1) PH E6(W); *Ex parte Singh and Another (Pty) Ltd : In re Orkin Brothers (Pretoria) Ltd (Under Judicial Management)* 1950(1) SA 471(T). *MS Mall (Cape) (Pty) Limited & Others : In re Achies Stores (Pty) Limited* 1952 (1) PH E4(K). *Ex parte Wells NO* 1968(4) SA 391(W); *Ex parte Barnes and Others NNO : In re Seawright (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1973(2) SA 201(W); *Ex parte De Wet NO : In re Atlas Motion Picture Co (Pty) Ltd* 1978(1) SA 375(W).
 - 94) Vgl *Liquidator Dainty Foods Ltd v Glenton & Mitchell* 1942 EDL 26 op 29.
 - 95) *Ex parte Singh and Another (Pty) Ltd : In re Orkin Brothers (Pretoria) Ltd (Under Judicial Management)* 1950(1) SA 471(T).

en/of lede van die maatskappy is omdat die rekeningkundige rekords in so 'n chaotiese toestand is.⁹⁶

Besware wat nie op hierdie stadium oorweeg sal word nie, is besware oor die meriete van die skema of oor die motiewe van die aanbieders met die voorstel van die skema.⁹⁷

Wanneer toestemming vir die byeenroep van vergaderings oorweeg word, word dus net oppervlakkig na die inhoud van die aanbod gekyk, maw die hof is nie bereid om die beslissing van skuldeisers vooruit te loop nie. Die algemene houding van die hof is om skuldeisers self oor die inhoud van die aanbod te laat besluit - slegs in uiterste gevalle, waar die byeenroep van vergaderings 'n klaarblyklike mors van tyd en geld sal wees, is die hof bereid om toestemming vir die byeenroep van vergaderings te weier.

96) *K Rees Emporiums Ltd* (1969) VR 981.

97) *Bagus Allie v Meer-Onia (Pty) Ltd* 1948(4) SA 550(K);
Ex parte Ralph Millman NO : In re Alwarvo (SWA) (Pty) Ltd
1972(1) PH E6(SWA); *Ex parte Bruyns NO : In re Mammoth*
Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (Under Provisional
Liquidation) 1973(3) SA 721(T).

7. Die vereiste dat vergaderings gehou moet word.

Daar bestaan onsekerheid oor die vraag of die hof kan afsien van die vereiste dat vergaderings byeengeroep moet word, of dat die hof 'n skema kan bekragtig wat aanvaar is deur 'n vergadering wat op eie inisiatief, dws nie ingevolge 'n hof-bevel nie, byeengeroep is. Weens die onsekerheid wat daar bestaan, kan leiding ook by Australiese beslissings gesoek word.

a) Australië

In een Australiese saak⁹⁸ het die hof 'n skema wat deur al die betrokke partye goedgekeur is, bekragtig sonder om eers die hou van vergaderings te beveel. In 'n latere saak, *Re Montana Frocks Pty Ltd*,⁹⁹ het 'n hof met gelyke jurisdiksie geweier om hierdie beslissing na te volg. Hoewel al die skuldeisers die voorwaardes van 'n voorgestelde skema aanvaar het, is hierdie aanvaarding nie op 'n vergadering verkry nie en word beslis dat die hof slegs jurisdiksie het om 'n skema te bekragtig indien besluite geneem is deur die voorgeskrewe meerderheid in waarde en getal, op 'n vergadering of vergaderings wat behoorlik byeengeroep is.

Sedert die inwerkingtreding van die Companies Act 1981,¹⁰⁰ sal die hof waarskynlik, weens die bewoording van a 315(4),¹⁰¹

98) *Re Barry & Roberts (Pty) Ltd* (1947) QWN 43, soos bespreek in Paterson & Ednie par 181/45.

99) (1967) 2 NSW 584; opsomming in 1968 Australian Digest of Cases par 345. Vgl Paterson & Ednie par. 181/45 en kommentaar deur RB 42 (1968) ALJ 149.

100) Companies Act, 89 of 1981 (Cth) wat in werking getree het op 1 Julie 1982.

101) A 315(4) bepaal dat 'n skikking of reëling bindend sal wees ".... if, and only if - (a) at a meeting convened in accordance with an order of the Court under sub-section (1)"

slegs jurisdiksie hê om 'n skema goed te keur indien die skema aanvaar is op vergaderings wat met toestemming van die hof byeengeroep is.

b) Suid-Afrika

In *Ex parte Atkinson - Oates Motors Ltd*¹⁰² is die Vrystaatse hof versoek om sekere besluite van lede van die maatskappy¹⁰³ as 'n reëlinskema goed te keur. Regter Fischer beslis dat geen nuttige doel gedien sal word deur die byeenroep van nuwe vergaderings nie en dat dit net sou lei tot onnodige verdragings en onkoste.¹⁰⁴ 'n Bevel *nisi* word dus gegee ten einde beswaarmakers die geleentheid te gee om hul saak aan die hof te stel.

Die Transvaalse en Kaapse hofe het daarna 'n soortgelyke houding ingeneem,¹⁰⁵ maar later was die Transvaalse hof nie bereid om af te sien van die vereiste dat vergaderings ingevolge 'n hofbevel byeengeroep moes word nie,¹⁰⁶ behalwe waar net een persoon tot 'n besondere klas van lede behoort het.¹⁰⁷

102) 1933 OPD 111.

103) Die besluite is nie eenpariglik aanvaar nie en daar was teenkanting teen die aanvaarding van die besluite.

104) Sien 115.

105) Sien *Ex parte Kinemas, Ltd* 1933 WLD 75; *Ex parte John Ovenstone, Ltd* 1936 (1) PH E7(K).

106) *Ex parte Lady Dudley Nursing Home (Pty) Ltd* 1937 (1) PH E4 (W) (verdere vergadering van enigste twee aandeelhouers gelas) en *Ex parte Massing & Ingham (Pty) Ltd* 1942 WLD 204 (vergadering van enigste drie aandeelhouers van 'n bepaalde klas, gelas).

107) *Ex parte Massing & Ingham (Pty) Ltd* 1942 WLD 204. Die lid moes 'n besluit by die hof indien dat hy toestem tot die reëling.

Waar die Vrystaatse en Kaapse hofe afgesien het van vergaderings ingevolge 'n hofbevel, het hulle eers 'n bevel *nisi* uitgereik ten einde moontlike beswaarmakers die geleentheid te gee om hul saak aan die hof te kan stel.¹⁰⁸ Die Natalse hof was egter, in *Ex parte Payne Bros Ltd*,¹⁰⁹ bereid om af te sien van sowel die byeenroep van vergaderings ingevolge 'n hofbevel, as van die uitreik van 'n voorlopige bevel, en wel op grond daarvan dat die vereistes dat vergaderings byeengeroep word, slegs daar is om belanghebbende persone te beskerm; maar in so 'n geval kan die belanghebbendes eenparig afstand van hul voorregte doen en verdere vergaderings is dan onnodig.

Die Kaapse hof was ook later bereid om af te sien van die uitreik van 'n voorlopige bevel.¹¹⁰

In *Ex parte Hind Brothers and Co Ltd*¹¹¹ het die Natalse hof egter wel vergaderings gelas in 'n geval waar die nodige besluit nie eenpariglik aanvaar is nie.¹¹²

108) Vgl *Ex parte Atkinson-Oates Motors Ltd* 1933 OPD 111;
- - - *Ex parte John Ovenstone Ltd* 1936(1) PH E7(K).

109) 1945 NPD 8.

110) Vgl *Ex parte Colonial Silk Warehouse (Pty) Ltd* 1943(1) PH E1(K); *Ex parte Jiffy Packing Co (Pty) Ltd* 1946 CPD 232;
Ex parte Schutex Industries (Pty) Ltd 1950(3) SA 714(K).

111) 1947(3) SA 373(D).

112) In hierdie geval is die voorstelle reeds aanvaar deur al 5 gewone aandeelhouders en 163 van die 167 voorkeurskuldeisers; die ander vier het skynbaar nie die skema aktief teengestaan nie.

Wanneer krities na hierdie beslissings waar die hof afgesien het van die hou van vergaderings ingevolge h hofbevel, gekyk word, blyk dit dat -

- (i) by al die skemas slegs lede betrokke was en nie skuldeisers nie;
- (ii) voorstelle eenpariglik aanvaar is;¹¹³
- (iii) aanvaarding van die voorstelle plaasgevind het op h vergadering waarvan behoorlik kennis gegee is, maw instemming is op h vergadering verkry, en nie deur blote skriftelike instemming nie.¹¹⁴

Verder is dit opvallend dat al hierdie beslissings gegee is voor die wysiging van die 1926-wet om voorsiening te maak vir die verpligte verskaffing van sekere inligting aan skuldeisers en lede, alvorens h skema oorweeg word.¹¹⁵ Dit is dan ook te betwyfel of die howe vandag sou toestem tot die bekragtiging van h skikking of reëling, tensy vergaderings byeengeroep is met die toestemming van die hof.¹¹⁶

-
- 113) In *Ex parte Atkinson-Oates Motors Ltd* 1933 OPD 111 was daar nie eenparige aanvaarding nie, maar hierdie beslissing is later gekritiseer: sien *Ex parte Payne Bros Ltd* 1945 NPd 8, 12-14; *Ex parte Hind Brothers and Co Ltd* 1947(3) SA 373(D) 377. Sien ook *Ex parte African Russian Oil Products (Pty) Ltd (and Reduced)* 1934 WLD 75.
 - 114) Vgl *Re Montana Frocks Pty Ltd* 1968 Australian Digest of Cases par 345 waar skuldeisers skriftelike toestemming gegee het sonder om te vergader. Sien ook *Ex parte Le Coultre: In re Morris Taxi Service (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1962(2) SA 338(D).
 - 115) Vgl a 103^{quat} van die 1926-wet, ingevoeg deur a 87 van die Maatskappywysigingswet, 46 van 1952, op aanbeveling van die Millin-kommissie.
 - 116) Vgl *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) op 817; Cilliers en Benade 426-427; Henochsberg 534.

8. Inhoud van die hofbevel.

Die hofbevel wat toestemming verleen vir die byeenroep van vergaderings van lede of skuldeisers, bevat gewoonlik opdragte oor die volgende aangeleenthede:¹¹⁷

- (i) Watter vergaderings byeengeroep moet word.¹¹⁸
- (ii) Wie die voorsitter sal wees.
- (iii) Wanneer en in watter koerante kennisgewings van vergaderings gepubliseer moet word, asook wat die kennisgewings moet vermeld.
- (iv) Wanneer kennisgewings aan lede en skuldeisers gestuur moet word en wat die inhoud van die kennisgewings moet wees.¹¹⁹
- (v) Die datum waarop die voorsitter aan die hof moet verslag doen oor die vergaderings.
- (vi) 'n Opdrag om kennis van die voorgestelde skikking of reëling aan die likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval, te gee, asook aan die Meester van die Hooggeregshof.

Dit is belangrik dat die datum waarop die voorsitter aan die hof verslag moet doen, in hierdie voorlopige bevel vermeld word,¹²⁰ tensy 'n tweede substansiële aansoek gedoen gaan word vir goedkeuring en waarvan aan alle belanghebbendes op die gebruikelike wyse kennis gegee word.¹²¹

-
- 117) Sien bv die bevel van 3 Augustus 1982 in *Cronjé La Provence*.
 - 118) Dws watter klasse lede en/of skuldeisers saam moet vergader.
 - 119) Die hof mag bv vereis dat meer inligting aan skuldeisers of lede gestuur word as wat deur die bepalings van a 312 vereis word. Sien hieroor C 2 hieronder.
 - 120) Vgl *Ex parte Beretta & Sons (Pvt) Ltd : ex parte Beretta* 1963(2) SA 146(SR), waar die hof nie so 'n keurdatum vasgestel het nie. Twee persone wat by die vergadering beswaar gemaak het teen die skema, het gevolglik nie kennis gekry van die datum waarop die aansoek vir bekragtiging van die skema weer voor die hof sou dien nie.
 - 121) Vgl *Ex parte Cape and Transvaal Printing and Publishing Co Ltd* WPA 24.1.1973 (ongerapporteer), soos aangehaal deur regter Coetzee in *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) op 835.

Op die keerdatum moet die voorsitter aan die hof verslag doen; indiendit nie moontlik is nie, moet 'n tussentydse verslag ingedien word, tesame met 'n versoek om uitstel.¹²²

9. Aanstelling van die voorsitter van vergaderings:

Dit is gebruiklik dat die hof 'n voorsitter van vergaderings aanwys,¹²³ wat die vergaderings ooreenkomstig die hofbevel byeenroep, as voorsitter by die onderskeie vergaderings optree, en dan op die datum in die hofbevel vermeld, verslag aan die hof doen oor die uitslag van die vergaderings.¹²⁴

Die voorsitter word gewoonlik deur die aanbieder in sy aansoek genomineer, maar dit staan die hof vry om enige persoon as voorsitter aan te stel. Daar is geen formele kwalifikasies of vereistes waaraan die voorsitter moet voldoen nie,¹²⁵ maar die hof vereis dat indien daar 'n moontlike botsing van belange by die voorsitter mag ontstaan in die

-
- 122) Sien *Ex parte Simmons NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T).
- 123) Sien egter *In re The Commercial Bank of Australia, Limited, Ex parte Whitehead* (1893) 15 ALT 239 en kritiek daarop, Paterson & Ednie 2381.
- 124) Vgl die hofbevel in *Ex parte Simmons NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T); *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 274-275; *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) 838-839.
- 125) In die verlede is die Meester soms as voorsitter van vergaderings aangestel. Vgl *Ex parte Goldfields Building Society (Under Judicial Management) and Another* 1933 WLD 214 op 219; *Ex parte Turkstra and Others* 1941 TPD 169; *Bagus Allie v Meer-Onia (Pty) Ltd* 1948(4) SA 550(K); *MS Mall (Cape) (Pty) Limited & Others: In re Achieves Stores (Pty) Limited* 1952(1) PH E4(K). Dit is egter nie meer gebruiklik om die Meester as voorsitter aan te stel nie.

uitvoering van sy pligte, hierdie botsende belange aan die hof openbaar gemaak moet word alvorens die hof hom aanstel.¹²⁶ n Hoë mate van onpartydigheid word van die voorsitter verwag in die uitvoering van sy pligte¹²⁷.

C. DIE BYEENROEP VAN VERGADERINGS VAN SKULDEISERS EN LEDE.

Daar moet baie sorgvuldig voldoen word aan die vereistes van a 312 en van die hofbevel wanneer vergaderings van skuldeisers en/of lede byeengeroep word.¹²⁸ Veral in Skotland het die hof ontken dat hulle n diskresie het om af te wyk van die vereistes van die wet¹²⁹ en daar sal dus in hierdie afdeling meermale na Skotse beslissings gekyk word vir leiding.

-
- 126) Vgl *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978 (2) SA 134 (D) 139A-140A. Sien ook *Ex parte AG Frohlich & Sons (Pty) Ltd* 1969 (2) PH E11 (Botswana HC).
- 127) Oor die pligte en magte van die voorsitter, sien D 8 en 9 hieronder. Oor die algemene vereistes van onpartydigheid sien die sake in die vorige voetnota, sowel as *Ex part Klopper and Another NNO : In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979 (1) SA 254 (T) 261 A-E; *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981 (1) SA 799 (W) 803 F-G, 805H-806A.
- 128) Vgl *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963 (1) SA 806 (W) 814D.
- 129) Vgl bv *The City Property Investment Trust Corporation, Limited Petitioners* 1951 SC 570; *Rankin & Blackmore, Limited Petitioners* 1950 SC 218; *Peter Scott & Company Limited Petitioners* 1950 SC 507.

1. Kennisgewing aan skuldeisers en lede

Artikel 312(1) (a) bepaal by implikasie dat daar aan elke skuldeiser of lid 'n kennisgewing gestuur moet word.

(a) Kennisgewing per pos

Die hofbevel bepaal gewoonlik dat kennisgewings *per aangetekende pos* aan skuldeisers en lede gestuur moet word,¹³⁰ maar kan ook net bepaal dat kennisgewing *per pos* sal geskied.¹³¹ Telefoniese en mondelinge kennisgewing is nie in so 'n geval voldoende nie.¹³²

Kennisgewing moet gestuur word aan die *gewone adres*¹³³ of aan die *huisadres*¹³⁴ afhangende van die bewoording van die hofbevel.

Die hofbevel bepaal gewoonlik dat kennisgewings minstens *twee weke* voor die vergadering uitgestuur moet word,¹³⁵ hoewel

-
- 130) Vgl *Katz v Katzenellenbogen and Others* 1955(3) SA 188(T) op 189C *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) op 815D.
- 131) Vgl *Ex parte Meer : In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780(D).
- 132) Vgl *Ex parte Meer : In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780(D).
- 133) Vgl *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 815D; *Cronjé, La Provence* hofbevel 4 Augustus 1982 par 4(v). Daar word aan die hand gedoen dat kennisgewing aan sy gewone adres nie insluit kennisgewing aan hom per adres 'n prokureur wat net sy eis teen die maatskappy behartig nie.
- 134) Vgl *Katz v Katzenellenbogen and Others* 1955(3) SA 188(T) op 189C.
- 135) Vgl *Katz v Katzenellenbogen and Others* 1955(3) SA 188(T) 189C; *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 815D. Sien egter *Ex parte Massing & Ingham (Pty) Ltd* 1942 WLD 204, waar die hof toestemming verleen het dat slegs 2 dae kennisgewing gegee word.

hierdie tydperk onvoldoende mag wees indien 'n groot aantal buitelandse skuldeisers by die skema betrokke is.¹³⁶

Waar aandele gesamentlik deur meer as een lid gehou word, het die Australiese hof beslis dat kennis aan elke lid afsonderlik gegee moet word, ten spyte van 'n bepaling in die statute van die betrokke maatskappy dat kennisgewing in so 'n geval net gegee hoef te word aan die lid wie se naam eerste in die register verskyn.¹³⁷

Indien kennisgewing per abuis nie aan sommige skuldeisers gestuur is nie, mag die hof moontlik die oorsig kondoneer.¹³⁸

(b) Kennisgewing by wyse van advertensie

Kennisgewing van vergaderings moet ook by wyse van advertensie geskied.¹³⁹

Die hofbevel bepaal gewoonlik dat advertensies in twee dagblaaie¹⁴⁰

-
- 136) Vgl *Ex parte SA Lampshade Manufacturers (Pty) Ltd* 1940(2) PH E.26(W) waar kennis aan een skuldeiser per kabelgram gestuur is; *Ex parte Judicial Managers CTC Bazaars (SA) Ltd* waar 30 dae kennisgewing gegee is en sekere inligting per kabelgram gestuur is. Hierdie beslissing is gegee vordad die uitstuur van 'n verduidelikende verklaring ingevolge a 312(1) verplig geword het.
- 137) *Re Metropolitan Fuel Pty Ltd* (1962) Aust. Dig of Cases 76. Sien egter *Re Mount Isa Mines Ltd* (1970) Aust. Dig of Cases 84.
- 138) Vgl *Re Ferro Constructions Pty Ltd* 2 ACLR 18 SC (Qld); *Katz v Katzenellenbogen and Others* 1955(3) SA 188(T); *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W); *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T) 818-819; maar sien *Ex parte Meer : In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780(D).
- 139) Vgl a 312(1) (b).
- 140) Vgl bv *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) op 274. In *Liquidator Dainty Foods Ltd v Glenton & Mitchell* 1942 EDL 26 en in *Ex parte Simjee : In re RA Simjee (Pty) Ltd (In Liq.)* 1956(4) SA 733(N) is advertensies in slegs 1 koerant vereis.

of meer¹⁴¹ dagblaaie¹⁴² of koerante¹⁴³ moet verskyn nie minder as twee weke¹⁴⁴ voor die datum van die vergadering nie.¹⁴⁵

- 141) Vgl by *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk 1963(1) SA 806(W)* op 815, waar advertensie in 2 koerante wat in elk van 6 streke sirkuleer, dws sowat 12 koerante, vereis is; *Ex parte Goldfields Building Society (Under Judicial Management) and Another 1933 WLD 214* (7 koerante + Staatskoerant); *Ex parte Judicial Manager, CTC Bazaars (SA) Ltd 1941 CPD 348*. (2 plaaslike koerante + *Financial Times*, Londen).
- 142) *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd 1973(4) SA 266(K)* op 274.
- 143) Dws weekblaaie of dagblaaie. Vgl *Du Preez and Another v Garber : In Re Die Boerebank Bpk 1963(1) SA 806(W)* 815.
- 144) Vgl by *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk 1963(1) SA 806(W)* 815. Hierdie is bloot 'n arbitrêre tydperk. Sien ook *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd 1973(4) SA 266(K)* 274, waar geen tydsbepaling bygevoeg is nie.
- 145) In sommige beslissings is afgesien van die publikasie van advertensies. Vgl by *Ex parte Turkstra and Others 1941 TPD 169*; *Ex parte Massing & Ingham (Pty) Ltd 1942 WLD 204*; *Ex parte Botha and Others : In re Public Utility Transport Corporation Ltd 1952(4) SA 244(W)*. Hierdie beslissings is gegee voor of gelyktydig met die inwerking-treding van die voorganger van a 312(1)(b), nl a 103quat van die 1926-Wet, ingevoeg deur a 87 van die Maatskappy-wysigingswet, 46 van 1952.

Dit is te betwyfel of die hof kan afsien van die plaas van nuusbladadvertensies.¹⁴⁶

Waaroor daar twyfel bestaan, is of kennisgewing in die *Staatskoerant*¹⁴⁷ moet geskied. Die huidige neiging is skynbaar om nie kennisgewing in die *Staatskoerant* te vereis nie,¹⁴⁸ n neiging waarvoor daar waarskynlik goeie praktiese redes is,¹⁴⁹ maar daar is geen duidelikheid hieroor in

146) Vgl a 312(1) (b).

147) Of Amptelike koerant van n besondere streek of land.

148) Vgl bv *Cronjé Watertest* TPA 7 Sept 1982 par 3; *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K); *Ex parte Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 815. Die nuutste gerapporteerde beslissing waarin daar sprake van advertensie in die *Staatskoerant* is, is *Ex parte Barnes and Others NNO : in re Seawright (Pty) Ltd (in Liquidation)* 1973(2) SA 201(W), waar sodanige advertensie deur die applikant voorgestel is.

149) In die geval van die *Staatskoerant*, is die probleem dat dit in Pretoria verskyn en slegs eenkeer per week verskyn (Vrydae); advertensie moet relatief lank voor die tyd ingedien word (die vorige Vrydag); indien n advertensie per abuis uitgelaat is of foutief is, kan regstelling eers een of twee weke later geskied.

rapporteerde beslissings nie.¹⁵⁰

By likwidasie of geregtelike bestuur van 'n maatskappy, word kennisgewing in die Staatskoerant van elke stap in die prosedure gegee.¹⁵¹ Wanneer 'n skikkingsaanbod gemaak word, word hierdie prosedure onderbreek. Positiewe optrede word

-
- 150) Vir voorbeelde van gevalle waar advertensie in die Staatskoerant wel vereis is, vgl. *Ex parte Goldfields Building Society (Under Judicial Management) and Another* 1933 WLD 214; *Ex parte Haelbich NO* 1935 SWA 30; *Ex parte Lady Dudley Nursing Home (Pty) Ltd* 1937(1) PH E4(W); *Ex parte Miras Furnishers (Pty) Ltd (In voluntary liquidation)* 1938(2) PH E19(W); *Ex parte SA Lampshade Manufacturers (Pty) Ltd* 1940(2) PH E26(W); *Bagus Allie v Meer-Onia (Pty) Ltd* 1948(4) SA 550(K); *Ex parte Meer : In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780(D); *Ex parte Emanuel* 1952(4) SA 22(SR); *Katz v Katzenellenbogen and Others* 1955(3) SA 188(T); *Ex parte Power and Others NNO : In re Natal Oil Products Ltd* 1959(1) SA 7(D); *Ex parte Barnes and Others, NNO : In re Seawright (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1973(2) SA 201(W). In die volgende beslissings is advertensie in die Staatskoerant nie vereis nie: *Ex parte Judicial Managers, CTC Bazaars (SA), Ltd* 1941 CPD 348; *Liquidator Dainty Foods Ltd v Glenton & Mitchell* 1942 EDL 26; *In re Unity Motors (Pty) Ltd* 1956(4) SA 14(W) 17; *Ex parte Simmons, NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T); *Ex parte Simjee : In re RA Simjee (Pty) Ltd (In Liq.)* 1956(4) SA 733 (N); *Ex parte Power, NO and Others : In re Amato Consolidated Industries Ltd and Others* 1959(2) SA 547(W); *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 815; *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 274; *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W); *Cronjé, Watertest TPA 7-9-1982 par. 3*. Sien ook *Ex parte Kathrada In re Amod Kathrada & Son (Pty) Ltd* 1974(3) SA 137(D) 140D-E.
- 151) Daar word by kennisgewing van likwidasie gegee, sowel as van vergaderings, die aanstelling van likwidateurs en die terinsaelegging en bekragtiging van rekenings.

van skuldeisers verlang ooreenkomstig die bepalings van die skikkingsaanbod,¹⁵² maar kennisgewing hiervan geskied in 'n wye spektrum van ander koerante, nie in die Staatskoerant nie. Dit bring mee dat skuldeisers nie uitsluitlik op die amptelike koerant kan staatmaak vir die beskerming van hul regte nie.¹⁵³

Indien verpligte advertensie in die amptelike koerant te veel vertraging sal meebring¹⁵⁴ behoort daar minstens net formele kennisgewing van toestemming om vergadering byeen te roep,¹⁵⁵ sowel as kennisgewing van die feit dat die skema bekragtig is, gepubliseer te word.¹⁵⁶

Die advertensie moet die verklaring wat deur a 312(1)(a) vereis word,¹⁵⁷ bevat, of 'n kennisgewing bevat van die plek waar en die wyse waarop skuldeisers of lede wat daarop geregtig is om die vergadering by te woon, afskrifte van so 'n verklaring kan verkry.¹⁵⁸

-
- 152) Skuldeisers moet bv hul eise opnuut teen die maatskappy bewys, afhangende van die bewoording van die aanbod, en kan vergaderings bywoon en hul siening van die meriete van 'n bepaalde skema aan die vergadering voorlê.
- 153) 'n Skuldeiser wat landwyd sake doen, mag sodoende verplig wees om daaglik meer as 15 koerante te bestudeer, ten einde kennis te neem van voorgestelde skemas waarvan daar nie direk aan hom kennis van die skema gestuur is nie.
- 154) Vgl n 149 hierbo.
- 155) Formele kennisgewing kan selfs geskied kort voordat die vergadering gehou word, aangesien skuldeisers steeds op die keurdatum beswaar teen die skema kan opper, direk aan die hof.
- 156) Op hierdie wyse behoort 'n minimum hoeveelheid beskerming aan skuldeisers verleen te word.
- 157) Die sg "verduidelikende verklaring". Oor die inhoud van die verduidelikende verklaring, sien 2c hieronder.
- 158) Vgl a 312(1)(b).

Die hofbevel bevat dikwels ook voorskrifte oor die inhoud van die advertensie.¹⁵⁹

(c) Gebrekkige kennisgewing

Dit is duidelik dat die wetgewer nakoming van die bepalings van a 312 in 'n baie ernstige lig sien, veral weens die feit dat twee misdrywe geskep word in verband met die verskaffing van inligting.¹⁶⁰ Om hierdie rede let sommige howe baie streng daarop dat die bepalings mbt die gee van kennisgewing,¹⁶¹ stiptelik nagekom word.

In Skotland het die howe, waar die advertensie nie die verduidelikende verklaring bevat het, of melding gemaak het van die plek waar en die wyse waarop afskrifte daarvan bekom kan word nie, gelas dat die vergaderings opnuut byeengeroep moet word.¹⁶² Hierdie beslissings sal waarskynlik deur die Suid-Afrikaanse howe nagevolg word.

Waar koerantadvertensies nie *betyds* verskyn het nie, was die Suid-Afrikaanse howe wel bereid om die gebrek te kondoneer.¹⁶³

-
- 159) Vgl *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 274; *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) 838. Sien ook *Bowman NO v Leicester Diamonds (Pty) Ltd* 1983(2) SA 81(W) 83E-F, waar die Transvaalse hof vereis dat die advertensie 'n verklaring moet bevat dat 'n afskrif van die voorsitter se verslag aan die hof op versoek aan enige skuldeiser beskikbaar sal wees ten minste een week voor die datum wat deur die hof bepaal is as die datum waarop die voorsitter moet terugrapporteer.
- 160) Vgl a 312(4) en (5) en 4. *Misdrywe in verband met die verskaf van inligting* hieronder.
- 161) A 312(1) (b).
- 162) Vgl *The City Property Investment Trust Corporation, Limited, Petitioners* 1951 SC 570; *The Scottish Eastern Investment Trust Limited and Others, Petitioners* 1966 SILT 285.
- 163) Vgl *Ex parte Simjee : In re RA Simjee (Pty) Ltd (In Liq.)* 1956(4) SA 733(N); *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W); *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T).

In *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk*¹⁶⁴ het regter Trollip, met verwysing na beide die hofbevel en die statutêre vereistes, verklaar dat die hof nie op absolute of noukeurige nakoming van al die voorwaardes en vereistes sal aandring nie, maar dat in die algemeen gesproke, substansiële nakoming voldoende is, mits geen benadeling of moontlike benadeling van enigiemand se regsbelange voortspruit uit die nie-nakoming van enige van die voorgeskrewe formaliteite nie.¹⁶⁵

In al die Suid-Afrikaanse beslissings waarna regter Trollip verwys¹⁶⁶ het die nie-nakoming van formaliteite betrekking gehad op formaliteite wat deur die hofbevel voorgeskryf is, en nie op statutêre formaliteite nie.

Dit staan h hof vry om nie-nakoming van sy eie voorskrifte in so h geval te kondoneer, maar in die geval van die statutêre voorskrifte van a 312, behoort streng daarop gelet te word dat hierdie vereistes nagekom word.¹⁶⁷

164) 1963(1) SA 806(W).

165) 814E.

166) *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another : In re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459(T); *Ex parte Simjee : In re RA Simjee (Pty) Ltd (In Liq.)* 1956(4) SA 733(N); *Ex parte Meer : In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780(D).

167) Vgl a 312(4); nie-nakoming van h vereiste van a 312 is strafbaar met h boete van hoogstens R1 000 (a 441(1)(f)).

2. Dokumente wat aan skuldeisers en/of lede gestuur moet word.
Die volgende dokumente moet aan skuldeisers en lede gestuur word, òf ingevolge die bepalings van a 312 òf ingevolge die hofbevel wat die byeenroep van vergaderings magtig.

(a) Kennisgewing van vergadering

Kennisgewing van die vergadering(s) moet aan skuldeisers en lede gestuur word.¹⁶⁸ Die hofbevel bevat gewoonlik die direkte opdrag dat die datum, tyd en plek van die ondersekeie vergaderings in die kennisgewing vermeld moet word.¹⁶⁹

(b) h Afskrif van die skikking- en reëlingaanbod

Daar bestaan geen statutêre vereiste dat h afskrif van die aanbod self aan skuldeisers of lede gestuur moet word nie, maar gewoonlik vereis die hofbevel dat h afskrif van die aanbod aan belanghebbendes gestuur word.¹⁷⁰ Die hof kan egter van hierdie vereiste afsien.¹⁷¹

168) A 312(a) by implikasie.

169) Vgl *Ex parte Simmons NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T); *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 274 en *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) 838, wat almal bepaal dat die "tyd en plek" in die kennisgewing vermeld moet word. "Tyd" sluit hier skynbaar beide datum en tyd van die dag in. Sien ook *Bowman NO v Leicester Diamonds (Pty) Ltd* 1983(2) SA 81(W) 83E-F waar die Transvaalse hof vereis dat die kennisgewing ook h verklaring moet bevat dat h afskrif van die voorsitter se verslag aan enige skuldeiser op versoek beskikbaar sal wees ten minste een week voor die datum deur die hof bepaal waarop die voorsitter moet terugrapporteer.

170) Vgl *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) 838.

171) Bv indie geval waar vergaderings opnuut byeengeroep moet word. Vgl *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 274.

(c) Verduidelikende verklaring ooreenkomstig a 312(1)(a)

Artikel 312(1)(a) vereis dat saam met elke kennisgewing waar-
deur vergaderings van skuldeisers of lede byeengeroep word,
daar ook aan hulle 'n verklaring gestuur word wat -

- "(i) die uitwerking van die skikking of reëling verduidelik;
- (ii) al die relevante inligting van belang by die waarde van die aandele en skuldbriewe betrokke by 'n reëling vermeld; en
- (iii) in die besonder vermeld wesenlike belange van die direkteure van die maatskappy, hetsy as direkteure of as lede of as skuldeisers van die maatskappy of andersins, asook die uitwerking daarop van die skikking of reëling, vir sover as wat dit verskil van die uitwerking op dergelike belange van ander persone;"

In Engeland word diselfde inligting vereis,¹⁷² behalwe dat daar nie uitdruklik die inligting van belang by die waarde van aandele en skuldbriewe, verlang word nie.

In Australië word ook vereis dat enige wesenlike inligting waaroor direkteure beskik en wat nie voorheen aan skuldeisers of lede bekendgemaak is nie, in die verduidelikende verklaring vermeld moet word, mits dit wesenlik van belang is by die neem van 'n besluit oor die skema deur 'n skuldeiser of lid.¹⁷³

Die vereiste dat 'n verduidelikende verklaring opgestel en uitgestuur word, is in 1952 op aanbeveling van die Millin-Kommissie

172) Vgl a 207(1)(a) ECA. Sien Magnus and Estrin *Companies Law and Practice* 226-227.

173) Vgl a 316(1)(a)(ii), Companies Act 1981 (Cth).

ingevoer.¹⁷⁴ Voordat die opstel van die verduidelikende verklaring verpligtend gemaak is, het die h^owe vereis dat indien dit wel uitgestuur word, die verklaring regverdig en volledig moet wees¹⁷⁵ en geen verklarings moet bevat wat in enige belangrike opsig onwaar is nie.¹⁷⁶

Vervolgens word die verskillende vereistes van die verduidelikende verklaring van naderby beskou.

(1) Uitwerking van die skikking of reëling.

Hieronder word verstaan die uitwerking wat die skikking of reëling op die regte van skuldeisers en lede sal hê.

In Engeland, indien 'n skikking of reëling deel is van 'n oorname of samesmelting, kom die aangeleentheid onder die jurisdiksie van die Panel on Take-Overs and Mergers. Die City Code¹⁷⁷ vereis dat daar uitdruklik in die verduidelikende verklaring oor die volgende kommentaar gelewer word -¹⁷⁸

174) Vgl a 103quat van die 1926-Wet, ingevoeg deur a 87 van die Maatskappywysigingswet, 46 van 1952.

175) Vgl *Re Dorman, Long & Co., Ltd* (1933) All ER Rep 460, 468.

176) Vgl *Levin v Felt & Tweeds Ltd* 1951(2) SA 401(A) 412. Sien ook *Sammel and Others v President Brand GM Co Ltd* 1969(3) SA 629(A) 673.

177) *City Code on Take-Overs and Mergers* van die Panel on Take-Overs and Mergers.

178) Reël 15(2)

-
- Of daar voortgegaan word met die maatskappy se besigheid al dan nie.
 - Enige groot veranderings wat die aanbieder van voorneme is om aan te bring in die voer van die maatskappy se besigheid.
 - Die langtermyn kommersiële regverdiging van die aanbod.
 - Die aanbieder se voorneme in verband met die doelwitmaatskappy en sy filiale se werknemers.

In Suid-Afrika val die klem eerder op die direkte finansiële voordeel wat die skema vir skuldeisers of lede inhou.

Waar die maatskappy in likwidasië is, is seker die belangrikste inligting wat verskaf moet word, 'n vergelyking tussen die vergoeding wat ingevolge die skema aangebied word teenoor die verwagte uitbetaling indien voortgegaan sou word met die likwidasië.¹⁷⁹

Watter verdere inligting verskaf moet word, sal afhang van die besondere omstandighede van elke geval; daar bestaan geen

179) Vgl *Du Preez and Another v Garber* : *In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 827; *Borton NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970(3) SA 107(OK) 110E; *Ex parte Cornelissen NO* 1976(3) SA 286(O) 288B-C; Sien ook *Ex parte Bruyns NO* : *In re Mammoth Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (Under Provisional Liquidation)* 1973(3) SA 721(T) 722D, waar die hof daarop wys dat skuldeisers se reaksie op die aanbod hoofsaaklik van hierdie vergelyking sal afhang.

absolute maatstaf in hierdie verband nie.¹⁸⁰ Faktore wat 'n rol mag speel, is die soort skuldeisers wat by die skema betrokke is en die ingewikkeldheid van die besondere skema.¹⁸¹

Indien daar na diemening van die hof nie voldoende inligting verskaf is nie, mag die hof op grond daarvan weier om die skema te bekragtig, ten spyte daarvan dat dit deur die vereiste meerderhede aanvaar is.¹⁸² Indien die inligting nie korrek is nie, mag die hof ook op grond daarvan weier om die skema goed te keur.¹⁸³

Indien die verduidelikende verklaring gebrekkig is, maar voldoende inligting later of by die vergaderings aan skuldeisers en lede verskaf word, mag die hof wel bereid wees om die skema te bekragtig.¹⁸⁴

-
- 180) *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978 (2) SA 755 (N) 760G. Sien ook *Dundas and Miller (Pty) Ltd v Borton NO* 1971 (1) SA 106 (OK) op 108H-109A; *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)*; *African Gate and Fence Works Ltd Intervening* 1976 (3) SA 267 (O) 275B; *Borgelt v Millman NO and Another* 1983 (1) SA 757 (K) 771 A-B.
- 181) *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963 (1) SA 806 (W) 828A-D; *Borton NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970 (3) SA 107 (OK) 110F; *Ex parte Venter and Another NNO In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)*; *African Gate and Fence Works Ltd Intervening* 1976 (3) SA 267 (O) 275B-D. *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978 (2) SA 134 (D) 141A.
- 182) Vgl *Ex parte Klopper and Another NNO : In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979 (1) SA 254 (T) 264B-C.
- 183) Vgl *Ex parte Ruskin NO : In re Peace Distributors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1959 (2) SA 747 (W) 751B-C.
- 184) Vgl *Re Ferro Constructions Pty Ltd* 2 ACLR 18. Sien egter *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978 (2) SA 755 (N) 760.

Hoewel a 312(1)(a)(i) net verwys na 'n verklaring wat die *uitwerking* van die skema verduidelik, is dit duidelik dat 'n baie wye betekenis aan die woord verleen word, en dat dit alle inligting insluit wat nodig mag wees vir die neem van 'n besluit deur skuldeisers of lede.¹⁸⁵

(2) Waarde van aandele en skuldbriewe betrokke by 'n reëling.

Indien 'n reëling oorweeg word, moet alle ter sake inligting met betrekking tot die waarde van die betrokke aandele en skuldbriewe vermeld word.¹⁸⁶

Die omvang van die openbaarmaking wat vereis word, hang af van die aard van die skema en dit is moontlik dat daar spesiale redes mag wees, wat die hof bereid sal wees om te aanvaar, waarom hierdie inligting nie openbaargemaak behoort te word nie.¹⁸⁷

(3) Wesenlike belange van direkteure en andere

Die rede waarom direkteure¹⁸⁸ moet verklaar wat hul wesenlike belang by 'n skema is, is dat skuldeisers en lede in staat gestel behoort te word om op intelligente wyse na die werklike

185) Sien bv *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boere-bank Bpk* 1963(1) SA 806(W) veral 828D. Hiervan is natuurlik uitgesluit die spesifieke inligting onder (2) en (3) hieronder vereis.

186) Vgl a 312(1)(a)(ii).

187) Vgl bv *Re National Bank, Ltd* (1966) 1 All ER 1006, waar volledige inligting oor die bates en laste van die maatskappy met opset weerhou is op grond daarvan dat die bank as bankinstelling sekere vrystellings onder die Maatskappywet geniet ten opsigte van die openbaarmaking van inligting. Openbaarmaking van die bank se bates en laste kon ernstige nadeel vir die bank se voortbestaan inhou.

188) Asook trustees vir skuldbriefhoeurs - a 312(2).

voor- en nadele van die skema te kyk, sonder om verplig te wees om feitlik blindelings die voorstelle van h direksie te aanvaar wie se lede h wesenlike belang daarin mag hê dat die skema goedgekeur word.¹⁸⁹

Direkteur, volgens die definisie in die Wet¹⁹⁰ sluit ook iemand in wat die posisie van direkteur of alternatiewe direkteur van h maatskappy bekleë, by watter naam hy ook al bekend staan.¹⁹¹

Wanneer die skikking of reëling die regte van skuldbriefhouers van die maatskappy raak, moet daar in die verduidelikende verklaring dieselfde verduideliking en verklaring gegee word met betrekking tot die trustee van h akte ter versekering van die uitreiking van die skuldbriewe as wat met betrekking tot die maatskappy se direkteure daarin gegee moet word.¹⁹²

Die inligting wat benodig word, moet deur elke direkteur en trustee vir skuldbriefhouers aan die maatskappy gegee word.¹⁹³

189) Vgl *Coltness Iron Company, Limited, Petitioners* 1951 SC 476, 480.

190) A 1(1) sv *direkteur*.

191) Direkteure op wie a 312 van toepassing is, is direkteure wat daadwerklik in die amp van direkteur aangestel is, afgesien van hul benaming. Dit sluit nie *sg de facto* direkteure in nie. Vgl Naudé 68-70 en 106-108.

192) A 312(2).

193) Versuim om die inligting aan die maatskappy te gee, is h misdryf (a 312(5)), strafbaar met h maksimum-boete van R500 of gevangenisstraf van 6 maande, of albei (a 441(1)(d)).

Die sub-artikel bevat twee afsonderlike aangeleenthede wat in die verklaring uiteengesit moet word, naamlik wat die wesenlike belange van direkteure in die skema is (in welke hoedanigheid ookal) en wat die uitwerking van die skema op hierdie belange van direkteure sal wees, indien hulle nie dieselfde voordele as ander persone ingevolge die skema sal ontvang nie.

Die verklaring van *wesenlike belange* moet altyd gegee word; die verklaring oor die *uitwerking* van die skema op hierdie belange verval indien die direkteure dieselfde behandeling as ander persone met dieselfde belange, ingevolge die skema kry.¹⁹⁴

Die feit dat openbaarmaking van *wesenlike* belange vereis word, bring mee dat 'n nominale aandeelhouding, ten einde as direkteur van 'n maatskappy met 'n substansiële uitgereikte kapitaal te kwalifiseer, nie openbaargemaak hoef te word nie. Dieselfde geld vir aandeelhouding deur 'n direkteur in trust gehou vir onafhanklike begunstigdes.¹⁹⁵

Belange sluit nie net dié in wat in die direkteure se eie naam geregistreer is nie, maar omvat ook aandele en ander belange in die name van banke of genomineerdes geregistreer, of andersins verskuil.¹⁹⁶

194) *Coltness Iron Company, Limited, Petitioners* 1951 SC 476, 480. Sien ook *The City Property Investment Trust Corporation, Limited Petitioners* 1951 SC 570, 575; *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) op 269, waar net die uitwerking van die skema maar nie die wesenlike belang van direkteure nie, uiteengesit is.

195) *Coltness Iron Company Limited Petitioners* 1951 SC 476, 480. Sien egter *Second Scottish Investment Trust and Another - Petitioners* 1962 SLT 392 waar verklaar is dat dit wenslik is dat die belange van direkteure as trustees vermeld word.

196) *Coltness Iron Company, Limited, Petitioners* 1951 SC 476, 480.

Die essensie van die saak is dat enige soort persoonlike belang wat *weselik* is in dié sin dat dit nie onbeduidend is nie, openbaar gemaak moet word. Waar daar twyfel bestaan, moet daar eerder openbaargemaak word as om te swyg, want die uitwerking van die artikel is om die vertrouensverpligtinge van 'n direkteur te beklemtoon en om die openbaarmaking van elke soort belang wat in 'n besigheidsin beskou mag word die direkteur se oordeel te beïnvloed, te verplig.¹⁹⁷

Die Kaapse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof vereis dat 'n beëdigde verklaring van elke direkteur verkry word oor sy wesenlike belang in die skema en dat hierdie beëdigde verklaring aan die verduidelikende verklaring geheg word.¹⁹⁸

Algemene Opmerkings.

Die verduidelikende verklaring moet 'n afsonderlike dokument wees; dit is nie voldoende dat 'n afskrif van die aansoek aan skuldeisers of lede gestuur word nie.¹⁹⁹

Waar dit reeds uit 'n aansoek om toestemming om vergaderings byeen te roep, geblyk het dat die aansoekers die aanbod verkeerdt verstaan het en dus nie in staat sou wees om 'n

197) *Coltness Iron Company, Limited, Petitioners* 1951 SC 476,480.

198). Vgl *Ex parte Seafare Investments Ltd* 1970(2) SA 417(K);
Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd 1973(4) SA 266(K).

199) *Rankin & Blackmore, Limited, Petitioners* 1950 SC 218. Sien ook *Peter Scott & Company, Limited, Petitioners* 1950 SC 507, waar geen verduidelikende verklaring uitgestuur is nie en bekragtiging van die skema dus geweier is.

bevredigende verduidelikende verklaring uit te stuur nie, het die hof geweier om toe te stem tot die byeenroep van vergaderings.²⁰⁰

Die onderliggende beginsel van die verduidelikende verklaring is dat skuldeisers en lede voldoende inligting en voldoende tyd moet hê ten einde h objektiewe mening oor die voorgestelde skema te kan vorm; hierdie twee vereistes vorm die hoeksteen van die beskerming van skuldeisers en lede.²⁰¹

Die inligting wat deur a 312(1)(a) vereis word, is eintlik onvoldoende vir skuldeisers en lede om h sinvolle besluit te neem. Hierdie gebrek word aangevul deurdat die hof h wye interpretasie gee aan die vereiste dat die *uitwerking* van die skema verduidelik moet word; selfs al is daar miskien streng gesproke voldoen aan a 312(1)(a), beslis die hof eenvoudig in h gegewe geval dat *onvoldoende inligting* aan skuldeisers of lede gegee is, sonder om dit onder een van die onderafdelings van a 312(1)(a) tuis te bring.²⁰² h Ander wyse waarop die hof trag om die beperkte omvang van a 312(1)(a) uit te brei, is deur uitdruklik in die eerste hofbevel te bepaal dat sekere bykomende inligting aan skuldeisers en lede verskaf moet word.²⁰³

200) *Ex parte De Villiers and Another* 1970(2) SA 536(K).

201) Vgl *In re English, Scottish, and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385, 409; Gower 712-713 se kritiek hierop en die bespreking, in effens ander verband, in *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N); sien ook die *Aanvullende Verslag* van die Van Wyk de Vries-kommissie, par 72.03; *City Code*, Algemene Beginsel 3 en sien H 12 oor die beskerming van die regte van skuldeisers.

202) Vgl *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) en veral *Ex parte Klopper and Another MNO : In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254(T) 264B.

203) Vgl *bv Ex parte Simmons NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T) waar, bo en behalwe die verduidelikende verklaring, ook vereis is dat die volgende inligting aan skuldeisers gestuur word; bedrag verskuldig aan voorkeur-skuldeisers; bedrag verskuldig aan versekerde skuldeisers; bedrag verskuldig aan konkurrente skuldeisers; staat van die bates van die maatskappy met hul geskatte waarde.

(d) Afskrif van die hofbevel.

h Afskrif van die hofbevel wat die byeenroep van vergaderings magtig, moet op die een of ander aanvaarbare wyse op elke persoon wie se belange of toekomstige optrede deur die hofbevel geraak mag word, beteken word, omdat die hofbevel die bron en oorsprong van die hele statutêre meganisme van a 311 is.²⁰⁴ h Afskrif, nie h opsomming nie, moet gestuur word.²⁰⁵

Die hofbevel moet die datum bevat waarop die voorsitter van die vergaderings aan die hof verslag moet doen, tensy h tweede substansiële aansoek, waarvan aan alle belanghebbende partye op die gewone wyse kennis gegee sal word, gebring gaan word vir die goedkeuring van die skikking of reëling.²⁰⁶

(e) Volmag.

Daar mag by wyse van volmag op vergaderings gestem word²⁰⁷ en om hierdie rede word h konsep-volmagvorm gewoonlik aan skuldeisers of lede uitgestuur.²⁰⁸

-
- 204) *Ex parte Federale Nywerhede Bpk 1975(1) SA 826(W) 836.* Sien ook Cilliers en Benade 424; *In re Commonwealth Oil Corporation Limited. Pearson v Same Company (1917) 1 Ch 404 op 411.*
- 205) *Ex parte Federale Nywerhede Bpk 1975(1) SA 826(W) 836G-H.* h Argument dat die uitstuur van die hele hofbevel onnodige koste sou meebring is vewerp (836H-837D van die verslag).
- 206) *Ex parte Cape and Transvaal Printing and Publishing Co Ltd* WPA 24.1.1973, ongerapporteer, aangehaal in *Ex parte Federale Nywerhede Bpk 1975(1) SA 826(W) 835*; sien ook 837G van die verslag. Oor die inhoud van die hofbevel sien B 8 hierbo.
- 207) Vgl a 311(2).
- 208) Sien *bv Ex parte Judicial Managers, CTC Bazaars (SA) Ltd* 1941 CPD 348, 352-354.

In Engeland word die inhoud van die volmagvorm voor die tyd deur die hof goedgekeur²⁰⁹ en moet die volmag n sg *two-way proxy* wees, dws ruimte moet op die vorm gelaat word sodat die skuldeiser of lid kan invul of hy ten gunste van of teen die skema stem.²¹⁰

Daar is egter geen beswaar daarteen dat n algemene volmag aan n persoon gegee word nie, dws dat die skuldeiser of lid dit aan die gevolmagtigde oorlaat om na oorweging van die bespreking by die vergadering, self te besluit of hy ten gunste van of teen aanvaarding van die skema sal stem.²¹¹

Die volmagvorm behoort daarvoor voorsiening te maak dat n skuldeiser die bedrag van sy eis invul en dat hy verklaar tot watter klas²¹² skuldeisers hy behoort.²¹³ In die geval van lede, behoort hulle te verklaar wat die omvang van hul aandeelhouding is en tot watter klas aandeelhouders hul behoort.²¹⁴

209) Gower 687 n 36; Pennington 477; *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460; 463H, 465D; *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 818G.

210) Gower 687 n 36; Pennington 477.

211) *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460, 470G; *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 818.

212) Bv voorkeur, verseker of konkurrent.

213) *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 819C. Daar is egter niks in die Wet wat dit vereis nie - *ibid* 819C.

214) Vgl die voorbeelde in *Ex parte Judicial Managers, CTC Bazaars (SA) Ltd* 1941 CPD 348.

(f) Eisdokumente.

Indien dit van skuldeisers verwag word om hul eise te bewys alvorens hulle op die vergaderings kan stem,²¹⁵ behoort die nodige dokumente vir hierdie doel saam met die kennisgewings uitgestuur te word.

Die eenvoudigste metode is om eisdokumente wat vereis word vir die bewys van eise by likwidasie of geregtelike bestuur, te gebruik. Hierdie praktyk kan hom egter tot misbruik leen.²¹⁶

3. Misdrywe in verband met die verskaf van inligting.

Artikel 312 bevat twee sub-artikels wat misdrywe skeep, nl.

- (a) Versuim deur 'n maatskappy om 'n vereiste van artikel 312 na te kom;²¹⁷ en
 - (b) Versuim deur 'n direkteur of enige trustee vir skuld-briefhouers om sekere inligting vir doeleindes van a 312 aan die maatskappy te verskaf.²¹⁸
- (a) Versuim deur 'n maatskappy.
Indien 'n maatskappy versuim om 'n vereiste van a 312 na te kom, is die maatskappy en elke direkteur of beampte van die maatskappy wat 'n party by die versuim is, aan 'n misdryf skuldig.²¹⁹

215) Afhangende van die bewoording van die aanbod.

216) Sien H 11 oor misbruik van die skikking- en reëlinskema-prosedure.

217) A 312(4)

218) A 312(5)

219) A 312(4); oortreding is strafbaar met 'n maksimum-boete van R1 000 - a 441(1)(f).

Beampte sluit in 'n likwidateur en 'n trustee van 'n akte ter sekurering van die uitreiking van skuldbriewe,²²⁰ sowel as 'n bestuurder en 'n sekretaris.²²¹

Die *vereistes* van a 312 wat nagekom moet word, is -

1. Daar moet 'n sg verduidelikende verklaring gestuur word aan skuldeisers en lede aan wie 'n kennisgewing wat 'n vergadering byeenroep, gestuur word.²²²
2. Hierdie verduidelikende verklaring moet vermeld: die uitwerking van die skikking of reëling; relevante inligting van belang by die waarde van die aandele en skuldbriewe betrokke by 'n reëling; die wesenlike belange van die direkteure en die uitwerking van die skema op hierdie belange.²²³
3. Advertensies waarin kennisgewing van vergaderings gegee word, moet òf die verduidelikende verklaring bevat òf aandui waar en hoe afskrifte van die verduidelikende verklaring verkry kan word.²²⁴
4. Indien die regte van skuldbriefhouers deur 'n skema geraak

220) A 312(4)

221) Vgl a 1(1) sv *beampte*: dit sluit ook 'n besturende direkteur in maar nie 'n sekretaris wat 'n regs persoon is nie.

222) A 312(1)(a)

223) A 312(1)(a) (i), (ii) en (iii)

224) A 312(1)(b)

word, moet die verduidelikende verklaring 'n verduideliking en verklaring bevat van die wesenlike belange van die trustee van 'n akte ter sekurering van die uitreiking van die skuldbriewe, asook van die uitwerking van die skema op sy belange.²²⁵

5. Indien 'n advertensie waarin kennisgewing van vergaderings gegee word, vermeld waar en hoe afskrifte van die verduidelikende verklaring verkry kan word en 'n skuldeiser of lid op die daarin voorgeskrewe wyse aansoek doen om 'n afskrif, moet die afskrif kosteloos aan hom verskaf word.²²⁶

'n Persoon is nie kragtens a 312(4) aanspreeklik nie, as hy bewys dat die versuim te wyte was aan die weiering van 'n ander persoon²²⁷ om die nodige besonderhede aangaande sy belange te verstrek *en daardie feit in die verklaring vermeld is.*²²⁸

Slegs 'n persoon wat 'n party tot die versuim was, kan skuldig aan die misdryf geskep deur a 312(4), wees.²²⁹

225) A 312(2)

226) A 312(3)

227) 'n Ander persoon wat 'n direkteur of 'n trustee vir skuld-briefhouers is (a 312(4)).

228) Hierdie gedeelte van a 312(4) is nuut en het nie in a 103^{quat} van die 1926-Wet voorgekom nie.

229) Vgl Henochsberg 542.

(b) Versuim deur h direkteur of trustee vir skuldbriefhouers.

Dit is die plig van elke direkteur van h maatskappy en van elke trustee vir skuldbriefhouers om aan die maatskappy kennis te gee van die aangeleenthede met betrekking tot homself wat vir die doeleindes van a 312 nodig is; versuim om hierdie plig na te kom, is 'n misdryf.²³⁰

Gevolgtrekking.

Die feit dat verskeie misdrywe geskep word vir versuim om die bepalings van a 312 na te kom, dui op die wetgewer se erns dat hierdie bepalings sorgvuldig nagekom moet word. Hierdie doel word egter verydel deurdat die wetgewer uit die oog verloor het dat h a 311 vergadering iets is wat algeheel verskillend is van h maatskappyvergadering.²³¹ Telkens word verpligtinge op die maatskappy, sy direkteure en beamptes geplaas, maar indien na die hofbevel vir die byeenroep van vergaderings gekyk word, sal gesien word dat die verpligting om die opdragte van a 312 uit te voer, deur die hofbevel op die voorsitter van vergaderings geplaas word en nie op die maatskappy of sy funksionaris nie.²³² Hierdie voorsitter is selde in diens van die maatskappy en is normaalweg 'n onafhanklike buitestaander.²³³

230) A 312(5); die maksimum straf by skuldigbevinding is 'n boete van R500 of gevangenisstraf van 6 maande of beide. (a 441(1)(d)).

231) Vgl in hierdie verband *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) 836.

232) Vgl *Ex parte Simmons NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T); *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 274; *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) 838.

233) Oor die voorsitter en ontvanger namens skuldeisers, sien H 8 G.

Indien die voorsitter toevallig ook die likwidateur²³⁴ van die maatskappy is, kan hy ingevolge a 312(4) aan 'n misdryf skuldig bevind word, maar indien hy 'n geregtelike bestuurder²³⁵ of 'n buitestaander is, kan hy nie ingevolge a 312(4) vervolgt word nie.²³⁶

Die inligting wat ingevolge a 312(5) gegee moet word, moet deur die direkteur of trustee *aan die maatskappy* gegee word, wat ook daarop dui dat die wetgewer hier 'n maatskappyvergadering in gedagte het, in teenstelling met 'n vergadering ingevolge 'n hofbevel.

Wat opvallend is, is dat dieselfde boete vir oortreding van a 312(4) opgelê kan word as vir oortreding van a 320(1), in die geval van oorname-aanbiedinge. Albei oortredings kan beskou word as verband te hou met die meer tegniese aspekte van die verskaf van inligting aan skuleisers en lede. In die geval van 'n oorname-aanbod, word daar egter ook voorsiening gemaak vir straf- en sivilregtelike aanspreeklikheid van direkteure indien *verkeerde* inligting verskaf sou word.²³⁷

In die geval van skikking- en reëlinskemas, behoort die verpligting, met meegaande strawwe vir versuim, om die bepalings van a 312 na te kom, op die voorsitter van vergaderings geplaas

234) Dit is nie duidelik of *likwidateur* hier ook 'n voorlopige likwidateur insluit nie; waarskynlik wel. Vgl a 1(1) sv *likwidateur*.

235) Hetsy 'n voorlopige of finale geregtelike bestuurder.

236) Hy kan hoogstens van minagting van die hof aangekla word, weens verontagsaming van die opdragte vervat in die hofbevel.

237) A 320(2) en (3). Sien ook Macgregor *Mergers Acquisitions and Shareholders* 113-114.

te word, met 'n verdere verpligting op die maatskappy en sy funksionaris om die voorsitter hierin by te staan. Nie net nie-nakoming van die tegniese aspekte van die skema behoort strafbaar te wees nie, maar ook die gee van verkeerde inligting.

Daar kan geredeneer word dat dit nie nodig is om die gee van verkeerde inligting strafbaar te maak nie, aangesien 'n belanghebbende party op die keurdag aan die hof kan kom aantoon dat inligting wat aan skuldeisers of lede uitgestuur is, foutief is, en dat die skema op grond daarvan afgekeur kan word. Die probleem bestaan egter dat dit eers na bekragtiging van die skema mag blyk dat skuldeisers of lede mislei is. Daar behoort dus ernstige aandag gegee te word aan die strafregtelike aspekte van die gee van verkeerde inligting aan skuldeisers en lede, in teenstelling met die blote versuim om 'n voorskrif van a 312 na te kom. Die gee van verkeerde inligting sou slegs op 'n baie indirekte wyse onder a 312(4) en (5) tuisgebring kan word en 'n vervolging onder hierdie omstandighede sou nie maklik suksesvol wees nie.

D. VERGADERINGS

1. Vergaderings byeengeroep en gehou ooreenkomstig die hofbevel
Vergaderings van skuldeisers en lede wat ooreenkomstig die hofbevel byeengeroep word, is nóg maatskappyvergaderings nóg likwidasië- of geregtelike bestuursvergaderings.²³⁸ Hierdie

238) Vgl Buckley 411; Pennington 475; Cilliers en Benade 425; *In re English, Scottish and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385 op 395; *RL Hector & Sons, Limited Petitioners* 1947 SC 641 op 645; *Ex parte Cape and Transvaal Printing and Publishing Co Ltd* WPA 24.1.1973 (ongerapporteer; aangehaal in *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) 835H; sien ook 837E-F van lg. verslag). Sien verder *Re Garner Motors Ltd* (1937) 1 ChD 671; *Ex parte Simmons NO: In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T); *Ex parte MacRobert NO: In re Abor Trading Co Ltd (In Liq.)* 1956(4) SA 588(W); *Du Preez and Another v Garber: In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806 W) 814D. Maar sien Cayzer, Irvine & Company Limited Petitioners 1963 SLT 94 en *Re West Humber Apartments Ltd* (1969) 2 DLR (3d) 110 op 111, waar die posisie nie duidelik ingesien is nie.

vergaderings is 'n integreënde deel van 'n statutêre prosedure wat 'n statutêre bestel skep; so 'n vergadering is nie 'n orgaan van die maatskappy nie²³⁹ en daar word uitdruklik aan die hof die bevoegdheid verleen om, op versoek van enige aandeelhouer, ongedaan te maak wat die meerderheid gedoen het.²⁴⁰

Die Wet magtig die hof om te beveel dat vergaderings ter ooreweging van 'n skikking of reëling byeengeroep word op die wyse wat die hof gelas.²⁴¹ Hoewel die hof voorskrifte mag gee oor hoe die vergadering byeengeroep word, word die hof nie uitdruklik gemagtig om voorskrifte oor die prosedure by die vergadering te gee nie. Indien die maatskappy in likwidasie is, het die hof die mag om te gelas dat vergaderings van skuldeisers en lede "... belê, gehou en gevoer word op die wyse wat hy gelas"²⁴² ten einde vas te stel wat die wense van hierdie persone is. In so 'n geval sou daar geredeneer kan word dat die hof wel die uitdruklike bevoegdheid het om die prosedure by vergaderings voor te skryf.²⁴³

-
- 239) In teenstelling met 'n algemene vergadering van die maatskappy wat as 'n orgaan van die maatskappy funksioneer ingevolge ander prosedure-reëls. Sien Cilliers en Benade 425; *Ex parte Cape and Transvaal Printing and Publishing Co Ltd* (ongerapporteer) soos aangehaal in *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) op 835H.
- 240) Vgl *Ex parte Cape and Transvaal Printing and Publishing Co Ltd* supra.
- 241) A 311(1) Sien ook *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460 470 B-C.
- 242) A 413(b)
- 243) Vgl *In re English, Scottish and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385 op 395 (hierdie gedeelte van die beslissing is nie op appèl verder oorweeg nie), 410, 417; *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another: In re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459(T) op 461.

Die howe het egter h inherente mag om voor te skryf hoe vergaderings gehou moet word, in soverre as wat die hof sou kon weier om h skema te bekragtig indien dit nie tevrede is met die wyse waarop vergaderings gehou is nie.²⁴⁴

2. Klasse skuldeisers en lede.

Die Wet maak voorsiening vir h skikking of reëling tussen h maatskappy en sy skuldeisers of h klas van hulle, of tussen h maatskappy en sy lede of h klas van hulle²⁴⁵. Die betekenis van "klasse" skuldeisers en lede word nie in die Wet nader omskryf nie.

Alvorens aansoek tot die hof gedoen word vir toestemming om vergaderings byeen te roep, moet die applikant, in die lig van die omstandighede wat op die besondere skema betrekking het, besluit op h indeling van skuldeisers en lede in verskillende klasse.²⁴⁶ Nadat hierdie indeling gedoen is, word die hof genader om toestemming om vergaderings van hierdie klasse byeen te roep. Blyk dit later dat die indeling nie korrek gedoen is nie, loop die applikant die risiko dat sy aansoek nie sal slaag nie.²⁴⁷

Hoewel die applikant die risiko dra vir die korrekte indeling van skuldeisers en lede in verskillende klasse, is dit die

244) Sien Buckley 411.

245) A 311(1) en (2).

246) Cilliers en Benade 417.

247) In Engeland is hierdie uiteensetting vervat in h sg Practice Note van die howe (sien Pennington 475 en n6), maar hierdie praktyk word ook deur ons howe aanvaar; vgl *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)*; *African Gate and Fence Works Ltd Intervening* 1976(3) SA 267(O) 276-277. Sien ook *Ex parte Coleman : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)* 1933 WLD 177, 192; *Re Hellenic & General Trust Ltd* (1975) 3 All ER 382 (ChD) 384j, 385b.

hof wat die byeenroep van vergaderings van hierdie klasse gelas²⁴⁸
en kan hierdie indeling nie later na willekeur gewysig word sonder
die hof se toestemming nie.²⁴⁹

Omdat die begrip *klas* nie statutêr gedefinieer word nie, word die
benadering van Bowen LJ in *Sovereign Life Assurance Company v Dodd*²⁵⁰
algemeen aanvaar -

It seems plain that we must give such a meaning to the
term "class" as will prevent the section being so worked
as to result in confiscation and injustice, and that it
must be confined to those persons whose *rights* are not
so dissimilar as to make it impossible for them²⁵¹ to consult
together with a view to their *common interest*.

Lord Bowen lê klem op die gemeenskaplikheid van sowel *regte* as
belange; Lord Esher, in dieselfde uitspraak²⁵² meen dat daar 'n
gemeenskaplikheid van *belange* tussen die lede van 'n klas moet wees.²⁵³

248) Sien *Ex parte Goldreich : In re Goldleiff Stores (Pty) Ltd and Lane-Bryant (Proprietary) Limited* 1956 (2) PH E19 (D).

249) Vgl *Ex parte Milne NO : In re Khandaan Drive-in Cinema (Pty) Ltd* 1959 (1) SA 13 (D) 14F-G; *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978 (2) SA 755 (N) 764E-H; *Borgelt v Millman NO and Another* 1983 (1) SA 757 (K) 763B-D.

250) (1892) 2 QB 573, 583.

251) Vgl bv *Pennington* 475; *Cilliers en Benade* 417; *Re Hellenic & General Trust Ltd* (1975) 3 All ER 382 (ChD) 385; *Re Jax Marine Pty Ltd and Companies Act 1961* (1967) 1 NSW 145, 148; *Ex parte Coleman : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)* 1933 WLD 177, 190; *Rosen v Bruyns NO* 1973 (1) SA 815 (T) 820D; *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation) : African Gate and Fence Works Intervening* 1976 (3) SA 267 (O) 276A. *Re Mutual Home Loans Fund of Australia Ltd & Another* (1979) 4 ACLR 571, 573.

252) Op 480.

253) Lord Esher stel dit soos volg: "... if we find a different state of facts existing among different creditors which may differently affect their minds and their judgment, they must be divided into different classes". Soos hieronder sal blyk word Lord Esher se sienswyse nie algemeen aanvaar nie.

Uit hierdie *dictum* van Lord Bowen het daar later twee gedagterigtings voortgevloei, nl diegene wat klem lê op die gemeenskaplikheid van *regte* as basis vir 'n indeling in klasse, teenoor diegene wat klem lê op die gemeenskaplikheid van *belange* wat daar tussen die lede van 'n klas moet bestaan.

Wanneer daar bepaal word in welke klasse skuldeisers verdeel moet word, word daar gewoonlik leiding gesoek by die bepalings mbt die likwidasie van maatskappye.²⁵⁴ Die belangrikste indeling van skuldeisers, wat gemaak word op grond van die regte van skuldeisers teenoor die maatskappy indien die maatskappy gelikwideer sou word, is dié van versekerde voorkeuren en konkurrente skuldeisers.²⁵⁵

By die indeling van lede in klasse, word gelet op hul regte en belange in die maatskappy soos wat dit ontstaan uit die

254) Vgl a 342, wat bepaal dat die eise van skuldeisers so na as moontlik aan die wyse wat deur die Insolvensiewet, 1936, neergelê word, uitbetaal moet word.

255) Vgl bv *In re Unity Motors (Pty) Ltd* 1956(4) SA 14(W) 14F; *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 274D; *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N) 757F-G; *Borgelt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757(K) 760A-B. Soms word gesamentlike vergaderings van versekerde en voorkeurskuldeisers gelas; vgl bv *Ex parte Simmons NO : in re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T) 163D; *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 809A; *Ex parte Klopper and Another NNO : In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254(T) 257C-D.

voorwaardes van uitgifte van elke klas van aandele.²⁵⁶

In die geval van beide skuldeisers²⁵⁷ en lede²⁵⁸ is dit soms nodig dat verdere onderverdelings gemaak word. Die probleme wat ontstaan ivm die verdeling van skuldeisers en lede in klasse, ontstaan dan ook gewoonlik ivm die grondslag waarop so 'n verdere indeling moet berus.

In *Re Hellenic & General Trust Ltd*²⁵⁹ het 'n volfiliaal van die aanbieder, MIT, wat 54 persent van die gewone aandele in 'n doelwitmaatskappy gehou het, saam met ander houers van gewone aandele gestem oor die aanvaarbaarheid van 'n voorgestelde reëlinskema wat die oornam van die doelwitmaatskappy deur die

256) Cilliers en Benade 417-418.

257) Vgl bv *Borton, NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970(3) SA 107(OK) 108B, waar die konkurrente skuldeisers in spesiale en gewone konkurrente skuldeisers verdeel is. Sien ook *Cronjé, Splendid Properties WPA*, bevel van 12 Augustus 1980, waar skuldeisers in vyf verskillende klasse verdeel word; sien verder *Sovereign Life Assurance Company v Dodd* (1892) 2 QB 573.

258) Vgl *In re United Provident Assurance Company, Limited* (1910) 2 Ch 477, *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) 837H-838A.

259) (1975) 3 All ER 382.

aanbieder beoog het. 'n Ander aandeelhouer, NB wat 14 persent van die gewone aandele gehou het, het egter beswaar daarteen gemaak dat MIT nie as 'n afsonderlike klas behandel is nie. Regter Templeman handhaaf hierdie beswaar en verklaar²⁶⁰ "When the vendors meet to discuss and vote whether or not to accept the offer, it is incongruous that the loudest voice in theory and the most significant vote in practice should come from the wholly owned subsidiary of the purchaser. No one can be both a vendor and a purchaser"

Vir doeleindes van die samestelling van die "klas" het die hof skynbaar in effek die aanbieder en MIT, sy volfiliaal, as 'n ekonomiese entiteit beskou²⁶¹ en weens die sg "community of interest" tussen die houer en filiaal, geweier om die skema te bekragtig aangesien MIT die skema by 'n afsonderlike klasvergadering moes oorweeg het.

Hoewel regter Templeman se uitspraak gekritiseer is,²⁶² is die gesag waarop die kritiek gegrond is, beslissings wat gehandel het oor die verdeling van *skuldeisers* in verskillende klasse²⁶³ en nie lede nie. Ander skrywers het eenvoudig

260) Op 386 b-c.

261) Vgl *Botha Groups in South African Company Law* 119 (hierna na verwys as "Botha").

262) Sien Hornby "Class Membership in a Company's Scheme of Arrangement" (1976) 39 *MLR* 207.

263) Bv *Re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Company* (1891) 1 Ch 213; *Re Jax Marine Pty Ltd* (1967) 1 NSW 145; *Re Landmark Corporation Ltd* (1968) 1 NSW 759; *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T). Vir verdere kritiek, sien Prentice "Corporate Arrangements - Protecting Minority Shareholders" (1976) 92 *LQR* 13. Sien ook *Borgelt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757(K) 768D-769A.

regter Templeman se beslissing sonder kritiek of bespreking as geldende reg aanvaar.²⁶⁴

Waar dit gaan om dit indeling van lede in klasse, is die benadering in *Re Hellenic & General Trust Ltd*²⁶⁵ die mees aanvaarbare. Lede behoort, in die algemeen gesproke, eerstens in klasse ingedeel te word ooreenkomstig hul regte en verpligtinge teenoor die maatskappy. Daarna kan 'n onderverdeling gemaak word op grond van die botsende belange van sommige van die lede, soos bv in die geval van 'n oornamesaanbod, waar een van die aandeelhouders 'n volfiliaal van die aanbieder is en daar klaarblyklik nie dieselfde oorwegings by die volfiliaal as by ander aandeelhouders geld wanneer besluit moet word oor die aanvaarbaarheid van die voorgestelde reëling nie.²⁶⁶

-
- 264) Vgl Gower 686; Pennington 475-476; Botha 118-120; Cilliers en Benade 417-418; Schmitthoff "A wholly owned subsidiary as a "class" for the purposes of a scheme of arrangement" 1976 *JBL* 49; "Katz "Legal aspects of the regulation of take-overs" 1979 *MB* 53, 58.
- 265) (1975) 3 All ER 382.
- 266) Vgl Cilliers en Benade 418; Sien ook *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W), wat voor *Re Hellenic & General Trust Ltd supra* beslis is, maar waar die aanbieder, in 'n oornamesituasie, nie saam met die ander aandeelhouders vergader het om die skema te oorweeg nie. Waarteen wel gewaak moet word, is 'n indeling wat sal lei tot vergaderings van lede wat dieselfde *sienswyse* ipv dieselfde belange het. Vgl *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T) 820G.

Dieselfde oorwegings geld egter nie by die indeling van *skuldeisers* in klasse nie, waar daar strenger gelet word op die gemeenskaplikheid van regte teenoor die maatskappy as grondslag vir indeling.²⁶⁷

Die teenwoordigheid van 'n belang wat nie voortvloei uit die skuldeiser se regte teenoor die maatskappy nie, is nie 'n voldoende grondslag vir die skeiding van klasse skuldeisers nie.²⁶⁸ So is daar beslis dat die volgende nie voldoende gronde was vir die hou van afsonderlike vergaderings nie en is die persone toegelaat om saam met ander konkurrente skuldeisers by dieselfde vergadering te stem:

(a) Waar die aanbieder, sy vrou en maatskappy waarvan hy 'n

-
- 267) In die volgende beslissings is gelet op die gemeenskaplikheid van *belange* as grondslag vir indeling van skuldeisers in klasse: *La Lainière de Roubaix v The Glen Glove and Hosiery Company, Limited* 1926 SC 91, 107; *Ex parte Ruskin NO : In re Peace Distributors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1959(2) SA 747 (W) 749G; *Ex parte Borton NO* 1970(1) SA 190(OK) 191G; *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)*; *African Gate and Fence Works Ltd Interwenning* 1976(3) SA 267(O) 276E-F.
- 268) Vgl *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T) 820F-821A; *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N) 763; *Borgelt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757(K) 763H ev; aldrie beslissings van die volle bank van die onderskeie provinsiale afdelings van die Hooggeregshof. Sien ook *Ex parte Coleman : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)* 1933 WLD 177, 191; *Ex parte Liquidator Doreen Modes (Pty) Limited* 1935(2) PH E.18(W); *Ex parte Klopper and Another NNO: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254(T) 259F; en die volgende Australiese sake: *In the Matter of Chevron (Sydney) Ltd* (1963) VR 249; *Re Jax Marine Pty Ltd and The Companies Act 1961* (1967) 1 NSW 145; *Re Landmark Corporation Ltd and Companies Act* (1968) 1 NSW 759, 766; *Re Ferro Constructions Pty Ltd* 2 ACLR 18 SC (Qld) 27. Sien ook 42 ALJ 21; 43 ALJ 199. Sien egter *In re Southard & Co Ltd* (1979) 1 WLR 1198, waar die hof in 'n likwidasie-aangeleentheid meer gewig aan die mening van skuldeisers wat nie lede van dieselfde groep maatskappye was nie, gegee het, hoewel die nie-groepskuldeisers in die minderheid was. Sien ook Botha 122-124, 276-278.

direkteur was, ook konkurrente skuldeisers was en skynbaar dieselfde dividend as ander konkurrente skuldeisers sou ontvang.²⁶⁹

- (b) Waar die aanbieder h noue sake-verbintenis met die maatskappy gehad het deurdat die aanbieder by verre die grootste skuldeiser was, en die maatskappy h substansiële aandeelhouding in die aanbieder gehad het,²⁷⁰
- (c) waar die maatskappy self die aanbieder was en S, sy besturende direkteur en enigste werklike aandeelhouer, sowel as h maatskappy wat deur S beheer is, toegelaat is om saam met ander konkurrente skuldeisers te vergader, hoewel enige dividend waarop hulle geregtig sou word, beskikbaar sou wees vir verdeling tussen ander konkurrente skuldeisers.²⁷¹
- (d) waar h skuldeiser wat afstand van h gedeelte van sy eis gedoen het, skynbaar toegelaat is om vir die volle bedrag van sy eis te stem.²⁷²

269) Vgl *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T) 821C.

270) Vgl *Ex parte Klopper and Another NNO : In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254(T) 258E-G, 259E.F.

271) *Re Jax Marine Pty Ltd and The Companies Act 1961* (1967) 1 NSWR 145, 146.

272) Vgl *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N) 757E, 762H-763G; *Borgelt v Millman and Another* 1983(1) SA 757(K) 762D-H, 763.

- (e) Sewe filiale en sub-filiale van 'n maatskappy is toegelaat om saam met ander konkurrente skuldeisers te stem oor 'n skikking tussen die maatskappy en sy skuldeisers.²⁷³
- (f) Skuldeisers wat, hoewel hul konkurrente skuldeisers van die maatskappy is, persoonlike of ander waarborge van derdes (wat moontlik die aanbieder mag insluit) het, word toegelaat om saam met ander konkurrente skuldeisers oor die aanvaarbaarheid van 'n skema te stem.²⁷⁴

Alhoewel 'n belang wat nie voortvloei uit die skuldeiser se regte teenoor die maatskappy, nie voldoende grondslag is vir die afskeiding van sodanige skuldeiser as 'n afsonderlike klas nie, mag hierdie buite-belang of motief wel 'n faktor wees wanneer die hof besluit of die meerderheid skuldeisers *bona fide* in belang van die klas as geheel opgetree het toe daar oor die aanbod gestem is.²⁷⁵

Gevolgtrekking

By die verdeling van lede in klasse, is daar suksesvol betoog dat 'n volfiliaal van 'n aanbieder 'n afsonderlike klas van ander lede vorm.²⁷⁶ In die geval van 'n skikking, word egter aanvaar dat selfs die aanbieder, in sy hoedanigheid as skuldeiser, saam met ander skuldeisers by dieselfde vergadering mag stem oor die aanvaarding van die skema.²⁷⁷

-
- 273) *Re Landmark Corporation Ltd and Companies Act* (1968) 1 NSWR 759, 766.
- 274) Vgl *Ex parte Doreen Modes (Pty) Limited* 1935(2) PH E.18(W); *Re Ferro Constructions Pty Ltd* 2 ACLR 18 SC(Qld) 27.
- 275) Sien Cilliers en Benade 417; Silke "Commonality of Interests or Commonality of Rights?" (1982) 6 *SA Company LJ* 99 op 104; *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T) op 820H.
- 276) Vgl *Re Hellenic & General Trust Ltd* (1975) 3 All ER 382, en die bespreking daarvan hierbo.
- 277) Vgl *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T); *Ex parte Klopper and Another NNO : In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254(T) en die bespreking daarvan hierbo.

Hoewel hierdie met die eerste oogopslag anomalies mag voorkom, moet die volgende faktore in gedagte gehou word -

- (a) Waar lede 'n oorname-aanbod oorweeg wat as 'n reëlinskema ingeklee is, gaan dit om die verkoop van 'n belang in 'n maatskappy. Hierdie belang mag in die toekoms in waarde appresieer en van tyd tot tyd dividende uitbetaal. Waar skuldeisers 'n skikking oorweeg, is die aard van hul belange verskillend. Die maatskappy is waarskynlik nie in staat, of anders nie onmiddellik in staat, om sy finansiële verpligtinge na te kom nie; dit gaan bloot daarom dat skuldeisers moet poog om die optimale bevrediging van hul eise te verkry.

- (b) Hoewel afsonderlike vergaderings van die verskillende klasse skuldeisers gehou word, vorm die afsonderlike vergaderings deel van 'n groter skema wat gewoonlik ondeelbaar is. Indien daar onderverdeling in 'n groot aantal klasse is, kan die hele skema nogtans skipbreuk ly omdat bv net een klas skuldeisers nie die aanbod aanvaar het nie.²⁷⁸

278) Vgl bv die feite in *Barclays National Bank Ltd v HJ de Vos Boerdery Ondernemings (Edms) Bpk 1980(4) SA 475(A)*.

- (c) 'n Verdere faktor wat in gedagte gehou moet word, is dat dit in die geval van 'n oorname wat ingeklee word as 'n reëlinskema, gaan oor die "onteiening" van 'n aandeelhouer deur 'n private persoon, onderhewig aan goedkeuring deur die hof. In die geval van 'n skikking tussen 'n maatskappy wat in likwidasië is, en sy skuldeisers, gaan dit om 'n keuse tussen twee vorme van vergoeding: die vinniger vergoeding deur die aanbieder aangebied, of die kans dat likwidasië 'n beter dividend sal oplewer as wat die aanbieder aanbied.
- (d) By die likwidasië van 'n maatskappy deur die hof, is daar in 1976 'n wysiging aan die Wet aangebring as gevolg waar van direkteur of voormalige direkteure geen stemreg ten opsigte van die benoeming van 'n likwidateur sou hê op grond van hul leningsrekening en sekere ander oorsake nie.²⁷⁹ Daar is dus 'n beperking op die stemreg van 'n direkteur geplaas, vermoedelik as gevolg van ongerymdhede. Hierdie is maar een voorbeeld van hoe die wetgewer voortdurend poog om soveel onreëlmatighede of potensiële onreëlmatighede as moontlik wat daar by die likwidasië van maatskappye mag ontstaan, aan bande te lê. Hierdie verskerping van maatreëls om onreëlmatighede aan bande te probeer lê, word egter gedurigdeur ondermyn deurdat

279) Vgl a 365(2), soos vervang deur a 27 van Wet 111 van 1976.

die skikking- of reëlinskemaproedure h ontsnaproete aan misdadige direkteure en ander bied.²⁸⁰ Die gebruik van hierdie ontsnaproete word verder vergemaklik deurdat die indeling van klasse skuldeisers sodanig is dat aan die boosdoeners "the loudest voice in theory and the most significant vote in practice", om regter Templeman se woorde te gebruik,²⁸¹ gegee word omdat hierdie persone dan ook gewoonlik die grootste eise teen die maatskappy het.

Wat bepleit word, is nie dat die aanbieder of persone wat h noue verbintenis met die maatskappy gehad het, as h afsonderlike klas skuldeiser beskou sal word nie, maar dat oorweging daaraan gegee sal word dat bv die aanbieder statutêr verbied sal word om te stem oor die aanvaarding van h skema.²⁸²

Samevattend kan gesê word dat die volgende metode gevolg word by die indeling van skuldeisers en lede in klasse:

- (a) Skuldeisers en lede word in eerste instansie ingedeel in klasse op grond van die gemeenskaplikheid van hul regte teenoor die maatskappy.
- (b) In die geval van lede kan h verdere onderverdeling gemaak word indien die belange van sommige lede van die klas direk bots met dié van die res van die klas.

280) Sien H 10 oor die misbruik van die skikking- en reëlinskemaproedure.

281) Sien *Re Hellenic & General Trust Ltd* (1975) 3 All ER 382, 386b-c.

282) Die wetgewer neem natuurlik nie op die oomblik kennis van h aanbieder wat nie die maatskappy self is nie.

-
- (c) In die geval van skuldeisers, word daar nie 'n verdere onderverdeling op grond van botsende belange gemaak nie; enige belang van 'n skuldeiser wat nie voortvloei uit sy regte teenoor die maatskappy nie, kan hoogstens dien as 'n faktor wanneer die hof besluit of die meerderheid skuldeisers *bona fide* in belang van die klas as geheel opgetree het toe daar oor die aanbod gestem is.²⁸³
- (d) Hoewel ons houe nog nooit pertinent 'n onderskeid getref het tussen die indeling van skuldeisers en die indeling van lede in verskillende klasse nie, behoort daar nie beswaar teen die maak van so 'n onderskeid te wees indien daar in gedagte gehou word dat in die geval van 'n skikking met skuldeisers, die keuse tussen twee wyses van vergoeding²⁸⁴ lê, terwyl dit in die geval van 'n reëlinskema wat 'n oorname van aandele behels, gaan om die onteiening deur 'n private persoon, onderhewig aan toesig deur die hof, van aandele wat gehou mag word deur 'n persoon wat nie andersins die aandele wil of hoef te verkoop nie.²⁸⁵

Daar word bepleit dat 'n aanbieder wat ook 'n skuldeiser van die maatskappy is, glad nie toegelaat behoort te word om te stem oor die aanvaarbaarheid van 'n skema nie.

- ...3. Afsonderlike vergaderings van klasse skuldeisers en lede
Die Wet beoog geheel en al afsonderlike vergaderings van elke

-
- 283) Sien in hierdie verband F 4 b) *Bona fides van skuldeisers en lede* hieronder.
- 284) Dws die keuse lê tussen 'n dividend ingevolge die skikkingsaanbod, of ingevolge likwidasië of geregtelike bestuur, wat langer mag neem om te finaliseer.
- 285) Die aandeelhouer mag selfs groot sentimentele waarde aan sy aandele heg.

klas skuldeisers en lede, en nie bloot afsonderlike stemming nie.²⁸⁶

Die geleentheid moet aan 'n klas gebied word om sy eie sake ongehinderd te bespreek want dit is die beskeie beskerming teen moontlike onderdrukking wat 'n klasvergadering bied.²⁸⁷ Indien meer as een klas wel saam vergader, moet enige lid van 'n klas wat voel dat hy daardeur benadeel word, sy beswaar by die vergadering opper.²⁸⁸

4. Wie nie hoef te vergader nie.

Wanneer 'n skikking of reëling voorgestel word, is dit nie nodig om vergaderings van die volgende klasse byeen te roep nie:

- (a) Lede en skuldeisers wie se regte nie geraak word nie.
Volgens Pennington²⁸⁹ is die enigste vergaderings wat byeengeroep hoef te word, dié van skuldeisers of lede wie se regte deur die skema geraak word.

286) Vgl *Carruth v Imperial Chemical Industries, Ltd* (1937) 2 All ER 422(HC), wat gehandel het oor klasvergaderings in-gevolge die maatskappy se statute; *Ex parte Milne NO : In re Khandaan Drive-in Cinema (Pty) Ltd* 1959(1) SA 13(D) 14F-G; *Re Safety Fix Pty Ltd* (1962) VR 467, 471

287) *Carruth v Imperial Chemical Industries Ltd* (1937) 2 All ER 422 (HL) per Lord Blanesburgh op 441G; sien ook 445F, 460C-E.

288) *Carruth v Imperial Chemical Industries Ltd* (1937) 2 All ER 422 (HL) 445; *Re Safety Fix Pty Ltd* (1962) VR 467, 470.

289) Bladsy 476.

Of die regte van 'n skuldeiser of lid deur 'n bepaalde skema geraak word of nie, is nie altyd so eenvoudig om vas te stel nie,²⁹⁰ 'n Skema kan ook nie bindend gemaak word op 'n klas skuldeisers of lede wat glad nie vergader het nie.²⁹¹ Indien daar enige twyfel bestaan is dit veiliger om wel 'n vergadering van die bepaalde klas skuldeisers of lede byeen te roep; keur een klas, wie se regte nie ernstig deur die skema geraak word nie, nie die skema goed nie, kan die skema nogtans bekragtig word.²⁹²

- 290) Pennington 476 verwys na die feite in *Re Brownfield's Guild Pottery Society* (1898) WN 80, waar die besigheid van 'n insolvente maatskappy ingevolge 'n skema oorgedra is aan 'n ander maatskappy en daar beslis is dat die skema nie deur 'n vergadering van aandeelhouers goedgekeur hoef te word nie omdat hulle niks sou kry indien die maatskappy gelikwdeer sou word, en dus geen regte het wat deur die skema geraak word nie. Vgl egter *Re NFU Development Trust Ltd* (1973) 1 All ER 135 (ChD) 140f-g waar regter Brightman verklaar dat 'n konfiskering van regte nie 'n reëling is nie. In *Du Preez v Garber: In Re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 816 is aangevoer dat die versekerde en voorkeurskuldeisers nie regtig geraak is deur of belanggestel het in die skema nie en dat die Hof dus, op grond van die beslissing in *In re Tea Corporation, Limited. Sorsbie v Same Company* (1904) 1 Ch 12 en *Re Oceanic Steam Navigation Co Ltd* (1938) 3 All ER 740 kon afsien van hulle siening om te beslis of die skema bekragtig moet word, al dan nie. Regter Trollip beslis egter dat aangesien in die onderhawige geval die skema daarvoor voorsiening gemaak het dat die eise van alle skuldeisers in 'n derde sou vestig wanneer die skema bekragtig word, die regte van sodanige skuldeisers wel aangetas word.
- 291) Sien H 8 C oor wie gebind word deur 'n skema.
- 292) Vgl *In re Tea Corporation, Limited. Sorsbie v Same Company* (1904) 1 Ch 12 waar, indien voortgegaan sou word met die likwidasië van die maatskappy, een klas kontribuante geen vergoeding sou ontvang nie maar desondanks besluit om nie die skema te aanvaar nie. Die hof beslis dat die skema tussen die maatskappy en sy skuldeisers en kontribuante goedgekeur word omdat die voorsiening wat vir die teenstemmende klas gemaak word, gelyk is aan 'n geskenk of konsessie en hulle goedkeuring dus nie nodig is nie.

- (b) Vergaderings van h enkele persoon
Waar h klas skuldeisers of lede uit h enkele persoon bestaan, het die hof beslis dat dit nie nodig is om h formele vergadering van daardie een persoon byeen te roep nie.²⁹³

5. Geografiese ligging van vergaderings, en meerstaatreëling-skemas

Waar h maatskappy se skuldeisers of lede nie almal binne die jurisdiksie van die hof tot wie die aansoek gerig word, gedomisilieer is nie, ontstaan daar verskeie probleme mbt die jurisdiksie van die hof. Die volgende aspekte van die probleem kan onderskei word:

- (a) Die magte van die hof om te gelas dat vergaderings gehou word op h plek buite die jurisdiksie van die hof.
- (b) Die magte van die hof om te gelas dat meer as een vergadering van dieselfde klas skuldeisers of lede op verskillende plekke gehou word.
- (c) Die mag van die hof om h skuldeiser of lid wat buite die jurisdiksie van die hof gedomisilieer is, deur h voorgestelde skikking of reëling te bind.

293) Vgl *Ex parte Massing & Ingham (Pty) Ltd* 1942 WLD 204 op 209; *The Clydesdale Bank, Limited and Others Petitioners* 1950 SC 30. Sien ook *East v Bennett Brothers Limited* (1911) 1 Ch 163 op 170; *Ex parte African Russian Oil Products (Pty) Ltd (and Reduced)* 1934 WLD 75 op 78. h Skema waarby net een persoon betrokke is, kan voorgestel word ten einde die bepalings van a 313 te benut - vgl die *Clydesdale Bank-saak supra*.

Veral in Australië het hierdie probleme baie aandag geniet omdat elke staat tot redelik onlangs²⁹⁴ 'n afsonderlike maatskappywet gehad het en die howe nie ingevolge die wet ekstraterritoriale magte gehad het in maatskappyregangeleenthede nie.²⁹⁵

In Suid-Afrika sal daar weens die opkoms van onafhanklike nasionale state waarskynlik in toenemende mate probleme met meerstaatreëlinskemas ondervind word.

(a) Die hou van vergaderings buite die jurisdiksie van die hof

Waar 'n groot aantal skuldeisers of lede buite die regsgebied van die hof gedomisilieer is,²⁹⁶ kan die hof hul siening oor 'n voorgestelde skikking of reëling op twee wyses vasstel. Die eerste wyse is deur informele vergaderings in die buiteland te laat hou waar die skema deur die verskillende klasse oorweeg kan word en daar dan gestem word. Die uitslag van die stemming, gerugsteun deur die nodige volmagte van skuldeisers en lede aan 'n genoemde persoon wat namens hulle die formele vergadering wat binne die hof se jurisdiksie belê word, sal bywoon, word dan op die wyse wat die hof mag gelas,²⁹⁷ oorgedra.²⁹⁸

294) Vgl Companies Act 1981 (Cth), wat op 1 Julie 1982 in werking getree het.

295) Vgl a 315(20), Companies Act 1981 (Cth) wat die probleme tussen die verskillende state uit die weg geruim het.

296) Met regsgebied word hier in die geval van die Republiek van Suid-Afrika, bedoel buite die Republiek. Vgl a 26(1) van die Wet op die Hooggeregshof, 59 van 1959, wat bepaal dat die siviele prosesstukke van 'n provinsiale of plaaslike afdeling dwarsdeur die Republiek geld en in die regsgebied van enige afdeling bestel of ten uitvoer gelê kan word.

297) Bv telegrafies.

298) Vgl *In re English, Scottish and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385, waar die uitslag van die informele vergaderings telegrafies van Australië na Londen oorgestuurd is, en die stemming op die formele vergadering plaasgevind het sonder dat die volmagvorms in Engeland was. Sien ook *In re Freehold Investment and Banking Company* (1895) 1 Argus LR 12.

Die ander manier waarop die hof die probleem kan hanteer, is deur te gelas dat die hofbevel en ander tersaaklike dokumente telegrafies na die buiteland oorgestuurd word, waar dit dan gedruk en aan die betrokke lede gegee word. Lede mag dan hul voltooide volmagvorme op 'n bepaalde punt indien, waarvan dan die uitslag telegrafies aan die voorsitter van die vergadering oorgestuurd word. Die gevolmagtigde stem dan dienoreenkomstig by die formele vergadering, maar sonder dat hy die voltooide volmagvorme in sy besit het.²⁹⁹

In albei die voorbeelde hierbo uiteengesit, is geen formele vergaderings van skuldeisers of lede buite die jurisdiksie van die hof gehou nie; in die Australiese sake is wel twyfel uitgespreek oor die hof se bevoegdheid om *formele* vergaderings buite sy jurisdiksie te gelas,³⁰⁰ maar is daar nie finaal daarvoor beslis nie.³⁰¹

In Australië moes daar egter 'n beslissing geneem word oor die hof se bevoegdheid om formele vergaderings buite sy jurisdiksie byeen te roep, in verband met die sake van 'n maatskappy, Kailis Groote Eylandt Fisheries Pty Ltd, wat 'n skikking- en reëlinskema wou voorstel wat sy skuldeisers,

-
- 299) Vgl *Ex parte Judicial Managers, CTC Bazaars (SA) Ltd* 1941 CPD 348; *In re Standard Bank of Australia* (1895) 1 Argus LR 14; *In re City of Melbourne Bank* (1895) 1 Argus LR 15.
- 300) Vgl *In re Freehold Investment and Banking Company* (1895) 1 Argus LR 12; *In re Standard Bank of Australia* (1895) 1 Argus LR 14; *In re City of Melbourne Bank* (1895) 1 Argus LR 15.
- 301) Vgl Bennett "Multi-State Schemes of Arrangement" (1978) 52 *ALJ* 320, 322.323. (hierna na verwys as "Bennett").

wat in sewe verskillende gebiede gedomisileer was, sou bind.³⁰²

In *Re Kailis Groote Eylandt Fisheries Pty Ltd*³⁰³ beslis regter Needham dat hy bereid is om te gelas dat vergaderings van skuldeisers buite die regsgebied van sy hof gehou word, omdat daar niks in die bewoording van a 311³⁰⁴ is wat meebring dat hy nie die mag sou hê om dit te doen nie.³⁰⁵

Hierdie benadering van regter Needham is korrek; hoewel daar teoretiese probleme mag wees oor hoe die hof die vergadering wat buite sy jurisdiksie plaasvind, sou "beheer", is hierdie nie werklik 'n praktiese probleem nie want die werklike rede vir die vergadering is dat dit 'n voorwaarde is vir die uitoefening van die hof se magte ingevolge a 311(2). Indien die hof nie tevrede is met die wyse waarop die vergadering gehou is nie, kan dit eenvoudig weier om die skema te bekragtig.³⁰⁶

'n Hof behoort dus die mag te hê, by die uitoefening van sy jurisdiksie ingevolge a 311, om te gelas dat vergaderings buite die regsgebied van die hof gehou word.

302) Dit sou meebring dat sewe identiese skemas voorgestel moes word, een in elke gebied; elke hof sou genader moes word en elke hof sou gevra word om sewe verskillende vergaderings (een in elke gebied) te gelas.

303) 2 ACLR 479 Sc (NSW)

304) A 181, Companies Act 1961 (NWS)

305) Op 480.

306) Sien Bennett 323.

-
- (b) Die hou van meer as een vergadering van dieselfde klas skuldeisers of lede, maar op verskillende plekke.
Hoewel die hof in die verlede bereid was om informele vergaderings van skuldeisers en lede te gelas, waarna die stemme wat op daardie vergaderings uitgebring is, oorgedra is na die formele vergadering, is dit nie duidelik of die hof meer as een formele vergadering van dieselfde klas skuldeisers of lede kan gelas, waarna die stemme eenvoudig saamgetel en aan die hof voorgelê word nie.

In *Re Kailis Grootte Eylandt Fisheries Pty Ltd*³⁰⁷ het regter Brooking beslis dat wat hy gevra word om te gelas, is dat vergaderings van sub-klasse byeengeroep word.³⁰⁸ Hy is egter net bereid om die hou van een sentrale vergadering te gelas.

Regter Brooking se beslissing is gekritiseer³⁰⁹ en dit is nie duidelik wat die houding van die Suid-Afrikaanse howe onder soortgelyke omstandighede sou wees nie.

- (c) Magte van die hof om 'n skuldeiser wat buite die jurisdiksie van die hof gedomisilieer is, te bind deur 'n skikking of reëling.
Daar word maklik, maar verkeerdelik, aanvaar dat 'n goed-

307) (1977) VR 511; 2 ACLR 510.

308) Of, soos die regter dit stel, "merely one meeting held by instalments" - (1977) VR 511 op 512.

309) Bennett 325 betoog dat die beslissing van regter Brooking verkeerd is en dat die hof ingevolge a 311 wel die mag het om meer as een vergadering van dieselfde klas skuldeisers of lede te gelas.

gekeurde skikking of reëling alle skuldeisers bind, waar hulle hul ookal mag bevind.³¹⁰

h Goedgekeurde skikking of reëling bind alle skuldeisers en lede, maar slegs wanneer hul regte ter sprake kom in die forum waar die skikking of reëling bekragtig is.³¹¹ Skuldeisers en lede wat gebonde is, is dus dié wat binne die regsgebied van die hof woon, of wie se regte teenoor die maatskappy binne die regsgebied van die hof ontstaan het, of wat toegestem³¹² het tot die skikking of reëling.³¹³

Probleme ivm meerstaatreëlingskemas.

Indien h maatskappy in meer as een staat sake gedoen het en h skema wil voorstel wat al sy skuldeisers in al die betrokke state sal bind, moet die volgende faktore in gedagte gehou word:

310) Bennett 320.

311) Vgl *New Zealand Loan and Mercantile Agency Company, Limited v Christina Morrison* (1898) AC 349, 358. Sien ook *Ex parte Barton-Lister* NO 1951(1) SA 208(W).

312) Dit is nie duidelik of h buitelandse skuldeiser wat wel gestem het, maar teen aanvaarding van die skema gestem het, gebonde is aan die skema nie. Sien Bennet 321.

313) Vgl a 19(1)(a) en a 26(1) van die Wet op die Hooggeregshof, 59 van 1959, h Praktiese voorbeeld: A, woonagtig in Venda, sluit in Venda h kontrak met h Suid-Afrikaanse maatskappy B en neem nie deel aan h daaropvolgende skikking- en reëlingskema wat in Suid-Afrika tussen B en sy skuldeisers voorgestel word nie. Indien A vir B in Venda dagvaar vir betaling, sal die hof van Venda moet oorweeg of die Suid-Afrikaanse skema h verweer teen die Venda-skuldeiser se eis is. Sien verder *Anthony Gibbs & Sons v La Société Industrielle et Commerciale des Métaux* 25 QB 399.

-
- (a) 'n Afsonderlike skema moet in elke staat voorgestel word; indien net een skema voorgestel word met een sentrale vergadering, is daar geen wyse waarop skuldeisers wat buite die forum van die hof gedomisillieer is, gedwing kan word om hul stemme by die vergadering uit te bring en hul sodoende aan die skema te onderwerp nie.
- (b) 'n Skema sal slegs in 'n besondere staat voorgestel kan word indien die hof ingevolge die maatskappywet van daardie staat, jurisdiksie oor die maatskappy het.³¹⁴
- (c) Daar behoort geen beswaar daarteen te wees dat 'n hof die hou van vergaderings buite sy regsgebied gelas nie,³¹⁵ omdat daar niks in die bewoording van a 311 is wat die hof verplig om die vergaderings wat gehou word, binne sy regsgebied te laat plaasvind nie.
- (d) Ten einde 'n meerstaatreëlinskema deur te voer, mag dit wenslik wees om meer as een vergadering van dieselfde klas skuldeisers of lede op verskillende plekke te hou.

314) Vgl *Re Kailis Grootte Eylandt Fisheries Pty Ltd (Receivers and Managers Appointed)* 2 ACLR 574.

315) Hiervan moet onderskei word die probleem wat voorgekom het in *Ex parte Power and Others, NNO : In re Natal Oil Products Ltd* 1959(1) SA 7(D), waar N se geregistreerde kantoor en plek van besigheid binne die regsgebied van die Durban en Kus plaaslike afdeling van die Hooggeregshof geleë was. N was egter lid van 'n groep maatskappye wat almal onder geregtelike bestuur was. Een skema word vir al die maatskappye saam voorgestel en die geregtelike bestuurders ag dit wenslik dat die aansoek oorgeplaas word na die Witwatersrandse plaaslike afdeling sodat by die aansoek om bekragtiging, die uitslag van die stemming in al die maatskappye in ag geneem kan word om te besluit of die skema goedgekeur moet word, al dan nie. Die hof beslis dat geen hof buite Natal enige jurisdiksie oor die maatskappy het nie en dat die hof nie in die besondere geval bereid is om te gelas dat die saak na die WPA oorgeplaas word nie, onder meer omdat al die partye nie voor die hof is nie.

Of die hof dit sal toelaat, is nie duidelik nie; wat die hof wel bereid behoort te wees om toe te laat, is dat verskeie informele vergaderings gehou word, waarna die stemming op 'n sentrale formele vergadering plaasvind.³¹⁶

Daar is geen eenvoudige antwoord op die moontlike probleme wat met meerstaatreëlinskemas kan ontstaan nie, omdat dit nie opgelos kan word deur die wetgewer van 'n enkele staat nie.

6. Die voorsitter se bevoegdheede.

Die voorsitter verkry sy bevoegdheede uit die hofbevel waardeer hy aangestel is, uit die voorwaardes van die aanbod tot skikking of reëling en uit die regsreëls mbt vergaderings. Verskeie van hierdie bevoegdheede het al in regspraak ter sprake gekom en word dus bespreek.³¹⁷

- (a) Toegang van die publiek en die pers tot vergaderings
Die vergadering mag besluit of verteenwoordigers van die media of enige ander persoon wat nie direk by die vergadering betrokke is nie, toegelaat sal word om teenwoordig te wees, en indien hulle teenwoordig is, toegelaat sal word om teenwoordig te bly.³¹⁸

Ten spyte van kennisgewing in die koerante bly hierdie vergaderings in wese private vergaderings wat gehou word ingevolge 'n bevel van die hof. Die vergadering is egter nie deel van enige hofverrigtinge nie en is dus nie sonder meer oop vir bywoning deur die pers of die publiek nie.

-
- 316) Stemming op die formele vergadering vind dan plaas by wyse van volmagte wat vir dié doel by die informele vergaderings aan 'n bepaalde persoon verleen is.
- 317) Vir 'n algemene bespreking van die reg mbt vergaderings sien Lewin *The Law, Procedure and Conduct on Meetings in South Africa*; Boulton *Shackleton on the Law and Practice of Meetings*; Shaw & Smith *The Law of Meetings* veral 149-155.
- 318) *Carruth v Imperial Chemical Industries Ltd* (1937) 2 All ER 422 (HL) 445B.

Prima facie behoort 'n afsonderlike klasvergadering slegs deur lede van die klas bygewoon te word sodat hulle ongehinderd die sake kan bespreek wat hulle moet oorweeg. Indien die teenwoordigheid van vreemdelinge steurend is, moet protes egter by die vergadering aangeteken word en nie wanneer die aansoek om bekragtiging van die skema deur die hof aangehoor word nie.³¹⁹

(b) Bewys van eise as voorwaarde om te mag stem

Daar word normaalweg nie van aandeelhouders vereis dat hulle eers hul aandeelsertifikate moet toon alvorens hulle mag stem nie,³²⁰ maar daar word soms van skuldeisers verwag, ingevolge die bepalings van die skikkingsaanbod, om hul eise bevredigend te bewys alvorens hulle kan stem oor aanvaarding of verwerping van 'n skema.³²¹

Alhoewel hierdie voorwaarde dat eise eers bewys moet word, *prima facie* onredelik mag klink, beskerm dit ander skuldeisers in 'n mate deurdat dit voorkom dat daar op fiktiewe eise

319) *Carruth v Imperial Chemical Industries Ltd* (1937) 2 All ER 422 (HL) 445 F-H.

320) In *In re Wedgwood Coal and Iron Company* 6 Ch 627 is beslis dat die houders van toonder-skuldbriewe slegs kon stem indien hulle hul skuldbriewe voor of tydens die vergadering toon.

321) Vgl bv *Re Ferro Constructions Pty Ltd* (1976) 2 ACLR 18, 28 In *Glen Anil* par 9.1 en 9.2.1. is van sommige skuldeisers verwag om skriftelik sekere inligting aan die voorsitter te verskaf, ten minste 72 uur voor die aanvang van die vergadering, alvorens hulle sou kon stem.

gestem word; aan die ander kant mag dit tot misbruik lei.³²²
Die redelikheid al dan nie van so 'n vereiste sal waarskynlik
saamhang met die toestand van elke besondere maatskappy se
rekeningkundige rekords.

Die voorsitter sal waarskynlik nie kan aandrang op die bewys
van eise voor die vergaderings nie, tensy hy uitdruklik in
die aanbod daartoe gemagtig word.

(c) Indiening van voltooide volmagvorme voor aanvang van die
vergadering en verwerping van volmagte

Daar word gewoonlik van skuldeisers of lede verwag om
voltooide volmagvorme op 'n bepaalde tydstip voor die
aanvang van vergaderings aan die voorsitter te laat
toekom, ten einde die voorsitter die geleentheid te gee
om die volmagte noukeurig na te gaan en met die rekords
van die maatskappy te vergelyk.³²³

-
- 322) Waar 'n skikkingsaanbod gemaak word ten opsigte van 'n maatskappy
wat in likwidasie is, op 'n tydstip voordat die eerste ver-
gaderings van skuldeisers gehou is, kan die voorsitter die
eise hou en aanbied om, indien die skema nie bekragtig word nie,
die eise namens skuldeisers by die eerste vergadering te
bewys. Op hierdie wyse verkry hy beheer oor die volmag-
masjinerie en kan hy moontlik virhomself 'n aanstelling as
likwidadeur bewerkstellig. Sien H 11 C oor misbruik van die
skikking- en reëlinskemaprocedure.
- 323) Sien by *Ex parte Judicial Managers, CTC Bazaars (SA) Ltd*
1941 CPD 348, 351; *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER
Rep 460 op 464G; *La Lainière de Roubaix v The Glen Glove*
and Hosiery Company Limited 1962 SC 91, 105; sien ook *Re*
Ferro Constructions Pty Ltd 2 ACLR 18 SC (Qld) 28.

Dit is egter te betwyfel of die voorsitter h skuldeiser of lid van sy reg om by wyse van volmag te stem, kan ontnem deur te weier om h volmag wat laat ingedien is, te erken.³²⁴

Die voorsitter het wel die mag om h volmag te verwerp op grond van h formele gebrek in die instrument self; indien die volmag gebrekkig is, moet die toelaatbaarheid daarvan op die vergadering voordat stemming plaasvind, aangeval word.³²⁵

-
- 324) Vgl *La Lainière de Roubaix v The Glen Glove and Hosiery Company Limited* 1926 SC 91 op 105. Die redes vir hierdie beslissing is nie oortuigend nie. Sien egter *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460 op 467H-471C, waar regter Maugham oortuigend redeneer dat die hof waarskynlik nie ingevolge a 311 gemagtig word om h lid van h klas te dwing om net die voorgeskrewe volmagvorm te gebruik nie (470C); dat daar geen beswaar daarteen behoort te wees dat h algemene volmag gebruik word ingevolge waarvan die gevolmagtigde eers die vergadering bywoon en dan besluit hoe om te stem nie (470G); dat die hof nie deur sg Practice Notes, wat geen statutêre krag het nie, mense aan wie h statutêre reg gegee word om by wyse van volmag te stem, die reg kan ontsê om op hierdie wyse te stem nie. (470B).
- 325) Vgl *Re John L O'Brien Consolidated Industries Pty Ltd* 1 ACLR 311 waar volmagte deur h besturende direkteur geteken is, sonder die nodige direksiebesluit wat hom daartoe magtig, maar dit nie op die keerdatum as h geldige beswaar teen bekragtiging van die skema aanvaar is nie; *Re Ferro Constructions Pty Ltd* 2 ACLR 18 SC (Qld) 28-29. Sien ook *Colonial Gold Reef Ltd v Free State Rand Ltd* (1914) 1 Ch 382.

(d) Verdaging en uitstel van vergaderings.

Die voorsitter kan die mag hê om vergaderings te verdaag of uit te stel, indien hierdie magte deur die aanbod of deur die hofbevel aan hom gegee word. Indien hierdie magte nie aan hom gegee is nie, berus dit by die vergadering om te beslis oor verdaging.³²⁶

Die hofbevel bepaal 'n spesifieke datum waarop die voorsitter aan die hof verslag moet doen en vergaderings kan dus nie tot op 'n tydstip na daardie datum uitgestel word sonder toestemming van die hof nie.³²⁷

(e) Plaasvervangende voorsitters en delegasie van magte

Die voorsitter word spesiaal deur die hof aangestel en, tensy hy uitdruklik daartoe gemagtig word in die hofbevel, kan hy nie die uitvoering van sy pligte aan 'n ander delegeer nie.³²⁸

Die hofbevel vir die byeenroep van vergaderings is egter 'n tussentydse bevel wat te eniger tyd voor die finale bekragtiging

326) Vgl bv *Re Waxed Papers, Ltd* (1937) 2 All ER 481 (CA); *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation) : African Gate and Fence Works Ltd Intervening* 1976(3) SA 267(O) op 274A.

327) Sien die hof se streng houding in hierdie verband in *Ex parte Simmons NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T).

328) Vgl *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another: In re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459(T) op 461D; *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N) op 1084H.

van die skema deur die hof gewysig kan word.³²⁹ Die hof kan dus die bevel wysig en indien nodig, voordat die vergadering gehou word, 'n ander voorsitter aanstel.

Waar die voorsitter self, sonder die nodige magtiging daartoe, sy funksies aan 'n ander delegeer, het die hof beslis dat hierdie optrede bekragtig kan word en dat die nuwe voorsitter se handeling geratificeer kan word, maar dat die bewyslas in so 'n geval op die party wat die hof om kondonاسie nader, rus om te bewys dat geen belanghebbende persoon deur hierdie optrede benadeel is nie.³³⁰

7. Pligte van die voorsitter

'n Voorsitter by 'n klasvergadering, wat belê is om 'n skikking of reëling te oorweeg, het benewens sy algemene pligte ook pligte wat eie is aan hierdie soort vergadering. Die howe het reeds oor enkele van hierdie spesiale verpligtinge kommentaar gelewer.

(a) Plig om inligting aan die vergadering te verskaf.

Voldoende basiese inligting moet voor die vergadering aan skuldeisers gestuur word.³³¹ Hierdie inligting kan egter verder deur die voorsitter op die vergadering aangevul word.

-
- 329) *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another: In re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459(T) 461F-G; sien ook *Bell v Bell* 1908 TS 887 en *Meyer v Meyer* 1948(1) SA 484(T) 490, soos na verwys in die *Chenille Industries-saak, supra*, 461G.
- 330) *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another: In re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459(T) op 461H.
- 331) *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N) 760D-E. Sien verder C 2 c hierbo oor die verduidelikende verklaring.

Dit word van 'n voorsitter wat nie 'n geregtelike bestuurder of ander persoon wat in noue voeling met die maatskappy se sake is nie, verwag om die nodige agtergrond oor die maatskappy se sake te kry voor die aanvang van die vergadering of gedurende 'n verdaging daarvan.³³² Alle inligting wat relevant is by die oorweging van die skikking of reëling, moet aan skuldeisers of lede verskaf word.³³³ Die omvang van die inligting wat verskaf kan word, word natuurlik beperk deur sekere faktore soos bv die feit dat 'n maatskappy nog slegs onder voorlopige likwidasie is.³³⁴

(b) Plig om te stem.

Waar direkteure as gevolg van die hofbevel, volmagte vir of teen die skema van skuldeisers of lede ontvang, het hulle geen keuse of hulle die volmagte wil gebruik of nie, maar is hulle verplig om ooreenkomstig die opdrag in die volmag vervat, te stem.³³⁵ Dieselfde is waarskynlik waar mbt die voorsitter van vergaderings.

Die vraag ontstaan of die voorsitter verplig is om aan te bied om namens skuldeisers en lede te stem, en of hy dit aan afwesiges kan oorlaat om self iemand te vind wat bereid is om namens hulle die vergadering by te woon en te stem.

332) *Ex parte Borton* NO 1970(1) SA 190(OK) 191F.

333) Regter Kotze stel dit soos volg in *Ex parte Borton* NO 1970(1) SA 190(OK) op 191D-E: "It follows that information relevant to forming such an appreciation should be disseminated at the meeting and not withheld."

334) *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N) op 761 A-C

335) Vgl *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460 op 471.

Wanneer gekyk word na die doel van die vergadering, nl dat dit gehou word sodat die hof kan weet wat skuldeisers of lede se houding teenoor die aanbod is en sodat, indien dit aanvaarbaar is, die hof die nodige jurisdiksie kan hê om die skema te bekragtig, is dit duidelik dat daar van die voorsitter verwag kan word om of self bereid te wees om namens afwesiges te stem of om, op koste van die instansie wat aanspreeklik is vir betaling van die koste van die voorgestelde skema, iemand beskikbaar te stel wat namens afwesiges sal stem.

8. Stemming by Vergaderings

h Voorwaardelike skuldeiser het waarskynlik die nodige *locus standi* om aansoek te doen dat vergaderings belê word om h voorgestelde skikking of reëling te oorweeg,³³⁶ maar so h skuldeiser sal nie sonder meer kan stem oor die aanvaarding van h skema nie. Verdere probleme ivm stemming by vergaderings ontstaan deurdat a 311(2) skynbaar nie korrek geformuleer is nie en deurdat die vraag ontstaan of skuldeisers wat ten volle betaal word, ook oor die skema moet stem. Dit is ook nie duidelik of stemming slegs by die vergadering moet plaasvind nie, en of skuldeisers of lede voordat die skikking of reëling finaal bekragtig word, van sienswyse kan verander of nie.

(a) Stemming deur voorwaardelike skuldeisers.

Dit is nie duidelik of voorwaardelike skuldeisers enige stemreg het wanneer daar gestem word oor aanvaarding van h skikkingsaanbod nie.

336) Sien B 1 b hierbo oor die *locus standi* van skuldeisers om h aansoek te bring.

Gewoonlik bevat 'n skikkingsaanbod 'n bepaling dat die bepalings van die Insolvensiewet³³⁷ sowel as hoofstuk XIV van die Wet van toepassing sal wees by die bewys van eise en die wyse van stemming by 'n vergadering. In so 'n geval, indien die voorwaarde binne 'n jaar³³⁸ vervul sal word, kan die vordering bewys word, maar het die skuldeiser geen stem op 'n byeenkoms van skuldeisers op grond van so 'n vordering nie.³³⁹ Indien die voorwaarde nie binne 'n jaar voldoen sal word nie, kan die skuldeiser daarop aandrang dat sy vordering gewaardeer word.³⁴⁰ Word die voorwaarde voldoen voordat 'n finale rekening bekragtig is, kan die eis bewys word asof dit onvoorwaardelik was.³⁴¹ Die Insolvensiewet sê nie of die skuldeiser wie se eis gewaardeer is, nou stemreg sal hê nie; hy sal waarskynlik wel nou kan stem.³⁴²

337) Wet 24 van 1936.

338) In die geval van insolvensie, bereken vanaf datum van sekwestrasie van die skuldenaar se boedel.

339) A 48(a). Sien ook Smith *The Law of Insolvency* 208 (hierna na verwys as "Smith").

340) A 48(b). In die geval van insolvensie, vind waardasie by 'n vergadering van skuldeisers plaas; die kurator moet aan die voorsitter van die vergadering 'n skriftelike motivering vir die waardasie van die eis voorlê.

341) A 48(b).

342) Vgl die bewoording van a 52(1); so 'n skuldeiser sal wel stemreg hê op grond daarvan dat sy eis bewys is en dat a 48(b) nie uitdruklik, in teenstelling met a 48(a), vermeld dat hy nie stemreg sal hê nie. A 48 en 52, Insolvensiewet, is van toepassing op maatskappye in likwidasie wat nie in staat is om hul skulde te betaal nie. (Vgl a 339 & 336 van die Wet. Sien ook Mars *The Law of Insolvency in South Africa* 318 (hierna na verwys as "Mars").

Hierdie bepalings sal waarskynlik gewig dra by die vastelling van wat met 'n "skuldeiser" in a 311 verstaan word.

In *In re Midland Coal, Coke and Iron Company Craig's Claim*³⁴³ is beslis dat die Joint Stock Companies Arrangement Act, 1870, van toepassing was op elke persoon wat 'n geldelike eis teen die maatskappy het, insluitende 'n voorwaardelike eis.³⁴⁴

Die probleem is gewoonlik om te bepaal of persone wat eise teen die maatskappy het op grond daarvan dat hulle persoonlike sekerheid aan 'n derde gegee het vir die skulde van die maatskappy, ook stemreg het op die vergadering wat moet beslis oor die aanvaarding van die skikkingsaanbod.

So is daar bv in *In re Unity Motors (Pty) Ltd*³⁴⁵ stemme vir R80 000 uitgebring ten opsigte van 'n skuld van die maatskappy vir R20 000, deurdat die drie direkteure van die maatskappy daarop aanspraak gemaak het dat hulle gesamentlik en afsonderlik vir hierdie skuld sekerheid gestel het en dus elkeen 'n voorwaardelike skuldeiser vir die volle omvang van die waarborg was. Regter Kuper is nie bereid om in hierdie geval die eise

343) (1895) 1 Ch 267.

344) Hierdie beslissing is nagevolg in *Re Harvest Lane Motor Bodies Ltd* (1968) 2 All ER 1012, waar dit om die interpretasie van "skuldeiser" in 'n ander verband in die ECA gegaan het. Hierdie twee beslissings is in Australië nagevolg in *Re Southern Australia Perpetual Forests Ltd* (1971) VR 475. Sien ook *Friedman v Bond Clothing Manufacturers (Pty) Ltd* 1965(1) SA 673(T) op 677F-H.

345) 1956(4) SA 14(W) 17 D-E

van voorwaardelike skuldeisers in ag te neem nie en weier om die skema te bekragtig.³⁴⁶

In *Friedman v Bond Clothing Manufacturers (Pty) Ltd*³⁴⁷ is beslis dat 'n borg 'n voorwaardelike skuldeiser van die maatskappy is, ten minste nadat die maatskappy in likwidasie geplaas is weens sy onvermoë om sy skulde te betaal,³⁴⁸ en derhalwe vir doeleindes van a 311 'n skuldeiser van die maatskappy is. Hoewel regter Trollip nie 'n mening oor die probleem ivm hul stemregte wil uitspreek nie, beslis hy dat 'n borg, selfs al het hy nie toegestem tot die skikking of reëling nie, desnieteenstaande gebonde sal wees aan 'n bekragtigde skema.³⁴⁹

Die probleem is dus dat die hof aan die een kant nie aan voorwaardelike skuldeisers onvoorwaardelik stemreg wil gee nie, maar aan die ander kant dat die grondslag vir hul gebondenheid aan 'n bekragtigde skema daarop berus dat hulle of aan die stemming deelgeneem het of uit vrye keuse verkies het om nie te stem nie.

In *Ex parte Currie NO*³⁵⁰ word daarop gewys dat 'n voorwaardelike skuldeiser streng gesproke nie 'n skuldeiser is totdat die gebeurlikheid of voorwaarde, waarvan die voorwaardelike eis afhang, vervul is nie, en dat dit nie moontlik is om die werklike bedrag van die skuldeiser se eis vas te stel alvorens die voorwaarde nie vervul is nie. Met verwysing na die

-
- 346) Vgl 17F-H. Die grondslag vir die regter se redenasie op hierdie punt is dat hy nie dink dat, vir die doel om die totale laste van die maatskappy ingevolge a 311 te bereken, dit toelaatbaar is om die eise van voorwaardelike skuldeisers by die van die ander skuldeisers van die bepaalde klas te voeg nie. Hierdie redenasie is baie vaag want nêrens in a 311 word gewerk met die totale laste van die maatskappy nie; wat in berekening geneem word, is die waarde van die eise van skuldeisers wat stem.
- 347) 1965 (1) SA 673 (T) 677.
- 348) As gesag word op 677F-G verwys na *Moti & Co v Cassim's Trustee* 1924 AD 720, 738; *Rossouw & Rossouw v Hodgson and Others* 1925 AD 97.
- 349) Op 677 H.
- 350) 1966 (4) SA 546 (D).

besondere skema word bevind dat dit duidelik die bedoeling was dat voorwaardelike skuldeisers sekere regte ten opsigte van die fonds wat vir verdeling beskikbaar gestel word, moes hê, en dat hulle gebonde moes wees aan die skikking.³⁵¹

Gevolgtrekkings

Dit blyk dat 'n voorwaardelike skuldeiser wel 'n "skuldeiser" van die maatskappy vir doeleindes van a 311 van die Wet is, maar dat daar die volgende voorbehoude in hierdie verband is:

- Alvorens die voorwaarde nie vervul is nie, is daar niks deur die maatskappy aan 'n voorwaardelike skuldeiser verskuldig nie, en het 'n voorwaardelike skuldeiser dus geen stemreg op grond van hierdie eis nie.
- Omdat die voorwaardelike skuldeiser 'n *skuldeiser* van die maatskappy is, is die skema na bekragtiging deur die hof bindend op hom.
- Sodra die voorwaarde vervul word, ontstaan daar 'n eis teen die maatskappy en is die skuldeiser geregtig om 'n eis te bewys vir die bedrag wat die maatskappy werklik aan hom verskuldig is.³⁵²

351) Op 550 G.

352) In die geval van borgstelling kan die borg dus 'n eis bewys vir die bedrag van die totale eis, minus die dividend ingevolge die skema aan die skuldeiser betaal.

-
- Aangesien die regsposisie nie heeltemal duidelik is nie, is dit wenslik dat spesiale voorsiening in 'n skikkingsaanbod vir voorwaardelike skuldeisers gemaak word.³⁵³

(b) Meerderhede.

Die volgende meerderhede moet behaal word alvorens die hof by magte is om 'n skikking of reëling te bekragtig:

- in die geval van skuldeisers, 'n *meerderheid in getal* wat *drie-kwart in waarde* van die skuldeisers of klas skuldeisers verteenwoordig;
- in die geval van lede, 'n *meerderheid* wat *drie-kwart van die stemme* verteenwoordig wat uitgebring kan word deur die lede of klas van lede.³⁵⁴

In die geval van skuldeisers word daar dus gelet op die aantal skuldeisers sowel as die waarde van hierdie skuldeisers se vorderings, by die berekening van die vereiste meerderhede. Waar lede stem, word drie-kwart van die stemme vereis; daar word nie gelet op die aantal lede wat gestem het of wat die waarde van hul stemme mag wees nie.

353) Blote indeling in 'n afsonderlike klas sal waarskynlik nie 'n oplossing wees nie, weens probleme ivm die vasstelling van die waarde van voorwaardelike skuldeisers se eise, wat moet dien as grondslag vir die berekening van meerderhede.

354) A 311(2). In albei gevalle word net die stemme van persone wat aan die stemming deelgeneem het, in berekening gebring. Sien *In re Bessemer Steel and Ordnance Company* (1875) 1 ChD 251.

Die 1926-Wet het vereis dat 'n meerderheid in getal wat drievierdes in waarde van aanwesige skuldeisers of lede van elke onderskeie klas verteenwoordig, tot die reëling of skikking moes toestem.³⁵⁵ Die Van Wyk de Vries-kommissie het aanbeveel dat 'n aanpassing gemaak word om vir die geval van aandele sonder pari-waarde voorsiening te maak³⁵⁶. Met die aanpassing is die kwalifikasie van 'n meerderheid *in getal* lede wegge laat. Dit was egter nie nodig om hierdie woorde weg te laat ten einde voorsiening te maak vir die geval van aandele sonder pari-waarde nie.

Die Engelse³⁵⁷ en Australiese³⁵⁸ maatskappywette vereis nog steeds dat 'n skikking of reëling deur 'n meerderheid in getal van lede goedgekeur word, sowel as deur 'n drie-kwart meerderheid in waarde.³⁵⁹

Die feit dat stemme gekoppel moet wees aan 'n bepaalde geldwaarde, het ook al probleme meegebring.

In *In re Albert Life Assurance Company and Other Companies*³⁶⁰ het die hof geweier om 'n skema goed te keur, onder andere op grond daarvan dat dit nie moontlik was om vas te stel wat die bedrag van elke skuldeiser se eis was nie.

355) A 103(2) Maatskappywet, 1926.

356) *Aanvullende Verslag* II 243-244; III 114.

357) Vgl a 206 ECA

358) Vgl a 315(4)(a)(ii), Companies Act 1981 (Cth).

359) Die Engelse en Australiese maatskappywette maak nie voorsiening vir die uitreiking van aandele sonder pari-waarde nie. A315(4)(a)(ii) van die Australiese Companies Act 1981 (Cth) bepaal dat die vereiste van 75% in waarde van aandele net van toepassing is in die geval van 'n maatskappy met 'n aandelekapitaal.

360) (1871) 6 Ch App 381.

In die geval van lede, het die hof in *Re NFU Development Trust Ltd*³⁶¹ voor die probleem te staan gekom dat die betrokke maatskappy geen aandelekapitaal gehad het nie en dat dit, so is aangevoer, onmoontlik was om die geldwaarde van elke persoon se lidmaatskap te bepaal.³⁶² Hierdie beswaar is egter verwerp omdat die hof geredeneer het dat waar die wet na driekwart in waarde van die lede of klaslede verwys, dit die aandag vestig op die grootte van die aandeel³⁶³ wat elke lid in die maatskappy het. Die doel van a 311 is om te verhinder dat 'n numeriese meerderheid met 'n klein aandeel, 'n minderheid wat 'n groot aandeel hou, uitstem. In hierdie geval het elke lid presies dieselfde finansiële aandeel in die maatskappy gehad en was die posisie dus dieselfde as sou elke lid 'n enkele aandeel in die maatskappy hou, met die gevolg dat 'n driekwart meerderheid van stemme voldoen aan die statutêre vereistes.

Die probleem wat in *Re NFU Development Trust Ltd*³⁶⁴ ondervind is omdat aandele nie 'n spesifieke waarde gehad nie, is in Suid-Afrika uit die weg geruim deurdat daar, ten einde voorsiening te maak vir aandele sonder pari-waarde, bepaal is dat die skikking of reëling deur driekwart van die betrokke stemme goedgekeur moes word, in plaas van driekwart in waarde. Terselfdertyd is enige probleme wat kon ontstaan in die geval van 'n maatskappy beperk deur garansie, opgelos.

361) (1973) 1 All ER 135 (ChD).

362) Oa was die reg tot lidmaatskap nie oordraagbaar nie en het dit opgehou by die dood van die lid.

363) Of "stake".

364) (1973) 1 All ER 135 (ChD).

In Australië is die probleem opgelos deur 'n driekwart in waarde te vereis, maar slegs in die geval van 'n maatskappy met 'n aandelekapitaal.³⁶⁵

In die geval van skuldeisers, bly die probleem in *In re Albert Life Assurance Company, and Other Companies*³⁶⁶ egter nog dieselfde: kan die hof nie bepaal wat die geldwaarde van skuldeisers se eise is nie, sal dit slegs moontlik wees om 'n skikking of reëling goedgekeur te kry indien skuldeisers se regte teenoor die maatskappy almal van identiese omvang en inhoud is, en die hof bereid is om die redenasie wat in *Re NFU Development Trust Ltd*³⁶⁷ gevolg is, weer te volg.³⁶⁸

Die meerderheid wat by 'n vergadering vereis word, is 'n meerderheid van die klaslede wat *teenwoordig of verteenwoordig* by 'n vergadering is *en wat stem*.³⁶⁹ Die enigste stemme wat in berekening gebring word, is dus dié van persone wat stem - afwesiges of persone wat buite stemming bly, se stemme word nie getel nie. Artikel 311(5) vereis egter dat die hof ag moet slaan op die getal lede of klaslede³⁷⁰ wat teenwoordig of verteenwoordig is op 'n vergadering. Hoewel die stemme van afwesiges dus nie in berekening gebring word nie, word daar tog gekyk hoe verteenwoordigend 'n ledevergadering is.

365) Sien a 315(4) (a) (ii), Companies Act 1981 (Cth).

366) (1871) 6 Ch App 381.

367) (1973) 1 All ER 135 (ChD).

368) Vgl *Re Southern Australia Perpetual Forests Ltd* (1971) VR 475.

369) A 311(2). Sien ook *Ex parte Liquidator Yum White Ltd* 1922 WLD 169.

370) Nie skuldeisers nie.

(c) Skuldeisers wat ten volle betaal word.

Ten spyte van die feit dat sekere skuldeisers ingevolge 'n skikking of reëling volle vereffening van hul vorderings sal ontvang, het hulle nogtans 'n reg om oor die skikkingsaanbod te stem en moet hulle die skema goedkeur alvorens dit bindend op hulle sal wees.³⁷¹

(d) Stemming moet by die vergadering plaasvind

Die hof neem net kennis van stemme wat by die vergadering uitgebring is, wanneer vasgestel word of 'n skikking of reëling deur die vereiste meerderhede aanvaar is.³⁷² Hieruit volg dit dat die hof nie kennis sal neem van bykomende steun wat op 'n later stadium, maar voor bekragtiging van die skema, aan 'n skema gegee word, of van steun wat onttrek word nadat die skema aanvaar is nie.³⁷³

Regter Caney het dit soos volg gestel.³⁷⁴ "The true test is the conclusion arrived at by the creditors at a meeting, in which any of them is able, if he wishes, to urge and influence the others to vote in one direction or another; the decision must be that of the creditors gathered together in a meeting."

Indien nuwe feite aan die lig sou kom wat waarskynlik sou meebring dat 'n vergadering van skuldeisers of lede tot 'n ander gevolgtrekking sou kom as wat by die vergadering gekom is, sou die korrekte prosedure wees om hierdie feite aan die hof voor te lê en te versoek dat nuwe vergaderings belê word;

371) Cilliers en Benade 425; Sien ook *Investments (Pty) Ltd v Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd. Ex parte Luck NO: In re Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd* 1963(2) SA 271(W) 272H; *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 816H; *Barclays National Bank Ltd v HJ de Vos Boerdery Ondernemings (Edms) Bpk* 1980(4) SA 475(A) 481F.

372) Vgl a 311(2) en sien (b) *Meerderhede* hierbo.

373) Dit is dus nie moontlik indien 'n skema bv nie deur die vereiste meerderhede aanvaar is nie, om bewys van bykomende steun van afwesige skuldeisers te verkry en op grond hiervan die hof te vra om die skema te bekragtig nie.

374) *Ex parte Le Coultre : In re Morris Taxi Service (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1962(2) SA 338(D) 341C-D.

dit sou nie voldoende wees om bewys van skuldeisers of lede se veranderde houding aan die hof voor te lê en die hof dan te versoek om, in die lig van hierdie veranderde houding, die skema te bekragtig of te verwerp, na gelang van die geval, nie.³⁷⁵

Hiermee saam gaan die feit dat die skema wat die hof gevra word om te bekragtig, dieselfde skema moet wees as wat op die vergaderings aanvaar is. Waar daar enige wysiging van die skema plaasvind nadat dit op 'n vergadering aanvaar is, moet die hof versoek word om te gelas dat nuwe vergaderings byeengeroep word om die gewysigde aanbod te oorweeg.³⁷⁶

9. Regsgevolge indien niemand op 'n bepaalde vergadering stem nie.

'n Hof kan slegs 'n skikking of reëling bindend op 'n klas skuldeisers of lede maak indien die aanbod op 'n vergadering van die betrokke klas deur die vereiste meerderhede aanvaar is.³⁷⁷ Dit volg dus dat indien geen skuldeiser of lid op 'n bepaalde klasvergadering stem nie, die hof nie die skikking of reëling bindend op daardie klas kan maak nie.³⁷⁸

375) Vgl *Ex parte Le Coultre : In re Morris Taxi Service (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1962(2) SA 338(D). Sien ook *Borgélt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757(K) 760.

376) Vgl *In re Saratoga Investments (Pty) Ltd* 1941 NPD 117 op 141.

377) Vgl a 311(2).

378) Vgl *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 816C-H; *Investments (Pty) Ltd v Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd Ex parte Luck NO : In re Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd* 1963(2) SA 271(W) 272G-H; *Barclays National Bank Ltd v HJ de Vos Boerdery Ondernemings (Edms) Bpk* 1980(4) SA 475(A) 481E-F.

Dit bring probleme mee omdat h skikking of reëling dikwels as een ondeelbare skema voorgestel word.³⁷⁹ Versekerde en voorkeurskuldeisers ontvang gewoonlik volle vereffening van hul vorderings en is dus nie besorg oor die uitslag van die skema nie.³⁸⁰ Hulle spreek dus nie h mening oor die meriete van die skema uit nie, maar het waarskynlik geen beswaar teen die bekragtiging daarvan nie. Daar is geen wyse waarop een klas skuldeisers of lede h ander klas aan h skema kan bind nie en die hof is ook nie by magte om h klas wat nie vergader het, aan h skema te bind nie.

E. VERSLAG VAN DIE MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Inleiding

As die skikking of reëling gemaak word ten opsigte van h maatskappy wat gelikwieder word en voorsiening maak vir die opheffing van die likwidasiëbevel of vir die ontbinding van die maatskappy sonder likwidasië, moet die likwidateur h verslag ingevolge a 400(2) by die Meester indien. Die likwidateur moet ook h verslag oor die vraag of h direkteur of beampste of voormalige direkteur of beampste van die maatskappy persoonlik aanspreeklik is of skyn te wees al dan nie vir skadevergoëding of skadeloosstelling aan die maatskappy of vir skulde of verpligtinge van die maatskappy kragtens h bepaling van die Wet, by die Meester indien. Die Meester moet

379) Vgl *bv Du Preez and Another v Garber : In re Die. Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 816, waar niemand die vergadering van voorkeur- en versekerde skuldeisers bygewoon het nie (816 B-C). Aangesien hul regte geraak is deur die skema en die voorwaardes wat hulle raak nie geskei kon word van die res van die bepalings van die reëling nie, beslis regter Trollip dat hulle ook die skema moet goedkeur alvorens dit nie net op hulle nie, maar ook op konkurrente skuldeisers bindend sal wees. (816F-H).

380) Vgl *Investments (Pty) Ltd v Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd Ex parte Luck NO: In re Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd* 1963(2) SA 271(W) 272E-H waar niemand die vergadering van voorkeur- en versekerde skuldeisers bygewoon het nie, maar waar hierdie skuldeisers ten volle binne 90 dae na bekragtiging van die skema uitbetaal sou word. Die skema word derhalwe bekragtig in soverre dit die maatskappy en konkurrente skuldeisers betref.

hieroor verslag doen aan die hof³⁸¹ en die hof moet hierdie verslag in aanmerking neem by die beslissing of die skikking of reëling goedgekeur moet word.³⁸²

Die belangrikste probleem in hierdie verband, is die vraag of die verslag ook ingedien moet word indien die maatskappy vrywilliglik gelikwideer word, of onder geregtelike bestuur is. Ander probleme ontstaan deurdat die likwidateur se verslag vertroulik is, maar die Meester se verslag wat hierop gegrond is, nie vertroulik is nie. Ten einde hierdie probleme in perspektief te plaas, is dit nodig om eers na a 400 en a 311(4) in besonderhede te kyk.

(a) Artikel 400 van die Wet.

Ingevolge a 123 van die 1926-Wet moes die Meester, indien hy dit wenslik ag, aan die hof verslag doen oor 'n aantal aangeleenthede, insluitende of daar na sy mening enige bedrog deur enige persoon by die totstandbringings of oprigting van die maatskappy of in verband met die maatskappy of sy skuldeisers sedert sy oprigting, gepleeg is. Daar is egter nooit deur die Meester ingevolge a 123 gehandel nie,³⁸³ skynbaar omdat hy nooit behoorlik in 'n posisie verkeer het om die mening wat ingevolge a 123 van hom vereis is, te vorm nie.

Die Van Wyk de Vries-kommissie³⁸⁴ bevind dat net die likwidateur in die posisie verkeer dat hy die sake van

381) Artikel 311(4). Sien ook *Ex parte East NO 1974(2) (SA) 197(K)* op 198F-G.

382) Artikel 311(5).

383) Van Wyk de Vries-kommissie *Hoofverslag* 140

384) *Hoofverslag* 140.

die maatskappy kan ondersoek en misdrywe van direkteure en amptenare kan blootlê. Op aanbeveling van die kommissie³⁸⁵ is a 400 op die wetboek geplaas.

Ingevolge a 400 moet die likwidadeur ondersoek instel na moontlike misdrywe deur direkteure of amptenare van die maatskappy gepleeg voor likwidasië,³⁸⁶ asook of daar enige gronde mag wees vir die diskwalifikasie van enige persoon om direkteur te wees.³⁸⁷ n Vertroulike verslag word dan aan die Meester voorgelê;³⁸⁸ hierdie verslag moet ingedien word voordat n finale rekening by die Meester ingedien word.³⁸⁹

A 400 is van toepassing op alle likwidasië³⁹⁰ en ook by geregtelike bestuur.³⁹¹

(b) Artikel 311(4)

Indien die skikking of reëling voorsiening maak vir die opheffing van die *likwidasiëbevel* of vir die ontbinding van die maatskappy sonder likwidasië,³⁹² moet die likwidadeur n verslag ingevolge a 400(2) by die Meester indien, tesame met n verslag oor die vraag of n direkteur of beampte van die maatskappy persoonlik aanspreeklik is of skyn te wees, al dan nie, vir skadevergoeding of skadeloosstelling aan die maatskappy of vir die skulde of verpligtinge van die maatskappy kragtens

385) Aanbeveling 174, op 141.

386) A 400(1) (a).

387) A 400(1) (b).

388) A 400(2) en (3) (a).

389) A 400(2). Die likwidadeur mag dus letterlik jare tyd hê om die nodige ondersoeke te doen.

390) Sien Cilliers en Benade par 35.12, 36.44 en 36.45. A 400 is nie beperk tot bv likwidasië deur die hof of likwidasië van maatskappy wat nie in staat is om hul skuld te vereffen nie.

391) Vgl a 433(j).

392) Soos bv by n rekonstruksie of amalgamasie ingevolge a 313 - vgl a 313(1) (d).

h bepaling van die Wet. Hieroor moet die Meester dan aan die hof verslag doen.

Hoewel a 400 op alle likwidasies en op geregtelike bestuur van toepassing is, hoef die Meester ingevolge a 311(4)

- glad nie, waar h skikking of reëling voorgestel word ten opsigte van h maatskappy wat onder geregtelike bestuur is; en
- waarskynlik nie, waar h skikking of reëling voorgestel word ten opsigte van h maatskappy wat in vrywillige likwidasie is en die skema voorsiening maak vir die opheffing van die likwidasie;

h verslag by die hof in te dien nie.

Gevolgtrekking

Dit is vreemd dat h verslag ingevolge a 400 by die Meester ingedien moet word in alle likwidasies asook by geregtelike bestuur, maar dat h hof wat h skikking of reëling oorweeg, slegs op h verslag deur die Meester geregtig is indien daar h *likwidasiëbevel* is wat ingevolge die skema opgehef moet word. Hierdie leemte laat baie skuiwergate vir misdadige of oneerlike direkteure en beamptes.³⁹³

h Verslag moet kragtens a 400(2) aan die Meester voorgelê word, is vertroulik en is nie vir insae deur *enigiemand* beskikbaar nie;³⁹⁴ tog mag die Meester h afskrif daarvan aan die

393) Sien H 10 oor Misbruik van die Skikking- en Reëlinskema-prosedure.

394) A 400(3)(a).

Prokureur-Generaal stuur.³⁹⁵ Henochsberg³⁹⁶ voer aan dat hoewel helfte van die Meester se verslag aan die hof op 'n vertroulike verslag gegrond is, ten minste die prokureurs en advokate wat by die saak betrokke is, in die posisie gestel moet word dat hulle met enige sake wat in die verslag geopper word, kan handel.³⁹⁷

'n Verdere probleem is dat die effektiwiteit van a 400 ingekort word deurdat 'n skikkingsaanbod op enige tydstip in die likwidasiëproses gemaak kan word, en dus ook op 'n stadium wanneer die likwidateur nog nie in staat was om die sake van die maatskappy behoorlik te ondersoek nie. Henochsberg³⁹⁸ doen aan die hand dat indien 'n skikking of reëling voorgestel word voordat die likwidateur of voorlopige likwidateur enige ondersoek ingevolge a 400 gedoen het, die hof waarskynlik in so 'n geval 'n verslag van die likwidateur sal aanvaar dat daar geen tyd vir sodanige ondersoek was nie en dat hy nie bewus is van enige sake wat die hof daarvan mag weerhou om die skikking te bekragtig nie.

Waar die indiening van 'n verslag deur die Meester van die Hooggeregshof gesien is as 'n wyse om te verhoed dat die skikking- en reëlinskemaprocedure deur skuldige direkteure gebruik word om die gevolge van hul misdrywe en onwettige handelinge te ontduik,³⁹⁹ is dit egter so eenvoudig om die indiening van so 'n verslag te voorkom⁴⁰⁰ of om die indiening van 'n volledige verslag te vermy⁴⁰¹ dat die bepaling meeste van

395) A 400(3)(b).

396) 535.

397) Op hierdie wyse kan persone oor wie die verslag handel, moontlik insae in die verslag verkry.

398) 535.

399) Sien Van Wyk de Vries-kommissie *Aanvullende Verslag* par 77.02

400) Deur 'n maatskappy in vrywillige likwidasië of onder geregtelik bestuur te plaas.

401) Deur die bring van 'n aansoek voordat die likwidateur geleentheid vir 'n volledige ondersoek gehad het.

sy krag verloor het.⁴⁰²

h Moontlike oplossing van die probleem sou wees om te bepaal dat geen skikking of reëling voorgestel kan word ten opsigte van h maatskappy wat deur die hof gelikwider is of wat in vrywillige likwidasië deur skuldeisers verkeer, alvorens die tweede vergadering van skuldeisers nie afgesluit is nie.⁴⁰³ Ook in die geval van geregtelike bestuur behoort daar h minimumtydperk te verloop alvorens h skikking of reëling tussen die maatskappy en sy skuldeisers of lede voorgestel kan word, ten einde die geregtelike bestuurder of, by likwidasië, die likwidateur, in staat te stel om die sake van die maatskappy behoorlik te ondersoek.

F. AANSOEK TOT DIE HOF VIR BEKRAGTING VAN DIE SKEMA

Inleiding

Nadat vergaderings van klasse skuldeisers en lede in ooreenstemming met die hofbevel gehou is, moet die voorsitter die uitslag van die vergadering aan die hof rapporteer, waarna die hof besluit of die skikking of reëling bekragtig sal word al dan nie. Die datum waarop hierdie terugrapportering moet plaasvind, word gewoonlik deur die hof bepaal wanneer toestemming verleen word om vergaderings byeen te roep. Saam met die voorsitter se verslag, moet ook h hoeveelheid formele dokumentasie aan die hof voorgelê word. Die kriteria waar-

-
- 402) Vgl by die goedkeuring van die skema in *Enso NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N); sien 761H-762B, waar vermeld word dat die voorsitter die voorlopige likwidateur vir slegs twee maande was voordat hy h verduidelikende verklaring moes opstel, en sien 769D waar vermeld is dat: "Ample room could be found for the suspicion that its administration had involved the commission of criminal offences." Die skikking word nogtans op appèl goedgekeur.
- 403) Die likwidateur lê aan die tweede vergadering van skuldeisers h volledige verslag oor die maatskappy se sake ooreenkomstig a 402 voor en het op daardie tydstip reeds voldoende geleentheid gehad om die maatskappy se sake te ondersoek. Sien Cilliers en Benade 633 oor die verslag oor die maatskappy se sake.

volgens die hof dan besluit of die skema bekragtig moet word, al dan nie, het deur die jare taamlik duidelik uitgekristalliseer en daar is redelik baie gerapporteerde beslissings waarin aspekte van hierdie kriteria behandel word. Vrae wat ontstaan, is of die hof by magte is om die skema op hierdie stadium te wysig, en of die hof bevoeg sou wees om verdere vergaderings te gelas of verdere verslae te vereis alvorens finaliteit oor die skema bereik word. In hierdie verband moet ook kortliks gekyk word na die spesiale magte wat ingevolge a 313 aan die hof verleen word om rekonstruksie of amalgamasie te vergemaklik. Vrae ivm koste, veral dié van 'n skuldeiser wat tussenbeide tree, sowel as die reg van appèl, moet ook ondersoek word.

2. Datum van die aansoek om bekragtiging

By die aanhoor van die aansoek om toestemming om vergaderings te belê moet die hof reeds 'n datum bepaal waarop die voorsitter moet terugrapporteer aan die hof⁴⁰⁴. Daar moet streng by hierdie datum gehou word.⁴⁰⁵

Die datum waarop terugrapporteer word, moet pertinent in die hofbevel vermeld word, tensy 'n tweede substansiële aansoek gedoen gaan word vir goedkeuring, en op die gebruiklike wyse aan alle belanghebbendes kennis daarvan gegee word.⁴⁰⁶

404) Vgl die bevel gegee in *Ex parte Simmons NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T) 164 en in *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) op 839A; sien egter die bevel in *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 275C en 274F, wat 'n bevel was vir die herbelê van vergaderings.

405) *Ex parte Simmons NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 162(T) 165A.

406) Vgl *Ex parte Cape and Transvaal Printing and Publishing Co Ltd* WPA 24.1.1973; *Ex parte Federale Nywerhede Bpk* 1975(1) SA 826(W) 835C-H, 837G-H. Sien egter *Ex parte Beretta & Sons (Pvt) Ltd. Ex parte Beretta and Others* 1963(2) SA 146(SR) op 148.

Omdat die aansoek om bekragtiging nie 'n tweede substansiële aansoek is nie, word dit gewoonlik deur dieselfde party gebring as wat die oorspronklike aansoek tot die hof gerig het.

In Engeland is die aansoek om bekragtiging 'n tweede substansiële aansoek en kan dus deur die maatskappy self of enige skuldeiser of lid gebring word.⁴⁰⁷

3. Inhoud van die aansoek

Die formele dokumentasie wat vereis word wanneer die voorsitter aan die hof verslag doen en die hof versoek word om die skikking of reëling te bekragtig, is soos volg:

- (a) 'n Afskrif van die dokumente wat aan skuldeisers en lede gestuur is,⁴⁰⁸ sodat die hof kan nagaan of daar in hierdie opsig bevredigend aan die eerste bevel voldoen is.
- (b) Skeurblaaië van koerantadvertensie wat geplaas is vir die byeenroep van vergaderings.
- (c) 'n Verslag deur die voorsitter oor die verloop van die vergadering(s)
- (d) Die verslag van die Meester ingevolge a 311(4)⁴⁰⁹.

407) Pennington 477 en RSC Ord 102, r 5(1)(h).

408) Oor die dokumente wat aan skuldeisers en lede gestuur moet word, sien C 2 hierbo.

409) Indien die skikking of reëling voorgestel word ten opsigte van 'n maatskappy wat gelikwideer word en die skema voorsiening maak vir die opheffing van die likwidasiëbevel of vir die ontbinding van die maatskappy sonder likwidasie; sien hieroor E hierbo.

- (e) Enige ander dokumente of inligting wat die hof mag vereis.⁴¹⁰

In die Transvaal is daar reëls geformuleer om as riglyne vir voorsitters te dien wanneer hulle verslag aan die hof doen oor vergaderings wat gehou is om 'n skikking tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers te oorweeg.⁴¹¹

Die inhoud van die verslag moet soos volg daar uitsien-

- (1) Besonderhede behoort gegee te word van -
- (a) die aantal skuldeisers persoonlik teenwoordig;
 - (b) die aantal deur volmag verteenwoordig;
 - (c) die waardes van elk van hul eise; en
 - (d) enige volmagte wat verwerp is.
- (2) Die verslag oor die verrigtinge by elke vergadering behoort genoeg besonderhede te bevat om die hof in te lig oor die sienswyse van diegene wat ten gunste van die skikking is en van diegene wat daarteen gekant is, en van die hoofredes wat aangevoer is om daardie sienswyse te regverdig.

-
- 410) Cilliers en Benade 428 verwys na 'n verslag wat die likwidateur, indien die maatskappy in likwidasie is, oor die besigheidsmeriete van die voorgestelde skema moet voorlê. As gesag hiervoor word verwys na *In re Unity Motors (Pty) Ltd* 1956(4) SA 14(W) en *Goode, Durrant and Murray (SA) Ltd v Stephenson NO (2)* 1961(1) SA 657(SR). Sien egter 16E-F van die *Unity Motors*-saak en 658E-H van die *Goode, Durrant-saak* waaruit dit baie duidelik blyk dat hierdie mening van die likwidateur gegee moet word *voordat* die uitgawes aangegaan word om vergaderings byeen te roep.
- 411) Sien *Bowman NO v Leicester Diamonds (Pty) Ltd* 1983(2) SA 81(W) op 83.

- (3) Besonderhede behoort gegee te word van al die besluite wat by die vergadering geneem is, met besonderhede van die aantal stemme wat ten gunste van of teen elke sodanige besluit uitgebring is, en van enigeen wat buite stemming gebly het.
- (4) Die verslag behoort alle vrae wat by die vergadering gevra is en wat verband hou met die verdienste of tekortkominge van die skikking, in te sluit, asook die antwoorde wat gegee is.
- (5) Besonderhede behoort verskaf te word van alle beslissings of voorskrifte wat gegee is deur die voorsitter by die vergadering.
- (6) Afskrifte behoort verskaf te word van al die tersaaklike gedeeltes van alle dokumente en verslae voorgelê of ter tafel gelê by die vergadering en wat betrekking het op die verdienste of tekortkominge van die skikking.
- (7) Die hoofpunte van enige ander skikkingsaanbiedinge behoort gegee te word.

Die verslag moet op versoek beskikbaar wees vir insae deur enige skuldeiser, minstens 'n week voor die datum wat deur die hof vasgestel is as die datum waarop die voorsitter verslag moet doen.⁴¹²

⁴¹²) *Bowman NO v Leicester Diamonds (Pty) Ltd* 1983(2) SA 81(W) 83E-F.

4. Aangeleenthede waaraan die hof op die keerdatum aandag gee
Wanneer die hof bepaal of 'n skikking of reëling bekragtig moet word, is die pligte van die hof tweeledig. Eerstens moet daar gekyk word of die formele vereistes ivm die byeenroep en hou van vergaderings en die stemming op daardie vergaderings, nagekom is, want hierop berus die jurisdiksie van die hof om die skema te bekragtig. Daarna moet die hof besluit of hy sy diskresionêre mag om die skema goed te keur, gaan uitoefen.⁴¹³ In die uitoefening van hierdie diskresionêre mag, kyk die hof onder meer of die statutêre meerderheid *bona fide* in belang van die hele klas opgetree het toe hulle vir aanvaarding van die skema gestem het en kyk die hof ook na die redelikheid van die skema.⁴¹⁴

(a) Formele vereistes

In eerste instansie moet die hof tevrede wees dat die skikking of reëling deur die statutêre vereiste meerderhede van skuldeisers of lede goedgekeur is.⁴¹⁵

Daarna moet hy homself tevrede stel dat die statutêre vereistes sowel as die voorskrifte in sy bevel, met betrekking tot die byeenroep van vergaderings, nagekom is, want hiervan is die hof se jurisdiksie om die skema te bekragtig en sodoende bindend op al die betrokkenes te maak, afhanklik.⁴¹⁶

-
- 413) Vgl *Re Dorman, Long, & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460, 466I. Sien ook *In re Richards & Co* (1879) 11 ChD 676 op 679.
- 414) Oor die algemene kriteria wat die hof toepas om te besluit of 'n skema bekragtig moet word, al dan nie, vgl *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Company* (1891) 1 Ch 213 op 239 (L.J. Lindley), 243 (LJ Bowen); 247 (L J Fry);
- 415) Oor die statutêre vereiste meerderheid, sien D 8 b) hierbo.
- 416) *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank* 1963(1) SA 806(W) 814D; *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460, 461I *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963(W) 969B-C.

Die hof sal egter nie aandring op absolute of nougesette nakoming van al die statutêre vereistes en voorwaardes, sowel as dié in die hofbevel vervat nie,⁴¹⁷ maar sal in die algemeen gesproke tevrede wees met wesenlike voldoening daaraan, indien geen benadeling of moontlike benadeling van enigeen se regsbelange voortgevloei het uit die nie-voldoening aan enige van die voorgeskrewe formaliteite nie. Die doel van sodanige formaliteite is om te verseker dat die skuldeisers en lede voldoende ingelig is oor die skikking of reëling, en dat aan hulle 'n redelike geleentheid gegee word om dit te oorweeg en te bespreek en om dit te aanvaar of te verwerp. Indien daardie doel bereik is deur wesenlike voldoening aan die voorgeskrewe formaliteite, en die statutêre meerderheid van skuldeisers en lede het toegestem tot die skikking of reëling, sou dit suiwer onnodige formalisme vir die hof wees om te weier om jurisdiksie in die aangeleentheid te aanvaar.⁴¹⁸

Met hierdie uitgangspunt, is optrede deur die howe gekondoneer waar -

-
- 417) Vgl *In re Dynevor, Dyffryn, and Neath Abbey Collieries Company* (1879) 11 ChD 605,609.
- 418) *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 81E-G; *Ex parte Venter and Another NNO In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)*; *African Gate and Fence Works Ltd Intervening* 1976(3) SA 267(O) 277G; *Borgelt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757(K) 771B.

-
- (i) aan een skuldeiser, wie se eis ten volle vereffen sou word, nie kennis van die vergadering gegee is nie;⁴¹⁹
 - (ii) aan twee skuldeisers nie kennis gegee is nie;⁴²⁰
 - (iii) advertensies nie betyds geplaas en kennisgewings nie betyds per pos uitgestuur is nie.⁴²¹
 - (iv) die voorsitter wat deur die hof aangewys is, sonder die nodige magtiging n ander persoon aangestel het om as voorsitter op te tree en aan die hof verslag te doen.⁴²²
-

419) *Ex parte Barton-Lister NO 1951(1) SA 208(W).*

420) *Rosen v Bruyns NO 1973(1) SA 815(T) 818C, 819A; sien egter Ex parte Meer : In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd 1950(3) SA 780(D). Sien Katz v Katzenellenbogen and Others 1955(3) SA 188(T) waar kennis van vergaderings nóg aan die sedent nóg aan die sessionaris gegee is; die sessionaris het skynbaar nie aan die likwidateur kennis van die sessie gegee nie. Die hof beslis op appèl dat die sedent nie meer n skuldeiser is nie en dus nie kennis hoef te ontvang nie, en dat die likwidateur nie bewus was van die sessie nie en dus ook nie kennisgewing aan die sessionaris verskuldig was nie. (Sien 191F-192A van die verslag).*

421) Vgl *Ex parte Simjee : In re RA Simjee (Pty) Ltd (In Liq.) 1956(4) SA 733(N); Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk 1963(1) SA 806(W) 815C; Rosen v Bruyns NO. 1973(1) SA 815(T) 818C, 819A.*

422) *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another : In re Chenille Industries (Pty) Ltd 1962(4) SA 459(T).*

-
- (v) koerantadvertensies nie die datum van die vergaderings aangedui het nie.⁴²³

Die Australiese Maatskappywet⁴²⁴ maak uitdruklik daarvoor voorsiening dat enige defek, onreëlmatigheid of tekort wat in 'n prosedure ooreenkomstig die Maatskappywet nagekom moet word, deur die hof gekondoneer kan word.⁴²⁵ Dit sluit in die mag om die versuim, per abuis, om aan enige persoon kennis van 'n vergadering te gee, te kondoneer.⁴²⁶ Daar bestaan geen soortgelyke bepaling in die Suid-Afrikaanse Wet nie.

Wanneer die hof beslis of die versuim om sekere formaliteite na te kom, gekondoneer kan word, behoort die hof 'n onderskeid te tref tussen formaliteite wat statutêr voorgeskryf word en formaliteite wat die hof self voorskryf. Daar bestaan geen beswaar daarteen dat die hof enige versuim om 'n voorskrif van sy eie bevel na te kom, kondoneer nie. Die hof is egter nie by magte, in die afwesigheid van 'n bepaling soortgelyk aan a 539 van die Companies Act 1981 (Cth), om die feit dat 'n voorskrif van a 312 nie nagekom is nie, te kondoneer nie. Die feit dat die wetgewer nougesette nakoming van die

423) *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation); African Gate and Fence Works Ltd Intervening* 1976 (3) SA 267 (O) 272D-F.

424) Companies Act 1981 (Cth).

425) Vgl a 539 (1) (b), 2, 4 (a) en 6 (a), Companies Act 1981 (Cth). Sien egter *Re Ferro Constructions Pty Ltd* 2 ACLR 18 SC (Qld) 32 waar, met 'n verwysing na *Re Anglo-Spanish Tartar Refineries Ltd* (1924) WN 222 (wat ongelukkig nie vir my beskikbaar is nie) beslis is dat die hof wel by magte is om afstand te doen van streng voldoening aan die vereistes van a 311 en 312 - bo en behalwe die bepalings van a 539. Sien ook *Re Safety Fix Pty Ltd* (1962) VR 467 op 469 r 30-35.

426) A 539 (3), Companies Act 1981 (Cth).

artikel vereis, blyk uit die feit dat 'n misdryf geskep is ivm die nie-nakoming van enige bepaling van a 312.⁴²⁷

Die volgende probleme ivm die vraag of die nodige formaliteite nagekom is, is reeds elders bespreek -

- (i) Die vraag of voldoende inligting aan skuldeisers en lede verskaf is sodat hulle 'n sinvolle besluit kan neem oor aanvaarding of verwerping van die skema.⁴²⁸
- (ii) Probleme ivm die korrekte indeling van skuldeisers en lede in verskillende klasse.⁴²⁹
- (iii) Die vraag of die hof by magte is om af te sien van die vereiste dat vergaderings gehou word, waar daar bewyse voor die hof is dat die skema deur al die partye aanvaar is.⁴³⁰
- (iv) Die vraag of 'n vergadering belê moet word waar 'n bepaalde klas van skuldeisers of lede uit hoogstens een persoon kan bestaan.⁴³¹

Hierdie probleme word nie altyd deur die howe as synde probleme ivm formaliteite ingedeel nie.⁴³²

427) Vgl a 312(4) en sien C1c *Gebrekkige kennisgewing C.3 Misdrywe ivm die verskaf van inligting* hierbo.

428) Sien C 2 c) oor die verduidelikende verklaring hierbo.

429) Sien D 2 *Klasse skuldeisers en lede* hierbo.

430) Sien B 7 hierbo oor die vereiste dat vergaderings gehou moet word.

431) Sien D 4 b) *Vergaderings van 'n enkele persoon* hierbo.

432) Met hierdie probleme word soms bloot op a *ad-hoc* basis gehandel. Sien bv *Borgelt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757(K) 761F waar die indeling in klasse bespreek is, maar daar nie gepoog is om 'n rede vir die bespreking, soos bv dat die saamhang met die vraag of die nodige formaliteite nagekom is, te gee nie. Sien egter 774A van die verslag.

(b) Die hof se diskresie

Nadat vasgestel is dat die nodige formaliteite vir die byeenroep en hou van vergaderings nagekom is en dat die voorgestelde skikking of reëling deur die vereiste aantal lede van elke klas skuldeisers of lede aanvaar is, moet die hof besluit of hy sy diskresionêre mag om die skema goed te keur, gaan uitoefen.

Die funksie van die hof, by 'n skikking of reëling, is nie bloot om die besluit van skuldeisers of lede te registreer, nadat die hof tevrede is dat hulle behoorlik geraadpleeg is, nie.⁴³³ Die hof moet self die skema oorweeg en besluit oor die aanvaarbaarheid daarvan.

- 433) Vgl *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Co* (1891) 1 Ch 213 op 245; *In re English, Scottish and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385, 409; *In re London Chartered Bank of Australia* (1893) 3 Ch 540 op 544. Op 545 verklaar regter Vaughan Williams egter dat dit vir hom voorkom asof hy die skema onder bespreking behoort goed te keur tensy aangetoon word dat daar iets *ex facie* verkeerd is met die skema, ens. Hierdie houding is nie korrek nie. Die gedeelte op 544 is met goedkeuring aangehaal in *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (in Provisional Liquidation)*; *African Gate and Fence Works Intervening* 1976(3) SA 267(O) op 278E. 'n Standpunt soortgelyk aan dié van regter Vaughan Williams is ingeneem in *Ex parte Judicial Managers Goldfields Building Society and Another* 1934 WLD 45 op 47 en 49, maar sonder verwysing na enige gesag; sien ook *Ex parte Utility Shoe Manufacturing Company And Others : In re ABC Store (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1948(4) SA 1(W) op 5. Sien verder *Ex parte Haelbich NO* 1935 SWA 62 op 63; *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) op 823F-G, met goedkeuring aangehaal in *Borton, NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970(3) SA 107(OK) 109C-D en in *Borgelt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757 (K) 744D-E. Sien ook *Ex parte Borton NO* 1970(1) SA 190(OK) 191C; *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978 (2) SA 134(D) op 140F-G; *Ex parte Pierre Henderson (Pty) Ltd* 1980(1) PH E1 (W); *Southern Brake Co (Pty) Ltd v Assembly and Construction Electrical (Pty) Ltd* 1981(1) SA 572(N) 567F; *Bowman NO v Leicester Diamonds (Pty) Ltd* 1983(2) SA 81(W) 82F.

Sekere algemene riglyne is in hierdie verband deur die howe geformuleer. Hierdie riglyne is egter "... guides to, but not fetters on, the Court's discretion."⁴³⁴ In die uitoefening van sy diskresie, kyk die hof of die skuldeisers of lede wat ten gunste van die skikking of reëling gestem het, *bona fide* in belang van die betrokke klas opgetree het. Verder beslis die hof oor die algemene redelikheid van die skema; verskeie toetse is geformuleer wat die hof kan toepas in sy besluit oor die redelikheid al dan nie van die skema.

Die Wet lê verder die verpligting op die hof, in die uitoefening van sy diskresie, om ag te slaan op die getal lede of lede van 'n klas teenwoordig of verteenwoordig op die verskillende vergaderings, wat ten gunste van die skikking of reëling stem, en op die verslag van die Meester van die Hooggeregshof.⁴³⁵

(1) Bona fides van skuldeisers en lede

Hoewel die statutêre meerderhede op die betrokke vergaderings ten gunste van aanvaarding van 'n skikking of reëling mag stem, sal die hof nie hierdie uitslag ~~sonder meer~~ aanvaar indien bewys kan word dat skuldeisers

434) Per Regter Trollip in *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) op 823E-F. sien ook *Ex parte Judicial Managers Goldfields Building Society and Another* 1934 WLD 45 op 47; *In re Saratoga Investments (Pty) Ltd* 1941 NPD 117, 141-142; *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others* 1949(1) SA 1162(N) 1172; *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)*; *African Gate and Fence Works Ltd Intervening* 1976(3) SA 267(O) 279A; *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978(2) SA 134(D) 141F-G; *Ex parte Pierre Henderson (Pty) Ltd* 1980(1) PH E1(W).

435) A 311(5). Hoewel die hof ag moet slaan op hoe verteenwoordigend die ledevergadering was, geld dieselfde nie in die geval van vergaderings van skuldeisers nie. Daar is skynbaar geen besondere rede vir hierdie onderskeid nie. Sien die Van Wyk-de Vries-kommissie se *Aanvullende Verslag* par 77.03 en aanbeveling 187(b).

of lede, by die oorweging van die skema, nie die belange van die klas as geheel oorweeg het nie, maar gemotiveer is deur 'n ander belang of deur ander redes.

In die oorweging van 'n skema, moet die betrokke persoon wat stem, *bona fide* die belange van die klas as geheel oorweeg wanneer hy sy stem uitbring, en in belang van die hele klas optree.⁴³⁶

-
- 436) Vgl *In re Wedgwood Coal and Iron Company* (1877) 6 ChD 627 op 635 waar verklaar is dat besluite van hierdie aard, waar 'n meerderheid 'n minderheid bind, moet "*bona fide and without sinister objects*" aanvaar word. Die beslissing wat die grootste invloed op hierdie punt, ook in Suid-Afrika, gehad het, is *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Company* (1891) 1 Ch 213 op 239 (LJ Lindley), 243 (LJ Bowen) 247 (LJ Fry). Hierdie beslissing is op hierdie punt aangehaal of met goedkeuring na verwys in die volgende beslissings: *In re English, Scottish and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385 op 408; *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460 op 467D; *Ex parte AC Tayob & Co Ltd (In Liquidation)* 1930 TPD 758 op 760; *Ex parte Coleman : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)* 1933 WLD 177 op 187; *Ex parte Haelbich NO* 1935 SWA 62 op 63; *Ex parte Utility Shoe Manufacturing Company and Others : In re ABC Store (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1948(4) SA 1(W) 5-6; *In re Unity Motors (Pty) Ltd* 1956(4) SA 14(W) 18A. *Borton NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970 (3) SA 107(OK) 108H-109B; *Dundas & Miller (Pty) Ltd v Borton NO* 1971(1) SA 106 (OK) 108B. *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)*; *African Gate and Fence Works Ltd Intervening* 1976(3) SA 267(O) 277C-E; *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N) 765H-766B; *Borgelt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757(K) 774B-C; *In re AW Allen Limited* (1930) VLR 251 op 271; *In the Matter of Chevron (Sydney) Ltd* (1963) VR 249 op 251, sien ook 254; *Re Landmark Corporation Ltd and Companies Act* (1968) 1 NSWR 759 op 766; *Re Ferro Construction Pty Ltd* 2 ACLR 18 SC (Qld) op 35; *In re Milne and Choyce, Limited* (1953) NZLR 724 op 745. Sien verder *Goodfellow v Nelson Line (Liverpool) Limited* (1912) 2 Ch 324 op 334; *In re Anglo-Continental Supply Company, Limited* (1922) 2 Ch 723 op 736. *Re Holders Investment Trust Ltd* (1971) 2 All ER 289 (ChD) op 291e. *Re NFU Development Trust Ltd* (1973) 1 All ER 135 (ChD) 142h; *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T) 821D-E; *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978(2) SA 134(D) 140C-D; *Ex parte Pierre Henderson (Pty) Ltd* 1980(1) PH E1 (W); *In re CM Banks, Limited* (1944) NZLR 248 op 256. Sien ook *Gower* 711-712; *Allen v Gold Reefs of West Africa, Limited* (1900) 1 Ch 656; *Brown v British Abrasive Wheel Company Limited* (1919) 1 Ch 290; *British America Nickel Corporation Limited and Others v MJ O'Brien Limited* (1927) 369 op 378.

Die belangrikste bykomende motiewe wat gewoonlik ter sprake kom, is -

- (i) Die lede van die besondere klas is ook lede van 'n ander klas skuldeisers of lede, welke ander klas groter voordeel uit die skema sal verkry.⁴³⁷
- (ii) Skuldeisers van die maatskappy wie se eise konkurrente eise teenoor die maatskappy is, het dikwels sekerheidstelling deur 'n derde vir betaling van hul eis en stel dus nie werklik belang in die uitslag van die skikking nie.⁴³⁸
- (iii) Konkurrente skuldeisers wat ook aandeelhouders is, het ander belange as ander skuldeisers.⁴³⁹
- (iv) Ander bykomende motiewe wat al in die howe ter sprake gekom het, is patriotisme,⁴⁴⁰ simpatie⁴⁴¹ en 'n poging om die pleeg van misdryf te voorkom.⁴⁴²

437) Vgl *Carruth v Imperial Chemical Industries, Ltd* (1937) 2 All ER 422 (HL) 446H.

438) Vgl *Ex parte Coleman : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)* 1933 WLD 177 op 190. Die persoon wat die sekerheid gestel het, kan bv die aanbieder self wees.

439) Vgl *Ex parte Borton NO* 1970(1) SA 190(OK) 191G-H. Sien ook *In re Southard & Co Ltd* (1979) 1 WLR 1198, waar die hof in 'n likwidasië-aangeleentheid meer gewig aan die wense van skuldeisers wat nie lede van dieselfde groep maatskappye was nie; gegee het, hoewel nie nie-groepskuldeisers in die minderheid was. Sien ook Botha 122-124, 276-278.

440) Vgl *In re English, Scottish and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385, 405.

441) Vgl *In re Wedgwood Coal and Iron Company* (1877) 6 ChD 627 op 636; *Ex parte Coleman : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)* 1933 WLD 177 op 192-193, 196; *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another : In re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459(T) 466C.

442) *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another : In re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459(T) 466A. In hierdie geval was dit die aanbieder as voormalige direkteur wat wou voorkom dat hy 'n misdryf pleeg, en nie skuldeisers of lede nie. Sien ook *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others* 1949(1) SA 1162(N).

Uit 'n ontleding van die sake waarin die *bona fides* van 'n klas skuldeisers of lede ter sprake gekom het, blyk dit dat die hof slegs die *bona fides* van die meerderheid ondersoek indien daar beswaar teen bekragtiging van die skema gemaak word; indien 'n skema nie geopponeer word nie, kyk die hof slegs of die formele vereistes vir die byeenroep en hou van vergaderings nagekom is en of die skema redelik is.

(2) Die redelikheid van die skikking of reëling

Nadat daar vasgestel is dat die meerderheid *bona fide* in belang van die klas as geheel opgetree het met aanvaarding van die skema, rus daar 'n plig op die hof om te kyk na die redelikheid van die skema alvorens hy sy diskresie om die skema goed of af te keur, uitoefen.

Die klassieke toets vir redelikheid is of die voorgestelde skikking of reëling sodanig is dat 'n eerlike, intelligente man wat oordeel in belang van die klas waartoe hy behoort as geheel, dit redelikerwys kan aanvaar.⁴⁴³

Die howe is egter nie konsekwent met hul redelikeheidsvereistes nie. In hierdie verband bestaan daar twee probleme nl:

- (i) Of die skema objektief redelik moet wees, en of dit net redelik moet wees in die oë van die klas persone wat daarby betrokke is.

443) Vgl LJ Fry, *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Company* (1891) 1 Ch 213 op 247.

(ii) Of die eerlike, intelligente man 'n *sakeman* moet wees, of 'n gemiddelde lid van die klas waartoe hy hoort.

(i) Objektiewe redelikheid

In *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Co*⁴⁴⁴ het Lord Lindley as redelikeheidsvereiste gestel dat die skema sodanig moet wees dat geen redelike man moet kan sê dat hy nie die skema kan goedkeur nie.⁴⁴⁵ Hierdie is dus 'n suiwer objektiewe kriterium. In dieselfde saak vereis Lord Bowen dat die redelikheid beoordeel moet word in die lig van die beskouing van redelike mense wat vertrouwd is met die onderwerp; die reëling moet sodanig wees dat dit deur *verstandige besigheidsmense* beskou sal word as voordelig vir die hele klas.⁴⁴⁶ Dit is nog steeds 'n objektiewe kriterium, maar dit word verbind aan die besondere skema deurdat die voordeel vir die hele klas in ag geneem moet word. Lord Fry werk egter met 'n meer subjektiewe kriterium wanneer hy vereis dat die redelikheid beoordeel moet word op grond van die siening van 'n intelligente en eerlike man, wat 'n lid van die beplaaide klas is en wat slegs optree met betrekking tot sy belang as lid van die klas.⁴⁴⁷

444) (1891) 1 Ch 213.

445) Op 239. Uitspraak is nie voorbehou nie en dit word aanvaar dat hierdie nie presies weergee wat Lord Lindley bedoel het om te sê nie. Vgl bv regter Maugham se kommentaar in *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460, 467 A-B.

446) Op 243.

447) Op 247.

Dat dit nie Lord Lindley se bedoeling was om 'n objektiewe redelikheidskriterium daar te stel nie, blyk uit sy uitspraak in *In re English, Scottish, and Australian Chartered Bank*⁴⁴⁸ waar hy 'n nog meer subjektiewe kriterium as Lord Fry daarstel deur te verklaar dat indien skuldeisers handel met voldoende inligting tot hul beskikking, met genoeg tyd om die saak te oorweeg en indien hulle eerlik optree, hulle baie beter beoordeelaars is van wat tot hul kommersiële voordeel sal strek as wat die hof kan wees.⁴⁴⁹

'n Taamlik suiwer formulering van die redelikheidstoets is dié van regter Maugham in *Re Dorman, Long & Co Ltd*⁴⁵⁰

"... What I have to see is whether the proposal is such that an intelligent man, a member of the class concerned, and acting in respect of his interest, might reasonably approve of it."⁴⁵¹

Die enigste leemte in hierdie formulering, is dat regter Maugham nie vereis dat die beoordeelaar die belang van die klas as geheel in gedagte moet hou nie; hy hoef slegs sy eie belang in ag te neem.

448) (1893) 3 Ch 385.

449) Op 409. Die toepassing van hierdie kriterium word hieronder bespreek.

450) (1933) All ER Rep 460.

451) Op 467.

Dat 'n objektiewe standpunt ingeneem moet word ten opsigte van die besondere klas skuldeisers of lede as geheel, is herbevestig in *Re NFU Development Trust Ltd*,⁴⁵² waar 'n voorgestelde skema wat sou meebring dat aandeelhouers se regte gekonfiskeer word sonder enige vorm van vergoeding, deur die vereiste meerderhede aanvaar is, maar die skema desondanks nie bekragtig is nie. Die hof wys daarop dat hoewel die skema vir sommige lede redelik mag lyk, so 'n lid, hoewel hy redelik, intelligent en eerlik in 'n subjektiewe sin optree, nie besig is om die redelikheid van die skema te bepaal vanuit die oogpunt van die lede as geheel nie.⁴⁵³

Die redelikheidstoets wat toegepas moet word is dus objektief in dié sin dat dit getoets moet word aan die belang van die klas as geheel en nie aan die belange van enkele lede van die klas nie; die toets is subjektief in dié sin dat die redelikheid gemeet word in ooreenstemming met die waarskynlike reaksie van 'n gemiddelde lid van die klas, en nie ooreenkomstig die siening van buitestaanders nie.⁴⁵⁴

452) (1973) 1 All ER 135 (ChD).

453) Op 142h.

454) Vgl *Ex parte Liberty Life Association of Africa Ltd and Another* 1976 (1) SA 58 (W) op 69H; "In considering whether a scheme is fair and equitable it is no part of the business of the Court to determine the wisdom of the parties entering into the scheme.". Hierdie het betrekking gehad op 'n same-smelting van twee versekeringsmaatskappye, welke same-smelting deur die hof goedgekeur moes word. By 'n skikking of reëlinskema sal dit slegs die houding van die hof wees indien niemand die bekragtiging van die skema opponeer nie, want by 'n skikking of reëling oefen die hof 'n diskresie uit; in die *Liberty Life*-saak het dit om bekragtiging deur die hof gegaan en nie oor die uitoefening van 'n diskresie nie.

(ii) Die eerlike, intelligente man

Soms word vereis dat die redelikheid van 'n skema vasgestel moet word met verwysing na die siening van 'n sakeman, terwyl daar by ander geleenthede bloot verwys word na 'n eerlike intelligente man wat 'n lid van die betrokke klas is.⁴⁵⁵

- 455) Vgl bv *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Co* (1891) 1 Ch 213 op 239, 243 en 247, waar daar soms verwys na die oordeel van die redelike man en soms na die van "business men" (op 239) of van "sensible business people". Sien ook *In re English, Scottish and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385 op 408; *Re Dorman Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460 op 467G-H waar daar verwys word na die intelligente en eerlike man wat 'n lid van die bepaalde klas is, en dan weer na die redelike besigheidsman. In *In re Anglo-Continental Supply Company Limited* (1922) 2 Ch 723 op 736 word verwys na 'n sakeman; vgl *Ex parte AC Tayob & Co Ltd (In Liquidation)* 1930 TPD 758 op 760; *Ex parte Coleman : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)* 1933 WLD 177 op 193,197; *In re Saratoga Investments (Pty) Ltd* 1941 NPD 117 op 142; *Ex parte Utility Shoe Manufacturing Company and Others : In re ABC Store (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1948(4) SA 1(W) op 6; *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others* 1949(1) SA 1162(N) op 1171 en 1172; *In re Unity Motors (Pty) Ltd* 1956(4) SA 14(W) 18A; *Goode Durrant and Murray (SA) Ltd v Stephenson NO(1)* 1961(1) SA 655 (SR) 656F; *Borton NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970(3) SA 107(OK) 109A; *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T) 821F; *Ex parte Bruyns NO : In re Mammoth Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (Under Provisional Liquidation)* 1973(3) SA 72 (T) 724A; *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978(2) SA 134(D) 140E-F; *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N) 767B; *Ex parte Pierre Henderson (Pty) Ltd* 1980(1) PH E1(W); *Borgelt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757(K) 775A; slegs in *Dundas & Miller (Pty) Ltd v Borton NO* 1971(1) SA 106(OK) 108A-B word daar uitsluitlik verwys na die intelligente en eerlike man wat 'n lid van die klas is. Dit is ook opvallend dat in *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) waar daar gewag gemaak word van die feit dat baie van die skuldeisers waarskynlik redelik ongesofistikeerd in sake-aangeleenthede is (op 808E) daar nêrens verwys word na die oordeel van 'n sakeman nie. Vgl ook die volgende sake van Australië en Nieu-Seeland: *In re City of Melbourne Bank Ltd (In Liquidation)* (1897) 19 ALT 80 op 86; *In re AW Allen Limited* (1930) VLR 251 op 271 (verwys na "persons acting honestly" sowel as na sakemanne); *In the Matter of Chevron (Sydney) Ltd* (1963) VR 249 op 254 ("sensible business people"); *In re CM Banks Ltd* (1944) NZLR 248 op 257 ("man of business"); *In re Milne and Choyce, Ltd* (1953) NZLR 724 op 744 ("intelligent and honest man of business").

Wat waarskynlik korrek is, is dat die redelikheid beoordeel moet word vanuit die oogpunt van 'n lid van die bepaalde klas wat objektief besluit oor sy eie sowel as die klas se belang; waarom daar dikwels na hom as 'n sakeman verwys word, is omdat sy oordeel ekonomies gefundeer moet wees, omdat hy redelik goed ingelig moet wees en 'n redelike insig moet hê in die gevolge van sy besluit.

(3) Beoordeling van die redelikheid van 'n skema.

Hoewel die hof self, aan die hand van die kriteria wat hierbo uiteengesit is,⁴⁵⁶ behoort te besluit oor die redelikheid van 'n voorgestelde skikking of reëling, swig die hof soms voor die versoeking om, in plaas van self die redelikheid te beoordeel, eenvoudig te verklaar dat skuldeisers self die beste beoordeelaars is van wat in hul beste belang is.⁴⁵⁷ Van hierdie houding is egter deur die Suid-Afrikaanse hof afgesien nadat regter Trollip die saak in perspektief geplaas het in *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk*,⁴⁵⁸ toe hy verklaar het dat die houding dat skuldeisers die beste beoordeelaars is van wat tot hulle voordeel is, slegs deur die hof onderskryf kan word indien die hof

⁴⁵⁶) Sien (2) *Die redelikheid van die skikking of reëling hierbo.*

457) Soms word hierdie stelling onderhewig aan die voorwaarde dat skuldeisers voldoende inligting en voldoende tyd om die voorstel te oorweeg moet hê, gemaak. Sien *In re English, Scottish, and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385 op 409; *In re London Chartered Bank of Australia* (1893) 3 Ch 540 op 544; *Ex parte Utility Shoe Manufacturing Company and Others : In re ABC Store (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1948 (4) SA 1 (W) op 5; *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others* 1949 (1) SA 1162 (N) 1171.

458) 1963 (1) SA 806 (W) op 825D-H.

tevrede is dat hulle voldoende ingelig is oor die uitwerking van die reëling.⁴⁵⁹

(4) Gevolgtrekking

Die Suid-Afrikaanse howe neig losweg om die redelikheid van 'n skema te toets deur te bepaal of dit sodanig is dat 'n sakeman dit redelikerwys sou kan goedkeur.⁴⁶⁰

Meer aanvaarbaar is 'n toets of 'n intelligente en eerlike persoon, wat omsien na sy eie belange maar ook nie enige bykomende motiewe het nie, wat goed ingelig is en wat die skema vanuit 'n ekonomiese oogpunt benader, en wat ook 'n lid van die betrokke klas is, redelikerwys die skikking of reëling sou goedkeur.

(c) Bewyslas

Die aanvanklike bewyslas om te bewys dat die skema *prima facie* redelik is, rus op die persoon wat aansoek doen om bekragtiging van die skikking of reëling.⁴⁶¹

-
- 459) Vgl *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978(2) SA 134(D) 140G-H; *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N) 767D-768C. Sien ook Gower 712. Die benadering dat skuldeisers die beste beoordeelaars is, is ook in Australië en Nieu-Seeland nagevolg. Vgl *In re AW Allen Limited* (1930) VLR 251 op 272; *Re Landmark Corporation Ltd and Companies Act* (1968) 1 NSW 759 op 767; *Re Ferro Constructions* 2 ACLR 18 SC (Qld) op 35; *In re Milne and Choyce, Ltd* (1953) NZLR 724 op 754.
- 460) Sien verwysings na Suid-Afrikaanse beslissings in n444 hierbo.
- 461) Vgl Gower 712; Cilliers en Benade 428; *Ex parte Coleman*. *In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)* 1933 WLD 177 op 197; *Du Preez and Another v Garber*; *In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) op 823G; *Borton NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970(3) SA 107(OK) op 109E; *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978(2) SA 134(D) op 140 E-F en 145D-E; *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N) op 767B-D; *Southern Brake Co (Pty) Ltd v Assembly and Construction Electrical (Pty) Ltd* 1981(1) SA 572(N) op 576E-F.

Hierdie bewyslas is gewoonlik nie moeilik om te kwyt nie want die blote feit dat die skema deur die ver-eiste meerderhede aanvaar is, is voldoende om 'n sterk vermoede van redelikheid daar te stel.⁴⁶²

'n Beswaarmaker moet bewys dat die applikant hom nie gekwyt het van sy taak om die redelikheid van die skema te bewys nie.⁴⁶³

(d) Die rol van die hof in die bekragtiging van 'n skikking of reëling

Van die hof word verwag om nie bloot 'n skema te bekragtig nadat vasgestel is dat die nodige formaliteite nagekom is nie,⁴⁶⁴ maar om ook in te gaan op die meriete van die skikking of reëling en dan sy eie mening te vorm oor die aanvaarbaarheid daarvan.⁴⁶⁵ Hierna oefen die hof sy diskresie uit om die skema te bekragtig al dan nie.

In die uitoefening van hierdie diskresie, moet die hof dikwels 'n ekonomiese beslissing neem, waarvoor die hof nie ten volle toegerus is nie.⁴⁶⁶ Waar van a 311

462) Beswaarmakers is selde in staat om hierdie vermoede te weerlê. Gower 712. Sien verder Cilliers en Benade 428; *Ensor NO v South Pine Properties(Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N). Sien ook *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others* 1949(1) SA 1162(N) 1171.

463) Vgl *Ex parte Coleman : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)* 1933 WLD 177 op 197; *Borton NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970(3) SA 107(OK) op 109E.

464) In teenstelling met bv 'n kapitaalvermindering ingevolge a 84 van die Wet.

465) Vgl (b) *Die hof se diskresie hierbo*.

466) Gower 717 stel dit soos volg: "... Our court procedure is ill-fitted for enabling them properly to pass judgment on the economic merits of schemes and to make the valuations and accounting investigations necessary before they can do so".

gebruikgemaak word om 'n oornamte te bewerkstellig, kom die funksie van die hof neer op die evaluasie van 'n besigheidsituasie, 'n funksie wat die hof met groot moeite vervul.⁴⁶⁷

Eintlik is die hofprosedure nie geskik vir die neem van so 'n ekonomiese beslissing soos wat vereis word by die bekragtiging van 'n skikking of reëling nie.⁴⁶⁸ Om hierdie rede gebeur dit dat die hof die makliker weg verkies deur eenvoudig te aanvaar dat die meerderheid skuldeisers of lede, indien hulle voldoende ingelig is oor die uitwerking van die skema, die beste beoordeelaar is van wat in hul eie belang sal wees.⁴⁶⁹

Volgens Gower⁴⁷⁰ is die beste wat die hof kan doen, om toe te sien dat die voorgeskrewe formaliteite streng nagekom word en dat besluite deur skuldeisers en lede geneem is nadat volle en regverdige openbaarmaking geskied het.

Miskien word daar te veel klem op die ekonomiese aspekte van die redelikeheidsbesluit gelê. In finale instansie gaan dit hier om die vraag of 'n kontraktuele aanbod so redelik is dat dit bindend op 'n groot groep mense gemaak behoort te word, nadat slegs 'n gedeelte van die groep ingestem het om gebonde te wees aan die ooreenkoms. 'n Besluit met sulke ingrypende

-
- 467) Vgl Weinberg and Blank 90 en Berle & Means *The Modern Corporation and Private Property* 337 soos aangehaal deur Weinberg & Blank 90 r67: "The Management of an enterprise is, by nature, a task which courts cannot assume; and the various devices by which management and control have absorbed a portion of the profit-stream have been so intimately related to the business conduct of an enterprise that the courts seem to have felt not only reluctant to interfere, but positively afraid to do so".
- 468) Gower 712 stel dit soos volg: "... English High Court procedure is ill-adapted to the inquisitorial role thus thrust upon the judges". Dieselfde geld vir ons howe.
- 469) Vgl Gower 712-713; Weinberg & Blank 90; en sien (b) (3) *Beoordeling van die redelikheid van 'n skema* hierbo.
- 470) Op 717.

gevolge kan net deur 'n Hooggeregshof geneem word. Indien die ekonomiese aspekte van die beslissing moeilik binne die hofprosedure geakkommodeer word, lê die oplossing eerder in die aanstelling van 'n onpartydige kommissaris wat bevoeg is om vir die hof leiding te gee oor die ekonomiese implikasies van 'n bepaalde skema.⁴⁷¹

5. Magte van die hof.

Na aanhoor van die versoek om bekragtiging van 'n voorgestelde skema, kan die hof die skema bekragtig of verwerp, of die hof kan gelas dat verdere vergaderings belê word of die aansoek om bekragtiging uitstel. Die hof kan ook geringe wysigings op hierdie stadium aan die skema aanbring, sonder om dit terug te verwys na skuldeisers of lede.

Sekere spesiale magte word deur die Wet⁴⁷² aan die hof verleen ten einde 'n rekonstruksie of amalgamasie, wat deel is van 'n skikking of reëling te vergemaklik. Daar bestaan nie uitsluiting oor die vraag of die hof by magte is om 'n voorwaardelike skikking of reëling goed te keur nie. Dit is nie altyd duidelik wat die hof se reaksie sal wees indien 'n mededingende aanbod op hierdie stadium gemaak word nie.

Al hierdie fasette van die hof se bevoegdhede vereis verdere aandag en bespreking.

471) Die Skotse howe verwys skemas na 'n sg "reporter" (gewoonlik 'n geëkspertiseerde rekenmeester of 'n prokureur) wie se verslag oorweeg word voordat die skema bekragtig word. Die tussenkoms van die howe in Skotland is op hierdie wyse skynbaar meer effektief as dié van Engeland (en Suid-Afrika). Sien Gower 718.

472) Sien a 313.

(a) Verdere vergaderings en uitstel van aansoek.

Waar die hof om veral formele redes⁴⁷³ nie 'n skema goedkeur nie, maar tog voel dat die skema meriete het, word daar soms tydens uitspraak te kenne gegee dat die hof, indien sodanige versoek gerig word, bereid sou wees om te gelas dat verdere vergaderings van skuldeisers of lede gehou word.⁴⁷⁴ Die hof kan egter nie uit eie beweging die hou van verdere vergaderings gelas nie,⁴⁷⁵ maar kan daartoe toestem indien so 'n versoek deur die applikant gerig word.⁴⁷⁶

Indien die gebrek van so 'n aard is dat die hou van verdere vergaderings slegs 'n formaliteit sou wees, was die hof soms bereid om af te sien van die vereiste dat verdere vergaderings byeengeroep word, maar het dan 'n bevel *nisi* uitgereik wat op al die betrokkenes bestel

473) Dws versuim om die een of ander vereiste van die Wet of die aanvanklike hofbevel na te kom.

474) Vgl bv *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460 op 476I; *In re Saratoga Investments (Pty) Ltd* 1941 NPD 117 op 147; *Ex parte Le Coultre : In re Morris Taxi Service (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1962(2) SA 338(D) 343D. *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 828G.

475) Sien *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460 op 476I; *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 828G.

476) Sien *Ex parte Meer : In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780(D) op 783E-F en 789-790; *Ex parte Borton NO* 1970(1) SA 190(OK); *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 267A-B; 274-275; *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)*; *African Gate and Fence Works Ltd Intervening* 1976(3) SA 267(O) 285A, F-H; *Ex parte Cornelissen, NO* 1976(3) SA 286(O).

moes word op die wyse wat die hof mag gelas.⁴⁷⁷ Sedert die inwerkingtreding van die voorganger van a 312⁴⁷⁸ wat voorsiening maak vir die verpligte verskaffing van bepaalde inligting aan skuldeisers en lede, is dit te betwyfel of die hof, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle⁴⁷⁹ sal toestem tot die bekragtiging van 'n skikking of reëling tensy vergaderings vooraf met toestemming van die hof byeengeroep is.⁴⁸⁰

Die hof kan ook onder sekere omstandighede die aansoek om bekragtiging van die skema tot 'n later datum uitstel.⁴⁸¹

-
- 477) Vgl *Ex parte Atkinson-Oates Motors Ltd* 1933 OPD 111 op 116; *Ex parte Kinemas Ltd* 1933 WLD 75; *Ex parte Haelbich NO* 1935 SWA 62 op 64; *Ex parte John Ovenstone, Ltd* 1936(1) PH E.7(K).
- 478) A 103quat, 1926-Wet, ingevoeg deur a 87 van die Maatskappy-wysigingswet, 46 van 1952.
- 479) Bv waar 'n klas lede (nie skuldeisers) uit net een lid bestaan.
- 480) Sien die bespreking in B.7 hierbo.
- 481) Sien *Ex parte Simmons NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(T) - uitstel weens versuim van voorsitter om op die vasgestelde datum verslag aan die hof te doen; *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N) en *Re Ferro Constructions Pty Ltd* 2 ACLR 18 SC(Qld) - uitstel sodat die aanbieder sekere wysigings deur die hof aangebring, kon oorweeg.

(b) Wysiging deur die hof

Die hof het beperkte magte om op hierdie stadium onduidelikhede in die skema op te klaar, kaarblyklike foute reg te stel, of, met toestemming van al die betrokke partye wat verkry is na aanvaarding maar voor bekragtiging van die skema, wysigings aan te bring.⁴⁸²

In sommige gevalle het die hof voorwaardes neergelê waarop hulle bereid was om die skema goed te keur en is die skema dan onmiddellik daarna bekragtig, onderhewig aan hierdie voorwaardes.⁴⁸³ In ander gevalle is verklaar dat indien sekere wysigings aangebring sou word, die hof bereid sou wees om die skema goed te keur en is die aansoek derhalwe uitgestel vir oorweging van die wysigings deur die aanbieder.⁴⁸⁴

Dit is dus duidelik dat die hof, nadat 'n skema aanvaar is, maar voor bekragtiging daarvan, wysigings aan die skikking of reëling kan aanbring -

(i) om dubbelsinnigheid uit die weg te ruim.⁴⁸⁵

-
- 482) Vgl *Penkin and Another v Roeland Shoes (Pty) Ltd and Others* 1972(1) SA 513(K) 517D-F; *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N) 1087A, maar sien 1086H. Sien ook *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982(2) SA 458(W) 465A; Sien ook *Re Mascot Home Furnishers Pty Ltd (In Liquidation) Re Spaceline Industries (Australia) Pty Ltd* (1970) VR 593 op 596 r 50.
- 483) Sien *In re Canning Jarrah Timber Company (Western Australia) Limited* (1900) 1 Ch 708; *In re Anglo-Continental Supply Company, Limited* (1922) 2 Ch 723; *Investments (Pty) Ltd v Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd. Ex parte Luck NO : In re Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd* 1963(2) SA 271(W); *Ex parte Bobat; In re Kathorian Trading Co (Pty) Ltd* 1965(2) SA 291(D).
- 484) Sien *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N); *Re Ferro Constructions Pty Ltd* 2 ACLR 18 SC (Qld).
- 485) Vgl *Penkin and Another v Roeland Shoes (Pty) Ltd and Others* 1972(1) SA 513(K) op 517E.

- (ii) Om die skikking of reëling meer doeltreffend te maak sonder om die bepalings daarvan ingrypend te wysig.⁴⁸⁶
- (iii) Wat voorwaardes neerlê ten einde die effektiewe uitvoering van die skema te verseker.⁴⁸⁷

Die howe het beperkte magte in hierdie verband en enige wysigings wat die regte van skuldeisers of lede sodanig raak dat dit meebring dat die skema wat die hof gevra word om te bekragtig, nie dieselfde is as wat deur skuldeisers goedgekeur is nie, moet eers weer na vergaderings van skuldeisers of lede terugverwys word vir goedkeuring.⁴⁸⁸

(c) Magte ivm rekonstruksie of amalgamasie

Artikel 313 bevat sekere bepalings ten einde rekonstruksie of amalgamasie⁴⁸⁹ te vergemaklik. Indien dit aan die hof bewys word dat 'n skikking of reëling kragtens a 311 voorgestel is vir die doeleindes van of in verband met 'n skema vir die rekonstruksie van 'n maatskappy⁴⁹⁰ of die amalgamasie van twee of meer maatskappye en die skema voorsiening maak vir die oordrag van die geheel of 'n gedeelte van die onderneming of eiendom van 'n maat-

486) Vgl *Penkin- saak supra* 517F Sien ook *In re City of Melbourne Bank Ltd (In Liquidation)* (1897) 19 ALT 80 op 87.

487) Vgl *Investments (Pty) Ltd v Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd. Ex parte Luck, NO : In re Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd* 1963(2) SA 271(W) 273F-G; *Ex parte Bobat : In re Kathorian Trading Co (Pty) Ltd* 1965(2) SA 291(D) 295C-D. Sien verder *In re Canning Jarrah Timber Company (Western Australia) Limited* (1900) 1 Ch 708; *In re Anglo Continental Supply Company Limited* (1922) 2 Ch 723; *Re Ferro Constructions Pty Ltd* 2 ACLR 18 Sc (Qld).

488) Vgl *Ex parte Union Whaling Co* 1973(3) SA 550(W) 552G; *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N) 1086H-1087A.

489) Vir die betekenis van rekonstruksie en amalgamasie, sien die bespreking onder (1) hieronder.

490) Of maatskappye.

skappy betrokke by die skema⁴⁹¹ aan 'n ander maatskappy⁴⁹² kan die hof ingevolge a 313(1) voorsiening maak vir sekere aangeleenthede. Die hof kan hierdie magte uitoefen wanneer die skema bekragtig word, of deur 'n daaropvolgende bevel.⁴⁹³

Artikel 313(1) verleen aan die hof die bevoegdheid om vir die volgende sake voorsiening te maak -

- (a) Die oordrag aan die oornemende maatskappy van die geheel of 'n gedeelte van die onderneming, en van die goed of verpligtinge van 'n oordraende maatskappy.
- (b) Die toewysing of aanwending deur die oornemende maatskappy van aandele, skuldbriewe of ander soortgelyke belange in daardie maatskappy wat kragtens die skikking of reëling deur daardie maatskappy toegewys moet word aan of aangewend word vir 'n persoon.
- (c) Die voortsetting deur of teen die oornemende maatskappy van geregtelike stappe wat aanhangig is deur of teen 'n oordraende maatskappy.
- (d) Die ontbinding van 'n oordraende maatskappy sonder likwidasie. Sodanige bevel mag nie gegee word alvorens al die goed en verpligtinge van die bedoelde maatskappy op die aangewese wyse oorgedra is nie.

491) In a 313(1) genoem die oordraende maatskappy.

492) Genoem die oornemende maatskappy (a 313(1)).

493) Die magte kan dus nie uitgeoefen word in afwagting op die bekragtiging van 'n skema nie.

- (e) Die voorsiening wat gemaak moet word vir persone wat binne die tydperk en op die wyse wat die hof gelas, die skikking of reëling afkeur.

Daar is drie beperkings op die magte van die hof ingevolge a 313(1)-

- (1) Alvorens die hof oor hierdie magte⁴⁹⁴ sal beskik, moet daar aan die hof bewys word dat die skikking of reëling voorgestel is in verband met 'n skema vir rekonstruksie of amalgamasie.

Die probleem is dat die terme *rekonstruksie* en *amalgamasie* nie gedefinieer word in die Wet nie en dat nie een van die twee terme 'n "legal term of art" is met 'n duidelike gedefiniëerde en onderskeibare regsbetekenis nie.⁴⁹⁵

Rekonstruksie behels die oordrag van die geheel of gedeelte van die onderneming van 'n maatskappy, genoem die oordraende maatskappy, na 'n ander maatskappy, genoem die oornemende maatskappy, wat beheer word deur die aandeelhouers van die

494) Soos uiteengesit in a 313(1).

495) Vgl Gower 682; Buckley 586; Magnus & Estrin 228; Palmer 829; Lindley 1889 891; 7 Halsbury par 1539; Henochsberg 543; Joubert *The Law of South Africa* 4 331 n2 (hierna na verwys as "4 LAWSA"); *South African Supply and Cold Storage Company Wild v Same Company* (1904) 2 Ch 268 op 281-282; *Re Walker's Settlement Trust Royal Exchange Assurance Corporation v Walker and Others* (1935) All ER Rep 790 (CA) 793H-I. 796B-C, 797D-E, 799B; *Crane Fruehauf v IRC* (1975) 1 All ER 429 (CA) 437d.

oordraende maatskappy.⁴⁹⁶ Die uitwerking van rekonstruksie is dat wesenlik dieselfde besigheid gevoer word deur die oornemende maatskappy, met wesenlik dieselfde aandeelhouers as wat die oordraende maatskappy gehad het.⁴⁹⁷ Die oordraende maatskappy word dikwels na afloop van die rekonstruksie ontbind.⁴⁹⁸

- 496) Vgl Simonson 5-6; Buckley 586; Magnus & Estrin 228-229; Lindley 1889 900; 7 Halsbury par 1539; Pennington 790; Gore-Browne 30-39; Cilliers en Benade 453 (sien ook 436); Henochsberg 543; 4 LAWSA 331 n2. Paterson & Ednie par. 181/6; *South African Supply and Cold Storage Company Wild v Same Company* (1904) 2 Ch 268 op 286; *Brooklands Selangor Holdings Ltd v Inland Revenue Commissioners* (1970) 2 All ER 76 (ChD); op 87d-e; *Baytrust Holdings Ltd v Inland Revenue Commissioners* (1971) 3 All ER 76 (ChD) op 94g-h. Soms word rekonstruksie verwar met *reorganisasie*: vgl Palmer 829; Gower 682 ev gee 'n baie wye interpretasie aan rekonstruksie; so ook De Wet en Van Wyk 733, met 'n beroep op *Ex parte Carrig Diamonds Ltd* 1966(1) SA 572(W) - wat duidelik oor reorganisasie handel - en *Sammel and Others v President Brand Gold Mining Co Ltd* 1969(3) SA 629(A). In die *Sammel*- saak 655A-D en 677-691 is daar *per incuriam* verwys na 'n rekonstruksie in 'n situasie wat eerder dui op 'n reorganisasie tesame met 'n oorname. Sien ook *Levin v Felt & Tweeds Ltd* 1951(2) SA 401(A) waar die kopstuk na rekonstruksie verwys, maar die skema inderdaad 'n reorganisasie is.
- 497) Vgl Cilliers en Benade 453; *South African Supply and Cold Storage Company Wild v Same Company* (1904) 2 Ch 268 op 286.
- 498) Geen gesag kon gevind word vir die stelling van Cilliers en Benade 453 dat die oordraende maatskappy ontbind word nie, hoewel dit 'n logiese gevolg van 'n rekonstruksie behoort te wees.

Amalgamasie of samesmelting vind plaas waar die bates van twee of meer maatskappye oorgaan op of onder beheer kom van een maatskappy wie se aandeelhouers in hoofsaak bestaan uit die aandeelhouers van die maatskappye wat saamgesmelt het.⁴⁹⁹

- 499) Pennington 790 beskou amalgamasie as die rekonstruksie van verskeie maatskappye waardeur hulle almal hul onderskeie ondernemings en bates aan een van hulle of aan 'n nuwe maatskappy wat vir daardie doel gevorm is, oordra, in ruil vir die uitreiking van die oornemende maatskappy se aandele of skuldbriewe aan hul lede en skuldbriefhouers in ooreengekome verhoudings. Sien verder Simonson 6-9; Buckley 586; Lindley 1889 891 Magnus & Estrin 229; Palmer 830; 7 Halsbury par 1539; Gore-Browne 30-39; Cilliers en Benade 435-436; Henochsberg 543; 4 LAWSA 331 n3; Paterson & Ednie par 181/7. *South African Supply and Cold Storage Company Wild v Same Company* (1904) 2 Ch 268 op 287; *Re Walker's Settlement Trust Royal Exchange Assurance Corporation v Walker and Others* (1935) All ER Rep. 790 (CA) 793H-794C, 796A-D, 797A-G, 799A-C; *Re Hayes' Will Trusts Dobie and Others v Board of Governors of the National Hospital and Others* (1953) 2 All ER 1242 op 1247A-C; *Crane Fruehauf v IRC* (1975) 1 All ER 429 (CA) 437c-e. Sien verder *Wall v London and Northern Assets Corporation* (1898) 2 Ch 469 op 478 en 481; *Brotex Cellulose Fibres Ltd v Inland Revenue Commissioners* (1930) All ER Rep 595 (KBD) op 602, per regter Rowlatt: "... When a company has been reconstructed or amalgamated, in substance you expect to find the property in the old hands but under the domination of the new Company". Oor die probleme ivm die amalgamasie van maatskappye wat in verskillende lande geregistreer is, sien Schmitthoff 1972 JBL 1.

(2) Nie-oordraagbare kontrakte kan nie deur die hof aan die oornemende maatskappy oorgedra word nie.

Artikel 313(1)(a) bepaal dat die hof as deel van 'n skema van rekonstruksie of amalgamasie, deur 'n bevel voorsiening kan maak vir die oordrag van die "goed of verpligtinge" van 'n oordraende maatskappy. In a 313(4) word bepaal dat "goed", "goed, regte en bevoegdhede van welke aard ook al"omvat.

Hoewel hierdie omskrywing baie wyd is, word sekere ooreenkomste nie hierby ingesluit nie;⁵⁰⁰ die belangrikste hiervan is die dienskontrak.

Reeds in die Romeins-Hollandse reg is die dienskontrak as nie-oordraagbaar beskou.⁵⁰¹ In die Engelse reg is beslis dat die omskrywing van "goed" in a 313(4) nie dienskontrakte insluit nie.⁵⁰²

Vandag word algemeen in die Suid-Afrikaanse reg aanvaar dat 'n dienskontrak van so 'n persoonlike aard is dat geeneen van die twee partye eensydiglik sy regte ingevolge die kontrak

500) Sien by *Re Skinner (deceased)* (1958) 3 All ER 273, 276; *See-gray Bag Manufacturing Company (Pty) Ltd v African Bag Corporation Ltd and Others* 1960(1) SA 319(T); De Wet en Van Wyk 227 en gesag daar aangehaal.

501) Sien by De Groot 3.19.10.

502) Vgl *Nokes v Doncaster Amalgamated Collieries, Ltd* (1940) 3 All ER 549(HL); Nagevolg in *Denham v Midland Employers' Mutual Assurance Ltd* (1955) 2 All ER 561(CA); *O'Brien (Inspector of Taxes) v Benson's Hosiery (Holdings) Ltd* (1978) 3 All ER 1057(CA).

aan 'n ander kan sedeer nie.⁵⁰³ Gevolglik sal die hof nie by 'n rekonstruksie of amalgamasie geldiglik kan gelas dat dienskontrakte aan die oornemende maatskappy oorgedra word nie, tensy elke werknemer die nodige toestemming daartoe gee.⁵⁰⁴ Die feit dat a 313(4) 'n baie wye omskrywing van *goed* en *verpligting* gee, raak nie die toedrag van sake nie.

Hierdie leemte kan baie praktiese probleme veroorsaak en oorweging behoort daaraan gegee te word om statutêr die hof te magtig om dienskontrakte oor te dra, onderhewig aan voorsiening vir werknemers wat beswaar hierteen maak.⁵⁰⁵

-
- 503) Sien bv Scott *Sessie in die Suid-Afrikaanse Reg* (Ongepubliseerde LLD proefskrif) 277-278; De Wet en Van Wyk 227; Newman & McQuoid-Mason *Lee and Hanoré : The South African Law of Obligations* 115 par 341; *Isaacson v Walsh and Walsh* (1903) 20 SC 569. Maar sien Van Loggerenberg *Skuldoorname en Kontrakoorname* (LLD proefskrif, Leiden) 338 (hierna na verwys as "Van Loggerenberg").
- 504) Oor hoe onrealisties hierdie siening van die aard van die dienskontrak in maatskappyregtelike verband is, sien Gower 202, in kommentaar op *Nokes v Doncaster Amalgamated Collieries Ltd* (1940) 3 All ER 549, wat daarop wys dat die oornemende maatskappy, in plaas daarvan om die onderneming te bekom het, al die aandele kon gekoop het, die bestuur kon verander het, nuwe statute kon aanvaar het, die doelstellings- en ander klousules van die akte van oprigting kon gewysig het, die aard van die besigheid kon verander het, die kapitaal kon vermeerder het en met toestemming van die Board of Trade selfs 'n nuwe naam kon aanvaar het. In hierdie geval sou die werknemer nog verplig wees om sy werkgewer te dien.
- 505) Sien in die algemeen Van Loggerenberg 337-344. Sien ook a 317(b) Companies Act 1981(Cth), waar die Australiese wetgewer "goed" so definieer dat die regte en magte van 'n persoonlike aard wat nie ingevolge algemene regsbeginsels oordraagbaar is nie, insluit. Sien ook Paterson, Ednie & Ford *A Guide to the National Scheme and Revised Companies Bill 1980* par 1505. (hierna na verwys as "Paterson, Ednie & Ford Guide").

-
- (3) Die woord maatskappy in a 313 behels slegs 'n maatskappy binne die betekenis van die Wet.⁵⁰⁶

Artikel 311(8) bepaal dat *maatskappy* in daardie artikel enige maatskappy beteken wat gelikwieder kan word binne die Wet. Maatskappye wat ingevolge hoofstuk XIV van die Wet gelikwieder kan word, sluit ook in buitelandse maatskappye en enige ander regspersoon.⁵⁰⁷

Hoewel skikkings en reëlings dus voorgestel kan word ten opsigte van alle maatskappye, asook buitelandse maatskappye en ander regspersone, is die bepalings om rekonstruksie en amalgamasie te vergemaklik, net van toepassing op maatskappye ingelyf ooreenkomstig hoofstuk IV van die Wet, sowel as maatskappye geregistreer onder vroeëre maatskappywette.⁵⁰⁸

- (d) Die mag van die hof om 'n voorwaardelike skikking te bekragtig

Daar is nog nie pertinent deur ons howe beslis of 'n hof 'n voorwaardelike skikking of reëling kan goedkeur of nie; of so 'n skema goedgekeur kan word of nie, sal afhang van die bepalings van die voorwaarde en die feite van elke saak.⁵⁰⁹

506) Artikel 315(5)

507) Artikel 337.

508) Vgl a 1(1) sv "maatskappy".

509) Cilliers en Benade *Company Law* 428 n13. Sien ook *Ex parte Standard Trading Co (Pty) Ltd : in re Backerian (Pty) Ltd* 1954(4) SA 81(W) 83A; *Ex parte Mallac : In re LD de Marigny (Pty) Ltd (In Liq.) : De Charmoy Estates (Pty) Ltd intervening* 1960(2) SA 187(D) op 189B-190C; *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963(W) 969E-H. Sien ook Henochsberg 536-537.

(e) Die houding van die hof in geval van 'n mededingende aanbod

As beswaar teen die bekragtiging van 'n skikking of reëling word soms aangevoer dat 'n ander party bereid is om 'n beter aanbod te maak.⁵¹⁰

Die verskil tussen die aanbod wat aanvaar maar nog nie bekrachtig is nie, en die nuwe aanbod, moet egter taamlik groot wees alvorens die hof dan, in die algemene belang van skuldeisers, sal weier om die reeds aanvaarde skikking te bekrachtig, ten einde skuldeisers die geleentheid te gee om die bykomende aanbod te oorweeg en so die voordeel daarvan te verkry.⁵¹¹

6. Koste

Regskoste in verband met die aansoek om die belê van vergaderings en bekragtiging van die skema, word in eerste instansie deur die maatskappy self gedra.⁵¹² Indien die maatskappy in likwidasie is, kan die hof beveel dat die koste deel van die likwidasiekoste sal wees.⁵¹³ Waar die aanbod uitdruklik daarvoor voorsiening maak dat 'n aanbieder wat nie die maatskappy self is nie, die koste sal

-
- 510) Vgl *Ex parte Judicial Managers Goldfields Building Society and Another* 1934 WLD 45 op 49; *Ex parte Ruskin, NO : In re Mimosa Mail Order House (Pty) Ltd* 1957(4) SA 65(W); *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)*; *African Gate and Fence Works Ltd Intervening* 1976(3) SA 267(O) 273.
- 511) *Ex parte Ruskin NO : In re Mimosa Mail Order House (Pty) Ltd* 1957(4) SA 65(W) 68.
- 512) Insluitende die koste van 'n suksesvolle opponent. Vgl *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978(2) SA 134(D) 145F.
- 513) Vgl *Ex parte AC Tayob & Co Ltd (In Liquidation)* 1930 TPD 758 op 761; *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another : in re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459(T) 466H-467A. Die bevel kan ook voorsiening maak vir betaling van die koste van opposisie: sien *Ex parte Coleman : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation)* 1933 WLD 177 op 199; *Ex parte Standard Trading Co (Pty) Ltd : In re Backerian (Pty) Ltd* 1954(4) SA 81(W) 83G-H; *In re Unity Motors (Pty) Ltd* 1956(4) SA 14(W) 18D; *Ex parte Bruyns NO : in re Mammoth Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (Under Provisional Liquidation)* 1973(3) SA 721(T) 724E-F; *Ex parte Klopper and Another NNO: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254(T) op 264F-G. Koste kan ook deel van die koste van geregtelike bestuur wees; sien *Ex parte Goldfields Building Society (Under Judicial Management) and Another* 1933 WLD 214 op 220.

dra, dra die aanbieder sodanige koste.⁵¹⁴

Waar 'n skuldeiser se opposisie teen die bekragtiging van 'n skema nie slaag nie, dra hy die koste van opposisie.⁵¹⁵ Indien hy egter *bona fide* bekragtiging van die skema op meriete teenstaan en in die proses die hof behulpsaam is, gelas die hof dat die koste van opposisie uit die maatskappy se fondse betaal word, ten spyte daarvan dat die skuldeiser se opposisie misluk het.⁵¹⁶ Waar die skuldeiser egter ander motiewe het as die beskerming van die regte van die klas waartoe hy behoort, sal die hof gelas dat hy self die koste van opposisie moet dra.⁵¹⁷

-
- 514) Die bevel kan ook lui dat indien koste nie van die aanbieder verhaal kan word nie, dit as koste van die likwidasie van die maatskappy beskou sal word. Sien *Ex parte Meer : In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780 (D); *Borgelt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757. (K) 775B. In *Southern Brake Co (Pty) Ltd v Assembly and Construction Electrical (Pty) Ltd* 1981(1) SA 572(N) 577D is die koste van opposisie as administrasiekoste ooreenkomstig die skema verklaar en is dit vermoedelik betaalbaar deur die aanbieder.
- 515) Sien bv *Ex parte Goldfields Building Society (Under Judicial Management) and Another* 1933 WLD 214 op 220; *Goode, Durrant and Murray (SA) Ltd v Stephenson NO (2)* 1961(1) SA 657(SR) 659A-S; *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815(T)H en 821G-H. Sien ook *Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd* 1973(4) SA 266(K) 273E-274C. Waar die koste minimaal was, het die hof beslis dat die onsuksesvolle opponent nie die koste van sy opposisie hoef te betaal nie. Sien *Ex parte Utility Shoe Manufacturing Company and Others : In re ABC Store (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1948(4) SA 1(W)7.
- 516) Vgl *Borton NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970(3) SA 107(OK) 112C-D; *Ex parte Bruyns NO : In re Mammoth Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (Under Provisional Liquidation)* 1973 (3) SA 721(T) 724E-F; *Southern Brake Co (Pty) Ltd v Assembly and Construction Electrical (Pty) Ltd* 1981(1) SA 572(N) 576A-577A. Sien ook *Carruth v Imperial Chemical Industries, Ltd* (1937) 2 All ER 422(HL) 442E-443A waar in 'n appèl deur 'n lid, hoewel die lid se appèl nie geslaag het nie, daar bevel is dat die maatskappy en die lid elkeen hul eie koste moes dra.
- 517) Vgl *Ex parte Ruskin NO : In re Mimosa Mail Order House (Pty) Ltd* 1957(4) SA 65(W) 68D-E; *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another : In re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459(T) 466F-H; *Borton NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd* 1970(3) SA 107(OK) 112C-113A, op appèl bekragtig: sien *Dundas & Miller (Pty) Ltd v Borton NO* 1971(1) SA 106(OK) 111B-D.

7. Appèl

Weens die feit dat daar van die aansoek-prosedure gebruikgemaak word om die hof te nader vir bekragtiging van 'n skema, is dieselfde materiaal, in geval van 'n appèl, voor die hof as wat voor die hof van eerste instansie was.⁵¹⁸ 'n Appèl teen die bekragtiging al dan nie, van 'n skema is derhalwe 'n volle appèl, dws 'n herverhoor van die saak⁵¹⁹, en is nie beperk tot 'n ondersoek van die regverdigheid en eerlikheid van die regter in die hof van eerste instansie nie.⁵²⁰

'n Appèl tot die Appèlhof oor die bekragtiging al dan nie van 'n skema, sal om verskeie redes selde in praktyk voorkom. Die belangrikste probleem is die lang tydsverloop alvorens so 'n appèl afgehandel is.⁵²¹ Gewoonlik, in die geval van 'n skikking, gaan dit om die vraag of skuldeisers die optimumvoordeel uit 'n likwidasië of uit 'n voorgestelde skikking sal verkry. Terwyl die vraag onbeslis is, moet die bates van die maatskappy deur die likwidateur bewaar en in stand gehou word,

518) *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others* 1949(1) SA 1162(N) op 1169.

519) Vgl die volgende voorbeelde van appèlle waar die saak inderdaad herverhoor is. *Dundas & Miller (Pty) Ltd v Borton* NO 1971(1) SA 106(OK); *Rosen v Bruyns* NO 1973(1) SA 815(T); *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755(N); *Southern Brake Co (Pty) Ltd v Assembly and Construction Electrical (Pty) Ltd* 1981(1) SA 572(N); *Borgelt v Millman NO and Another* 1983(1) SA 757(K); sien ook *In re Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Company* (1891) 1 Ch 213; *In re English, Scottish, and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385; *In re Milne and Choyce, Limited* (1953) NZLR 724; *In re AW Allen Limited* (1930) VLR 251.

520) *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others* 1949(1) SA 1162(N) op 1169.

521) Vgl *Carruth v Imperial Chemical Industries Ltd* (1937) 2 All ER 422(HL) op 424H ('8 maande); *South Pine Properties (Pty) Ltd v Ensor NO* 1978(4) SA 926(N) 927G (twee en 'n half jaar volgens skatting).

teen steeds toenemende koste. Hierdie koste verminder uiteindelik die konkurrente dividend aan skuldeisers. 'n Applikant wat dus toestemming wil verkry om na die Appèlhof te appèlleer, moet bewys dat die bedrag in dispuut⁵²² nie onbeduidend is nie of dat die saak oor 'n ander aangeleentheid handel wat van wesenlike belang vir hom is.⁵²³

In die algemeen kan dit gestel word dat die aantreklike eienskap van 'n skikking, sover dit skuldeisers betref, die feit is dat dit 'n vinnige, praktiese en betreklik eenvoudige remedie is vir 'n maatskappy met finansiële probleme. Om hierdie rede is hulle bereid om 'n skikking te verkies bō die uitgerekte en tydsame likwidasiëproses. Wanneer die hof dus beslis oor appèl (of uitstel van bekragtiging) is die uitwerking van verdragings wat volg op litigasie oor die vraag of die skikking of reëling goedgekeur moes gewees het, 'n belangrike oorweging.⁵²⁴

8. Gevolgtrekking

Wanneer gekyk word na die hof se houding teenoor 'n aansoek vir bekragtiging van 'n skikking of reëling, is die geheelindruk wat gelaat word, dat die hof deeglik en ywerig kyk of die nodige formaliteite nagekom is, sonder om oordrewe formalisties te wees. Daarna word daar met sorg na die inhoud van die

-
- 522) Die bedrag in dispuut is die verskil tussen die bedrag wat ingevolge die skikking aan konkurrente skuldeisers uitbetaal word, in teenstelling met die verwagte konkurrente dividend by likwidasië - sien *South Pine Properties (Pty) Ltd v Ensor NO 1978(4) SA 926(N)* op 929E.
- 523) *South Pine Properties (Pty) Ltd v Ensor NO 1978(4) SA 926(N)* op 929D-E.
- 524) Sien Cilliers en Benade 530; *South Pine Properties (Pty) Ltd v Ensor NO 1978(4) SA 926(N)* 928G-H; Sien verder in die algemeen *In re Securities Insurance Company (1894) 2 Ch 410*.

aanbod en na die inligting wat aan skuldeisers of lede verskaf is, gekyk. Ook hier, by die beoordeling van die redelikheid van 'n aanbod, stel die hof nie onredelike eise nie. Hoewel die redelikheid wat getoets word, hoofsaaklik op ekonomiese redelikheid gegrond is, bly die benadering van die hof dié van 'n regsgeleerde ten spyte daarvan dat die hof poog om die skema vanuit die oogpunt van 'n sakeman te sien.

Dit is opvallend dat, hoewel die hof self kyk na die redelikheid van 'n bepaalde skema, hulle baie geredelik die mening van die meerderheid van skuldeisers of lede aanvaar. Sterk standpunt oor aspekte van skemas word miskien nie dikwels genoeg ingeneem nie.⁵²⁵

G. REGISTRASIE VAN DIE HOFBEVEL EN INWERKINGTREDING VAN DIE SKEMA

'n Bevel van die hof waardeur 'n skikking of reëling goedgekeur word, het geen effek alvorens 'n gesertifiseerde⁵²⁶ afskrif daarvan by die Registrateur onder dekking van die voorgeskrewe vorm⁵²⁷ ingedien en deur hom geregistreer is nie.⁵²⁸

525) Sien bv regter Mostert se standpunt soos aanghaal in *Ensoor NO v South Pine Propertiss (Pty) Ltd and Another* 1978 (2) SA 755 (N) op 769F-H; hierdie beslissing is egter op appèl ter syde gestel.

526) Sien regulasie 4(1)(b), GK R 1948 1973-10-19, soos gewysig; sertifisering kan deur die griffier geskied, Voor die wysiging van die regulasie in 1980 moes sertifisering deur 'n notaris gedoen word.

527) CM 18.

528) A 311(6)(a).

Daar is geen tydperk waarbinne die hofbevel geregistreer moet word nie en geen strafsanksie indien nagelaat word om dit te doen nie.⁵²⁹

’n Afskrif van die hofbevel moet aangeheg word by elke afskrif van die akte van oprigting van die maatskappy wat na datum van die hofbevel uitgereik word.⁵³⁰ Versuim om aan hierdie voorskrif te voldoen, is wel strafbaar.⁵³¹ Die feit dat die hofbevel aan die akte van oprigting aangeheg is, is egter geen waarborg dat die bevel behoorlik geregistreer en van krag is nie.

Gower⁵³² verwys na ’n Kanadese saak waarin beslis is dat na registrasie van die hofbevel, daar nie suksesvol teen ’n skema geappèlleer kan word nie.⁵³³ Hoewel ’n bevel vir die goedkeuring van ’n skikking of reëling eers van krag word nadat dit geregistreer is, kan die skema voor daardie datum in werking kom.⁵³⁴

529) Vgl *Ex parte De Wet NO : In re Mackville Motors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1971(1) SA 256(W) waar die hofbevel meer as ’n jaar na bekragtiging van die skema geregistreer is. Sien ook *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963(W).

530) A 311(6) (b).

531) A 311(7); strafbaar met ’n maksimum-straf van R50 boete (a 441 (1) (k)).

532) Op 687.

533) *Norcan Oils Ltd v Fogler* (1965) SCR 36 (die beslissing is ongelukkig nie vir my beskikbaar nie).

534) Mits voorsiening in die skema gemaak word vir vroeëre inwerkingtreding. Vgl *Drednaught Engineering Pty Ltd (In Liq. v Tubemakers of Australia Ltd* 1 ACLR 283. Ten einde hiervoor voorsiening te maak, bevat ’n aanbod gewoonlik ’n sg. "effektiewe datum" waarop die skema van krag sal word. Die wyse waarop die effektiewe datum bepaal sal word, word gewoonlik in die aanbod omskryf.

H. SAMEVATING

Sommige van die belangrikste probleme wat daar in verband met die prosedure ingevolge a 311 bestaan, word vervolgens saamgevat.

Die Wet maak nie daarvoor voorsiening dat 'n aansoek om toestemming om vergaderings byeen te roep gemaak kan word deur 'n voorlopige geregtelike bestuurder nie. 'n Hof het besluit dat "geregtelike bestuurder" in a 311 'n wyer betekenis het as wat in die definisie in a1(1) vervat is, en hier ook 'n voorlopige geregtelike bestuurder kan insluit. Hoewel daar *prima facie* geen beswaar daarteen bestaan dat 'n voorlopige geregtelike bestuurder die nodige *locus standi* sal hê om 'n aansoek te bring vir die byeenroep van vergaderings nie, moet daar in gedagte gehou word dat die geregtelike bestuursprosedure in die 1973-wet sodanig gewysig is dat daar binne 60 dae 'n beslissing deur skuldeisers, lede en skuldbriefhouers geneem moet word oordie toekoms van die maatskappy; 'n aansoek om toestemming dat 'n skema onder hierdie omstandighede oorweeg word, moet miskien in die lig hiervan meer krities deur die hof beskou word. Om bloot deur wetgewing te bepaal dat die voorlopige geregtelike bestuur *nie locus standi* sal hê nie, sal nie die probleem oplos nie omdat 'n aansoek nog steeds gedurende hierdie tydperk deur 'n ander belanghebbende party gebring kan word.

Alhoewel daar al verklaar is dat wanneer die hof die aansoek om toestemming om vergaderings te belê, oorweeg, daar 'n verslag van die likwidaatour voor die hof behoort te wees oor die besigheidsmeriete van die skema, asook dat die verduidelikende verklaring wat aan skuldeisers en lede uitgestuur gaan word, voor die hof moet wees, lyk dit nie asof daar oortuigende gesag vir hierdie stellings is nie. Wat daar eerder, in die geval van 'n skikking, voor die hof moet wees, is 'n vergelyking tussen die verwagte dividend by likwidasië en die uitbetaling ingevolge die skema.

535) Weens die omvang van hierdie hoofstuk, is gevolgtrekkings soos en waar nodig binne die hoofstuk self gemaak.

h Leemte in die Wet is die feit dat die hof nie by magte is om te beveel dat geregtelike stappe teen die maatskappy opgeskort word, hangende die uitslag van die skema nie. Die teenkant is dat so h mag van die hof deur maatskappye misbruik sou kon word deurdat skemas voorgestel en h moratorium verkry word sonder die stigma dat die maatskappy in likwidasie of onder geregtelike bestuur was.

Alhoewel die howe in die verlede soms bereid was om af te sien van die vereistes dat vergaderings ingevolge h hofbevel byeengeroep moes word, en tevrede was om h skema te bekragtig wat eenpariglik deur lede op h maatskappyvergadering aanvaar is voordat die hof genader is, is dit te betwyfel of die howe vandag bereid sou wees om dit te doen, weens die vereistes van a 312 dat spesifieke inligting vooraf aan die lede openbaar gemaak moet word. Waar h skema verskillende klasse lede van die maatskappy raak en een van die klasse uit h enkele persoon bestaan, mag die hof bereid wees om te gelas dat daardie persoon slegs h skriftelike instemming tot die skema aan die hof moet voorlê en nie hoef te vergader nie; die hof sal steeds tevrede moet wees dat voldoende inligting aan hom geopenbaar is. Ook in die geval waar die hele skema net een persoon raak, maar slegs deurgevoer word ten einde die voordeel te kan verkry van die bepalings om rekonstruksie en amalgamasie te vergemaklik, magdie hof bereid wees om af te sien van die vereiste dat formele vergaderings byeengeroep word.

Dit is gebruikelik dat die hof h voorsitter, wat deur die aanbieder genomineer word, aanstel op wie die verpligting geplaas word om vergaderings byeen te roep, te hou en verslag oor die uitslag aan die hof te doen. Die voorsitter moet verkieslik h onpartydige buitestaander wees; indien hy enige verbintenis met die maatskappy het, moet hierdie verbintenis aan die hof openbaar gemaak word voordat die hof hom aanstel.

Daar bestaan verskeie kleiner probleme in verband met die byeenroep van vergaderings deur die voorsitter, soos bv dat kennisgewing van die byeenroep van vergaderings normaalweg nie in die Staats-

koerant gegee word nie; waar 'n maatskappy in likwidasie of onder geregtelike bestuur is, word kennisgewing van aldie ander stappe in die proses in die Staatskoerant gegee, maar van hierdie stap, wat ingrypende gevolge vir skuldeisers kan hê, word daar nie kennis gegee nie.

Die hof is bereid om formele defekte in die prosedure vir die byeenroep van vergaderings te kondoneer, maar onderskei nie in die proses tussen versuim om 'n bepaling van die Wet, wat 'n misdryf is, en versuim om 'n bepaling van die hof se bevel mbt die byeenroep van vergaderings, wat die hof se eie bevel is, na te kom nie. In die lig daarvan dat versuim om 'n bepaling van a 312 na te kom strafbaar is, behoort 'n versuim om dit na te kom nie ligtelik gekondoneer te word nie. Dit staan die hof egter vry om versuim om sy eie bevel na te kom, te kondoneer.

Die inligting wat ingevolge a 312(1)(a) aan skuldeisers en lede gestuur moet word, is eintlik onvoldoende om hulle in staat te stel om 'n sinvolle besluit oor die aanvaarbaarheid al dan nie van 'n skema te maak. Hierdie gebrek word aangevul deurdat die hof 'n wye interpretasie gee aan die vereiste dat die *uitwerking* van die skema verduidelik moet word.

Hoewel die voorsitter dikwels vereis dat volmagvorme, wat reeds aandui hoe die volmaggewer sy stem uitbring, 'n sekere tydperk voor die aanvang van die vergadering aan hom besorg moet word, is nóg hy nóg die hof by magte om 'n skuldeiser of lid te verbied om iemand aan te stel, by wyse van 'n algemene volmag, wat eers die vergadering sal bywoon en dan namens hom op sterkte van die algemene volmag sal stem.

Met die opkoms van nasionale state in Suider-Afrika sal meerstaatreëlinskemas waarskynlik toenemend van belang word en meer aandag geniet. Leiding kan veral in die Australiese reg tot voor inwerkingtreding van die Companies Act 1981(Cth) gevind word, maar die probleme wat moontlik in hierdie verband mag ontstaan, kan nie deur die wetgewer van 'n enkele staat opgelos word nie.

Die misdryf wat deur a 312(4) geskep word indien enige vereiste van a 312 nie nagekom word nie, is oneffektief omdat die hof gewoonlik die plig om vergaderings byeen te roep, aan h voorsitter opdra wat nie in diens van die maatskappy is nie. Die misdryf kan slegs gepleeg word deur die maatskappy self, h direkteur, beampste of likwidateur van die maatskappy; indien die voorsitter nie toevallig ook een van hierdie persone is nie, kan hy nie skuldig aan versuim om die vereistes van a 312 na te kom, wees nie, ten spyte van die feit dat hy die persoon is aan wie die take ingevolge a 312 opgedra is.

Daar bestaan probleme ivm die reg van h voorwaardelike skuldeiser om by h vergadering van skuldeisers te stem. Aan die een kant moet hy stemreg hê ten einde gebonde gehou te kan word aan die skikking of reëling; die teenkant is dat, alvorens die voorwaarde nie vervul is nie, daar niks deur die maatskappy aan hom verskuldig is op grond waarvan hy kan eis nie. Die *quantum* van sy eis kan ook nie altyd vooruit bereken word nie, ten einde te bepaal watter gewig sy stemme sal dra - al sou hy ook stemreg hê.

Artikel 311(2) (b) vereis nie dat die skikking of reëling deur h meerderheid in *getal* lede goedgekeur hoef te word nie en h skema kan dus goedgekeur word indien een lid wat meer as drie-kwart van die stemme op h vergadering uitbring, ten gunste van die skema stem, ten spyte daarvan dat h groot getal lede met minder stemme teen die skema gekant is. Dit lyk nie asof dit die bedoeling van die wetgewer was om die beskerming van lede te verminder nie, maar dit is die praktiese uitwerking van die gebrek in a 311(2) (b).

h Skikking of reëling word dikwels as een ondeelbare skema voorgestel, maar versekerde en voorkeurskuldeisers ontvang gewoonlik volle vereffening van hul eise en is dus nie begaan oor die uitslag van die skema nie. As gevolg hiervan woon hulle nie vergaderings by nie, bring hulle nie h stem uit nie en kan die skema nie bindend op hulle gemaak word nie. h Skema waarteen hulle waarskynlik geen

beswaar het nie, kan dan misluk, ten spyte daarvan dat dit met 'n oorweldigende meerderheid aanvaar is deur konkurrente skuldeisers, die persone wat gewoonlik die meeste deur so 'n skema geraak word. Daar is geen wyse waarop een klas skuldeisers of lede 'n ander klas aan 'n skema kan bind nie en die hof is ook nie by magte om 'n klas wat nie vergader het nie, aan 'n skema te bind nie.

Alhoewel daar al baie geredeneer is oor die grondslag vir die indeling van skuldeisers en lede in verskillende klasse met die oog op die hou van klasvergaderings, behoort hulle in eerste instansie op grond van die gemeenskaplikheid van regte, nie belange nie, in klasse verdeel te word. By die verdere indeling, behoort daar, in die lig van die verskil in aard van die beslissings wat geneem moet word, geen beswaar daarteen te wees dat een werkwyse in die geval van die indeling van lede gebruik word en 'n ander by die indeling van skuldeisers nie. In die geval van lede, kan daar naas 'n verdeling op grond van die gemeenskaplikheid van regte, 'n verdere indeling op grond van botsende belange gemaak word. In die geval van skuldeisers behoort volstaan te word met 'n indeling op grond van die gemeenskaplikheid van regte. Waar die aanbieder ook 'n skuldeiser is, behoort hy statutêr verbied te word om te stem oor die aanvaarbaarheid van 'n skema; soos die reg tans staan, mag hy saam met skuldeisers wat dieselfde regte teenoor die maatskappy het, stem oor die aanvaarbaarheid van sy eie aanbod.

Ten einde misbruik van die skikking- of reëlinskemaprocedure deur misdadige direkteure te verhoed, word vereis dat, indien die skema voorsiening maak vir die opheffing van 'n likwidasiebevel daar 'n verslag deur die Meester van die Hooggeregshof aan die hof voorgelê moet word wat gegrond is op 'n verslag wat die likwidateur aan die Meester moet voorlê. Normaalweg het die likwidateur

egter baie langer tyd om die nodige ondersoek te doen alvorens hy sy verslag indien. Die gevolg is dat die beskerming wat gebied word deur die vereiste dat die Meester 'n verslag aan die hof moet voorlê, verminder word deurdat die verslag dikwels opgestel moet word voordat daar voldoende tyd vir ondersoek was, of dat die indiening van 'n verslag vermy kan word deur die maatskappy in vrywillige likwidasie of onder geregtelike bestuur te plaas, in plaas van in likwidasie deur die hof, alvorens die skema voorgestel word.

By die beoordeling van die redelikheid van 'n skema, is die Suid-Afrikaanse howe geneig om losweg te werk met 'n toets of die skema redelik is in die oë van 'n redelike sakeman; hierdie redelike man behoort egter 'n lid van die klas te wees, wat die skema benader vanuit die oogpunt van die hele klas se belang, 'n ietwat minder objektiewe toets as waarmee ons howe werk. Die rede waarom die howe werk met 'n sakeman, is omdat die beslissing ekonomies gemotiveer moet wees, die beoordeelaar goed ingelig moet wees en 'n goeie insig moet hê in die ekonomiese gevolge van sy besluit.

Die hof self is egter nie goed toegerus om die nodige ekonomiese beslissings, wat van die hof verwag word in die uitoefening van sy diskresie om 'n skema goed te keur, te neem nie. 'n Verbetering sou wees indien daar voorsiening in die prosedure gemaak word vir die aanstelling van 'n onafhanklike kommissaris wat verslag aan die hof moet doen oor die ekonomiese aspekte en implikasies van 'n bepaalde skema. In finale instansie, weens die verreikende implikasies van 'n bevel wat 'n skikking of reëling bekragtig, behoort net 'n Hooggeregshof die skema bindend op alle partye te kan maak.

Aan die hof word sekere magte gegee ten einde 'n rekonstruksie of amalgamasie te vergemaklik. Ten spyte van die wye bevoegdhede wat hier aan die hof verleen word, is die hof waarskynlik nie by magte, in die afwesigheid van die toestemming van werknemers, om te gelas dat dienskontrakte van een maatskappy na 'n ander oorgedra word nie.

Waar daar geappèlleer word teen die bekragtiging, al dan nie, van 'n skema, is dieselfde materiaal voor die hof as wat voor die hof van eerste instansie was. Die gevolg is dat die appèl inderdaad 'n herverhoor is. Hoewel daar al gesê is dat "The Courts will thus exercise their discretion under Section 311 in a robust and businesslike fashion, not narrow and legalistically," moet enige "robuustheid" noodwendig aan bande gelê word deur die feit dat die saak moontlik herverhoor en daar tot 'n ander gevolgtrekking geraak kan word.

Die feit dat die howe 'n diskresie het, gee aan hulle die mag om voorwaardes te stel wat nagekom moet word alvorens hulle bereid sal wees om 'n skikking of reëling goed te keur. Deur die jare het dit daartoe gelei dat strenger vereistes gestel is waaraan skemas moet voldoen en speel die howe steeds 'n belangrike rol om veral wat prosedure betref, die skikking- en reëlinskema-prosedure te ontwikkel en te verfyn.

536) Sher "Section 311 Compromises and Arrangements" (1982) 6
SA Company LJ 49 op 52.

HOOFSTUK 8

GEVOLGE VAN DIE BEKRAGTIGDE

SKIKKING OF REËLING

- A. INLEIDING
- B. AARD VAN DIE BEKRAGTIGDE SKEMA
- C. WIE GEBIND WORD DEUR DIE SKIKKING OF REËLING
 - 1. *Skuldeisers buite die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse howe*
 - 2. *Eise wat ontstaan nadat die skikking of reëling goedgekeur is.*
 - 3. *Ander skuldeisers wat nie deur die skikking of reëling gebind word nie.*
- D. WYSIGING VAN DIE BEKRAGTIGDE SKIKKING OF REËLING
- E. OPHEFFING VAN LIKWIDASIE OF GEREGETELIKE BESTUUR
- F. DIE NAAM VAN DIE MAATSKAPPY EN VAN DIE FONDS
- G. DIE ONTVANGER NAMENS SKULDEISERS
 - 1. *Aanstelling en funksie*
 - a) Inleiding
 - b) Kwalifikasies
 - c) Botsing van belange en onpartydigheid
 - 2. *Regte en verpligtinge van die ontvanger namens skuldeisers.*
 - a) Kennisgewing van bekragtiging van die skikking of reëling.
 - b) Bewys van eise deur skuldeisers.
 - c) Oorweging van eise deur die ontvanger en appèl teen verwerping
 - d) Algemene bevoegdhede van die ontvanger
 - e) Sekuriteit vir die behoorlike uitvoering van die ontvanger se pligte
 - f) Ontvanger se trustrekening
 - g) Verantwoording aan die Meester van die Hoogeregshof.
 - h) Beskerming van die ontvanger.
 - i) Opstel van 'n rekening
 - j) Betaling aan skuldeisers ooreenkomstig die skikking of reëling

- H. SESSIE VAN EISE TEEN DIE MAATSKAPPY
 - I. BORGE
 - J. HERVESTIGING VAN BEHEER IN DIE DIREKTEURE VAN DIE MAATSKAPPY.
 - K. PLIGTE VAN DIE LIKWIDATEUR OF GEREGETELIKE BESTUURDER
 - 1. *Oorhandiging van bates.*
 - 2. *Naamsverandering*
 - 3. *Betaling van Meestersfooit*
 - 4. *Rekening aan ontvanger*
 - 5. *"Ontslag" van die likwidateur.*
 - L. VERVANGING VAN DIE ONTVANGER NAMENS SKULDEISERS
 - M. BEHEER OOR DIE ONTVANGER NAMENS SKULDEISERS
 - 1. *Kontraktuele beheer*
 - 2. *Beheer deur die hof*
 - 3. *Statutêre beheer*
 - N. GEVOLGTREKKING
-

A. INLEIDING

Nadat h skikking of reëling deur die hof bekragtig is, die hofbevel deur die registrateur geregistreer is en gevolglik van krag geword het, eindig alle statutêre voorskrifte, asook die toesig en beheer van die hof. Die Meester van die Hoog-geregshof het ook nie verdere seggenskap oor die beheer van die maatskappy nie.

In die plek hiervan kom h prosedure wat deur die skikking of reëling self geskep word; die res van hierdie prosedure word afgehandel ooreenkomstig die bepalings van die skikking of reëling, onderhewig natuurlik in 'n uiterste geval aan ingryping deur die hof op versoek van enige van die belanghebbende partye.

Selfs al sou almal eenpariglik daartoe toestem, kan die bepalings van die skikking of reëling nie gewysig word sonder die hof se toestemming nie.

Gevolgtlik sal daar in hierdie hoofstuk aandag gegee word aan die verdere verloop van die skikking- en reëlinskemaprocedure en sal daar veral gelet word op die rol van die sg ontvanger namens skuldeisers, h amp wat nog nie deur die wetgewer erken word nie, maar wat in praktyk reeds duidelik uitgekristalliseer het.

B. AARD VAN DIE BEKRAGTIGDE SKEMA

Die skikking of reëling kom tot stand by wyse van h hofbevel. Dit is gegrond op h groot aantal individuele verbintenisse tussen die maatskappy aan die een kant en elke skuldeiser of lid wat by die skema betrokke is, aan die ander kant.¹ Die onderliggende verbintenisse is gewoonlik van kontraktuele oorsprong, maar nie noodwendig nie.

As gevolg van h skikking of reëling, word al die maatskappy se verpligtinge wat uit hierdie verbintenisse voortspruit, of h bepaalde groep van hierdie verbintenisse, saamgegroepeer en onderneem die maatskappy of ander aanbieder om hierdie verpligtinge op h bepaalde wyse af te los. Die persone betrokke by elke groep verbintenisse, dws persone wat dieselfde regte teenoor die maatskappy het, word op gelyke grondslag behandel; indien nie, moet hulle as afsonderlike groepe ingedeel word of moet die ongelyke

1) Sien *In re Guardian Assurance Company* (1917) 1 Ch 431 op 441; Palmer 831. Die siening van Cilliers en Benade 430 dat die goedgekeurde skikking of reëling h kontrak tussen al die skuldeisers, lede, die maatskappy, die ontvanger en die aanbieder is, is baie wyd; die ooreenkoms kom eerder tot stand tussen die maatskappy (aan die een kant), en die skuldeisers, lede, ontvanger en aanbieder aan die ander kant.

behandeling openbaar gemaak word voordat aanvaarding van die skema oorweeg word.

So 'n plan vir die aflossing in die geheel of gedeeltelik, van 'n maatskappy se verpligtinge kan alleenlik suksesvol deurgevoer word indien alle skuldeisers of lede, of almal wat behoort tot die groep of klas op wie die plan gerig is, hulle by die plan van skikking of reëling sal hou.

Om hierdie rede is 'n statutêre prosedure geskep wat tot gevolg het dat elke bestaande verbintenis vervang word deur 'n nuwe kontraktuele verbintenis. Die individuele kontraktuele verbintenis is egter onderhewig aan 'n groter statutêre bestel wat tot gevolg het dat die individuele kontrakte nie bloot deur onderlinge ooreenkoms gewysig of beëindig kan word, anders as ooreenkomstig die voorskrifte van die besondere skema nie.

Dit is nie duidelik of hierdie totale statutêre bestel 'n kontrak met meerdere partye daarstel, al dan nie. Wat wel duidelik is, is dat dit gegrond is op 'n groot aantal individuele verbintenis. As gevolg van die sterk kontrakteregtelike aard van 'n goedgekeurde skikking of reëling, kan daar waar nodig leiding by die beginsels van die kontraktereg gesoek word.

Ons howe beskou 'n goedgekeurde skikking of reëling as 'n kontrak² wat sy bindende krag verkry uit die feit dat dit deur die hof

2) *Sien Chitty and Another v Apex Building and Construction Co, Ltd* 1949(2) SA 435(K) 437; *Ex parte Standard Trading Co (Pty) Ltd : In re Backerian (Pty) Ltd* 1954(4) SA 81(W) 82B-C; *Ex parte De Wet NO : In re Mackville Motors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1971(1) SA 256(W) 258C-D; *Metal Box Co of SA Ltd v AS Dunstan (Pty) Ltd* 1974(2) SA 208(T); *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963(W) 968H-969A; *Olbrich KG v Cohen NO* 1975(4) SA 621(W) 624D; *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982(2) SA 458(W) 462G-H. Sien ook *Ex parte Ensor NO : In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978(3) SA 908(D) 911A-B. Sien ook *Re Marlborough Concrete Constructions Pty Ltd (In Liq.)* 2 ACLR 240 op 243.

ingevolge h wetsbepaling goedgekeur is.³ Die bepalings van h skikking of reëling, hoewel dit deur die hof bekragtig word, is nie h hofbevel, oortreding waarvan minagting van die hof sou wees nie.⁴ Vrae in verband met die geldigheid en uitleg van die skikking of reëling volg gewone kontraktuele beginsels, ten spyte van die feit dat die skikking of reëling deur die hof goedgekeur is.⁵

C. WIE VERBIND WORD DEUR DIE SKIKKING OF REËLING

Indien tot h skikking of reëling deur die vereiste meerderhede toegestem is en die hof dit goedkeur, bind die skikking of reëling al die skuldeisers of klas van skuldeisers of lede of klas van lede (na gelang van die geval) en ook die maatskappy of, as die maatskappy gelikwieder word, die likwidateur of, as die maatskappy aan h geregtelike bestuursbevel onderworpe is, die geregtelike bestuurder.⁶ h Skikking of reëling kan deur die werking van a 311 bindend gemaak word op h buitestaander.⁷

Hoewel a 311(2) dit stel dat al die skuldeisers of lede gebonde is, is daar sekere uitsonderings wat nou bespreek sal word.

-
- 3) Vgl *Ex parte De Wet NO : In re Mackville Motors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1971(1) SA 256(W) 258C-D; *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963(W) 968H-969A; *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982(2) SA 458(W) 462G-H. Sien ook Cilliers en Benade 430.
 - 4) Vgl *Ex parte De Wet NO : In re Mackville Motors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1971(1) SA 256(W) 258A; *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963(W) 968H. Sien ook Cilliers en Benade 430.
 - 5) Sien Cilliers en Benade 430; *Olbrich KG v Cohen NO* 1975(49) SA 621(W) 624D; *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982(2) SA 458(W) 462H. Sien ook *In re Land Securities Company Ex parte Farquhar* (1896) 2 Ch 320 op 325; *Re TH Downing & Co Ltd* (1940) 1 All ER 333.
 - 6) A 311(2)
 - 7) Vgl *Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806(W) 812H-813E; *Investments (Pty) Ltd v Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd. Ex parte Luck NO : In re Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd* 1963(2) SA 271(W); *Ex parte Cyrildene Heights (Pty) Ltd* 1966(1) SA 307(W) 310G-H; *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963(W) 968B-C.

1. Skuldeisers buite die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse hof.

'n Goedgekeurde skikking of reëling bind alle skuldeisers en lede, maar slegs wanneer hul regte ter sprake kom in die forum waar die skikking of reëling bekragtig is. Buitelandse skuldeisers is dus slegs gebonde aan 'n skema indien hulle hul vrywilliglik aan die jurisdiksie van die hof onderwerp het deur bv te stem by 'n vergadering wat byeengeroep is om die skema te oorweeg.

Hierdie aangeleentheid is reeds volledig bespreek in H 7 D 5 c) *Magte van die hof om 'n skuldeiser wat buite die jurisdiksie van die hof gedomisilieer is, te bind deur 'n skikking of reëling.*

2. Eise wat ontstaan nadat die skikking of reëling goedgekeur is.

Die skikking of reëling bevat gewoonlik 'n vasgestelde datum waarop skuldeisers van die maatskappy moes gewees het ten einde deel te neem aan die skema.

Waar die maatskappy in likwidasie of onder geregtelike bestuur is, is hierdie datum gewoonlik die datum waarop die voorlopige bevel van likwidasie of geregtelike bestuur toegestaan is.⁸

Skuldeisers wie se eise na die vasgestelde datum ontstaan, is normaalweg nie gebonde aan 'n skema nie; voorwaardelike of verwagte skuldeisers wat reeds op die vasgestelde datum

8) Vgl *Gangapersad v Pompeni Stores (Pty) Ltd* 1956 (4) SA 56 (D) 61A.

voorwaardelik of verwagte skuldeisers is, is wel gebonde aan h skema.⁹

Waar h maatskappy in likwidasie is, is uitgawes wat na datum van voorlopige likwidasie aangegaan is, deel van die administrasiekoste in verband met die likwidasie. Betaling hiervan is die likwidateur se verantwoordelikheid.¹⁰

By geregtelike bestuur kan aan skuldeisers wie se eise na datum van h voorlopige geregtelike bestuur ontstaan het, voorkeur verleen word, mits dit goedgekeur word deur h vergadering van skuldeisers wie se eise voor datum van geregtelike bestuur ontstaan het.¹¹ Hierdie skuldeisers sal as h afsonderlike klas ingevolge dié skikking of reëling ingedeel moet word en h latere datum, bv datum van die aansoek tot die hof om toestemming om vergaderings byeen te roep, bepaal moet word as vasgestelde datum.

Waar die maatskappy nie in likwidasie of geregtelike bestuur is nie, sal die skikking of reëling waarskynlik alle skuldeisers bind wie se eise voor datum van die aansoek tot die hof vir die byeenroep van vergaderings, ontstaan het.

-
- 9) Vir h bespreking van die probleme ivm stemming deur en gebondenheid van voorwaardelike skuldeisers, sien H 7 D 8 a) *Stemming deur voorwaardelike skuldeisers*.
 - 10) Sien *Gangapersad v Pompeni Stores (Pty) Ltd* 1956(4) SA 56(D) 60G-H. In *Ex parte Venter and Another NNO : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation); African Gate & Fence Works Ltd intervening* 1976(3) SA 267(O) 283G-H is verkeerdelik aanvaar dat so h eis h voorkeureis, in teenstelling met h koste van administrasie, is.
 - 11) A 435(1)(a). Eise wat na datum van geregtelike bestuur ontstaan is, anders as eise wat na datum van likwidasie ontstaan, nie deel van enige administrasiekoste wat in geval van h tekort van bewese skuldeisers verhaal kan word nie.

3. Ander skuldeisers wat nie deur die skikking of reëling gebind word nie.

Ander skuldeisers wat nie deur die skikking of reëling gebind word nie, is skuldeisers wat behoort tot 'n klas skuldeisers waarvan geen lid gestem het oor die skikking nie. Hoewel 'n skema dus deur die hof as bindend op alle skuldeisers van 'n maatskappy verklaar is, is dit slegs bindend op elke klas waarvan ten minste een lid by 'n vergadering teenwoordig was en ten gunste van aanvaarding van die skema gestem het.¹²

Skuldeisers wat ook nie deur die skema gebind word nie, is skuldeisers wat uitgesluit is uit die skema. Skuldeisers kan op twee wyses uitgesluit word: of deurdat die skema slegs tot die ander skuldeisers gerig is¹³ of deurdat die eise van skuldeisers wat nie kennis van die skema ontvang het, in stand gehou word ingevolge die bepalings van die betrokke skema.¹⁴

D. WYSIGING VAN DIE BEKRAGTIGDE SKIKKING OF REËLING

Nadat 'n skikking of reëling deur die hof goedgekeur is, kan dit nie deur onderlinge ooreenkoms tussen die partye gewysig word nie; selfs die hof kan slegs beperkte wysigings aanbring.¹⁵

-
- 12) Vgl *Barclays National Bank Ltd v HJ de Vos Boerdery Ondernemings (Edms) Bpk* 1980(4) SA 475(A) 481E-F.
- 13) Vgl *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982(2) SA 458(W) 461H.
- 14) Vgl *Ex parte Wells* NO 1968(4) SA 391(W); *Ex parte Barnes and Others, NNO : In re Seawright (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1973(2) SA 201(W); *Ex parte De Wet NO : In re Atlas Motion Picture Co (Pty) Ltd* 1978(1) SA 375(W); *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N); *Ex parte Ensor NO : In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978(3) SA 908(D).
- 15) Sien H 7 F 5 b) *Wysiging deur die hof hierbo.*

Enige ingrypende wysiging van 'n goedgekeurde skikking of reëling-skema moet deur middel van òf 'n aanvullende òf 'n vervangende skema aangebring word.

Die Suid-Afrikaanse hof het nog nie 'n mening uitgespreek oor die vraag of 'n skema wat deur die hof bekragtig is, deur 'n gewysigde skema vervang kan word nie.

In *Devi v People's Bank*¹⁶ het die Privy Council beslis dat 'n gewysigde skema wat deur die hof bekragtig is, bindend was en nie gewysig of van afgewyk kon word slegs deur instemming deur aandeelhouers en skuldeisers nie.¹⁷

In Australië¹⁸ is daar ingegaan op die vraag of die Wet dit toelaat dat 'n skema wat deur die hof bekragtig is, deur 'n gewysigde skema vervang kan word. Die hof bevind dat hoewel 'n goedgekeurde skikking of reëling 'n statutêre werking het, dit nie die onveranderlike aard van die wette van die Mede en Perse verkry nie. Maar hoewel die hof 'n gewysigde skema kan goedkeur, is dit, waar die oorspronklike skikking of reëling gedeeltelik uitgevoer is, vir die hof in sy besluit oor bekragtiging van die skema, 'n relevante oorweging indien die gewysigde skema poog om regte en verpligtinge te heropen wat geraak is deur die gedeeltelike uitvoering van die oorspronklike skema.¹⁹

16) *Srimati Premila Devi v Peoples Bank of Northern India Ltd (In Liquidation)* (1938) 4 All ER 337 op 343.

17) Sien ook *Re Morris's Will Trusts : Public Trustee v Morris* (1960) 3 All ER 548 op 550, waar daar na sewe bykomende skemas verwys word wat almal deur die hof goedgekeur is.

18) Sien *Re Elliott's MF Services Pty Ltd* (1965) VR 756.

19) Op 757.

Hoewel die Suid-Afrikaanse hof nog nie hieroor 'n mening uitgespreek het nie, is die hof waarskynlik wel by magte om 'n bekragtigde skema te vervang met 'n nuwe of aanvullende skema, mits die nuwe of aanvullende skema deur die vereiste meerderhede aanvaar is op vergaderings wat met die toestemming van die hof byeengeroep is. By die oorweging van die aanvullende of vervangende skema behoort die hof ag te slaan op hoe ver die vorige skema uitgevoer is en in welke mate die nuwe skema die regte en verpligtinge van skuldeisers en lede raak in die lig van die gedeeltelike uitvoering van die vorige skema.

E. OPHEFFING VAN LIKWIDASIE OF GEREGETELIKE BESTUUR

Waar 'n maatskappy in likwidasië of onder geregetelike bestuur is, maak die skikkingsaanbod gewoonlik voorsiening vir die opheffing van likwidasië of die geregetelike bestuursbevel.²⁰

Die likwidasiëbevel²¹ word egter nie outomaties deur bekragtiging van die skema opgehef nie, ten spyte daarvan dat 'n skikkingsaanbod verklaar dat onmiddellik na bekragtiging van die skema, die maatskappy nie meer in likwidasië sal wees nie.²² 'n Afsonderlike bevel is dus nodig vir die opheffing van likwidasië of geregetelike bestuur.

-
- 20) Die hof kan enige likwidasië (insluitende vrywillige likwidasië) opskort ingevolge a 354; ingevolge a 440 is die hof by magte om 'n geregetelike bestuursbevel in te trek.
- 21) Dieselfde geld in die geval van geregetelike bestuur en waarskynlik ook in die geval van vrywillige likwidasië.
- 22) Sien *Ex parte De Wet NO : In re Mackville Motors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1971(1) SA 256(W), waar regter Hiemstra op 258B-C verklaar dat 'n hofbevel (in hierdie geval 'n finale likwidasiëbevel) nie deur 'n ooreenkoms tussen derdes opgehef kan word nie; dit kan slegs deur die hof self opgehef word.

Die Australiese howe is nie outomaties bereid om 'n likwidasiëbevel op te hef indien 'n skikking of reëling aanvaarbaar vir die hof is nie.²³ Daar word dus afsonderlik beslis oor die goedkeuring van die skikking of reëling en oor die opheffing van die likwidasiëbevel. By die beslissing oor die opheffing van die likwidasiëbevel word veral gekyk na die vereistes van die openbare belang en na kommersiële moraliteit.²⁴

Die Suid-Afrikaanse howe het skynbaar nog nooit enige algemene riglyne neergelê oor wanneer hulle bereid sou wees om 'n likwidasiëbevel op te hef nie; die bevel word eenvoudig, sonder om redes te gee, opgehef.²⁵

Afsonderlike oorweging van die vraag of die likwidasiëbevel, in die lig van die openbare belang, in 'n gegewe geval opgehef behoort te word, sou waarskynlik baie daartoe bydra om misbruik van die skikking- en reëlingskemaprosedure te bekamp.²⁶

F. DIE NAAM VAN DIE MAATSKAPPY EN VAN DIE FONDS

Na bekragtiging van 'n skikking of reëling, gaan die maatskappy voort met sy werksaamhede terwyl die ontvanger namens skuldeisers 'n afsonderlike groep bates beheer vir realisering en verdeling van die opbrengs tussen skuldeisers en lede.

-
- 23) Vgl *Re K Rees Emporiums Ltd* (1969) VR 981 op 985r 40-45, *Re Mascot Home Furnishers (Pty) Ltd (In Liquidation)*. *Re Spaceline Industries (Australia) Pty Ltd* (1970) VR 593 op 598; *Re Data Homes Pty Ltd and the Companies Act* (1971) 1 NSWLR 338 op 340B; *Re Data Homes Pty Ltd (In Liq.) and the Companies Act* (1972) 2 NSWLR 22.
- 24) Vir 'n verdere bespreking van openbare belang en kommersiële moraliteit, sien H 11 D.
- 25) Sien bv *Ex parte Liquidator Longfield & Co, Ltd* 1936 WLD 8; *Ex parte Charmowitz & Co (Prop) Ltd (In Liquidation)* 1937 OPD 6; sien ook Henochsberg 623-624.
- 26) Sien verder H 11. MISBRUIK VAN DIE SKIKKING- EN REËLING-SKEMAPROSEDURE.

Die Wet maak nie voorsiening vir enige beskrywende benaming van hierdie groep bates nie. In praktyk het die gebruik ontstaan om na hierdie groep bates te verwys deur die naam van die maatskappy te gebruik, gevolg deur woorde soos *Under Receivership*, *In Kompromie*²⁷ of *Under Scheme of Arrangement*.²⁸ Hierdie agtervoegsels is nie-amptelik en nooit deel van die geregistreerde naam van die maatskappy nie. Verder kan hierdie agtervoegsels lei tot verwarring met die herstelde maatskappy.

Wanneer daar na die groep bates onder beheer van die ontvanger verwys word, moet daar eerder na die ontvanger self verwys word, indien nodig in sy hoedanigheid as ontvanger namens skuldeisers in die saak van (die betrokke maatskappy).²⁹

G.1 DIE ONTVANGER NAMENS SKULDEISERS

Gewoonlik nomineer die skikkingsaanbod 'n persoon wat as voorsitter van vergaderings en, na goedkeuring van die skema, as ontvanger namens skuldeisers sal optree. Hoewel die Wet geen melding van die ontvanger namens skuldeisers maak nie, is die uitdrukking in praktyk 'n geïmpliede term.³⁰

-
- 27) Sien by *GD Kotze NO v Atomium Ondernemings (Edms) Bpk (In Kompromie)* saak no M248/78, 27-1-1978, TPA (ongerapporteer).
- 28) Sien by *Re WJ McGrath & Co (Pty) Ltd (under scheme of arrangement)* (1979) 4 ACLR 451.
- 29) Die rede is omdat die groep bates nie 'n afsonderlike regspersoon daarstel nie.
- 30) Die ontvanger namens skuldeisers (in Engels genoem *Receiver*) moet onderskei word van die *receiver* in die ECA 1948, wat 'n ontvanger names skuldbriefhouers is, iets wat onbekend is aan die Suid-Afrikaanse maatskappyereg. In Australië is vroeër na die ontvanger verwys as die *trustee* van die skema (Paterson & Ednie par. 181/31); as 'n *skemabestuurder* ("scheme manager" - sien *Harris v S* 2 ACLR 51); of as 'n *finansiële bestuurder* ("financial manager" - *Re Elliott's MF Services Pty Ltd* (1965) VR 756). Die Companies Act 1981 (7th) verwys in by a 315(11) bloot na die persoon wat aangestel word om die skema te administreer, sonder om aan hom 'n benaming te gee. Die opskrif van a 319 verwys na 'n "scheme manager".

1. Aanstelling en Funksie

a) Inleiding

Die ontvanger word deur die aanbieder in die skikkingsaanbod benoem. Soms bekragtig die hof hierdie benoeming deur hom uitdruklik in die bevel wat die skikking of reëling goedkeur, as ontvanger aan te stel. So 'n uitdruklike aanstelling is waarskynlik nie nodig nie, mits hy net deur die skikkingsaanbod aangewys en sy funksies daarin uiteengesit word.

Indien die aanbieder wil verseker dat sy genomineerde as ontvanger sal optree, maak hy dit 'n beding in die aanbod dat sy genomineerde deur die hof aangestel sal word.

Die ontvanger word deur die aanbieder genomineer, deur die hof aangestel, en sy belangrikste taak is om om te sien na die belange van *skuldeisers*. Daar is geen voorsiening in die hofprosedure vir die nagaan van die integriteit, kwalifikasies of ander eienskappe van die benoemde persoon nie.³¹

Die ontvanger is al beskryf as 'n *creature of contract*³², aangestel deur die skikking, en sy enigste funksie is om die skikking te interpreteer en te implimenteer, *within its four corners*.³³

Die ontvanger het dus 'n beperkte funksie, nl om uitvoering aan die goedgekeurde skikking te gee, en hy beskik slegs oor die magte wat die skikking aan hom gee.³⁴

-
- 31) Die hofprosedure maak nie voorsiening vir enige bewys van sy identifikasie (bv 'n identiteitsnommer) of enige instemming deur hom nie en 'n fiktiewe persoon kan ook as ontvanger genomineer word.
- 32) Sien *Ex parte Ensor NO : in re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978 (3) SA 908 (D) 911A-B.
- 33) Op 911B-C. Sien ook *Lansdown NO v Baldwins Ltd* 1973 (3) SA 908 (W) 910G-H.
- 34) Die magte van die ontvanger word meer breedvoerig hieronder bespreek.

b) Kwalifikasies

Die belangrikste beswaar teen die huidige stelsel van benoeming en aanstelling van die ontvanger namens skuldeisers, is dat daar hoegenaamd geen vereistes gestel word waaraan hy moet voldoen nie. Hy mag 'n persoon wees wat nie vir die Meester aanvaarbaar is om as voorlopige kurator of likwidateur aangestel te word nie; hy kan 'n persoon wees teen wie 'n bevel vir diskwalifikasie as direkteur ingevolge a 219 gemaak is; hy kan 'n lang misdaderekord hê; hy kan 'n persoon wees wat weens wangedrag uit 'n vertrouensposisie verwyder is; hy kan inderdaad selfs 'n fiktiewe persoon wees.³⁵

Die wetgewer behoort ernstige aandag aan hierdie probleem te gee. Die eenvoudigste oplossing sou wees om te bepaal dat waar 'n maatskappy in likwidasie of onder geregtelike bestuur is, slegs die likwidateur of geregtelike bestuurder as ontvanger aangestel behoort te word. Indien die maatskappy nie in likwidasie of onder geregtelike bestuur is nie, kan vereis word dat die aangewese voorsitter van vergaderings 'n persoon moet wees wat sou kwalifiseer om as kurator of likwidateur op te tree, dat die Meester sy aanstelling moet aanbeveel en dat, indien hy enige fondse ingevolge die skema moet hanteer hy sekuriteit aan die Meester moet stel vir die behoorlike uitoefening van sy pligte.

-
- 35) Hy kan fiktief wees want daar is geen regstreekse kommunikasie tussen die ontvanger namens skuldeisers en die hof nie; hy word deur die aanbieder genomineer maar daar word geen direkte reaksie, soos bv 'n dokument waarin hy toestem om die benoeming te aanvaar of enige ander reaksie of verantwoording deur hom aan die hof, verwag nie.

c) Botsing van belange en onpartydigheid

Van die voorsitter van vergaderings word verwag om onpartydig op te tree, selfs al is sy funksie nie judisieel of selfs kwasijudisieel van aard nie.³⁶ Op dieselfde wyse word daar van 'n ontvanger vereis om onpartydig te wees, veral in sy beoordeling van die toelaatbaarheid van eise.³⁷

Waar daar reeds die beswaar bestaan dat die aanbieder die ontvanger nomineer, behoort daar streng vereistes van onpartydigheid aan die ontvanger gestel te word.³⁸

2. Regte en verpligtinge van die ontvanger namens skuldeisers

Die regte en verpligtinge van die ontvanger in die uitvoering van die skikking, word in die skikkingsaanbod uiteengesit. Sy enigste funksie is om die skikking te interpreteer en uit te voer, en dit kan hy slegs doen binne die raamwerk van die skikking self.³⁹ Sommige van sy normale regte en verpligtinge word vervolgens ondersoek.

a) Kennisgewing van bekragtiging van die skikking of reëling

In die Transvaal word, sedert die beslissing in *Ex parte De Wet NO : In re Atlas Motion Picture Co (Pty) Ltd*⁴⁰ vereis dat die skikkingsaanbod 'n klousule bevat wat die ontvanger

-
- 36) Sien *Ex parte AG Frohlich & Sons (Pty) Ltd* 1969(2) PH E.11 (Botswana); *Ex parte Voysey Bond Property Investments Ltd* 1978(2) SA 134(D).
- 37) Vgl *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin and Others* 1981(1) SA 799(W).
- 38) Dat die howe wel streng vereistes van onpartydigheid aan hom stel, blyk uit *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin and Others* 1981(1) SA 799(W), waar die hof bevind dat die ontvanger gemene saak met die aanbieders gemaak het en dus nie onpartydig opgetree het nie; dat die hof normaalweg die saak terug sou verwys het na die persoon by wie die diskresie berus, maar dat in hierdie geval die hof self die diskresie uitoefen en die eis toelaat.
- 39) "Within its four corners" - sien *Ex parte Ensor NO : In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978(3) SA 908(D) 911B-C.
- 40) 1978(1) SA 375(W) 378D-E.

verplig om na bekragting van die skema, skriftelike kennisgewing van sodanige bekragting aan elke bekende skuldeiser te stuur.

In Natal is hierdie beslissing nagevolg in *Ex parte Ensor NO : In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd*⁴¹ met die bykomende vereiste dat kennisgewing van die bekragting van die skema in die Staatskoerant en ander koerante gepubliseer moet word.

Die vereiste dat kennisgewing van bekragting van die skema in veral die Staatskoerant gegee moet word, moet verwelkom word. So 'n kennisgewing is logies in die lig daarvan dat kennisgewing van die verskillende stappe in 'n likwidasië en in 'n geregtelike bestuur, ook in die Staatskoerant gegee word en dat dit vinnig en maklik daarin nagegaan kan word.

Ongelukkig word die voorbeeld van die Natalse howe nie algemeen nagevolg nie.⁴²

b) Bewys van eise deur skuldeisers

Daar bestaan geen algemene vereiste dat skuldeisers hul eise teen die maatsakppy moet bewys alvorens hulle geregtig sal wees om in 'n verdeling onder skuldeisers te deel nie. Die skikkingsaanbod bepaal egter gewoonlik dat skuldeisers hul eise tot bevrediging van die ontvanger moet bewys op dieselfde

41) 1978(3) SA 908(D) 913C-E.

42) Vgl bv *Ex parte Cronjé NO* TPA saak no 14250/82, 12-10-1982 (ongerapporteer), waar slegs vereis word dat die ontvanger alle bekende skuldeisers binne 14 dae vanaf bekragting van die skema, "kennis gee" van die bekragting en hulle aandag daarop vestig dat hulle hul eise moet bewys. Sien egter *Ex parte Barnes and Others NNO : In re Seawright (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1973(2) SA 201(W) op 201H waar die skikkingsaanbod voorsiening gemaak het vir kennisgewing van bekragting dmv kennisgewing deur die pos en advertensies in die *Staatskoerant* en ander koerante; die inisiatief het hier van die aanbieder en nie van die hof af gekom nie.

wyse as wat h eis teen h insolvente boedel bewys moet word.⁴³

Waar h skikkingsaanbod swyg oor die bewys van eise, moet die ontvanger ingevolge die rekords van die maatskappy aan elke skuldeiser sy pro rata vergoeding ingevolge die skikking uitbetaal.

Waar die skikking wel vereis dat eise bewys moet word op dieselfde wyse as wat eise teen h insolvente boedel bewys word, is daar egter sekere kardinale verskille tussen die twee maniere waarop eise bewys word -

- (i) By h insolvente boedel tree h amptenaar⁴⁴ as voorsitter op, terwyl die persoon wat by h skikking of reëling beslis oor die toelaatbaarheid van h eis, die genomineerde van die aanbieder is.
- (ii) By insolvensie word eise slegs op byeenkomste van skuldeisers bewys en kry ander skuldeisers die geleentheid om insae in die eise te kry en, indien nodig, om die eise aan te val. By h skikking of reëling word die eise by die ontvanger ingedien en net die ontvanger gaan die eise na.

Die aanbod behoort daarvoor voorsiening te maak dat die ontvanger die eise kan aanvaar, verwerp, verminder, op h later stadium (na aanvaarding) kan verwerp of verminder, of kan skik. Daar behoort ook voorsiening vir voorwaardelike skuldeisers en vir appèl na die Hooggeregshof binne h bepaalde tydperk gemaak te word.

-
- 43) Geen beslissing kon gevind word waarin dit *nie* van *skuldeisers* verwag word om hul eise te bewys alvorens hulle deel kan hê aan h verdeling ingevolge h skikking of reëling *nie*.
 - 44) Die Meester of h amptenaar in die staatsdiens deur hom aangewys; of h landdros of h amptenaar deur hom aangewys; vgl a 412(a) van die Wet, asook a 39(2) van die Insolvensiewet, 1936 soos gewysig.

Die skikking maak gewoonlik daarvoor voorsiening dat eise binne 'n sekere tydperk na bekragting van die skema bewys moet word, of anders word skuldeisers geag afstand te doen het van hul eise. In *Ex parte Wells NO*⁴⁵ wys die hof daarop dat nêrens in die Wet die mag aan die hof verleen word om 'n skuldeiser sy reg om deel te neem aan die verdeling, te ontnem nie.

Die aanbod is gevolglik gewysig om te lui dat alle skuldeisers wat behoorlik kennis gekry het van die voorlegging van die aanbod en van die vergaderings van skuldeisers, en wat desnieteenstaande versuim om hul eise binne die voorgeskrewe tydperk in te dien, geag sal word afstand te doen het van hul eise. Spesiale voorsiening is ook gemaak vir skuldeisers wat nie kennis van die skema ontvang het nie.⁴⁶

Probleme ontstaan uit die bewoording van die skema, dat skuldeisers "geag" sal word afstand van hul eis te doen het indien die eis nie betyds bewys is nie. In *Steel v Shanta Construction (Pty) Ltd and Others*⁴⁷ is die eiser se eis betyds gepos maar, sonder dat hy bewus daarvan was, is die eis nooit deur die ontvanger ontvang nie. Hoewel sy eis nie binne die voorgeskrewe tydperk ontvang is nie, is dit duidelik dat hy nooit die bedoeling gehad het om afstand van sy eis te doen nie. Met inagneming

45) 1968(4) SA 391(W).

46) Op 394D-F. In *Ex parte Barnes and Others NNO : In re Seawright (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1973(2) SA 201(W). is aangevoer dat daar spesiale omstandighede teenwoordig was en dat die skikking dus voorsiening moes maak vir die afstanddoening van alle eise wat nie betyds bewys is nie; die hof weier die versoek. Sien ook *Ex parte De Wet NO : In re Atlas Motion Picture Co (Pty) Ltd* 1978(1) SA 375(W); *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N); *Ex parte Ensor NO : In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978(3) SA 908(D).

47) 1973(2) SA 537(T).

van die bewoording van die betrokke skema, beslis die hof dat die effek van die spesifieke bewoording is dat die geagte afstanddoening finaal is teen die betrokke skuldeiser en dat hy alle regte verloor tensy sy eis binne die voorgeskrewe tydperk bewys is. Of hy die *bedoeling* gehad om afstand van sy eis te doen, al dan nie, is irrelevant.

Waar 'n eis laat ingedien word, maar voordat die ontvanger 'n verdeling gemaak het, is dit nie duidelik of die ontvanger by magte is om so 'n eis te aanvaar nie. In *Ex parte Ensor NO: In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd*⁴⁸ is beslis dat tensy die skikking self aan die ontvanger die mag daartoe gee, hy geen magtiging hoegenaamd het om 'n eis wat laat ingedien is te erken, of om toestemming tot laat indiening te verleen nie.⁴⁹

(c) Oorweging van eise deur die ontvanger en appèl teen verwerping

Wanneer die ontvanger 'n eis oorweeg, moet hy eerstens kyk of die eis formeel in orde is en dan 'n onafhanklike mening vorm oor die geldigheid van die eis.⁵⁰ Dit is sy funksie om te kyk of daar moontlik redes is waarom die eis verwerp behoort te word.⁵¹ In die uitoefening van hierdie taak

48) 1978(3) SA 908(D).

49) Op 911A-B. Op 910G-H van die verslag word verwys na 'n aantal aansoeke om "kondonasie" van die laat indiening van eise wat deur die Durban & Kus Plaaslike Afdeling aangehoor en toegestaan is: *Hoover (South Africa) (Pty) Ltd v Bradroy Furnishers (Pty) Ltd and Another* (saak no M108/1969); *Kruger and Wilson (Pty) Ltd and Others v Bradroy Furnishers (Pty) Ltd and Another* (saak no M766/1969); *Goldkist Farm (Pty) Ltd v Athlone Hotel (Pty) Ltd and Another* (saak no M1128/1973). Al hierdie sake is onge-rapporteer. Sommige ontvangers het skynbaar die beleid gehad om laat indiening te kondoneer en dit dan aan enige persoon wat voel dat hy daardeur benadeel is, oor te laat om hom hof toe te neem. (Sien 910H).

50) *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799(W) 803H-804A.

51) *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592(A) 599G-H; *Metal Box Co of SA Ltd v AS Dunstan (Pty) Ltd* 1974(2) SA 208(T) 212H; *UDC Bank Ltd v Lipschitz NO* 1977(1) SA 275(W) 277.

moet hy oorweging gee aan enige verstoë wat deur die betrokke skuldeisers of enige ander belanghebbende party tot hom gerig word.⁵²

Indien die skikking die nodige magte daartoe aan die ontvanger gee, kan hy van 'n skuldeiser verwag om hom aan ondervraging te onderwerp.⁵³

Die skikking bepaal gewoonlik 'n tydperk waarbinne appèl teen die verwerping van 'n eis tot die Hooggeregshof gerig moet word.⁵⁴ Die ontvanger is nie by magte om hierdie tydperk te verleng nie, tensy die skikking aan hom hierdie mag verleen.⁵⁵

-
- 52) *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592(A) 601C-D.
- 53) Vgl *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799(W) 804D-F. Hierdie ondervraging sal waarskynlik slegs van beperkte omvang kan wees en sal slegs mag handel oor die ontstaan van die eisoorzaak.
- 54) Vgl *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592 (A)597G (binne 14 dae na kennisgewing van verwerping); *Olbrich KG v Cohen NO* 1975(4) SA 621(W) 622G (binne 14 dae); *Danzas Trek (Pty) Ltd v Du Bourg and Another* 1979(4) SA 915(W) 918H (binne 14 dae); *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799(W) 802C-D (binne 30 dae).
- 55) Sien *Olbrich KG v Cohen NO* 1975(4) SA 621(W) 624G-625A. Sien ook *Ex parte Ensor NO : in re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978(3) SA 908(D) 911A-B waar dieselfde beslis is tov 'n verlenging van die tydperk waarbinne eise ingedien moet word. Die hof is nie sonder meer by magte om hierdie tydperk te verleng nie; in Australië het die hof wel statutêr die mag om so 'n tydperk te verleng. Sien *Caratti v Hillman* 4 ACLR 170.

Probleme het ontstaan waar 'n skikking weens swak be-
woording bepaal het dat indien 'n eis verwerp word, *aksie*
binne die voorgeskrewe tydperk in 'n bevoegde hof ingestel
moet word vir die hersiening of tersydestelling van die
ontvanger se beslissing.⁵⁶ Die hof was egter bereid om
met inagneming van die bepalings van die besondere skikking
'n wyer interpretasie aan die woord *aksie* te gee en dit
nie te beperk tot verrigtinge by wyse van dagvaarding nie.⁵⁷

Waar die ontvanger se besluit om 'n eis te verwerp, op her-
siening geneem word, kan die hof nadat hy sy bevinding ge-
maak het, òf die saak na die ontvanger terugverwys,⁵⁸
desnoods met opdragte oor die aangeleenthede wat hy in ag
moet neem wanneer hy weer oor die toelaatbaarheid van 'n eis
beslis,⁵⁹ òf die hof kan self finaal beslis oor die toe-
laatbaarheid, kategorie⁶⁰ en bedrag van die eis.⁶¹

-
- 56) *Sien Danzas Trek (Pty) Ltd v Du Bourg and Another* 1979(4) SA 915(W) op 918H. Sien ook *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592(A) 597G; *Olbrich KG v Cohen NO* 1975(4) SA 621(W) 622G. In *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799(W) 802C-D word slegs verwys na "appropriate steps".
- 57) *Danzas Trek (Pty) Ltd v Du Bourg and Another* 1979(4) SA 915(W) op 920B.
- 58) *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799(W) 805D-E.
- 59) Vgl *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592(A) 603A.
- 60) By versekerde of konkurrente eis - sien *Danzas Trek (Pty) Ltd v Du Bourg and Another* 1979(4) SA 915(W) 922C.
- 61) *Danzas Trek* - saak *supra*; *Aircondi Refrigeration*- saak *supra*; *UDC Bank Ltd v Lipschitz NO* 1977(1) SA 275(W) 296H-298; *Lipschitz NO v UDC Bank Ltd* 1979(1) SA 789(A).

(d) Algemene bevoegdhede van die ontvanger

'n Klousule wat dikwels in 'n skikkingsaanbod aangetref word is dat die ontvanger *mutatis mutandis* dieselfde magte sal hê as wat 'n likwidateur sou hê in die geval waar 'n maatskappy gelikwideer word.⁶²

Ten spyte van hierdie bewoording in 'n skema, is dit duidelik dat die ontvanger se magte nie wyer strek as die raamwerk van die skema self nie.⁶³ Hy is dus by magte om eise te aanvaar of te verwerp, maar hy kan nie bv direkteure onder-
vra oor hul bestuur van die maatskappy voor likwidasie nie,⁶⁴ hy kan nie aanvegbare transaksies wat net ingevolge 'n statutêre bepaling deur 'n likwidateur of geregte-
like bestuurder aangeval kan word, ter syde laat stel nie⁶⁵ en hy kan nie uitstaande skulde van die maatskappy invorder tensy die skulde uitdruklik as deel van 'n skema aan hom gesedeer word nie.⁶⁶ Aan die ander kant het hy alle aanvullende magte wat nodig is om te besluit of 'n eis

-
- 62) Sien *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592(A) 599H; *Lansdown NO v Baldwins Ltd* 1973(3) SA 908(W) 910H; *Olbrich KG v Cohen NO* 1975(4) SA 621(W) 623G; *Gunn and Another NNO v Victory Upholsterers (Pty) Ltd* 1976(1) SA 127(D) 134G; *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N) 1084A, sien ook 1084C-D waar die regter kritiek uitspreek oor "... the less selective borrowing *mutatis mutandis* of a liquidator's general armoury".
- 63) Vgl bv *Olbrich KG v Cohen NO* 1975(4) SA 621(W) 623H.
- 64) Vgl *Gunn and Another NNO v Victory Upholsterers (Pty) Ltd* 1976(1) SA 127(D) 135B-C.
- 65) Vgl *South African Board of Executors and Trust Co Ltd (In Liquidation) v Gluckman* 1967(1) SA 534(A) 541; *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592(A) 600E-H; *Lansdown NO v Baldwins Ltd* 1973(3) SA 908(W) 912C-H; *Gunn and Another NNO v Victory Upholsterers (Pty) Ltd* 1976(1) SA 127(D) 135C-D.
- 66) Vgl *Gunn and Another NNO v Victory Upholsterers (Pty) Ltd* 1976(1) SA 127(D).

aanvaar of verwerp behoort te word.⁶⁷

Die ontvanger kan ook, as die skikking hom die nodige magtiging daartoe gee, vereis dat 'n skuldeiser homself aan ondervraging sal onderwerp oor sy eis.⁶⁸

Spesifieke take kan in die skema aan die ontvanger opgedra word, bv om spesifieke bates te realiseer, en in so 'n geval sal hy noodwendig wyer magte benodig.

(e) Sekuriteit vir die behoorlike uitvoering van die ontvanger se pligte

'n Likwidateur en 'n geregtelike bestuurder moet, alvorens hul in hul amp aangestel word, bevredigende sekuriteit aan die Meester van die Hooggeregshof verskaf vir die behoorlike uitoefening van hul pligte.⁶⁹

Geen soortgelyke vereiste word tog die ontvanger namens skuldeisers gestel nie. Die skikking of reëling kan wel van die ontvanger vereis dat hy sodanige sekuriteit sal verskaf.⁷⁰

-
- 67) Sien *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592(A) 600H; *Olbrich KG v Cohen NO* 1975(4) SA 621(W) 624G; *UDC Bank Ltd v Lipschitz NO* 1977(1) SA 275(W) 277H.
- 68) Vgl *Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others* 1981(1) SA 799(W) 804E-F.
- 69) Vgl a 375(1) en a 429(1)(b)(i). Daar is geen uitdruklike vereiste in die Wet dat 'n finale geregtelike bestuurder sekerheid moet stel nie - sien Henochsberg 758.
- 70) Indien die ontvanger sekerheid moet stel, behoort die aanbod te bepaal dat die premies vir die sekerheidstelling uit die fondse onder beheer van die ontvanger betaal sal word.

Die probleem is dat die skikkingsaanbod deur die aanbieder opgestel word en dat hy nie ingestel is op die beskerming van skuldeisers nie; dat die vereiste dat sekerheid gestel word, addisionele koste vir òf die aanbieder òf die skuldeisers meebring en dat dit moontlik deur die betrokke partye as onnodig beskou mag word.⁷¹

h Probleem met sekerheidstelling is ook dat dit net effektief is indien daar h persoon is teenoor wie sekerheid gestel word en indien daar bepalings is oor hoe die borg se verpligtinge ingevolge hierdie sekerheidstelling in werking gestel sal word. Sekerheid word gewoonlik hier teenoor die aanbieder gestel; as hy nie bereikbaar is, of bereid is om op te tree teen die ontvanger nie, is die sekerheidstelling slegs van beperkte nut.

Anders as by likwidasie, waar sekerheid teenoor die Meester gestel word en hy bereid is om waar nodig op te tree, mag dit blyk dat al word sekerheid deur die ontvanger gestel vir die behoorlike uitoefening van sy pligte, dit steeds nie voldoende beskerming vir skuldeisers bied nie omdat die sekerheid nie teenoor hulle of h verteenwoordiger van hulle almal gestel word nie, maar wel teen die aanbieder.

(f) Ontvanger se trustrekening

Daar bestaan geen wetlike vereiste dat die ontvanger die gelde wat vir verdeling beskikbaar is, in h trustrekening moet stort of h afsonderlike bankrekening in naam van die fonds moet open nie. Die aanbod behoort dus hierdie aangeleentheid

71) Sien *Ex parte Bobat : In re Kathorian Trading Co (Pty) Ltd* 1965(2) SA 291(D) 296A waar die hof uit eie beweging bepaal het dat die ontvanger sekuriteit aan die Meester moes stel alvorens hy sy amp as ontvanger aanvaar het. So h bevel is buitengewoon.

te reël⁷² maar waar die aanbod swyg, mag die ontvanger waarskynlik die fondse in sy eie bankrekening inbetaal.

(g) Verantwoording aan die Meester van die Hooggeregshof

h Skikking of reëling bepaal soms dat die ontvanger geen rekenskap aan die Meester hoef te gee nie,⁷³ maar so h bepaling is oorbodig.⁷⁴ Omdat die likwidatiebevel opgehef of die geregtelike bestuursbevel ingetrek word by bekragtiging van die skema, val die ontvanger nie onder die jurisdiksie van die Meester nie; die Meester het geen beheer oor hom nie en die ontvanger is nie aan hom rekenskap verskuldig nie.⁷⁵

(h) Beskerming van die ontvanger

Ingevolge artikel 8(2) geniet h ouditeur, likwidateur, geregtelike bestuurder of voorlopige geregtelike bestuurder h mate van beskerming "... ten opsigte van h mening deur hom uitgespreek of sertifikaat deur hom gegee of verslag of verklaring deur hom gedoen, of h staat, rekening of dokument deur hom gesertifiseer, te goede trou en in die gewone loop van sy pligte kragtens hierdie Wet ..." tensy bewys word dat hy kwaadwillig of nalatig gehandel het.

-
- 72) Die aanbieder behoort vir homself h reg van insae in h afsonderlike rekening in naam van die fonds, te beding.
- 73) Vgl *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592(A) 600A; *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd* 1978(1) SA 1082(N) 1084F.
- 74) Sien *Dumbe Motel*- saak *supra* 1084F-G.
- 75) In die verlede is daar wel enkele kere gelas dat vergaderings van skuldeisers ter oorweging van h skema voor die Meester gehou moes word (sien bv *Bagus Allie v Meer-Onia (Pty) Ltd.*, 1948(4) SA 550 (K); *M S Mall (Cape) (Pty) Ltd & Others : In re Achies Stores (Pty) Ltd* 1952(1) PH E4(K)) maar die Meester se enigste amptelike funksie in h skikking- en reëlingskema is om die verslag soos vereis deur a 311(4) aan die hof voor te lê.

Hierdie uitdruklike beskerming wat artikel 8 verleen, is nie van toepassing op die voorsitter of die ontvanger nie, al is hulle toevallig ook die ouditeur, likwidateur, geregtelike bestuurder of voorlopige geregtelike bestuurder van die maatskappy.

Die voorsitter en ontvanger is dus verplig om 'n hoër mate van sorg aan die dag te lê by die uitspraak van 'n mening of by die opstel van 'n verslag, as wat die geval met 'n likwidateur, ens sal wees.

In *Ex parte Trakman NO : In re Dumbe Motel*⁷⁶ is daar in die skikkingsaanbod gepoog om sekere vrystellings van persoonlike aanspreeklikheid aan die ontvanger te laat toekom, maar die hof het sekere bedenkinge hieroor ge-koester.⁷⁷

(i) Opstel van 'n rekening

Daar is geen bepaling in die Wet wat van die ontvanger vereis dat hy enige verdelingsrekening moet opstel, enige bewysstukke vir uitgawes moet kan toon of rekenskap aan enige persoon of instansie moet gee nie.

Die skikking kan wel in hierdie verband bepalings bevat wat die ontvanger verplig om 'n behoorlike likwidasië- en verdelingsrekening op te stel, wat hom verplig om hierdie rekening ter insae van skuldeisers te laat lê, om kennisgewing van insae uit te stuur of bv 'n afskrif van die

76) 1978(1) SA 1082(N)

77) Sien 1084H-1085A, waar die hof oa die vrystellings beskryf as "... as generous an exemption as language can devise from any personal liability to a creditor or to the company". Dit is nie duidelik of die regter in sy beredenering bewus was van die bepalings van a 8(2) ten opsigte van die beskerming van 'n likwidateur of geregtelike bestuurder nie.

rekening aan elke bewese skuldeiser te stuur. Daar kan ook voorsiening gemaak word vir die aanteken van beswaar teen die rekening, asook vir tydperke waarbinne die rekening opgestel moet word en h tydperk waarbinne beswaar teen die voorgenome verdeling soos in die rekening uiteengesit, gemaak kan word.

Die skikking kan ook vereis dat die ontvanger, indien deur spesifieke persone⁷⁸ daarom gevra, behoorlike bewysstukke vir alle of sommige uitgawes moet toon.

Indien die skikking swyg, is die ontvanger nie verplig om enige rekening op te stel alvorens hy uitbetalings maak nie.

Al maak die skikking voorsiening vir die opstel van h rekening, is hierdie bepaling nie effektief sonder h tydsbepaling waarbinne hierdie rekening opgestel moet word nie. Nie een skema kan opgespoor word wat h verpligting op die ontvanger plaas om binne h vasgestelde tydperk h rekening op te stel of uitbetalings te maak nie.

(j) Betaling aan skuldeisers ooreenkomstig die skikking of reëling

Die ontvanger se belangrikste plig, nadat eise deur hom ondersoek en aanvaar is, is om h verdeling aan skuldeisers te maak. Hierdie verdeling moet streng in ooreenstemming met die bepalings van die skikking geskied.

78) Bv die aanbieder of enige bewese skuldeiser.

By likwidasie is daar geen wyse waarop enige skuldeiser verder 'n eis teen die betrokke maatskappy kan instel, nadat die Meester 'n finale rekening bekragtig het en nadat die likwidateur begin het om uitbetalings ooreenkomstig die rekening te maak, nie. Bekragtiging van 'n rekening deur die Meester het dieselfde uitwerking as 'n finale uitspraak van 'n hof.⁷⁹

By 'n skikking is daar nie statutêr so 'n finaliteit nie en kan finaliteit slegs deur verjaring gebring word. Ten einde 'n mate van finaliteit te bewerkstellig, is die howe bereid om 'n skikking of reëling goed te keur wat 'n tydperk bevat waarbinne alle skuldeisers wat kennis van die voorgestelde skema ontvang het, hul eise moet bewys; indien hulle versuim om dit binne hierdie tydperk te doen, word hulle geag afstand van hul eise te gedoen het.⁸⁰

H. SESSIE VAN EISE TEEN DIE MAATSKAPPY

Ten einde aan die vereistes vir 'n geldige novasie te voldoen, bepaal 'n skikking gewoonlik⁸¹ dat alle bewese eise geag sal wees aan 'n derde of aan die aanbieder gesedeer te wees, òf by bekragtiging van die skema òf by uitbetaling aan skuldeisers van wat aan hul ingevolge die skema toekom;⁸²

79) A 408.

80) Sien verder b) *Bewys van eise deur skuldeisers* hierbo.

81) Vir 'n voorbeeld van 'n uitsondering op hierdie gebruik, sien *Gunn and Another NNO v Victory Upholsterers (Pty) Ltd* 1976(1) SA 127(D) 132G-H.

82) Sien *Ex parte Ensor NO : In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978(3) SA 908(D) 916A-D waar regter Didcott vereis het dat die aanbod sodanig gewysig word dat sessie van eise geag sou word plaas te vind wanneer die laaste paaiement van 'n skuldeiser se dividend ingevolge die skema aan hom betaal word.

terselfdertyd word die bedrag van elke eis geag verminder te wees met 'n bepaalde bedrag.⁸³

Hierdie sessie van eise veroorsaak probleme wanneer 'n borg vir die maatskappy se verpligtinge, aangespreek word om ingevolge die borgkontrak te presteer.

Aan die een kant is daar die bepaling van a 311(3) wat uitdruklik bepaal dat die aanspreeklikheid van 'n persoon wat 'n borg vir die maatskappy is, nie "geraak" word deur die bekragtiging van die skikking of reëling ingevolge a 311 nie. Aan die ander kant is die eise aan 'n derde gesedeer en kan die borgskuldeiser nie meer die borgskuldenaar op daardie eis aanspreek nie.

In *Friedman v Bond Clothing Manufacturers (Pty) Ltd*⁸⁴ het hierdie probleem hom voorgedoen en is daar beslis dat in die algemeen gesproke, wanneer 'n skuld gesedeer word daarmee saam die reg om die skuldenaar en enige borg vir die skuldenaar te dagvaar, saam oorgedra word aan die sessionaris.⁸⁵ Daar is egter niks wat die skuldeiser, die sessionaris en die borg verhoed om anders ooreen te kom nie⁸⁶ en die uitwerking van a 311(3) is derhalwe dat dit nie by 'n skikking of reëling nodig is om uitdruklik die skuldeiser se regte teen die borg voor te behou nie, omdat a 311(3) juis dit doen.⁸⁷

-
- 83) Eise word geag verminder te wees met bv een sent in elke rand, ten einde die inhoud van die eis te omvorm en so aan die vereistes vir 'n geldige novasie te voldoen. Sien ook H 6 B 6 e) *Sessie van eise en vermindering van eise*.
- 84) 1965(1) SA 673(T).
- 85) 677A-B. Sien in die algemeen H 5 E 4. *Sessie*
- 86) 677C-D
- 87) 678A-B. Hierdie beslissing is nagevolg in *Jeral Distributors v Rosen* 1975(2) SA 149(K) 153E-G; *Dick and Another v Olver and Another* 1979(4) SA 880(K).

I. BORGE

Die goedkeuring van 'n skikking of reëling ingevolge a 311 raak nie die aanspreeklikheid van 'n persoon wat 'n borg vir die maatskappy is nie.⁸⁸

Die probleme wat in verband hiermee ontstaan, is reeds elders bespreek. Hierdie probleme is

- of die borg stemreg op grond van sy voorwaardelik eis teen die maatskappy het⁸⁹
- of die borg deur die borgskuldeiser aangespreek kan word vir betaling, waar die skikking of reëling bepaal dat alle eise ingevolge die skikking geag word aan 'n derde gesedeer te wees.⁹⁰

J. HERVESTIGING VAN BEHEER IN DIE DIREKTEURE VAN DIE MAATSKAPPY

Die skikking kan bepaal dat beheer oor die maatskappy weer in die ou direkteure sal setel, of dat die aanbieder, indien hy 'n buitestaander is wat as deel van die skema beheer oor die maatskappy verkry het, nuwe direkteure sal aanwys. 'n Bepaalde datum word gewoonlik in die aanbod vermeld as die datum waarop beheer sal oorgaan.

-
- 88) A 311(3). Hierdie bepaling is ingevoer op aanbeveling van die Lansdownkommissie, aanbeveling 251, deur a 64(a), Maatskappywysigingswet No 23 van 1939. Sien ook *Lalia v Bodasing* 1955(1) PH F49(D).
- 89) Sien H 7 D 8 a) *Stemming deur voorwaardelike skuldeisers*.
- 90) Sien H *Sessie van eise teen die maatskappy* hierbo.

De Jure beheer oor 'n maatskappy kan egter nie vanaf die likwidateur of geregtelike bestuurder op 'n ander party oorgaan alvorens 'n bestaande bevel⁹¹ van likwidasie of geregtelike bestuur deur die hof ter syde gestel is nie;⁹² die hofbevel ingevolge waarvan die skema bekragtig word, is ook nie effektief alvorens 'n gesertifiseerde afskrif daarvan nie op die voorgeskrewe wyse deur die Registrateur geregistreer is nie.⁹³

Voordat beheer oor 'n maatskappy weer in die ou direkteure, of in nuwe direkteure, kan vestig, moet enige likwidasie of geregtelike bestuur van die maatskappy beëindig wees en moet die hofbevel wat die skikking of reëling goedkeur, deur die Registrateur geregistreer wees.

K. PLIGTE VAN DIE LIKWIDATEUR OF GEREGETELIKE BESTUURDER

Hoewel likwidasie ophef of 'n geregtelike bestuursbevel ingetrek mag wees, het die likwidateur of geregtelike bestuurder steeds 'n aantal pligte om af te handel.

1. Oorhandiging van bates

Die ontvanger se eerste taak is om die bates van die maatskappy aan die nuwe beheerders oor te dra.⁹⁴ Die Meester vereis in so 'n geval van die likwidateur 'n kwytskelding en versekering van die maatskappy dat hy weer in beheer van al sy bates gestel is.⁹⁵

-
- 91) Indien die maatskappy in vrywillige likwidasie is, sal die likwidasie beëindig moet word deur 'n aansoek ingevolge a 354(1) tot die hof te rig vir die opheffing van die likwidasie.
- 92) Sien *Ex parte De Wet NO : In re Mackville Motors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1971(1) SA 256(W).
- 93) Sien *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963(W).
- 94) Hierdie spreek vanself, maar sien *Die Meester v Joubert en Andere* 1981(4) SA 211(A) 221A-C, waar dit blyk dat die aanbieder aksie teen die voorlopige likwidateur ingestel het om sekere bates van die maatskappy wat "verduister en ontvreem" is, te verhaal.
- 95) Vgl *Die Meester v Joubert en Andere* 1981(4) SA 211(A) 215D-E.

2. Naamsverandering

Die Likwidateur of geregtelike bestuurder is verplig om binne sewe dae na sy "ontheffing"⁹⁶ by die Registrateur op die voorgeskrewe vorm⁹⁷ en teen betaling van die voorgeskrewe geld aansoek te doen om die weglating van die woorde "In Likwidasie", "In Vrywillige Likwidasie" of "Onder Geregtelike Bestuur", na gelang van die geval.⁹⁸ Versuim om dit binne die voorgeskrewe tydperk te doen, is 'n misdryf.⁹⁹

3. Betaling van Meestersfooie

Waar likwidasie of geregtelike bestuur beëindig word, moet sekere fooie aan die Meester betaal word.¹⁰⁰ Indien die maatskappy nie in staat is om hierdie fooie te betaal nie, is die likwidateur of geregtelike bestuurder persoonlik aanspreeklik vir betaling daarvan.¹⁰¹

4. Rekening aan ontvanger

Die likwidateur of geregtelike bestuurder moet so spoedig moontlik 'n rekening aan die ontvanger of die aanbieder¹⁰² voorlê vir uitgawes deur hom aangegaan tot op die stadium

-
- 96) 'n Likwidateur of geregtelike bestuurder word nie formeel uit hul amp onthef nie - sien 5 "Ontslag" van die likwidateur hieronder.
- 97) CM 9C.
- 98) A 49(7) gelees met a 49(5). 'n Finale geregtelike bestuurder moet ook kennis van die intrekking van die geregtelike bestuursbevel gee op vorm CM40 (a 433(d)(ii)). Daar rus skynbaar nie 'n soortgelyke verpligting op 'n likwidateur nie.
- 99) A 49(9); oortreding is strafbaar met 'n maksimum-boete van R100 (a 433(1)(i)).
- 100) Soos uiteengesit in Aanhangel CM 103. Sien ook *The Master v IL Back & Co Ltd* 1981(4) SA 763(K); 1983(1) SA 986(A).
- 101) Vgl *Ensor v The Master* 1983(1) SA 843(A).
- 102) Afhangende van die bepalings van die skema; as die skema swyg, moet die maatskappy sy rekening vereffen.

waarop likwidasië of geregtelike bestuur deur die hof beëindig is, sowel as vir sy vergoeding soos deur die Meester toegelaat.¹⁰³

5. "Ontslag" van die likwidateur

Nadat aan die voorafgaande vereistes voldoen is, kan die likwidateur by die Meester aansoek doen om 'n sertifikaat dat hy al sy pligte ingevolge die Wet nagekom het en aan al die vereistes van die Meester voldoen het.¹⁰⁴

L. VERVANGING VAN DIE ONTVANGER NAMENS SKULDEISERS

Waar die skikkingsaanbod swyg oor die hof se mag om 'n ontvanger van sy pligte te onthef en 'n ander in sy plek aan te stel, is die howe onseker oor die prosedure wat gevolg moet word.

In *Die Meester v Joubert en Andere*¹⁰⁵ het die ontvanger K, 'n *ex parte*-aansoek gebring waarin hy die hof versoek om hom van sy amp as ontvanger te onthef en P in sy plek aan te stel. In sy beëdigde verklaring ter ondersteuning van sy aansoek, verklaar hy verkeerdelik dat hy en V mede-ontvangers is. 'n Bevel *nisi* word uitgereik waarin P as vervangende ontvanger aangestel word. Die Meester doen verslag aan die hof en wys oa daarop dat

- (i) die aanbieder J nog nie ingevolge die skikking gepresteer het nie en dus nie die aangewese persoon is om 'n vervangende ontvanger voor te stel nie;

103) Die Meester vereis 'n beëdigde verklaring dat alle administrasiekoste betaal is alvorens hy ingevolge a 385(1) sertifiseer dat die likwidateur sy pligte nagekom en aan al die Meester se vereistes voldoen het. Sien *Die Meester v Joubert en Andere* 1981(4) SA 211(A) 215D-E.

104) A 385(1). Die likwidateur word nooit werklik formeel uit sy amp onthef nie. Sien Cilliers en Benade 670. Daar is skynbaar nie 'n soortgelyke bepaling mbt geregtelike bestuurders nie. Na uitreiking van hierdie sertifikaat mag die sekerheid wat deur die likwidateur gestel is vir die bevredigende uitoefening van sy pligte, verminder of gekanselleer word (a 385(2)).

105) 1981(4) SA 211(A).

(ii) K deur die Meester vir goeie redes uit meer as 100 ampte as kurator en likwidateur onthef is en dus ook nie die aangewese persoon is om h vervangende ontvanger voor te stel nie.

(iii) die voorgestelde plaasvervanger P nie aan die Meester bekend was nie.

Onder die omstandighede beveel die Meester aan dat die vermeende mede-ontvanger V gelas word om vergaderings van skuldeisers byeen te roep vir die verkiesing van h vervangende ontvanger. Die Meester het aangebied om as voorsitter van so h vergadering op te tree.

Die hof gelas dat V vergaderings van skuldeisers byeenroep en daarna verslag aan die hof doen.¹⁰⁶

Hierdie optrede was waarskynlik korrek, in die lig daarvan dat die hof slegs beperkte magte het om h skikking of reëling na goedkeuring te wysig.¹⁰⁷ Waar so h ingrypende wysiging van h skikking of reëling plaasvind, te wete dat die ontvanger namens skuldeisers deur h ander vervang word terwyl die aanbieder versuim het om ingevolge die skema te presteer, kan dit slegs by wyse van h aanvullende skema geskied, wat deur die vereiste meerderhede goedgekeur moet word op vergaderings wat ingevolge h hofbevel byeengeroep is.

In *Die Meester v Joubert en Andere*¹⁰⁸ het dit gegaan om die ver-

106) Ter illustrasie van die probleme wat ondervind word met die vervanging van h ontvanger, moet vermeld word dat geen skuldeisers hierdie vergadering wat deur V belê is, bygewoon het nie. (Sien 224A van die verslag).

107) Oor die mag van die hof om die goedgekeurde skema te wysig, sien D. *Wysiging van die bekragtigde skikking of reëling* hierbo.

108) 1981(4) SA 211(A).

vanging (vrywilliglik) van die ontvanger namens skuldeisers.¹⁰⁹
Moeliker is egter die probleem waar gepoog word om die ontvanger uit sy amp te verwyder.¹¹⁰

Dit is dus belangrik dat die prosedure waarvolgens die ontvanger vervang of uit sy pos onthef kan word, en die omstandighede waaronder dit mag geskied, sorgvuldig in die skikkingsaanbod uiteengesit word. Waar die skikking swyg, sal 'n aansoek tot die hof gerig moet word vir sodanige vervanging of ontheffing.¹¹¹

Daar bestaan nie eensgesindheid oor wie se belange die swaarste weeg by die aanwysing van 'n nuwe ontvanger nie en of hy aangewys behoort te word deur die aanbieder, deur die huidige ontvanger, deur skuldeisers of deur die hof uit eie beweging nie. Die vervanging van die aanbieder sal moontlik as 'n aanvullende skikking of reëling beskou word wat opnuut deur die vereiste meerderhede en op die voorgeskrewe wyse aanvaar moet word.

M. BEHEER OOR DIE ONTVANGER NAMENS SKULDEISERS

Daar is twee wyses waarop beheer oor die ontvanger uitgeoefen word, nl op kontraktuele wyse en deur die hof. Dit begin egter nodig word dat statutêre beheer ook oor hom uitgeoefen sal word.

109) Sien verder die volgende beslissings, almal TPA ongerapporteer en almal gegee op 27-1-1978: *Kotze NO v Nylstroom Slaghuis (Edms) Bpk M 241/78*; *Kotze NO v Paula's Cake Shop (Edms) Bpk. M243/78*; *Joubert en 'n ander v Kotze NO en ander : In re Carolina Trekkers en Implemente (Edms) Bpk, M244/1978*; *Kotze NO v Strydom Tonnel Ruskamp (Edms) Bpk M245/1978*; *Kotze NO v Emata Motors (Edms) Bpk M 246/1978*; *Kotze NO v Atomium Ondernemings (Edms) Bpk (in kompromie) M 248/78*.

110) Vgl *Carstairs Building Advisory Services Pty Ltd v Askev* (1978) 3 ACLR 585.

111) Indien die ontvanger uitdruklik deur die hof aangestel is in die bevel wat die skikking of reëling goedkeur, sal 'n aansoek tot die hof gerig moet word vir vervanging of ontheffing, aangesien die hofbevel nie sonder meer deur onderlinge ooreenkoms gewysig kan word nie.

1. Kontraktuele beheer

Die aanbieder en skuldeisers kan beheer oor die werksaamhede van die ontvanger uitoefen in dié mate waarin die skikking daarvoor voorsiening maak.

Die volgende is enkele voorbeelde van bedinge wat in die skikking vervat kan word, waardeur 'n mate van beheer oor die ontvanger uitgeoefen kan word:

- (i) Die ontvanger kan ingevolge die bepalings van die skikking verplig word om sekerheid tot bevrediging van die aanbieder te stel alvorens enige betalings aan hom gemaak word.¹¹²
- (ii) Die ontvanger kan in die skikking verplig word om 'n afsonderlike bankrekening in naam van die fonds te open, of om gelde in 'n trustrekening te stort; hy kan verder deur die aanbod verplig word om kennis aan die aanbieder te gee van die naam van die bank, tak en rekeningnommer, en die aanbieder kan 'n reg van insae in hierdie rekening in die aanbod beding.¹¹³
- (iii) Die aanbod kan òf bepaal dat die ontvanger verplig sal wees om voor enige verdeling 'n behoorlike rekening op te stel en insae daarin aan skuldeisers te gee; òf daar kan bepaal word dat die aanbieder die reg sal hê om ter enige tyd so 'n rekening te vereis. Voorsiening kan ook daarvoor gemaak word dat bewysstukke vir alle uitgawes ter insae beskikbaar moet wees.¹¹⁴

112) Vir moontlike probleme in hierdie verband sien G 2 e).
Sekuriteit vir die behoorlike uitvoering van die ontvanger se pligte hierbo.

113) Sien verder G 2 f) *Die ontvanger se trustrekening hierbo.*

114) Sien G 2 i) *Opstel van 'n rekening hierbo.*

-
- (iv) Daar kan verder voorsiening gemaak word vir optrede waar die ontvanger nie sy pligte behoorlik nakom nie, of nie in staat is om behoorlik rekenskap te gee nie. Daar kan ook 'n prosedure neergelê word waardeur skuldeisers individueel of as groep¹¹⁵ die ontvanger kan verplig om rekenskap te doen.
- (v) 'n Belangrike leemte in feitlik alle skikkings is dat daar geen tydperke gestel word waarbinne die ontvanger sy verpligtinge moet nakom nie. As aansporing vir hom om sy taak af te handel, kan 'n tydperk gestel word waarbinne hy sy verdeling moet maak; 'n verlenging van hierdie tydperk kan deur skuldeisers toegestaan word en daar kan bepaal word dat hy nie op vergoeding geregtig sal wees alvorens hy nie sy verpligtinge behoorlik nagekom het nie.¹¹⁶

2. Beheer deur die hof

Die hofprosedure leen homself nie tot deurlopende beheer deur die hof oor die ontvanger namens skuldeisers nie. Die aanbieder of 'n skuldeiser kan hoogstens in 'n gepaste geval die hof nader om die ontvanger te verplig om 'n spesifieke bepaling van die skikking uit te voer, of om ander regshulp te verleen. Die rol van die hof kan uiteraard net beperk wees omdat die hof slegs beperkte magte het om die skikking of reëling te wysig.

Waar die hof wel 'n funksie van beheer uitoefen, is oor

-
- 115) Indien individuele skuldeisers tydig en ontydig rekenskap van die ontvanger kan eis, mag dit hom belemmer in die uitoefening van sy pligte; 'n aanbod behoort voorsiening te maak vir die verteenwoordiging van skuldeisers deur een of meer uit hul geledere, wat rekenskap mag eis.
- 116) 'n Likwidateur en 'n geregtelike bestuurder moet binne sekere tydperke rekeninge opstel en aan die Meester voorlê (by likwidasië - sien a 403(1)) of aan skuldeisers en lede (by geregtelike bestuur - a 433(f)-(i)). Die likwidateur is nie geregtig op sy vergoeding alvorens die Meester nie 'n rekening waarin hierdie vergoeding aan hom toegeken word, bekragtig het nie (Sien a 384; Mars 257 Henochsberg 665; *Abbott v Bryant* 20 CTR 943 op 944; *Rex v Macleod* 1935 EDL 284).

die ontvanger se besluit om h eis te verwerp.¹¹⁷

3. Statutêre beheer

Die Wetgewer neem nie kennis van die bestaan van die ontvanger namens skuldeisers nie en die Wet bevat dus geen bepalinge om beheer oor hom uit te oefen nie.

Die Australiese wetgewer het die leiding geneem deur vir die eerste keer in 1981 die amp van ontvanger namens skuldeisers te erken en te reguleer.¹¹⁸

In Suid-Afrika sal die wetgewer ernstige oorweging daaraan moet gee om die bestaan van die ontvanger namens skuldeisers te erken en die amp statutêr te reël.

N. GEVOLGTREKKING

Die twee belangrikste probleemgebiede wat ontstaan nadat h skikking of reëling goedgekeur is en in werking getree het, is probleme weens die onbuigsaamheid van h goedgekeurde skikking of reëling en die feit dat die amp van ontvanger namens skuldeisers nie statutêr erken en gereguleer word nie.

Die feit dat h goedgekeurde skikking of reëlings slegs gewysig kon word deur h aanvullende of h vervangende skema, beteken dat die hele stelsel baie lomp is. h Goeie illustrasie van die probleme wat voorspruit uit hierdie onbuigsaamheid, kan gevind

117) Sien G 2 c) *Oorweging van eise deur die ontvanger en appèl teen verwerping* hierbo.

118) Vir h verdere bespreking van die leiding wat die Australiese wetgewer in hierdie verband geneem het, sien H 13 C.

word in die feitestel van *Die Meester v Joubert en Andere*,¹¹⁹
waar gepoog is om die ontvanger op eie versoek uit sy pos te

119) 1981(4) SA 211(A). Die feite, waarvan gedeeltes in *L. Ver-
vanging van die ontvanger namens skuldeisers* hierbo be-
spreek is, lees soos 'n komiese opera: K, die ontvanger
namens skuldeisers, besluit om, sonder om kennis aan die
aanbieder J te gee, dringend by die hof aansoek te doen om
van sy amp onthef te word en dat P in sy plek as ontvanger
aangestel word. Heeltemal verkeerdelik vermeld hy in sy
beëdigde verklaring dat hy en V mede-ontvangers is en dat
V uit die diens van K se maatskappy sou getree het. (V
was inderdaad nooit in diens van K se maatskappy nie en
hulle was nooit mede-ontvangers nie.) Die hof reik 'n
bevel *nisi* uit dat redes aangevoer moet word waarom P nie
as ontvanger aangestel behoort te word nie; die griffier
stuur per abuis 'n afskrif van hierdie bevel aan die
Meester, wat eintlik niks met die saak te doene het nie.
Die Meester, wat pas vir K uit 'n groot aantal vertrouens-
ampe onthef het, bemerk onraad en besluit om 'n paar feite
onder die hof se aandag te bring; in die proses steun
die Meester op die feite in K se beëdigde verklaring, wat
later blyk foutief te wees. Die Meester beveel aan dat
V gelas word om 'n vergadering van skuldeisers byeen te
roep ten einde 'n nuwe ontvanger te kies; intussen dagvaar
die aanbieder J vir V, wat voorheen voorlopige likwidateur
van die maatskappy was, omdat V sekere geld van die maat-
skappy sou verduister het. 'n Afskrif van J se dag-
vaarding word op die Meester bestel, maar kom nie onder
die Meester se aandag nie, want "Vermoedelik het die (Mees-
ter) in Pretoria 'n groot kantoor en word stukke wat in
die hokkies geplaas word deur 'n klerk sorteer en in
verskillende lêers geplaas". (227D-E). Die Meester versuim
dus om deur middel van 'n aanvullende verslag dit onder die
hof se aandag te bring dat V nie onafhanklik of onpartydig
in hierdie aangeleentheid is nie; die hof gelas dat V
'n vergadering van skuldeisers byeenroep om 'n nuwe ont-
vanger aan te wys. Niemand daag op by hierdie vergadering
nie, en die hof tas steeds rond oor hoe 'n nuwe ontvanger
nou aangewys moet word. Die aanbieder J besluit dat die
enigste oplossing sal wees om 'n nuwe skikking voor te stel
waarin M as ontvanger aangewys word; iewers in die proses
verkry J 'n kostebevel teen die Meester, wat uniek is
"in die sin dat, sover ek kon nagaan, dit nooit gebeur
het nie dat koste teen 'n openbare amptenaar soos die
Meester beveel word sonder dat ook 'n substantiewe bevel
deur of teen hom aangevra is" (223H). Die appèlhof kom tot
die Meester se redding - met 'n meerderheidsbeslissing
van drie regters teen twee. V moet ook 'n gedeelte van die
koste van appèl betaal.

onthef en met 'n ander te vervang. Wat op 27 Januarie 1978 begin het as 'n aansoek tot die hof om die vervanging van die ontvanger deur sy genomineerde, het eers op 5 Junie 1981, meer as drie jaar later, geëindig met 'n uitspraak van die Appèlhof. Skuldeisers sou waarskynlik tevrede gewees het met enige betroubare ontvanger.

Weens die kontrakteregtelike aard van die skikking en weens die gebrek aan statutêre bepalings oor die inhoud van die skikking, moet voorsiening vir elke moontlike gebeurlikheid in die aanvanklike skikkingsaanbod gemaak word; gebeur daar iets waarvoor nie voorsiening gemaak is nie, moet die hof genader word met 'n aanvullende skema, terwyl dit moontlik 'n aangeleentheid van geringe belang is wat nie die regte van skuldeisers ernstig beïnvloed nie. Vergaderings onder toesig van die Meester van die Hooggereregshof ten einde goedkeuring van skuldeisers vir geringe wysigings te verkry, sou baie meer effektief wees. Kleiner beslissings behoort ook in die hande van die Meester self gelaat te word.

In die uitvoering van skikkings behoort daar statutêr voorsiening daarvoor gemaak te word dat wysigings van minder ernstige aard aangebring kan word indien die wysigings deur die nodige meerderhede van deelnemende skuldeisers of lede goedgekeur word op vergaderings wat voor die Meester gehou word; daag niemand by 'n vergadering waarvan behoorlik kennis gegee is, op nie, behoort die Meester 'n diskresie te hê om die wysiging namens skuldeisers of lede te aanvaar.

Meer ernstige probleme ontstaan weens die feit dat die amp van ontvanger namens skuldeisers nog nie statutêr erken en gereguleer word nie, terwyl dit in praktyk duidelik uitgekristalliseer en deur die hof aanvaar word.

Die Wet maak voorsiening vir 'n mate van algemene beheer oor direkteure, beamptes, ouditeure, likwidadeurs en geregtelike bestuurders van maatskappye deur by kwalifikasies of diskwalifikasies neer te lê, sekere pligte aan hulle op te dra, voorsiening te maak vir hul ontheffing of diskwalifikasie in ernstige gevalle, en deur sekere misdrywe te skeep indien hulle nie die bepalings van die Wet nakom nie.

Waar 'n maatskappy in likwidasië of onder geregtelike bestuur is, hou die Meester toesig oor die likwidadeur of geregtelike bestuurder, kan skuldeisers by vergaderings opdragte aan hierdie persone gee en kan skuldeisers hul op die Meester beroep indien hierdie opdragte nie uitgevoer word nie.

In teenstelling hiermee word die ontvanger namens skuldeisers aan geen direkte gesag onderwerp nie. Die wetgewer is nie eens bewus van die bestaan van hierdie persoon, wat groot bedrae geld oor 'n tydperk van baie jare mag hanteer, en wat slegs met moeite tot verantwoording geroep kan word nie.

Wanneer die ontvanger namens skuldeisers se amp vergelyk word met dié van 'n likwidadeur, word gevind dat hy, in teenstelling met 'n likwidadeur nie aan enige minimum-vereistes hoef te voldoen wat sy persoon betref, soos byvoorbeeld dat hy nie 'n persoon moet wees wat deur die hof uit 'n vertrouensamp onthef is, ens nie;¹²⁰

- nie onderhewig is aan enige beheer deur die Meester van die Hooggeregshof nie;

120) Sien a 372.

-
- geen sekuriteit hoof te stel vir die bevredigende uitvoering van sy verpligtinge nie;
 - geen afsonderlike bankrekening in naam van die fonds hoof te open nie;
 - nie hoof te wag totdat sy pligte afgehandel is alvorens hy op vergoeding geregtig is nie;
 - geen rekening hoof op te stel of enige bewysstukke hoof te verskaf vir uitgawes deur hom aangegaan nie;
 - nie sy pligte binne enige bepaalde tydperk hoof af te handel nie.

Hierdie toedrag van sake kan natuurlik in die skikkingsooreenkoms anders gereël word.

’n Illustrasie van die probleme wat ondervind kan word in die uitvoering van goedgekeurde skemas, word gevind in *Kotze NO v Strydom Tonnel Ruskamp (Edms) Bpk*¹²¹, waar die ontvanger aansoek gedoen het om van sy pligte onthef te word en deur sy genomineerde vervang te word. Op die keurdatum van ’n bevel *nisi* is daar ’n beëdigde verklaring deur ’n belanghebbende party by die hof ingedien waarin redes aangevoer is waarom dit nie nodig was om ’n ander ontvanger aan te stel nie. Daaruit blyk dit dat Strydom Tonnel Ruskamp (Edms) Bpk ’n skikking met sy skuldeisers aangegaan het ingevolge waarvan sekere bedrae maandeliks aan die ontvanger oorbetaal is vir verdeling onder skuldeisers. Daarna is die aandele van die maatskappy deur die deponent en andere oorgeneem en is voortgegaan met maandelikse

121) TPA saak no M 245/1978, ongerapporteer.

oorbetalings aan die ontvanger; skuldeisers het egter mettertyd die maatskappy begin nader omdat geen betalings ontvang is nie. Die deponent het rekenskap van die ontvanger geëis, wat onvolledige state aan hom verskaf het waarin daar nie aangedui is wat met die betalings gebeur het nie.

Die maatskappy was derhalwe verplig om direkte reëlings met skuldeisers te tref vir die aankoop van hul vorderingsregte teen die maatskappy en is gelaat met 'n eis teen die ontvanger persoonlik.

Hoewel dit teoreties moontlik is om 'n mate van beheer oor die ontvanger in die skikking te beding,¹²² wys hierdie saak watter probleme daar in praktyk ondervind word om beheer oor die ontvanger uit te oefen en om hom tot verantwoording te roep.

Daar kan statutêr op twee wyses vir beheer oor die ontvanger namens skuldeisers voorsiening gemaak word. Dit is eerstens nodig dat die wetgewer kennis neem van sy bestaan en dat daar dan kwalifikasies en dikwalifikasies vir sy aanstelling neergelê word. Daarna is dit nodig om 'n stelsel te skep waardeur hy tot verantwoording geroep kan word.

Die eenvoudigste praktiese oplossing sou wees om te bepaal dat indien 'n skikking of reëling voorgestel word ten opsigte van 'n maatskappy wat in liwkidasie of onder geregtelike bestuur is,

122) Sien egter *Harris v S* (1976) 2 ACLR 51, waar daar onsuksesvol deur die Australiese registrateur van maatskappye gepoog is om 'n sg skemabestuurder (n ontvanger namens skuldeisers) te vervolg weens oneerlikheid deurdat hy 'n geheime wins uit 'n transaksie met die maatskappy sou gemaak het. Daar kan dus beperkte beheer oor die ontvanger namens skuldeisers of kontraktuele wyse beding word.

slegs die likwidaatour of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval, as voorsitter van vergaderings en as ontvanger namens skuldeisers mag optree. Hoewel die skema daarvoor voorsiening mag maak dat likwidasië of geregtelike bestuur beëindig word, moet die likwidaatour of geregtelike bestuurder voortgaan met sy pligte as ontvanger, desnoods met 'n ander benaming; moet die sekerheid wat hy by aansaanvaarding gestel het vir die behoorlike nakoming van sy pligte, van krag bly of deur nuwe sekerheidstelling vervang word; en moet hy verder, net soos wat hy andersins sou doen, rekeninge op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperke by die Meester indien. So 'n stelsel sou baie van die huidige misbruik aan bande lê.

Waar 'n maatskappy nie in likwidasië of onder geregtelike bestuur is nie, is dit nie nodig om 'n ontvanger namens skuldeisers aan te stel nie, omdat die maatskappy self die skikking of reëling kan uitvoer; versuim die maatskappy om te presteer, kan die maatskappy direk gedagvaar word vir prestasie. Die verskil is dat die maatskappy in hierdie geval nie 'n moratorium geniet nie en dat skuldeisers selfs terwyl die skema oorweeg word, hul regte teen die maatskappy kan afdwing.

HOOFSTUK 9

INEENSTORTING VAN 'N SKIKKING- OF REËLINGSKEMA

- A. INLEIDING
 - B. TERUGTREDE VOOR BEKRAGTING VAN DIE SKIKKING- OF REËLINGSKEMA
 - C. BEËINDIGING VAN 'N GOEDGEKEURDE SKIKKING- OF REËLINGSKEMA
 - D. GEVOLGTREKKING
-

A. INLEIDING

'n Skikking- of reëlingskema word deur ons howe as 'n kontrak beskou wat sy bindende krag verkry vanweë die feit dat dit ingevolge 'n statutêre bepaling deur 'n hof op al die partye bindend gemaak word.¹ Die gewone beginsels van die uitleg van kontrakte word toegepas by die interpretasie van die skema.² 'n Skikking- of reëlingskema het egter sekere kenmerke wat nie ooreenstem met dié van kontrakte nie, naamlik dat 'n persoon aan die skema gebonde kan wees sonder dat hy daartoe ingestem het, of selfs teen sy sin; en die feit dat die skema nie bloot deur onderlinge ooreenkoms tussen

- 1) Vgl *Ex parte De Wet NO: In re Mackville Motors (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1971(1) SA 256 (W) 258C-D; *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963 (W) 968H-969A; *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982(2) SA 458 (W) 462 G-H; Cilliers en Benade 430. Sien ook hfst 8B Aard van die *Bekragtigde Skema*.
- 2) Vgl *Olbrich KG v Cohen NO* 1975(4) SA 621 (W) 624 D; *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982(2) SA 458 (W) 462 H; Cilliers en Benade 430.

die partye beëindig of gewysig kan word nie.³

In die lig hiervan moet gekyk word na die "ineenstorting" van 'n skikking- of reëlinskema. Met "ineenstorting" word verwys na terugtrede deur die aanbieder, versuim deur die aanbieder om te pres- teer of enige ander omstandighede wat meebring dat die skema nie ten volle uitgevoer word nie.

**B. TERUGTREDE VOOR BEKRAGTIGING VAN DIE
SKIKKING- OF REËLINGSKEMA**

Daar bestaan nie duidelikheid oor die vraag of 'n skikking of reë- ling wat reeds deur die vereiste meerderheid van skuldeisers of lede aanvaar is maar nog nie deur die hof bekragtig is nie, terug- getrek kan word of nie.

In *Chitty and Another v Apex Building and Construction Co Ltd*⁵ het die aanbieders probeer terugtree nadat die aanbod reeds deur die vereiste meerderheid skuldeisers aanvaar is, maar nog nie deur die hof goedgekeur is nie. Namens die aanbieders word aangevoer dat die skema nog nie deur die hof bekragtig en dus nog nie bindend is nie. Die hof bevind dat die aanbieders 'n aanbod aan die geregtelike bestuurder gemaak het, wat dit aanvaar het en dit toe op die kor- rekte wyse voor skuldeisers geplaas het met die bystand van die hof, en dat die aanbod toe deur skuldeisers aanvaar is. Daar was gevolglik 'n voltooide ooreenkoms tussen die aanbieders en die ge- regtelike bestuurder en die hof is tevrede dat daar geen redes aan- gevoer is wat repudiëring van hierdie kontrak sou regverdig nie.⁶

In *Ex parte Standard Trading Co (Pty) Ltd: In re Backerian (Pty) Ltd*⁷ het die hof sonder verwysing na enige gesag *obiter* daarop

-
- 3) Oor die wysiging van skemas, sien hfst 8 D.
 - 4) In Engels is die uitdrukking gebruik dat "... the compro- mise had broken down ..." - sien *Serein Investments (Pty) Ltd v Myb (Pty) Ltd* 1967(4) SA 437 (K).
 - 5) 1949(2) SA 435 (K).
 - 6) Sien 437.
 - 7) 1954(4) SA 81 (W) op 82 C-D.

gewys dat dit moontlik mag wees dat so 'n aanbod wat reeds deur skuldeisers aanvaar is, bindend is en nie teruggetrek kan word nie, maar dat dit ook geredeneer kan word dat die aanbod aan 'n algemene groep persone gemaak is sonder dat dit aan enige spesifieke persoon gerig is en dat die enigste manier waarop 'n kontrak tot stand kom, is wanneer dit uiteindelik deur die hof bekragtig word; tot op daardie stadium kan dit teruggetrek word.

Daar kan ook geredeneer word dat nadat die aanbod deur skuldeisers aanvaar is, daar reeds 'n ooreenkoms tot stand gekom het, onderhewig aan die ontbindende voorwaarde dat die ooreenkoms verval indien die hof dit nie goedkeur nie; die funksie van die hof sou dus wees om die kontrak ook bindend te maak op diegene wat daarteen gekant is of wat nie 'n mening uitgespreek het nie.

Selfs voordat die skema deur skuldeisers aanvaar is, kan die aanbieder aan die skema gebonde gehou word deur die aangewese voorsitter van vergaderings, indien die aangewese voorsitter 'n afsonderlike ooreenkoms met hom aangegaan het waarin die voorsitter onderneem om die skema volgens statutêre voorskrif aan skuldeisers voor te lê en te laat bekragtig, en die aanbieder onderneem het om vir 'n bepaalde tydperk nie sy aanbod terug te trek nie.

Waar die aanbieder nie 'n ooreenkoms met die voorsitter sluit nie, maar self 'n aanbod direk aan skuldeisers maak, sou die aanbod moontlik teruggetrek kan word alvorens dit op vergaderings van skuldeisers aanvaar is, maar die verlof van die hof sou nodig wees vir so 'n terugtrekking omdat die hof die byeenroep van vergaderings gelas het.

Die aanbieder kan natuurlik vir homself die reg voorbehou om selfs na bekragtiging van die skema deur die hof, uit die ooreenkoms terug te tree.⁸

8) Sien *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963 (W). So 'n bepaling in die skikking is egter nie baie bevredigend nie en behoort nie ligtelik goedgekeur te word nie.

C. BEËINDIGING VAN 'N GOEDGEKEURDE
SKIKKING- OF REËLINGSKEMA

'n Skema wat deur die hof goedgekeur is, is bindend op die maatskappy sowel as op skuldeisers en lede en, waar toepaslik, ook op die likwidateur of geregtelike bestuurder.⁹ Die skikking- of reëlinskema kan ook deur die hof bindend op derdes gemaak word.¹⁰

'n Skikking of reëling is dus bindend en onaanvegbaar totdat dit ter syde gestel is.¹¹ Hiervan moet onderskei word die geval van 'n skuldeiser wat nie gebonde is aan die skema nie omdat hy òf nooit deel was van die skema nie¹² òf tot 'n klas skuldeisers behoort wat geen stem uitgebring het oor die aanvaarbaarheid van 'n skema nie.¹³

Waar die aanbieder versuim om sy verpligtinge ingevolge die skema na te kom, is die ontvanger die aangewese persoon om die aanbieder aan te spreek vir prestasie. 'n Individuele skuldeiser kan dus nie, terwyl die skema van krag is, die uitwerking van die skikking omseil of probeer om betaling te versnel deur aansoek te doen om die likwidasie van die maatskappy nie.¹⁴

Hoewel die ontvanger namens die skuldeisers die aangewese persoon is om die aanbieder vir betaling aan te spreek, sal dit van die bewoording van die bepaalde skikking afhang of die ontvanger

9) Art 311(2).

- 10) Vgl *Du Preez and Another v Garber: In re Die Boerebank Bpk* 1963(1) SA 806 (W) 812H-813E; *Investments (Pty) Ltd v Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd. Ex parte Luck NO: In re Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd* 1963(2) SA 271 (W); *Ex parte Cyrildene Heights (Pty) Ltd* 1966(1) SA 307 (W) 310 G-H; *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963 (W) 968 B-C.
- 11) *Sien Serein Investments (Pty) Ltd v Myb (Pty) Ltd* 1967(4) SA 437 (K) 439 A; *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963 (W) 969 E-F.
- 12) Vgl *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982(2) SA 458 (W).
- 13) Vgl *Barclays National Bank Ltd v HJ de Vos Boerdery Ondernemings (Edms) Bpk* 1980(4) SA 475 (A).
- 14) *Serein Investments (Pty) Ltd v Myb (Pty) Ltd* 1967(4) SA 437 (K) 439 B-C.

inderdaad by magte is om dit te doen.¹⁵

Hoewel direkte gesag op hierdie punt ontbreek, lyk dit asof die houding van die Suid-Afrikaanse hof is dat hulle wel die hofbevel wat die skikking goedkeur, weens gegronde redes ter syde kan stel.¹⁶ 'n Australiese hof het egter twyfel uitgespreek oor sy magte om 'n skikking of reëling te beëindig tensy voorsiening vir die beëindiging daarvan in die skema self gemaak is.¹⁷

Dit is moontlik vir die aanbieder om 'n reg van terugtrede, selfs na bekragtiging van die skema, vir homself voor te behou.¹⁸

'n Verdere probleem wat ontstaan in die geval van die opheffing van 'n skikking of reëling, is of die eise teen die maatskappy herleef soos hulle was voordat die skema aanvaar is.

Aan die een kant kan geredeneer word dat indien die hofbevel wat

-
- 15) Vgl *Penkin and Another v Roeland Shoes (Pty) Ltd and Others* 1972(1) SA 513 (K) 518 C-D, waar losweg die moontlikheid geopper is dat die ontvanger 'n *adjectus solutionis gratia* mag wees en dus nie by magte sal wees om te dagvaar nie. 'n *Adjectus solutionis causa* (of *gratia*) is die ontvanger nie, want 'n *adjectus* is 'n alternatiewe persoon aan wie betaling geldiglik deur die skuldenaar gemaak kan word. Sien De Wet en Van Wyk 234; Scott 242.
- 16) Sien bv *Serein Investments (Pty) Ltd v Myb (Pty) Ltd* 1967(4) SA 437 (K) 439A.
- 17) *Re SDR Apparel Pty Ltd and The Companies Act (1977)* 3 ACLR 162. Hoewel leiding in hierdie verband moontlik by die reg insake akkoord by insolvensiereg gesoek kan word, moet dit met omsigtigheid gedoen word in die lig van die verskille wat daar tussen die twee prosedures bestaan. (Oor die verskille tussen skikking en akkoord, sien hfst 11 *Beskerming van Skuldeisers en Lede*). In *Blou v Lampert and Chipkin NNO and Others* 1970(2) SA 185 (T) op 206F-G word bv verklaar dat omdat die spesifieke akkoord nie 'n bepaling bevat dat die kurator of skuldeisers aansoek om kansellasië daarvan kan doen weens verbreking van enige van die bepalings daarvan deur die insolvent nie, die kuratore nie tersydestelling (sien 195C van die verslag) van die akkoord kan eis nie; op 206G-H word egter verklaar dat selfs die hof nie 'n goedgekeurde akkoord kan wysig nie. Hierdie beperking op die hof se magte stem nie ooreen met die posisie by skikkings ingevolge art 311 van die Wet nie - sien hfst 8 D. Sien verder Smith 285-286; Mars 427-428.
- 18) *Cohen NO v Nel and Another* 1975(3) SA 963 (W) 969E-H.

die skikking of reëling goedkeur, ter syde gestel word, dit so goed is asof daar nooit 'n skikking of reëling voorgestel is nie; alle eise sou dus herleef vir die volle bedrag van die oorspronklike eis en ook eise wat nie betyds bewys is nie en dus geag was geabandoneer te wees behoort sonder meer te herleef. Aan die ander kant kan geredeneer word dat 'n maatskappyregtelike skikking 'n wetlike reëling is om die bestaande skuld van die maatskappy uit te wis; deur bekragtiging van die skikking verdwyn die ou skuld en kan die maatskappy nie weer op grond van die ou skuld aangespreek word nie.¹⁹ 'n Verdere uitgangspunt kan wees dat weens die besondere bewoording van baie skikkingsooreenkomste waardeur eise geag gesedeer te wees aan 'n derde, die maatskappyregtelike skikking in wese 'n koopkontrak vir die koop van eise teen die maatskappy is.²⁰

Die korrekte uitgangspunt is waarskynlik dat baie sal afhang van die bewoording van die bepaalde skikking of reëling, maar dat as algemene riglyn neergelê kan word dat die hofbevel wat die skikking of reëling bekragtig formeel ter syde gestel moet word alvorens daar sprake daarvan kan wees dat die maatskappy se ou verpligtinge herleef; word die hofbevel nie ter syde gestel nie en die aanbieder-maatskappy word gelikwideer, sou eise slegs vir die mindere bedrag wat skuldeisers bereid was om ingevolge die skikking te aanvaar, bewys kan word, sodat skuldeisers uiteindelik met 'n nog kleiner dividend tevrede sal moet wees.

D. GEVOLGTREKKING

Probleme word veroorsaak deurdat die Wet nie voorsiening maak òf vir die wysiging of beëindiging van 'n skikking- of reëlinskema nie, òf dat die hof sy eie bevel waardeur die skema goedgekeur is, ter syde kan stel of kan wysig.

Indien die aanbieder dus versuim om te presteer, of poog om uit die ooreenkoms terug te tree, of skuldeisers probeer hul regte

19) Sien hfst 5 E2(a) *Besondere Novasie*.

20) Sien hfst 5 E5 *Koopkontrak*.

ingevolge die skikking of reëling afdwing, moet daar telkens na die bewoording van die bepaalde skema gekyk word om vas te stel wat die onderskeie partye se regte is.

Voordat 'n skikking of reëling deur die hof goedgekeur is, maar nadat dit reeds deur die vereiste meerderhede van skuldeisers of lede goedgekeur is, geld die volgende -

- (i) Indien die aanbieder vir homself die reg voorbehou het om te mag terugtree, kan hy dienooreenkomstig terugtree.
- (ii) Indien die aanbieder 'n ooreenkoms met die voorsitter gesluit het ingevolge waarvan die voorsitter die skikking of reëling vir goedkeuring aan skuldeisers en lede sal voorlê, is daar op hierdie stadium 'n voltooide ooreenkoms tussen die aanbieder en die voorsitter en kan die aanbieder nie sonder meer terugtree nie.
- (iii) Indien die skema swyg, is dit moontlik dat die hof sal bevind dat die enigste manier waarop die skikking tot stand kom, is wanneer dit uiteindelik deur die hof bekragtig word; tot op daardie stadium kan die aanbod teruggetrek word.
- (iv) Alternatiewelik mag die hof bevind, indien die skema swyg, dat nadat die aanbod deur skuldeisers aanvaar is, daar reeds 'n ooreenkoms tot stand gekom het, onderhewig aan die ontbindende voorwaarde dat die ooreenkoms verval indien die hof dit nie goedkeur nie. In so 'n geval sou dit beskou word dat die funksie van die hof sou wees om die kontrak wat reeds gesluit is, ook bindend te maak op diegene wat daarteen gekant is of geswyg het.

Nadat die skikking of reëling deur die hof goedgekeur is, is die posisie soos volg -

- (i) Die aanbieder mag 'n ontbindende voorwaarde in die ooreenkoms beding wat kan meebring dat die skikking of reëling selfs na bekragtiging ontbind kan word.

-
- (ii) Indien die skikking of reëling daarvoor voorsiening maak dat dit beëindig kan word, kan die skema met toestemming van die hof beëindig word; dit is nie moontlik om die skema deur onderlinge ooreenkoms sonder toestemming van die hof te beëindig nie, al is daar so 'n beding in die skema ingevoeg. Dit is nie moontlik om 'n hofbevel deur middel van onderlinge ooreenkoms op te hef of te wysig nie.
- (iii) Indien die skema swyg, bestaan daar nie absolute sekerheid dat die hof wel by magte is om die skema ter syde te stel nie; dit wil egter voorkom asof ons howe se uitgangspunt is dat hulle wel by magte is om hul eie bevel wat die skema goedgekeur het, ter syde te stel of te wysig.
- (iv) Indien die aanbieder versuim om ingevolge die skema te presenteer, kan 'n skuldeiser nie die werking van die skema onseil en betaling ingevolge die skema probeer versnel deur aansoek te doen om likwidasië van die maatskappy, sonder om vooraf te vra vir die tersydestelling van die skikking of reëling nie.
- (v) Indien die aanbieder in *mora* verkeer, is die ontvanger namens skuldeisers die aangewese persoon om hom vir prestasie aan te spreek; die ontvanger moet egter deur die skema daartoe gemagtig wees alvorens hy dagvaarding teen die aanbieder kan uitreik.

Indien die skikking of reëling opgehef sou word, ontstaan die probleem of die eise teen die maatskappy herleef soos hulle was voordat die skema goedgekeur is of nie. Die posisie in so 'n geval is waarskynlik soos volg -

- (i) Terwyl die skikking of reëling van krag is, is skuldeisers net geregtig op die bedrag wat hulle bereid was om ingevolge die skema te aanvaar. Word die aanbieder gelikwedeer of sy boedel gesekwestreer, kan hulle slegs eise vir hierdie mindere bedrag teen die aanbieder se boedel bewys.

- 336 -

(ii) Word die skema ter syde gestel, herleef alle eise moontlik, ook dié van skuldeisers wat nooit eise bewys het nie, omdat dit geag word dat die skema nooit bestaan het nie.

Hoewel die versoeking bestaan om leiding te soek by die regsreëls insake akkoord by insolvensie,²¹ moet daar baie versigtig te werk gegaan word omdat akkoord in belangrike opsigte verskil van 'n maatskappyregtelike skikking of reëling.

21) Oor akkoord by insolvensie, sien hfst 11 B4 *Skikking en Akkoord*.

HOOFSTUK 10

MISBRUIK VAN DIE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAPROSEDURE

- A. INLEIDING
 - B. VERSLAG VAN DIE VAN WYK DE VRIES-KOMMISSIE
 - C. MISBRUIK
 - 1. *Vermyding van ondersoek na die maatskappy se sake*
 - 2. *Verberging van bedrog, diefstal en ander oortredings waar h maatskappy in likwidasië is*
 - 3. *Verberging van wanadministrasie deur die likwidateur of geregtelike bestuurder van h maatskappy.*
 - 4. *Vermyding van die likwidateur se verpligting om h rekening by die Meester in te dien.*
 - 5. *Aanvegbare transaksies kan nie meer ter syde gestel word nie.*
 - 6. *Verkryging van h aanstelling as likwidateur*
 - D. PUBLIEKE BELANG EN KOMMERSIËLE MORALITEIT
 - E. GEVOLGTREKKING
-

A. INLEIDING

Die skikking- en reëlinskemaprocedure kan baie maklik misbruik word deur oneerlike of nalatige direkteure, likwidateurs of geregtelike bestuurders, ten einde die afdwinging van h groot aantal bepalings van die Wet, wat geskep is om lede en skuldeisers se belang te beskerm en om beheer oor die verskillende funksionaris van h maatskappy uit te oefen, te vermy.¹ h Ondersoek na moontlike

- 1) "Compromise is a notorious device for sweeping under the carpet a host of nefarious activities which led to the collapse of the company. The perpetrators are left free to repeat their coup in other companies as opportunities arise or are created" - Hyman "Compromises" (1981) 5 SA Co LJ I-13 I-23 op I-28.

misbruik van die skikking- en reëlinskemaprocedure raak nie net die prosedure self nie, maar raak die toepassing van al die maatreëls waarvoor daar in die Wet voorsiening gemaak word om beheer oor direkteure, likwidadeurs en geregtelike bestuurders uit te oefen en om misdaad en oneerlikheid in die beheer ccr en die bestuur van maatskappye te bekamp. In hierdie hoofstuk word misbruik van die prosedure ondersoek ten einde later² voorstelle te kan maak vir die bekamping van misbruik en misdrywe en vir die meer effektiewe beskerming van die belange van skuldeisers en lede.

B. VERSLAG VAN DIE VAN WYK DE VRIES-KOMMISSIE

Die vroegste verwysing na misbruik van die skikking- en reëlinskemaprocedure, behalwe terloopse verwysing daarna in gerapporteerde beslissings, word gevind in die verslag van die Van Wyk de Vries-kommissie.³ Die kommissie het kennis daarvan geneem dat dit bekend was dat maatskappye onder likwidasië geplaas word, dat reëlins en skikkings ingevolge artikel 103⁴ getref word en dat skuldige direkteure aldus die gevolge van hul misdrywe en onwetlike handeling kan ontduik. Die kommissie beveel dan aan dat voordat 'n likwidasiëbevel igevolge so 'n reëling opgehef word, die hof die likwidadeur se verslag oor misdrywe voor hom moet hê.⁵

Die kommissie het ook kennis daarvan geneem dat in sommige van die getuienis voor hulle geïmpliseer is dat misbruik van die reëlinskemaprocedure gemaak word ten einde 'n oornamete bewerkstellig. Die kommissie beskou hierdie nie as 'n misbruik nie.⁶

-
- 2) Sien hfst 11.
 - 3) Sien *Aanvullende Verslag* 119; sien verder Vaatz "An absolute farce in our law: the private company with limited liability" 1972 *De Rebus Procuratoriis* 297 (hierna na verwys as "Vaatz").
 - 4) Nou art 311 van die Wet.
 - 5) *Aanvullende Verslag* aanbeveling 187(a).
 - 6) *Aanvullende Verslag* par 77.01. Na aanleiding van die beslissing in *In re National Bank* (1966) 1 All ER 1006 wys die kommissie daarop dat die reëlinskemaprocedure as oornamemeganisme nie vergelyk kan word met die oornamaanbodprosedure nie omdat die onderliggende beginsels by die twee prosedures regtens geheel en al verskillend is. Sien verder hfst 4 D 2.

Hoë verwagtings is van die wetgewer gekoester om die saak deur middel van die wetgewing wat sou voortspruit uit die verslag van die kommissie, reg te stel.⁷

C. MISBRUIK

Die skikking- en reëlinskemaprocedure word ongelukkig nog steeds as 'n ontsnaproete gebruik deur misdadige of nalatige direkteure, beampptes, likwidadeurs en geregtelike bestuurders. Die mees belangrike misbruike van die prosedure word vervolgens bespreek.

1. Vermyding van ondersoek na die maatskappy se sake

Uit 'n ontleding van die gerapporteerde beslissings waarin daar aangevoer is dat die skema voorgestel is ten einde ondersoek na die maatskappy se sake te vermy, of ten einde vervolging of ondervraging van direkteure te vermy, blyk dit dat die howe nie 'n baie sterk morele standpunt inneem nie, maar hulle veel eerder laat lei deur wat finansieel die voordeligste vir skuldeisers sal wees.

Al blyk dit duidelik uit die stukke voor die hof dat 'n skema waarskynlik voorgestel is om verdere ondersoeke te vermy, is die hof se houding soos volg -

- (a) 'n Aansoek om toestemming dat vergaderings byeengeroep word om 'n voorgestelde skikking of reëling te oorweeg, sal waarskynlik toegestaan word indien die aanbod sodanig is dat 'n intelligente en eerlike besigheidsman wat in sy eie belang handel, moontlik die aanbod sal kan aanvaar.⁸
-
- 7) Sien bv P J Prynne, brief, 1972 *De Rebus Procuratoris* 429.
- 8) Vgl *Ex parte Bruyns NO: In re Mammoth Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (under Provisional Liquidation)* 1973 (3) SA 721 (T) 722 B-C. In *MS Mall (Cape)(Pty) Ltd & Others: In re Achies Stores (Pty) Ltd* 1952(1) PH E4 (K) verklaar regter Herbststein dat "The court was left with the impression that this endeavour to have this meeting summoned and to have this offer accepted was designed as an attempt to escape ... examination and investigation". Toestemming word geweier, maar op grond daarvan dat 'n soortgelyke aanbod reeds deur 'n vergadering van skuldeisers afgekeur is - nie uitdruklik weens enige morele besware teen die motiewe van die aanbieders nie.

- (b) 'n Aansoek om bekragtiging van 'n skema sal waarskynlik, ten spyte van besware dat verdere ondersoek nodig is, toegestaan word mits die vereiste meerderheid skuldeisers die aanbod aanvaar het en die formele prosedure-vereistes nagekom is.⁹ Die hof sal ook daarop let of die aanbod sal meebring dat skuldeisers beter daaraan toe is as in die geval van voltooiing van likwidasië. Waarop veral klem gelê word, is die vraag of skuldeisers voldoende betroubare inligting gehad het waarop hulle hul oordeel kan grond.¹⁰
- (c) Dit is moontlik dat 'n skema goedgekeur sal word al wek die skema agterdog¹¹ of al word die strafreg ook "berooft van sy regmatige prooi".¹² Die rede is dat dit nie van skuldeisers
-
- 9) Sien *Ex parte Utility Shoe Manufacturing Co and Others: In re ABC Store (Pty) Ltd (In Liquidation)* 1948(4) SA 1 (W) op 3 waar 'n aansoek om goedkeuring van 'n skema teengestaan is omdat ondersoek eers nodig was. Die aansoek vir 'n ondersoek is tydens die verhoor teruggetrek en die skema bekragtig. Sien ook *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815 (T); *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755 (N); *Southern Brake Co (Pty) Ltd v Assembly and Construction Electrical (Pty) Ltd* 1981(1) SA 572 (N) 574 E-F, 577 C.
- 10) Sien *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815 (T) 819 H; maar sien *Ex parte Klopper and Another NNO: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254 (T) waar 'n skema wat agterdog gewek het (sien bv 255 C-D, 259 C) nie goedgekeur is nie; die rede hiervoor was egter die hof se bevinding dat daar nie voldoende inligting aan skuldeisers verskaf is om 'n behoorlike vergelyking tussen die voordele ingevolge die skema en dié ingevolge likwidasië te maak nie.
- 11) Vgl *Rosen v Bruyns NO* 1973(1) SA 815 (T) waar 'n appèl teen die bekragtiging van 'n skema van die hand gewys is, ten spyte daarvan dat die regter wat die aansoek om toestemming om vergaderings te hou, toegestaan het, verklaar het dat sommige van die redes wat deur die aanbieder gegee is vir die behoud van die maatskappy "make absolute nonsense." (Sien *Ex parte Bruyns NO: In re Mammoth Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (Under Provisional Liquidation)* 1973(3) SA 721 (T) 724A).
- 12) Vgl *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others* 1949(1) SA 1162 (N) 1171, waar 'n appèl teen goedkeuring van 'n skema van die hand gewys is, ten spyte van die geregtelike bestuurders se bevinding dat daar 'n tekort van minstens R8 000 in voorraad of kontant was. Sien ook *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755 (N) F-H, waar die hof 'n skema goedgekeur ten spyte van 'n bevinding op dat daar 'n "definite mystery about its stock" was (769 D-E).

verwag kan word om teen hulle sin finansieel by te dra tot die vervolging van 'n misdaad nie.¹³

- (d) In een geval¹⁴ het 'n skuldeiser die goedkeuring van 'n skikking teengestaan en daarop aangedring dat die likwidasië-prosedure moes voortgaan sodat 'n direkteur vervolgt kan word omdat hy namens die maatskappy skuld aangegaan het sonder enige redelike vooruitsig om die skuld te vereffen. Die misdryf word eers gepleeg, of die pleging daarvan word eers voltooi, wanneer die maatskappy gelikwideer word. Dit is nie duidelik of die misdryf reeds by voorlopige likwidasië voltooi word nie, of eers wanneer die maatskappy finaal gelikwideer word nie. Indien die misdryf eers by finale likwidasië gepleeg word, het die direkteur nog nie op hierdie stadium 'n misdryf gepleeg nie. In daardie geval, bevind regter Trollip, "... there is nothing immoral in his trying to avoid committing (an offence) by saving the company from being placed in final liquidation."¹⁵ Die skema word bekragtig.

Dit wil dus voorkom asof direkteure en beampies van 'n maatskappy vervolging, ondervraging of verdere ondersoek kan vryspring deur 'n skikking voor te stel wat beter finansiële vooruitsigte vir skuldeisers bied as wat die voltooiing van die likwidasiëproses

-
- 13) Regter Didcott stel dit soos volg in *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755 (N) 771 D-E: "A crusade at the cost of those whom it does not attract should be called rarely, and with the greatest reluctance, even in the best of causes."
- 14) *Ex parte Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another: In re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459 (T).
- 15) Op 466 A-B.

sou meebring.¹⁶

2. Verberging van bedrog, diefstal en ander oortredings waar 'n maatskappy in likwidasie is

Die feit dat daar 'n duidelike tekort in 'n maatskappy se voorraad is, sal nie sonder meer meebring dat die hof toestemming vir die byeenroep van vergaderings weier, of weier om 'n skema goed te keur nie.

In *Liquidator Dainty Foods Ltd v Glenton & Mitchell*¹⁷ is daar aangevoer dat toestemming vir die byeenroep van vergaderings geweier behoort te word omdat die besturende direkteur R3 000 van die maatskappy se geld sou gebruik het om te betaal vir uitgawes in verband met sy eggenote se siekte. Daar was verder ook 'n aansienlike tekort waarvoor geen verduideliking gegee is nie. Die hof staan die aansoek vir die byeenroep van vergaderings toe omdat die kriterium wat toegepas word, is dat die aansoek slegs van die hand gewys behoort te word indien die hof oortuig is dat die voorgestelde skikking sodanig was dat die hof dit nie later

-
- 16) Art 423 maak daarvoor voorsiening dat wanneer dit tydens die likwidasie of geregtelike bestuur van 'n maatskappy blyk dat iemand wat deelgeneem het aan die oprigting of totstandbrenging van die maatskappy, of 'n voormalige of huidige direkteur of 'n beampte van die maatskappy geld of goed van die maatskappy wanaangewend het of weerhou het of daarvoor aanspreeklik of verantwoordelik geword het, of hom skuldig gemaak het aan trou- of vertrouenskending met betrekking tot die maatskappy, die hof ondersoek na hierdie optrede kan instel en kan gelas dat geld of goed aan die maatskappy terugbetaal of teruggegee word. Hierdie bepaling is 'n prosesregtelike bepaling wat geen nuwe aanspreeklikheid of reg skep nie, maar bloot 'n summiere metode vir die afdwinging van sekere regte bied wat andersins deur die gewone hofproses afgedwing kon word. Sien Cilliers en Benade 653; *Goldberg NO v Turkstra* 1946 TPD 81 op 85; *Gunn NO v De Jager and Others* 1968(2) SA 625 (W) 630 E-F; *L Suzman (Rand) Ltd v Yamoyani(2)* 1972(1) SA 109 (W) 112 C; *Ensor NO v Syfret's Trust and Executor Co (Natal) Ltd* 1976(3) SA 762 (D) 765 G; *Lipschitz and Schwartz NNO v Markowitz* 1976(3) SA 772 (W) 775 B-C; *Timmers and Another v Spansteel (Pty) Ltd* 1979(3) SA 242 (T) 249G-250B. Hierdie summiere remedie sou egter verval indien die maatskappy nie meer in likwidasie of ander geregtelike bestuur is nie.
- 17) 1942 EDL 26.

sou kon bekragtig nie.¹⁸

In 'n aansoek om bekragtiging van 'n skema, waar dit geblyk het dat die maatskappy se voorraad op datum van likwidasië slegs sowat 29 persent was van wat dit moes gewees het, is die skema nie bekragtig nie omdat die prosedure-vereistes nie behoorlik nagekom is nie. Die hof gee egter toestemming dat 'n vergadering weer byeengeroep word.¹⁹

In *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others*²⁰ is 'n appèl teen die bekragtiging van 'n skema verwerp, hoewel daar volgens die verslag van die geregtelike bestuurders 'n tekort in kontant of voorraad van ten minste R8 000 was en die totale tekort waarskynlik groter was. Regter Broome verwys na 'n "vague odour of irregularity emanating from all (the company's) recent transactions",²¹ maar die appèl word nogtans van die hand gewys.

Ook in *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another*²² was daar oënskynlik 'n dramatiese verlies aan voorraad of kontant, maar die skema word desondanks op appèl bekragtig.²³

'n Skema kan ook natuurlik deurgevoer word ten einde diefstalle

18) Sien 27-29.

19) Sien *Ex parte Meer: In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780 (D) op 788 A en 789. Die skema het voorsiening gemaak vir afbetaling oor 36 maande aan skuldeisers.

20) 1949(1) SA 1162 (N).

21) Op 1171. Afbetaling van die bedrag ingevolge die skema aan gebied sou in 20 maandelikse paalemente geskied.

22) 1978(2) SA 755 (N).

23) Regter Didcott verklaar (op 769 C-D) dat "Ample room could be found for the suspicion that, for a couple of years before (the company) went into provisional liquidation, its administration had involved the commission of criminal offences."

wat na datum van likwidasië plaasgevind het, te verberg.²⁴

In al die sake waar daar bewerings van diefstal en kriminele oortredings gemaak is, is daar op ander gronde oorweeg of toestemming vir die hou van vergaderings gegee moes word, en of 'n skikking bekragtig moes word. Die feit dat daar duidelik 'n dramatiese tekort in die voorraad van 'n maatskappy was, is nooit direk deur die hof as rede genoem waarom toestemming of goedkeuring weerhou moes word nie.

Dit blyk dus dat die howe toestemming sal gee vir die byeenroep van vergaderings, afgesien van bewerings van diefstal of ander kriminele oortredings.²⁵ Goedkeuring van 'n skema sal ook nie maklik weerhou word weens bewerings van diefstal of ander kriminele oortredings nie.²⁶

3. Verberging van wanadministrasie deur die likwidateur of geregtelike bestuurder van 'n maatskappy

Daar is geen gerapporteerde beslissing waaruit dit direk of indirek blyk dat 'n skikking of reëling voorgestel is met die doel om wanadministrasie deur 'n likwidateur of 'n geregtelike bestuurder te verberg nie.

24) In teorie vind sulke diefstalle makliker by likwidasië plaas as by sekwestrasie, want ingevolge art 19, Insolvensiewet, 1936 moet die adjunk-balju na sekwestrasie beslag op die roerende bates van die boedel lê en 'n inventaris opstel; by likwidasië lê hy slegs beslag op bates indien die Meester hom opdrag daartoe gee (reg 2, GK R2490 van 28/12/1973). In praktyk huiwer die adjunk-balju om op te tree alvorens 'n finale sekwestrasiebevel nie gegee is nie (art 19 bepaal nie of hy by voorlopige of by finale sekwestrasie moet reageer nie) en is hy traag om hierdie taak uit te voer weens onsekerheid oor wie sy rekening gaan vereffen en wanneer dit vereffen gaan word.

25) Vgl *Liquidator Dainty Foods Ltd v Glenton & Mitchell* 1942 EDL 26; *Ex parte Meer: In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd* 1950(3) SA 780 (D).

26) Vgl *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others* 1949(1) SA 1162 (N); *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755 (N); sien egter *Ex parte Klopper and Another NNO: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254 (T) 255 C-D, 264 B-D.

Dit is nie onmoontlik dat 'n skikking of reëling deur die genomineerde van 'n likwidateur of geregtelike bestuurder voorgestel kan word ten einde wanadministrasie te verberg nie.

Wanadministrasie kan voorkom weens die likwidateur se nalatigheid, weens 'n gebrek aan ondervinding, weens delegasie van sy verpligtinge aan onervare of onverantwoordelike personeel of weens versuim om bates behoorlik te beveilig of te verseker. Teen betaling van 'n premie en deur van 'n tussenganger gebruik te maak, kan die likwidateur of geregtelike bestuurder verseker dat sy professionele reputasie en aansien nie geskaad word nie.

Hoewel die Meester mag vermoed dat 'n skikking of reëling weens hierdie rede voorgestel word, sal hy slegs sy vermoede aan die hof kan oordra indien hy oor konkrete getuienis van wanbestuur beskik.

4. Vermyding van die likwidateur se verpligting om 'n rekening by die Meester in te dien

Dit is moontlik dat 'n likwidateur, deur bemiddeling van 'n tussenganger, 'n skikking of reëling kan voorstel ten einde die verpligting om 'n rekening in te dien, te omseil.

Dit kan in die volgende gevalle wenslik word om indiening van 'n rekening te vermy:

(i) Waar 'n groot aantal bewysstukke van 'n rekening verlore raak en duplikate nie verkry kan word nie. In so 'n geval mag dit feitlik onmoontlik wees om 'n aanvaarbare rekening by die Meester in te dien en is 'n skikking-skema deur bemiddeling van 'n tussenganger die enigste uitweg.

(ii) Waar die eisdokumente van bewese eise verlore geraak

het.²⁷

- (iii) In 'n likwidasie van 'n maatskappy wat buitengewoon baie skuldeisers het en waar die opstel van 'n rekening baie ingewikkeld en omslagtig mag wees,²⁸ mag dit eenvoudiger, goedkoper en meer gerieflik wees om 'n skikking- of reëlinskema deur middel van 'n tussenganger voor te stel.

Die behoefte om indiening van 'n rekening te vermy, kan dus voortspruit uit doelmatigheidsoorwegings en nie noodwendig weens oneerlikheid of nalatigheid nie.

5. Aanvegbare transaksies kan nie meer ter syde gestel word nie

Elke vervreemding deur 'n maatskappy van sy goed wat, indien gemaak deur 'n individu, in die geval van sy insolvensie om die een of ander rede tot niet gemaak sou kon word, kan, indien gemaak deur 'n maatskappy, tot niet gemaak word, waar die maatskappy gelikwedeer word en nie al sy skulde kan betaal nie. In so 'n geval word die toepaslike gedeeltes van die Insolvensiewet²⁹

-
- 27) Die eisdokumente word na bewys van 'n eis op 'n vergadering van skuldeisers, deur die voorsittende beampte as bewys geëndosseer en 'n nota word daarvan in die notule van die vergadering gemaak. Die likwidateur is egter nie by alle vergaderings teenwoordig of verteenwoordig nie, sodat eise na afloop van die vergadering aan die likwidateur gepos moet word. Veral by 'n landdroskantoor waar daar nie dikwels sodanige vergaderings plaasvind nie, gebeur dit dat eise bv aan die Meester gestuur word ipv aan die likwidateur, of dat die landdros na die eerste vergadering die eise terughou totdat hy tevrede is dat die genomineerde likwidateur wel aangestel is, of dat die landdros, veral na die eerste vergadering, nie weet wat die likwidateur se adres is nie. Op hierdie wyse is dit moontlik dat bewese eise verlore raak en dit nie moontlik is om 'n aanvaarbare rekening aan die Meester van die Hooggeregshof voor te lê nie.
- 28) Neem bv die geval van 'n maatskappy met 'n groot aantal verskillende versekerde skuldeisers; vir elke versekerde skuldeiser moet 'n afsonderlike beswaarde bate-rekening opgestel word, wat met 'n *pro rata* gedeelte van sekere kostes gedebiteer moet word; word die finale rekening nie binne 'n sekere tydperk deur die Meester bekragtig nie, net die kostes weer gestyg, moet die berekeninge weer gedoen word en moet die rekening weer getik word.
- 29) Wet 24 van 1936 (hierna na verwys as die "Insolvensiewet").

mutatis mutandis op so 'n vervreemding toegepas.³⁰

Hierdie bepaling is ook van toepassing op geregtelike bestuur, mits die maatskappy nie in staat is om sy skulde te betaal nie.³¹

Hierdie reg kom slegs aan die likwidateur of geregtelike bestuurder toe, of aan 'n skuldeiser wat in naam van die likwidateur of geregtelike bestuurder stappe neem, nadat hy die likwidateur of geregtelike bestuurder gevrywaar het teen alle koste wat in hierdie verband aangegaan word.³² Dit is die uitoefening van 'n administratiewe handeling of plig, wat slegs deur 'n bepaalde beampte in naam van die maatskappy uitgeoefen kan word; dit is 'n reg wat slegs *nomine officii* uitgeoefen kan word.³³

Die reg om 'n aanvegbare transaksie ter syde te stel kan gevolglik nie aan 'n derde soos byvoorbeeld die ontvanger namens skuldeisers gesedeer word nie.³⁴

Aanvegbare transaksies ingevolge die Insolvensiewet, sluit in vervreemdings sonder teenwaarde;³⁵ vernietigbare voorkeure;³⁶

30) Art 340 van die Wet. Sien ook Cilliers en Benade 649-652; Henochsberg 591-593; Smith 118-139; Mars 200-203, 205-208; 211-230.

31) Art 436(1).

32) Vgl art 32(1) Insolvensiewet gm art 340(1) en 436(1) van die Wet; sien ook *Netherlands Bank of South Africa v Stern NO and Another* 1955(1) SA 667 (W) op 674 D-E; *South African Board of Executors and Trust Co Ltd (In Liquidation) v Gluckman* 1967(1) SA 534 (A) 541 D-E.

33) *South African Board of Executors and Trust Co (In Liquidation) v Gluckman* 1967(1) SA 534 (A) 541 F-G.

34) Vgl *Netherlands Bank of South Africa v Stern NO and Another* 1955(1) SA 667 (W) 674 D-E; *S A Board of Executors, supra* 542 A-B; *South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another* 1972(4) SA 592 (A) 600 E-H; *Gunn and Another NNO v Victory Upholsterers (Pty) Ltd* 1976(1) SA 127 (D) 135 C-D. Dit beteken egter nie dat die ontvanger nie kennis kan neem van aanvegbare transaksies wanneer hy besluit oor die toelaatbaarheid van 'n eis nie: sien *Landsdown NO v Balawins Ltd* 1973(3) SA 908 (W) 912 C-H.

35) Vgl art 26 Insolvensiewet; Cilliers en Benade 650; Smith 120-122; Mars 205-208.

36) Vgl art 29 Insolvensiewet; Cilliers en Benade 651; Smith 123-136; Mars 211-224.

onbehoorlike voorkeure;³⁷ samespanning tot benadeling van skuldeisers, of vir die verlening van voorkeur aan 'n skuldeiser.³⁸ Verder sluit dit in die vernietigbare verkoop van 'n besigheid deur 'n handelsmaatskappy.³⁹

Ingevolge die gemenerereg, kan vervreemdings wat gemaak is met die opset om skuldeisers te benadeel, ook aangeveg word;⁴⁰ een van hierdie remedies, die remedie vir tersydestelling ingevolge die *actio Pauliana*, is in teenstelling met dié ingevolge die Insolvensiewet, altyd aan 'n skuldeiser beskikbaar en nie beperk tot die gevalle waar die maatskappy in likwidasië of onder geregtelike bestuur is nie.⁴¹

Dit mag vir 'n skuldeiser wat kort voor likwidasië of geregtelike bestuur bo ander skuldeisers bevoordeel is, byvoorbeeld weens druk wat hy op die skuldeiser uitgeoefen het,⁴² lonend wees om 'n skikking- en reëlinskema voor te stel omdat dit sal

-
- 37) Vgl art 30 Insolvensiewet; Cilliers en Benade 651; Smith 136-137; Mars 211-224.
- 38) Vgl art 31 Insolvensiewet; Cilliers en Benade 651; Smith 137-139; Mars 226-228.
- 39) Vgl art 34 Insolvensiewet; Cilliers en Benade 652; Smith 143-145; Mars 228-230.
- 40) Vgl Cilliers en Benade 652; Smith 145-147; Mars 230-233. Sien ook *Scharff's Trustee v Scharff* 1915 TPD 463 op 476; *Fenhalls v Ebrahim and Others* 1956(4) SA 723 (D) 727 B-G; *Coetzer v Coetzer* 1975(3) SA 931 (OK) 936 E-G; *Wolpe v Gale* 1980(3) SA 259 (W) 262 C-E.
- 41) Sien Smith 147; Mars 231; *Fenhalls v Ebrahim and Others* 1956(4) SA 723 (D) 727H-728H. In *Wolpe v Gale* 1980(3) SA 259 (W) 262 E-F word die indruk geskep dat 'n beroep op die *actio* slegs gedoen kan word deur die likwidateur (kurator) of die skuldeisers "joining the liquidator"; dit het egter hier gegaan om die vraag of die party wat hom op die *actio* wou beroep, 'n skuldeiser was of nie en dit word aan die hand gedoen dat wat hier gesê is, slegs *obiter* gesê is.
- 42) Voldoening moes weens drukuitoefening of 'n ander rede gegerewe gewees het, maar nie weens voldoening aan 'n hofbevel nie - sien art 2 van die Insolvensiewet sv "vervreemding". Wat dikwels kort voor likwidasië voorkom, is dat veral in die geval van private maatskappye, voorkeur aan 'n handelsbank verleen word deur 'n uitstaande balans op 'n oortrokke rekening op buitensporige wyse te verminder omdat die direkteure persoonlike sekerheid moes stel vir die maatskappye se verpligtinge.

meebring dat hy die bedrag waarmee hy bevoordeel is, kan behou.⁴³

6. Verkryging van 'n aanstelling as likwidateur

Waar 'n persoon onsuksesvol gepoog het om 'n aanstelling as voorlopige likwidateur te bekom, is dit moontlik om 'n skema voor te stel wat sal meebring dat indien die skikking of reëling nie aanvaar word nie, die skema ten minste mag meebring dat die betrokke persoon 'n aanstelling as finale likwidateur bekom.

Die prosedure is kortliks soos volg: Kort na likwidasie word 'n onrealistiese skikking of reëling⁴⁴ aan skuldeisers en lede voorgestel; die persoon wat poog om 'n aanstelling as finale likwidateur te bekom, X, word as voorsitter van vergaderings in die aanbod aangewys. Nadat die hof toestemming vir die byeenroep van vergaderings gegee het, is X geregtig op 'n volledige lys van name en adresse van skuldeisers, asook die bedrag aan elkeen verskuldig. Die voorlopige likwidateur is verplig om hierdie inligting aan X beskikbaar te stel, inligting waarop X andersins nie geregtig is nie en moontlik op geen ander manier sou kon bekom nie.

Die aanbod vereis dat skuldeisers, voordat hulle kan stem oor die aanvaarding van die skema, eers hul eise moet bewys op dieselfde wyse as wat van skuldeisers by likwidasie vereis word.

Word die skikking en reëling goedgekeur, verkry X die vergoeding vir sy dienste wat in die aanbod beding is; word die skikking

43) Die gemeenregtelike remedies wat steeds toegepas kan word, verloor van hul krag omdat die omvang van die verskillende remedies "somewhat obscure" is (sien Smith 145). Verder maak 'n skema gewoonlik voorsiening vir die sessie van skuldeisers se eise aan die aanbieder of sy genomineerde; sodanige sessie sal meebring dat die skuldeiser nie meer enige gemeenregtelike remedie kan benut nie.

44) By 'n aanbod van 'n hoër dividend as in die geval van likwidasie, maar betaalbaar in paaiemente oor 'n tydperk van 'n aantal jare en sonder dat voldoende sekuriteit vir betaling van paaiemente verskaf word.

en reëling nie goedgekeur nie, is X in besit van die eisdokumente wat bewysstukke insluit soos byvoorbeeld oorspronklike kredietkooporeenkomste, oorspronklike tjeks en promesses, oorspronklike verbandaktes. 'n Omsendbrief word nou aan skuldeisers uitgestuur waarin X aanbied om hul eise namens hulle by die eerste vergadering van skuldeisers te bewys; skuldeisers word slegs versoek om blanko volmagvorme aan X te laat toekom, waarop X die naam van 'n agent kan invul, wat dan gewapen met hierdie volmagvorme stem vir die aanstelling van X as finale likwidateur.

Die voorsprong wat X hier geniet, is dat hy in besit van die voltooid eisdokumente met oorspronklike bewysstukke is; die Meester aanvaar nie sonder meer afskrifte van bewysstukke as voldoende bewys vir 'n eis nie. Dit is dus vir skuldeisers minder moeite om net die nodige volmagvorm aan hom te laat toekom, as om aan te dring op spoedige terugsending van hul eisdokumente.⁴⁵

D. PUBLIEKE BELANG EN KOMMERSIELE MORALITEIT

Soms word verklaar dat die hof, wanneer besluit word of 'n skikking of reëling goedgekeur behoort te word of nie, ag moet slaan op die algemene vereistes van kommersiële moraliteit en openbare belang.⁴⁶

Waarskynlik meer akkuraat is die siening dat die hof in sekere gevalle ook genoep mag word om die handelsmoraliteit van die land en die belange van die algemene publiek in ag te neem wanneer hy sy diskresie uitoefen om 'n skikking goed te keur

45) Die voorlopige likwidateur is verder in dié moeilike situasie dat hy nie openlik steun mag werf vir aanstelling as finale likwidateur nie - sien art 372(c)en(g); art 373(b); art 83(2), Wet op Prokureurs 53 van 1979; Smith 209-210.

46) Vgl Henochsberg 536; *In re Telescriptor Syndicate Ltd*(1903) 2 Ch 174 op 181, 182; sien ook *Mahomed v Kazi's Agencies (Pty), Ltd and Others* 1949(1) SA 1162 (N) op 1171.

waarby 'n maatskappy wat in likwidasie is, betrokke is.⁴⁷

In *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another*⁴⁸ het die appellant dit aan konkurrente skuldeisers gestel dat "I do not think, quite frankly, that the creditors of any company are protectors of public morals to such an extent that they can involuntarily be required to contribute financially to the prosecution of crime".⁴⁹ Die hof onderskryf hierdie houding.⁵⁰

Dit blyk dus dat ons howe selde⁵¹ 'n sterk standpunt inneem oor die morele aspekte van 'n voorgestelde skema, maar veel eerder let op die langtermyn finansiële voordeel wat 'n skema vir skuldeisers inhou.

Dit is duidelik dat die Van Wyk de Vries-kommissie in gedagte gehad het dat die hof wel op die openbare belang sal let, deur aan te beveel dat 'n bepaling by artikel 311 gevoeg word dat die hof by die oorweging van 'n skikking of reëling, onder andere ag moet slaan op die verslag van die Meester, wie se verslag weergegrond is op die likwidateur of geregtelike bestuurder se verslag oor moontlike misdrywe.⁵²

Die enigste langtermyn oplossing vir die probleem is dat daar wel ag geslaan moet word op die openbare belang en op die handelsmoraliteit van die land, maar dat die stelsel sō gewysig word dat die koste wat hieraan verbonde is, deur die staat gedra word.⁵³

47) Vgl Cilliers en Benade 428-429; *Ex parte Chenille Corp of SA (Pty) Ltd and Another: In re Chenille Industries (Pty) Ltd* 1962(4) SA 459 (T) 465 C-H; *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755 (N) 770-771.

48) 1978(2) SA 755 (N).

49) 771 C-D.

50) 771 D-E.

51) Sien egter die standpunt van r Mostert in *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755 (N) 769 G-H, waarteen in lg beslissing suksesvol geappelleer is.

52) Vgl *Aanvullende Verslag* 119 en aanbeveling 187(a).

53) Sien die betoog van Hyman "The Case for an Official Trustee" (1981) 5 *SA Co LJ* I 1 op I-11.

E. GEVOLGTREKKING

Hoewel die Van Wyk de Vries-kommissie daarvan kennis geneem het dat skikkings en reëlings gebruik kan word deur skuldige direkteure om die gevolge van hul misdrywe en onwettige handeling te ontduik, is die remedie wat die kommissie voorgestel het, naamlik dat die Meester verslag aan die hof moet doen, nie effektief nie. Daar is veral twee redes waarom hierdie bepaling nie effektief is nie en albei draai om die feit dat die hof nie die verslag of die inhoud daarvan met genoeg erns bejeën nie. Die gevolg van die vereiste dat die Meester verslag aan die hof moet doen, is dat aansoeke om 'n skikking te oorweeg, nou gebring word terwyl die maatskappy nog in voorlopige likwidasie is en die likwidateur slegs in sy verslag, waarop die Meester se verslag gegrond is, kan vermeld dat hoewel dit mag voorkom asof daar moontlik oortredings was en misdrywe gepleeg is, hy nog nie op hierdie stadium in staat is om vas te stel of daar wel oortredings was en wat die omvang daarvan was nie. So 'n verslag is skynbaar vir die hof aanvaarbaar, want al blyk dit ook duidelik, soos in die *Ensor*-saak,⁵⁴ dat verdere ondersoek na die maatskappy se sake nodig is, beteken dit nie sonder meer dat die hof dit as 'n rede aanvaar waarom die skikking nie bekragtig sal word nie.

Uit 'n ondersoek na die verskillende maniere waarop misbruik gemaak word of gemaak kan word van skikkings, blyk dit dat 'n skuldeiser wat 'n skema teenstaan op grond daarvan dat dit slegs voorgestel word ten einde ondervraging of verdere ondersoek te vermy, of om diefstalle te verberg, moeilik in sy opposisie sal slaag. En tog merk Gower op dat "(The judges) are astute to pick on some flaw in the procedure if, notwithstanding the vote, they have serious doubt about the fairness of any scheme."⁵⁵

54) *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another* 1978(2) SA 755 (N) 769 D.

55) Op 717. 'n Voorbeeld hiervan is moontlik *Ex parte Klopper and Another NNO: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)* 1979(1) SA 254 (T).

In die geval van misbruik van die prosedure deur likwdateurs, is dit egter te betreur dat 'n likwdateur, wat in 'n vertrouensamp aangestel word, in staat gestel word om nalatigheid, oneerlikheid of onbekwaamheid op hierdie wyse te verberg.

'n Basiese probleem by die bekamping van misbruik en misdrywe, is dat 'n likwdateur nie addisionele vergoeding kry vir 'n grondige ondersoek van die maatskappy se sake nie.⁵⁶

'n Moontlike korttermyn-oplossing van die probleem van misbruik, kan wees dat die howe, hoewel hulle bereid mag wees om 'n skikking goed te keur, afsonderlik moet besin of hierdie 'n gepaste geval is om 'n likwidasiëbevel op te hef of 'n geregtelike bestuursbevel in te trek. Daar is nog geen kriteria in hierdie verband deur ons howe neergelê nie, maar hier kan die howe moontlik 'n wyer beskouing handhaaf oor kommersiële moraliteit en die openbare belang, omdat die openbare belang direk hier betrek word deurdat 'n maatskappy wat reeds insolvent is, weer herstel word, moontlik tot nadeel van ander persone wat in die toekoms krediet aan die maatskappy verskaf. Waar daar oneerlikheid is en dieselfde direkteure weer in beheer van die maatskappy geplaas word, is dit onwaarskynlik dat daar geen verdere oneerlikheid sal plaasvind nie.

'n Meer langtermyn-oplossing van die probleem word in hoofstuk 11 voorgestel.

Dit bly tragies dat hoewel daar al verskeie kere pogings aangewend is om die aandag van die publiek en van die wetgewer op misbruike in verband met die skikkingsprosedure te vestig, daar nog niks effektiefs aan die probleem gedoen is nie. Al die sorgvuldig-uitgewerkte beskermings- en reguleringsmeganismes

56) Sien Hyman "The Case for an Official Trustee" (1980) 4 *SA Co LJ* I-1 op I-9.

van die Maatskappywet stort ineen wanneer direkteure en andere, desnoods met behulp van geld en bates wat van die maatskappy self geneem is, die risiko om tot verantwoording geroep te word kan vermy deur 'n geringe premie, bereken op die huidige waarde van die maatskappy se bates, te betaal.

HOOFSTUK 11

BESKERMING VAN SKULDEISERS EN LEDE

- A. INLEIDING
- B. BESKERMING VAN SKULDEISERS EN LEDE
1. *Algemeen*
 2. *Statutêre en ander beskerming*
 3. *Behoeftte aan beter beskerming van skuldeisers*
 4. *Skikking en akkoord*
- C. BESKERMING VAN MINDERHEDE
- D. GEVOLGTREKKING

A. INLEIDING

By die skikking- en reëlinskemaprocedure gaan dit in die eerste instansie om die beskerming van die regte van alle skuldeisers en lede van 'n maatskappy, en nie net om die beskerming van minderhede nie.

B. BESKERMING VAN SKULDEISERS EN LEDE

Alhoewel hierdie ondersoek hoofsaaklik gemoed is met skikkings en daar derhalwe meer klem op die belange van skuldeisers gelê word, sal daar waar doenlik ook gelet word op die beskerming van lede omdat hul behoeftes in 'n groot mate ooreenstem.

1. Algemeen

Byna 'n eeu gelede het 'n regter¹ reeds met merkwaardige insig kommentaar gelewer op skuldeisers se onvermoë om na hul eie

1) Regter Vaughan Williams *In re English, Scottish, and Australian Chartered Bank* (1893) 3 Ch 385 op 396.

belange om te sien: "I confess that I have very little belief in creditors of a company being able to look after their own interests. It is a matter of history that ... the creditors ... have never been roused to look after their own interests The disjected forces of individual creditors are a mere nothing as against the consolidated forces of those who are often deeply interested in bringing about an adoption of the scheme which is presented to the creditors."

Hierdie is waarskynlik vandag nog net so geldig en wys duidelik dat skuldeisers die beskerming nodig het wat beheer van die skikking- en reëlingskemasprosedure deur die hof aan hulle bied.

2. Statutêre en ander beskerming

Die belangrikste wyses waarop skuldeisers² beskerm word, is soos volg -

- a) Die skikking of reëling moet aan die hof voorgelê word alvorens dit deur skuldeisers oorweeg word.³
- b) Alle skuldeisers vergader nie saam in een vergadering wanneer 'n skikking of reëling oorweeg word nie. Vergaderings word beperk tot klasse skuldeisers wat ten minste dieselfde regte teenoor die maatskappy het; onderverdeling in kleiner groepe mag op grond van die gemeenskaplikheid van belange van die betrokke groepe gemaak word. Die indeling in klasse word vooraf deur die hof goedgekeur en kan nie gewysig word sonder die hof se toestemming nie.⁴

2) Wat hier tov skuldeisers gesê word, geld ook vir lede. Sien verder Katz 55 - 56.

3) Art 311(1). Sien ook hfst 7 B *Aansoek tot die hof om toestemming om vergaderings van skuldeisers en lede byeen te roep.*

4) Vgl art 311(1) en sien hfst 7 D 2 *Klasse skuldeisers en lede.*

-
- c) Voldoende inligting moet aan skuldeisers gestuur word ten einde hulle in staat te stel om 'n sinvolle gevolgtrekking oor die aanvaarbaarheid van die bepaalde skikking of reëling te maak. Waarop hier veral klem gelê word, is 'n vergelyking tussen die vergoeding wat ingevolgedie skikking aan skuldeisers gebied word en die verwagte dividend indien likwidasie sou voortgaan.⁵
- d) Die voorsitter van vergaderings word deur die hof aangesel en 'n hoë mate van onpartydigheid word van hom verwag.⁶
- e) Verslag moet aan die hof gedoen word oor die verloop van die vergadering; indien die skikking voorsiening maak vir die opheffing van 'n likwidasiebevel, moet daar ook 'n verslag deur die Meester van die Hooggeregshof ingedien word oor moontlike misdrywe deur en persoonlike aanspreeklikheid teenoor die maatskappy van direkteure en beamptes.⁷
- f) Die hof het 'n diskresie om 'n skikking of reëling bindend op die res van die lede van die bepaalde klas skuldeisers te maak, al dan nie, selfs al is die skema deur die vereiste meerderhede aanvaar.⁸

Die belangrikste beskerming bly die hof se bekragtiging van 'n skema, omdat hierdie toesig deur die hof verseker dat die nodige formaliteite nagekom word, wat ook in die algemeen gesproke insluit dat voldoende inligting openbaar gemaak word.⁹

-
- 5) Vgl art 312(1) en sien hfst 7 C 2(c) *Verduidelikende verklaring ooreenkomstig art 312(1)(a)*.
- 6) Sien hfst 7 B 9 *Aanstelling van die voorsitter van vergaderings*.
- 7) Vgl art 311(4) en sien hfst 7 F 3 *Inhoud van die aansoek*.
- 8) Vgl art 311(2) en sien hfst 7 F 4(b) *Die hof se diskresie*.
- 9) Vgl Gower 713.

Dat hierdie beskerming van skuldeisers nie voldoende is nie, blyk uit die ondersoek in die vorige hoofstuk¹⁰ oor misbruike van veral die skikkingsprosedure.

3. Behoeftte aan beter beskerming van skuldeisers

Die grootse behoefte aan die beskerming van skuldeisers ontstaan egter nadat 'n skikking of reëling deur die hof bekragtig is en 'n likwidasiëbevel of geregtelike bestuursbevel opgehef is. Op hierdie stadium geniet skuldeisers weinig beskerming¹¹ en die belangrikste leemtes hier is -

- a) Die feit dat die ontvanger namens skuldeisers deur die aanbieder benoem en deur die hof aangestel word, maar ook die belange van skuldeisers moet beskerm.¹²
- b) Die gebrek aan minimum kwalifikasies waaraan die ontvanger namens skuldeisers moet voldoen, asook die feit dat daar geen kommunikasie tussen die hof en die Meester is oor die geskiktheid van 'n bepaalde persoon om as voorsitter en ontvanger namens skuldeisers op te tree nie.¹³
- c) Die gebrek aan minimum vereistes wat die aanbod behoort te bevat om effektiewe beheer en toesig oor die ontvanger namens skuldeisers te verseker.¹⁴
- d) Die gebrek aan statutêre riglyne oor wie die aanbieder mag aanspreek indien hy versuim om ooreenkomstig die skikking te presteer.¹⁵

10) Sien hfst 10 *Misbruik van die Skikking- en reëlingskema-prosedure*.

11) Sien ook hfst 8 N *Gevolgtrekking*.

12) Sien hfst 8 G 1(a) oor die benoeming, aanstelling en funksie van die ontvanger namens skuldeisers.

13) Sien hfst 8 G 1(b) oor die kwalifikasies van die ontvanger.

14) Sien hfst 8 M *Beheer oor die ontvanger namens skuldeisers*.

15) Sien hfst 9 C.

4. Skikking en akkoord

By akkoord by insolvensie is daar strenger beheer en minder geleentheid vir misbruik van die prosedure ten koste van skuldeisers. Om hierdie rede is dit sinvol om 'n vergelyking te tref tussen die maatskappyregtelike skikking en akkoord by insolvensie. Hierdie twee prosedures verskil op feitlik elke punt, hoewel die einddoel dieselfde is. Die skikkingsprosedure kan dus moontlik verbeter word deur sekere beginsels wat by akkoord van toepassing is, statutêr op maatskappyregtelike skikkings van toepassing te maak.

Uit 'n vergelyking tussen die maatskappyregtelike skikking en akkoord blyk daar die volgende verskille tussen die twee prosedures te wees -

- a) 'n Aanbod van akkoord kan slegs gemaak word nadat die eerste byeenkoms van skuldeisers plaasgevind het;¹⁶ 'n skikkingsaanbod kan te enige tyd gemaak word, en kan selfs gemaak word sonder dat die maatskappy in likwidasie of onder geregtelike bestuur is.¹⁷
- b) 'n Akkoord moet skriftelik aan die kurator aangebied word.¹⁸ 'n Skikkingsaanbod hoef nie aan die likwidateur of geregtelike bestuurder gerig te word nie en kan selfs sonder sy medewete aan skuldeisers voorgelê word.¹⁹
- c) 'n Akkoord kan slegs deur die insolvent aangebied word, al kry hy ook finansiële hulp van 'n derde om hom in staat te stel om die aanbod te maak.²⁰ 'n Aansoek tot die hof om 'n

16) Sien art 119(1), Insolvensiewet; Smith 276; Mars 422.

17) Art 311(1); sien ook hfst 7 B 4.

18) Art 119(1), Insolvensiewet. Sien ook Smith 276; Mars 422.

19) Vgl hfst 6 B 2 *Geadresseerde*.

20) Art 119(1), Insolvensiewet; sien ook Smith 276; Mars 422.

skikkingsaanbod te oorweeg, kan deur die maatskappy self of deur 'n lid, skuldeiser, likwidateur of geregtelike bestuurder gerig word.²¹

- d) Die aanvaarbaarheid van 'n aanbod van akkoord vir skuldeisers word deur die kurator beoordeel.²² 'n Skikkingsaanbod mag aan die hof voorgelê word wanneer toestemming vir die byeenroep van vergaderings aangevra word, sonder dat die likwidateur of geregtelike bestuurder insae daarin gehad het; selfs al het hulle insae in die voorwaardes van die aanbod gehad, word geen mening of oordeel van hulle ver wag nie.²³
- e) Indien die kurator van oordeel is dat die skuldeisers die aanbod van akkoord waarskynlik aanvaarbaar sal vind, stuur hy 'n afskrif daarvan tesame met sy verslag daaroor aan skuldeisers.²⁴ Die kurator beoordeel dus die aanvaarbaarheid van die aanbod vir skuldeisers. By 'n skikkingsaanbod oordeel die hof oor die aanvaarbaarheid daarvan; geen verslag van die likwidateur of geregtelike bestuurder oor die aanbod word aan skuldeisers gestuur nie.²⁵
- f) 'n Afskrif van 'n aanbod van akkoord, met die kurator se verslag, word slegs aan skuldeisers wat reeds hul vorderings bewys het, gestuur;²⁶ die dokumente word dus slegs aan skuldeisers gestuur wat reeds hul betrokkenheid by die insolvensieprosedure bewys het. 'n Afskrif van die skikkingsaanbod, indien dit uitgestuur word,²⁷ word aan *alle* skuldeisers gestuur.²⁸

-
- 21) Art 311(1); sien ook hfst 7 B 1 *Partye wat die aansoek mag bring*.
- 22) Art 119(2) Insolvensiewet; sien ook Smith 277; Mars 422.
- 23) Sien hfst 7 B 3 *Inhoud van die aansoek*.
- 24) Art 119(2) Insolvensiewet; sien ook Smith 277; Mars 422.
- 25) Sien hfst 7 C 2 *Dokumente wat aan skuldeisers en/of lede gestuur moet word*.
- 26) Art 119(2) Insolvensiewet; sien ook Smith 277; Mars 422.
- 27) Vgl hfst 7 C 2(b) *'n Afskrif van die skikking- en reëlingsaanbod*.
- 28) Sien hfst 7 C 1 *Kennisgewing aan skuldeisers en lede*; hfst 7 D 6(b) *Bewys van eise as voorwaarde om te mag stem*.

-
- g) Die kurator kan besluit dat 'n aanbod van akkoord nie aanneemlik vir skuldeisers is nie, waarna die insolvent hom op die Meester kan beroep.²⁹ Die likwidateur of geregtelike bestuurder kan nie, al word die aanbod eers aan hom getoon, 'n skikkingsaanbod summier van die hand wys nie - slegs die hof kan weier om toestemming te gee dat vergaderings van skuldeisers en lede byeengeroep word.³⁰
- h) Wanneer die aanbod van akkoord oorweeg word, belê die kurator die nodige byeenkoms met kennisgewing van 14 tot 28 dae voor die byeenkoms.³¹ By die byeeroep van vergaderings om 'n skikkingsaanbod te oorweeg, is daar geen minimumtydperk van kennisgewing wat gegee hoef te word nie, hoewel die hof kennis daarvan sal neem indien onvoldoende kennisgewing aan skuldeisers gegee is.³²
- i) Vergaderings om 'n aanbod van akkoord te oorweeg, word voor die Meester van die Hooggeregshof gehou;³³ vergaderings om 'n skikkingsaanbod te oorweeg word selde voor die Meester gehou en word gewoonlik gehou onder voorsitterskap van 'n persoon deur die hof aangewys.³⁴
- j) Indien betaling ingevolge 'n akkoord nie onmiddellik gemaak word nie, moet sekuriteit vir die betaling van die balans gestel word alvorens die insolvent die nodige sertifikaat dat die akkoord aanvaar is, van die Meester kan verkry.³⁵

29) Art 119(3) Insolvensiewet; sien ook Smith 277; Mars 422.

30) Sien hfst 7 B oor die aansoek tot die hof om toestemming om vergaderings byeen te roep.

31) Art 119(6) Insolvensiewet; sien ook Smith 277; Mars 423.

32) Sien hfst 7 C 1 oor kennisgewing aan skuldeisers en lede.

33) Hoewel dit nie uitdruklik so in die Insolvensiewet bepaal word nie, is hierdie vergadering 'n algemene vergadering van skuldeisers wat byeengeroep moet word ooreenkomstig art 41 Insolvensiewet - sien Smith 277; *Mia v The Master* 1940 TPD 86 op 93. Derhalwe word die vergadering voor die Meester gehou.

34) Sien hfst 8 G 2(g) *Verantwoording aan die Meester van die Hooggeregshof* en hfst 7 B 9 *Aanstelling van die Voorsitter van vergaderings*.

35) Art 119(7) Insolvensiewet; sien ook Smith 278; Mars 424.

-
- k) 'n Aanvaarde aanbod van akkoord kan slegs rehabilitasie van die insolvent bespoedig indien ten minste helfte van die bedrag wat aan bewese skuldeisers verskuldig is, betaal is of bevredigende sekerheid gestel is vir die betaling daarvan.³⁶ In die geval van 'n skikking, kan 'n maatskappy onmiddellik by bekragtiging van die skikking onthef word van likwidasie of geregtelike bestuur, sonder dat enigiets betaal is, sonder dat 'n objektiewe minimum-bedrag aan skuldeisers belowe is en sonder dat sekerheid verskaf is vir die betaling van enige beloofde bedrag.³⁷
- l) 'n Aanbod van akkoord mag nie onderhewig aan 'n voorwaarde dat die insolvent gerehabiliteer word of dat skuldeisers sal instem tot rehabilitasie, gemaak word nie.³⁸ By 'n skikking is dit 'n normale voorwaarde dat die aanbod sal verval indien die likwidasie of geregtelike bestuur nie deur die hof opgehef word by bekragtiging van die skema nie.³⁹
- m) 'n Akkoord word bindend sodra dit deur die vereiste meerderhede van skuldeisers aanvaar is;⁴⁰ 'n skikking moet boonop deur die hof goedgekeur word, maar die hof het 'n diskresie om goedkeuring te weerhou ten spyte daarvan dat die skikking deur die vereiste meerderheid van skuldeisers aanvaar is.⁴¹
- n) By akkoord is daar geen voorsiening vir die verdeling van skuldeisers in klasse nie en die akkoord word vir alle praktiese doeleindes slegs deur voorkeur- en konkurrente skuldeisers oorweeg; slegs konkurrente skuldeisers is aan

36) Art 124(1) Insolvensiewet; sien ook Smith 279; Mars 430.

37) Sien hfst 8 E *Opheffing van likwidasie of geregtelike bestuur*.

38) Art 119(7) Insolvensiewet; sien ook Smith 278; Mars 423.

39) Hoewel 'n afsonderlike bevel vereis word vir die opheffing van likwidasie of geregtelike bestuur, word opheffing nie afsonderlik op eie meriete oorweeg nie. Sien hfst 8 E.

40) Art 119(7) Insolvensiewet; Smith 279; Mars 424.

41) Sien hfst 7 F 4(b) *Die hof se diskresie*.

die akkoord gebonde, aangesien die regte van versekerde en voorkeurskuldeisers nie deur 'n akkoord geraak word nie.⁴² By 'n skikking word skuldeisers ingedeel in verskillende klasse wat afsonderlik vergader en afsonderlik die aanbod oorweeg; daar is egter geen voorsiening vir 'n geval waar een klas skuldeisers die aanbod sou aanvaar en 'n ander dit sou verwerp, of eenvoudig sou swyg nie.⁴³

- o) Alle gelde wat betaal en alle handeling wat verrig word ten behoeve van skuldeisers ingevolge 'n akkoord moet so ver doenlik deur middel van die kurator betaal en verrig word.⁴⁴ By 'n skikking kan enige persoon, nie net die likwidateur of geregtelike bestuurder nie, as voorsitter van vergaderings en as ontvanger namens skuldeisers aangewys word.⁴⁵
- p) By 'n akkoord moet die kurator nog steeds 'n likwidasië en verdelingsrekening opstel wat op dieselfde wyse as ander rekeninge in 'n insolvente boedel, ter insae moet lê en deur die Meester bekragtig moet word.⁴⁶ By 'n skikking hoef die ontvanger geen rekening by die Meester in te dien nie, hoewel hy kontraktueel gebonde mag wees om 'n rekening vir insae deur skuldeisers en die aanbieder op te stel.⁴⁷

By die opweging van die twee prosedures teen mekaar, ontstaan die versoeking om eenvoudig te bepleit dat die skikkingsprosedure sodanig gewysig moet word dat dit in alle opsigte ooreenstem met die akkoordprosedure. Daar moet egter in gedagte

42) Vgl art 119(5)en(7) gelees met art 52; art 120(1) (Insolvensiewet).

43) Sien hfst 7 D 2 oor die indeling van skuldeisers in verskillende klasse.

44) Art 123(1) Insolvensiewet; Smith 282; Mars 425.

45) Sien hfst 7 B 9 en hfst 8 G 1.

46) Art 123(2) Insolvensiewet; Smith 282-283; Mars 425.

47) Sien hfst 8 G (i) *Opstel van 'n rekening*.

gehou word dat by die oorweging van 'n skikking, daar feitlik net ekonomiese faktore in aanmerking geneem word, hoewel oorwegings van die openbare belang ook 'n ondergeskikte rol speel. By die oorweging van 'n akkoord, gaan dit nie net om die finansiële belange van skuldeisers nie; dit gaan vir die skuldenaar ook hier om sy *dignitas* en sekere beperkings op sy handelingsbevoegdheid. Daar is dikwels ook groter bedrae geld betrokke by 'n skikking as by 'n akkoord.

C. BESKERMING VAN MINDERHEDE

Daar is 'n toenemende bewustheid van die noodsaaklikheid om toe te sien dat die gebruik van die artikel 311-prosedure nie tot onderdrukking van minderheidskuldeisers of -aandeelhouers lei nie.

In die geval van aandeelhouers, gaan dit nie slegs om die beskerming van minderheidsaandeelhouers nie, maar veel eerder om die beskerming van die regte van alle aandeelhouers wat nie beheer oor die maatskappy het nie.⁴⁸

Die Britse howe toon al hoe meer besorgheid oor die belange van minderheidsaandeelhouers.⁴⁹ Vroeër het die howe telkens wanneer 'n diskresionêre mag aan hulle verleen is om die belange van minderheidsaandeelhouers te beskerm, gewoonlik afstand van hul diskresie gedoen ten gunste van die meerderheid.⁵⁰

Rice⁵¹ verdeel die beskerming wat ingevolge artikel 206⁵² aan minderheidsaandeelhouers verleen word om hulle teen onderdrukking deur die meerderheid te beskerm, in drie groepe.

-
- 48) Sien Cilliers en Benade 447 (opskrif par 27.36).
 - 49) Prentice "Corporate Arrangements - Protecting Minority Shareholders" (1976) 92 *LQR* 13 (hierna na verwys as "Prentice").
 - 50) Prentice 13.
 - 51) "Protection of Minorities against Oppression under Section 296 of the Companies Act, 1948" (1958) *MLR* 623 (hierna verwys as "Rice").
 - 52) ECA. Die ooreenstemmende art in die Suid-Afrikaanse Wet is art 311.

Eerstens sal die hof nie 'n skema ingevolge artikel 206 bekragtig tensy die meerderheid *bona fide* in die belang van die klas as geheel opgetree het nie.⁵³

Rice⁵⁴ bespreek nie hierdie punt uitvoerig nie. Dit is egter 'n erkende beginsel dat magte wat aan meerderhede gegee word om minderhede te bind, altyd vatbaar vir misbruik is⁵⁵ en dat die hof gevolglik moet toesien dat die statutêre meerderheid *bona fide* optree en nie dwang op die minderheid uitoefen om belange te bevorder wat bots met dié wat hul voorgee om te verteenwoordig nie.⁵⁶

In die tweede instansie sal die hof slegs 'n skema bekragtig indien die skema regverdig en redelik is.⁵⁷ Rice se siening is dat die eerste beskerming grootliks by die tweede ingelyf is.⁵⁸

Soos reeds elders aangetoon is,⁵⁹ kyk die hof self na die redelikheid van 'n skema; die *bona fides* van die meerderheid word slegs ondersoek indien daar teenkanting teen die skema is. Hierdie is dus in praktyk twee afsonderlike beskermingsmaatreëls.

Die derde beskermingsmaatreël is dat die hof mag vereis dat persone wat teen die skema gekant is, die reg sal hê om uitkoop te word soos wat die geval sou gewees het indien die skema ingevolge artikel 287 (ons artikel 390) deurgevoer sou word.⁶⁰

53) Sien hfst 7 F 4 (b) 1. *Bona fides van skuldeisers en lede*.

54) 623-624.

55) Sien bv *Mercantile Investment and General Trust Co v International Co of Mexico* (1893) 1 Ch 484n op 489n; *In re Guardian Assurance Co* (1917) 1 Ch 431 op 437.

56) Sien Rice 623 en hfst 7 F 4 (b) 1. *Bona fides van skuldeisers en lede*.

57) Rice 623.

58) Op 635.

59) Hfst 7 F 4 (b) 1. *Bona fides van skuldeisers en lede*.

60) Rice 623.

Rice bespreek hierdie beskermingsmaatreël breedvoerig, maar artikel 390 het nog nooit 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse maatskappyereg vervul nie.⁶¹

Rice wys verder daarop dat dit in praktyk moeilik vir die minderheid is om die onredelikheid van 'n skema te bewys.⁶²

In Suid-Afrika, in die geval van minderheidsaandeelhouders, wys Katz⁶³ daarop dat die artikel 311-prosedure beter beskerming as sommige van die ander metodes wat gebruik word om 'n oornome te bewerkstellig, bied.⁶⁴ Macgregor⁶⁵ bepleit dat die artikel 311-prosedure steeds toegelaat moet word vir oornames, maar dat die vereistes vir openbaarmaking en die voorgeskrewe strafbepaling wat op die oornome-aanbodprosedure van toepassing is, ook hier toegepas moet word.

Wanneer gekyk word na die beskerming van minderheidskuldeisers, in teenstelling met aandeelhouders, deur die Suid-Afrikaanse howe, lyk die toestand nie bemoedigend nie.

So is daar byvoorbeeld in *Rosen v Bruyns NO*⁶⁶ 'n skikking voorgestel deur 'n direkteur van 'n maatskappy wat in likwidasie was; *prima facie* was dit 'n billike aanbod. Daar is egter bewerings gemaak dat sekere bates van die maatskappy versteek is en dat die inligting wat aan skuldeisers voorsien is, derhalwe onakkuraat kon wees. By die vergadering van konkurrente skuldeisers, stem twee skuldeisers teen die aanvaarding van die skema; een van hulle opponeer die bekragtiging daarvan deur die hof. As deel van die klas konkurrente skuldeisers, stem onder meer maatskappye

-
- 61) Vgl Cilliers en Benade 454-455; Henochsberg 681-685, waar die jongste gerapporteerde beslissing oor art 390 in 1930 gerapporteer is (sien 683).
- 62) Op 635.
- 63) "Legal aspects of the regulation of take-overs" 1979 MB 53.
- 64) sien veral 56.
- 65) *Mergers, Acquisitions and Shareholders* 114.
- 66) 1973(1) SA 815 (T).

waarvan die aanbieder 'n direkteur is, asook die aanbieder en sy eggenote persoonlik. Dit blyk egter nie uit die uitspraak of die nodige meerderheid steeds behaal sou word indien hierdie persone nie as deel van dieselfde klas skuldeisers behandel sou wees nie. Appèl teen die bekragtiging van die skema word van die hand gewys.

In *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another*⁶⁷ het die eis van die grootste skuldeiser meer as 90 persent van die totale waarde van eise uitgemaak en die eis het voortgespruit uit finansiële bystand wat aan die maatskappy verleen is. Sowat tien persent van die uitstaande skulde was aan gewone handelsskuldeisers verskuldig. Met behulp van die stem van die groot skuldeiser, word die skema deur die vereiste meerderhede aanvaar. Dit blyk dat verdere ondersoek na die maatskappy se sake noodsaaklik is; op grond hiervan weier die regter van eerste instansie om die skema goed te keur. Op appèl word die skema egter bekragtig.

In *Ex parte Klopper and Another NNO: In re Rena Finansieringsmaatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation)*⁶⁸ word 'n skikkingsaanbod deur 'n filiaalmaatskappy M, wie se eis sowat 40 persent in waarde van die totale konkurrente eise bedra het, voorgestel. Negentien uit eenhonderd-en-drie skuldeisers opponeer die skema; die vereiste meerderhede word slegs behaal deur M (die aanbieder) se stem by te reken. Hoewel daar beslis word dat M saam met ander konkurrente skuldeisers by dieselfde vergadering mag stem, kom die hof tot die redding van die minderheid deur te bevind dat daar onvoldoende inligting aan skuldeisers verskaf is en dat die skema gevolglik nie bekragtig kan word nie.

Met hierdie beslissing, sowel as die hof van eerste instansie se uitspraak in *Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another, supra*, wil dit lyk asof daar 'n bewustheid begin intree

67) 1978(2) SA 755 (N).

68) 1979(1) SA 254 (T).

van die noodssaklikheid om ook om te sien na die belange van minderheidskuldeisers by 'n skikkingskema.

Uit die bespreking van die beskerming van minderhede, blyk dit dat die behoefte bestaan aan die beskerming van alle skuldeisers en lede, en nie net minderhede nie. Die beskermingsmaatreëls is in albei gevalle feitlik dieselfde.

Verder blyk dit dat minderheidskuldeisers in die geval van 'n skikking nog nie voldoende beskerming deur ons howe verleen word nie; die howe is nie openlik bereid om hul diskresie ten gunste van die minderheid uit te oefen nie, moontlik weens die feit dat 'n appèl neerkom op 'n herverhoor van die saak en dat 'n skema maklik op appèl goedgekeur kan word indien die regter van eerste instansie 'n sterk standpunt ten gunste van die minderheid inneem.⁶⁹

D. GEVOLGTREKKING

Die belangrikste langtermyn-oplossing vir die beskerming van skuldeisers by die skikkingsprosedure, sal wees om te bepaal dat die skikking- en reëlinskemaprocedure ingevolge artikel 311 net beskikbaar is indien 'n maatskappy nie in likwidasie of geregtelike bestuur is nie.

'n Soortgelyke prosedure kan dan geskep word waar 'n skikking of reëling voorgestel word tussen 'n maatskappy wat in likwidasie of onder geregtelike bestuur is, en sy skuldeisers en/of lede. By hierdie voorgestelde prosedure kan 'n aantal beginsels wat by akkoord van toepassing is, ook hier toegepas word.

Die volgende aspekte van akkoord kan moontlik met vrug deur wetgewing toepaslik gemaak word waar 'n skikking tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers voorgestel word, en die maatskappy in likwidasie of onder geregtelike bestuur is -

69) Sien hfst 7 F 7 Appèl.

-
- a) Geen skikkingsaanbod behoort oorweeg te word voordat die eerste vergadering van skuldeisers plaasgevind het nie. 'n Voorlopige likwidateur of geregtelike bestuurder het nie die geleentheid om die sake van die maatskappy deeglik te ondersoek in die beperkte tyd tot sy beskikking nie.
- b) 'n Skikkingsaanbod behoort slegs aan die likwidateur of geregtelike bestuurder gerig te word, wat dan 'n aansoek tot die hof rig om toestemming om vergaderings van skuldeisers byeen te roep.
- c) Wanneer 'n aansoek om toestemming om vergaderings byeen te roep deur die hof oorweeg word, behoort die likwidateur of geregtelike bestuurder, sowel as die Meester toegelaat te word om 'n mening oor die meriete van die voorgestelde skikking aan die hof voor te lê. Uit die aard van hul werksaamhede behoort hierdie persone goed toegerus te wees om die ekonomiese aspekte van 'n aanbod op te som, terwyl die hof in 'n mosiehofaansoek net op die feite voor hom kan oordeel.
- d) Vergaderings om die skikking te oorweeg, behoort onder voorsitterskap van die Meester gehou te word, hoewel die verpligting om aan die hof terug te rapporteer, op die likwidateur of geregtelike bestuurder kan rus.
- e) Opheffing van 'n likwidatiebevel of 'n bevel van geregtelike bestuur behoort slegs te geskied indien betaling ingevolge die skikking reeds gemaak is of voldoende sekuriteit, volgens die oordeel van skuldeisers, verskaf is vir die uitvoering van die skikkingsaanbod. Voorsiening kan ook gemaak word vir die betaling van 'n minimum-dividend aan konkurrente skuldeisers alvorens opheffing van so 'n bevel oorweeg sal word.

-
- f) Slegs die likwidateur of geregtelike bestuurder behoort as ontvanger namens skuldeisers te kan optree; hulle behoort uit hul amp as likwidateur, ensovoorts ontslaan te word, maar terselfdertyd in 'n nuwe amp van ontvanger namens skuldeisers aangestel te word. Die verskil tussen skikking en akkoord op hierdie punt is daarin geleë dat 'n likwidateur slegs beheer oor die maatskappy en sy bates oorneem, terwyl by 'n insolvensie die bates op die kurator persoonlik oorgaan.⁷⁰ Om hierdie rede is ontslag van die likwidateur en vervanging deur die ontvanger namens skuldeisers wenslik.
- g) Die ontvanger behoort verplig te wees om op die gewone wyse 'n likwidasie- en verdelingsrekening op te stel en by die Meester in te dien; artikel 403 tot 411 oor rekeninge behoort ook by 'n skikking van toepassing te wees.

In teenstelling met die posisie by akkoord, behoort oorweging van 'n skikking nie beperk te word tot skuldeisers wat reeds hul eise bewys het nie - alle skuldeisers behoort ten minste kennis van die voorgenome skikking te ontvang, soos wat tans die geval by skikkings is. Verder behoort daar deur wetgewing voorsiening daarvoor gemaak te word dat kennisgewing van die bekragtiging van 'n skema in die Staatskoerant gepubliseer word, tesame met die naam en adres van die ontvanger en die tydperk waarbinne eise bewys moet word. Hoewel hierdie vereiste soms deur die hof gestel word, is daar tans geen wyse waarop beheer hieroor uitgeoefen word om toe te sien dat publikasie wel geskied nie.

Op hierdie wyse mag 'n langtermyn-oplossing verkry word om die skikkingsprosedure ordelik en regverdig te laat geskied, met voldoende beskerming van die belange van skuldeisers.

70) Vgl art 361 en 391 van die Wet; sien daarteenoor art 20(a) Insolvensiewet. Sien ook Cilliers en Benade 608; Smith 79.

- 371 -

Verder blyk dit dat daar 'n algemene behoefte aan beter beskerming van alle skuldeisers en lede bestaan, en nie net minderhede nie.

Uit 'n ontleding van 'n aantal beslissings blyk dit dat daar nog nie 'n algemene besorgdheid by ons howe posgevat het oor die beskerming van minderheidskuldeisers nie, moontlik omdat 'n diskresionêre weiering van goedkeuring van 'n skema nie op apèl gehandhaaf sal word nie.

HOOFSTUK 12

KRITIESE ONTLEDING VAN ARTIKELS

311 EN 312

- A. INLEIDING
- B. ARTIKEL 311
1. *Inleiding*
 2. *Artikel 311(1)*
 3. *Artikel 311(2)*
 4. *Artikel 311(3)*
 5. *Artikel 311(4)*
 6. *Artikel 311(5)*
 7. *Artikel 311(6)*
 8. *Artikel 311(7)*
 9. *Artikel 311(8)*
 10. *Gevolgtrekkings*
- C. ARTIKEL 312
1. *Inleiding*
 2. *Artikel 312(1)*
 3. *Artikel 312(2)*
 4. *Artikel 312(3)*
 5. *Artikel 312(4)*
 6. *Artikel 312(5)*
 7. *Gevolgtrekking*
- D. GEVOLGTREKKING
-

A. INLEIDING

Artikel 311 bevat die algemene bepalings betreffende skikkings en reëlings, terwyl a 312 handel oor inligting wat aan skuld-eisers en lede verskaf moet word, sowel as die gevolge van enige versuim om sodanige inligting te verskaf.

Soos die skikking- en reëlinskemaprocedure deur die jare ontwikkel het en verfyn is, is daar volgens die behoeftes van die tyd bygevoeg tot die bepalings wat die prosedure reguleer¹ sonder om te besin oor die basiese beginsels wat ter sprake is, of sonder om die feit dat die behoeftes van die praktyk verander het weens wysigings van ander gedeeltes van die Wet, in ag te neem.

Om hierdie rede het dit nodig geword om weer krities die bepalings van a 311 en 312 te beskou ten einde te let op sowel leemtes wat daar nog mag wees, asook enige gedeeltes wat moontlik oorbodig mag geword het.

B. ARTIKEL 311

1. Inleiding

Die voorganger van a 311 was a 103 van die Maatskappywet, 1926, soos van tyd tot tyd gewysig. Die opskrif van a 103 was *Skikkingsreg met Skuldeisers en lede*, wat nog klem gelê het op die oorspronklike doel van die betrokke bepaling, naamlik om aan 'n maatskappy wat in likwidasië is, die *reg* te verleen om met sy skuldeisers as groep 'n skikking aan te gaan, wat dan op die hele groep bindend sal wees. Waar die gebruike van die betrokke bepaling egter oor die jare geweldig uitgebrei het en meer gesofistikeerd geraak het, word hierdie verandering dan ook weerspieël in die opskrif van a 311 *Skikking en reëling tussen maatskappy, sy lede en skuldeisers*.

2. Artikel 311(1)

Hierdie sub-artikel is feitlik woordeliks dieselfde as sy voorganger, a 103(1) van die 1926-Wet, behalwe dat daar nou uitdruklik

1) Sien H 2 oor die geskiedkundige ontwikkeling van a 311 en 312.

aan die geregtelike bestuurder die mag verleen word om ook aansoek vir die oorweging van 'n skikking of reëling te doen, 'n reg wat hy voorheen slegs uit hoofde van regspraak gehad het.² Die voorlopige geregtelike bestuurder is nog nie uitdruklik by magte om aansoek te doen vir die byeenroep van vergaderings nie, hoewel die hof bereid is om te aanvaar dat hy die nodige *locus standi* het.³ Of dit wenslik is dat 'n voorlopige geregtelike bestuurder so 'n aansoek bring, is 'n ander vraag, want die prosedure by voorlopige geregtelike bestuur is deur die Wet sodanig gewysig dat skuldeisers so spoedig moontlik moet besluit of 'n finale bevel toegestaan behoort te word of nie. Indien 'n skikking of reëling tydens voorlopige geregtelike bestuur voorgestel word, mag dit onnodige en selfs skadelike vertraging meebring.⁴

Artikel 311(1) stem ooreen met a 206(1) ECA 1948⁵.

Aan die hof word net uitdruklik die mag verleen om voorskrifte te gee oor die wyse waarop vergaderings byeengeroep moet word en nie bv oor die wyse waarop vergaderings gehou moet word en die prosedure tydens vergaderings nie.⁶ Aangesien die hof 'n

-
- 2) Vgl *Ex parte Cousins* 1948(1) SA 1130(N); *Chitty and Another v Apex Building and Construction Co Ltd* 1949(2) SA 435(K).
 - 3) *Williams v Sandy's Confectionary (Pty) Ltd: Ex parte Muller* NO 1976(2) SA 355(D).
 - 4) Sien H 7 B 1 e) *Aansoek deur die geregtelike bestuurder*.
 - 5) Die twee verskille is dat 'n verwysing na die geregtelike bestuurder in die Wet gemaak word, iets wat onbekend aan die Engelse maatskappyereg is, en dat a 206(1) ECA 1948 bepaal dat die aansoek gebring moet word by wyse van "application in a summary way". Die Suid-Afrikaanse bepaling bevat nie soortgelyke voorskrifte oor die keuse van hofprosedure nie.
 - 6) Sien bv *Re Dorman, Long & Co Ltd* (1933) All ER Rep 460 op 469A-F; 470B-C.

diskresie het om die skema te bekragtig, kan die hof voorwaardes neerlê waaraan voldoen moet word alvorens die hof bereid sal wees om te aanvaar dat daar behoorlik met skuldeisers en lede oorleg gepleeg is, en gevolglik bereid sal wees om sy diskresie ten gunste van die applikant uit te oefen.⁷

3. Artikel 311(2)

Hierdie sub-artikel is gegrond op a 103(2) van die 1926-Wet, maar 'n wysiging is op aanbeveling van die Van Wyk de Vries-kommissie aangebring om voorsiening te maak vir die feit dat aandele sonder pari-waarde voortaan uitgereik sou kon word.⁸

Met hierdie aanpassing is die kwalifikasie van 'n meerderheid *in getal* lede weggelaat; nêrens uit die verslag van die kommissie blyk dit egter dat dit die bedoeling was om die posisie so te wysig nie.⁹

Waar a 311 dus gebruik word om 'n oornome te bewerkstellig, bring dit mee dat indien een enkele lid 75 persent van die aandele hou op grond waarvan daar by 'n vergadering, gehou ingevolge 'n hofbevel, gestem word, die skema aanvaar, die hof by magte is om die skema te bekragtig.

Daar word aan diehand gedoen dat die woorde "in getal" *per incuriam* weggelaat is na "n meerderheid" in sub-artikel (2)(b) en dat dit nooit die Wetgewer se bedoeling was om minderheids-aandeelhouders op hierdie wyse te benadeel nie.¹⁰ Totdat die

7) Sien H 7 D 1.

8) Sien *Aanvullende Verslag* II 243-244; III 114.

9) Sien H 7 D 8 b) *Meerderhede*

10) Cilliers en Benade 425 en Henochsberg 534 lewer geen kommentaar hierop nie.

situasie egter deur die Wetgewer reggestel word, moet aanvaar word dat slegs in die geval van skuldeisers, daar 'n meerderheid in getal persone wat stem sowel as drie-kwart in waarde van stemme vereis word.

Op aanbeveling van die Van Wyk de Vries-kommissie, is die woorde "en stem" ingevoeg na die woorde "aanwesig is", sodat die meerderheid op die vergadering verband hou met diegene wat teenwoordig is en stem.¹¹ Hierdie invoeging het die artikel laat klop met die ooreenstemmende artikel in die Engelse wet.¹² Voor hierdie invoeging was die stem van 'n persoon wat teenwoordig was maar buite stemming gebly het, effektief 'n stem teen die skema.

A 103(2) van die 1926-Wet het uitdruklik bepaal dat die goedgekeurde skikking of reëling ook kontribuante sou bind;¹³ a 206(2) ECA 1948 bepaal nog steeds so. Die 1973-Wet bepaal egter dat geen aandele toegewys of uitgereik kan word tensy hulle ten volle opbetaal is nie,¹⁴ en is daar derhalwe aanvaar dat a 311(2) nie op kontribuante van toepassing hoef te wees nie. Wat uit die oog verloor is, is dat daar maatskappye was wat aandele voor inwerkingtreding van die 1973-Wet uitgereik het wat nie ten volle opbetaal was nie.¹⁵ Die weglating van "kontribuant" uit a 311(2)

-
- 11) *Aanvullende Verslag aanbeveling 187(c)* (bladsy 122-123).
 - 12) Vgl *Aanvullende Verslag* par 77.05 en sien *Company Law Amendment Committee 1925-26 Report* Cmd 2657 58 sv "section 120" - verslag van die sg "Greene-kommissie".
 - 13) Sien Henochsberg 529.
 - 14) A 92. Sien ook a 4(2) oor oorgangsbepalings mbt gedeeltelik opbetaalde aandele.
 - 15) Vir doeleindes van hoofstuk XIV van die Wet, is daar ook nog twee ander soorte kontribuante. Sien a 337 sv "kontribuant".

het egter nie veel praktiese gevolge nie, aangesien 'n kontribuant tegelykertyd ook 'n lid van die maatskappy is en in daardie hoedanigheid aan 'n skema gebonde sal wees.

4. Artikel 311(3)

Hierdie bepaling is gegrond op 'n byvoeging tot a 103 (2) van die 1926-Wet wat op aanbeveling van die Lansdown-kommissie ingevoeg is.¹⁶ Die kommissie gee geen redes vir hierdie aanbeveling nie,¹⁷ maar die aanbeveling is waarskynlik gemaak omdat die skikking as 'n kontrak beskou is wat ingevolge die gemeenereg sou meebring dat waar die hoofskuld geskik of genoveer word, die verpligtinge van 'n borg sou verminder of verval.¹⁸

Daar is geen soortgelyke bepaling in die ECA 1948 nie.

5. Artikel 311(4)

Hierdie bepaling is ingevoeg op aanbeveling van die Van Wyk de Vries-kommissie.¹⁹ Die doel daarvan is dat die hof 'n verslag van die likwidateur oor misdrywe en persoonlike aanspreeklikheid van direkteure en beamptes voor hom moet hê alvorens 'n likwidasiebevel ingevolge 'n skikking of reëling opgehef word.²⁰

Daar is twee probleme in verband met hierdie sub-artikel: die feit dat die verslag net vereis word indien 'n *likwidasiebevel* opgehef word en die feit dat die hof nie die inhoud van hierdie verslag met voldoende erns bejeën nie.

16) *Verslag van die Maatskappywetkommissie 1935-1936*. UG 45 van 1936 aanbeveling 251.

17) Sien aanbeveling 251 (op 42).

18) Sien H 5 E 1 en 2 a) oor die posisie van die borg by 'n kontrakteregtelike skikking en by novasie.

19) Sien *Aanvullende Verslag* aanbeveling 187(a).

20) Sien *Aanvullende Verslag* 119 par 77.02.

Eerstens kan die indiening van 'n verslag aan die hof vermy word deurdat die maatskappy in vrywillige likwidasië of onder geregtelike bestuur geplaas is, in welke gevalle 'n verslag van die Meester nie vereis word nie. Daar bestaan geen goeie rede waarom 'n verslag vereis moet word indien 'n maatskappy deur die hof gelikwideer word, maar nie vereis word indien die maatskappy in vrywillige likwidasië of onder geregtelike bestuur is nie.²¹

Tweedens word die uitwerking van die bepaling in praktyk afgewater deurdat 'n skikking of reëling op 'n vroeë stadium voorgestel word, voordat die voorlopige likwidateur voldoende geleentheid gehad het om die sake van die maatskappy behoorlik te ondersoek. Daar is geen voorsiening om 'n hofaansoek bv uit te stel sodat die likwidateur die maatskappy se sake behoorlik kan ondersoek nie. Selfs al sou die likwidateur se verslag nie gunstig wees nie, of al sou dit blyk dat verdere ondersoek nodig is, verkies ons howe om die skema te bekragtig indien dit deur die vereiste meerderheid skuldeisers aanvaar is en dit andersins 'n aanvaarbare skema is.²²

Om hierdie sub-artikel effektief te maak, sou die Wetgewer moes bepaal dat dit van toepassing is indien die skema voorsiening maak vir die opheffing van likwidasië²³ of die intrekking van 'n geregtelike bestuursbevel. Verder sou die Wetgewer moes bepaal dat die Meester verplig is om 'n positiewe verslag te lewer alvorens opheffing van likwidasië of intrekking van geregtelike

21) Sien in die algemeen H 7 E *Verslag van die Meester van die Hooggeregshof*.

22) Sien H 7 E *Gevolgtrekking*.

23) In teenstelling met opheffing van 'n likwidasiëbevel.

bestuur *oorweeg* kan word.²⁴ Met 'n positiewe verslag word bedoel 'n verslag wat verklaar dat ten spyte van deeglike ondersoek, die likwidateur nie in staat was om enige bewys van misdrywe of persoonlike aanspreeklikheid op te spoor nie; waar 'n positiewe verslag dan nie gegee kan word nie, sou die skema nie bekragtig kon word nie. So 'n wysiging sou waarskynlik baie addisionele werk vir die likwidateur meebring en selfs in so 'n geval sou die effektiwiteit daarvan in 'n groot mate afhang van die toewyding van die individuele likwidateur. Gevolglik sou so 'n wysiging waarskynlik ook nie geslaag wees nie.

Daar is geen soortgelyke bepaling in die ECA 1948 nie.

6. *Artikel 311(5)*

As gevolg van klagtes voorgelê aan die Van Wyk de Vries-kommissie oor swak bywoning van ledevergaderings, is aanbeveel dat 'n bepaling ingevoeg word dat die hof in ag moet neem hoe verteenwoordigend die ledevergadering was.²⁵ Die kommissie maak die aanbeveling omdat hy geen beswaar daarteen sien om uitdruklik te verklaar dat die hof ag op hierdie feit moet slaan nie.²⁶

Die hof moet nou, by die beslissing of die skikking of reëling goedgekeur moet word, ag slaan op die getal *lede* teenwoordig of verteenwoordig by 'n vergadering, terwyl geen aandag daaraan gegee hoef te word hoe verteenwoordigend die aantal *skuldeisers* was wat die vergaderings bygewoon het nie.

24) Die hof behoort steeds 'n diskresie te hê. In *In re Telescriptor Syndicate, Limited* (1903) 2 Ch 174 op 182 het regter Buckley, alvorens hy bereid was om 'n likwidasiebevel op te skort, vereis dat aan hom bewys moet word dat die handelsaktiwiteite van die maatskappy "fair and above-board" was.

25) *Aanvullende Verslag* 119-120 par 77.03; aanbeveling 187(b)

26) *Aanvullende Verslag* 119-120; aanbeveling 187(b)

In die geval van lede-vergaderings is die Hof se diskresie om 'n skema af te keur ten spyte van die feit dat dit deur die vereiste meerderhede goedgekeur is, uitgebrei sodat die Hof nou ook 'n skema sou kon afkeur op grond van swak bywoning van vergaderings. Die Hof het egter nie 'n ooreenstemmende diskresie in die geval van vergaderings van skuldeisers nie. Daar is geen logiese rede waarom so 'n onderskeid getref behoort te word nie.

Aan die ander kant kan geredeneer word dat die bepaling oorbodig is en weggelaat kan word. Die hof behoort in elke geval uit eie beweging te besluit of daar behoorlik met skuldeisers en lede oorleg gepleeg is alvorens 'n skema goedgekeur word.²⁷

7. Artikel 311(6)

Hierdie bepaling is gegrond op a 103(3) van die 1926-Wet²⁸ en stem ooreen met a 206(3) ECA 1948.²⁹

'n Artikel 311-skema kan ook deurgevoer word tov regsperone wat nie as maatskappye ooreenkomstig die Wet geregistreer is nie.³⁰ Sub-artikel 6(a) bepaal egter dat 'n hofbevel wat 'n skikking of reëling goedkeur, kragteloos is totdat 'n gesertifiseerde afskrif daarvan onder dekking van die voorgeskrewe vorm by die Registrateur ingedien en deur hom geregistreer is. In die

-
- 27) Die redenasie van Cilliers en Benade 428 n7 dat "aangesien die woord *skikking* gebruik word, en lede nie eers noodwendig by 'n skikking betrek word nie, voer ons aan dat die hof ook die skuldeisers, wat teenwoordig of verteenwoordig was en ten gunste van die skema gestem het, in ag moet neem", is nie aanvaarbaar nie, aangesien a 311 oor skikkings en reëlings handel, en die weglating van *skikkings* uit a 311 (5) groot probleme kan veroorsaak het, omdat skikkings ook met lede aangegaan kan word.
- 28) Dit is ingevoeg op aanbeveling van die Lansdown-kommissie aanbeveling 250.
- 29) A 206(3) ECA 1948 se ontstaan kan teruggevoer word na die aanbevelings van die Greene-kommissie, 58 sv "Section 150".
- 30) Sien 9 *Artikel 311(8)* hieronder.

geval van 'n regs persoon wat nie onder beheer van die Registrateur val nie, wil dit *prima facie* lyk asof geen hofbevel wat 'n skema goedkeur, ooit van krag kan wees nie, omdat die Registrateur van Maatskappye nie by magte sal wees om so 'n bevel te registreer nie.

Spesiale voorsiening behoort in die Wet vir hierdie gevalle gemaak te word.

In Engeland moet die afskrif van die hofbevel wat ingehandig moet word, 'n "office copy" van die bevel wees.³¹ In Suid-Afrika moet die afskrif deur die griffier gesertifiseer wees.³²

A 206(3)³³ maak ook voorsiening vir die geval van maatskappye wat nie 'n akte van oprigting het nie. Artikel 311(6) (b) behoort uitgebrei te word om voorsiening daarvoor te maak dat alle regs persone 'n afskrif van die hofbevel aan afskrifte van hul grondwet wat na datum van die hofbevel uitgereik word, moet aanheg.

8. Artikel 311(7)

Hierdie bepaling is gegrond op a 103(4) van die 1926-Wet, wat ooreenstem met a 206(4) ECA 1948. Artikel 103(4) is ingevoeg op aanbeveling van die Lansdown-kommissie.³⁴

31) A 206(3) ECA 1948.

32) Regulasie 4(1) (b), Administratiewe Regulasies vir Maatskappye, 1973, GK R1948 van 19 Oktober 1973, soos gewysig. Voor die wysing van reg 4 deur GK R1759 van 29 Augustus 1980, moes die afskrif deur 'n notaris gesertifiseer word en sou indiening van selfs 'n oorspronklike hofbevel, met die seël van die griffier van die Hooggeregshof daarop, nie voldoen aan die vereistes van a 311(6) (a) en regulasie 4(1) nie. Artikel 14 vereis nog steeds dat die griffier uit eie beweging 'n afskrif van elke hofbevel wat op die maatskappy betrekking het, aan die Registrateur moet stuur.

33) ECA 1948

34) Sien aanbeveling 250.

Artikel 103(4) het egter bepaal dat die maatskappy en elke beampte wat 'n party tot die versuim is, skuldig aan 'n misdryf is. Die huidige bepaling is uitgebrei sodat dit ook uitdruklik op direkteure van toepassing is.

Die maksimum boete ingevolge a 103(4), en vandag nog ingevolge a 206(4) ECA, is twee rand per oortreding. Oortreding van a 311(7) is strafbaar met 'n maksimum boete van vyftig rand,³⁵ wat steeds 'n baie nominale bedrag is.

9. Artikel 311(8)

Hierdie bepaling is gegrond op a 103(5) van die 1926-Wet en stem ooreen met a 206(6) ECA 1948. A 103(5) is ingevoeg op aanbeveling van die Lansdown-kommissie.³⁶

Deur hierdie bepaling word dit moontlik om 'n skikking- en reëlinskema deur te voer in enige maatskappy wat ingevolge die Wet gelikwider kan word. 'n Maatskappy, vir doeleindes van hoofstuk XIV³⁷ van die Wet, sluit ook in 'n buitelandse maatskappy en 'n ander regspersoon.³⁸

Die omskrywing van 'n reëling om ook die reorganisasie van 'n maatskappy se aandelekapitaal te omvat, het onsekerheid wat daar geheers het oor die aanwendingsgebied van a 311 uit die weg geruim. Reëling is aanvanklik as iets analoog aan 'n skikking

35) Sien a 411(K) van die Wet.

36) Sien aanbeveling 250 op 41.

37) Hoofstuk XIV handel oor likwidasië van maatskappye.

38) A 377 sv "maatskappy". Ten spyte van die feit dat a 311 op alle regspersone betrekking het, moet in gedagte gehou word dat die bepalings van a 313 om rekonstruksie of amalgamasie te vergemaklik, net betrekking het op maatskappye binne die betekenis van die Maatskappywet. Waar a 311 dus gebruik word om 'n skema voor te stel by 'n regspersoon wat buite die bestek van die Maatskappywet val, het hierdie artikel dus 'n meer beperkte aanwendingsveld en kan dit vir minder doeleindes gebruik word.

beskou,³⁹ maar nou staan dit vas dat 'n reëling iets heeltemal anders as 'n skikking kan wees.

Hoewel die tweede helfte van hierdie bepaling onnodig mag voorkom, was dit 'n belangrike stap in die ontwikkeling van die skikking- en reëlinskemaprocedure.

10. Gevolgtrekking

A 311(1) en (2) maak nie melding van 'n voorlopige geregtelike bestuurder nie; hoewel die hof erken dat hy die nodige *locus standi* het om 'n aansoek te bring om toestemming dat vergaderings van skuldeisers en lede byeengeroep word, kan die feit dat hy weggelaat is uit die artikel probleme skep. Hy is dus ook nie outomaties ingevolge a 311(2) aan 'n goedgekeurde skema gebonde nie; die hofbevel wat hom aan 'n skema bind, moet hierdie feit duidelikheidshalwe uitdruklik vermeld.

Weens die onakkurate bewoording van a 311(2)(b), wil dit voorkom asof die hof by magte sou wees om 'n skikking of reëling op lede van toepassing te maak op grond van 'n drie-kwart meerderheid in stemme, afgesien van die aantal afsonderlike lede wat vir aanvaarding van die skema gestem het. Dit sou kon lei tot die onderdrukking van minderhede deur 'n enkele lid wat meer as drie-kwart van die stemme by 'n vergadering kan uitbring. Hoewel hierdie kwessie nog nie in 'n beslissing ter sprake gekom het nie, moet aangevoer word dat die weglating uit a 311(2)(b) van die vereiste dat die skema ook deur 'n meerderheid *in getal* lede goedgekeur moet word, *per incuriam* gebeur het en dat enige hof huiwerig behoort te wees om 'n skikking of reëling goed te keur indien dit nie ook deur 'n meerderheid *in getal* lede aanvaar is nie.

39) Sien H 3 C *Die begrip "reëling"*.

C. ARTIKEL 312

1. Inleiding

Die oorsprong van a 312 kan teruggevoer word na die aanbevelings van die Cohen-kommissie in Engeland,⁴⁰ wat aanbeveel het dat saam met 'n kennisgewing wat 'n vergadering byeenroep, 'n omsendbrief gestuur word wat die skikking of reëling verduidelik en enige wesenlike belange van direkteure of van 'n trustee vir skuldbriefhouers in die skema sal vermeld. Versuim deur 'n maatskappy om hierdie bepaling na te kom, moes elke direkteur en trustee vir skuldbriefhouers wat wetens 'n party tot die versuim was, blootstel aan 'n maksimum boete van R1 000.

Wat aanleiding tot hierdie aanbevelings gegee het, was waarskynlik regter Maugham se uitspraak in *Re Dorman, Long & Co Ltd*,⁴¹ waar die regter 'n skema afkeur weens die feit dat 'n omsendbrief aan skuldeisers onvoldoende inligting bevat het en in 'n belangrike opsig misleidend was. Op daardie stadium was daar geen verpligting op die maatskappy of enige iemand anders om enige inligting aan skuldeisers en lede te verskaf nie. Wanneer regter Maugham weier om die skema goed te keur, sit hy sy verdere dilemma uiteen: al sou hy op versoek gelas dat die vergadering weer gehou word, is hy van mening dat hy geen mag het om te gelas dat enige omsendbrief uitgestuur word nie.⁴²

Op aanbeveling van die Cohen-kommissie, word wat nou a 207 ECA 1948 is, op die wetboek geplaas.⁴³ Op aanbeveling van die Millin-kommissie⁴⁴ word 'n soortgelyke bepaling in die 1926-Wet in Suid-Afrika ingevoeg, a 103quat, wat die basis vorm van a 312 van die huidige Wet.

40) Sien 90 I.

41) (1933) All ER Rep 460.

42) Sien 476 I.

43) As a 40 van die Companies Act 1947.

44) Sien 58 aanbeveling 144; 157-158

A 311(2) maak nie meer uitdruklik daarvoor voorsiening dat kontribuante ook aan 'n goedgekeurde skema gebonde sal wees nie, alhoewel daar nog steeds ingevolge die oorgangsbepalings van die Wet, kontribuante betrokke kan wees by 'n skema, asook kontribuante in die sin van lede van 'n maatskappy beperk deur garansie. Aangesien hierdie kontribuante ook lede is, sal probleme slegs in die hoogs uitsonderlike geval van voormalige lede as kontribuante ontstaan.

A 311(4) vereis dat 'n verslag van die Meester, wat gegrond is op 'n verslag van die likwidateur oor vermeende misdrywe en persoonlike aanspreeklikheid van die direkteure en beampptes, aan die hof voorgelê moet word indien die skema voorsiening maak vir die opheffing van 'n likwidasiebevel. Hierdie vereiste geld nie indien die maatskappy in vrywillige likwidasie of onder geregtelike bestuur geplaas is nie. Daar bestaan geen logiese rede vir hierdie onderskeid nie. Verder wil dit nie voorkom asof hierdie verslag in praktyk veel invloed op die hof se houding in die uitoefening van sy diskresie uitgeoefen het nie.

Daar word van die hof verwag om, by die beslissing of 'n skikking of reëling goedgekeur behoort te word, al dan nie, ag te slaan op hoe verteenwoordigend die vergadering van lede was, maar nie oor hoe verteenwoordigend die vergadering van skuldeisers was nie. Daar bestaan geen goeie rede om so 'n onderskeid te tref nie. Ten spyte van hierdie bepaling is dit te betwyfel of die hof maklik sou weier om 'n skema goed te keur op grond van swak bywoning van vergaderings, mits die hof tevrede is dat voldoende publisierteit vooraf gegee is van die hou van die vergaderings. Veral waar die reëlinskemaprocedure gebruik word om 'n oornome te bewerkstellig, is een van die faktore wat die keuse om hierdie prosedure te gebruik, beïnvloed, die feit dat afsydigheid van lede in hierdie geval nie tot nadeel van die aanbieder werk nie.

h Hofbevel wat h skikking of reëling goedkeur, is kragteloos totdat h gesertifiseerde afskrif daarvan onder dekking van die voorgeskrewe vorm by die Registrateur ingedien en deur hom geregistreer is; die Wet vermeld nie wat in die geval van ander regspersone, oor wie die Registrateur nie jurisdiksie het nie, moet gebeur nie en dit wil *prima facie* voorkom asof die hofbevel in so h geval nooit van krag sal kan word nie. Die wetgewer kon nie so h bedoeling gehad het nie. Gevolglik behoort spesiale voorsiening in die Wet gemaak te word vir hierdie gevalle. So wil dit ook voorkom asof h regs persoon wat h ander konstituerende dokument as h akte van oprigting het, nie verplig is om h afskrif van die hofbevel aan daardie grondwet te heg wanneer dit na datum van die hofbevel uitgereik word nie.

Die maksimum boete wat vir versuim om h afskrif van die hofbevel by die akte van oprigting by uitgifte aan te heg, is ook relatief gering in h geval waar die versuim opsetlik geskied. h Afskrif van die akte word nie dikwels uitgereik nie, sodat aanvaar kan word dat uitreiking normaalweg vir h gewigtige en ernstige rede sal geskied, wat dikwels verband mag hou met kredietverlening. Die weglating van h afskrif van die hofbevel kan moontlik die kredietverlener se oordeel tot sy nadeel beïnvloed; oneerlike direkteure mag maklik in die versoeking kom om weens die bedrag van die moontlike boete liever die kans te waag om die hofbevel weg te laat. Waar die versuim om die hofbevel aan te heg, nalatiglik geskied, is die boete waarskynlik voldoende.

Die omskrywing van h reëling om ook die reorganisasie van h maatskappy se aandelekapitaal in te sluit, mag oorbodig voorkom, maar toe hierdie wysiging aanvanklik aangebring is, het dit meegebring dat daar erken is dat daar h duidelike verskil tussen h skikking en reëling bestaan en dat reëling nie meer as iets soortgelyk aan h skikking beskou moet word nie.

2. Artikel 312(1)

Hierdie bepaling is gegrond op a 103^{quat} (1) van die 1926-Wet, maar 'n verdere vereiste is bygevoeg dat alle ter saaklike inligting van belang by die waarde van die aandele en skuldbriewe betrokke by 'n reëling, vermeld moet word.⁴⁵ Waar 'n skikking, in teenstelling met 'n reëling, met lede of skuldbriefhouers aangegaan word en die teenprestasie uit aandele of skuldbriewe bestaan wat 'n mindere waarde het as dié wat tans gehou word, is dit nie nodig om inligting oor die waarde van hierdie aandele of skuldbriewe te verskaf nie. Die verskil tussen die begrippe "skikking" en "reëling" word dus hier van wesenlike belang.

Doelmatigheidshalwe kan die Wetgewer dit oorweeg om a 312(a) (ii) ook op skikkings van toepassing te maak.

Hoewel die ooreenstemmende bepaling in die ECA 1948 feitlik dieselfde is, word dit, in die geval waar die reëlinskema-prosedure gebruik word om 'n oorname te bewerkstellig, aangevul deur die City Code on Take-Overs and Mergers, en sal heelwat aanvullende inligting aan aandeelhouers verskaf moet word.⁴⁶

Die verantwoordelikheid vir die uitstuur van kennisgewings word nie direk deur hierdie bepaling aan 'n spesifieke persoon of instansie opgedra nie. Daar moet dus altyd sorg gedra word dat die hofbevel uitdruklik bepaal wie kennisgewings moet uitstuur.

45) A 312(1) (a) (ii). Sien ook Henochsberg 541.

46) Sien bv reël 13(1) (inligting oor die bestaan van sekere ooreenkomste); 15(2) (voornemens van aanbieder mbt voortsetting van besigheid, veranderinge aan besigheid, dienskontrakte van werknemers; die langtermyn kommersiële regverdiging vir die voorgenome aanbod); 17(1) (aandeelhouding van aanbieder in doelwitmaatskappy, ens); 17(2) (aandeelhouding van doelwitmaatskappy in aanbiedermaatskappy, ens); 19 (dienskontrakte en vergoeding van direkteure); Practice Note 5, 9, 10.

Die inligting wat ingevolge hierdie bepaling aan skuldeisers en lede verskaf moet word, voldoen skynbaar nie aan die vereistes van die praktyk nie. Die Transvaalse hof vereis gevolglik⁴⁷ dat die volgende inligting ook in die geval van skikkings aan skuldeisers gestuur sal word -

- (a) Die bedrag verskuldig aan voorkeur- en/of versekerde skuldeisers.
- (b) Die bedrag verskuldig aan konkurrente skuldeisers.
- (c) Die bedrag deur direkteure van die maatskappy geëis as synde aan hulle verskuldig en 'n mening oor die geldigheid van sodanige eise.
- (d) 'n Staat van die bates van die maatskappy tesame met die geskatte waarde daarvan.

Die bepalings van a 312(1) behoort dus uitgebrei te word om die uitstuur van bogenoemde inligting verpligtend te maak.

3. Artikel 312(2)

Hierdie bepaling is 'n herverordening van a 103quat(2) van die 1926-Wet, maar die woord *obligasiehouers* is vervang met *skuldbriefhouers*. Dit is gegrond op wat tans a 207(2) van die ECA 1948 is.

4. Artikel 312(3)

Hierdie bepaling is wesenlik 'n herverordening van a 103quat(3) van die 1926-Wet, wat gegrond is op wat tans a 207(3) van die ECA 1948 is.

47) Sien by *Ex parte Simmons NO : In re Pola Investments (Pty) Ltd* 1956(4) SA 163(I)T; *Ex parte De Wet NO : In re Sidmoll Properties (Pty) Ltd (In Provisional Judicial Management)*WPA saak no 4923/80, bevel van 8 April 1980 (ongerapporteer).

'n Aansoek om toestemming om vergaderings te hou, kan deur enigeen van vyf verskillende partye gebring word;⁴⁸ a 312(1) verklaar slegs dat sekere dokumente uitgestuur moet word, sonder om te bepaal wie verantwoordelik is vir die uitstuur daarvan. Nou plaas a 312(3) skielik 'n verpligting op die *maatskappy* om afskrifte van die dokumente aan skuldeisers en lede te verskaf, indien 'n kennisgewing by wyse van advertensie vermeld dat afskrifte van die dokumente beskikbaar is. Dit is moontlik dat die maatskappy nie eers bewus daarvan is dat so 'n aansoek gebring is nie; of dat die maatskappy bewus daarvan is, maar dat die direkteure nie die aansoek steun nie, of dat die dokumente deur die aangewese voorsitter van vergaderings opgestel en versprei word; van die *maatskappy* word egter verwag om die nodige dokumente kosteloos aan skuldeisers en lede beskikbaar te stel.⁴⁹

Waar die Wetgewer in eerste instansie nie uitdruklik verklaar wie verantwoordelik is vir die opstel en uitstuur van dokumente nie, lyk dit onbillik om 'n verpligting net op die maatskappy te plaas om onder sekere omstandighede dokumente aan skuldeisers en lede te voorsien.

Daar word voorgestel dat die bepaling sodanig gewysig word dat die persoon wat verantwoordelikheid moet aanvaar vir die verskaffing van die nodige inligting, verplig is om hierdie dokumente te voorsien; hierdie persoon moet deur die Hof aangewys word.

48) Ingevolge a 311(1) kan so 'n aansoek gebring word deur die maatskappy self, 'n lid, skuldeisers, likwidateur of geregtelike bestuurder.

49) Dit wetgewer het waarskynlik beoog dat die maatskappy die koste verbonde aan so 'n dokument moet dra, maar uit die oog verloor dat inpraktyk dit gewoonlik 'n buitestaander is wat die inligting moet uitstuur.

5. Artikel 312(4)

Hierdie bepaling is gegrond op a 103quat(4) van die 1926-Wet en stem grootliks ooreen met a 207(4) ECA 1948. Die belangrikste verskil is die byvoeging in hierdie bepaling dat die verontskuldiging dat die versuim te wyte was aan die weiering van h direkteur of trustee vir skuldbriefhouers om inligting aangaande hul belange te verskaf, slegs geld indien die direkteur of trustee se weiering in die verklaring vermeld is.⁵⁰

Daar is verskeie ernstige besware teen hierdie bepaling:⁵¹

- (i) Sub-artikel (4) is te eng op die maatskappy gerig en neem nie kennis van die feit dat hoewel h skikking of reëling tussen die maatskappy en sy skuldeisers of lede voorgestel word, toestemming tot die hou van vergaderings verleen kan word op aansoek van persone of instansies wat nie gemoeid is met die bestuur of beheer van die maatskappy nie.

Die verantwoordelikheid om die bepalings van a 312 na te kom, behoort op die skouers van die persoon wat deur die hof as voorsitter van vergaderings aangewys is, geplaas te word, en nie net op die maatskappy en sy funksionariesse nie.

- (ii) h Likwidateur word vir doeleindes van hierdie bepaling geag h beampte van die maatskappy te wees, maar nie h geregtelike bestuurder nie. Daar bestaan geen logiese rede waarom h geregtelike bestuurder nie ook, net soos die likwidateur, vir doeleindes van hierdie bepaling as h beampte van

50) Sien ook Henochsberg 541.

51) Sien ook H 7 C 3 *Misdrywe in verband met die verskaf van inligting*.

die maatskappy beskou behoort te word nie.

- (iii) Hierdie bepaling gaan blykbaar van die veronderstelling uit dat die voorsitter van vergaderings normaalweg 'n direkteur, beampte of likwidateur van die maatskappy sal wees. Hoewel dit waar mag wees tov 'n likwidateur, is dit nie gebruiklik dat 'n direkteur of beampte van die maatskappy as voorsitter van vergaderings aangewys word nie, aangesien 'n onpartydige buitestaander verkies word.⁵² Hierdie voorsitter van vergaderings behoort ook deur wetgewing vir doeleindes van hierdie bepaling as 'n beampte van die maatskappy beskou te word.
- (iv) Die reëlinskemaprocedure word dikwels benut ten einde 'n oorname te bewerkstellig.⁵³ Waar 'n oorname ingevolge die oorname-aanbodprosedure deurgevoer word,⁵⁴ word direkteure en beamptes van die doelwitmaatskappy op drie wyses aanspreeklik gehou -
- (a) Indien daar nie aan die formele vereistes vir die maak van die aanbod en die verstreking van inligting voldoen word nie, stel hulle hul bloot aan 'n misdryf waarvoor dieselfde strawwe opgelê kan word as in die geval van versuim om 'n bepaling van a 312 na te kom.⁵⁵
- (b) Wanneer 'n oornameverklaring deur die aanbieder of die direkteur van die doelwitmaatskappy 'n verklaring bevat wat *onwaar* is, volg aanspreeklikheid ingevolge a 320(2)⁵⁶ Geen misdryf word deur a 312 geskep vir 'n geval waar enige inligting onwaar is nie.

52) Sien ook H 7 B 9 *Aanstelling van die voorsitter van vergaderings*.

53) Sien H 4 D 2 *Oornames*

54) Ingevolge a 314-320 van die Wet.

55) Vgl a 320(1) en a 312(4). Oortreding is strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 (a 441 (1)(f)).

56) Strafbaar met 'n boete van hoogstens tweeduisend rand of twee jaar tronkstraf of beide - a 441 (1)(b).

-
- (c) Waar 'n oornameverklaring⁵⁷ 'n verklaring bevat wat onwaar is, is die direkteure en ander wat daarby betrokke is, vir skadeloosstelling aanspreeklik teenoor alle persone wat die betrokke oornamaanbod aangeneem het, vir verlies of skade deur hulle gely vanweë sodanige onware verklaring.⁵⁸ Geen soortgelyke voorsiening word in a 312 gemaak vir siviele aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige onware verklarings of verkeerde inligting nie.

Artikel 312(4) behoort in die geval van 'n oornam-skema dieselfde aanspreeklikheid vir direkteure en beamptes op te lê as waarvoor a 320 voorsiening maak. Likwidateurs en geregtelike bestuurders kan uitdruklik uitgesluit word van siviele aanspreeklikheid vir onware verklarings, mits hulle ter goeder trou en met redelike sorg en ywer opgetree het.

6. Artikel 312(5)

Hierdie bepaling is 'n herverordening van a 103^{quat}(5) en stem goortliks ooreen met a 207(5) ECA 1948; die maksimum boete in die Suid-Afrikaanse bepaling is egter vyf keer hoër as die Britse ekwivalent, en in Suid-Afrika, anders as in Engeland, is daar 'n moontlikheid dat tronkstraf ook opgelê kan word.⁵⁹

7. Gevolgtrekking

Wanneer daar aandele of skuldbriewe by 'n reëling betrokke is, moet alle ter saaklike inligting van belang by die waarde daarvan in 'n omsendbrief vermeld word. Indien daar egter 'n skikking tussen die maatskappy en lede of skuldbriefhouers aangegaan word en daar aandele of skuldbriewe by die skikking

57) Deur die aanbieder of deur die direkteure van die doelwit-maatskappy (a 320(3)).

58) A 320(3).

59) Sien a 207(5) ECA 1948 - maksimum boete van R100; a 441(1)(d) - boete van hoogstens R500 of hoogstens ses maande gevangenisstraf of beide.

betrokke is, bv nuwe aandele as teenprestasie vir bestaande aandele, hoef inligting oor die waarde daarvan te word nie. Daar bestaan geen logiese rede vir hierdie onderskeid nie.

h Likwidateur word vir doeleindes van a 312 as h beampte van die maatskappy beskou, maar nie h geregtelike bestuurder of h derde wat deur die hof as voorsitter van vergaderings aangestel word nie. Ook in hierdie geval bestaan daar geen logiese rede vir hierdie onderskeid nie.

Die belangrikste probleme ivm a 312 is egter dat hoewel die misdryfbepalings baie spesifiek teen die maatskappy, sy direkteure en beamptes gerig is, die hof normaalweg die taak van byeenroep van vergaderings en verspreiding van inligting aan h onafhanklike voorsitter opdra, wat nie skuldig aan enige van die misdrywe bevind kan word nie, tensy hy ook toevallig die likwidateur van die maatskappy is nie.

h Verdere probleem is dat misdrywe slegs geskep word vir die nienakoming van die formele vereistes soos in a 312 vervat. Geen misdryf of persoonlike aanspreeklikheid vir skadeloosstelling word geskep waar inligting wat wel verskaf is, onwaar is, soos wat die geval by die oornamaanbodprosedure is nie; waar beide die reëlinskemaprocedure en die oornamaanbodprosedure benut word om dieselfde ekonomiese gevolge te bewerkstellig, behoort die strawwe en persoonlike aanspreeklikheid vir versuim of oneerlikheid ook ooreen te stem.

In die geval van h skikking, voldoen die bepalinge van a 312 skynbaar nie aan die vereistes van die praktyk nie en het daar h behoefte ontstaan dat inligting oor die volgende ook in die

geval van 'n skikking aan skuldeisers verskaf sal word:

- die bedrag aan voorkeur-, versekerde en konkurrente skuldeisers verskuldig;
- die bedrag deur direkteure van die maatskappy geëis as synde aan hulle verskuldig, sowel as 'n mening oor die geldigheid van sodanige eise;
- 'n staat van die bates van die maatskappy tesame met die geskatte waarde daarvan.

Waar 'n Britse uitspraak waarskynlik aanleiding gegee het tot die invoering van a 207 ECA 1948, wat weer aanleiding gegee het tot wat vandag a 312 van die Wet is, is dit duidelik dat die howe nog steeds 'n rol speel by die uitbouing van hierdie bepaling ten einde te voldoen aan die eise van die praktyk.

D. GEVOLGTREKKING

Uit 'n ontleding van a 311 en 312 blyk dit dat daar verskeie kleinere probleme is in verband met die bewoording van die onderskeie sub-artikels, wat veral ontstaan weens die feit dat Engelse voorbeelde nagevolg word by die verbetering van wetgewing, maar dat daar nie altyd onthou word dat 'n geregtelike bestuurder, iets wat onbekend aan die Engelse maatskappy is, ook geraak word deur 'n skema nie.

Veral sedert 1973 is daar 'n toenemende bewustheid van die verskil tussen 'n skikking en 'n reëling; beide die bepalings onder bespreking bevat kleinere bepalings wat òf net op 'n skikking òf net op 'n reëling van toepassing is. Dit dui waarskynlik op die begin van 'n groterwordende onderskeid tussen 'n skikking en 'n reëling.

Veral by die ontleding van a 312 word dit duidelik dat die howe steeds 'n belangrike rol speel by die uitbouing van hierdie artikels, na gelang van die vereistes van die praktyk.

Die mees effektiewe regshervorming lê egter nie by 'n verdere verbetering van die twee bepalings nie, maar eerder by besinning oor die basiese beginsels wat by skikkings en reëlings van toepassing is, wat dan mag uitloop op die nodige wetgewing om die situasie te verbeter.⁶⁰

60) Sien H 14 L GEVOLGTREKKINGS

HOOFSTUK 13

SKIKKINGS EN REËLINGS IN DIE WES-DUITSE EN
AUSTRALIESE REG

- A. INLEIDING
- B. WES-DUITSLAND
1. *Inleiding*
 2. *Doel en aanvang van die Vergleich-prosedure*
 3. *Die Vergleich-prosedure*
 4. *Die Vergleichsverwalter*
 5. *Gevolge van die Vergleich*
 6. *Gevolgtrekking*
- C. AUSTRALIË
1. *Inleiding*
 2. *ACA 1981*
 3. *Oornames*
 4. *Die skemabestuurder*
 5. *Prosedure*
 6. *Inligting aan skuldeisers en lede*
 7. *Rekonstruksies en amalgamasies*
 8. *Misdrywe*
 9. *Publisiteit vir skema*
 10. *Gevolgtrekking*
- D. GEVOLGTREKKING

A. INLEIDING

Menings oor die doelstellings en funksies van regsvergelykende studie verskil¹ maar in die algemeen kan gesê word dat dit nuttig

1) Sien Hosten Edwards Nathan & Bosman *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Reg en Regsleer* 911.

is in historiese en filosofiese regsnavorsing;² dat dit belangrik is ten einde die eie nasionale reg beter te begryp en te verbeter;³ en dat dit kan bydra tot beter begrip van ander nasies en derhalwe tot die uitbouing van goeie internasionale verhoudings.⁴ Daarbenewens dra regsvergelijkende studie by tot die verbreding van perspektief in regsonderrig;⁵ by die formulering van nuwe wetgewing kan inligting aan die wetgewer verskaf word oor oplossings wat in ander lande aangewend is, sowel as proefnemings wat gemaak is.⁶ Ook by regstoepassing deur die hof speel regsvergeliking 'n belangrike rol.⁷

'n Regsvergelijkende studie oor die reg insake skikkings (of akkoord) by maatskappye in Duitsland en Australië word in hierdie hofstuk aangepak. Die belangrikste doelwit hiermee is om 'n beter perspektief op ons eie reg te probeer verkry en moontlik riglyne te probeer neerlê om ons eie reg te verbeter.

Die Duitse regstelsel word uitgesonder omdat dit 'n voorbeeld bied van 'n gekodifiseerde Vastelandse regstelsel; omdat die Duitse prosedure insake skikkings of akkoord tegelykertyd op natuurlike sowel as regspersone van toepassing is en omdat die stelsel in besonder baie detail uitgewerk is.⁸

Die Australiese maatskappyereg het, net soos die Suid-Afrikaanse, uit die Engelse maatskappyereg ontwikkel.⁹ Hoewel die skikking-

-
- 2) David & Brierley *Major Legal Systems in the World Today* 4 (hierna na verwys as "David & Brierley").
 - 3) David & Brierley 4; Van Zyl *Beginnels van Regsvergeliking* 18-19 (hierna na verwys as "Van Zyl").
 - 4) David & Brierley 4; Van Zyl 18, 22-23.
 - 5) Zajtay "Aims and Methods of Comparative Law" (1974) 7 *CILSA* 321 op 324 (hierna na verwys as "Zajtay"); Van Zyl 23.
 - 6) Zajtay 324; Van Zyl 16, veral n 23, 19-21.
 - 7) Zajtay 325; Van Zyl 16, 21.
 - 8) Die *Vergleichsordnung* wat die akkoordprosedure reël, bevat 132 bepalings. 'n Ander stelsel wat vir vergelyking oorweeg is, is dié van Frankryk, wat in 'n groot mate ooreenstem met dié van Duitsland, maar waar die geskiedenis van die stelsel tot 1673 teruggevoer kan word. Sien Ripert *Traité Élémentaire de Droit Commercial* 453.
 - 9) Sien Ford *Principles of Company Law* 13, 27 (hierna na verwys as "Ford"); Botha 391; Cilliers en Benade 22-23; Naudé 8-9.

en reëlinskemaprocedure in aldrie hierdie lande in 'n groot mate ooreenstem, is die Australiese procedure in 1981 in meer besonderhede uitgewerk en is daar byvoorbeeld vir die eerste keer statutêr erkenning verleen aan die amp van administrateur van 'n skema, of skemabestuurder. Die behoeftes van die Australiese reg insake skikkings en reëlings stem ook in 'n groter mate ooreen met dié van Suid-Afrika, omdat Australië net soos Suid-Afrika 'n jong en groeiende ekonomie het wat nie ligtelik kan toelaat dat maatskappye ten gronde gaan weens tydelike terugslae nie.¹⁰

Weens die algemene ooreenkoms tussen die maatskappywette van Engeland, Suid-Afrika en Australië, het beslissings oor aspekte van skikkings en reëlings oorredende krag in Australiese howe, tensy daar duidelike Australiese gesag tot die teendeel bestaan.¹¹

In die ontleding van die reg insake maatskappyregtelike skikking en akkoord in Duitsland en Australië in hierdie hoofstuk, sal daar veral klem gelê word op aspekte van hierdie stelsels wat moontlik in Suid-Afrika nagevolg kan word.

B. WES-DUIZSLAND

1. Inleiding

Indien 'n maatskappy in Duitsland nie in staat is om sy lopende verpligtinge na te kom, dit wil sê om sy skulde te vereffen soos wat hul betaalbaar word nie of wanneer 'n maatskappy se laste sy bates oorskry, mag die maatskappy¹² nie meer betalings aan sy skuldeisers of lede maak nie, maar moet daar uit eie beweging besluit word om die maatskappy te likwideer of anders om aansoek te doen dat geregtelike akkoordverrigtinge ingestel word ten

10) Sien Henochsberg 745 se kommentaar oor die doel van geregtelike bestuur, wat ook geldig vir die behoeftes van skikkingen en reëlinskemas is.

11) Ford 27.

12) Soos verteenwoordig, in die geval van 'n publieke maatskappy (*Aktiengesellschaft - AG*) deur die bestuursraad (*Vorstand*) of in die geval van 'n private maatskappy (*Gesellschaft mit beschränkter Haftung - GmbH*) deur die besturende direkteure (*Geschäftsführer*).

likwidasie te vermy.¹³

Van hierdie geregtelike akkoordverrigtinge om likwidasie- of insolvensieverrigtinge te vermy, die sogenaamde *Vergleich*, moet onderskei word akkoordverrigtinge wat na aanvang van likwidasie of insolvensie ingestel word, die sogenaamde *Zwangsvvergleich* of gedwonge akkoord.¹⁴ By die *Vergleich* word 'n minimum-betaling binne 'n vasgestelde tydperk aan nie-voorkeur skuldeisers vereis, as gevolg waarvan likwidasie of sekwestrasie dan afgeweer word en die skuldenaar in beheer van sy bates bly.

Die *Vergleich*-prosedure kan net deur die maatskappy self op eie versoek in werking gestel word en kan nie op die maatskappy afdwing word nie.¹⁵ Die prosedure word nie deur die maatskappywet gereguleer nie, maar deur die sogenaamde *Vergleichsordnung*¹⁶ wat van toepassing is op natuurlike sowel as regspersone.¹⁷

Die *Vergleich*-prosedure, eerder as die *Zwangsvvergleich*, word hier ondersoek omdat dit in fyner besonderhede uitgewerk is en van hierdie besonderhede moontlik in die Suid-Afrikaanse stelsel met vrug nagevolg kan word.

2. Doel en aanvang van die *Vergleich*-prosedure

Deur gebruik te maak van die *Vergleich*-prosedure word insolvensieverrigtinge afgewend.¹⁸ Net die skuldenaar self kan so 'n voorstel

-
- 13) Vgl § 92(2) *Aktiengesetz* 1965; § 64(1) *Gesetz betreffend die Gesellschaft mit beschränkter Haftung* 1892 soos gewysig; *Würdinger German Company Law* 119 (hierna na verwys as "Würdinger").
- 14) Oor *Zwangsvvergleich*, sien *Mohrbutter Handbuch des gesamten Vollstreckungs- und Insolvenzrechts* 924 ev (hierna na verwys as "Mohrbutter"); *Schönke-Baur Zwangsvollstreckungs-, Konkurs- und Vergleichsrecht* 372-378 (hierna na verwys as "Schönke-Baur"); *De Boor-Erkel Zwangsvollstreckung Konkurs und Vergleich* 222-229 (hierna na verwys as "De Boor-Erkel").
- 15) § 2(1) *Vergleichsordnung* van 26 Februarie 1935.
- 16) Van 26 Februarie 1935, soos gewysig (hierna na verwys as "VerglO"). Sien *Peltzer German Insolvency Laws* 131-206.
- 17) Sien *Mohrbutter* 1004.
- 18) Sien § 1 *VerglO*; *Mohrbutter* 989.

maak¹⁹ en die aanbod kan nie meer gemaak word nadat insolvensieverrigtinge h aanvang geneem het nie.²⁰

3. Die Vergleich-prosedure

Indien h maatskappy aansoek om *Vergleich* wil doen, doen die bestuursraad²¹ of besturende direkteur²² aansoek tot die hof vir goedkeuring van die voorstel.²³

Die aansoek moet die maatskappy se akkoord-voorstelle bevat; h staat van die persentasie van die maatskappy se skulde wat ingevolge die voorstelle betaal sal word; die stappe wat geneem gaan word om die akkoord deur te voer; balansstate vir die afgelope drie jaar,²⁴ asook h lys van krediteure en debiteure.²⁵

Indien die voorstelle voorsiening maak vir betaling van h minimum-persentasie van die maatskappy se skulde,²⁶ stel die hof h voorlopige administrateur aan en beveel dat die voorstelle gepubliseer word. Die hof neem ook alle stappe wat nodig is om vervreemding van die maatskappy se bates tot nadeel van skuldeisers te verhoed.²⁷ Die hof oorweeg dan die maatskappy se voorstelle, besluit oor die meriete daarvan en indien die voorstelle redelik en aanvaarbaar lyk, beveel die hof dat h vergadering van die maatskappy se skuldeisers gehou word en ander stappe geneem word soos die aanstelling van h

-
- 19) § 2(1) Vergl0; Mohrbutter 989; Schönke-Baur 390; De Boor-Erkel 247.
 - 20) § 2(2) Vergl0; Mohrbutter 1004 III; Schönke-Baur 390(d). Slegs h *Zwangvergleich* kan gedurende insolvensieverrigtinge voorgestel word.
 - 21) In die geval van h AG. Sien Mohrbutter 1004.
 - 22) In die geval van h GmbH. Sien Mohrbutter 1004.
 - 23) Würdinger 119.
 - 24) In die geval van h aansoek deur *Kaufleute* (handelaars). Sien § 5(2) Vergl0; Schönke-Baur 390.
 - 25) § 4(2) gelees met § 6 Vergl0; Würdinger 119; Mohrbutter 1006; Schönke-Baur 390.
 - 26) Sien § 7(1), 8(1) Vergl0. Die aanbod moet voorsiening maak vir betaling van minstes 35 persent van die eise van nie-versekerde skuldeisers binne 12 maande. Indien betaling oor 12-18 maande geskied, moet ten minste 40 persent van nie-versekerde skuldeisers se eise betaal word. Sien § 7(2)en(3) Vergl0 Sien ook Mohrbutter 1009; Schönke-Baur 390.
 - 27) § 12 Vergl0; Würdinger 119.

komitee van skuldeisers, indien nodig.²⁸

Die hele prosedure is slegs op nie-voorkeurskuldeisers van toepassing.²⁹

By die vergadering van skuldeisers word gestem oor die aanvaarbaarheid van die maatskappy se voorstelle. Die *Vergleich*-voorstelle moet deur 'n meerderheid in getal skuldeisers wat 75 persent in waarde verteenwoordig, aanvaar word;³⁰ indien 'n meerderheid in getal skuldeisers nie behaal word nie, dan kan die *Vergleich* slaag indien dit deur 80 persent in waarde van skuldeisers aanvaar word.³¹ Stemming hoef nie by die vergadering plaas te vind nie; aanvaarding van die *Vergleich* kan ook skriftelik geskied.³²

Indien die voorstelle aanvaar word, moet die *Vergleich* nog steeds deur die hof goedgekeur word. Die hof bekragtig die *Vergleich*, maar het nie eintlik 'n diskresie in hierdie verband nie.³³ Indien daar nie enige van die gronde aanwesig is waarop bekragtiging geweier kan word nie,³⁴ moet die *Vergleich* bekragtig word.³⁵

Indien die aanbod nie aanvaar word, of aanvaarding nie deur die hof bekragtig word nie, word insolvensieverrigtinge in werking gestel.³⁶

-
- 28) Würdinger 119. Die komitee van skuldeisers (*Gläubigerbeirat*) word aangestel indien die omvang van die onderneming dit vereis. 'n Regspersoon soos bv 'n trustmaatskappy kan ook lid van die *Gläubigerbeirat* wees. Sien § 44(1) VerglO; Mohrbutter 1050.
- 29) § 25, § 26 VerglO; Schönke-Baur 388, 396; De Boor-Erkel 245; Mohrbutter 1027-1032.
- 30) § 74(1) VerglO; sien ook Mohrbutter 1071 ev.
- 31) § 74(3) VerglO; sien ook Schönke-Baur 400; Mohrbutter 1072.
- 32) § 74(1)l VerglO; sien ook Schönke-Baur 400; Mohrbutter 1071.
- 33) Schönke-Baur 401; Mohrbutter 1079.
- 34) Die weieringsgronde word uiteengesit in § 79 VerglO.
- 35) Schönke-Baur 401. Die *Vergleich* word gesluit (kom tot stand) wanneer dit deur die vereiste meerderheid skuldeisers aanvaar is, maar tree eers in werking nadat dit deur die hof bekragtig is (Mohrbutter 1075).
- 36) § 80(1) VerglO Schönke-Baur 401. Versuim om die bepalings van die bekragtigde *Vergleich* na te kom (sien § 100 VerglO.) lei ook tot insolvensieverrigtinge - sien § 102-107 VerglO; *Ausschluss-konkurs*. Sien ook Schönke-Baur 404; Mohrbutter 1105-1117.

Die *Verglo* maak ook voorsiening vir 'n sogenaamde *Liquidationsvergleich*,³⁷ ingevolge waarvan die skuldenaar sy bates of 'n gedeelte daarvan aan 'n gevolmagtigde oorhandig om ten behoeve van skuldeisers gerealiseer te word; indien die bates onvoldoende oplewer om die voorgeskrewe minimum dividend te verseker, bly die skuldenaar aanspreeklik vir die balans.³⁸

4. Die *Vergleichsverwalter*

Die prosedure word geadministreer deur 'n sogenaamde *Verleichsverwalter*.³⁹ Daar is voorsiening vir die aanstelling van 'n voorlopige *Vergleichsverwalter* en indien die voorstel aanvaar word, vir die aanstelling van 'n finale *Vergleichsverwalter*.⁴⁰

Die amp van *Vergleichsverwalter* verskil van dié van 'n likwidateur of kurator deurdat hy geen beheer of beskikkingsmag oor die skuldenaar se bates het nie; die skuldenaar self bly ten volle handelingsbevoeg en in beheer van sy bates.⁴¹ Die *Vergleichsverwalter* se funksie is meer beperk tot ondersoek en toesig oor die opbrengs van die skuldenaar se (toekomstige) ekonomiese bedrywighede.⁴² Sy ondersoekfunksie sluit in die plig om ondersoek na die skuldenaar se sake te doen en om verslag daaroor aan skuldeisers te doen.⁴³

Die *Vergleichsverwalter* word van regsweë aangestel en beheer;⁴⁴ ook sy vergoeding word deur die hof⁴⁵ vasgestel.⁴⁶ Daar word van hom

-
- 37) § 7(4). Sien ook Mohrbutter 989, 1010.
38) Mohrbutter 989.
39) § 11 *Verglo*; Mohrbutter 1045.
40) § 20(1) *Verglo*; Mohrbutter 1045 ev; Schönke-Baur 394-396
41) Schönke-Baur 394.
42) § 39 *Verglo*; Schönke-Baur 394; Mohrbutter 1014.
43) § 40(3) *Verglo*; Schönke-Baur 394.
44) § 41(1) *Verglo*; Schönke-Baur 395.
45) Die sg *Vergleichsgericht* - § 43(2) *Verglo*.
46) § 43(2) *Verglo*.

verwag om onafhanklik en onpartydig te wees en om sakekennis te hê.⁴⁷ Meer as een *Verleichtsverwalter* kan in dieselfde aangeleentheid aangestel word.⁴⁸

5. Gevolge van die *Vergleich*

Indien 'n *Vergleich* tot stand kom, kan gedinge wat reeds ingestel is deur of teen die skuldenaar steeds voortgaan;⁴⁹ eksekusie kan egter nie teen sy bates gehef word nie.⁵⁰

6. Gevolgtrekking

Die mees uitstaande kenmerke van die prosedure ingevolge die *Vergleichsordnung* is dat dit slegs deur die skuldenaar self in werking gestel kan word en dat dit 'n alternatief tot likwidasie bied. Aangesien dit 'n minimum-dividend van 35 persent aan konkurrente skuldeisers binne 12 maande oplewer, of 40 persent binne 12 tot 18 maande, is dit ook vir skuldeisers aanvaarbaar.

Daar rus 'n *plig* op die beheerders van 'n maatskappy om, indien die maatskappy nie sy verpligtinge kan nakom nie, op te hou om skuldeisers of lede te betaal en onmiddellik aansoek te doen òf vir likwidasie òf vir *Vergleich*-prosedure.

Die maksimum betalingstermyn van 18 maande getuig ook van realisme; maatskappye behoort nie toegelaat te word om skikkings voor te stel met 'n onrealistiese lang tydperk van afbetaling nie.

Die *Vergleich*-prosedure bied aan 'n eerlike skuldenaar die geleentheid en aansporing om te poog om 'n minimum-bedrag aan sy skuldeisers af te betaal.

Net soos by die maatskappyregtelike skikking in Suid-Afrika, word die *Vergleich*-voorstelle eers aan die hof voorgelê voordat dit deur skuldeisers oorweeg word; na aanvaarding deur skuldeisers,

47) § 11(2) (voorlopige *Vergleichsverwalter*); § 38 Verg10; Mohrbutter 1014, 1045.

48) Mohrbutter 1014.

49) Mohrbutter 1052.

50) § 47 Verg10.

word dit deur die hof bekragtig. Die hof se rol is in Duitsland egter baie meer formeel; die beslissing oor die ekonomiese meriete van die aanbod word in die hande van skuldeisers gelaat en die hof het eintlik nie 'n diskresie by bekragtiging van die skema indien al die nodige formaliteite nagekom is nie.

Insiggewend is ook die feit dat 'n *Vergleich* net tussen die maatskappy en sy nie-voorkeurskuldeisers, dit wil sê sy konkurrente skuldeisers, voorgestel kan word. Invoering van so 'n bepaling in die Suid-Afrikaanse maatskappyereg sou 'n aantal lastige dog minder belangrike probleme uit die weg ruim.

Ook van praktiese nut, is die feit dat skuldeisers nie verplig is om hul stem by 'n vergadering, persoonlik of by wyse van volmag, uit te bring nie, maar eenvoudig voor die tyd skriftelik die aanbod kan aanvaar. 'n Bepaling in die Suid-Afrikaanse maatskappyereg wat voorsiening maak vir die indiening van 'n skriftelike aanvaarding of verwerping van 'n voorstel by die vergadering, sal baie tyd en moeite bespaar, nie net by vergaderings om 'n skikking te oorweeg nie, maar ook in die geval van vergaderings van skuldeisers by insolvensie, likwidasië of geregtelike bestuur.

'n Ander opvallende kenmerk van die prosedure is dat hoewel die administrateur 'n skynbaar ietwat passiewe rol in die prosedure speel, wil dit voorkom asof daar voldoende beheer oor hom deur die hof en deur die komitee van skuldeisers is. Net soos in Suid-Afrika, moet hy ondersoek instel na die sake van die skuldenaar en aan skuldeisers daarvoor verslag doen.

C. AUSTRALIË

1. Inleiding

Australiese maatskappyereg het net soos dié van Suid-Afrika, vir baie jare bestaan uit die aanpassing van Engelse wetgewing by plaaslike omstandighede.⁵¹ Elke staat het egter sy eie afsonderlike wetgewing gehad, wat heelwat ongerief veroorsaak het.⁵² As

51) Sien Ford 13.

52) Ford 14.

gevolg hiervan is daar in 1961 'n eenvormige wetsontwerp ten opsigte van maatskappye voorberei,⁵³ sodat elke staat gedurende 1961 en 1962 'n maatskappywet aanvaar het wat op die eenvormige wetsontwerp gebaseer was.⁵⁴ Sedert 1974 is daar egter gepoog om 'n nasionale maatskappywet aanvaar te kry⁵⁵ en so is die Companies Act 1981 (Cth)⁵⁶ aanvaar.⁵⁷ Daar is egter geringe afwykings in die maatskappywette van die verskillende state.⁵⁸

2. ACA 1981

Deel VIII wat net van toepassing is op reëlings en rekonstruksies, bestaan uit artikels 314 tot 319. Die ACA 1981 reël die skikkingen en reëlingskemaprosedure in heelwat meer besonderhede as wat voorheen die geval was, maar die basiese prosedure stem nog ooreen met dié van Suid-Afrika en Engeland.

Die opskrif van artikel 315, net soos dié van die ooreenstemmende bepaling in die 1926-Wet in Suid-Afrika, verwys nog steeds na die *reg* van 'n maatskappy om 'n skikking met sy skuldeisers en lede aan te gaan.⁵⁹

-
- 53) Hierdie wetsontwerp was hoofsaaklik op die maatskappywet van die staat Victoria, wat in 1958 aanvaar is, gegrond; die maatskappywet van Victoria was weer gegrond op die ECA 1948. Sien Ford 14.
- 54) Ford 14. Australiese wetgewing oor maatskappyereg het ook as model gedien vir die *Companies Act* 1965, Maleisië en die *Companies Act* 1967, Singapoer (Ford 14).
- 55) Sien Ford 15; *Butterworths' Companies Act 1981* vii (hierna na verwys as "Butterworths").
- 56) Hierna na verwys as "ACA 1981".
- 57) Die ACA 1981 het op 1 Julie 1982 in werking getree. Sien Paterson Ednie & Ford *Australian Company Law* (1982) 24,201 (hierna na verwys as "Paterson Ednie & Ford 1982"); *Butterworths* 24, 201; *Australian Companies Legislation* 70,011.
- 58) Sien *Butterworths* ix; *Australian Companies Legislation* 70,011. Elke staat het die Companies Act 1981 (Cth), 'n wet van die nasionale parlement, as eie wetgewing aanvaar, onderhewig aan geringe plaaslike afwykings. Sien *Butterworths* 24,201; Paterson Ednie & Ford 1982 24,201. Hierdie wetgewing vorm deel van 'n nasionale skema mbt maatskappye en die regulering van die "securities industry", wat gevolg het ter uitvoering van 'n formele ooreenkoms gesluit op 22 Desember 1978 tussen die Australiese Gemenebes en die verskillende state. Sien Paterson Ednie & Ford *A Guide to the National Scheme and Revised Companies Bill 1980* H (hierna na verwys as "Paterson Ednie & Ford Guide").
- 59) Sien H 12 B 1 *Inleiding* oor art 311 van die Wet.

3. Oornames

Die reëlinskemaprocedure mag nou slegs in beperkte gevalle gebruik word om 'n oorname te bewerkstellig⁶⁰ en die hof moet, alvorens 'n skikking of reëling goedgekeur word, tevrede wees dat die skema nie voorgestel is ten einde enige van die bepalings van die Companies (Acquisition of Shares) Act 1980 te omseil nie.⁶¹

Voorsiening word steeds gemaak vir die gedwonge verkryging van afkeurende aandeelhouders se aandele, waar 'n oorname-aanbod deur die vereiste 90 persent meerderheid aanvaar is, en waar oorname onder een van die uitsonderings van die Companies (Acquisition of Shares) Act 1980 (Cth) val en dus ingevolge die ACA 1981 gemaak kan word.⁶²

4. Die skemabestuurder

Die Australiese wetgewer het hier die leiding geneem deur vir die eerste keer die amp van skemabestuurder te erken, hoewel daar nog vaagweg na hom verwys word as die persoon wat aangestel is om 'n skema te administreer⁶³ of as 'n skemabestuurder.⁶⁴

Slegs 'n geregistreerde likwidateur⁶⁵ mag as administrateur optree, met sekere uitsonderings⁶⁶ -

- (i) 'n Maatskappy mag onder sekere omstandighede aangestel word om 'n skikking of reëling te administreer.⁶⁷

-
- 60) Die doelwitmaatskappy moet nie meer as 15 lede hê nie of mag in die geval van 'n private maatskappy meer as 15 lede hê, mits hulle almal skriftelik toestem tot die verkryging. Sien art 13(1) Companies (Acquisition of Shares) Act 1980 (Cth); Paterson Ednie & Ford 1982 30,056.
- 61) Art 315(21)(a) ACA 1981. Sien ook Paterson Ednie & Ford *Guide* 64 par 1501.
- 62) Sien art 318 ACA 1981; Paterson Ednie & Ford *Guide* 65 par 1507.
- 63) Art 315(7), (9), (10) en (11) en 319(1), ACA 1981.
- 64) Art 319 (opskrif) ACA 1981.
- 65) Oor wie 'n geregistreerde likwidateur is, sien art 5 ACA 1981; oor die registrasie van likwidateurs, sien art 20 en 21 ACA 1981.
- 66) Sien in die algemeen Paterson Ednie & Ford *Guide* 65 par 1508.
- 67) Art 315(9) ACA 1981.

-
- (ii) Die hof het 'n diskresie om 'n persoon wat nie 'n geregistreerde likwidateur is nie, as administrateur aan te stel.⁶⁸

Die volgende persone mag nie sonder toestemming van die hof aangestel word om 'n skema te administreer nie⁶⁹ -

- (i) 'n verbandhouer van enige eiendom van die maatskappy;⁷⁰
(ii) 'n ouditeur of beampte⁷¹ van die maatskappy;⁷²
(iii) 'n beampte van enige maatskappy wat 'n verbandhouer deur die maatskappy se eiendom is.⁷³

Die NCSC⁷⁴ verkry ook 'n mate van beheer oor die administrateur op die volgende wyse:⁷⁵

-
- 68) Art 315(7) (d) ACA 1981.
69) Sien in die algemeen Paterson Ednie & Ford *Guide* 65 par 1508.
70) Art 315(7) (a) ACA 1981.
71) Beampte sluit vir doeleindes van art 315(7) 'n beampte van 'n verwante maatskappy in (art 315 (8) (d)); asook 'n persoon wat gedurende die voorafgaande 12 maande 'n beampte of promotor van die maatskappy of 'n verwante maatskappy was, behalwe as die National Companies and Securities Commission (NCSC) bepaal dat hierdie nie op hom van toepassing is nie (art 315(8) (b)). 'n Wysiging van art 315(8) (b) word tans voorgestel waardeur beampte die volgende sal insluit:
(i) 'n direkteur, sekretaris, uitvoerende beampte of werknemer van die maatskappy of 'n verwante maatskappy;
(ii) 'n "official manager" (geregtelike bestuurder) of assistent "official manager" van die maatskappy of 'n verwante maatskappy;
(iii) 'n trustee of ander persoon wat 'n skikking of reëling tussen die maatskappy of 'n verwante maatskappy en 'n ander persoon administreer;
(iv) 'n promotor van die maatskappy of 'n verwante maatskappy. Sien *Companies and Securities Legislation (Miscellaneous Amendments) Bill 1983*, klousule 44. Kommentaar van die publiek is tot 31 Maart 1983 ingewag.
72) Art 315(7) (b) ACA 1981.
73) Art 315(7) (c) ACA 1981.
74) National Companies and Securities Commission.
75) Sien Paterson Ednie & Ford *Guide* 65 par 1510.

-
- (i) Kennisgewing van die aansoek om 'n bevel vir die byeenroep van vergaderings, moet vooraf aan die NCSC gegee word.⁷⁶
 - (ii) Die persoon wat as administrateur aangestel word, moet die NCSC in kennis stel van sy aanstelling.⁷⁷
 - (iii) Die administrateur moet rekeninge by die NCSC indien met tussenposes van ses maande.⁷⁸
 - (iv) Skuldeisers of lede kan by die hof aansoek doen om die administrateur te verplig om rekeninge of ander opgawes in te dien.⁷⁹
 - (v) Die administrateur se vergoeding kan deur die hof vasgestel word.⁸⁰
 - (vi) Die algemene definisie van "beampte" van 'n maatskappy sluit nou in 'n persoon wat 'n skema administreer, sodat baie van die ander bepalings van die wet ook op hom van toepassing word.⁸¹
 - (vii) 'n Administrateur wat ophou om as sodanig op te tree, moet kennis daarvan aan die NCSC gee.⁸²

Die implementering van hierdie stelsel is vergemaklik deurdat daar 'n stelsel vir die registrasie van likwidateurs bestaan⁸³ en deurdat die ACA 1981 sowel as sy voorgangers voorsiening maak vir die aanstelling van ontvangers namens skuldbriefhouers.⁸⁴

-
- 76) Art 315(2). Veertien dae kennisgewing word vereis; die NCSC mag tussenbeide tree (art 540).
 - 77) Art 319(1).
 - 78) Art 330 gelees met art 315(11)(a).
 - 79) Art 332(1) gelees met art 315(11)(a).
 - 80) Art 325 gelees met art 315(11)(a).
 - 81) Sien art 5(1) sv "officer" e) en Paterson Ednie & Ford *Guide* 65 par 1510.
 - 82) Art 326(2) gelees met art 315(11)(a).
 - 83) Sien art 20 en 21 ACA 1981.
 - 84) Sg "receivers and managers"; sien deel X (art 321-332) ACA 1981.

5. Prosedure

Die formaliteite vir die byeenroep en hou van vergaderings en vir die goedkeuring van 'n skikking of reëling, is in verskeie opsigte gewysig of uitgebrei, maar die basiese prosedure bly onveranderd.

Die hof word nou vir die eerste keer uitdruklik gemagtig om die hou van vergaderings buite sy eie regsgebied te gelas,⁸⁵ 'n leemte wat vroeër heelwat probleme veroorsaak het.⁸⁶ Al voorwaarde wat gestel word is dat indien die vergadering buite die regsgebied van die hof plaasvind, ten minste sommige van die skuldeisers of lede wat by die skema betrek word, daar woon.⁸⁷

Die hof het nou uitdruklik die bevoegdheid om die verduidelikende verklaring voor die tyd goed te keur.⁸⁸

Veertien dae kennisgewing van die aansoek om toestemming dat vergaderings gehou word, moet aan die NCSC gegee word, tensy die hof of die NCSC tot 'n korter tydperk toestem.⁸⁹

Dit word nou baie duidelik in die wetgewing gestel dat die hof nie sal kan afsien van die hou van vergaderings met toestemming van die hof nie, omdat 'n skema goedgekeur kan word "if, and only if -" die vereiste meerderhede behaal word by vergaderings wat

85) Art 315(1) ACA 1981.

86) Sien H 7D5(a) *Die hou van vergaderings buite die jurisdiksie van die hof*. In die verlede kon hierdie vergaderings slegs informele vergaderings wees waar die stemme wat daar uitgebring is, by wyse van volmag weer op die formele vergadering uitgebring is.

87) Art 315(3) ACA 1981.

88) Art 315(1) ACA 1981. Paterson Ednie & Ford *Guide* 64 par 1503 stel die vraag of die verduidelikende verklaring goedgekeur sal word indien daar 'n moontlikheid bestaan dat nuwe verwikkelinge tussen datum van die bevel en datum van die aansoek mag plaasvind.

89) Art 315(2) ACA 1981.

ingevolge h hofbevel ooreenkomstig artikel 315(1) belê is, behaal word, en die skikking of reëling deur h hofbevel goedgekeur word.⁹⁰

Goedkeuring van h skikking of reëling deur h meerderheid in *getal* van lede, bo en behalwe h 75 persent meerderheid in waarde van stemme, word nog steeds vereis.⁹¹

Nog h nuwe bepaling is dat indien die hof twee of meer vergaderings van skuldeisers of van lede of van h klas skuldeisers of lede gelas, die verskillende vergaderings as h enkele vergadering van skuldeisers of van lede beskou sal word.⁹² Die doel hiervan is waarskynlik om voorsiening te maak vir gevalle waar vergaderings gerieflikheidshalwe in die afsonderlike state gehou word waar die verskillende skuldeisers of lede woonagtig is. Dit is dan nie, soos in die verlede, nodig dat daar op hierdie vergaderings volmagte aan h genomineerde gegee word wat dan weer namens hierdie skuldeisers of lede op h sentrale vergadering sal stem nie. Stemming kan nou op die "takvergaderings" afgehandel word.⁹³

Met die eerste oogopslag wil dit voorkom asof hierdie bepaling sou meebring dat die stemme van skuldeisers of lede wat nie dieselfde *regte* teenoor die maatskappy het nie, en op grond hiervan in verskillende klasse ingedeel is, nou saam gegroepeer word. Die gevolg hiervan sou wees dat versekerde en voorkeurskuldeisers, wie se regte gewoonlik nie veel deur h skema geraak word nie, wel afsonderlik vergader, maar dat hul stemme saam met dié van konkur-rente skuldeisers getel sou word, tot nadeel van dié groep skuldeisers wat die meeste sal verloor indien die skema goedgekeur word. Met so h uitleg sou h nuwe beginsel ingevoer word, naamlik dat een klas skuldeisers of lede die mag sou verkry om h ander

90) Art 315(4) ACA 1981.

91) Sie H 7D8(b) *Meerderhede* en H 12 B3 *Artikel 311(2)*.

92) Art 315(5) ACA 1981.

93) Sien H 7 D5 *Probleme in verband met meerstaatreëlingskemas*.

klas skuldeisers of lede aan 'n skema te verbind ten spyte daarvan dat die ander klas moontlik die skema om gegronde redes mag verwerp het. Dit is te betwyfel of dit die bedoeling van die wetgewer was.

Die gedeelte van die betrokke bepaling lui soos volg: "Where the Court orders two or more meetings of creditors or of a class of creditors, or two or more meetings of members or a class of members,⁹⁴ Die eerste gedeelte skep die indruk dat die stemme van die verskillende klasse saamgetel word, maar die tweede gedeelte dui daarop dat die wetgewer twee of meer vergaderings van 'n klas, dit wil sê dieselfde klas, in gedagte het.

Hierdie bepaling kon met groter sorg geformuleer gewees het ten einde alle onsekerheid uit die weg te ruim.

Die hof verkry nou ook vir die eerste keer uitdruklik die mag om sy goedkeuring aan 'n skema te verleen onderhewig aan die wysigings of voorwaardes wat die hof billik ag.⁹⁵

'n Hofbevel wat 'n skikking of reëling goedkeur, is nie van krag alvorens dit by die NCSC ingedien⁹⁶ is nie, maar die hof mag gelas dat die bevel nadat dit ingedien is, geag sal word op 'n vroeër datum wat in die bevel vermeld word, in werking te getree het.⁹⁷

Voorsiening word ook daarvoor gemaak dat indien 'n maatskappy nie 'n akte van oprigting het nie, 'n afskrif van die hofbevel wat die skikking of reëling goedkeur, aan elke afskrif van die maatskappy se konstituerende dokumente geheg moet word;⁹⁸ vir die eerste keer word die hof egter gemagtig om 'n maatskappy van hierdie vereiste vry te stel, of om 'n tydperk vas te stel waartydens die

94) Art 315(5) ACA 1981. Paterson Ednie & Ford *Guide* 66 par 1511 ondervind skynbaar geen probleme met die uitleg van hierdie bepaling nie.

95) Art 315(6) ACA 1981.

96) In Suid-Afrika word indiening sowel as registrasie deur die Registrateur vereis alvorens die hofbevel van krag word.

97) Art 215(2) ACA 1981.

98) Art 315(13) ACA 1981. Vgl die kritiek teen die Suid-Afrikaanse bepaling in H 12 B7 *Artikel 311(6)*.

maatskappy aan hierdie vereiste moet voldoen.⁹⁹

Die hof het die mag om geregtelike stappe¹⁰⁰ teen die maatskappy op te skort, of om voorwaardes neer te lê waarop bepaalde gedinge kan voortgaan.¹⁰¹

Die bepalings met betrekking tot skikkings en reëlings is, anders as in Suid-Afrika, slegs van toepassing op maatskappye ingevolge die ACA 1981 of h voorganger geïnkorporeer en op buitelandse maatskappye, maar nie op ander regspersone nie.¹⁰²

Die hof is ook nou by magte om, voordat h bevel op die aansoek gemaak word, te vereis dat die NCSC of h ander persoon deur die hof aangewys, verslag doen oor die bepalings van die skikking of reëling, die optrede van die beamptes van die betrokke maatskappye en enige ander aangeleenthede wat volgens die mening van die NCSC of die persoon deur die hof aangewys, onder die hof se aandag gebring behoort te word.¹⁰³

6. Inligting aan skuldeisers en lede

As deel van die verduidelikende verklaring word nou vereis dat, bo en behalwe die voorgeskrewe inligting, daar ook enige ander inligting wat van wesenlike belang by die neem van h besluit deur h skuldeiser of lid is oor die vraag of hy die skikking of reëling

99) Art 315(14) ACA 1981.

100) Geregtelike stappeword beperk tot "proceedings in any action or other civil proceeding" teen die maatskappy. (art 315(18) ACA 1981).

101) Art 315(18) ACA 1981.

102) Art 315(22) ACA 1981. Wes-Australië het egter dieselfde wyer betekenis van h maatskappy behou soos wat in Suid-Afrika van toepassing is (art 311(8) van die Wet) sodat dit enige regspersoon insluit wat ingevolge die Wet gelikwideer kan word.

103) Art 319(2)(a) ACA 1981. Die hof mag ook h bevel oor die koste van die voorbereiding van die verslag maak wat die hof goed mag dink (art 319(2)(c), ACA 1981). Volgens Paterson Ednie & Ford *Guide* 65 par 1506 is hierdie mag skynbaar beskikbaar tov h aansoek vir die byeenroep van vergaderings, h aansoek vir goedkeuring van h skema of h aansoek vir h bevel om eiendom oor te dra, ens by rekonstruksie of amalgamasie.

moet aanvaar of nie, verskaf moet word; hierdie inligting is inligting wat binne die kennis van die direkteure is en wat nie voorheen aan skuldeisers of lede verskaf is nie.¹⁰⁴

Nog 'n nuwe bepaling is dat daar nie aan skuldeisers met 'n eis van minder as \$200 'n afskrif van die verduidelikende verklaring gestuur hoef te word nie, tensy die hof anders bepaal.¹⁰⁵

Waar 'n skikking of reëling tussen 'n maatskappy en sy lede voorgestel word, moet 'n afskrif van die verduidelikende verklaring eers by die NCSC geregistreer word.¹⁰⁶ Die NCSC mag nie die verduidelikende verklaring registreer tensy dit lyk asof die verklaring aan die vereistes van die Wet¹⁰⁷ voldoen en die NCSC van mening is dat die verklaring nie enige stof bevat wat in 'n wesenlike besonderheid vals is of wesenlik misleidend in die vorm of samehang waarin dit verskyn, is nie.¹⁰⁸ Indien die verduidelikende verklaring nie geregistreer hoef te word nie, moet die hof, voordat 'n skema goedgekeur word, tevrede wees dat die NCSC die geleentheid gehad het om die verduidelikende verklaring te ondersoek en voorleggings daarvoor aan die hof te maak.¹⁰⁹

'n Vergadering van lede van die maatskappy kan 'n besluit neem in-gevolge waarvan die direkteure opdrag aan sodanige rekenmeesters of prokureurs of beide as wat in die besluit genoem word, moet gee om verslag oor die voorstelle vir skikking of reëling te doen.¹¹⁰ So 'n verslag moet ten minste sewe dae voor aanvang van die vergaderings van skuldeisers of lede, by die geregistreeerde kantoor van die maatskappy vir insae deur lede en skuldeisers

-
- 104) Art 316(1)(a)(ii) ACA 1981. Sien ook Paterson Ednie & Ford *Guide* 64 par 1504.
- 105) Art 316(2) ACA 1981; die skuldeiser is steeds geregtig op 'n afskrif van die verduidelikende verklaring indien hy 'n afskrif versoek. Sien ook Paterson Ednie & Ford *Guide* 64 par 1504.
- 106) Art 316(6) ACA 1981. Sien ook Paterson Ednie & Ford *Guide* 64 par 1504. Indien skuldeisers ook by die skema betrokke is, hoef die verklaring nie geregistreer te word nie.
- 107) ACA 1981
- 108) Art 316(8) ACA 1981.
- 109) Art 316(7) ACA 1981
- 110) Art 315(15)(a) ACA 1981.

beskikbaar wees.¹¹¹

7. Rekonstruksies en Amalgamasies

Daar is twee wysigings in die betrokke artikel wat vir doeleindes van hierdie ondersoek van belang is.

Die definisie van die woord "goed", synde goed van die oordraende maatskappy wat ingevolge die hofbevel aan die oornemende maatskappy oorgaan, is nou so wyd gestel dat dit ook regte en bevoegdheids van 'n persoonlike aard insluit wat nie ingevolge algemene regsbeginsele oorgedra kan word nie.¹¹²

Verder is die hof se magte uitgebrei ten einde die hof te magtig om die oordrag of toekenning van 'n belang in eiendom goed te keur.¹¹³ Hierdie magtiging is van belang by die oordrag van eenhede in 'n trust en die hof kan nou gelas dat sulke eenhede toegeken word.¹¹⁴

8. Misdrywe

Net soos in Suid-Afrika, is die persone wat vervolgt kan word vir 'n misdryf in verband met die uitstuur van inligting, die maatskappy, sy beamptes, sy likwidateur of 'n trustee vir sy skuldbriefhouers.¹¹⁵ Die verskil is egter dat 'n persoon wat aangestel word om 'n skema te administreer, ook as 'n beampte van die maatskappy vir doeleindes van die ACA 1981 beskou word.¹¹⁶ Die ACA 1981 erken egter nog nie die bestaan van 'n onafhanklike voorsitter van vergaderings, op wie die plig ingevolge die hofbevel rus om inligting aan skuldeisers en lede te verskaf nie, en hy kan dus ook nie aan 'n misdryf in verband met die uitstuur van inligting

111) Art 315(15(b)) ACA 1981. Versuim om hierdie bepaling na te kom, is 'n misdryf (art 315(17)).

112) Art 317(6) ACA 1981. Oor die probleme wat daar in hierdie verband bestaan het, sien Paterson Ednie & Ford *Guide* 64-65 par 1505 en H 7 F5(c).

113) Art 317(1)(b) ACA 1981.

114) Sien Paterson Ednie & Ford *Guide* 65 par 1505.

115) Sien art 316(9) en (10) ACA 1981.

116) Sien art 5(1) sv "officer" e).

skuldig bevind word nie, tensy hy natuurlik ook toevallig in 'n ander hoedanigheid aanspreeklik is nie.¹¹⁷

9. Publisiteit vir Skema

Terwyl 'n maatskappy onder beheer van 'n administrateur ingevolge 'n reëlinskema staan, moet publisiteit aan hierdie feit verleen word deur dit te vermeld op briefhoofde en ander dokumente van die maatskappy.¹¹⁸

10. Gevolgtrekking

Die ACA 1981 het verskeie verbeterings in die skikking- en reëlinskemaprosedure meegebring.

Die Australiese wetgewer het die leiding geneem deur vir die eerste keer die bestaan van 'n skemabestuurder te erken, sekere vereistes neer te lê waaraan hy moet voldoen en aan die NCSC 'n mate van beheer oor die skemabestuurder te gee. Implementering van hierdie stelsel is vergemaklik deurdat daar reeds 'n stelsel vir die registrasie van likwidadeurs bestaan het en deurdat die wetvoorsiening maak vir die aanstelling van 'n ontvanger namens skuldbriefhouers. Bepalings wat betrekking het op die ontvanger namens skuldbriefhouers kon dus net so op die skemabestuurder van toepassing gemaak word en aanstelling as skemabestuurder kon beperk word tot geregistreeerde likwidadeurs, met sekere beperkings. Terselfdertyd is egter nagelaat om voorsiening te maak vir erkenning van die voorsitter van vergaderings en ook om op hom verpligtinge te lê in verband met die byeenoep van vergaderings en die verskaffing van inligting aan skuldeisers en lede.

Die prosedurebepalings is in meer besonderhede uitgewerk en die hof is byvoorbeeld gemagtig om die hou van vergaderings buite sy eie regsgebied toe te laat, mits sommige van die maatskappy se skuldeisers of lede wat by die skema betrokke is, in die bepaalde gebied waar die vergaderings gehou gaan word, woonagtig

117) Vgl H 12 C5 *Artikel 312(4)*.

118) Art 327(1) gelees met art 315(10) ACA 1981. Sien ook Paterson Ednie & Ford *Guide* 65 par 1509.

is. Ten einde moontlike probleme in hierdie verband die hoof te bied, is bepaal dat waar meer as een vergadering van skuldeisers of lede of van 'n klas skuldeisers of lede gehou word, die stemme van die verskillende vergaderings saamgetel moet word. Die bepaling is ongelukkig nie duidelik geformuleer nie en mag die indruk skep dat die stemme van die verskillende klasse se vergaderings bymekaar getel moet word.

Ander wysigings wat betrekking het op die hof se funksie en rol in die skikking- en reëlinskemaprocedure, is byvoorbeeld dat die hof die verduidelikende verklaring voor die tyd kan goedkeur; dat dit duidelik uitgespel word dat 'n skema net goedgekeur kan word indien vergaderings met toestemming van die hof byeengeroep is om die voorstelle te oorweeg; die hof mag wysigings aan 'n skema aanbring of voorwaardes neerlê alvorens hy 'n skema bekragtig; die hof word uitdruklik gemagtig om 'n maatskappy vry te skeld van die verpligting om 'n afskrif van die hofbevel aan elke afskrif van sy akte te heg; die hof mag geregtelike stappe teen 'n maatskappy opskort terwyl 'n skema oorweeg word; die hof kan versoek dat die NCSC of enige ander persoon verslag oor die maatskappy se sake aan hom moet doen.

Die NCSC speel ook 'n belangrike rol in die hele procedure. Benevens toesig en beheer oor die persoon wat die skema administreer is daar verskeie ander bepalings wat die NCSC raak. Kennis van 'n voorgenome aansoek om toestemming dat vergaderings byeengeroep word, moet vooraf aan die NCSC gegee word. 'n Verduidelikende verklaring moet by die NCSC geregistreer word indien daar geen skuldeisers by 'n bepaalde skema betrokke is nie; indien skuldeisers wel betrokke is, moet die NCSC die geleentheid hê om die verklaring te ondersoek en indien nodig aan die hof daarvoor verslag te doen of voorleggings in verband daarmee aan die hof doen. Die hof kan ook van die NCSC verlang om verslag oor die bedrywighede van 'n maatskappy se beamptes, of oor die bepalings van die skikking of reëling, aan hom te doen.

Die NCSC speel dus 'n aktiewe rol in die skikking-en reëlinskemaprocedure en kan veral wat die ekonomiese aspekte van 'n skema betref, waarskynlik waardevolle bystand aan die hof verleen.

Wyer bepalings met betrekking tot die verskaf van inligting aan skuldeisers en lede is ingevoer, insluitende 'n bepaling wat aan 'n vergadering van lede die bevoegdheid gee om opdrag te gee dat bepaalde rekenmeesters of prokureurs aangestel word om verslag oor die voorstelle vir skikking of reëling te doen.

Sekere bepalings is ook ingevoer wat wyer magte aan die hof verleen in geval van die oordrag van goed of van 'n belang in eiendom ooreenkomstig 'n skema vir rekonstruksie of amalgamasie.

Waar 'n maatskappy onder beheer van 'n administrateur ingevolge 'n skema staan, moet daardie feit op die maatskappy se briefhoofde en ander dokumente vermeld word.

Oornames kan nou slegs in uitsonderlike gevalle ooreenkomstig die ACA 1981 deurgevoer word; afsonderlike wetgewing is aangeneem om die verkryging van aandele te reguleer.

Hoewel die ACA 1981 baie nuwe bepalings bevat en beslis 'n verfyning van die bestaande prosedure meegebring het, is die geheelindruk nog steeds een van pragmatiese lapwerk om by die onmiddellike behoeftes van die praktyk aan te pas, eerder as 'n deurdagte besinning oor die basiese beginsels wat by die prosedure van toepassing is.

D. GEVOLGTREKKING

In Australië is heelwat innovasies in die skikking- en reëling-skemaprosedure deur die ACA 1981 tot stand gebring, waarvan sommige met vrug in Suid-Afrika nagevolg kan word.

Die rol wat die NCSC nou in skemas speel, word reeds in 'n groot mate deur die Registrateur van Maatskappye en die Meester van die Hooggeregshof vervul, met dié uitsondering dat die verduidelikende verklaring nie vooraf geregistreer word of voor goedkeuring van die skema ondersoek word nie. Ook is die Meester se rol by verslagdoening beperk tot ontbloting van misdrywe, terwyl die NCSC 'n wyer verslagdoeningsfunksie het en ook op die meriete van die skema mag ingaan; in teenstelling met die Meester, is die NCSC

egter nie verplig om verslag aan die hof te doen nie, tensy die hof h verslag aanvra.

Die hof se taak is ook vergemaklik deurdat heelwat minder belangrike prosedure-aangeleenthede wat in die verlede vir die hof probleme veroorsaak het, opgeklaar is en die hof se magte waar nodig uitgebrei is.

Die erkenning en regulering van die amp van skemabestuurder sal waarskynlik meebring dat skuldeisers en lede beter beskerming geniet.

Die Duitse prosedure wat bespreek is, die sogenaamde *Vergleich*-prosedure, stem in baie opsigte nie ooreen met die skikking- en reëlinskemaprocedure nie, maar insiggewend is die *verplichting*, waar h maatskappy nie in staat is om sy lopende finansiële verpligtinge na te kom nie, of waar sy laste sy bates oorskry, om alle betalings aan skuldeisers en lede te staak en die verpligting om òf vir likwidasie òf vir skikking aansoek te doen. In die geval van skikking ter afwending van likwidasie, is die vereiste van h minimum betaling aan konkurrente skuldeisers binne h minimum tydperk h groot aansporing tot betaling. Hierdie tydperk kan met ses maande verleng word, maar dan word h hoër minimum betaling geverg. Ook insiggewend is die feit dat likwidasie noodwendig volg indien die bepalinge van die skikking nie nagekom word nie. Opvallend is ook die groter rol wat die beslissing van skuldeisers speel en die minder opvallende rol van die hof. Daar is klaarblyklik nie dieselfde behoefte aan h wye diskresie vir die hof nie omdat die skikkingsaanbod self aan streng vereistes moet voldoen. Van hierdie beginsels kan moontlik ook met vrug in Suid-Afrika toegepas word.

HOOFSTUK 14

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

- A. INLEIDING
- B. STATUTÊRE ONTWIKKELING VAN DIE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAPROSEDURE
- C. DIE GEBRUIK VAN SKIKKINGS EN REËLINGS
- D. DIE KONTRAKTUELE AARD VAN MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGS
- E. INHOUD VAN DIE SKIKKINGSAANBOD
- F. DIE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAPROSEDURE
- G. DIE BEKRAGTIGDE SKIKKING OF REËLING
- H. MISBRUIK VAN DIE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAPROSEDURE
- I. BESKERMING VAN SKULDEISERS EN LEDE
- J. STATUTÊRE BEPALINGS MET BETREKKING TOT SKIKKINGS EN REËLINGS
- K. DIE POSISIE IN WES-DUISSLAND EN AUSTRALIË
- L. AANBEVELINGS

A. INLEIDING

Uit die voorafgaande ondersoek blyk dit dat die skikking- en reëlinskemaprocedure uit 'n eenvoudige praktyksbehoefte om 'n likwidateur van 'n maatskappy in staat te stel om 'n skikking met skuldeisers aan te gaan, ontwikkel het. Hoewel die procedure deur die jare uitgebrei en verfyn is, is wysigings gewoonlik aangebring om leemtes wat in die praktyk uitgekristalliseer het, te vul; oor die basiese doel en werking van die procedure

is daar nie weer besin nie. Terselfdertyd is die skikking- en reëlinskemaprocedure deur die vernuf en vindingrykheid van regsgeleerdes aangewend vir doeleindes waarvoor dit nooit in eerste instansie bestem was nie.

Die gevolg hiervan is dat daar telkens nuwe leemtes in die procedure ontstaan. Op die lange duur kan die procedure slegs verbeter word deur na te dink oor die onderliggende doel daarvan en die hele procedure dan dienoreenkomstig statutêr te wysig.

In hierdie hoofstuk word die belangrikste probleme in verband met die skikking- en reëlinskemaprocedure nagegaan en moontlike oplossings, op kort-sowel as langtermyn, aan die hand gedoen.

B. STATUTÊRE ONTWIKKELING VAN DIE
SKIKKING- EN REËLINGSKEMAPROSEDURE¹

Hierbo is reeds vermeld dat die skikking- en reëlinskemaprocedure uit 'n praktyksbehoefte om 'n likwidateur in staat te stel om 'n skikking met die maatskappy se skuldeisers aan te gaan, ontwikkel het.²

Hierdie procedure het geleidelik volgens die behoefte van die praktyk ontwikkel en uitgebrei. Die aanvanklike doel was om 'n skikking tussen 'n maatskappy wat in likwidasie was, en sy skuldeisers of 'n gedeelte van hulle te bewerkstellig. Die skikking kon egter net slaag indien dit bindend op al die skuldeisers, of op al die lede van die groep skuldeisers tot wie die skikking gerig was, sou wees. Aan die hof is dus 'n diskresionêre bevoegdheid gegee om so 'n skikking bindend op die hele groep te maak, met insluiting van persone wat gekant was teen die voorgestelde skikking en persone wat afsydig teen die voorstelle was.

Skikking is omskryf as 'n skikking of reëling. Reëling is aanvanklik as iets soortgelyks aan 'n skikking beskou. Deur regterlike

-
- 1) Sien hfst 2.
 - 2) Geen gesag kan gevind word vir 'n verbintenis met die akkoordprocedure by insolvensie nie, maar so 'n beïnvloeding is wel moontlik.

interpretasie en later deur wetgewing, het die begrip reëling 'n eie selfstandige betekenis gekry.

Aanvanklik kon 'n skikking of reëling slegs tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers voorgestel word, maar dit is uitgebrei om ook 'n skikking of reëling met lede of 'n klas lede in te sluit. Daarna is die beperking dat die maatskappy in likwidasie moes wees alvorens 'n skikking of reëling voorgestel kon word, opgehef.

Spesiale bepaling is ingevoer om 'n rekonstruksie of amalgamasie wat deel van 'n skikking of reëling uitgemaak het, te vergemaklik. Verder is daar gepoog om die regte van skuldeisers en lede beter te beskerm deur die prosedure telkens te verfyn en deur te vereis dat bepaalde inligting aan skuldeisers en lede verskaf moet word.

Wysigings is dus aangebring om beperkings op die prosedure op te hef, om die toepassingsveld van die prosedure te verbreed, om die prosedure gladder te laat verloop en om die belange van skuldeisers en lede te beskerm. Hierdie wysigings het pragmaties geskied en sonder terugverwysing na die onderliggende filosofie of die doelwitte van die prosedure. Om hierdie rede moet daar telkens weer wysigings aan die prosedure aangebring word.

C. DIE GEBRUIK VAN SKIKKINGS EN REËLINGS³

Veral die begrip "reëling" het 'n baie wye betekenis, maar tog is daar sekere beperkings wat op die omvang van skemas geplaas word. Een so 'n beperking wat aanvanklik streng toegepas is, was dat die prosedure ingevolge artikel 311 nie gebruik kon word om 'n gevolg te weeg te bring wat inderdaad ingevolge 'n ander bepaling van die Wet deurgevoer kon word nie. Hierdie beperking was nuttig omdat elke statutêre prosedure sy eie besondere wyse het waarop die regte van skuldeisers en lede beskerm word;

3) Sien hfste 3 en 4.

hierdie beskermingsmaatreëls is dan ook gewoonlik spesiaal geformuleer om aan te pas by die behoeftes van die besondere prosedure. Hoewel die skikking- en reëlinskemaprocedure ook beskerming aan die regte van skuldeisers en lede bied, verskil die klem in hierdie prosedure waarskynlik van dié wat in die afsonderlike prosedure neergelê is.

Omdat hierdie beperking op die gebruik van die artikel 311-prosedure nie streng toegepas is nie, word hierdie prosedure ongelukkig al hoe meer gebruik om die werking van ander statutêre bepalings of prosedures te omseil.

Op ongeoorloofde wyse kan die skikking- en reëlinskemaprocedure gevolglik gebruik word om 'n alternatiewe wyse van geregtelike bestuur, likwidasië of oornome van die beheer oor 'n ander maatskappy te bewerkstellig, maar telkens sonder die besondere beskerming van skuldeisers en lede wat deur die Wet in die bepaalde prosedure neergelê is.

In al hierdie gevalle word 'n statutêre prosedure deur 'n kontraktuele prosedure vervang. Hierdie kontraktuele prosedure val nie onder enige administratiewe beheer deur byvoorbeeld die Meester van die Hooggeregshof of die Registrateur van Maatskappye nie; die enigste beheer is dit waarvoor kontraktueel voorsiening gemaak is.

Die artikel 311-prosedure kan ook aangewend word om likwidasië of geregtelike bestuur te beëindig voordat dit moontlik was om direkteure, beamptes, die likwidateur of geregtelike bestuurder tot verantwoording te roep. Hierdie moontlikheid ondermyn die effektiwiteit van maatreëls wat statutêr geskep is vir die nasporing en opvordering van eiendom van 'n maatskappy wat in likwidasië of onder geregtelike bestuur is, asook maatreëls vir die bekamping van bedrog en diefstal deur direkteure en beamptes. Dit ondermyn ook die effektiwiteit van beheer oor likwidateurs en geregtelike bestuurders indien hulle weet dat, sou hulle

nalatig of oneerlik wees, daar altyd die moontlikheid is dat 'n skema voorgestel kan word wat sou meebring dat hulle nalatigheid verborge bly en hul professionele reputasie ongeskonde bly.

D. DIE KONTRAKTUELE AARD VAN MAATSKAPPYREGTELIKE SKIKKINGS⁴

Ons howe aanvaar geredelik dat die maatskappyregtelike skikking of reëling 'n kontrak daarstel wat sy bindende krag verkry vanweë die feit dat dit ingevolge 'n statutêre bepaling deur 'n hof op al die partye bindend gemaak word. So word dan ook by die uitleg van 'n skema, die gewone beginsels van die uitleg van kontrakte toegepas. Sekere van die kenmerke van 'n skikking of reëling stem egter nie ooreen met dié van kontrakte nie, soos die feit dat 'n persoon, sonder dat hy daartoe ingestem het, of selfs teen sy sin, aan die skema gebonde gehou kan word. Daar is ook die verdere verskynsel dat die skikking of reëling nie bloot deur onderlinge ooreenkoms tussen die partye beëindig of gewysig kan word nie.

By die uitleg van 'n maatskappyregtelike skikkingsooreenkoms, is dit logies om eerste na die kontrakregtelike skikking te kyk vir leiding, maar die twee soorte skikkings is prinsipiëel onversoenbaar. Van novasie kan daar wel by die maatskappyregtelike skikking sprake wees, mits die aanbod deur die maatskappy self gemaak word en daar 'n duidelike bedoeling is om die ou skuld te noveer. Indien die skikkingsaanbod deur 'n derde gemaak word, in ruil vir sessie van skuldeisers se eise teen die maatskappy, vind daar delegasie plaas. In so 'n geval kan daar ook sprake van 'n koopkontrak wees.

By novasie sowel as by delegasie kom daar telkens 'n nuwe verbintenis tot stand, wat sou meebring dat borge ten opsigte van die ou verbintenis outomaties bevry sou word. Hierdie bevryding van borge is egter deur wetgewing verhoed. Wanneer hierdie borge egter aangespreek word, duik daar 'n ander probleem op. 'n Skikking word gewoonlik so ingeklee dat daar geag sal word dat sessie

4) Sien hfst 5 en hfst 9 A INLEIDING.

van skuldeisers se eise teen die maatskappy aan die aanbieder of sy genomineerde plaas te gevind het. Daar is egter nie duidelikheid in ons reg oor die vraag of 'n gedeelte van 'n eis gesedeer kan word nie, dit wil sê of die hoof-eis gesedeer kan word sonder dat die reg om teen borge op te tree, outomaties op die sessionaris sal oorgaan.

Ons hoewe het ook al 'n skikking wat deur 'n derde aangebied is, as 'n delegasie in die vorm van 'n *expromissio* beskou; ware *expromissio* kan dit egter nooit wees nie omdat die maatskappy altyd volgens die bewoording van artikel 311(2) 'n party tot die skikking of reëling word wanneer dit deur die hof bekragtig word.

Probleme ontstaan dus deurdat, hoewel 'n maatskappyregtelike skikking op 'n groot aantal onderliggende verbintenisse wat grootliks kontraktueel van oorsprong is, gegrond is, dit eintlik 'n wetlike reëling is om die bestaande skuld van 'n maatskappy uit te wis. Weens die sterk kontrakregtelike aard van die ooreenkoms word leiding met betrekking tot uitleg en in die geval van verbreking van die ooreenkoms, by die kontraktereg gesoek. Dit is egter dikwels in 'n gegewe geval moeilik om te bepaal welke beginsels van die kontraktereg, en in welke mate, hier toegepas kan word.

Die wetgewer kan hier leiding gee deur òf sekere standaard-klausules vir invoeging in elke skikkingsaanbod neer te lê, òf deur statuutêr die situasie baie meer breedvoerig te reël, insluitende die gevolge van versuim om ooreenkomstig die goedgekeurde skikking of reëling te presteer.

E. INHOUD VAN DIE SKIKKINGSAANBOD⁵

'n Groot verantwoordelikheid rus tans op die skouers van 'n persoon wat 'n skikkingsaanbod opstel, weens die feit dat daar min statutêre leiding oor die inhoud van die aanbod gegee word, die feit dat so 'n groot aantal partye gewoonlik by 'n skema

5) Sien hfst 6.

betrek word en die feit dat 'n goedgekeurde skikking of reëling slegs met groot moeite en koste gewysig kan word.

Die grootste probleem waarmee die opsteller van 'n skikkingsaanbod egter te doen het, is die feit dat hy nie 'n statiese situasie moet reguleer nie, maar 'n hele prosedure moet daarstel en voorsiening vir elke moontlike gebeurlikheid moet maak. Weens die groot aantal gebeurlikhede waarvoor hy voorsiening moet maak, word die skikkingsaanbod 'n baie lywige en ingewikkelde dokument wat weer meebring dat dit minder toeganklik vir die gemiddelde skuldeiser word. As gevolg hiervan moet daar 'n verduidelikende verklaring opgestel word om die uitwerking van die skema aan skuldeisers te verduidelik, wat weer die dokumentasie wat aan skuldeisers uitgestuur moet word, vermeerder en ook tot verwarring aanleiding kan gee.

Die wetgewer swyg feitlik geheel en al oor die inhoud van die aanbod, sodat die howe, nadat sekere leemtes aangevul is, daarop begin aandring het dat sekere bepalings ter beskerming van skuldeisers en lede in elke aanbod ingevoeg moet word. Waar die howe, en nie die wetgewer nie, hierdie vereistes neerlê, moet die betrokke klousules in elke aanbod herhaal word en telkens deur die hof gekontroleer word ten einde te verseker dat die bewoording daarvan aanvaarbaar is. Sou die wetgewer egter hierdie taak oorneem, moontlik deur middel van regulasie, sou dit beteken dat die betrokke bepalings gestandaardiseer sou word en bloot deur verwysing daarna in die aanbod geïnkorporeer kan word.

'n Verdere probleem is dat die skikkingsaanbod wat die basis van die skikkingsooreenkoms vorm, deur die aanbieder opgestel word en dat die basiese vertrekpunt dus die beskerming van sy regte en die vergemakliking, so ver moontlik, van die taak van die voorsitter van vergaderings en die ontvanger namens skuldeisers, 'n persoon wat deur die aanbieder genomineer word, is. Skuldeisers is nie aktief betrokke by die opstel van die aanbod nie en hulle belangte geniet noodwendig minder aandag by die formulering daarvan.

F. DIE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAPROSEDURE⁶

Daar is verskeie probleme van wisselende aard in verband met die skikking- en reëlinskemaprocedure - sommige meer en ander minder ernstig - wat uit die ondersoek na vore gekom het.

Die eerste is dat 'n voorlopige geregtelike bestuurder nie statu-têr die bevoegdheid het om aansoek te doen om toestemming dat vergaderings van skuldeisers en lede byeengeroep word nie, wat daarop mag dui dat die wetgewer van mening was dat 'n skema nie ligtelik gedurende hierdie tydperk oorweeg behoort te word nie. Dit staan enige van die ander partye wat deur die Wet daartoe gemagtig is, egter vry om gedurende hierdie tydperk 'n aansoek te bring. Die wetgewer behoort dus òf die voorlopige geregtelike bestuurder te magtig om 'n aansoek te bring, òf te verklaar dat geen aansoek tydens die tydperk van voorlopige geregtelike bestuur gebring kan word nie, omdat dit onnodige vertraging van die prosedure mag meebring. Andersyds moet die hof in so 'n geval 'n strengere toets toepas om te besluit of toestemming verleen behoort te word dat vergaderings byeengeroep word.

'n Leemte in die Wet is dat die hof nie by magte is om te gelas dat siviele geregtelike stappe teen 'n maatskappy opgeskort word terwyl 'n skema oorweeg word nie. Hoewel so 'n mag van die hof, deur maatskappye misbruik sou kan word deurdat skemas voorgestel word ten einde 'n moratorium te verkry sonder dat die maatskappy in likwidasië of onder geregtelike bestuur is, behoort 'n diskresie nogtans aan die hof verleen te word.

Dit blyk nie duidelik uit die Wet of die hof by magte is om af te sien van die vereiste dat die skikking of reëling goedgekeur moes gewees het op 'n vergadering wat ooreenkomstig 'n hofbevel byeengeroep is nie. Sedert die inwerkingtreding van artikel 312 wat voorsiening maak vir die verskaffing van inligting aan skuldeisers en lede, is dit egter te betwyfel of die hof maklik sal

6) Sien hfst 7.

af sien van die vereiste dat vergaderings ingevolge 'n hofbevel byeengeroep moet word en die skema op daardie vergaderings deur die vereiste meerderhede aanvaar moes gewees het.

Die hof stel gewoonlik 'n onpartydige buitestaander as voorsitter van vergaderings aan, met die opdrag om die nodige kennisgewings uit te stuur, as voorsitter op te tree en later aan die hof verslag te doen. Die wetgewer neem egter nie kennis van die bestaan van so 'n voorsitter nie en plaas gevolglik die verwyte, indien kennisgewings nie uitgestuur word nie of gebrekkige kennisgewings uitgestuur word, op die maatskappy self, direkteure, beamptes, die likwidateur en 'n trustee vir skuldbriefhouers. 'n Onafhanklike voorsitter, of 'n geregtelike bestuurder wat as voorsitter optree, kan gevolglik nie skuldig bevind word aan enige van die misdryfbepalings in verband met skikkings en reëlings nie.

Die inligting wat ingevolge die bepaling van artikel 312 van die Wet aan skuldeisers en lede gestuur moet word, is eintlik onvoldoende om 'n sinvolle besluit oor die aanvaarding of verwerping van 'n voorgestelde skema te maak. As gevolg hiervan is die howe verplig om self sekere vereistes in hierdie verband neer te lê.

Een van die belangrikste probleme in verband met die prosedure by skikking- en reëlingskemas, is die grondslag vir die indeling van skuldeisers en lede in verskillende klasse wat afsonderlik moet vergader om 'n skema te oorweeg. In eerste instansie behoort indelings te geskied op grond van die gemeenskaplikheid van regte van skuldeisers en lede teenoor die maatskappy. In die geval van lede kan daar 'n verdere indeling gemaak word op grond van die botsende belange van lede; in die geval van skuldeisers behoort volstaan te word met 'n indeling op grond van die gemeenskaplikheid van regte. Volgens die huidige stand van die positiewe reg kan 'n lid wat ook die aanbieder is of 'n noue verbintenis met die aanbieder het, nie saam met ander lede by dieselfde vergadering stem oor die aanvaarbaarheid van 'n reëlingskema wat voorgestel word ten einde 'n oornome te bewerkstellig nie. 'n Skuldeiser wat 'n skikkingsaanbod namens die maatskappy maak, mag egter by dieselfde vergadering as ander skuldeisers wat dieselfde regte

teenoor die maatskappy het, stem oor die aanvaarbaarheid van sy eie aanbod. Hoewel dit die positiewe reg is, behoort hierdie gebruik aan bande gelê te word deur 'n aanbieder-skuldeiser enige stemreg oor die aanvaarbaarheid van 'n skema statutêr te ontnem.

Met die opkoms van onafhanklike nasionale state in Suider-Afrika, behoort daar betyds aandag aan die probleme eie aan meerstaat-; reëlinskemas gegee te word, behoort 'n hof toegelaat te word om te gelas dat vergaderings buite sy regsgebied gehou word en behoort 'n hof gemagtig te word om twee of meer alternatiewe vergaderings op verskillende plekke te gelas van dieselfde klas lede of skuldeisers; skuldeisers of lede mag self besluit watter vergadering hulle gaan bywoon en net by een van die vergaderings stem. Die stemme van die alternatiewe vergaderings moet daarna bymekaar getel word sonder dat die belê van 'n verdere vergadering waar by wyse van volmag weer gestem en die stemme so saamgetel word, nodig is.

'n Skikking of reëling word dikwels as 'n ondeelbare skema voorgestel, maar word nie deur versekerde of voorkeurskuldeisers aanvaar nie weens 'n gebrek aan belangstelling wat voortspruit uit die feit dat hul eise gewoonlik ten volle vereffen word. Daar bestaan geen wyse waarop die een klas skuldeisers of lede 'n ander klas aan 'n skema kan bind nie. Die enigste uitweg uit hierdie dilemma is om, na analogie van die Duitse reg met betrekking tot *Vergleich*, kategories te bepaal dat 'n skikking slegs met nie-voorkeurskuldeisers, dit wil sê net met konkurrente skuldeisers, aangegaan kan word. So 'n bepaling sou 'n beperking plaas op die vryheid van partye om skikkings en reëlins te ontwerp om by hul besondere behoeftes aan te pas, maar sou verseker dat die regte van versekerde en voorkeurskuldeisers onaangeraak bly.

Waar 'n skikking of reëling gemaak word ten opsigte van 'n maatskappy wat gelikwieder word en voorsiening maak vir die opheffing van die likwidasiëbevel of vir die ontbinding van die maatskappy sonder likwidasië, moet die Meester verslag aan die hof doen oor moontlike misdrywe deur en persoonlike aanspreeklikheid van direkteure en beamptes van die maatskappy. Is die maatskappy onder

geregtelike bestuur of word die maatskappy vrywilliglik gelikwi-
deer, hoef so 'n verslag nie ingedien te word nie. Hierdie verslag
is ook net beperk tot misdrywe en persoonlike aanspreeklikheid.
Die verslag behoort uitgebrei te word sodat dit ook kommentaar
oor die meriete van die aanbod self insluit en behoort vereis te
word telkens wanneer die skema voorsiening maak vir die intrek-
king van 'n geregtelike bestuursbevel of die opheffing van likwi-
dasie, hetsy deur 'n hofbevel of vrywilliglik.

Die kriterium waarmee die Suid-Afrikaanse hof werk by die beoor-
deling van die redelikheid van 'n skikking of reëling, is losweg
'n toets of die skema redelik is in die oë van 'n redelike sakeman.
By die toepassing van hierdie toets moet egter in aanmerking ge-
neem word dat hierdie redelike sakeman 'n lid van die betrokke
klas behoort te wees wat die skema benader vanuit die oogpunt van
wat in die beste belang van die hele klas sal wees. Hierdie is 'n
ietwat minder objektiewe toets as waarmee ons hof tans werk. Die
feit dat die hof die redelike man in hierdie geval as 'n redelike
sakeman beskryf, dui daarop dat die beslissing ekonomies gemoti-
veer moet wees, dat die beoordelaar goed ingelig moet wees en
insig moet hê in die gevolge van sy besluit.

By die bekragtiging van die skema moet die hof inderdaad 'n ekono-
miese beslissing neem waarvoor dit nie goed toegerus is nie. In
hierdie verband behoort die hof hulp van die Meester, die Regi-
strateur of 'n onafhanklike kommissaris wat op versoek van die hof
verslag moet doen oor die ekonomiese aspekte van 'n skema, te kry.
Die finale beslissing vir die bekragtiging van 'n skikking of reë-
ling behoort egter in die hande van die hof te bly.

'n Appèl teen die bekragtiging of verwerping van 'n skikking of
reëling kom weens die besondere aard van die prosedure inderdaad
op 'n herverhoor van die hele aangeleentheid neer. Hierdie feit
mag meebring dat die hof onnodig geïnhibeer word by die uitoeffe-
ning van hul diskresie en verkies om streng by vorige presedente
te bly eerder as om self sterk standpunt oor 'n aspek van skik-
kings of reëlings in te neem.

Ten spyte van hierdie konserwatisme het die howe die feit dat hulle 'n diskresie het by die goedkeuring van 'n skema, benut om geleidelik strenger vereistes te stel waaraan voldoen moet word alvorens 'n skema goedgekeur word.

G. DIE BEKRAGTIGDE SKIKKING OF REËLING⁷

Die twee belangrikste probleme in verband met 'n bekragtigde skikking of reëling hou verband met die onbuigsaamheid van 'n bekragtigde skema en die gebrek aan regulering van die amp van ontvanger namens skuldeisers.

Die skikkingsooreenkoms reël nie net 'n statiese toestand nie, maar 'n hele prosedure. In die geval van 'n gebeurlikheid waarvoor daar nie in die ooreenkoms voorsiening gemaak is nie, moet die ooreenkoms gewysig word; wysiging kan egter nie deur blote onderlinge ooreenkoms geskied nie maar kan slegs plaasvind deur 'n vervangende of aanvullende skema voor te stel. Vir bekragtiging van so 'n aanvullende of vervangende skema, is dit nodig dat die hele skikking- en reëlinskemaproedure weer gevolg word.

Probleme ontstaan veral waar die aanbieder versuim om te presteer of poog om uit die ooreenkoms terug te tree, of skuldeisers poog om hul regte ingevolge die skikking of reëling af te dwing. In 'al hierdie gevalle moet gelet word op die bewoording van die ooreenkoms ten einde vas te stel wat die onderskeie partye se regte is, maar dikwels word gevind dat die ooreenkoms swyg oor versuim, terugtrede of afdwinging van die ooreenkoms.

Verder bestaan daar 'n behoefte daaraan dat statutêr kennis geneem sal word van die bestaan van die amp van ontvanger namens skuldeisers en dat sy amp behoorlik gereguleer sal word.

H. MISBRUIK VAN SKIKKING- EN REËLINGSKEMAPROEDURE⁸

Hoewel die maatreëls in die Wet vir ondersoek na 'n maatskappy se sake, waar die maatskappy gelikwideer word of onder geregtelike

7) Sien hfste 8 en 9.

8) Sien hfst 10.

bestuur is, sowel as vir die naspoor van eiendom en die aanspreeklikheid van nalatige of oneerlike direkteure en beamptes, waarskynlik voldoende is, kan al hierdie bepalings omseil word deur 'n skikking- en reëlinskema voor te stel. Ook in die geval van nalatigheid of oneerlikheid van likwidateurs of geregtelike bestuurders, kan hierdie prosedure gebruik word om wanadministrasie te verberg. Skuldeisers mag dit ook soms nuttig vind om 'n skema voor te stel indien hulle voorkeurbehandeling bo ander skuldeisers kort voor likwidasie ontvang het en die bedrag wat daarby betrokke is, relatief groot is.

Die skikking- en reëlinskemaprosedure bied dus 'n skuiwergat en 'n wyse om die afdwinging van maatreëls wat in die Wet getref is om bedrog, diefstal en oneerlikheid te bekamp, te vermy. Op hierdie wyse word die regte van skuldeisers en lede ernstig benadeel.

'n Korttermynoplossing in hierdie verband sou wees dat die houe afsonderlik besin oor bekragtiging van 'n skema en opheffing van likwidasie of geregtelike bestuur. Laasgenoemde behoort nie toegelaat te word tensy die hof tevrede is dat 'n hoeveelheid addisionele kapitaal in die maatskappy gestort word en dat daar goeie kommersiële redes is wat die voortbestaan van die maatskappy regverdig nie.

I. BESKERMING VAN SKULDEISERS EN LEDE⁹

Indien die nodige maatreëls getref kan word om die misbruik van die skikking- en reëlinskemaprosedure vir die verberging van misdrywe en wanadministrasie aan bande te lê, geniet skuldeisers en lede, weens die oorweging van die skema deur die hof, 'n redelike mate van beskerming totdat 'n skema goedgekeur word. Omdat die uitvoering van die skema egter in ooreenstemming met die bepalings van die skema self geskied, is die beskerming wat skuldeisers en lede hierna geniet, gewoonlik ontoereikend en is daar 'n daadwerklike behoefte aan verbetering van hierdie situasie.

J. STATUTÊRE BEPALINGS MET BETREKKING TOT SKIKKINGS EN REËLINGS¹⁰

-
- 9) Sien hfst 11.
10) Sien hfst 12.

Die belangrikste probleme in verband met die statutêre bepalings wat skikkings en reëlings reguleer, het ontstaan vanweë die feit dat die ooreenstemmende Engelse bepalings dikwels hier oorgeneem is sonder dat die ander bepalings van die Wet in ag geneem is by die aanpassing van die Engelse artikels. Selfs by die opstel van oorspronklike bepalings wat nie op enige Engelse bepalings gegrond is nie, is ander bepalings van die Wet uit die oog verloor.

So ontstaan probleme omdat daar uit die oog verloor is dat 'n geregtelike bestuurder nie per definisie in die Wet (anders as in die geval van 'n likwidateur) ook 'n voorlopige geregtelike bestuurder insluit nie. Verder is daar soms vergeet dat sekere bepalings nie net op maatskappye wat deur die hof gelikwedeer is, van toepassing behoort te wees nie, maar ook waar die maatskappy in vrywillige likwidasie of onder geregtelike bestuur is. Daar is ook vergeet dat skikking- en reëlingskemas nie ten opsigte van maatskappye wat by die Registrateur geregistreer is, voorgestel kan word nie, maar ook ten opsigte van enige regspersoon. Geen alternatiewe bepalings is egter neergelê vir so 'n geval nie. Daar is ook nie kennis geneem van die feit dat 'n skikking of reëling nie net deur die maatskappy self voorgestel kan word nie, maar dat die prosedure vir goedkeuring reeds in werking gestel mag wees voordat dit tot die kennis van die maatskappy kom. Ook is daar nie kennis geneem van die feit dat die hof gewoonlik 'n onafhanklike voorsitter aanstel om vergaderings byeen te roep, te beheer en na die tyd aan die hof verslag te doen nie.

K. DIE POSISIE IN WES-DUISSLAND EN AUSTRALIË¹¹

Die Duitse reg ken twee soorte skikkings, waarvan een, die sogenaamde *Vergleich* wat voorgestel word ten einde likwidasie of sekwestrasie af te weer, bepalings bevat wat met vrug in Suid-Afrika nagevolg kan word. Elemente van die *Vergleich*-prosedure wat hier nagevolg kan word, is onder andere die vereiste dat 'n minimumdividend binne 'n bepaalde tydperk aan skuldeisers uitbetaal moet word; dat versuim om ingevolge die skikking te presteer, feitlik outomaties tot likwidasie aanleiding gee; dat die administrateur van die prosedure onder administratiewe beheer staan; dat die

11) Sien hfst 13.

administrateur bygestaan kan word deur 'n komitee van skuldeisers wat minder belangrike besluite namens skuldeisers kan neem.

Verder vind ons in die Duitse reg die baie duidelike skeiding tussen die skikking- of akkoordprosedure, en prosedures om ander reëlings met lede te tref. Terselfdertyd vind ons dat daar dieselfde akkoordprosedure ten opsigte van natuurlike en regs persone bestaan.

In Suid-Afrika behoort die skikkingsprosedure uit artikel 311 gelig te word. Indien die skikkingsprosedure, soos in Duitsland, beperk word tot 'n akkoordprosedure wat net deur die skuldenaar self aangevra kan word, kan die prosedure statutêr beter gereguleer en beheer word. Weens die gebrek aan statutêre leiding, is die howe tans verplig om van tyd tot tyd na gelang van die behoeftes van die praktyk vereistes neer te lê waaraan skikkings moet voldoen, 'n taak wat eintlik deur die wetgewer, desnoods by wyse van regulasie, uitgevoer behoort te word.

In Australië het die wetgewer vir die eerste keer aandag gegee aan die regulering van administrateurs van skikking- en reëlingskemas. Op baie ander kleiner punte is daar ook deur die ACA 1981 wysigings aangebring wat met vrug in Suid-Afrika nagevolg kan word ten einde korttermynoplossings vir probleme te vind. Langtermynoplossings is egter net moontlik indien skikkings afsonderlik van reëlingskemas gereguleer word.

L. AANBEVELINGS

Die skikking- en reëlingskemaprosedure behoort beter gereguleer te word in die Suid-Afrikaanse reg. Daar moet eers nagedink word oor die basiese beginsels wat by hierdie prosedure van toepassing is; aandag moet ook aan die inhoud van skemas gegee word, nie net aan die formele prosedure-aspekte nie.

Die wetgewer kan moontlik aandag aan die volgende aspekte van skikking- en reëlingskemas gee:

-
- (i) Daar kan oorweging daaraan gegee word om waar 'n maatskappy in likwidasië of onder geregtelike bestuur is, *skikkings* uit die artikel 311-prosedure te lig sodat in die geval van *reëlings* by solvente maatskappye daar nog steeds aan partye die grootste moontlike vryheid gelaat word om skemas na hul eie behoeftes te ontwerp.
- (ii) In die geval van skikkings, behoort die prosedure in ooreenstemming met die akkoordprosedure by insolvensie gebring te word, met dié verskil dat likwidasië of geregtelike bestuur onmiddellik by bekragtiging van 'n skikking opgehef kan word, dat administrasie van die skema in die hande van 'n ontvanger namens skuldeisers geplaas word en dat likwidasië feitlik outomaties volg indien daar versuim word om ingevolge die skikking te presteer.
- (iii) Die amp van ontvanger namens skuldeisers behoort statutêr erken en gereël te word en die ontvanger behoort in die uitoefening van sy pligte onder beheer van die Meester van die Hooggeregshof te staan.
- (iv) Geen skikking of reëling ten opsigte van 'n maatskappy wat in likwidasië of onder geregtelike bestuur is, behoort voorgestel te word alvorens 'n minimum tydperk verloop het, soos byvoorbeeld dat 'n finale bevel reeds gegee moes gewees het en 'n vergadering van skuldeisers reeds moes plaasgevind het.
- (v) Die inligting wat aan skuldeisers of lede verskaf moet word alvorens 'n skikking of reëling oorweeg word, moet baie meer omvattend wees en die vereistes in hierdie verband moet statutêr in meer besonderhede uitgespel word.
- (vi) Die houe is swak toegerus vir die ekonomiese besluite wat geneem moet word by die bekragtiging van 'n skikking of reëling. In hierdie verband behoort die hof by magte te wees om opdrag aan die Registrateur, die Meester of 'n onafhanklike kommissaris te gee om die skema te ondersoek en verslag daaroor aan die hof te doen.
-

BYLAES

- A. SAMEVATTING
 - B. SUMMARY
 - C. VONNISREGISTER
 - D. AFKORTINGS
 - E. BIBLIOGRAFIE
 - F. REGISTER
 - G. ARTIKELS WAARNA DIKWELS VERWYS WORD
-

A. SAMEVATTING

TITEL SKIKKINGS IN DIE SUID-AFRIKAANSE MAATSKAPPYEREG
DEUR ELISABETH MARIE DE LA REY
PROMOTOR PROF. DR. D.H. BOTHA
DEPARTEMENT HANDELS- EN ARBEIDSREG
GRAAD LL D

Die doel van hierdie proefskrif was om bestaande probleme in verband met maatskappyregtelike skikkings te ondersoek, in die lig daarvan dat die prosedure berug is as 'n wyse om misdadige bedrywighede rondom die ineerstorting van 'n maatskappy te verberg.

Die ondersoek is hoofsaaklik beperk tot skikkings, hoewel skikkings en reëlings deur dieselfde bepalings van die Wet gereguleer word.

Die geskiedkundige ontwikkeling van artikels 311 en 312 is vanaf hul ontstaan in die Engelse wetgewing nagegaan. Die begrippe "skikking" en "reëling" is ontleed en die praktiese gebruike daarvan nagegaan.

Ons howe beskou 'n goedgekeurde maatskappyregtelike skikking as 'n kontrak; dit voldoen egter nie aan die vereistes vir 'n kontrakregtelike skikking nie. Die tersaaklike kontraktuele aspekte is derhalwe nagegaan.

Aan die hand van regspraak en 'n aantal goedgekeurde skikkings, is die inhoud van 'n skikkingsaanbod ontleed.

Die toepaslike prosedure en formaliteite is sorgvuldig nagegaan, in die lig daarvan dat die Wet eerder hierop klem lê as op die inhoud van die skikking. Besondere aandag is aan die grondslag vir indeling van skuldeisers en lede in verskillende klasse gegee.

Statutêre regulering van die skikkingprosedure eindig nadat die skikking van krag geword het. Die verdere verloop vind in ooreenstemming met die bepalings van die skikking plaas. Uitvoering hiervan word deur 'n sogenaamde ontvanger namens skuldeisers waargeneem, 'n amp wat nog nie statutêre erkenning geniet nie, maar wat in die praktyk duidelik uitgekristalliseer het. Aan die hand van regspraak is sy amp verder nagegaan en is daar aanbeveel dat, net soos in Australië, sy amp statutêr erken en gereël behoort te word.

Daar is gelet op misbruik van die skikking- en reëlinskema-prosedure, sowel as op die behoefte aan beter beskerming van skuldeisers en lede.

Daar is aanbeveel dat waar 'n maatskappy in likwidasië of onder geregtelike bestuur is, skikkings uit die artikel 311-prosedure gelik behoort te word en in ooreenstemming met die akkoord-prosedure by insolvensië gebring te word, met dié verskil dat likwidasië of geregtelike bestuur onmiddellik by bekragtiging van 'n skikking opgehef kan word.

Voldoende tyd vir behoorlike ondersoek van 'n maatskappy se sake behoort toegelaat te word alvorens 'n skikking oorweeg kan word en meer omvattende inligting behoort aan skuldeisers en lede verskaf te word.

Die houe behoort in die uitoefening van hul diskresie deur 'n deskundige bygestaan te word wat oor die ekonomiese aspekte van 'n skema verslag doen.

- 438 -

B. SUMMARY

TITLE COMPROMISES IN THE SOUTH AFRICAN COMPANY LAW
BY ELISABETH MARIE DE LA REY
PROMOTER PROF. D.H. BOTHA
DEPARTMENT MERCANTILE AND LABOUR LAW
DEGREE LL D

The purpose of this thesis was to investigate existing problems with regard to company law compromises, as the procedure is a notorious device for the concealment of nefarious activities surrounding the collapse of a company.

The study is limited mainly to compromises, although compromises and arrangements are governed by the same sections of the Act.

The historical development of sections 311 and 312 is traced from their origin in English legislation. The terms "compromise" and "arrangement" are analysed and their practical application examined.

Our courts regard a confirmed compromise as a contract; a company law compromise does not, however, comply with the requirements for a contractual compromise. The applicable contractual aspects of company law compromises are therefore examined.

The contents of an offer of compromise are examined, with reference to decisions and a number of confirmed compromises.

The applicable procedure and formalities are carefully examined, because the Act accentuates this rather than the contents of the compromise. Particular attention is given to the basis of the division of creditors and members into different classes.

Statutory regulation of the compromise procedure ends after the compromise has become effective. The procedure is then regulated by the contents of the compromise. The further administration is undertaken by a so-called receiver on behalf of creditors, an office which is not recognized by statute, but which has manifested itself in practice. The office of receiver is examined with reference to decided cases and it is recommended that, as in Australia, this office should be acknowledged and regulated statutorily.

Abuse of the compromise and arrangement procedure is noted, as well as the need for better protection of creditors and members.

It is recommended that where a company is in liquidation or under judicial management, compromises should be removed from the section 311 procedure and brought in line with composition proceedings in insolvency, with this difference, that liquidation or judicial management may be terminated immediately upon confirmation of a compromise.

Sufficient time should be allowed for the proper examination of a company's affairs before a compromise can be considered and more comprehensive information should be given to creditors and members.

The courts should, in the exercise of their discretion, also be assisted by an expert who should report on the economic aspects of a scheme.

C. VONNISREGISTER

Abbot v Bryant 20 CTR 943	320
AC Tayob & Co Ltd (In Liquidation) Ex parte 1930 TPD 758	248 254 271
Acacia Mines Ltd v Boshoff 1958(4) SA 330(A)	86
African Film Productions Ltd (In vol liq) In re 1959(4) SA 76(W)	49
African Russian Oil Products (Pty) Ltd (and Reduced) Ex parte 1934 WLD 75	160 206
AG Frohlich & Sons (Pty) Ltd Ex parte 1969(2) PH F11 (Botswana H C)	108 110 163 298
Aircondi Refrigeration (Pty) Ltd v Ruskin NO and Others 1981(1) SA 799(W)	75 88 117 120 163 298 302 303 304 306
Alabama, New Orleans, Texas and Pacific Junction Railway Company In re (1891) 1 Ch 213	8 27 29 30 32 109 195 241 246 248 250 251 254 273
Albert Life Assurance Company, and Other Companies In re (1871) 6 Ch App 381	7 27 226 228
Allen v Gold Reefs of West Africa Ltd (1900) 1 Ch 656	248
Anglo-Continental Supply Company, Limited In re (1922) 2 Ch 723	34 248 254 262 263
Anglo-Spanish Tartar Refineries Ltd Re (1924) WN 222	244
Antony Gibbs & Sons v La Société Industrielle et Commerciale Des Métaux 25 QB 399	211
Associated Lead Manufacturers (Pty) Ltd Ex parte 1960(2) SA 36(D)	49
Atkinson -Oates Motors Ltd Ex parte 1933 OPD 111	158 159 160 261
Atlas Petroleum Products, Ltd Ex parte 1929(2) PH E14(N)	33
AW Allen Ltd Re (1930) VLR 251	30 60 248 254 256 273
Bagus Allie v Meer-Onia (Pty) Ltd 1948(4) SA 550(K)	108 127 144 152 156 162 168 308
Baker and Another Ex parte:In re Union Leather Works (Pty) Limited 1948(2) SA 205(K)	142

Barclays National Bank Ltd v HJ De Vos Boerdery	127	200	229
Ondernemings (Edms) Bpk 1980(4) SA 475(A)	230	291	331
Barnes and Others, NNO Ex Parte : In re Seawright (Pty) Ltd) (In Liquidation)	120	148	155 167
1973(2) SA 201(W)	168	291	299 301
Barnett Ex parte : In re Dent's Ltd			
1926 WLD 157			144
Barry & Roberts (Pty) Ltd Re (1947) QWN 43 (sien Paterson & Ednie <u>Australian Company</u> <u>Law</u> (1972) par 181/45)			157
Barton-Lister NO Ex parte 1951(1) SA 208(W)	211	243	
Baytrust Holdings Ltd v IRC (1971) 3 All ER 76	266		
Bell v Bell 1908 TS 887	218		
Beretta & Sons (Pvt) Ltd Ex parte : Ex parte Beretta and Others 1963(2) SA 146(SR)	161	237	
Bergl v Colonial Government (1906) 23 SC 112	87		
Bessemer Steel and Ordnance Co Re (1875) 1 ChD 251	225		
Blou v Lampert and Chipkin NNO and Others 1970(2) SA 185(T)			332
Bobat Ex parte : In re Kathorian Trading Co (Pty) Ltd 1965(2) SA 291(D)	262	263	307
Bonds & Securities Trading Pty Ltd v Australian Foundation Investment Co Ltd (NO 2) (1974) 131 CLR 34			69
Booth v Walkden Spinning and Manufacturing Co Ltd (1909) 2 KB 368	12	45	149
Borgelt v Millman NO and Another			
1983(1) SA 757(K)	176	192	193 195
.....	197	198	230 242 245 246 248 254 272 273
Borton NO Ex parte 1970(1) SA 190(OK)	197	219	246 249 260
Borton, NO v Dundas & Miller (Pty) Ltd			
1970(3) SA 107(OK)	143	175	176 194
.....	246	248	254 256 257 272
Botha and Others Ex parte : In re Public Utility Transport Corporation Ltd			
1952(4) SA 244(W)	121	166	
Bowkett v Fuller's United Electric Works Limited (1923) 1 KB 160			12
Bowman NO v Leicester Diamonds (Pty) Ltd			
1983(2) SA 81(W)	170	172	239 240 246
Brachvogel v Boschrand Citrus Co., Ltd 1923 WLD 222			83
Bridges v Hershon (1968) 3 NSW 47			57

British American Nickel Corporation v MJ O'Brien Ltd (1927) AC 369	248
Brooklands Selangor Holdings Ltd v IRC (1970) 2 All ER 76	266
Brotex Cellulose Fibres, Ltd v Inland Revenue Commissioners (1930) All ER Rep 595(KBD)	267
Brown v British Abrasive Wheel Co (1919) 1 Ch 290	248
Brownfield Guild Pottery Society Re (1898) WN 80	205
Bruyns Ex parte : In re Coverite (Pty) Ltd 1968(1) SA 51(W)	29 32 47
Bruyns NO Ex parte : In re Mammoth Construction & Drilling Co (Pty) Ltd (Under Provisional Liquidation) 1973(3) SA 721(T)	147 152 154 156 175 254 271 272 339 340
Bugle Press Ltd Re (1960) 3 All ER 791	68
Cachalia v Harberer & Co 1905 TS 457	83
Canning Jarrah Timber Company (Western Australia) Limited In re (1900) 1 Ch 708 CA	262 263
Cape and Transvaal Printing and Publishing Co Ltd Ex parte WPA 24-1-1973(ongerapporteur) (sien Ex parte Federale Nywerhede Bpk 1975(1) SA 826(W) op 835)	161 182 189 190 237
Caratti v Hillman 4 ACLR 170	303
Carrig Diamonds Ltd Ex parte 1966(1) SA 572(W)	266
Carruth v Imperial Chemical Industries, Ltd (1937) 2 All ER 422(HL)	60 98 204 213 214 249 272 273
Carstairs Building Advisory Services Pty Ltd v Askew (1978) 3 ACLR 585	318
Casablanca Wine Bars Pty Ltd Re (1978) 3 ACLR 318 ...	151
Cayzer, Irvine & Company, Limited, Petitioners (1963) SLT 94	189
Charmowitz & Co (Prop) Ltd (In Liquidation) Ex parte 1937 OPD 6	294
Chenille Corporation of SA (Pty) Ltd and Another Ex parte! In re Chenille Industries (Pty) Ltd 1962(4) SA 459(T)	115 171 190 217 218 243 249 271 272 341 351
Chevron (Sydney) Ltd In the matter of (1963) VR 249	197 248 254

Chitty and Another v Apex Building And Construction Co Ltd 1949(2) SA 435(K)	142 287 329 374
City of Melbourne Bank (1895) 1 Argus LR 15	208
City of Melbourne Bank Ltd (in Liquidation) In re (1897) 19 ALT 80	50 51 254 263
CM Banks, Limited In re (1944) NZLR 248	248 254
Coetzer v Coetzer 1975(3) SA 931(OK)	348
Cohen, NO v Nel and Another 1975(3) SA 963(W)	241 270 276
.....	287 288 314 327 328 330 331 332
Cassim Ex parte : In re Bradford Clothing Manufacturers (Pty) Ltd (In Liquidation) 1966(3) SA 362(D)	144
Coleman Ex parte : In re Argyle Dental Supplies Ltd (In Liquidation) 1933 WLD 177	144 191 192 197
.....	248 249 254 256 257 271
Colonial Gold Reef Ltd v Free State Rand Ltd (1941) 1 Ch 382	216
Colonial Silk Warehouse (Pty) Ltd Ex parte 1943(1) PH E1(K)	159
Coltness Iron Company, Limited, Petitioners (1951) SC 476	15 178 179 180
Commercial Bank of Australia sien THE Commercial Bank of Australia	
Commonwealth Oil Corporation Limited In re Pearson v Same Company (1917) 1 Ch 404	182
Coney, Ex parte 1952(3) SA 745 (SR)	45 149
Contal Radio Ltd Re (1932) All ER Rep 687(ChD)	29 30
Cooper, Cooper and Johnson Ltd Re (1902) WN 199	38
Cornelissen, NO Ex parte 1976(3) SA 286(O)	175 260
Cousins Ex parte 1948(1) SA 1130(N)	142 374
Crane Fruehauf v IRC (1975) 1 All ER 429(CA)	265 267
Crause en Andere v Ocean Bentonite Co (Edms) Bpk 1979(1) SA 1076(O)	83
Currie, NO Ex parte 1966(4) SA 546(D)	107 110 223
Cyrildene Heights (Pty) Ltd Ex parte 1966(1) SA 307(W)	29 33 35 288 331
Danzas Trek (Pty) Ltd v Du Bourg and Another 1979(4) SA 915(W)	303 304
Data Homes Pty Ltd and The Companies Act Re (1971) 1 NSWLR 338	56 294
Data Homes Pty Ltd (In Liq.) and the Companies Act Re (1972) 2 NSWLR 22(CA)	56 294

Dayananden Ex parte : In re Windsor Supply Stores (Pty) Ltd (In Liq.) 1953(1) SA 28(N)	144
Denham v Midland Employers' Mutual Assurance, Ltd (1955) 2 All ER 561(CA)	268
De Villiers and Another Ex parte 1970(2) SA 536(K)	75 88 120 146 148 181
De Wet, NO Ex parte : In re Atlas Motion Picture Co (Pty) Ltd 1978(1) SA 375(W)	119 146 148 152 154 155 291 298 301
De Wet, NO Ex parte : In re Mackville Motors (Pty) Ltd (In Liquidation) 1971(1) SA 256(W)	121 123 276 287 288 293 314 328
Dick and Another v Olver and Another 1979(4) SA 880(K)	75 95 120 312
Die Meester v Joubert en Andere 1981(4) SA 211(A)	314 316 318 322
Doecham Gloves, Limited In Re (1913) 1 Ch 226	38
Dorman, Long & Co., Ltd Re (1933) All ER Rep 460 ... 174 183 190 215 216 219 241 248 251 252 254 260 374 386	14 15 151
Drednaught Engineering Pty Ltd (In Liq.) v Tubemakers of Australia Ltd (1976) 1 ACLR 283	276
Dundas & Miller (Pty) Ltd v Borton, NO 1971(1) SA 106(OK)	108 176 248 254 272 273
Du Preez and Another v Garber : In re Die Boerebank Bpk 1963(1) SA 806(W) 163 164 165 166 167 168 170 171 175 176 177 183 189 193 205 229 230 231 241 242 243 246 247 254 256 260 288 331	33 36 50 51 52 109 121 138 160
Dynevor, Dyffryn, and Neath Abbey Collieries Company In re (1879) 11 ChD 605	242
East, NO Ex parte 1974(2) SA 197(K)	232
East v Bennett Brothers Limited (1911) 1 Ch 163	206
East of England Banking Company In re. Pearsons's Case (1872) 7 Ch App 309	7
Elliott's MF Services Pty Ltd Re (1965) VR 756	69 292 295
Emanuel Ex parte 1952(4) SA 22(SR)	140 168
Empire Mining Company In re (1890) 44 ChD 402	8 45

English, Scottish and Australian Chartered Bank In re (1893) 3 Ch 385	8 50 181 189 190 207 246 248 249 252 254 255 273 355
Ensor NO Ex parte : In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd 1978(3) SA 908(D)	119 287 291 296 298 299 301 302 303 311
Ensor NO v South Pine Properties (Pty) Ltd and Another 1978(2) SA 755(N)	47 176 181 192 193 197 198 218 219 236 248 254 256 257 273 275 340 341 343 344 351 352 367
Ensor NO v Syfret's Trust and Executor Company (Natal) Ltd 1976(3) SA 762(D)	342
Ensor v The Master 1983(1) SA 843(A)	315
Estate Erasmus v Church 1927 TPD 20	82 83
Federale Nywerhede Bpk Ex parte 1975(1) SA 826(W)	32 37 39 63 64 68 74 79 112 161 162 168 170 172 182 187 189 190 194 196 237
Fenhalls v Ebrahim and Others 1956(4) SA 273(D)	348
Ferro Constructions Pty Ltd Re (1976) 2 ACLR 18	165 176 197 199 214 215 216 244 248 256 261 262 263
Fisher and Simmons Ltd In re 1958(3) SA 306(W)	60
Follit v Eddystone Granite Quarries (1892) 3 Ch 75	8
Freehold Investment and Banking Company In re (1895) 1 Argus LR 12	207 208
Friedman v Bond Clothing Manufacturers (Pty) Ltd 1965(1) SA 673(T)	75 95 222 223 312
FT Eastment & Sons Pty Ltd v Metal Roof Decking Supplies Pty Ltd (1977) 3 ACLR 69	46 151
Gangapersad v Pompeni Stores (Pty) Ltd 1956(4) SA 56(D)	107 289 290
Garner Motors, Ltd Re (1937) 1 ChD 671	189
GD Kotze NO v Atomium Ondernemings (Edms) Bpk (In Kompromie) TPA saak no M248/78 (ongerapporteur)	295 318
General Motor Cab Company, Limited In re (1913) 1 Ch 377	30 38 69
Gipsy King GM Coy (In Liquidation) In re 1923 WLD 155	108 145 148
Goldberg NO v Turkstra 1946 TPD 81	342

Goldfields Building Society (Under Judicial Management) and Another Ex parte 1933 WLD 214	142	162	166	168	271	272
Goldkist Farm (Pty) Ltd v Athlone Hotel (Pty) Ltd and Another D + KPA saak no M1128/1973 (ongerapporteur) (sien Ex parte Ensor NO 1978(3) SA 908(D) op 910).....						302
Goldreich Ex parte : In re Goldleiff Stores (Pty) Ltd and Lane-Bryant (Pty) Ltd 1956(2) PH E 19(D)						192
Gollach & Gomperts (1967) (Pty) Ltd v Universal Mills & Produce Co (Pty) Ltd and Others 1978(1) SA 914(A)						82
Goode, Durrant and Murray (SA) Ltd v Stephenson, NO(1) 1961(1) SA 655(SR)				140	144	152
Goode, Durrant and Murray (SA) Ltd v Stephenson, NO(2) 1961(1) SA 657(SR)				146	239	272
Goodfellow v Nelson Line (Liverpool) Limited (1912) 2 Ch 324						248
Guardian Assurance Company In re (1917) 1 Ch 431			28	30	34	
.....			36	286	365	
Gunn and Another, NNO v Victory Upholsterers (Pty) Ltd 1976(1) SA 127(D)	108	109	123	305	311	347
Gunn NO v De Jager and Others 1968(2) SA 625(W)						342
Haelbich NO Ex parte 1935 SWA 30						168
Haelbich NO Ex parte 1935 SWA 62			246	248	261	
Harris v S (1976) 2 ACLR 51 (FC)			46	295	326	
Harvest Lane Motor Bodies Ltd Re (1968) 2 All ER 1012						222
Hayes' Will Trusts Re. Dobie and Others v Board of Governors of the National Hospital and Others (1953) 2 All ER 1242						267
Hellenic & General Trust Ltd Re (1975) 3 All ER 382(ChD)	191	192	194	196	199	202
Hind Brothers and Co., Ltd Ex parte 1947(3) SA 373(D)						159 160
Hoare & Co Ltd Re (1933) All ER Rep 105						68
Holdings Investment Trust Ltd Re (1971) 2 All ER 289						248
Hoover (South Africa) (Pty) Ltd v Bradroy Furnishers (Pty) Ltd and Another D + KPA saak no M108/1969 (ongerapporteur) (sien Ex parte Ensor NO 1978(3) SA 908(D) op 910)						302

International Harvester Co of Australia Pty Ltd Re (1953) VLR 669	30 33 38 60
Inter-Union Finance Ltd v Dunsterville 1956(4) SA 280(D)	95
Investments (Pty) Ltd v Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd Ex parte Luck, NO : In re Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd 1963(2) SA 271(W)	108 229 230 231 262 263 288 331
Irish In re 1958(1) PH E1(K)	144
Isaacson v Walsh and Walsh (1903) 20 SC 569	269
Isles v Daily Mail Newspaper Ltd and Others (1912) 14 CLR 193	28
Israel NO and Hudson NO Ex parte 1953(1) PH E5(O)	142
JA Nordberg Limited In re (1915) 2 Ch 439	38
Jaques v Federal Commissioner of Taxation (1924) 34 CLR 328	33
Jax Marine Pty Ltd and The Companies Act 1961 Re (1967) 1 NSW 145	192 195 197 198
Jeral Distributors v Rosen 1975(2) SA 149(K)	108 312
Jiffy Packing Co (Pty) Ltd Ex parte 1946 CPD 232	159
John L O'Brien Consolidated Industries Pty Ltd Re 1 ACLR 311	216
John Ovenstone, Ltd Ex parte 1936(1) PH E7(K)	158 159 261
Jonathan v Haggie Rand Wire Ltd and Another 1978(2) SA 34(N)	82 83 84
Joubert en h Ander v Kotze NO en Ander : In re Carolina Trekkers en Implemente (Edms) Bpk TPA M244/1978 1978-01-27 (ongerapporteur)	318
Judicial Managers of CTC Bazaars (SA) Ltd Ex parte 1940 CPD 550	142
Judicial Managers, CTC Bazaars (SA) Ltd Ex parte 1941 CPD 348	165 166 168 182 183 208 215
Judicial Managers Goldfields Building Society and Another Ex parte 1934 WLD 45	246 247 271
Kailis Groote Eyland Fisheries Pty Ltd Re (1977) VR 511	210
(1977) 2 ACLR 479	209
(1977) 2 ACLR 574	212

Kathrada Ex parte : In re Amod Kathrada & Son (Pty) Ltd 1974(3) SA 137(D)	168
Katz v Katzenellenbogen and Others 1955(3) SA 188(T)	121 164 165 168 243
Kinemas Ltd Ex parte 1933 WLD 75	158 261
Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd 1982(2) SA 458(W)	75 120 262 287 288 291 328 331
Klopper and Another NNO Ex parte : In re Rena Finansierings- maatskappy (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation) 1979(1) SA 254(T)	51 57 75 109 163 176 181 193 197 198 199 271 340 344 352 367
Kotze NO v Emata Motors (Edms) Bpk TPA M246/1978 1978-01-27 (ongerapporteur)	318
Kotze NO v Nylstroom Slaghuis (Edms) Bpk TPA M241/78 1978-01-27 (ongerapporteur)	318
Kotze NO v Paula's Cake Shop (Edms) Bpk TPA M243/78 1978-01-27 (ongerapporteur)	318
Kotze NO v Strydom Tonnel Ruskamp (Edms) Bpk TPA M245/1978 1978-01-27 (ongerapporteur)	318 325
K Rees Emporiums Ltd Re (1969) VR 981	144 149 156 294
Kruger and Wilson (Pty) Ltd and Others v Bradroy Furnishers and Another D + KPA saak no M766/1969 (ongerapporteur) (sien <u>Ex parte Ensor NO 1978(3)</u> SA 908(D) op 910)	302
Lady Dudley Nursing Home (Pty) Ltd Ex parte 1937(1) PH E4(W)	158 168
La Lainière De Roubaix v The Glen Glove and Hosiery Company Limited 1926 SC 91	197 215 216
Lalia v Bodasing 1955(1) PH F49(D)	88 313
Land & Concrete Pty Ltd & Ors. Re (1979) 4 ACLR 639	37
Landmark Corporation Ltd and Companies Act Re (1968) 1 NSWR 759	195 197 199 248 256
Land Securities Co In re: Ex parte Farquhar (1896) 2 Ch 320	288
Lansdown NO v Baldwins Ltd 1973(3) SA 908(W)	47 123 296 305 347
Le Coultre Ex parte : In re Morris Taxi Service (Pty) Ltd (In Liquidation) 1962(2) SA 338(D)	160 229 230 260
Levin v Felt & Tweeds Ltd 1951(2) SA 401(A)	174 266
Liberty Life Association of Africa Ltd & Ano Ex parte 1976(1) SA 58(W)	253
Lipschitz NO v UDC Bank Ltd 1979(1) SA 789(A)	304

Lipschitz Ex parte : In re GOR Garage (Pty) Ltd (In Liquidation) 1963(1) SA 375(GW)	104 140 144
Lipschitz and Schwartz NNO v Markowitz 1976 (3) SA 772(W)	342
Liquidator Dainty Foods Ltd v Glenton & Mitchell 1942 EDL 26	108 140 153 155 165 168 342 344
Liquidator Doreen Modes (Pty) Limited Ex parte 1935 (2) PH E18(W)	197 199
Liquidator Longfield & Co Ltd Ex parte 1936 WLD 8	294
Liquidator Yum White, Ltd Ex parte 1922 WLD 169	228
London Chartered Bank of Australia In re (1893) 3 Ch 540	246 255
L Suzman (Rand) Ltd v Yamoyani (2) 1972(1) SA 109(W)	342
Luck NO Ex parte : In re Crown Furniture Manufacturers (Pty) Ltd sien Investments (Pty) Ltd	
 Macrobert, NO Ex parte : In re Abor Trading Co Ltd (In Liq). 1956(4) SA 588(W)	189
Mahomed v Kazi's Agencies (Pty) Ltd and Others 1949(1) SA 1162(N)	247 249 254 255 257 273 340 343 344 350
Mallac Ex parte : In re LD De Marigny (Pty) Ltd (In Liq.) De Charmoy Estates (Pty) Ltd Intervening 1960(2) SA 187(N)	270
Marlborough Concrete Constructions Pty Ltd (In Liq.) Re 2 ACLR 240	287
Mascot Home Furnishers Pty Ltd (In Liq.) Re. Re Spaceline Industries (Australia) Pty Ltd (1970) VR 593	55 262 294
Massey-Ferguson (South Africa) Ltd v Ermelo Motors (Pty) Ltd and Others 1973(4) SA 206(T)	83
Massing & Ingham (Pty) Ltd Ex parte 1942 WLD 204	158 164 166 206
McNeil v Insolvent Estate of R Robertson (1882) 3 NLR 190	95
Meer Ex parte : In re Indent Wholesalers v Meer's Retailers (Pty) Ltd 1950(3) SA 780(D)	46 144 164 165 168 171 243 260 272 343 344
Mercantile Investment and General Trust Company v International Company of Mexico (1893) 1 Ch 484n	27 28 29 365

Mercantile Investment and General Trust Co v River Plate Trust, Loan and Agency Co (1894) 1 Ch 578	28
Metal Box Co of SA Ltd v AS Dunstan (Pty) Ltd 1974(2) SA 208(T)	75 88 100 120 287 302
Metropolitan Fuel Pty Ltd Re (1962) Australian Digest of Cases 76	165
Meyer v Meyer 1948(1) SA 484(T)	218
Mia v The Master 1940 TPD 86	361
Midland Coal, Coke, and Iron Company In re : Craig's Claim (1895) 1 Ch 267.....	222
Miller's Trust Foreshore Properties (Pty) Ltd v Kasimov 1960(4) SA 953(K)	110
Millman NO Ex parte : In re Alwarvo (SWA) (Pty) Ltd 1972(1) PH E6(SWA)	142 154 156
Milne and Choyce, Limited In re (1953) NZLR 724(CA)	33 45 248 254 256 273
Milne, NO Ex parte : In re Khandaan Drive-In Cinema (Pty) Ltd 1959 (1) SA 13(D).....	192 204
Miras Furnishers (Pty) Ltd (In Voluntary Liquidation) Ex parte 1938(2) PH E19(W)	168
Montana Frocks Pty Ltd Re (1967) 2 NSW 584; 1968 Australian Digest of Cases par. 345	157 160
Morris's Will Trusts Re.Public Trustee v Morris (1960) 3 All ER 548	69 292
Moss & Page Trading Co (Pty) Ltd v Spancraft Furniture Manufacturers & Shopfitters (Pty) Ltd & Others 1972(1) SA 211(D)	95
Mothle v Mathole 1951(1) SA 785(T)	83
Moti & Co v Cassim's Trustee 1924 AD 720	223
Mount Isa Mines Ltd Re (1970) Australian Digest of Cases 84	165
MS Mall (Cape) (Pty) Limited & Others: In re Achies Stores (Pty) Limited 1952(1) PH E4(K)	127 148 149 153 155 162 308 330
Mutual Home Loans Fund of Australia & Anor Re (1979) 4 ACLR 571	192
Natal Bank v R Kuranda, and A Kuranda v Natal Bank 1907 TH 155	82 83
National Bank Ltd Re (1966) 1 All ER 1006	33 37 39 61 62 68 177 338

Nell v Barry NO en 'n Ander 1958(2) SA 687(O)	95
Nell & Co (Pty) Ltd Ex parte 1958(2) SA 671(OK)	45 149
Netherlands Bank of South Africa v Stern NO and Another 1955(1) SA 667(W)	347
New Zealand Loan and Mercantile Agency Company, Limited v Christina Morrison (1898) AC 349	211
NFU Development Trust Ltd Re (1973) 1 All ER 135 (ChD)	29 31 32
..... 205 227 228 248 253	
Nokes v Doncaster Amalgamated Collieries, Ltd (1940) 3 All ER 549 (HL)	268 269
Norcan Oils Ltd v Fogler (1965) SCR 36 (sien Gower 687)	276
North-Eastern Bultfontein (In Liquidation) In re (1894) 11 SC 368	17
Northern Assurance Company, Limited v Farnham United Breweries Limited (1912) 2 Ch 125	28
Norwich Provident Insurance Society Re. Bath's Case (1878) 8 ChD 334	6
O'Brien (Inspector of Taxes) v Benson's Hosiery (Holdings) Ltd (1978) 3 All ER 1057 (CA)	268
Oceanic Steam Navigation Co., Ltd. Re (1938) 3 All ER 740(ChD)	32 36 51 53 205
Olbrich, KG v Cohen, NO 1975(4) SA 621(W)	79 118
..... 287 288 303 304 305 306 328	
Palace Hotel, Limited In re (1912) 2 Ch 438	36 37 38
Payne Bros. Ltd Ex parte 1945 NPD 8	159 160
Penkin and Another v Roeland Shoes (Pty) Ltd and Others 1972(1) SA 513(K)	262 263 332
Peter Scott & Company, Limited, Petitioners (1950) SC 507	163 180
Pierre Henderson (Pty) Ltd Ex parte 1980(1) PH E1(W)	68 246 247 248 254
Power NO and Others Ex parte : In re Amato Consolidated Industries Ltd and Others 1959(2) SA 547(W)	141 143 168

Power and Others, NNO Ex parte : In re Natal Oil Products Ltd 1959(1) SA 7(D)	142	145	168	212
Press Caps Ltd Re (1949) 1 All ER 1013	68			
Provisional Liquidator Hugo Franco (Pty) Ltd, Ex parte 1958(4) SA 397(W)	37	49	140	
Rankin and Blackmore, Limited, Petitioners 1950 SC 218	163	180		
R v Heyne (3) 1958(1) SA 614(W)	123			
Rattham & Son (Pvt) Ltd Ex parte 1959(2) SA 74(SR)	49			
Reid & Knuckey (Pty) Limited Ex parte KPA Desember 1947 (ongerapporteur) (aangehaal in Ex parte Baker and Another : <u>In re Union Leather Works (Pty) Limited</u> 1948(2) SA 205(K)				142
Rennie NO v Ruca Styles (Pty) Ltd 1973(4) SA 266(K)		117	162	165
..... 166 167 168 170 172 179 180 181 187 193 237 260 272				
Republic Real Estate Corporation Ltd Ex parte 1972(1) SA 98(W)	37	49		
Rex v Macleod 1935 EDL 284	320			
Richards & Co In re (1879) 11 ChD 676	241			
RL Hector & Sons Limited, Petitioners 1947 SC 641	37	189		
Robert Stephen Holdings Ltd In re (1968) 1 All ER 195 ChD	39	53		
Rosen v Bruyns, NO 1973(1) SA 815(T)	165	170	192	195
..... 197 198 199 243 248 254 272 273 340 366				
Rosslare (Pty) Ltd v Registrar of Companies 1972(2) SA 524(D)	49			
Rossouw & Rossouw v Hodgson and Others 1925 AD 97	223			
Ruskin NO Ex parte : In re Golden Reef Wineries (Pty) Ltd (In Voluntary Liquidation) 1957(4) SA 573(W)	140			
Ruskin, NO Ex parte : In re Mimosa Mail Order House (Pty) Ltd 1957(4) SA 65(W)	271	272		
Ruskin NO Ex parte : In re Peace Distributors (Pty) Ltd (In Liquidation) 1959(2) SA 747(W)	176	197		
Safety Fix Pty Ltd Re (1962) VR 467	204	244		

St James' Court Estate Ltd Re (1944) Ch 6	35	38
SA Lampshade Manufacturers (Pty) Ltd Ex parte 1940(2) PH E26(W)	165	168
Sammel and Others v President Brand Gold Mining Co Ltd 1969(3) SA 629(A)	57	68 174 266
Sandwell Park Colliery Company Limited In re (1914) 1 Ch 589		33
Saratoga Investments (Pty) Ltd In re 1941 NPD 117	230	247 254 260
Savoy Hotel Ltd In re (1981) 1 Ch 351 ...	8 11 12	13 30 32 33
Scharff's Trustee V Scharff 1915 TPD 463		348
Schutex Industries (Pty) Ltd Ex parte 1950(3) SA 714(K)		159
Schwartz, NO Ex parte 1961(4) SA 851(W)		140
Schweppes, Limited In re (1914) 1 Ch 322(CA)		38
SDR Apparel Pty Ltd and The Companies Act Re (1977) 3 ACLR 162		332
Seafare Investments Ltd Ex parte 1970(2) SA 417(K)	146	147 148 180
Second Scottish Investment Trust and Another Petitioners 1962 SLT 392		179
Securities Insurance Company In re (1894) 2 Ch 410		274
Seegray Bag Manufacturing Company (Pty) Ltd v African Bag Corporation Ltd and Others 1960(1) SA 319(T)		268
Serein Investments (Pty) Ltd v Myb (Pty) Ltd 1967(4) SA 437(K)	329	331 332
Shaw v Royce Ltd (1911) 1 Ch 138	30	59
Simjee Ex parte : In re RA Simjee (Pty) Ltd (In Liq.) 1956(4) SA 733(N)	165	168 170 171 243
Simmons NO Ex parte : in re Pola Investments (Pty) Ltd 1956(4) SA 163(T)	140	162 168 172 181 187 189 193 217 237 261 388
Singer Manufacturing Co v Robinow 1971 SC 11		33
Singh and Another (Pty) Ltd Ex parte : In re Orkin Brothers (Pretoria) Ltd (Under Judicial Management) 1950(1) SA 471(T)	108	146 148 149 153 155
Skinner, (deceased) Re (1958) 3 All ER 273	37	268

Smith v In Shoppe Pty Ltd (1975) 1 ACLR 109	56
Sneath v Valley Gold, Limited (1893) 1 Ch 477	28
South African Board of Executors and Trust Co Ltd (In Liquidation) v Gluckman 1967(1) SA 534(A)	128 305 347
South African Fabrics Ltd v Millman NO and Another 1972(4) SA 592(A)	123 302 303 304 305 306 308 347
South African Supply & Cold Storage Company In re Wild v Same Company (1904) 2 Ch 268	265 266 267
Southard & Co Ltd In re (1979) 1 WLR 1198	197 249
Southern Australia Perpetual Forests Ltd Re (1971) VR 475	222 228
Southern Brake Co (Pty) Ltd v Assembly and Construction Electrical (Pty) Ltd 1981(1) SA 572(N)	246 256 272 273 340
South Pine Properties (Pty) Ltd and Another v Ensor NO 1978(4) SA 926(N)	273 274
Sovereign Life Assurance Company v Dodd (1892) 2 QB 573	8 192 194
Srimati Premila Devi v Peoples Bank of Northern India Ltd (In Liquidation) (1938) 4 All ER 337	69 292
Standard Bank of Australia In re (1895) 1 Argus LR 14	208
Standard Trading Co (Pty) Ltd Ex parte : In re Backerian (Pty) Ltd 1954(4) SA 81(W)	270 271 287 328 329
Steel v Shanta Construction (Pty) Ltd and Others 1973(2) SA 537(T)	301
Strydom's Executor v Cilliers 1908 TS 485	83
Swadif v Dyke 1978(1) SA 928(A)	84
Tea Corporation, Limited In re Sorsbie v Same Company (1904) 1 Ch 12	8 9 32 205
Telescriptor Syndicate Ltd In re (1903) 2 Ch 174	57 350 379
The Bank of Adelaide Re (1979) 4 ACLR 393 SC (SA)	30 33 37 38 62
The British Mining Supply Co., Ltd and Another Ex parte 1942 WLD 96	35
TH Downing & Co, Limited Re (1940) 1 All ER 333	288

The City Property Investment Trust Corporation, Limited Petitioners (1951) SC 570	60	163	170	179
The Clydesdale Bank, Limited and Others, Petitioners 1950 SC 30				206
The Commercial Bank of Australia Re Ex parte Whitehead (1893) 15 ALT 239			111	162
The Master v IL Back & Co Ltd 1981(4) SA 763(K) 1983(1) SA 986(A)				315
The Scottish Eastern Investment Trust Limited and Others, Petitioners 1966 SLT 285				170
Tillers Pty Ltd and Companies Act 1961 Re (1970) 3 NSW 202				38
Timmers and Another v Spansteel (Pty) Ltd 1979(3) SA 242(T)				342
Trakman, NO Ex parte : In re Dumbe Motel (Pty) Ltd 1978(1) SA 1082(N)			113	115 124 130
.....	154	217	261	262 263 291 301 305 308 309
Trix Ltd Re. Re Ewart Holdings Ltd (1970) 3 All ER 397 ChD				39 53
Turkstra and Others Ex parte 1941 TPD 169			142	146 152
.....				162 166
UDC Bank Ltd v Lipschitz, NO 1977(1) SA 275(W)			302	304 306
Union Whaling Co Ex parte 1973(3) SA 550(W)			74	145 148 263
United Provident Assurance Co Ltd In re (1910) 2 Ch 477				194
Unity Motors (Pty) Ltd In re 1956(4) SA 14(W)			108	146 168 193 222 239 248 254 271
Utility Shoe Manufacturing Company and Others Ex parte : In re ABC Store (Pty) Ltd (In Liquidation) 1948(4) SA 1(W)			108	246 248 254 255 272 340
Van Zyl v Niemann 1964(4) SA 661(A)				83
Venter and Another, NNO Ex parte : In re Rapid Mining Supplies (Pty) Ltd (In Provisional Liquidation); African Gate and Fence Works Ltd Intervening 1976(3) SA 267(O)				176 191 192
.....	197	217	242	244 246 247 248 260 271 290
Voysey Bond Property Investments Ltd Ex parte 1978(2) SA 134(D)				97 111 163
.....	176	246	247	248 254 256 271 298

Walker's Settlement Trust Re Royal Exchange Assurance Corporation v Walker and Others (1935) All ER Rep 790(CA)	265 267
Wallace Dairy Co Ltd Re (1980) VR 588	38 62
Wall v London and Northern Assets Corporation (1898) 2 Ch 469	267
Waxed Papers Ltd Re (1937) 2 All ER 481(CA)	217
Wedgwood Coal and Iron Company In re (1877) 6 ChD 627	8 214 248 249
Wells, NO Ex parte 1968(4) SA 391(W)	108 119 148 155 291 301
Wells v New Wolhuter Gold Mines Ltd 1939(1) PH E6(W)	148 149 153 155
West Humber Apartments Ltd Re (1969) 2 DLR (3d) 110	33 36 60 189
Westmacott v Johannesburg Motor Mart, Ltd 1921 NPD 202	82 83
Williams v Sandy's Confectionary (Pty) Ltd., Ex parte Muller, NO 1976(2) SA 355(D)	142 374
Wilson Brothers and DG Howat & Company Limited, Petitioners 1939 SLT 68	37
WJ McGrath & Co Pty Ltd (under scheme of arrangement) Re (1979) 4 ACLR 451	295
Wolpe v Gale 1980(3) SA 259(W)	348

ONGERAPPORTEERDE SKIKKING- EN REËLINGSKEMAS

WAARVAN STUKKE IN HOFLËERS NAGEGAAN IS

Carstens NO Ex parte : In re Lowveld Fence & Wire Industries (Pty) Ltd (In Liquidation) TPA saak no M231/78 "Lowveld Fence & Wire"	50 105 107 110 125
Cronjé NO Ex parte WPA saak no 10473/80 "CRONJE, Splendid Properties"	75 78 79 105 107 110 113 115 120 123 125 194
Cronjé NO and BX4 Konstruksie (Edms) Bpk Ex parte TPA saak no 1067/82 ("BX4 Konstruksie")	75 88 105 109 113 115 120 125

Cronjé NO Ex parte TPA saak no 14250/82 ("Cronjé, Watertest")	75 88 97
..... 104 105 107 108 113 114 115 120 125 167 168 299	
Cronjé NO Ex parte TPA saak no 12119/82 (ongerapporteur) ("Cronjé, La Provence")	46 75 88
..... 105 107 108 113 115 120 125 161 164	
De Wet NO and Montague Street Investments (Pty) Ltd Ex parte TPA saak no M820/80 (ongerapporteur) "Montague Street"	50 77 104
..... 105 108 115 123 125	
De Wet NO Ex parte : In re Sidmoll Properties (Pty) Ltd (In Provisional Judicial Management) WPA saak no 4923/80 (ongerapporteur) "Sidmoll"	50 77 78
..... 105 108 110 112 113 123 124 125 126 388	
Hessels NO Ex parte TPA saak no M1514/76 (ongerapporteur) "Hessels, Minnaar Trust"	78 105 108
..... 112 113 123 125	
Hessels NO Ex parte TPA saak no 1074/77 (ongerapporteur) "Hessels, PJC Ondernemings"	105 107 110 112 120
Hessels NO Ex parte : In re Bevken Investments (Pty) Ltd (In Liquidation) TPA saak no 0175/78 "Bevken"	50 105 108 111 120
Hessels NO Ex parte : In re Etoria Houthandelaars (1969) (Edms) Bpk TPA saak no M750/76 "Etoria"	47 79 105 108 123 125
Hessels NO Ex parte : In re Kleecal (Edms) Beperk (In Likwidasie) TPA saak no M3201/79 "Kleecal"	47 73 79 105 108 123 124 125 126
Hessels NO Ex parte : In re Meyerbank Investments (Pty) Ltd (In Liquidation) TPA saak no M837/76 "Meyerbank"	48 50 78 105 113 126

Hessels NO Ex parte : In re Nylstroom Uitrusters (Edms) Bpk (in final liquidation) TPA saak no M380/78 "Nylstroom Uitrusters"	47 105 107 123 125
James Brown & Hamer Limited Ex parte D + KPA saak no M732/80	63
Massey-Ferguson (Suid-Afrika) Beperk Ex parte WPA saak no 79/16080 (ongerapporteer)	63
Millman and Cohen NNO Ex parte : In re Glen Anil Investments (Pty) Ltd (in liquidation) WPA saak no 2589/80 "Glen Anil"	50 78 105 107 109 110 112 113 120 123 124 126 214
Monis and Fattis Industries Limited Ex parte WPA saak no 15263/1982	63
Van der Walt NO Ex parte TPA saak no M1186/75 "Van der Walt, Chris D Botha"	50 78 105 112 120 123

D. AFKORTINGS

- AG - Aktiengesellschaft
- ACA - Australian Companies Act 1981 (Cth)
- ACLR - Australian Company Law Reports
- ALJ - The Australian Law Journal
- CILSA - The Comparative and International Law Journal
of Southern Africa
- ECA - English Companies Act 1948
- GmbH - Gesellschaft mit beschränkter Haftung
- JBL - The Journal of Business Law
- LAWSA - sien Joubert WA *The Law of South Africa*
- LQR - Law Quarterly Review
- MB - Moderne Besigheidsreg
- MLR - The Modern Law Review
- NCSC - National Companies and Securities Commission
- SA Co LJ - The South African Company Law Journal
- SALJ - South African Law Journal
- THRHR - Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg
- TSAR - Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg
- Verg10 - Vergleichsordnung, 26 Februarie 1935
-

E. BIBLIOGRAFIE

- Australian Companies Legislation,
uitgegee deur CCH Australia Limited (1982).
- Baxt R "Commercial Law Notes" (1970) 44 ALJ 176.
- Bennett DMJ "Multi-State Schemes of Arrangement" (1978)
52 ALJ 320.
- Berger Adolf Encyclopedic Dictionary of Roman Law
Transactions of the American Philosophical
Society Vol 43 part 2 1953.
- Berle & Means The Modern Corporation and Private Property
(soos aangehaal deur Weinberg & Blank 90
n 67).
- Botha DH Groups in South African Company Law (1981)
(ongepubliseerde LL D-proefskrif).
- Boulton, A Harding Shakleton on the Law and Practice of Meetings
(1977).
- Buckland WW A Text-Book of Roman Law from Augustus to
Justinian (1963).
- Buckley HB The Law and Practice under the Companies Acts,
1862 to 1890, and the Life Assurance Compa-
nies Acts, 1870 to 1872 (1891)
(sien ook "Wrenbury").
- Butterworths' Companies Act 1981.
- CMS "Does British Company Law Admit Mergers
Across the Frontiers?" 1972 JBL 1.
- Caney LR A Treatise on the Law relating to Novation
(1973).
- Chadwyck Healy CEH Treatise on the Law and Practice relating
Wheeler PF and to Joint Stock Companies under the Acts
Burney C of 1862-1890 (1894).
- Cilliers HS Company Law (1982).
Benade ML
- Cilliers HS Maatskappyereg (1982).
Benade ML
- City Code on Take-Overs and Mergers
sien Panel on Take-Overs and Mergers.

Cohen Committee		Report of the Committee of Company Law Amendment 1945 Cmd 6659 (VK).
David René		
Brierley, John EC		Major Legal Systems in the World Today (1978).
De Boor, Hans Otto		Zwangsvollstreckung Konkurs und Vergleich (1962).
Erkel, Günther		
De Groot	Hugo	Inleidinge tot de Hollandsche Rechtsgeleerdheid versorg deur F Dovring HFWD Fischer EM Meijers (1952).
De Groot	Hugo	Inleidinge tot de Hollandsche Rechtsgeleerdheid (1631) Vertaal as The Jurisprudence of Holland by Hugo Grotius deur RW Lee. Vol I: Text Translation and Notes (1926) Vol II: Commentary (1936).
De Villiers	SWL	<i>"Take-Overs under Sections 311 to 321 of the Companies Act 1973</i> (1973) 90 SALJ 350.
Dé Wet	JC	
Van Wyk	AH	Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg (1978).
Farrands	WL	Company Law in New Zealand (1970).
Ford	HAI	Principles of Company Law (1978).
Gore-Browne		Gore-Browne on Companies (1977) by A J Boyle & Richard Sykes.
Gower	LCB	Gower's Principles of Modern Company Law (1979) by LCB Gower, J B Cronin, A J Easson and Lord Wedderburn of Charlton.
Greene Committee		Company Law Amendment Committee 1925-26 Report (1926) Cmd 2657.
Halsbury	Earl of	The Laws of England (1910) vol V.
Hamilton	WF	A Manual of Company Law (1901).
Henochsberg		Sien Milne A.
Hornby	JA	<i>"Class Membership in a Company's Scheme of Arrangement"</i> 1976 MLR 207.
Hosten	WJ	
Edwards	AB	Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Reg en Regsleer (1979).
Nathan	Carmen	
Bosman	Francis	

Huber	U	Heedendaegse Rechtsgeleertheyt vertaal as The Jurisprudence of my Time deur P Gane (1939).
Hyman	A	"Compromises" (1981) 5 SA Co LJ I-13, I-23.
Hyman	A	"The Case for an Official Trustee" (1980) 4 SA Co LJ I-1.
Jenkins Committee		Report of the Company Law Committee 1962. Cmd 1749.
Joubert	WA	The Law of South Africa (1982).
Kagan	Hilton	"The Mechanics of Take-Overs and Mergers - Changes over the Past Two Years" 1979 SA Chartered Accountant 27.
Katz	MM	"Legal Aspects of the Regulation of Take- Overs" 1 (1979) MB 53.
Lansdown-kommissie		Verslag van die Maatskappywet-kommissie 1935-1936 UG 45 van 1936.
Lee	RW	Commentary on the Jurisprudence of Holland Sien De Groot.
Lewin	Arthur	The Law, Procedure and Conduct of Meetings in South Africa (1975).
Lindley	Lord	A Treatise on the Law of Companies, considered as a branch of The Law of Partnership (1889); (1902) 6th ed by the hon WB Lindley.
Loreburn Committee		Report of the Company Law Amendment Committee 1906 Cd 3052.
Lybreghts	Arent	Redenerend Verhoog over't Notaris Aempt (1766)
Macgregor	IH	Mergers, Acquisitions and Shareholders (1979)
Macgregor	IH	"Take-Overs Revisited" (1978) 95 SALJ 329.
Magnus Estrin M	SW	Companies Law and Practice (1978).
Mars		The Law of Insolvency in South Africa (1980) deur H E Hockly 7e uitg deur D F Waters en R D Jooste.
McLennan	JS	"The Ultra Vires Doctrine and The Turquand Rule in Company Law - A suggested solution" (1979) 96 SALJ 329.

Millin-kommissie		Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Wysiging van die Maatskappywet 1947-8 UG 49 1948.
Milne	A	Henochsberg on the Companies Act (1975).
Mohrbutter	Dr Jürgen	Handbuch des gesamten Vollstreckungs- und Insolvenzrecht (1974).
Nathan	Manfred	The Company Law of South Africa (1926).
Naudé	SJ	"Company Contracts : The effect of sec 36 of the New Act" 1974 SALJ 315.
Naudé	SJ	Die Regsposisie van die Maatskappydirekteur (1970).
Newman	E and	Lee and Honoré : The South African Law of Obligations (1978).
	McQuoid-Mason DJ	
Oosthuizen	MJ	"Aanpassing van die Verteenwoordigingsreg in Maatskappyverband" 1979 TSAR 1.
Oosthuizen	MJ	Die Turquand-Reël in die Suid-Afrikaanse Maatskappyereg (1976) (ongepubliseerde LL D proefskrif).
Palmer		Company Law (1902).
Palmer		Palmer's Company Law (1976) by Clive M Schmitthoff.
Palmer		Palmer's Company Precedents (1938) 15th ed by A F Topham and AMR Topham.
Panel on Take-Overs	and Mergers	The City Code on Take-Overs and Mergers (February 1981).
Paterson	WE	A Guide to the National Scheme and Revised Companies Bill 1980 (1980).
	Ednie HH	
	Ford HAJ	
Paterson	WE	Australian Company Law (1972).
	Ednie HH	
Paterson	WE	Australian Company Law (1982).
	Ednie HH	
	Ford HAJ	
Peltzer	Martin	German Insolvency Laws. Konkurs- und Vergleichsrecht (1975).
Pennington	Robert R	Company Law (1979).

Pothier	RJ	Traité de Obligations vertaal as Verhandeling van Contracten, en andere Verbintenissen deur J van der Linden Deel II (1805).
Prentice	DD	"Corporate Arrangements - Protecting Minority Shareholders" (1976) 92 LQR 13.
Prynn	PJ	"Brief" 1972 De Rebus Procuratoriis 429.
Pyemont		Company Law of the Cape and other South African Colonies (1906).
R B		"Commercial Law Notes" 42 (1968) ALJ 21 149.
R B		"Commercial Law Notes" 43 (1969) ALJ 199.
R B		"Commercial Law Notes" 45 (1971) ALJ 102.
R B		"Commercial Law Notes" 47 (1973) ALJ 270.
Rice	DG	"Protection of Minorities against Oppression under Section 206 of the Companies Act, 1948" (1958) 21 MLR 623.
Ripert	Georges	Traité Élémentaire de Droit Commercial (1964)
Schmitthoff	C	"A wholly owned subsidiary as a "class" for the purposes of a scheme of arrangement" 1976 JBL 49.
Schönfelder	Heinrich	Deutsche Gesetze (1981)
Schönke Baur	Adolf Fritz	Zwangvollstreckungs-, Konkurs- und Vergleichs- recht (1978).
Scott	Susan	Sessie in die Suid-Afrikaanse Reg (1977) (ongepubliseerde LL D-proefskrif)
Sealy	LS	"Schemes of Arrangement" 1975 Annual Survey of Commonwealth Law, pp 399-400.
Shaw Smith	Sir Sebag and E Dennis	The Law of Meetings (1979).
Sher	Julian	"Section 311 Compromises and Arrangements" (1982) 6 SA Co LJ 49.
Silke	Jonathan M	"Commonality of Interests or Commonality of Rights" (1982) 6 SA Co LJ 99.
Simonson	PF	The Law Relating to the Reconstruction and Amalgamation of Joint Stock Companies (1902).
Smith	Catherine	The Law of Insolvency (1982).

-
- Stassen JC *"Causa in die Kontraktereg"* (1979)
42 THRHR 357.
- Thomas JAC Textbook of Roman Law
- Vaatz A *"An Absolute Farce in our Law : The Private Company with Limited Liability"*
1972 De Rebus Procuratoriis 297.
- Van der Keessel DG Voorlesinge oor die Hedendaagse Reg na
aanleiding van De Groot se "Inleiding
tot de Hollandse Rechtsgeleerdheid".
Versorg deur P van Warmelo L I Coertze en
H L Gonin. Band IV (1966) Band V (1967).
- Van der Linden Johannes
Rechtsgeleerd Practicaal en Koopmans
Handboek
Vertaal as Institutes of the Laws of
Holland deur J Henry (1828).
- Van Leeuwen Simon Het Rooms-Hollands-Regt
Vertaal as Simon Van Leeuwen's Commentaries
on Roman Dutch Law deur JG Kotze Vol II (1886).
- Van Loggerenberg Christo
Skuldoorname en Kontraksoorname
'n Regsvergelykende ondersoek met besondere
verwysing na die Suid-Afrikaanse reg (1931)
(Proefskrif Leiden).
- Van Wyk de Vries-kommissie
Kommissie van Onderzoek na die Maatskappywet:
Hoofverslag RP 45/1970.
- Van Wyk de Vries-kommissie
Kommissie van Onderzoek na die Maatskappywet:
Aanvullende Verslag en Konsepwetsontwerp RP
31/1972.
- Van Zyl DH Beginsels van Regsvergelyking (1981).
- Van Zyl DH *"Die regsvergelykende metode"*
(1983) 46 THRHR 1.
- Voet J Commentarius ad Pandectas
Vertaal as The Selective Voet being the
Commentary on the Pandects (1829) deur
Percival Gane (1955).

Weinberg Blank	MA MV	Weinberg and Blank on Take-Overs and Mergers (1979).
Wessels Roberts	JW AA	The Law of Contract in South Africa (1951).
Wrenbury Committee		Report of the Company Law Amendment Committee (1918) Cd 9138.
Wrenbury	Lord	Buckley on the Companies Acts (1957) 13th ed by JB Lindon.
Wunsh	Basil	<i>Boekbespreking</i> 1978 De Rebus Procuratoriis 158.
Würdinger	H	German Company Law (1975).
Zajtay	Imre	<i>"Aims and Methods of Comparative Law"</i> (1974) 7 CILSA 321.

F. REGISTER

Aanwysing	97
Akkoord	
vergelyk met skikking	359-364
Amalgamasie of Samesmelting	31 58 69
betekenis van	267
Assignasie	97
Australië	404-417
ACA 1981	405
inligting aan skuldeisers en lede	412
misdrywe	414
oornames	406
prosedure	409
publisiteit vir skema	415
rekonstruksies en amalgamasies	414
skemabestuurder	406
aanstelling van	406-407
beheer deur NCSC	407-408
vergaderings buite regsgebied	409
vergaderings, meerdere van dieselfde klas	410
verslag aan hof	412
Bates	
oorhandiging van, deur likwidateur	314
Beheer	
hervestiging van, in direkteure	313-314
Belastingverliesskema	55-58
kenmerke van	55-56
Borge	78 313
Dading	80
Delegasie	85 89-90
Direkteure	
vir doeleindes van art 311	178
Eise	
appèl teen verwerping	303-304
bewys van, deur skuldeisers	116-121 299
bewys van, as voorwaarde om te stem	214

herlewing van, waar skikking of reëling ter syde gestel word	332-333	335-336
ontstaan van, na goedkeuring van skema		289-290
oorweging van, deur ontvanger		302
vermindering		75
verwerping		302
<i>Expromissio</i>		90-93
Fonds, naam van		294
Geregtelike bestuur		
opheffing van		293
vervanging van, deur 'n kontraktuele skema...		46
Geregtelike bestuurder		
gesamentlike		143
Meestersfooi, betaling van		315
naamsverandering, kennisgewing van		315
nie as beampte geag		390
ontslag		316
rekening aan ontvanger		315
oorhandiging van bates		314
pligte van		314-316
verberging van wanadministrasie deur		344-345
vir doeleindes van art 311		141
voorlopige, <i>locus standi</i>	142-143	374
Hofbevel		
registrasie van	275	360-381
Interne reorganisasies		59-60
Klasse skuldeisers en lede		191-203
indeling in, deur hof		191
Kommersiële moraliteit		350-351
Kompromie, sien skikkingsooreenkoms, maatskappyregtelike		
Koopkontrak		93-94
Lasgewing		96
Lid		
vir doeleindes van art 311		139-140
Likwidasie		
opheffing van		293
Likwidateur		
as beampte van die maatskappy geag		390

Meestersfooi, betaling van	315
mening van	146
naamsverandering, kennisgewing van	315
"ontslag"	316
oorhandiging van bates	314
pligte van	314-316
rekening aan ontvanger	315
verberging van wanadministrasie deur	344-345
vir doeleindes van art 311.....	140
voorlopige, <i>locus standi</i>	140
Maatskappy	
betekenis van	380 382
betekenis van, in art 313	270
naam van, nadat skikking bekragtig is	294
vir doeleindes van art 311	137-138
<i>Mandatum</i>	96
Meerstaatreëlinskemas	206-213
probleme in verband met	211-213
Meester van die Hooggeregshof	
verantwoording deur ontvanger aan	308
verslag van,	231-236 377-379
Minderhede	
beskerming van	363-368
Misdrywe	
ingevolge art 311	381-382
ingevolge art 312	390-392
in verband met verskaffing van inligting	184-189
Moratorium-skema	45-46
verskil tussen, en geregtelike bestuur	46
Novasie, sien ook Skuldvernuwing	
besondere	85-89
besondere, en maatskappyregtelike skikking	87-89
spesifieke, onderskei van delegasie	84-85
<i>Novatio</i>	85-86
<i>novatio necessaria</i>	84
Ontvanger namens skuldeisers	295-311
aanstelling	296-298
algemene bevoegdhede	305-306

amp van	3
amp vergelyk met dié van likwidateur	324-325
beheer deur die hof	320
beheer, kontraktuele	319
beheer oor	318-321
beheer, statutêre	321 326
benoeming	296
beskerming	308
betaling aan skuldeisers deur	310
botsing van belange	298
kwalifikasies	297
magte om nakoming deur aanbieder te eis	331-332
nominasie	111-112
onpartydigheid	298
oorweging van eise	302
regte en verpligtinge	298-311
rekening, opstel van	309
sekuriteit vir behoorlike uitvoering van pligte ..	306
trustrekening	307
verantwoording aan Meester	308
vervanging van	316-318
Oornames	58 61-69
Engeland	61-62
nadele van reëlinskemaprocedure	67-69
prosedure ingevolge art 311	63-64
Suid-Afrika	62-69
voordele van reëlinskemaprocedure	65-67
Openbare beampte	78
Ouditeur	78
Prosedure	
belangrikheid van	136
ingevolge art 311	136-283
Publieke belang	350-351
Reëling	
aangegaan met lede	44
betekenis van	30-33
onderskei van skikking	33-34
reorganisasie van aandelekapitaal	30

Reëlinskemaprocedure	
meerderhede	65
beheerverkryging oor doelwitmaatskappy	67
bewyslas by teenkanting.....	68
direkteure, siviele aanspreeklikheid	66
direkteure, strafregtelike aanspreeklikheid.....	66
gebruik van, vir oornames	61-64
nadele	67-69
voordele	65-67
Reëlinskemas	
gebruik van	58-69
oorname-aanbod, gebruik van vir	39
regskoste	67
risiko vir aanbieder	66
seëlregte	67
teenaanbod	67
Rekonstruksie	31 58
betekenis van	265-266
Rekonstruksie of amalgamasie	
hof se magte in verband met	263-270
oordrag van nie-oordraagbare kontrakte	268
Reorganisasie	47 58
interne	59-60
betekenis van	59
voorbeelde van	59-60
Samesmelting, sien amalgamasie	58
Sekretaris	78
Sessie	93
van eise	311-312
of afstand van maatskappy se goed	52
Skikking	
aangegaan met skuldeisers	44
akkoord, analoog aan	26-27
akkoord, bevat element van	40
betekenis van	26-30
element van tegemoetkoming	29
geskiedkundige ontwikkeling	5-25
Engeland	5-16

Kaapkolonie	17
Maatskappywet 1926	18-20
Maatskappywet 1973	20-23
Natal	17-18
Oranje-Vrystaat	17-18
Rhodesië	17-18
Transvaal	18
grondslag van	27-28
inhoud van	2
klem van studie op	4
kontrakregtelike	80-84
onderskei van reëling	33-34
statutêre regulering van	3
vergelyk met akkoord	359-364
verskil van kontrakregtelike	29-30
voorwaardelike, bekragtiging deur hof	270
Skikking- en reëlinskemaprocedure	
geskiedkundige ontwikkeling	5-25
leemtes in wetsbepalings	4
Skikking- en reëlinskemaprocedure, gebruik van	47-58
aangeslane belastingverlies, oordrag van.....	55-56
Australië	55
Suid-Afrika	57
effektebeursnotering, oordrag van	54
hereregte, vermyding	49
likwidasië, alternatiewe wyse van	50
oorname van maatskappy in likwidasië	47
vervanging van statutêre deur kontraktuele prosedure	70
vir omseiling van ander bepalinge ..	70
wysiging van regte van aandeelhouers	53
Skikking- en reëlinskemaprocedure, misbruik van ...	3 337-354
geregtelike bestuurder, verberging van wanadmini- strasie deur	344-345
likwidateur, verberging van wanadministrasie deur	344-345
likwidateur, verkryging van aanstelling as	349
rekening, vermyding van indiening	345
tersydestelling van aanvegbare transaksies	346-349
verberging van bedrog, ens	342-344
vermyding van ondersoek na maatskappy se sake ...	339-342

Skikkingsaanbod	
ondertekening	128-129
seëlregte	129
Skikkingsaanbod, bepaling van	104-129
aanbieder	104
aanbod in paaiemente	107-108
bankrekening	124
bates, herbevestiging van	122-123
betaling, sekuriteit vir	110
deelbaarheid en ondeelbaarheid	127
definisies	105-106
<i>domicilium citandi et executandi</i>	128
eise, bewys van	116-121
geadresseerde	105
gebrek aan statutêre leiding	131
geregtelike bestuur, opheffing van	121
hofgedinge, voortsetting van	128
kennisgewings aan skuldeisers	121
kontantaanbod	108-109
koste	121-122
likwidasië, opheffing van	121
ontbinding van skikkingsooreenkoms	127
ontvanger namens skuldeisers	123-124
ontvanger, vrywarings deur	125-126
realisering van bates	108-109
skuldeisers, vergoeding aan	107-111
skuldeisers, wie is	107
spaarrekening	124
terugtrekking	126
voorkeur- en versekerde skuldeisers	109-110
voorsitter en ontvanger	111-116
waarborgde deur likwidateur of geregtelike bestuurder	125
wysiging	127
Skikkings en reëlings	
beperkings op	34-40
onderskeid tussen	33-34

Skikking- of reëlinskema	
aanvullende	69
algemene reg, nie strydig met	35
appèl	273
ineenstorting van	328-335
inwerkingtreding van	275
mededingende aanbod, houding van hof	271
omseiling van ander statutêre voorskrifte	37
nie-oordraagbare regte	37
terugtrede voor bekragting	329-330
<i>ultra vires</i> -leerstuk	36
Skikking- of reëlinskema, bekragtinge	
aard van	286-288
as kontrak	287-288
beëindiging	331-333
tersydestelling	334-335
wie gebind word deur	288-291
wysiging van	291-293
Skikking- of reëlinskema, bekragting	241-259
aansoek om	236-276
datum van	237
inhoud van	238-240
koste	271
uitstel van aansoek	260
appèl teen	273
bewyslas	256
bindend totdat ter syde gestel	331
<i>bona fides</i> van skuldeisers en lede	248
diskresie van hof	246
ekonomiese beslissing by	257-259
formele vereistes, kondonering	242-245
formele vereistes, nakoming van	241-245
hof, rol van	257
kennisgewing van	298
magte van hof	259-271
redelikheid, beoordeling van	255
redelikheid, objektiewe	251
redelikheid, toets vir	256
redelikheid, toets van eerlike, intelligente man	254

redelikheid van skema	250
verdere vergaderings	260
wysiging van skema	262
Skikkingsooreenkoms, Maatskappyregtelike	
aanbieder	74
as kontrak	98
borge	95
en assignasie	97-98
en besondere novasie	87-89
en delegasie	90
en <i>expromissio</i>	92-93
en koopkontrak	94-95
en lasgewing	96-97
en sessie	94-95
Engelsregtelike invloed	79
kontrakregtelike elemente	74-76
kontrakregtelike skikking, vergelyk met	2 83-84
ooreenkomste wat betrekking het op	80-97
partye tot	76-79
probleme	1
skriftelik	74
toepassing van algemenebeginsels van kontraktereg	99
wetlike reëling om bestaande skuld uit te wis..	89
Skikkingsprosedure	
gebruik van	45-46
moratorium-skema	45-46
skikkingsaanbod as oorsprong van	2
Skuldeisers	
betaling van	310
bewys van eise deur	299
gedomisilieer buite hof se jurisdiksie	210-211 289
vergoeding van	76
vir doeleindes van art 311	139
voorwaardelike	224-225
voorwaardelike, stemming deur	220-225
vorderingsregte, ontstaan van	75
wat ten volle betaal word	229
Skuldeisers en lede	
beskerming van	3 355-370

langtermyn-oplossing	368-371
statutêre	356
klasse, indeling in	191-203
Skuldoordrag, sien delegasie	
Skuldvernuwing	84-90
Staatskoerant	
kennisgewing in	167-169
<i>Transactio</i>	80-81
Verduidelikende verklaring	173-181 387-388
algemene opmerkings	180-181
direkteure en andere, wesenlike belange van	177-180
goedkeuring deur die hof	147
onderliggende beginsel van	181
uitwerking van skikking of reëling	174-177
waarde van aandele en skuldbriewe	177
Vergaderings	
buite hof se jurisdiksie	207-209
byeengeroep ooreenkomstig hofbevel	189-191
gehou ooreenkomstig hofbevel	189-191
geografiese ligging van	206-213
meer as een van dieselfde klas	210
meerderhede	225 375
nie deel van hofverrigtinge nie	213
pers, toegang van, tot	213
publiek, toegang van, tot	213
regsgevolge indien niemand stem nie	230-231
stemming by	220-230
stemming tydens	229
uitstel van	217
van enkele persoon	206
verdaging van	217
wie nie hoof te vergader nie	204-206
Vergaderings, aansoek om toestemming vir	
byeenroep van	137-163
applikant	137-145
direkteur	144
geregtelike bestuurder	141
lid	139

likwidateur	140
maatskappy self	137
probleme	143
skuldeiser	138
hof se besluit, kriteria vir	
Australië	149-151
Suid-Afrika	152-154
hof se magte	148-149
hofbevel, inhoud van	161-162
inhoud van aansoek	145-148
jurisdiksie van hof	145
teenkanting	154-156
vereiste dat vergaderings gehou word	
Australië	157-158
Suid-Afrika	158-160
voorsitter van vergaderings	162-163
Vergaderings, byeenroep van	163-189
dokumente vir	172-184
eisdokumente	184
hofbevel, afskrif van	182
skikking- en reëlingsaanbod	172
verduidelikende verklaring	173
volmag	182
kennisgewing	164-171
kennisgewing, gebrekkige	170
kennisgewing, per pos	164
kennisgewing deur advertensie	165
kennisgewing van vergadering	172
Vergaderings van skuldeisers en lede	
aansoek om toestemming vir byeenroep van	137-163
byeenroep van	163-189
hou van	189-231
Volmag, indiening van.....	215-216
Voorsitter van vergaderings	
bevoegdhede van	213-218
delegasie van magte	217
inligting, verskaffing van	218

nominasie	111-112
plaasvervangende	217
pligte van	218-220
stemming deur	219
Vrywillige novasie	84
Wes-Duitsland	398-404
Vergleich, gevolge van	403
Vergleich-prosedure	399-402
Vergleich-prosedure	
aanvang	399
doel	399
Vergleichsverwalter	402

G. ARTIKELS WAARNA DIKWELS VERWYS WORD

1. Artikel 311

Skikking en reëling tussen maatskappy, sy lede en skuldeisers

311(1) Wanneer 'n skikking of reëling voorgestel word tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers of 'n klas van hulle, of tussen 'n maatskappy en sy lede of 'n klas van hulle, kan die Hof op aansoek van die maatskappy of 'n skuldeiser of lid van die maatskappy of, in die geval van 'n maatskappy wat gelikwideer word, van die likwidateur of, as die maatskappy aan 'n geregtelike bestuursbevel onderworpe is, van die geregtelike bestuurder beveel dat 'n vergadering van die skuldeisers of klas van skuldeisers of van die lede van die maatskappy of klas van lede (na gelang van die geval) byeengeroep word op die wyse wat die Hof gelas.

(2) As tot die skikking of reëling toegestem word deur -

(a) 'n meerderheid in getal wat drie-kwart in waarde van die skuldeisers of klas van skuldeisers verteenwoordig; of

(b) 'n meerderheid wat drie-kwart van die stemme verteenwoordig wat uitgebring kan word deur die lede of klas van lede,

(na gelang van die geval) wat òf persoonlik òf deur 'n gevolmagtigde op die vergadering aanwesig is en stem, bind die skikking of reëling, as die Hof dit goedkeur, al die skuldeisers of die klas van skuldeisers, of die lede of klas van lede (na gelang van die geval) en ook die maatskappy of, as die maatskappy gelikwideer word, die likwidateur of, as die maatskappy aan 'n geregtelike bestuursbevel onderworpe is, die geregtelike bestuurder.

(3) Geen sodanige skikking of reëling raak die aanspreeklikheid van 'n persoon wat 'n borg vir die maatskappy is nie.

(4) As die skikking of reëling ten opsigte van 'n maatskappy is wat gelikwideer word en voorsiening maak vir die opheffing van die likwidatiebevel of vir die ontbinding van die maatskappy sonder likwidatie, moet die likwidateur van die maatskappy by die Meester 'n verslag ingevolge artikel 400(2) indien en 'n verslag oor die vraag of 'n direkteur of beampete of voormalige direkteur of beampete van die maatskappy persoonlik aanspreeklik is of skyn te wees al dan

nie vir skadevergoeding of skadeloosstelling aan die maatskappy of vir skulde of verpligtinge van die maatskappy kragtens 'n bepaling van hierdie Wet, en die Meester doen daarvoor verslag aan die Hof.

(5) By die beslissing of die skikking of reëling goedgekeur moet word al dan nie, neem die Hof in aanmerking die getal lede of lede van 'n klas teenwoordig of verteenwoordig op die vergadering bedoel in subartikel (2) wat ten gunste van die skikking of reëling stem en die verslag van die Meester bedoel in subartikel (4).

(6) (a) 'n Hofbevel wat 'n skikking of reëling goedkeur, is kragteloos totdat 'n gesertifiseerde afskrif daarvan by die Registrateur onder dekking van die voorgeskrewe vorm ingedien en deur hom geregistreer is.

(b) 'n Afskrif van so 'n hofbevel moet by elke afskrif van die akte van die maatskappy uitgereik na die datum van die bevel, aangeheg word.

(7) As 'n maatskappy versuim om aan die bepalinge van subartikel (6)(b) te voldoen, is die maatskappy en elke direkteur en beampte van die maatskappy wat 'n party by die versuim is, aan 'n misdryf skuldig.

(8) In hierdie artikel beteken "maatskappy" 'n maatskappy wat kragtens hierdie Wet gelikwedeer kan word en omvat die uitdrukking "reëling" 'n reorganisasie van die aandelekapitaal van die maatskappy deur die konsolidasie van aandele van verskillende klasse of deur die verdeling van aandele in aandele van verskillende klasse of deur albei hierdie metodes."

2. Artikel 312

Inligting oor skikkings en reëlings

"312 (1) Wanneer 'n vergadering van skuldeisers of 'n klas van skuldeisers of van lede of 'n klas van lede kragtens artikel 311 byeengeroep word ten einde tot 'n skikking of reëling toe te stem, moet daar -

(a) met elke kennisgewing waarby die vergadering byeengeroep word en wat aan 'n skuldeiser of lid gestuur word, ook 'n verklaring gestuur word wat -

(i) die uitwerking van die skikking of reëling verduidelik;

-
- (ii) al die relevante inligting van belang by die waarde van die aandele en skuldbriewe betrokke by 'n reëling vermeld; en
- (iii) in die besonder vermeld wesenlike belange van die direkteure van die maatskappy, hetsy as direkteure of as lede of as skuldeisers van die maatskappy of andersins, asook die uitwerking daarop van die skikking of reëling, vir sover as wat dit verskil van die uitwerking op dergelike belange van ander persone; en
- (b) in elke kennisgewing waarby die vergadering byeengeroep word wat by wyse van advertensie geskied, òf so 'n verklaring soos voormeld, òf 'n kennisgewing van die plek waar en die wyse waarop skuldeisers of lede wat geregtig is om die vergadering by te woon, afskrifte van so 'n verklaring kan verkry, opgeneem word.

(2) Wanneer die skikking of reëling die regte van skuldbriefhouers van die maatskappy raak, moet daar in bedoelde verklaring dieselfde verduideliking en verklaring gegee word met betrekking tot die trustee van 'n akte ter sekurering van die uitreiking van die skuldbriewe as wat met betrekking tot die maatskappy se direkteur daarin gegee moet word.

(3) Wanneer 'n kennisgewing wat by wyse van advertensie geskied, 'n mededeling bevat dat skuldeisers of lede wat geregtig is om die vergadering by te woon, afskrifte van die bedoelde verklaring kan bekom, moet die maatskappy aan elke sodanige skuldeiser of lid, as hy aansoek doen op die wyse in die kennisgewing aangedui, 'n afskrif van die verklaring kosteloos verstrek.

(4) Wanneer 'n maatskappy versuim om 'n vereiste van hierdie artikel na te kom, is die maatskappy en elke direkteur of beampte van die maatskappy wat 'n party by die versuim is, aan 'n misdryf skuldig, en by die toepassing van hierdie subartikel word 'n likwidateur van die maatskappy, en 'n trustee van 'n akte ter sekurering van die uitreiking van skuldbriewe van die maatskappy, geag 'n beampte van die maatskappy te wees: Met dien verstande dat 'n persoon nie kragtens hierdie subartikel aanspreeklik is nie as hy bewys dat die versuim te wyte was aan die weiering van 'n ander persoon, wat 'n direkteur of trustee vir skuldbriefhouers is, om die nodige

besonderhede aangaande sy belange te verstrek en daardie feit in die verklaring vermeld is.

(5) Dit is die plig van elke direkteur van 'n maatskappy en van elke trustee vir skuldbriefhouers om aan die maatskappy kennis te gee van die aangeleenthede met betrekking tot homself wat vir die doeleindes van hierdie artikel nodig is, en as hy versuim om daardie plig na te kom, is hy aan 'n misdryf skuldig."

3. Artikel 313

Bepalings om rekonstruksie of amalgamasie te vergemaklik

"313 (1) Indien kragtens artikel 311 by die Hof aansoek gedoen word om goedkeuring van 'n skikking of reëling voorgestel tussen 'n maatskappy en enige sodanige persone wat in daardie artikel bedoel word, en dit aan die Hof bewys word dat die skikking of reëling voorgestel is vir die doeleindes van of in verband met 'n skema vir die rekonstruksie van 'n maatskappy of maatskappye of die amalgamasie van twee of meer maatskappye, en dat kragtens die skema die geheel of 'n gedeelte van die onderneming of die goed van 'n maatskappy betrokke by die skema (in hierdie artikel die "oordraende maatskappy" genoem) oorgedra moet word aan 'n ander maatskappy (in hierdie artikel die "oornemende maatskappy" genoem), kan die Hof, hetsy deur 'n bevel wat die skikking of reëling goedkeur, of deur 'n latere bevel, voorsiening maak vir sommige van of al die volgende aangeleenthede:

- (a) Die oordrag aan die oornemende maatskappy van die geheel of 'n gedeelte van die onderneming, en van die goed of verpligtinge van 'n oordraende maatskappy;
- (b) die toewysing of aanwending deur die oornemende maatskappy van aandele, skuldbriewe of ander soortgelyke belange in daardie maatskappy wat kragtens die skikking of reëling deur daardie maatskappy toegewys of aangewend moet word aan of vir 'n persoon;
- (c) die voortsetting deur of teen die oornemende maatskappy van geregtelike stappe wat aanhangig is deur of teen 'n oordraende maatskappy;
- (d) die ontbinding van 'n oordraende maatskappy sonder likwidasie;

-
- (e) die voorsiening wat gemaak moet word vir persone wat binne die tydperk en op die wyse wat die Hof gelas, die skikking of reëling afkeur;
 - (f) die bykomstige, gevolglike of aanvullende aangeleenthede wat nodig is om te verseker dat die rekonstruksie of amalgamasie ten volle en doeltreffend deurgevoer word:

Met dien verstande dat geen bevel tot ontbinding, sonder likwidasië, van 'n oordraende maatskappy kragtens hierdie subartikel gegee word nie voordat al die goed en verpligtinge van die bedoelde maatskappy op die aangewese wyse oorgedra is.

(2) Wanneer 'n bevel kragtens hierdie artikel voorsiening maak vir die oordrag van goed of verpligtinge, gaan daardie goed uit hoofde van die bevel, onderworpe aan oordrag op die aangewese wyse, oor op, en word daardie verpligtinge die verpligtinge van, die oornemende maatskappy.

(3) As 'n bevel kragtens hierdie artikel gegee word, moet elke maatskappy met betrekking tot wie die bevel gegee word, binne dertig dae na die gee van die bevel, 'n afskrif daarvan by die Registrateur vir registrasie laat indien onder dekking van die voorgeskrewe vorm, en as versuim word om aan hierdie subartikel te voldoen, is die maatskappy aan 'n misdryf skuldig.

(4) In hierdie artikel omvat die uitdrukking "goed" goed, regte en bevoegdhede van welke aard ook al, en omvat die uitdrukking "verpligting" pligte.

(5) Nieteenstaande die bepalinge van artikel 311(8), omvat die uitdrukking "maatskappy" in hierdie artikel geen ander maatskappy as 'n maatskappy binne die betekenis van hierdie Wet nie."
